# 'n Afrikaanse Samevattende Vertaling van

***The Institutes of Biblical Law***

**deur**

**J H van Wyk**

Hierdie samevattende vertaling en alle skrifverwysings is geneem uit:

*A Chalcedon Study*
*The Institutes of Biblical Law*
*By Rousas John Rushdoony*
*The Presbyterian and Reformed Publishing Company*
*Copyright 1973 The Craig Press*
*Library of Congress Catalog Card Number 72-79485*
*Printed in the United States of America*

*Dear Ms. Van Wyk,*

*Thank you for corresponding with us regarding your mother-in-law's summary of Rushdoony's "Institutes of Biblical Law". We at P&R (formerly Presbyterian and Reformed Publishing) have no objections or concerns with your mother-in-law having summarized this wonderful book for reproduction and distribution to your family members. This strikes us as a wonderful ministry to her family. All we ask is that she properly credit the original book in her summary. We have no doubt that she has already done so in light of the fact that the information from the original volume is given by you so completely below. We also have no objections to the family making more copies of the summary in order to share it more widely in the future however if one of the family wished to publish and distribute the summary commercially we would require you to request formal permission from us to do so. Thank you for your conscientious inquiry and may this material continue to be a blessing to you and your family far into the future.*

*Regards,*

*Virginia Horridge*
*Marketing Assistant*
*Rights and Permissions*
*P&R (Presbyterian and Reformed Publishing)*
*29/09/2011*

**Aan haar nageslag, familie en vriende**

My bede is dat julle hierdie vertaalde werk drie keer sal deurlees, om werklik te kan verstaan wat Rushdoony sê van die Wet van God, as die weg tot heiligmaking vir individue, gesinne en die hele samelewing met die hulp en werking van die Heilige Gees. (Ons word ***wedergebore*** deur ***Jesus Christus,*** die enigste weg tot verlossing en saligmaking, en ontvang ***geregtigheid*** as geskenk; daarna word ons begelei en voortgehelp deur die Heilige Gees op die weg tot ***heiligmaking***)

Hermine van Wyk

November 2011

*"**P.**" gevolg met 'n nommer, verwys na die bladsy in **The Institutes of Biblical Law** waaruit die bepaalde samevattende inhoud verkry is.*

# INHOUDSOPGAWE

INLEIDING........................................1

DIE EERSTE GEBOD........................................5

DIE TWEEDE GEBOD........................................18

DIE DERDE GEBOD........................................29

DIE VIERDE GEBOD........................................36

DIE VYFDE GEBOD........................................45

DIE SESDE GEBOD........................................60

DIE SEWENDE GEBOD........................................92

DIE AGSTE GEBOD........................................129

DIE NEGENDE GEBOD........................................161

DIE TIENDE GEBOD........................................191

DIE BELOFTES VAN DIE WET........................................197

DIE WET IN DIE OU TESTAMENT........................................204

DIE WET IN DIE NUWE TESTAMENT........................................213

DIE KERK........................................229

NOTAS OP DIE WET IN DIE WESTERSE SAMELEWING........................................250

AANHANGSELS........................................254

## INLEIDING

### Die belangrikheid van die Wet

p.1. **a.** Wyclif - Mense moet self God se Wet lees en ken, en daardeur regeer en regeer word.
**b.** Die Christendom, net soos ou Israel, het homself gesien as God se Ryk omdat hy regeer was deur die wet van God soos uiteengesit in die Skrif. p.2.
**c.** Dit is 'n moderne dwaallering dat die wet van God geen betekenis of bindende krag vir die mens van vandag het nie.
**d.** Om die Skrif te bestudeer sonder om die Wet van die Skrif te bestudeer, is om die Skrif te verloën. Om die Westerse beskawing te probeer verstaan, los van die impak van die Bybelse wet daarbinne en daarop, is om 'n denkbeeldige geskiedenis te soek en om twintig eeue en hul vooruitgang te verwerp.
**e.** The Institutes of Biblical Law het ten doel om die huidige rigting om te swaai. Die woord "Institutes" is gebruik in die ouer betekenis van daardie woord, m.a.w. "fundamentele beginsels", hier, van die wet, omdat dit bedoel is as 'n begin, 'n institusionele oorweging van daardie wet wat die samelewing moet reguleer en wat die samelewing onder God moet regeer.

### 1. Die Geldigheid van die Bybelse Wet

p.2. **1.a.** Die teenstander van die wet (antinomian) glo dat geloof die Christen bevry van die wet, sodat hy nie buite die wet is nie, maar eerder dood vir die wet. p.3. Gal. 2:9; Rom. 7:4.
**1.b.** Die doel van Christus se verlossingswerk was om die mens te herstel na 'n posisie van verbondsonderhouding i.p.v. verbondsverbreking. Rom.8:2 en Rom. 8:4.
**2.a.** Die wet beklee 'n sentrale posisie in die aanklag teen die mens, in die mens se verlossing, en in die mens se heiligmaking. **2.b.** Sonder die wet sal die samelewing in anargie verval en in die hande van boewe. Die getroue en volledige uitvoering van die wet beteken die dood vir die moordenaar maar die lewe vir die godvresende.
**3.** Die wet soos deur Moses gegee, het die wette vir 'n godvresende gemeenskap daargestel, vir die ware ontwikkeling van die mens onder God.
**4.** Die verlostes word teruggeroep na die oorspronklike doel vir die mens, **4.a.** om gesag uit te oefen onder God, **4.b.** om onderhouers van die verbond te wees en **4.c.** om die geregtigheid van die wet te vervul. Rom. 8:4.
p.4. **5.** Die mens is herstel in God se oorspronklike doel en roeping. Die mens se *regverdigmaking* is deur God se *genade* in Jesus Christus; die mens se *heiligmaking* is deur middel van die *wet* van God. As die nuwe uitverkore volk van God, word die Christene beveel om dit te doen wat Adam in Eden en Israel in Kanaän, nagelaat het om te doen.
**6.** Die mens word opgeroep om die samelewing te skep wat God verlang. Die beslissing omtrent die mens is van God, en die geskiedenis van die mens word bepaal deur God, maar dan het die wet van God verwysing na hierdie wêreld. "Wat die Gees bedink is lewe en vrede." Rom. 8:6, en dit beteken nie om bo-aards te wees nie, maar om die opdragte van die geskrewe Woord onder die leiding van die Gees op hierdie wêreld toe te pas.
**7.** Wettelose Christendom is 'n selfweerspreking; dit is antichristelik. Die doel van genade is nie om die wet opsy te skuif nie, maar om die wet te vervul en om die mens in staat te stel om die wet te onderhou. Indien die wet so swaar geweeg het in die oë van God dat dit die dood van Sy eniggebore Seun vereis het om versoening te doen vir die mens se sonde, skyn dit vreemd dat God die wet sou laat vaar! Die doel van die wet is nie wetteloosheid nie, nóg is die doel van genade 'n wettelose veragting vir die Gewer van genade.

**8.** Siviele reg kan nie geskei word van Bybelse reg nie, want die Bybelse leer van reg sluit alle reg in, siviele, kerklike, samelewings-, familiale en ander vorms van reg. Die maatskaplike orde wat God se wet verag, plaas homself onder die doodsvonnis: dit staan klaar veroordeel.

## 2. Die Wet as Openbaring en Ooreenkoms

**1.** In elke kultuur is die wet godsdienstig van oorsprong.
**2.** In enige kultuur is die god van daardie samelewing die oorsprong van die wet. p.5. (In die Westerse kultuur het die wet stadig wegbeweeg van God na die mens - of die staat - as sy uitgangspunt, alhoewel die historiese mag en lewenskrag van die Weste geleë was in Bybelse geloof en wet.)
**3.** In elke samelewing waar daar 'n verandering in die wet kom, is daar 'n eksplisiete of implisiete verandering van geloof
**4.** Geen samelewing bestaan sonder 'n godsdienstige grondslag of sonder 'n regstelsel, wat uitdrukking gee aan die moraliteit van sy godsdiens nie.
**5.** In 'n regstelsel kan daar geen verdraagsaamheid wees teenoor 'n ander godsdiens nie. Verdraagsaamheid is 'n manier wat gebruik word om 'n nuwe regstelsel in te stel as 'n voorspel tot 'n nuwe onverdraagsaamheid. Elke regstelsel moet homself beskerm p.6. deur vyandig te wees teenoor elke ander regstelsel en alle vreemde godsdienstige instellings, anders pleeg dit selfmoord.

**Die aard van die Bybelse wet:**
**1.** *Vir die Bybel is wet openbaring.* Die Hebreeuse woord vir wet is *torah*, wat onderrig beteken of gesagvolle koersaanduiding. Die Bybelse konsep van wet is breër as die regskodes van die Mosaïese formulering. Dit is van toepassing op die goddelike woord en lering in sy totaliteit.

Die wet is die openbaring van God en Sy geregtigheid. Daar is geen rede in die Skrif om die wet te verag nie. Ook kan die wet nie tot die Ou Testament beperk word en die genade tot die Nuwe Testament nie.

Daar is geen teenstelling tussen wet en genade nie. In die Sendbrief van Jakobus handel dit oor geloof en werke en nie oor geloof en die wet nie. Judaïsme het van die wet die middelaar tussen God en mens gemaak, en tussen God en die wêreld. Dit was hierdie beskouing van die wet, nie die wet self nie, wat deur Jesus aangeval is. p.7. Jesus self was die middelaar, en het daarom die wet as 'n middelaar verwerp, sodat Hy die wet kon herstel in sy deur God aangewese rol, as die weg tot heiligheid. Jesus het die wet ten volle erken, en die wet gehoorsaam. Hy was slegs gekant teen absurde interpretasies van die wet.

Met die voltooiing van Jesus se werk het die rol van die Fariseërs as vertolkers van die wet tot 'n einde gekom, maar die outoriteit van die wet het nie tot 'n einde gekom nie. In die tyd van die Nuwe Testament was net openbarings wat deur die apostels ontvang is, gronde vir enige verandering aan die wet. Die outoriteit van die wet het onveranderd gebly.

**2.** *Die Bybelse wet is 'n ooreenkoms of verbond wat God gemaak het met Sy volk.* Die volledige opsomming van die verbond, die Tien Gebooie, was geskryf op elkeen van die twee kliptafels, een tafel of kopie van die ooreenkoms vir elke party in die ooreenkoms, God en Israel. p.8. Die openbaring wat die twee kliptafels bevat, is niks minder nie as 'n samevatting van die verbond wat Jahweh, die soewereine Heer van die hemel en die aarde aan sy

uitverkore en verloste dienskneg, Israel, gegun het. God, as die soewereine Heer en Skepper, gee Sy wet aan die mens as 'n daad van soewereine genade. Dit is 'n daad van uitverkiesing, van uitverkiesende genade. Deut.7:7 en verder; 8:17; 9:4-6, ens. In die wet word *die totale lewe van die mens* georden. "Daar is nie onderskeid tussen *die innerlike en die uiterlike lewe nie;* die heilige roeping moet in al twee verwesenlik word."

**3.** Die Bybelse wet of verbond geld as 'n plan *van heers onder God.* Adam was geroepe om te heers in terme van God se openbaring, God se wet. Gen.1:26 en verder; 2:15-17. So was Noag geroepe, Gen. 9:1-17, en Abraham, Jakob, Israel, in die persoon van Moses, met Josua, met Dawid, Salomo, Esegiël, Josia en uiteindelik met Jesus Christus. Die sakrament van die Heilige Nagmaal is die vernuwing van die verbond, "dit is My bloed, die bloed van die Nuwe Testament..." (of verbond) sodat die sakrament self die wet herinstel, hierdie keer met 'n nuwe uitverkore groep. Matt. 26:28; Mark.14:24; Lukas 22:21; 1 Kor. 11:25. *Die mense van die wet* is nou die p.9. mense van Christus, die gelowiges, verlos deur sy versoeningsbloed en geroep deur Sy uitverkiesende genade. Die doel van God, om van Adam te verwag om gesag uit te oefen oor die aarde, bly Sy voortdurende verbondswoord: die mens, geskep na die beeld van God, en beveel om oor die aarde te heers in die Naam van die Here, word weer opgeroep tot hierdie taak en voorreg, deur sy verlossing en weergeboorte. Die wet is dus die wet vir die Christenmens en die Christelike samelewing. Niks is meer dodelik en versonke as die gedagte dat die Christen vry is met betrekking tot die soort van wet wat hy kan hê nie. p.10. Die geopenbaarde wet is die behoefte en die voorreg van die Christelike samelewing. Dit is die enigste manier waarop die mens sy skeppingsmandaat van heers onder God kan vervul. Losgemaak van die geopenbaarde wet van God kan die mens nie sê dat hy onder God is nie, maar slegs dat hy in rebellie teen God is.

### 3. Die Koers van die Wet

Kenmerke van die Bybelse wet:

**1.** Sekere breë en basiese beginsels word daargestel. Bv. Eks. 20:15 en Deut. 5:19. "Jy mag nie steel nie" **a.** Dit is die daarstelling, positief gestel, ten gunste van private besit. Negatief, word oortredings teen eiendom gestraf. p.11. Die gebooie stel dus 'n basiese area van die lewe daar en beskerm dit. **b.** Hierdie vestiging van besit gaan uit van 'n soewereine en almagtige God, nie vanuit die staat of vanuit die mens nie. Al die gebooie het hul oorsprong in God, wat as die soewereine Heer, die wet gee om Sy ryk te regeer. **c.** Enige oortreding teen die wet is 'n oortreding teen God. Ps. 51:4. **d.** Wetteloosheid is ook sonde, d.w.s. enige daad van ongehoorsaamheid teenoor enige ander wet, is ook 'n religieuse oortreding, tensy die ongehoorsaamheid vereis word deur 'n belangriker gehoorsaamheid aan God.

**2.** Met die feit in gedagte dat die wet eerstens breë en basiese beginsels neerlê, kom ons by 'n tweede karaktertrek van die Bybelse wet, nl. dat die grootste gedeelte van die wet uit sakereg bestaan, d.w.s. die illustrasie van die basiese beginsel in terme van spesifieke sake. p.12. Dit is noodsaaklik, want sonder sakereg word God se wet gou verklein tot 'n baie beperkte area van betekenis, presies soos wat dit tans gebeur.

**3.** Paulus se illustrasie van die wet verduidelik hoedat die Nuwe Testament die Ou Testamentiese wet ondersteun.

Die Bybelse wet vereis restitusie/regstelling/vergoeding aan die persoon wat veronreg is, maar nog meer basies aan die wet is die herstel van God se regsorde, 'n glorieryke en goeie skepping wat sy Skepper dien en vereer.

Die wet vermeld dus, *eerstens*, die basiese beginsel, *tweedens*, die sakereg, en, *derdens*, die Pauliniese verklaring van die toepassing van die wet: **1.** Eks. 20:15. **2.** Deut. 25:4. **3.**1Kor. 9:9, 10, 14. (Die hele gedeelte 9:1-14, is 'n interpretasie van die wet); 1Tim. 5:18; Lev. 19:13; Deut. 24:14; Luk. 10:7; Mal. 3:8-12. p.12. Die wet stel dus *eerstens*, beginsels daar, *tweedens*, gee dit voorbeelde om die implikasies van hierdie beginsels te ontwikkel, en, *derdens*, is die doel en mikpunt van die wet om God se skeppingsorde te herstel.. Bv.: "Jy mag nie steel nie" - p.13. Die Nuwe Testament illustreer restitusie, na afpersing, in die vorm van onregverdige belasting, in die persoon van Saggeus, (Luk. 19:2–9). Restitusie kom ook na vore in die Bergpredikasie (Matt. 5:23-26). Vergelyk verder Ef. 4:28. p.14. Drie maniere van restitusie in verhouding tot God:
**1.** Die restitusie of herstel van God se soewereine wetwoord deur proklamasie. (Johannes die Doper Matt. 17:11 en 12).
**2.** Die herstel wat kom deur alle dinge aan Christus te onderwerp en 'n goddelike orde op die hele wêreld te vestig. (Matt. 28:18-20; 2 Kor. 10:5; Openb. 11:15, ens.)
**3.** Met die wederkoms - 'n totale finale herstel - 'n kulminasie, eerder as 'n enkele daad. (Hand. 3:21)

Die verbond met Adam het vereis dat hy heerskappy moes uitoefen oor die aarde en dit moes onderwerp onder God en volgens God se wetwoord. Hierdie verhouding van die mens tot God was 'n verbonds-verhouding. Christus het die verbondsverhouding herstel deur Sy genade aan Sy verbondsvolk. Die vervulling van daardie verbond is hulle groot opdrag: om alle dinge en alle volke aan Christus en Sy wetwoord te onderwerp. Elke woord in die Skrif verklaar dat hierdie mandaat vervul moet en sal word: "die Skrif kan nie gebreek word nie." Joh.10:35. Diegene wat dit probeer breek, sal self ook gebreek word.

# I

# DIE EERSTE GEBOD

## 1. Die Eerste Gebod en Shema Israel

p.15. **Die proloog** (Ex. 20:1-3): **1.** Hier identifiseer God Homself as die selfgenoegsame en die absolute Een. **2.** Hy herinner Israel dat Hy hul verlosser is. **3.** Die wet is gegee aan die volk van genade. Alle mense is alreeds geoordeel, gevalle, en verlore. Alle mense is onder die toorn van die wet. Ex. 19:16-25. Die wet is gegee aan die volk wat gered is deur genade as hulle weg van genade en dit beskryf die voorreg en die seën van die verbond. **4.** Die eerste reaksie op hierdie genade, sowel as die eerste beginsel van die wet is: "Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie." Implikasies van hierdie gebod: Deut. 6:1-3. p.16.

**1.** Die rede vir die gee van hierdie gebooie is om vrees vir die Here op te wek. Vrees moet gehoorsaamheid afdwing. **2.** Die onderhouding van die vrees van God sal voorspoed bring en die vermeerdering van die volk, soos beloof aan die vaders. Gen.12:1 en Lev. 26:9. Deut. 6:4-9 – Die sentrale en basiese beginsel van die wet. Die eerste twee verse (Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE.) is die Shema Israel, die môre- en aandgebed van Israel. Die tweede gedeelte, vers 5, (Daarom moet jy Die HERE jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag.) word herhaal in Deut. 10:12, 13. Deut. 6:5 word deur Christus aangehaal as "die eerste en groot gebod", (Matt. 22:37; Mark. 12:30; Luk. 10:27) dus as die essensiële en basiese beginsel van die wet. Die voorveronderstelling van hierdie wet is Deut. 6:4. Die Christelike bevestiging hiervan is: "Ons aanbid een God in Drie-eenheid, en Drie-eenheid in Eenheid." Dit is die geloof in die eenheid van die Godheid teenoor die geloof in "vele gode en vele here."

p.17. Die gevolge vir die wet van bostaande feit:- *een God, een wet.* (Die *Eerste* Beginsel van die *Shema Israel.*) Geen ander wet is vir die mens toelaatbaar nie. God se wet is 'n absolute wet en absoluut bindend vir mense en nasies. As daar geen absolute wet is nie, dan is elke mens sy eie wet.

p.18. Die *eerste* beginsel van die *Shema Israel* is dus *een God een wet.* Omdat God een is, daarom is waarheid een. Om hierdie rede het die een wet 'n innerlike samehang.

Die moderne staatsordes is politeïsties imperiale state. Die kerke is nie veel beter nie. Om te kenne te gee, soos die kerke doen, dat die wet goed is vir Israel, maar dat Christene en die kerk onder die genade is, is implisiete politeïsme. Die Skrif sê: "Ek is die HERE, ek verander nie." (Mal. 3:6). Die woord van God is een woord, en die wet van God is een wet, omdat God een is. Die woord van God is 'n wetwoord en dit is 'n genadewoord: die verskil is in die mens, deur God se uitverkiesing, nie in God nie. Die woord seën en dit verdoem in terme van ons reaksie daarop. Om vir genade te bid, is ook om vir oordeel te bid; en dit is om die waarheid en die geldigheid van die wet te bevestig, sowel as die regverdigheid van die wet. Die hele leer van Christus se versoening ondersteun die eenheid van wet, oordeel en genade.

p.19. "Gehoorsaamheid en die onderhouding van die gebooie van die Een vir wie ons liefhet, is die bewys van liefde, en die vreugde van die nuwe skepsel. – dit is liefde dat ons sy gebooie onderhou." (Darby "On the Law," bl. 3,4.)

p.20. Die Ou sowel as die Nuwe Testament praat van lewe onder genade as lewe onder die wet, nooit van wetteloosheid nie.

'n *Tweede* beginsel van die *Shema Israel*: een absolute onveranderlike God, beteken een absolute *onveranderlike wet*. Om van die wet as "vir Israel" te praat maar nie vir Christene nie, is om nie net die wet nie, maar ook die God van die wet te laat vaar. Daar is net een ware God en sy wet is die uitdrukking van Sy onveranderlike natuur en geregtigheid. Die minagting van sy wet, en die kies van 'n ander wetsisteem is dus om te verander van gode.

'n *Derde* beginsel van die *Shema Israel* is, dat een God, een wet, 'n totale, onveranderlike, en ongekwalifiseerde gehoorsaamheid vereis: Deut. 6:5. Die Talmud vertaal "krag" met "geld". Die mens moet God dus geheel gehoorsaam, onder elke p.21. omstandigheid, met sy hele wese. Daar is nie 'n area in 'n mens se lewe en wese wat eenkant gehou kan word, weg van God en sy wet nie.

'n *Vierde* beginsel wat voortvloei uit die *Shema Israel* staan in Deut. 6:7-9, 20-29: opvoeding in die wet is basies tot, en onafskeibaar van, die gehoorsaam van wet en van aanbidding. Die wet vereis opvoeding in terme van die wet. Enigiets anders as Bybelsbegronde skoling is dus 'n daad van geloofsversaking vir die gelowige: dit behels om 'n ander god te hê en voor hom neer te buig om van hom te leer. p.22. Daar kan geen ware aanbidding wees sonder ware opvoeding nie, omdat die wet voorskryf en absoluut is, en geen mens kan tot God nader in minagting van God se voorskrif nie. Wat nodig is, is dat verstand en handeling, familie en huis, die mens se siening en sy werk, alles vanuit die perspektief van God se wetwoord gesien word. God vereis dat Hy aanbid word volgens Sy eie woord.

p.23. Die klossies aan die kleed – bewys van wetsonderhouding. Die wet van die verbond bly; die verbondsgebruike en tekens is verander. Maar die vorm van die verbondstekens is nie minder eerbaar, diepsinnig en heerlik in die Mosaïese vorm as in die Christelike vorm nie. In elke eeu is die verbond allerheilig en wys; in elke eeu staan die mense van die verbond in terme van genade, nie in terme van 'n hoër persoonlike vermoë of volwassenheid nie.

*'n Vyfde beginsel* wat ook in dieselfde gedeelte verkondig word, Deut. 6:20-26, is dat, in hierdie opvoeding wat vereis word, dit benadruk moet word: *die reaksie op genade is die onderhouding van die wet.* Kinders moet geleer word dat die betekenis van die wet is dat God Israel uit slawerny verlos het, en "dat Hy ons beveel het om al hierdie insettinge te volbring, om die HERE onse God te vrees, dat dit met ons altyd goed mag gaan, om ons in die lewe te hou ..." Daar is geen magtiging om dit te ontduik in òf die Ou òf die Nuwe Testament nie. Waar die kerke van die Ou of die Nuwe Testament 'n verkeerde betekenis van die wet geleer het, is hierdie valse verklaring aangeval deur die profete en die apostels, maar die wet self is nooit aangeval nie. Die verhouding van Israel was 'n verhouding van genade, en die p.24. wet is gegee om gods volk te voorsien van die nodige en vereiste reaksie op genade, en dit is ook 'n manifestasie van genade: die onderhouding van die wet.

Die *sesde* beginsel is *die jaloesie van God.* Die feit dat jaloesie herhaaldelik met die wet geassosieer word, en deur God gemeld word by die gee van die wet, is van kardinale belang vir die verstaan van die wet. Die wet van God is die wet van die absolute en geheel persoonlike Skepper Wie se wet opereer in konteks van Sy liefde en haat, Sy genade teenoor Sy volk en Sy toorn teenoor sy vyande. Die wet van God is persoonlik; God hou sy toorn in

toom in geduld en genade, of Hy vernietig sy vyande met 'n oorlopende vloed van oordeel. (Nahum 1:8)

p.25. Die jaloesie van God is die vaste versekering van die onfeilbaarheid van God se geregshof. Die bose wat so maklik die staatshowe ontglip, kan nie die oordeel van God vryspring nie. God se jaloesie beweeg in terme van die totale vereistes van Sy wet. Die jaloesie van God is die waarborg van geregtigheid. Sonder 'n jaloerse, persoonlike God, is geen geregtigheid moontlik nie.

p.26. In die versoeking van Jesus, kom twee van die drie antwoorde aan Satan uit Deut. 6. Die derde kom uit 'n verwante passasie, Deut. 8:3 (vgl. Matt. 4). Al drie antwoorde was reaksies op die versoeking om God te toets, en implisiet daaraan was nie slegs die bevraagtekening van God nie, maar die daadwerklike uitdaag van God en Sy wetwoord.

*'n Sewende beginsel* wat volg uit die *Shema Israel* word verklaar in Deut. 6:16-19. Dit was dit wat die Satan probeer het om Jesus te verlei om te doen: om God op die proef te stel (te versoek). p.27. *Hierdie beginsel verbied die ongelowige op-die-proef-stel van God: God se wet is die toets van die mens; dus kan die mens homself nie sien as god en God en Sy wetwoord op verhoor neem nie.* Dit sou getuig van die opperste arrogansie en lastering; dit is die teenoorgestelde van gehoorsaamheid aan die wet. Die verwaarlosing van die Shema Israel en van Deut. 6 is deel van die verwaarlosing van die wet.

### 2. Die Onverdeelde Woord

Daar is 'n paar proloë of inleidende verklarings in die wet wat tog deel van die wet uitmaak, veral van die eerste deel van die wet: Eks. 20:1,2; 23:20-31; Lev. 19:36, 37; 20:8; 22:31-33; Deut. 1:1-4:49; 5:1-6; 7:6-8; 8:1-18; 10:14-17; 11:1-7; 13:18; 26:16-19; 27:9-10. – p.28.

*Eerstens,* die uitgangspunt van die wet word vasgestel, net soos in die Shema Israel dat God die HERE is. (Jehova of Jahweh, Hy Wat Is, die selfbestaande, absolute, ewige EEN).

*Tweedens,* dat Israel voor God staan, slegs vanweë Sy uitverkiesende genade. Die geskiedenis van genade, en die feit van God se verlossende genade aan Israel, woord herhaaldelik aangehaal, om die volk te weerhou van vermetelheid en trots. (Deut. 1-4; 7:6-8; 8:1-6, 11-18; 9:1-6; 10:14-17, 21-22; 11:1-8; 26:16-19; 27:9-10; 29:2-9). Die geskiedenis van genade is ook 'n belofte van genade indien die mens se antwoord een van dankbare gehoorsaamheid aan die wet is, en 'n onwrikbare toewyding aan die enige ware God.

*Derdens,* die Engel van die Here sal voor Sy volk uitgaan om hulle te beskerm en te verlos. Die Engel van die Here (Gen. 16:10,13; 18:2-4, 13, 14, 33; 22:11, 12, 15, 16; 31:11, 13; 32:30; Eks. 3:2, 4; 20:20 en verder; 32:34; 33:14; Josua 5:13-15; 6:2; Jes. 63:9; Sag. 1:10-13; 3:1-2) identifiseer Homself met die Here; diegene aan wie Hy Homself openbaar erken Hom as God; Hy word HERE genoem deur Bybelse skrywers; die Skrif impliseer hier 'n veelvuldigheid van persone in die Godheid. Bowendien, die stelling word duidelik deur God gemaak: "My naam is in hom", wat dieselfde is as "Ek is in hom" (Eks.23:20). Die Engel van die Here verskyn verskeie male in die Nuwe Testament. (Hand. 5:19; 12:7-11, 17, ens. p.29. Paulus het die Engel as Jesus Christus geïdentifiseer, (1 Kor. 10:9).

*Vierdens,* hulle sal bewaar word van plae en epidemies (Eks. 23:25-27); dus, gehoorsaamheid word gevolg deur materiële seëninge. Dit sluit in die uitdryf van hul vyande en dat hul 'n groot erfporsie sal ontvang (Eks. 23:27-31) Al hierdie dinge is verbonde aan die eerste gebod, Ex. 23:32-33; hulle moet hulleself afskei van ander gode: "geen verbond" kan gesluit word met ongelowiges of met hulle gode nie. p.30. N.B. Deut. 29:29: Die verborge dinge is vir die HERE onse God; maar die geopenbaarde dinge is vir ons en ons kinders tot in ewigheid, om te doen al die woorde van hierdie wet. – *geopenbaar*: die wet met sy beloftes en sy dreigemente. *Verborge*: die manier waarop God in die toekoms Sy raad en wil, wat Hy in Sy wet geopenbaar het, gaan uitvoer, en hoe Hy Sy verlossingswerk gaan voltooi, ten spyte van die mens se afvalligheid.

*Vyfdens,* Sy raad sal bly bestaan en die mens se rebellie sal verydel word, tot met die triomf van Sy Koninkryk op Sy Eie tyd en manier. Dus: die wet is geopenbaar; die vervulling is verseker; omdat God God is; die manier en tyd is geheel verborge.

*Sesdens,* die wet is een onverdeelde woord. (Deut. 4:2) Die betekenis is duidelik dat die hele Skrif, wet, profete en evangelie, een woord is. Woorde kan bygevoeg word tot aan die einde van Openbaring, waarna selfs die wegneem of byvoeg van woorde verbode is (Openb. 22:18, 19). Daar kan geen willekeurige skeiding tussen die Wet en die Evangelie wees nie: *een God beteken een woord.* Om die woord te verdeel is om God te verloën.

### 3. God Versus Molog

Deut. 18:9-22, 13:1-4; Lev. 18:21; 19:26, 31; en Deut. 12:29-32 is basies aan die eerste gebod. (Calvyn.) Hierdie gedeeltes hou verband met die mens se poging om die toekoms te ken en te beheer. Om dit te probeer, buite God om, is om 'n ander god daar te stel in minagting p.31. van die HERE. Elke vorm van ongeoorloofde pogings om die toekoms te wete te kom, word gemeld deur Moses - Deut. 18:9-14; Lev. 18:21, 19:26, 31; Deut. 12:29-32; 18:9-14 1 Kon. 11:7, 33; Jer. 49:1, 3; Amos 1:15; Sef.1:5; Lev. 18:21, 20:2-5; 2 Kon. 23:10; Jer. 32:35. p.32. Molog was 'n aspek van Baal, wat Heer beteken het. (Jer. 32:35). Molog het gestaan vir koningskap en mag, en offerandes aan Molog het die verkryging van p.33. immuniteit of versekering en beskerming, en, in die volste sin, van mag, beteken. Die offer van kinders was die hoogste offerande wat aan Molog gebring kon word. Molog-aanbidding het Israel binnegekom toe Salomo vir sy vreemde vroue 'n altaar vir Molog gebou het. (1 Kon. 11:7, 8.)

Die koning is met Molog vereenselwig, tot die mate waarin hy absolute mag gemanifesteer het. Molog-aanbidding was dus die staatsgodsdiens. Die staat was die hoogste bestel, en godsdiens was 'n departement van die staat. Die staat het *totale jurisdiksie* oor die mens geëis, en was dus geregtig op *totale offerande*. Die moderne staat is 'n Molog-staat. p.34. God is die enigste ware oorsprong van wet; die staat is 'n bewerker van die wet, een van vele (kerk, skool, familie, ens.), en het 'n spesifieke en beperkte area van die wet om te administreer - onder God. Die Molog-staat is 'n produk van afvalligheid. Wanneer 'n volk God as hulle koning verwerp, en die mens of die staat hulle koning maak (1 Sam. 8:7-9), maak God die gevolge bekend. (1 Sam. 8:11-18).

Verskeie aspekte van 'n staat wat God verwerp, word hier genoem:
*Eerstens,* 'n teen-Bybelse militêre diensplig sal ingestel en afgedwing word.
*Tweedens,* daar sal verpligte werksbataljonne vir staatsdiens moet wees.
*Derdens,* die diensplig sal jong vroue en jong manne insluit, sowel as diere.

*Vierdens*, die staat sal eiendom vervreem, beide roerende p.35. en onroerende.

*Vyfdens*, omdat die staat nou god-koning speel sal dit, soos God, 'n tiende van die mense se aanwas eis as belasting.
*Sesdens*, God sal nie luister na 'n volk wat kla omdat hul die prys moet betaal vir hul sondes nie.

Aan al hierdie voorwaardes word voldoen en dit word oortref deur die moderne Molog-staat, wat nie net weier om tevrede te wees met 'n tiende nie, maar 'n belasting gelyk aan verskeie tiendes eis.

Die Molog-staat verteenwoordig eenvoudig die hoogste poging van die mens om die toekoms te beheer, om die wêreld vooruit te bepaal, en om soos God te wees. Kleiner pogings, waarsêery, oproep van geeste, toorkuns, en heksery, is alles vervloek deur God. (1 Sam. 28; 1 Sam. 15:10-35; 1 Sam. 28:15-19; Jes. 47:10-14). In Lev. 19:26 word verklaring van voortekens en waarsêery verbied in dieselfde sin waarin die eet van bloed verbied word. p.36. (Lev. 17:11, 14; Deut. 12:23; Ps.114:30; Gen. 4:10; 9:3, 4; Hand. 15:20, 29; Gen. 9:6; Heb. 9:22; Lev. 17:10, 14; Deut. 12:15, 16; 1 Kor. 10:16; Ef. 2:13; Heb. 9:14; 10:19; 1 Pet. 1:2, 19; 1 Joh. 1:7; Open. 7:14; 12:11.

Omdat lewe deur God gegee is en slegs volgens Sy voorwaardes geleef mag word, mag geen lewe van mens of dier geneem word nie, behalwe volgens Sy voorwaardes, of dit nou deur die staat, deur die mens om te eet, of deur iemand in selfverdediging is. Om te probeer om te regeer of 'n lewe te neem, sonder God se toestemming, en los van Sy diens, is soos om te probeer om die wêreld te regeer, en die toekoms, los van God af. Om hierdie rede plaas Lev. 19:26 die eet van bloed, heldersiendheid en waarsêery almal op dieselfde vlak as dieselfde sonde in wese. (Lev. 19:2; 11:44; Eks. 19:6; Lev. 20:7, 26; 1 Tes. 4:7; 1 Pet. 1:15, 16; ens.)

Om heilig te wees, beteken letterlik om afgesonder te wees, d.i. om eenkant gesit te wees van algemene gebruik, vir heilige gebruik. (Lev. 19:26; Lev. !9:2; 11:44; Ex. 19:6; Lev. 20:7, 26; 1 Tes. 4:7; 1 Pet.1:15, 16, ens.; Deut. 18:13; Eks. 20:8; 30:31; 31:10, 11; Num. 5:17; Sag. 14:21). Die verontreiniging a.g.v. die gebrek aan afskeiding, kon seremonieel of fisies wees, of dit kon geestelik en moreel wees. (Ex. 22:31; Lev. 20:26; 2 Kor. 7:1; 1 Tes. 4:7; Lev. 20:6-7; 21:6.) Die heiligheid van God is Sy afskeiding van alle geskape wesens, as die ongeskape en skeppende Wese, oneindig in wysheid, krag, geregtigheid, goedheid, waarheid en heerlikheid. Die ware heiligheid van die mens is die mens se afgesonderdheid tot God in geloof en in gehoorsaamheid aan God se wet. Die wet is dus die aangewese weg tot heiligheid.

Molog-aanbidding soek na 'n nie-teïstiese, onbybelse weg tot heiligheid. Dit verlang om homself eenkant te sit, as die mag en die heerlikheid, deur middel van offerandes, wat bedink word om menslikheid te bowe te gaan. Paulus spesifiseer sommige van hierdie weë van valse heiligheid as "die verbod om te trou, en die bevel om nie vleis te eet nie". p.37 1 Tim. 4:4-5.

Die mens se pogings om die wêreld te beheer en om die bron van uitverkiesing te wees, lei tot valse profete. Deut. 13:1-4. p. 38. Ware profete word beskryf deur Deut. 18:15-22.

Deut. 13:1-18 gee drie voorbeelde van aanhits tot afgodery: die valse profeet, 'n private persoon, 'n stad. Die straf in elke geval is die dood sonder genade. Die doodstraf hier word *nie*

vereis vir private geloof nie: dit is vir pogings om ander se geloof te ondermyn en om die samelewingsorde te ondergrawe deur ander tot afgodery te verlei. Die fondamente van die regsorde moet beskerm word.

Kriminele oortredings moet *altyd* gestraf word. Die kritiese vraag in enige samelewing is: Wie moet gepenaliseer word? Bybelse reg verklaar dat regstelling moet plaasvind – die krimineel moet gepenaliseer word. In die moderne humanistiese samelewing word die slagoffer gepenaliseer: deur die misdaad, deur hofkostes, en deur die gevangeniskoste soos dit manifesteer in die belasting. 'n Samelewing wat boetes teen homself en teen sy wetsgehoorsame burgers verdra, is 'n gevaarlike en 'n sterwende samelewing.

p.39. Om aan die wet reg te laat geskied is dit nodig dat 'n nasie in God se regsisteem gegrond moet wees. Om hierdie regsorde te behou, moet die basiese verraad daarteen gestraf word. Die wet gee een ware Middelaar. Deut. 18:15. Alle profete is woordvoerders vir die een Profeet wat die woord van die HERE spreek. Aangesien daar een ware God is, is daar een woord, en een spreker. p.40. Alle profete was sprekers vir die een Profeet, Jesus Christus, die tweede persoon in die Drie-eenheid. Die gebod is: Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.

## 4. Die Wette Van Verbondslidmaatskap.

p.41. Diegene wat die eerste gebod gehoorsaam, is verbondslede. Die twee basiese rites van die verbond in die Ou Testament was die besnydenis en die paasfees, en in die Nuwe Testament die doop en die nagmaal. Gen. 17:9-14. Die besnydenis word deur die wet vereis in Lev. 12:3, op die agste dag. Almal wat aan die paasfees wil deelneem, sy dit as 'n Hebreër of as 'n vreemdeling, moes besny wees. Eks. 12:48-49. Van die begin af was die betekenis en die geestelike gevolge van die besnydenis duidelik: Besny dus die p.42. voorhuid van julle hart en moenie meer hardnekkig wees nie. Deut. 10:16. verder: Deut. 30:6; Lev. 26:41; Jer. 4:4; 6:10; Rom. 2:28-29; Kol. 2:11; ens.

Wat die betekenis van die rite van die besnydenis betref: in die heidendom is dit die ritueel van inisiasie in die status van volwasse man wees, en ook lid van die stam of familiegroep. Waar ander gelowe algemeen 'n tekortkoming in die menslike natuur erken, is hul ook van mening dat die defek herstel kan word deur die mens self: dus die konnotasie van die besnydenis met die aanvang van volwasse manlikheid. Die besnydenis op die agste dag verwyder die mag van die rite van die mens na God toe: die jong kind is nie in staat tot regverdigmaking, wedergeboorte, of heiligmaking uit homself nie, hy is geheel passief in die rite. Die feit van goddelike genade word dus gedemonstreer.

'n Seremonie wat verband hou met die besnydenis is die reiniging van vroue na kindergeboorte. Lev. 12. Die onreinheid van die vrou verwys na 'n godsdienstige en sakramentele onreinheid. Nóg die vlees nóg die gees van die gevalle mens is rein voor p.43. God. Die besnydenis getuig van die feit dat die mens se hoop nie in verwekking lê nie, maar in wedergeboorte, en die getuienis van die seremonie van die reiniging van die vroue, is dieselfde. Die ritueel van die reiniging was die getuienis van verbondslidmaatskap vir die dogters. Dit is 'n herinnering daaraan dat verbondsgeregtigheid vir moeder en kind uit Gods genade was, en dat genade, en nie ras of bloed nie, die bron van saligheid is. Die rite wys heen, nie na die werklike sonde nie, maar na die oorspronklike sonde, en is 'n erkenning van die val van die mens en van die genadeverbond. Deur geboorte word die ou rebellie van

Adam weer opnuut ingebring in die verbondshuishouding, in die vorm van 'n kind, wie se natuur oorgeërf is van Adam. Hierdie oorgeërfde korrupsie word erken, en die verbondsgenade afgepleit, in die ritueel van die reiniging van die vroue. Daar is geen geldige rede om hierdie ritueel te staak nie.

Die doop is die teken van die nuwe verbond, en vervang die besnydenis. Dit was 'n teken van religieuse reiniging en toewyding in die Ou Testament. Eks. 29:4; 30:19; 40:12; Lev. 15; 16:26, 28; 17:15; 22:4, 6; Num. 19:8. In Eseg. 36:25 en 26 word aan ons die doop ("besprenkeling") as 'n teken van die wedergeboorte van die verbondsvolk ná die verbanning gegee, en dit is geassosieer met 'n "nuwe hart". Jer. 31:31-34 assosieer hierdie "nuwe hart" met die nuwe verbond in Christus. In terme van hierdie tekste, is proseliete (bekeerlinge) in Israel in gedoop voordat hulle besny is, wat aangedui het, dat 'n nuwe verbond in gedagte gehou is. Johannes die Doper het, deur die hele Israel op te roep tot die Doop, 'n sensasie verwek, in die sin van, dat dit gewys het daarop dat die eeu van die Messias voor die deur was.

p.44. Die doop, soos die besnydenis, moet aan kinders bedien word (behalwe as dit bedien word aan 'n volwassene wat 'n nuwe bekeerling is) as die teken van verbondsgemeenskap uit genade.

Die ander rite van die verbondslidmaatskap, die Paasfees, is in Egipte ingestel Eks. 12; 13:3-10; Num. 9:1-14; Deut. 16:3-4; Eks. 23:18. om die kulminerende daad van verlossing deur God in sy oordeel oor Egipte te vier. Sentraal tot die Paasfees staan die bloed – die verbond berus op 'n versoening wat geheel deur God voorsien is, en die straf vir afvalligheid van die verbond, is die dood.

p.45. Die Paasfees het Israel se verlossing gevier, net soos die sakrament van die Nagmaal die verlossing van die ware Kerk van God, deur die bloed van Jesus Christus, vier. Die vier van die sakrament beteken die ontvang, deur geloof, van die verlossing en reiniging van sonde, en die seëninge van die verbondslewe, in Christus, deur Sy versoenende offer. Die sakrament van die Heilige Nagmaal is die Christelike Paasfees. 1 Kor. 5:7, 8.

p.46. Die eerste viering van die Heilige Nagmaal, in die bovertrek, was teen die einde, en met voltooiing, van die Paasfees:

*Eerstens*, die paasfees van die Jode is gevier in verwagting van oorwinning. Eks. 12:11; en 29-36. Die Christelike Paasfees versinnebeeld die gelowige se verlossing van sonde en die dood, en sy bevryding van die vyand. Dit is beide 'n geestelike en 'n materiële saligmaking. Om die dood van God se eniggeborene vir ons saligheid te vier, is om die dood van God se vyande, van hulle eersgeborenes, van hulle in totaliteit, te vier, onder Sy oordeel. Dit vereis van ons om voort te gaan asof in oorwinning, as ons oorwinning wil ontvang. Om die sakrament te beperk tot 'n geestelike oorwinning, is om te handel as 'n "Manichaean" eerder as 'n Christen; dit is om God te sien as heer slegs van die geestelike en nie van die materiële ryk nie.

Dus, *tweedens*, is die Nagmaal oorwinning omdat dit veroordeling is. 1 Kor. 11:27-30. As dit veroordeling teenoor gelowiges is wat oortree, hoeveel te meer verkondig die Nagmaal vervloeking aan 'n wêreld in rebellie teen God?

Maar, *derdens*, die kinders van die verbond, d.i. die besnede manlike kinders, en die dogters van die verbond, het daaraan deelgeneem. Die jongste manlike kind moes vra: "Wat beteken hierdie diens?" Die vader het dit dan aan almal verduidelik. In die vroeë kerk het kinders deel gehad aan die sakrament, volgens al die rekords. Die getuienis van Paulus dui aan dat hele families dit bygewoon het, en daaraan deelgeneem het: Dit was die aandete. 1 Kor. 11. Hierdie gebruik was 'n voortsetting van die paasfees van Israel, en daar is geen geestelike gronde om daarvan af te wyk nie. Die vroeë kerk het buitestaanders egter streng van deelname aan die sakrament uitgesluit.

Die *eerste* gebod vereis:
*Eerstens*, dat 'n mens moet weet dat sy enigste hoop op verlossing in die bloed van God se offer is, die Lam van God, en dat hy in dankbare gehoorsaamheid moet leef.
*Tweedens*, moet die mens erken dat alle bloed regeer word deur God en Sy wetwoord, en om enigiets los van God en Sy wetwoord te doen, is sonde, p.47. "want alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde". Rom. 14:23.

Om geen ander gode te hê nie, is om geen ander wet as God se wet te hê, en geen handeling of gedagte los van Sy wetwoord nie: Of dit nou is wat betref kos, of om burgerreg te handhaaf, of in oorlog, of in selfverdediging. Bloedvergieting kan slegs volgens God se woord plaasvind.

Baie nou verwant aan die leer van die paasfees is die lossing van die eersgeborenes en hulle heiligmaking. Eks. 13:1, 2, 11-16; Eks. 22:29, 30; Eks. 34:19, 20; Lev. 27:26; Deut. 15:19, 20; Rom. 11:16.

p.48. Om verlossing te beperk tot die mens se siel en dit nie te sien as van belang ook vir sy liggaam, sy samelewing, en vir elke aspek van en verhouding in sy lewe nie, is om die Bybelse betekenis te verloën. Die hele skepping is uiteindelik betrek by verlossing. Rom. 8:20, 21.

Die eersgeborene waarna in die wet verwys word, is die eersgeborene van die moeder eerder as van die vader. Eks. 13:2.

p.49. Die daad van verlossing was dus die ritueel van die *bevestiging* van die verbondslidmaatskap. Die hele Israel, mens en dier, is aanvaar om God se eiendom te wees, Sy "eersgeborene" uit genadige aanneming. Israel het verdien om te sterf, niks minder as Egipte nie: sy verlossing was 'n daad van soewereine genade. Die feit is gedemonstreer, deur God, aan Abraham, deur die offer van Isak te vereis. Die Bybel verbied nie menslike offers in beginsel nie. Selfs sonder sonde kan die mens niks aan God gee wat hy nie voorheen van God ontvang het nie. Die feit dat die lossing van die eersgeborene normaalweg verbind is aan die agtste dag, die tyd van die besnydenis, van die intrede tot die verbond, het dit terselfdertyd 'n bevestiging van die verbond deur die ouers gemaak. Die diere is dikwels direk aan die priester gegee. Die stam van Levi het die substituut priesterlike stam geword, die eersgeborene, gewy aan God. Num. 3:40, 41. Die wet het gesorg dat die ouers beskerm word teen 'n oormatige lossingsfooi. Lev. 27:1-8; Num. 8:16, 17, 18; 3:11-13; 44-51. Die eersgeborenes van die veestapel word gespesifiseer in Eks. 13:11-13 en 22:30; Eks. 34:19, 20; p.50. Lev. 27:26, 27; Num. 18:15, 17; Deut. 14:23; 15:19-22; Deut. 14:22, 23, 28.

Daarop moet gelet word dat die *tweede tiende* nie werklik 'n tiende was nie, daarin dat dit nie los gestaan het van die gespesifiseerde veestapel nie, maar *"die eerstelinge"* het die plek van die tweede tiende op diere geneem.

Hierby is 'n kopbelasting geëis van elke man van twintig jaar en ouer Eks. 30:11-16. Dit is oorspronklik aangewend vir die bou van die tabernakel. Eks. 38:25-28. Dit is betaal deur Leviete én al die ander. Dit was om hulle daaraan te herinner dat almal in die lewe gehou is, slegs deur die genade van God. Dit is gebruik om die staatsdiens (burgerlike orde) in stand te hou na die voltooiing van die tabernakel (die troonkamer en die paleis van God se regering). Formele aansluiting by volwassenheid het beteken dat 'n halwe sikkel betaal is, uit erkenning van God se voorsienende genade. Almal het dieselfde bedrag betaal. p.51. Dit was 'n seremonie wat in betekenis geassosieer was met die lossing van die eersgeborene, die paasfees, en die dag van versoening, eerder as met die tiende.

Beide die eerstelinge van die kudde, en van die landerye, moes, met die uitsondering van wat reeds gemeld is, aan die Here gegee word vir die onderhoud van die Leviete, volgens die Verbondswet. Lev. 13:10, 17; 23:19 Die Nuwe Testament verwys na die eerstelinge in Rom. 8:13, 11; 11:16; 16:5; 1 Kor. 15:20-23; 16:15; Jak. 1:18; Open. 14:4. Die opgestane Jesus word die eersteling uit die dode genoem. Rom. 8:23.

Die offer van die eersgeborene en van die eerstelinge was nou verbonde aan die *tiende*. En, daarmee saam, was dit die simbool van die gehele offerande. Die tiende was egter addisioneel tot die offer van die eersgeborene en die eerstelinge.

Die vroeë kerk het die offer van die eersgeborene vervul gesien in Christus, die offer wat deur God gegee is in vervulling van die vereiste van die huishouding van die geloof. Die offer van die eerstelinge was egter voortgesit, alhoewel ook dit in dieselfde mate in Christus vervul is. Die insameling van die eerstelinge het verskeie vorme aangeneem. Die vroeë kerk het vir eeue lank tiendes betaal in die vorm van opbrengs van die landerye. Party Protestante het ook vir 'n ruk tiendes vereis, maar dit het opgehou, of dit is vereng tot slegs 'n tiende aan die kerk.

**Die tiendes.**

p.52. *Een.* Daar is drie soorte tiendes,
**a**. die Here se tiende Num. 18:21-24, wat na die Leviete gegaan het, wat weer een tiende hiervan aan die Priesters gegee het Num. 18:26-28;
**b**. 'n feestiende waarmee fees gevier moes word voor die Here Deut.12:6-7, 17-18;
**c**. 'n derde tiende, 'n tiende vir armesorg, elke derde jaar, om plaaslik met die Leviete gedeel te word, so ook met die vreemdeling, die wees, en die weduwee. Deut. 14:27-29.

p.53. *Twee.* Die Here, as Skepper van alle dinge, het die terme vasgestel van die mens se lewe en van die gebruik van sy onderhoud, d.i. van die inkomste van sy veestapel, of die opbrengs van sy landerye. Wanneer dit tot geld gemaak is, dan moes 'n vyfde van die bedrag bygevoeg word. Met die betaling van die eerste tiende, moes daar nie tussen goed of sleg gekies word nie, maar slegs elke tiende dier moes geneem word vir die tiende. As 'n mens dus 16 kalwers het, het hy net een gegee as sy tiende, soos wat hy dit getel het. Lev.27:30-33. Dit is die Here se tiende.

*Drie.* Die tweede tiende was gebruik om voor die Here fees te vier ten tye van die drie jaarlikse feeste: die Paasfees, die Loofhuttefees, en die Fees van die Weke, (twee weke van godsdienstige feesvierings of "vakansie." (Deut. 12:6-7; 14:22-27; 16:3, 13, 16.) Behalwe vir die Leviete, met wie 'n gedeelte gedeel moes word, het hierdie tiende die gewer s'n gebly, en het hy dit gebruik vir sy genot. Daar was geen tweede tiende van die veestapel in hierdie tweede tiende nie; die eerstelinge van die veestapel het in plek daarvan deel gevorm van die tweede tiende. (Deut. 12:17, 18.)

*Vier.* Die derde was die tiende vir die armes, wat plaaslik gebruik moes word vir die armes, weduwees, wese, hulpelose vreemdelinge, mense wat hulself nie kon help nie. Ook aan die Leviete moes gedink word. (Deut. 14:27-29).

*Vyf.* Volgens P.W.Thompson het die tiende dus neergekom op 'n tiende vir die Here, 'n tiende vir die armes, en 'n geringe deel van die tweede tiende vir die Leviete. Thompson het dit "een sesde van 'n man se inkomste" genoem. ('n Derde tiende is gegee, twee keer in elke ses jaar periode. Thompson het die gehele tiende gesien as gelyk aan een dag se arbeid uit ses.)

*Ses.* Daar was geen tiende van die opbrings van die boerdery in die sewende of sabbatsjaar nie. (Lev. 25:1-7; Eks. 23:11) Die sabbatsgebruik van die land en die prieel was onbetwisbaar dieselfde as die afoes , dit beteken dat die eienaar die toelating van die verdienstelike armes gekontroleer het.

p.54. *Sewe.* Om die tiende te gee, beteken om 'n proporsionele gedeelte te gee. Die tiende van 'n arm man was net so aangenaam voor God as die tiende van 'n ryk man. (Deut. 16:17; 2 Kor. 8:12) Deur proporsioneel te gee, is geen onregverdige las op enige een gelê nie.

*Agt.* Deur middel van die tiende het 'n konkrete en realistiese verhouding met God bestaan. God se vloek gaan uit na diegene wat God se verordening van die tiende ontken. (Mal. 3:7-12) God se seëninge word uitgestort soos 'n vloed oor diegene wat Sy wet i.v.m. die tiende hou. Maleagi beloof hoofsaaklik 'n nasionale seën, maar 'n persoonlike seën is nie uitgesluit nie.

p.55. *Nege.* Die Here se tiende en die armes se tiende het gesorg vir die basiese maatskaplike funksies wat, onder 'n moderne totalitêre staatsbestel, die plig van die staat geword het, nl. opvoeding en armesorg. Opvoeding was een van die funksies van die Leviete, nie van die heiligdom nie. Die Leviete het die priesters bygestaan in die religieuse pligte i.v.m. die heiligdom. 1 Kron. 23:28-31; 2 Kron. 29:34; 35:11, en as amptenare, regters, en musikante. 1 Kron. 23:1-5. In 'n godvresende samelewingsorde, sal die groep wat die beste opgevoed is in die wet van God, die mees verrykende samelewingsdienste hê om te lewer. Omdat hulle deur die tiende onderhou word, sal die basiese onderhoudskoste van die staatsdiens gering wees.

Die tiende is 'n erkenning van God se koningskap. In 1 Sam. 8:4-19, word die gevolge van 'n verwerping van God se koningskap genoem: totalitaristiese verdrukking, 'n verlies van vryheid, *en* 'n vermeerderde koste van burgerlike regering. Basiese maatskaplike dienste val in twee soorte slaggate sonder 'n tiende: **1**. die staat neem hierdie funksies oor; **2**. ryk individue en stigtings oefen 'n oormatige mag uit oor 'n samelewing. Die gee van tiendes verlos 'n samelewing van sy afhanklikheid van die staat en van ryk individue en stigtings. Die tiende plaas die basiese beheer van 'n samelewing onder die gewers van die tiende, die volk van God. Hulle word beveel om die hele tiende in die *skathuis* in te bring Mal. 3:10, 'n fisiese skatkamer

wat aan die Here behoort het, dus aan daardie godsdienstige tradisie van die Leviete wat, in plaas daarvan om afvallig of sinkretisties te wees, getrou aan God en sy Wetwoord was. Die gewer van die tiende was nie meer gewer nie as sy tiende na 'n ontroue skathuis gegaan het nie. Dit was die gewer se plig om te oordeel tussen die godvresende en die afvallige Leviete. Ook vandag is die gewer van die tiende geen gewer daarvan nie, behalwe as sy tiende gaan na ware god-erende werk, na kerke, sendingsake, en skole wat die Wetwoord getrou verkondig. Ook die tiende vir armesorg is in die hande van die gewer: Hy mag dit nie gebruik nie, ook nie sy sabbatsjaar se opbrengs nie, of die versamel na die oes nie, om die bose, luiheid of afvalligheid te subsidieer nie. Die tiendes vir die arme het ten doel die versterking van die godvresende samelewing, nie sy vernietiging nie. p.56. Die tiende gaan dus na die Leviete, wat weer 'n tiende aan die priesters gee.

Daar gaan dus slegs 'n klein gedeelte na die priesters en vir die onderhoud van die aanbidding. Die Leviete het die breër maatskaplike funksies vervul, en geen profeet het ooit die breër funksies gekritiseer of daarmee fout gevind nie, wat beteken dat hulle duidelik binne die verklaarde roeping van God geval het. Die Leviete, as die stam van die "eersgeborenes" deur God se verkiesing, was dus die stam wat die basiese funksies van die eersgeborenes moes verrig. Dit was die regerende funksies in den brede. Terwyl die "septer" aan Juda gegee was, Gen. 49:10, was Levi in ander opsigte die stam van die eersgeborene, Num. 8:18, en moes hy die basiese pligte van regering nakom. Daar was dus 'n *basiese verdeling van_magte* van die staat (Juda en die troon) en die breë staatsdiensfunksies (Levi). Hierdie verdeling is vernietig deur die verdwyning van die tiende as 'n regeringsfaktor.

Die Bybel het, as die basiswet van 'n godvresende samelewing, die wet van die tiendes gegee. Om die volle implikasie van die tiende te verstaan, is dit belangrik om te weet dat Bybelse reg geen *eiendomsbelasting* het nie; die reg om eiendom te belas word die staat baie duidelik belet, omdat die staat geen grond het om te belas nie. "Die aarde behoort aan die Here" Eks. 9:29; Deut. 10:14; Ps. 24:1; 1 Kor. 10:26; ens.; daarom kan slegs God die grond belas. Vir die staat om die reg op te eis om grond te belas, beteken dat **1.** die staat homself p.57. die god en skepper van die aarde maak, terwyl die staat in werklikheid God se ministerie van regsake is, Rom. 13:1-8. en **2.** dus beteken die belasting van grond dat die staat God se rykstroon bestyg en so God se oordeel uitlok.

Hierdie feit van immuniteit teen grondbelasting deur die staat, beteken vryheid. 'n Mens se grond kan dus nie onteien word nie; elke mens het 'n basiese sekuriteit in sy eiendom. Vir die staat om so veel soos God te eis, dus 'n tiende van 'n mens se eiendom, is 'n teken van afvalligheid en tirannie, volgens 1 Sam. 8:4-9. Die moderne staat eien homself natuurlik verskeie tiendes toe in belasting.

Die tiende is *nie* 'n geskenk aan God nie; dit is God se belasting vir die gebruik van die aarde, wat in elke aspek onder God se wet en jurisdiksie val. Slegs wanneer die betaling aan die Here tien persent oorskry, word dit 'n geskenk genoem en 'n "vrywillige offer". Deut. 16:10, 11; Eks. 36:3-7; Lev. 22:21, ens.

Vanaf die vierde eeu het die staatsregerings tiendes begin vereis, omdat vroeër geglo is dat 'n land God Sy tiendes alleen met doodsgevaar kan ontneem. Die afskaf van die tiendes het die weg geopen tot werklik onderdrukkende belasting deur die staat, sodat die staat die maatskaplike verantwoordelikhede kon aanvaar wat eers deur die tiendes-geld betaal is. Daar moet vir basiese maatskaplike dienste betaal word. As daarvoor nie betaal word deur

verantwoordelike betaling van tiendes deur Christenmense nie, dan sal daarvoor betaal word deur 'n tirannieke staat wat welsyn en opvoeding sal gebruik as trapklippies tot totalitêre mag.

p.58. Diegene wat nie hulle tiendes gee nie, is geestelike anargiste, hulle vernietig beide die vryheid en orde van die samelewing, en laat die demone van staatsbemoeiing los.

### 5. Die Wet as Mag en Diskriminasie

Die feit van *mag* kan nie van die wet losgemaak word nie. Wet is nie wet nie, as dit nie die mag het om af te dwing en om te straf nie. Om God van absolute mag te ontdaan, is om te ontken dat hy God is. Om mag en wet te skei, is om die status van die wet te ontken. Die feit dat God Homself in die Skrif herhaaldelik identifiseer as "die Almagtige" Gen. 17:1, 35; Eks. 6:3; ens. is 'n deel van Sy verklaring van totale soewereiniteit, en daarom Sy oproep tot gehoorsaamheid.

Mag is 'n religieuse konsep. Die regeerder het religieuse betekenis, juis as gevolg van sy mag. Wanneer die demokratiese staat mag verkry, eien hy ook vir homself godsdienstige eise en voorkeure toe. Omdat die Marxistiese staat meer mag het, en vir homself meer p.59. mag toeëien as ander hedendaagse state, is sy verwerping van die Christendom soveel meer radikaal: hy kan nie toelaat dat absolute mag aan 'n ander god as homself toegeken word nie. Mag word jaloers bewaak in 'n antichristelike staat, en enige verdeling van magte in die staat, wat hierdie staat se mag wil beperk, word baie sterk teengestaan.

Die wet is toegepaste mag, anders is dit nie langer wet nie. Die doel van die wet is ten dele om 'n "verskrikking" vir die kwaaddoeners te wees. (Rom. 13:4 – want hy is 'n dienaar van God, jou ten goede. Maar as jy kwaad doen, vrees dan; want hy dra die swaard nie verniet nie, want hy is 'n dienaar van God, 'n wreker om die een wat kwaad doen, te straf.); hierdie woord word sagter vertaal in die hedendaagse vertalings, maar die hele strekking van die Skrif vereis die element van vrees as die mens voor God verskyn, en as die sondige wettelose mens voor die wet staan. Omdat God absolute mag is, het alle onderdanige en geskape magte hulle posisie, mag en outoriteit slegs van God gekry, en hulle moet dit slegs volgens Sy voorwaardes en onder Sy jurisdiksie uitvoer, of onder sy oordeel staan. Lord Acton se gesegde: "All power corrupts, and absolute power corrupts absolutely," is 'n liberale halwe waarheid en gee liberale illusies weer.

*Eerstens*, alle mag maak nie korrup nie. Die gesag van 'n godvresende man en vader om sy familie te regeer, maak hom nie korrup nie; hy beoefen sy gesag onder God en in terme van God se wetwoord. In stede daarvan om gekorrupteer te word deur sy gesagsuitoefening, word die godvresende man geseën deur sy gesagsuitoefening. Hy maak dit ook tot 'n seën vir sy familie en sy samelewing. 'n Godvresende regeerder, wat sy gesag geredelik gebruik vir wettige en morele doeleindes, maak die samelewing onder hom voorspoedig. Die *twee euwels* met betrekking tot mag en die uitoefening daarvan is, aan die een kant, die vrees om gesag uit te oefen, en, aan die ander kant, die immorele gebruik van gesag. Albei hierdie euwels floreer in 'n humanistiese samelewing. Mans wat bang is om hul gesag te laat geld op 'n wettige en 'n morele manier, korrupteer hulle families en hulle samelewings. Die gebrek aan die uitoefening van ware gesag, laat 'n samelewing verval in wetteloosheid en anargie. Dis nie die uitoefening van gesag wat verval veroorsaak nie, maar die immorele uitoefening daarvan. Wanneer gesag ordentlik onder God uitgeoefen word, dan is dit 'n samelewing tot seën, lei dit tot voorspoed en orde, en word so 'n gemeenskap regeer tot sy voordeel en welvaart.

*Tweedens,* die mens mag strewe na absolute mag, en die strewe is korrup en dit korrupteer die samelewing, maar die mens bly nogtans geheel en al onder die absolute gesag van God. Nie alleen word alle gesag van God ontvang en bepaal deur Sy absolute mag nie, maar dit is ook bepaal en gebind deur Sy absolute geregtigheid. p.60. Wet is dus, indien dit ware wet is, nie slegs mag nie, maar ook geregtigheid. Rom. 13:2-5. Indien die wet los is van geregtigheid en waarheid, lei dit óf na die anargie van 'n wettelose en betekenislose wêreld, óf na die totalitarisme van 'n elite groep wat sy relatiewe "waarheid" op ander afforseer deur beginsellose dwang. Van die wet word egter verlang om 'n ministerie van geregtigheid onder God te wees, en van die staatsamptenaar word verlang om "'n dienaar van God" Rom. 13:5-6. te wees. Dit is die enigste moontlike fondament vir 'n regverdige en voorspoedige sosiale orde. Ministeriële reg is reg onder God; dit moet 'n nederigheid hê wat positivistiese reg nie kan hê nie.

'n Ander aspek van die wet - Rom. 13:1-6: die wet diskrimineer altyd. Die gebod sal altyd definieer wie die wettige en wie die onwettige lede van 'n samelewing is. Die feit van reg bring 'n fundamentele en basiese ongelykheid in 'n samelewing in. p.61. Die wet sal altyd ongelykheid vereis. Die vraag is eenvoudig: sal die ongelykheid wees ten opsigte van fundamentele geregtigheid; sal dit dus die goeie beloon en die kwade straf, of sal die ongelykhede van onreg en kwaad triomfeer?

Die gebod, "Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie", vereis dat ons geen ander gesag erken as die ware en uiteindelik legitieme nie - dit wat gegrond is in God en Sy Wetwoord. Die gebod beteken ook: "Jy mag geen ander gesag bo My hê nie", onafhanklik van My, of wat voorrang geniet bo My. Die gebod kan ook beteken, "Jy mag geen ander wet bo My hê nie".

Die antichristelike staat maak homself God en sien homself as beide wet en mag. Los van die Bybelse perspektief, word die staat 'n ander god, en heers legaliteit (wetlikheid), in stede van reg. p.62. Legaliteit is egter nie die reg nie. 'n Staat kan deur streng legaliteit op die weg gaan van radikale wetteloosheid. Legaliteit het te doen met die reëls van die spel soos deur die staat daargestel, en deur sy howe. Reg het te doen met 'n fundamentele, Godgegewe orde. Die moderne staat staan legaliteit voor as 'n instrument om reg teen te staan. Die gevolg is die wettige tot niet maak van wet en orde.

Die resultaat is dat die staat, in stede daarvan dat dit 'n "vrees" vir kwaaddoeners is, dit toenemend 'n skrik word vir die wetsgehoorsame burgery, vir die regverdige en godvresende mense. Boewe terroriseer die land met opstande en geweld, en sonder vrees. Wat meer is, soos wat Rome oorlog verklaar het teen die Christene, so is sosialisme en kommunisme, en al meer ook die demokrasieë, in 'n staat van vyandskap teenoor ortodokse of Bybelse geloof. Die gevolge van so 'n nalaat van sy roeping deur die staat, as die ministerie van geregtigheid, kan net die uiteindelike val van die staat beteken. Die staat wat ophou om 'n skrik vir kwaaddoeners te wees, en 'n skrik vir die godvresende word, is besig om selfmoord te pleeg.

# II

## DIE TWEEDE GEBOD

### 1. Die Wettige Nader tot God.

p.63. Eks. 20:4-6; vgl. Deut. 5:8-10.

Die eerste gebod verbied afgodery in die breë sin. Daar kan geen ander God as die Here wees nie. Hierdie ander gode is almal mensgemaakte substitute vir die ware God. Die Bybelse definisie vir afgodery is duidelik 'n wye een; daarom kon Paulus sê dat geen gierige, wat 'n afgodedienaar is, 'n erfdeel het in die koninkryk van Christus en van God nie. Ef. 5:5. Ook in Kol. 3:5 word verwys na "gierigheid wat afgodery is".

By die ontleding van die tweede gebod, moet ons sê:

*Een:* Die letterlike gebruik van afgode en afbeeldings in aanbidding word streng verbied. Lev. 26:1, 2; 19:4; Eks. 34:17; p.64. Eks. 20:22-26; Deut. 4:15-24; Deut. 11:16, 17; Deut. 27:15. Die wet verbied nie gravering, die maak van prente of kunswerke in die algemeen nie. Eks. 28:33-34; 39:24; Eks. 25:18-22; 37:7. In die eerste gebod word afgodery in die algemeen verban, terwyl dit in die tweede gebod meer spesifiek gemaak word, met verwysing na die manier van aanbidding. Die mens kan God slegs nader volgens God se voorskrifte. Daar kan geen bemiddeling tussen God en mens wees nie, behalwe volgens God se voorskrifte. Waar die mens ook al begin om sy eie manier van nader tot God te bepaal, gaan hy eindig deur sy eie wil, sy eie luste, en uiteindelik homself as god te sien. Die enigste wettige nader tot God is soos Hy dit bepaal het, en uit Sy genade.

*Twee:* Die wettige nader tot God is alleen volgens die verordinering deur God. Omdat die orde van aanbidding heenwys na die versoeningswerk van Christus ('n natuurlike altaar, die hele liggaam van die priester moet bedek wees), kon daar geen afwyking wees sonder afvalligheid nie.

*Drie:* Soos wat 'n letterlike afgodery verbied word, so word ook 'n letterlike seën en vloek aan die wet verbind. Lev. 26:2-3 verbied afgodery, beveel sabbatsonderhouding en eerbied vir die heiligdom, en beveel ook die wandel in die wette en verordeninge van die Here in die algemeen. In verse 4-46, word letterlike materiële gevolge vir die volk volledig uitgespel. 'n Letterlike wet het baie letterlike gevolge. Gehoorsaamheid het sentrale historiese gevolge en resultate. p.66. Die lewe van 'n gemeenskap is sy godsdiens, en as hy 'n valse godsdiens het, stuur die gemeenskap af op die dood. Opvallende en uitstaande materiële seëninge word beloof vir gehoorsaamheid. Lev. 26:23, 24. Gehoorsaamheid is dus nie 'n saak van hoe ek voel nie; dit is 'n saak van lewe en dood.

*Vier:* Maatskaplike welsyn vereis die verbied van afgodery, omdat verdraagsaamheid daarteenoor maatskaplike selfmoord beteken. Afgodery is dus strafbaar deur die wet, nie net as sosiaal nadelig nie, maar dit is 'n doodsonde. Dit is verraad teen die Koning of Verlosser, teenoor die Almagtige God. Deut. 17:2-7. Vir die moderne denke is verraad teenoor die staat strafbaar met die dood, maar nie verraad teenoor God nie. Die wetlike krisis in die Westerse wêreld is as gevolg van die p.67. feit, dat die reg van die Westerse beskawing Christelike reg was, maar sy geloof word al meer humanisties. Die ou wet word dus nóg verstaan, nóg

gehoorsaam, nóg afgedwing. Die nuwe wet maak dat elke mens sy eie wet is en dit lei al meer en meer tot anargie en totalitarisme. p.68. Die wette van 'n volk kan hom nie ophef bokant die peil van die geloof en moraliteit van sy mense en sy samelewing nie. As daar vasgehou word aan die Christelike geloof in waarheid en in dade, dan kan 'n godvererende regstelsel en orde gehandhaaf word. As die geloof humanisties is, sal die mense verraaiers wees van enige regsorde wat nie hul selfverhoging en onverantwoordelikheid steun nie. Vir die Christen is afgodery, wat beteken, verraad teenoor God, die ware verraad teen die maatskaplike orde.

*Vyf:* Afgodediens sluit in, enige en elke poging deur die mens om deur sy eie woord eerder as deur God se Woord gelei te word. Alle dinge is moontlik by God, maar om te wag op bekering, of om in hoop voort te gaan, is 'n sondige plaasvervanger vir gehoorsaamheid aan God, en vir die aanvaarding van die werklikheid onder God. So 'n weg beteken dat ons ons hoop die wetwoord maak, en God se Wetwoord van geen p.69. waarde nie. Samuel het dit aan Saul duidelik gemaak. 1 Sam.15:23. Ons mag ons opstandigheid en rebellie niks anders noem nie, as sonde. Die enigste wettige manier om tot God te nader, is op die manier wat hy voorsien het, en dit is opgesom in die persoon van Jesus Christus. Enige ander manier is afgodediens, selfs wanneer dit aangebied word in die Naam van die Here.

## 2. Die Troon van die Wet.

**Die wet omtrent die bou van die tabernakel, dus, die tent van samekoms**. Eks. 25-31; 35:4-9:43.

Die plan moes streng nagevolg word, sonder om daarvan af te wyk. Wanneer die ideale of simboliese tempel van die toekoms, dus die Koninkryk van Christus, deur Esegiël uitgebeeld word, word weer die nakom van die plan vereis. Eseg. 43:10. Hierdie onveranderlikheid van die oorspronklike plan word ook genoem in Hebr. 8:5; 9:23. Dus:

*Een:* Die plan van die tabernakel is deur God gegee, en is geheel Sy werk. Die plan en materiale is voorgeskryf deur God, en van Sy onderdane is verwag om te gehoorsaam.

*Twee:* Die tabernakel is meer as 'n tent van ontmoeting: "Dit is die paleis van die Koning waarin die volk aan Hom eer bewys." Om Godsdiens te beperk tot die kerk, is 'n moderne dwaalleer: die domein van godsdiens is die hele lewe, en dit waaroor die heiligdom dit gehad het, was die totale lewe. Die tabernakel was die paleis van God die Koning, Israel se Heer van die verbond, en vandaar het Hy die volk absoluut regeer. p.70. Israel het na die paleis gekom, nie net om te aanbid nie, maar om op elke terrein en in elke aspek bevel te ontvang.

*Drie:* Daar kon dus net een heiligdom wees, want daar is net een ware God, een God, een troon, een ryk om oor te regeer. Omdat daar net een wet was om God se ryk te rig, was daar net een bron van die wet, die paleis. Die wet het vereis dat alle mans drie keer jaarliks by die paleis moes verskyn: Eks. 23:14; 17; Eks. 24:23. Dit was heilige samekomste. Heiligheid mag nie slegs met aanbidding geassosieer word nie. Aanbidding self kan God onteer. Heiligheid verwys na God in al Sy weë, en in Sy Hele Wese. Dus, elke godvresende aktiwiteit, of dit in die huis, veld, hof, kerk, of skool plaasvind, is heilige aktiwiteit. Omdat die monarg God se ministerie van reg verteenwoordig het, en omdat hy as die plaasvervanger van Christus, die Koning, regeer het, is die amp van die monarg dus gesien as 'n heilige amp. p.71. Heiligheid het dus primêr en essensieel betrekking op God, en sekondêr, op alle dinge wat in Sy Naam, volgens sy Woord, en tot sy eer gedoen word. Alle dinge is deur God geskape, goed, en daarom heilig, eenkant en gewy aan Hom. Die mens is deur sy val ontheilig. Die doel van

verlossing is om die heelal tot heiligheid te herstel; sy herskepping, en die afskeiding van die goddelose of Kanaäniet van die "huis van die HERE van die leërskare." Sag. 14:20, 21.

Die tabernakel was God se paleis; dit was die heiligdom omdat dit God se paleis of woonplek was. In die wildernis het God Sy woonplek gemaak soos die mense hul wonings gemaak het, in 'n tent. 2 Sam. 7:2. Die bou van die tempel, huis, of paleis van God is uitgestel tot die regering van Salomo. 2 Sam. 7:4-29. Die tabernakel, en later die tempel, was eerstens 'n paleis, nie 'n plek van aanbidding nie. Aanbidding was plaaslik, en die plek was die familiekring. Die sabbat is in die huis gehou, nie in die heiligdom nie. Om die tabernakel en die tempel as kerkstrukture te beskou, is om die Bybel verkeerd te lees. Die feit dat daar wel aanbidding in die heiligdom was, verander niks hieraan nie. 'n Mens het die Here enige plek aanbid: Wanneer hy vleis geslag het – wild of mak diere – het hy die bloed gelaat in aanbidding. Daar is gebid en geoffer voor 'n geveg. Saul se sonde – hy het nie gewag vir Samuel om te offer nie. 1 Sam. 13. Die normale plek van aanbidding was die huis, waar ook die sabbat gehou is.

p.72. *Vier:* Die kerk is nie die ekwivalent van die tabernakel nie. Die einde van die bedeling van die tempel as die paleis van God is duidelik gedemonstreer toe die tempel se voorhang geskeur het. Matt. 27:51. Die nuwe tempel is Jesus Christus, wat gekruisig is omdat Hy Homself as die nuwe tempel verklaar het, gebou deur sy wederopstanding. Matt. 26:61; 27:40; Joh. 2:19-21; ens. Deur die inwonende Heilige Gees, is die gelowiges nou ook in 'n sekere sin tempels van God 1 Kor. 16, 17, net soos die kerk ook, waarna verwys word as "die huis van God" 1 Tim. 3:15; 1 Pet. 4:17, maar die "kerk" is nie 'n sigbare gebou nie, maar die hele sigbare gemeente of kerk van Christus. Die tempel of tabernakel het sy vervulling in Christus, en die ware allerheiligste is nou oopgemaak vir die gelowiges, deurdat God se verbondsvolk toegang het tot die troon, deur die bloed van Jesus. Heb.10:19-22. In die hemel woon God as die heerser van die heelal; in die tabernakel het God gewoon, "in Sy neerbuigende genade" as Heerser van Sy verbondsvolk. Met Sy vleeswording, het die tabernakel-teenwoordigheid plek gemaak vir die vleesgeworde God-mens, Jesus Christus. Met die hemelvaart, het die Heilige Gees die taak van regeer kom voortsit; die Heilige Gees kan dus geensins losgemaak word van die taak van die wet en van regering nie. Bowendien het daar 'n nuwe fase aangebreek met Christus in die rol van God die Koning. Die hemelse heiligdom, die troon van die wêreld, het die troon van Christus geword. Hy regeer nou sodat Hy al Sy vyande aan hom kan onderwerp 1 Kor. 15:25, sodat die triomfantlike profesie aangaande Hom vervul kan word: Open. 11:15. Volgens hierdie einddoel, het Jesus Christus aan Sy verbondsvolk gesê: Matt. 28:18, 19. Die kerk is die wêreld ingestuur as deel van Christus se imperialisme, sodat die wêreld aan Sy regering onderwerp kan word.

*Vyf:* In die allerheiligste is die troon van God die wet. p.73. Die ark het die ooreenkoms (verbond) tussen God en die mens, die verbondswet, bevat. Die ark was dus die setel van die wet en het die wet versimboliseer. Die gee van die wet was God se genade aan Sy verbondsvolk, en Sy troon was daardie selfde wet. Die wet het die reg en geregtigheid van God na vore gebring, en dit is die verklaring van Sy regering in al die detail en beginsels. Die ark was nie 'n normale stoel nie: dit was duidelik 'n kis, en die klem was op die inhoud van die kis as die verbond tussen God en mens, as die basis van God se regering, en die troon van Sy Koningskap. Dit doen daarom die Koningskap van Christus ontsaglike geweld aan, om dit te skei van die wet, of om Sy werk te sien as die einde van die wet.

God het nie die altaar sy troon gemaak nie, omdat die altaar, hoewel belangrik, versoening voorgestel het, die begin van 'n nuwe lewe vir God se volk. Die finale einddoel van versoening, van verlossing, is God se regering oor 'n koninkryk wat totaal onderdanig sal wees aan die wet van die verbond, en dit met vreugde. Hierdie vreugdevolle onderwerping aan die wet was ten volle gemanifesteer in Jesus Christus. Heb. 10:5-9. Jesus, as koning, regeer in terme van 'n wet wat Hy gegee het en vervul (volbring) het. Die tabernakel het dus 'n gewigtige betekenis vir die Bybelse wet: dit verklaar dat God se troon Sy wet is, en dit verklaar dat die troon van die wet die wêreld regeer.

Dit is afgesnoeide en gebrekkige geloof wat by die altaar stop. Die altaar dui verlossing aan. Dit stel die wedergeboorte van die gelowige voor. Maar wedergeboorte tot watter doel? Sonder die dimensie van wet, word lewe die betekenis en doel van wedergeboorte ontsê. Dis nie verbasend dat altaar-gesentreerde geloof hemel-gesentreerd en wegraping-gesentreerd eerder as God-gesentreerd is nie. Dit soek na ontvlugting van die wêreld eerder as na die vervulling van God se roeping en wet-woord in die wêreld. Dit dra geen kennis van die troon nie.

### 3. Die Altaar en die Doodstraf

In die wet word daar voorsiening gemaak vir 'n altaar. Eks. 20:22-26. Dit is van natuurlike p.74. stowwe gemaak vir die voor-tabernakel periode. Die voorskrif vir 'n altaar is gegee as deel van die wet van die tabernakel. Eks. 27:1-8; 38:1-7. Die altaar was van sentrale godsdienstige betekenis. Die offer het die feit van versoening gedemonstreer, die feit dat God 'n weg voorsien het vir die sondige mens om verlos te word.

*Eerstens:* Dit is die sentrale betekenis van die altaar. Die diere wat geoffer is, het Jesus Christus getipeer. Joh.1:29; Open.1:5. Sonder die aanvaarding van die versoenende offerande van Jesus Christus, kan daar geen verlossing en ook geen Christelike geloof wees nie. Die feit van 'n offer is basies aan die Christelike geloof. Jesus het Homself as die Seun van die mens verklaar wat gekom het om sy lewe te gee as losprys vir baie. Matt. 20:28; Mark. 10:45; 1 Tim. 2:5, 6. Die altaar was 'n simbool van Jesus Christus en Sy versoenende offer. Ongelukkig word hierdie feit vandag beskou as basies tot die lewe von die kerk, terwyl dit 'n realiteit is wat fundamenteel is vir die lewe van die mens in die kerk, die staat en die hele lewe. p.75.

*Tweedens:* Die altaar, net soos die ark, demonstreer die wet en die geregtigheid van die wet. Só sentraal is die wet tot God, dat aan die eise van die wet voldoen is as 'n noodsaaklike voorwaarde van genade, en God het daaraan voldoen deur Jesus Christus. Hy, as die nuwe Adam, die hoof van die mensheid, het die wet volmaak onderhou, om die gehoorsaamheid van die nuwe ras van die mensheid na vore te bring, en om aan die kruis te sterf as die sondelose Lam van God, om so aan die vereistes van die wet teen sondaars te voldoen. Genade skuif nie die wet eenkant toe nie: dit voorsien die nodige vervulling van die wet. Dus lewer die genade van God getuienis vir die geldigheid van die wet, en vir die volle en absolute geregtigheid van die eise van die wet. Om hierdie tweede aspek van die wet te ignoreer, is om in antinomianisme te verval. p.76. Die bloed van die altaar was 'n skrikwekkende en volgehoue verklaring van die onbuigsame en volgehoue eis van die wet dat die geregtigheid van God vervul moet word,

*Derdens:* die altaar was ook 'n getuie dat die doodstraf basies is aan die wet. Die leer van die doodstraf word nie normaalweg geassosieer met die altaar, of die tweede gebod nie, maar eerder met die sesde: "Jy mag nie doodslaan nie." Hierdie fout beperk die betekenis van die sesde gebod en ontneem ook die doodstraf aan 'n diepgaande teologiese grondslag. Indien die doodstraf nie basies is tot die wet nie, dan het Christus tevergeefs gesterf, want dan kon daar 'n makliker weg gevind word om aan God se reg te voldoen. Indien die doodstraf nie basies is aan die tweede gebod nie, dan was die altaar 'n bloedige fout, en is God tevergeefs aanbid deur willekeurige stort van bloed. Om jou te verbeel dat verlossing moontlik is sonder die dood, of dat die altaar verbygegaan kan word in die mens se nader tot God, is om 'n gesnede beeld te maak van die mens en die mens se vermoë om homself te verlos, in stede van verlossing deur die drie-enige God.

Die wette wat te doen het met die doodstraf:
Num. 35:31: **sal nie vrygespreek word nie**;
Gen. 9:5, 6; Num. 35:16-21; 30-33; Deut. 17:6; Lev. 24:17: **Vir moord**;
Lev. 20:10; Deut. 22:21-24: **Owerspel**, (Hoerery);
Lev. 20:11, 12, 14: **Bloedskande**;
Eks. 22:19; Lev. 20:15, 16: **Verkeer met diere**;
Lev. 18:22; 20:13: **Sodomie**;
Deut. 22:25: **Vir verkragting van 'n verloofde maagd**;
Deut. 19:16-20: **Valse getuienis in 'n saak wat die doodstraf behels**;
Eks. 21:16; Deut. 24:7: **Ontvoering**;
Lev. 21:9: **'n Priester se dogter wat ontug gepleeg het**;
Eks. 22:18: **Heksery**;
Lev. 20:2-5: **'n Menslike offer bring**;
Eks. 21:15, 17; Lev. 20:9: **Vir slaan of vloek van 'n pa of ma**;
Deut. 21:18-21: **Verharde jeugmisdadigers**;
Lev. 24:11-14; 16, 23: **Laster**.
Eks. 35:2; Num.15:32-36: **Sabbatsontheiliging**;
Deut. 13:1-10: **Valse profesie, of valse lering leer**;
Eks. 22:20: **Offer aan valse gode**;
Eks. 17:12: **Wettelose weiering om te bly by God se wet en orde**; anti-wet; **anti-hof houdings en dade**;
Deut. 13:9; 17:7: **Getuies moet doodstraf uitvoer;**
Num. 15:35, 36; Deut. 13:9: Die gemeenskap moet die doodstraf toepas;
Num. 35:30; Deut. 17:6; 19:15: **Nie toegepas op getuienis gelewer deur minder as twee getuies nie.**

Op 'n paar punte is die strawwe verander in die Nuwe Testament, maar die basiese beginsel van die doodstraf was onderskryf en gedemonstreer deur Jesus se versoenende sterwe, wat dit duidelik maak dat die straf vir die mens se verraad teenoor God en sy weg beweeg van God se wet, is dood sonder vryspraak. Om die doodstraf teen te staan soos dit voorgeskryf is in God se wet, is dus om die kruis van Christus teen te staan en die geldigheid van die altaar te ontken. Die altaar stel die beginsel van die doodstraf.

*Vierdens:* Die altaar is 'n deklarasie van lewe omdat dit getuig van dood. Dit getuig dat ons lewe berus in die dood van die Lam van God. Dit getuig dat ons lewe se veiligheid omhein en ommuur is deur die feit van die doodstraf. As God se wet in hierdie opsig geloën word, is die

land besoedel. Lev. 18:25. Die godvererende uitoefening van die doodstraf reinig die land van die bose en beskerm die regverdige. Deut. 21: 21. p.78.

Om die doodstraf te ontken, is om aan te dring op lewe vir die boosheid. Die slagoffers word hulle reg tot lewe geweier. Indien ek liefdevol en genadig teenoor 'n moordenaar is, dan is ek liefdeloos en genadeloos teenoor sy teenswoordige en toekomstige slagoffers. Nog meer, ek staan dan in openlike veragting van God en Sy wet. Num. 35:31, 33, 34.

Lev. 26 maak dit duidelik dat die vloek rus op die land wat God se wet verag. Indien die volk nie die land wil reinig van boosheid nie, dan sal God die land reinig van sy volk. Hebr. 10:26, 27. Die altaar is ons lewe, en die waarborg van oordeel oor die vyande van God en Sy koninkryk.

### 4. **Offer en Verantwoordelikheid.**

p.79. Offerande is basies tot die Bybelse geloof en is basies tot die Bybelse wet. Elke oorweging van die Bybelse wet moet die noodsaaklikheid erken van die sentraliteit van die offer.

*Een.* Bybelse offer vereis 'n leer van menslike offer, terwyl dit terselfdertyd die sondige mens as offer verwerp. Die essensie van offerande: die mens se totale oorgawe aan God.

*Twee.* Hierdie ware en totale oorgawe aan God vereis gehoorsaamheid aan die wet van God in liefde en geloof. Deut. 6:5; vgl. verse 1-6; Eks. 19:5, 6; 19:10 - 24:8; Jer. 33:10, 11. p.80.

*Drie.* Die fisiese offer van die sondige mens as 'n offer tot God is 'n verskriklike oortreding teen Hom en sal geoordeel word. Jer. 7:30-34.
*Vier.* Dit is duidelik dat die offers, anders as die gawes, Christus tipeer het, die sondelose volmaakte mens, wat in volmaakte oorgawe aan God, die wet ten volle onderhou het. Christus, as die sondelose mens, was die aanvaarbare offerande om versoening te doen vir die sondes van Sy uitverkorenes, wat verlos is deur Sy versoenende bloed.

*Vyf.* Die offers was van alle gelowiges verlang as hulle verbond van vrede en eenheid met God. Diegene wat nie bedek is deur die offer van Christus nie, is onder die vonnis van die doodstraf. Lev. 1:4; Eks. 29:22; Lev. 3:9; 7:3, 4; 8:25; 9:19, 20; Lev. 9:3; 14:10; 5:7; 12:8; Num. 28:3, 9, 11; Num. 7:16, 22, 23; ens. p.81. Almal moes onder die bloed van Christus wees of hulle is onder die oordeel.
*Ses.* Die sisteem van offerandes het 'n basiese beginsel in die wet geïnkorporeer: Hoe groter die verantwoordelikheid, hoe groter die aanspreeklikheid, hoe groter die sonde. Lev. 4. Vier vlakke of grade van sonde:

**Een:** Lev. 4:3-12. Godsdienstige leiers, omdat hulle die grootste verantwoordelikheid het, wat betref die wet van God, is meer skuldig en word strenger gestraf deur God.
**Twee:** Lev. 4:13-21. Die sonde van die gemeente as 'n geheel, is 'n werklikheid. (Van die hele volk dus ook.)
**Drie:** Die sonde van 'n regeerder of van 'n staatsamptenaar of 'n magistraat, is volgende in rangorde. Lev. 4:22-26; Spr. 24:12.
**Vier:** Die sonde van individue, of enige een van die mense van 'n land, is laaste in rangorde van sonde. Lev. 4:27-35; Lev. 5:11. Party private individue kan dikwels groter mag uitoefen

as staatsowerhede, en hulle sonde is in verhouding met hul verantwoordelikheid. Die mees opvallende in hierdie lys, is die prominensie wat aan p.82. godsdienstige leiers gegee word. En die ruim plek wat aan staatsleiers gegee word. Spr. 29:18. Wet en orde is afhanklik van die getroue verkondiging van God se wetwoord, en daarsonder ontstaan sosiale anargie.

*Sewe.* Onkunde omtrent die wet, is geen verskoning nie, nog minder is onopsetlike sondes daarom minder sondig. Lev. 4 en 5; 1 Joh. 3:4. Die Bybelse reg sê dat sonde en wetteloosheid kan voorkom, onwetend en sonder gewete. Die kriterium van oortreding is nie die mens se gewete nie, maar die wet van God. Die belangrikste offerandes van die Mosaïese wet was brandoffers, spysoffers, vredeoffers, sondoffers, en skuldoffers. (Die brandoffers, Lev. 1; 6:8-13; 7:8; spysoffers, Lev. 2; 6:14-23; lofdankoffer; Lev. 3; 7:11-13.)

*Agt.* p.83. Voordat die reiniging kon plaasvind, het die wet restitusie verlang – beide aan God en aan die mens. Lev.16.

*Nege.* 'n Suurdeegoffer was deel van die lofdankoffer. Lev. 7:13. Suurdeeg is 'n simbool van verdorwenheid. As 'n lofdankoffer was dit aanvaarbaar. Die mens se gehoorsaamheid aan die wet is 'n ingesuurde offer, duidelik verdorwe, maar tog, indien getrou en gehoorsaam aan God se outoriteit en orde, 'n offer wat aangenaam voor Sy aangesig is, en seker is van beloning.

## 5. Heiligheid en die Wet.

Die verhouding van heiligheid tot die wet is baie werklik en belangrik, maar dit word baie verwaarloos.

*Een.* Heiligheid moet volgens die Skrif gedefinieer word as apart gehou. p.84. Dit verwys na God se majesteit en almag. Israel het heilig geword omdat God in Sy uitverkiesende genade Sy verbondsvolk Sy seun gemaak het deur aanneming. Deut. 14:1-2. Die feit van heiligheid beteken afskeiding ('n afsnyding). Waar daar 'n wet is, is daar noodwendig 'n lyn van skeiding. Indien jy die wet loën, ontken jy die beginsel van heiligheid.
*Twee.* Elke Bybelse wet het te doen met heiligheid. Elke wet, deur 'n lyn van skeiding tussen die mense van die wet en die wetteloses te trek, het te doen met die daarstel van 'n beginsel van skeiding met betrekking tot God. Num. 19:11-22 – afgeskei van die dood. Sien ook Lev. 5:2, 3; 11:8; Num. 31:19, 20; 9:10; Lev. 21:1-4; 22:4, 6. Israel was geroepe om 'n heilige volk te wees. Eks. 19:6; 22:31; 23:24; Lev. 19:2; Deut. 7:6; 14:2, 21; 26:18, 19; Deut. 24:8; Lev. 13. God se volk was bestem vir gesondheid sowel as lewe. Nie alleen moes dood en siekte afgeskei word van die mense van die lewe nie, maar ook ontmandes en basters, Deut. 23:1-2, verskeie vorme van selfverminking, Deut. 14:1, 2; Lev. 19:27, was verbode, so ook tatoeëring. Lev. 19:28. Die ban op ontmandes en basters was nie wat hul geloof p.85. betref nie, Deut. 23:3; sterk belofte van seën vir gelowige ontmandes, Jes. 56:4, 5; Hand. 8:27, 28; Rut1:4; 4:13, 18-21; Matt. 1:5. Die manspersone van die wettige bloedlyn was die hoofde van huisgesinne en van stamme. Hierdie mans het die gemeente van Israel gevorm, nie die vroue en die kinders nie, ook nie die uitgeslote persone nie. Hier was die doel van die wet om outoriteit te beskerm. Outoriteit onder die volk van God is heilig; dit vereis afskeiding. Dit behoort nie aan elke mens net p.86. op grond van sy menswees nie. Die volle integriteit en eerlikheid wat die wet vereis het, het die vreemdeling en afgeskeidenes toegekom. Lev. 19:33, 34. Ander oorsake van seremoniële of fisiese onreinheid was genoem
Lev. 15:2-16, 19-26; 12:1-5; 15:19-31; 18:19; 15:16-18; 18:20; Num. 19:22; 31:21-24; Lev. 22:3, 14. – die rede vir heiligheid is afskeiding tot God.

Die onderwerp van eedswering is nou verbonde aan heiligheid. Lev.22:21; 27:1-29; Num. 6:3-21; 30:1-15; Deut. 12:6, 26; 23:21-33.

*Drie.* 'n Mens was altyd gebind aan sy belofte. Die man, geskape na die beeld van God, was geroepe om onder God se wet te wandel, en in gehoorsaamheid aan die skeppingsopdrag. p.87. 'n Vrou se heiligheid en vroomheid (godsvrug) is eerstens onderworpe aan die outoriteit van haar man. 'n Vrou se heiligheid is nie geleë in die nie-erkenning van haar plek nie. Die essensie van die Nasireër se afskeiding was nie in die onthouding nie, maar in die afsondering "tot die Here" in die uitvoer van 'n besondere diens of eed.

*Vier.* Heiligheid insake voedsel: Eks. 22:31; Lev. 7:22-27; 19:26; Eks. 23:19; 34:26; Lev. 7:22-27; 19:26; Lev. 11; 17:10-16; 19:23-26; 20:25; Deut. 14:13-21; 12:15. Hierdie wette van heiligheid is 'n seën vir die fisiese lewe van die volk van God – afskeiding van die dood.

*Vyf.* Heiligheid met betrekking tot klere. Deut. 22:5,11; vgl. Lev. 19:19. Om verskillende dinge te meng in 'n onnatuurlike vermenging, is om die orde van God se skepping te verag. p.88.

*Ses.* Tot die land self is heilig. Deut. 21:22, 23. Ons het hier 'n voorbeeld van sakereg. 'n Mens wat oornag opgehang bly, verkeerde gebruik van die grond, om dinge te verbaster en te vermeng wat God verorden het om apart te bly, verontreinig 'n land.

*Sewe.* Waar evangeliese Christene hul toespits op persoonlike heiligheid, het die Bybel dit oor nasionale heiligheid. Eks. 19:6. Die heiligheid van 'n nasie berus in sy regstruktuur. Waar God se wette toegepas word, en ware geloof beskerm word, daar bestaan 'n heilige nasie. Deur God se wet, wy 'n nasie hom toe aan die lewe; sonder God se wet, is hy gewy aan die dood, "afgesny" van die enigste ware beginsel van lewe. Elke Bybelse wet het te doen met heiligheid. Wet kan nie afgeskaf word nie: dit kan net toegepas word, indien nie deur die mens nie, dan sekerlik deur God.

### 6. Die Wet as Oorlogvoering.

*Regsbeginsels wat afgelei kan word van die detail van aanbidding van Israel:*

*Een.* Die efod en borsplaat (borstas). Eks. 28:6-14; 15-30. Die hoë priester het die verbondsvolk verteenwoordig. Hy moes voorbidding doen vir God se eiendom, die verbondsvolk. Daar is 'n partydigheid en p.89. 'n onpartydigheid in God se wet. Matt. 5:45; Eks. 12:49; Lev. 24:22; Num. 9:14; 15:15, 16, 29. Die beginsel van "een wet" vir almal is basies vir die Bybelse wet – *onpartydigheid.* Maar ook *partydigheid*: God gryp in die geskiedenis om Sy verbondsvolk te beskerm; God se wet is die beskerming van God se regsorde en van die volk van Sy regsorde. Die moderne opvatting van totale verdraagsaamheid, is nie 'n geldige regsbeginsel nie, maar 'n verdediging van anargisme. Die stene van die efod en die borsplaat versinnebeeld die beginsel van partydigheid. Om vir ander te bid, is godvresend, maar om nie na jou eie huishouding en jou eie behoeftes om te sien nie, is nie vroom nie. 1 Tim. 5:8 'n Regsorde wat homself nie beskerm nie, is boos en loop uit op selfmoord. *Om ondergrawing te verdra, is self 'n ondergrawende aktiwiteit.*

*Twee*. Nog 'n beginsel in sakereg kry ons in Deut. 23:18. Deut. 23:17 verwys na Lesbiese vroue. Hier word verwys na tempelprostitusie. 1 Kon.14:24; 15:12; 2 Kon.23:7; Amos 2:7. Lev. 19:29 maak prostitusie onwettig. p.90. Die wet teen homoseksualiteit kom voor in Lev. 18:22 en 20:13; 1 Kon. 14:24; 15:12; 2 Kon. 23:7; Amos 2:7. In Jer. 3:2, 6; 8:9, 16, word Israel se afvalligheid daarmee vergelyk. Enige religieuse impuls van die hoer en die homoseksueel is besonder veragtelik in die oë van die Here. Geskenke uit hulle verdienste kan nooit vir Hom aanvaarbaar wees nie. Dit is hier nie sondaars wat belet word om te gee nie, maar die winste uit die sonde wat onaanvaarbaar is. Die hoer en die sodomiet was buite die wet, vyande van die wet. Die sondaar is beveel om offerandes te bring, die vyande van die wet is verbied om dit te doen. Teenoor die vyand van die wet kon reg geskied, maar hy het nie burgerskap ontvang nie. Om misdaad te belas, is om daaraan legitimiteit te verleen. Deut. 23:17, 18. Volgens die Skrif is: die prostituut 'n vreemdeling; Lev. 19:19; Spr. 2:16; 5:3, 20; 6:24; 7:5; 23:27, 33; 27:1. die homoseksueel word genoem, 'n hond – nie 'n vreemdeling nie, Deut. 23:18; Open. 22:15. buite die ras van die mens, Rom. 1:27. – die uitgebrande eindproduk van rebellie.

p.91. Daar is drie moontlike maniere om te kyk na diegene buite die wet en na die opstandeling: al twee is teen die wet, maar die verskil tussen die twee is groot.

*Een:* Suspisie vernietig regte; 'n persoon word vir skuldig gehou voordat hy skuldig bewys is.

*Twee:* Die hof beslis tot voordeel van die groter regte van die krimineel en die opstandeling, teenoor die mindere reg van die wetsgehoorsames.

*Drie*: Die Bybelse p.92. manier: Eks. 12:49 – Die wet moet geregtigheid aan almal laat geskied. 'n Persoon is onskuldig totdat hy skuldig bewys word, en minstens twee getuies is nodig. Num. 35:30; Deut. 17; 6; 1 Kon. 3:16-28. Volgens Lev. 4 – hoe groter die verantwoordelikheid, hoe groter die aanspreeklikheid en hoe groter die sonde. Kriminele onverantwoordelikheid beteken die verlies van regte. Daar is dus 'n verskil tussen die proses van die reg en die voorregte van burgerskap. Dus, tot hiertoe;

1. Die partydigheid sowel as die onpartydigheid van die wet.
2. Kriminele onverantwoordelikheid beteken die verlies van regte.
3. Die crux van die saak: wet is 'n vorm van stryd voer, en eintlik die grootste en 'n voortdurende vorm van oorlog voer.

Die tweede gebod verbied gesnede beelde in aanbidding; dit vereis die vernietiging van al hierdie soorte van aanbidding. Eks. 23:24; Deut. 12:1-14; 7:5; 16:21, 22; Num. 33:52; Eks. 34:13, 14. Ook van die volk wat dit bedryf, in sekere omstandighede: Deut. 7:1-5. Die wet het vergelding teenoor Egiptenaars verbied, asook teenoor enige vreemdeling. Lev. 19:33-37; p.93. Eks. 1:15-22. Alle Kanaäniete moes uitgeroei word. Gen. 15:16; Lev. 18:24-28. Hier het prostitusie en homoseksualiteit godsdienstige praktyke geword tot die mate waar die mense so daarin versink het, dat hul trots was daaroor. Al die Kanaäniete het die dood verdien. Die feit dat die Israeliete die straf nie uitgevoer het nie, het uiteindelik vir hulle tot 'n oordeel geword.

Waar oorlog teen die hemel gevoer word, is die gevolg die dood, nie die dood van God nie, maar die dood van die oortreders. Elke regsorde is in 'n staat van oorlog teen die vyande van daardie regsorde, en alle reg is 'n vorm van oorlog. *Wet is 'n staat van oorlog*; dit is die organisasie van die magte van die siviele regering om die vyande van die regsorde voor die

gereg te bring. p.94. Die uitvoerders van die wet moet behoorlik bewapen wees; in 'n godvresende staat moet hulle bewapen wees met die geregtigheid van die wet, sowel as met die wapens wat nodig is vir oorlogvoering, sodat die samelewing verdedig kan word teen sy vyande. Elke regsorde sal aangeval word, omdat elke regsorde sy vyande binne homself sal hê. Die kritiese vraag is dus nie, "Sal die wet aangeval word nie?" maar eerder, "Sal die regsorde aanval weerstaan?" Is die politieke mag gesond genoeg om siekte te weerstaan. Deut. 7:1-11; 12-26.

Vir 'n samelewing om gesond te bly, is om die kwaad in homself te vernietig.

'n Mens kan dit nie nastreef om met die bose saam te leef sonder om daardeur oorlog te verklaar teen God nie. Deut. 23:6. 'n Regsorde kan nie aan stryd ontsnap nie: as jy vrede maak met die een party, verklaar jy oorlog teen die ander. 'n regsisteem is 'n vorm van oorlogvoering. Die feit van oorlogvoering bly konstant: die voorwerp van oorlogvoering kan verander. p.95. Hoe groter die vrede is wat jy verlang, hoe groter is die stryd wat nodig is. Die nuwe skepping van Jesus Christus is die eindresultaat van Sy totale oorlogvoering teen die gevalle wêreld; dit verlang die permanente onderdrukking van die kwade in die hel. Hierteenoor vereis die nuwe skepping van die verskillende vorms van sosialisme, die permanente onderdrukking van die God van die Bybel en van sy verbondsvolk. Daar kan vrede in die hemel wees, maar geen vrede tussen hemel en aarde nie. Die wat vrede verlang met die bose, verlang nie die vrede wat hul voorgee nie, maar slawerny, en die sekerste vrede is die dood en die graf.

## 7. Wet en Gelykheid

Dood is die einde van die stryd, en 'n samelewing wat streef na 'n valse vrede, streef na die dood. p.96. Die probleem van konflik kan nie op enige regverdige en ordelike manier opgelos word in 'n relativistiese samelewing nie. Aangesien elke perspektief, godsdiens en filosofie wettig gemaak is, en alle inwoners burgers gemaak word, word daar in werklikheid elke moontlike soort wet, en elke moontlike kultuur, toegelaat as regsgeldig. Dan onderdruk 'n verdrukkende en totalitêre staat almal of anargie heers.

Liberalisme vernietig die religieuse en die familiële bande van 'n samelewing, en laat slegs die wortellose individu en die humanistiese staat na. 'n Sosiale orde wat God ontken as die bron van reg, moet p.97. noodwendig sy regsbeginsel uit die geskiedenis kry, of uit die mens. Die konflik van reg is nou nie meer tussen God se wet en die mens se sonde nie, maar dit is nou tussen God se wet en die wet deur 'n paar mense gemaak, wat nou sondaars maak van alle mense wat met hul verskil. Die wet vertoon ook dán 'n dubbelsinnigheid tussen 'n aristokrasie wat die volk onderdruk, en 'n demokrasie wat die aristokrasie wil onderdruk.

p.98. Die staat word die totale instelling wat die lewe en eiendom van die volk omvat. Die staat kan alle dinge konfiskeer om sy eie bestaan te verseker, omdat die staat nou die basiese waarde geword het. Belasting dien nie meer slegs om die burgerlike regering te onderhou nie, maar reorganiseer die samelewing in terme van gelykmakende konsepte. In hierdie nuwer konsep van belasting, het die nuwe godsdiens van die Verenigde State na vore gekom: humanisme. p.99. God word nie erken as die bron van die reg nie, dus het die reg beweeg na 'n beginsel van totalitarisme en gelykstelling.

Volgens die Bybelse wet, het nóg gelykstelling, nóg oligargie (paarmansregering, regering van die weiniges), enige bestaansreg. God, as die bron van die wet, het die verbond ingestel as die beginsel van burgerskap. Alleenlik diegene binne die verbond is burgers. Hierdie aspek van die wet word misgekyk omdat dit 'n verleentheid is vir die moderne mens. Deut. 23:1-8 – Die troon is die ark; die sentrale plek van versoening is die tabernakel. Burgerskap berus op geloof. Afvalligheid is verraad.

*Die gelowige vreemdeling.* 2 Kron. 6:32-33. Die vreemdelinge kon burgers word van die ware hemelse Sion, die stad van God. Ps. 78. maar nie van die plaaslike nie. Binnekoms was moontlik deur te trou met 'n manlike Israeliet. Rut 4:6.

Eks. 12:49 verduidelik die absolute vereiste van *geregtigheid vir almal* sonder aansiens des persoons.

Dit wil dus lyk, volgens die getuienis van die wet, dat,

*Een:* Die praktyk by Israel was, volgens die wet, dat daar 'n beperkte lidmaatskap of burgerskap was. Daar is bewys van hierdie standaard in die Nuwe Testamentiese kerk: in plaas daarvan om hulle in 'n rigiede eenvormigheid in te dwing, is die heidene en Jode toegelaat om hul aparte gemeentes te stig, en om hul eie onderskeidende karakter te behou. Hand. 15 maak dit duidelik dat die verskille in kultuurerfenis en stadia van morele en geestelike groei, groot konflik kan veroorsaak as daar 'n eenvormige lidmaatskap is. Aparte gemeentes is dus toegelaat. Jode is p.100. nie weggewys van Heidene se gemeentes nie, sodat, terwyl beperkte groepe geldig was, was geïntegreerde groepe nie ongeldig nie.

*Twee.* Die oorheersende feit in Israel was: een-wet-vir-almal. Dus, die absolute vereiste van geregtigheid vir almal sonder aansiens des persoons. In die kerk van die Nuwe Testament, was daar "een Heer, een geloof, een doop" (Ef. 4:5) in die ware Kerk en die ware Koninkryk van God. Die beperkte plaaslike lidmaatskap was geldig, maar die universele heerskappy van die Koninkryk en die algemene burgerskap van alle gelowiges, is die basiese en heersende feit. Die werklikheid van plaaslike verskille kan nie uitgewis word deur die uiteindelike en essensiële *eenheid,* wat nie verwar moet word met eenvormigheid nie. *Ekwalitarianisme* (gelykheidstelling) is 'n moderne polities-godsdienstige konsep: dit het nie in die Bybelse wêreld bestaan nie, en dit kan nie in die Bybelse reg ingedwing word nie. Dit is 'n produk van die humanisme, van die aanbidding van die nuwe afgod, die mens, en 'n nuwe beeld, gekerf uit die mens se verbeelding. Een geloof, een wet, en een maatstaf van geregtigheid, het nie demokrasie beteken nie. Die dwaalleer van demokrasie het sedertdien verwoesting gesaai in kerk en staat, en dit het daartoe meegewerk dat die samelewing gedegradeer is tot anargie.

## III

## DIE DERDE GEBOD

### 1. Die Negativisme van die Wet

p.101. Eks. 20:7; Deut. 5:11. "Jy mag die naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie."

Van die tien gebooie is daar agt wat in die ontkennende vorm geskryf is. Die ander twee (Die sabbatswette, en Eer jou vader en jou moeder.) word onderskraag deur 'n klomp samehangende gebooie wat almal ontkennend van aard is. Die negatiewe konsep van die wet dra 'n dubbele voordeel:

*Een:* Dit is prakties en dit handel realisties met besondere kwaad. Dit verbied dit, maak dit onwettig. Die wet het dus 'n beskeie funksie, p.102. en daarom word die staat beperk. Die staat, as die wetstoepasser, word beperk tot die hantering van die kwaad, en mag nie die hele mens beheer nie.
*Twee:* 'n Negatiewe konsep van die wet verseker vryheid: buiten die verbode areas, is die hele lewe van die mens verhewe bo die wet en is die wet neutraal daaromtrent. Die negatiwiteit van die wet verseker die behoud van die positiewe lewe en verseker vryheid vir die mens. 1. Die grondslag van elke totalitaristiese regime is 'n positiewe konsep van die wet. 2. Die teorie dat die wet 'n positiewe funksie moet hê, aanvaar dat die mens in wese kind bly.

Die Bybelse geloof staan by die oorspronklike skepping van 'n volwasse en goeie mens. Die mens se probleem is nie 'n primitiewe natuur nie, ook nie kinderagtigheid nie, maar onverantwoordelikheid. Die mens is 'n rebel, en sy pad is nie kinderagtigheid nie, maar sonde, nie onkunde nie, maar opsetlike dwaasheid. 'n Dwaas kan nie beskerm word nie; sy probleem is hyself. p.103. Spr. 26:11; 14:8; 1:29, 32; 14:7; 17:12; 10:23; 18:6; 29:11; 13:20; 26:6.
p.104. Gesondheidsorgwette spruit uit 'n positiewe siening van die wet.
p.105. As die wet sy negatiwiteit verloor, as die wet 'n positiewe funksie aanneem, dan beskerm dit misdadigers en dwase, en dit penaliseer verantwoordelike mense.
p.106. Verantwoordelikheid en aanspreeklikheid kan nie vermy word nie. As die Bybelse negativisme van die wet vervang word met 'n wet wat 'n positiewe funksie het, dan het 'n revolusie teen die Christendom en vryheid plaasgevind. 'n Negatiewe konsep van die wet beskerm nie slegs vryheid nie, maar ook die lewe.

### 2. Sweer en Rewolusie

p.107. Rooi Indiane, Japannese, Maleiers en die meeste Polinesiërs vloek nie. Die inheemse ras van Australië (Aborigenes) gebruik vuil taal, maar nie teïstiese vloeke nie.

Die Bybelse wet verbied:
**1.** Vals sweer en valse vervloeking. Dit beteken om die naam van die Here ydellik te gebruik. Nie alle vorms van sweer en vloek is verbode nie.
**2.** Alle spraak, handeling, en lewe wat buite God om geskied en wat nie Sy soewereiniteit erken nie, is godslasterlik, dus sluit dit in: vuil taal, vals sweer en vloek, en ook beleefde en beskaafde spraak en optrede wat buite God om geskied en wat nie Sy soewereiniteit erken nie.

**3.** Net een manier van vloek, wat wel verdien is, wat God se oordeel vra oor die boosdoener, word nie toegelaat nie: Geen mens mag sy ouers vloek nie, hoe boos hul ook al mag wees. Eks.21:17. (Deur 'n vloek uit te spreek, word God se oordeel oor die kwaaddoener afgebid.) Om die ouers te eer is so fundamenteel tot godvresende samelewing dat die ouers nie eens in ekstreme gevalle deur die seun of dogter gevloek mag word nie. p.108. Kinders moet hul ouers gehoorsaam. Volwassene kinders moet hul ouers eer. Hul mag verskil met hulle, maar om 'n vloek oor hulle uit te spreek, is om 'n fundamentele beginsel van orde en outoriteit te oortree.
**4.** Lastering is meer as om die HERE se naam ydellik te gebruik. Dit is lasterlike, bose en opstandige taal wat teen God gemik is. Ps. 74:10-18; Jes. 52:5; Open. 16:9, 11, 21. Dit kon met die dood gestraf word. Lev. 24:16. Nabot: 1 Kon. 21:10-13. Stephanus: Hand. 6:11. Jesus Christus: Matt. 9:3; 26:65, 66; Joh. 10:36. Lastering teen die Heilige Gees het bestaan daarin dat die wonderwerke van Christus, wat deur die Heilige Gees gewerk is, aan sataniese mag toegeskryf is. Matt. 12:22-32; Mark. 3: 22-30. Vloektaal kan geassosieer word met sosiale disoriëntasie en agteruitgang.

*Basiese feite*:
**1.** Verbode eedswering word gekoppel aan godsdiens. Buite God en teen God is dit lastering. Godvresende eedswering is 'n plegtige en belangrike godsdienstige handeling. Die mens plaas homself daardeur in lyn onder God, en in ooreenstemming met Sy geregtigheid om by God se woord te bly soos wat God self by Sy woord bly. Godvresende eedswering is 'n soort van gelofte aflê. Goddelose eedswering is 'n doelbewuste skending van p. 109. die doel van die eed of gelofte. Goddelose eedswering kry sy krag van onder, in seks en uitskeiding. Vuil taal probeer om kragtaal te wees, en die krag is krag wat van onder kom.
**2.** Die goddelose samelewing roep nie God aan nie maar die wêreld van die wettelose, die obsene, en die perverte. Dit wat hy aanroep met die woord, roep hy ook aan in die daad. Soos wat mondelinge oneerbiedigheid toeneem, so gaan die dade van so 'n samelewing ook agteruit.
**3.** Vloektaal is 'n barometer. Dit dui op 'n revolusie wat besig is om plaas te vind. Dit is 'n aanduiding van sosiale agteruitgang en verval. p.110. Revolusie word uitgenooi en aangemoedig in 'n samelewing wat integrasie afwaarts soek. Lastertaal is die barometer van revolusionêre integrasie afwaarts.
**4.** Die gebod verklaar: Jy mag die naam van die HERE jou God nie *ydellik* gebruik nie. Positief gestel beteken dit: Jy *moet* die naam van die HERE p.111. jou God in geregtigheid en waarheid gebruik. Negatief gestel beteken dit: Jy mag *nie* die naam van ander gode of magte gebruik *nie*.

### 3. Die Eed en die Samelewing

Die derde en die negende gebod is nou verwant. Eks. 20:7, 16. Albei gebooie gaan oor spraak: die een verwys na God, die ander na die mens. Die kern van die derde gebod lê in sy aard as die fondament van 'n regsisteem:
**1.** Die eed van die amp,
**2.** die betroubaarheid van getuies,
**3.** die stabiliteit van die samelewing in terme van die algemene respek vir die waarheid,
**4.** die getrouheid van die predikante aan hul ordeningsbelofte,
**5.** van vroue en manne aan hul huweliksbeloftes, en baie meer, hang af van die heiligheid van die eed of die gelofte.

Waar daar geen respek vir die waarheid is nie, waar mense geen voorneme het om hul aan ede en beloftes te hou nie, daar volg sosiale anargie en degenerasie. Waar daar nie meer vrees vir die Here bestaan nie, daar verdwyn die heiligheid van ede en beloftes, en dan verskuif die mense die fondamente van die samelewing van die waarheid na die leuen. Deur die neem van 'n eed beloof die mens om te bly by sy woord en sy verpligtinge, net soos God getrou is aan Sy woord. As hy sou faal hierin, roep hy goddelike oordeel en die vloek van die wet oor homself. p.112. Godvresende mense neem ede ernstig op.

Om die eed te verag, te misbruik of te ondergrawe, is dus 'n oortreding wat die geldigheid van alle reg en orde, van alle geregshowe en alle ampte te ontken, en dit is 'n daad van anargie en revolusie. Lev. 24:10-16. Die half Daniet, half Egiptenaar het die hele struktuur van die Israelitiese samelewing en wet verloën, die ware beginsel van orde. Daarom is die doodsvonnis p. 113. uitgespreek vir lastering. Sy oortreding was in werklikheid dat hy totale revolusie, totale afskeiding van enige samelewing wat hom sy wense ontsê het, bevestig het. Lev. 24:15, 16.

Die Bybel verleen 'n beperkte verdraagsaamheid aan ander sosiale ordes. Die enigste ware orde is gefundeer op Bybelse reg. Alle reg is godsdienstig van aard, en elke nie-Bybelse wetsorde verteenwoordig 'n antichristelike godsdiens. Die sleutel vir die regstel van die situasie is egter <u>nie</u> revolusie nie, nóg enige soort opstand wat sal meewerk tot die ondergrawing van wet en orde. Die Nuwe Testament wemel van waarskuwings teen ongehoorsaamheid en dit roep ons op tot vrede. Die sleutel is wedergeboorte, verkondiging van die evangelie, en die bekering van mense en nasies tot God se wet-woord. In die tussentyd moet die bestaande wet-orde gerespekteer word, en die buurvolke se wet-ordes p.114. moet sover as moontlik gerespekteer word sonder om jou eie geloof aanstoot te gee. Die heidense wet-orde verteenwoordig die geloof en die godsdiens van die heidenmense; dit is beter as anargie, en dit voorsien tog 'n Godgegewe raamwerk van bestaan waaronder God se werk bevorder kan word.

Spr. 29:24; Lev. 5:1-7. Van groter erns as die daad van diefstal, of selfs van moord, is die vals eed. Diefstal beroof 'n enkele mens, en moord ontneem 'n enkele man sy lewe, of miskien 'n groep mense, *maar die valse eed is 'n aanval op die lewe van 'n hele samelewing.* Die feit dat die erns daarvan so ligtelik opgeneem word, is 'n goeie barometer van sosiale agteruitgang. Die goddelike haat van valse ede word duidelik gereflekteer in Ps. 109:17-19. Die ligtelike gebruik van die eed is ook deur Christus verbied in Matt.5:33-37, waar Sy woorde 'n gedeeltelike verwysing is na Num. 30:7 en Ps. 15:7. Lidmate en predikante wat hulle doopbeloftes en bevestigingsbeloftes verloën, om dwaalleer te bevestig, doen hul ede geweld aan.

p.115. Die eed in die naam van God is die "wetlike erkenning van God" as die bron van alle dinge en die enigste ware grond van alle bestaan. Die verwydering van God van alle ede, en die ligsinnige en oneerlike gebruik van ede, is 'n verklaring van onafhanklikheid van Hom, en dit is oorlogvoering teen God in die naam van die nuwe gode, die afvallige mens en sy totalitêre staat.

### 4. Sweer en Aanbidding

p.116. Jes. 45:23; 1 Kon. 19:18; vgl. Rom. 14:11; Fil. 2:10; Matt. 5:34; Rom. 1:19. Die naam van die HERE word ydellik gebruik wanneer en waar die mens die feit ontken dat God se

soewereiniteit die onderbou van die hele werklikheid is. Die mens durf nie die soewereiniteit van God ligtelik opneem nie, nog minder die mens se verpligting om ten alle tye die waarheid te praat, in elke normale sfeer van die lewe.

Die noue verbintenis van die derde gebod met die negende is baie duidelik. p.117. As sweer en aanbidding so nou verbind is, en as die ligtelike en valse gebruik van die HERE se "naam", sy wysheid, mag, regverdigheid, waarheid, genade, en geregtigheid, ook laster is, dan moet die meeste van die prediking van ons dag as deur en deur as lasterlik beskou word, omdat dit aan die een kant die geloof ontken (verloën), en aan die ander kant, dit verklein tot onbenullige dimensies.

Die vloek is op die mensheid gelê, omdat die mens toegegee het aan die sataniese versoeking om sy eie god te wees. Gen. 3:5. Die mens het homself afgeskei van God en van die naam van God, om die werklikheid te definieer in terme van die mens en die naam van die mens. Toe die mens weer die naam van die Here begin aanroep het, Gen. 4:26, het die mens opgesien na God as Heer en Skepper sowel as verlosser. Hulle het die naam van die HERE nie ydellik gebruik nie, maar in waarheid; hulle het God erken as hul enigste verlosser, wetgewer, en hoop. Tot die mate waarin hulle die naam van die Here in waarheid aangeroep het, in daardie mate was hulle weggeneem van onder die vloek en herstel onder die seën.

Om die naam van die Here *in waarheid* te gebruik, beteken dat ons ons lewens en handelinge, ons gedagtes en ons besittings, en elke wetskring van die lewe sterk en volledig op God en Sy wetwoord grondves.

Om die naam van die HERE ydellik te gebruik, is om in werklikheid die enigste ware God te verloën; dit is om leë belydenis van Hom te leef, terwyl ons lewe en handeling, en dikwels elke gedagte, besitting, en elke wetskring vervreemd word van God of lasterlik toegeskryf word aan onsself.

p.118. Om vals te sweer verwyder die mens en sy samelewing van die wêreld van seën, na die wêreld van die vloek. Om in waarheid te sweer is dus ware aanbidding; dit gee aan God die glorie wat Sy naam toekom.

In 'n eeu waarin mense God en Sy soewereiniteit verloën, word die wêreld verdeel tussen twee teenstrydige opeisers van die outoriteit van God: die totalitêre staat aan die een kant en die totalitêre, anargistiese individu aan die ander kant. As die hele wêreld in 'n toestand van lastering verkeer, dan is geen definisie van lastering moontlik nie: alles is dan dieselfde. Soos wat die wêreld voortbeweeg na totale lastering, verminder sy vermoë om enigiets te definieer en te herken. p.119. Daarom die noodsaaklikheid van gesonde oordeel, wat, as 'n katarsis, die perspektief en definisie vir die wêreld herstel. Die basiese uitgangspunt van die wet en die samelewing van vandag is relativisme. 'n Absolute wet, daargestel deur 'n absolute God, skei goed van kwaad en beskerm die goeie. Wanneer die wet ontken word en relativisme aangehang word, bestaan daar nie meer enige geldige beginsel van differensiasie en identifikasie nie. Die relativistiese samelewing is in der waarheid dan 'n "ope samelewing", oop vir alle boosheid en vir niks goeds nie. 'n Relativistiese samelewing sal probeer om sy mense te beskerm teen diegene wat probeer om 'n definisie van goed en kwaad in terme van die Skrif te herstel. N.B. Aanhaling uit Eccles. 2:17, 18.

## 5. Die Eed en Gesag

p.120. Sakereg wat alreeds aangehaal is, verdien hier besondere aandag. Eks. 20:17. Hierdie stelling is een van drie in Eks. 21:15-17 wat volg op die vereiste in Eks.21:12-14 van dood vir moord. Hulle is dus in 'n sin gekoppel aan moord: 1. Eks. 21:15. 2. Eks. 21:16. 3. Eks. 21:15 en 17. Die gesag van die hele samelewing is in gevaar gestel deur enige aanval op ouerlike gesag of enige ander gesag.

p.121. Beide die eed, of vloek, en fisiese teenstand is belangrike sake. Die eed of vloek is 'n appèl tot God om ons by te staan vir geregtigheid en teen die bose. Net so is fisiese teenstand, of dit in die vorm van oorlog of die persoonlike teenstand teen 'n moorddadige aanval is, of teen die pogings van moorddadige mense is wat ons wil oorval, is 'n godvrugtige standpunt en glad nie verkeerd nie. In 'n bose wêreld is so 'n teëstand dikwels 'n noodsaaklikheid, maar nie verkeerd nie. Dawid kon God dank omdat Hy hom geleer het om suksesvol oorlog te voer. 2 Sam. 22:35; Ps. 18:34; 144:1. In 'n bose wêreld vereis God van die mens om vas te staan in terme van Sy woord en wet.

Matt. 5:38-42 het betrekking op teenstand teen 'n vreemde mag wat die land regeer, en die mens kan "dwing" deur diensplig om die Romeinse imperiale magte vir 'n myl of meer te dien, ens.; teenstand in sulke gevalle is futiel en verkeerd. Om die tweede myl te gaan is meer produktief vir die goeie. Die Griekse woord veronderstel die spesiale dwang van diensplig. Christus se woorde was dus 'n waarskuwing teen 'n revolusionêre opstand. Rom. 13:1, 2. Paulus het hierdie waarskuwing herhaal – sulke opstand teen 'n wettige outoriteit is opstand teen die outoriteit van God. Petrus en die ander apostels, toe hul deur die owerstes verbied is om te preek, het verklaar dat hul God meer gehoorsaam moet wees as die mens. Hand. 5:9.

Eerbied vir wettige gesag word vereis sowel as 'n godsdienstige plig en 'n praktiese beleid. Die wêreld word nie verbeter deur ongehoorsaamheid en anargie nie; p.122. bose mense kan nie 'n goeie samelewing voortbring nie. Die sleutel tot sosiale vernuwing is individuele wedergeboorte. Aan alle gesag moet altyd gehoorsaamheid bewys word, onderworpe aan die groter gehoorsaamheid aan God:

**1.** Die verbondsvolk kan nie enige wettige gesag teëstaan, sonder dat die naam van God ydellik gebruik word nie. Ongehoorsaamheid op enige vlak is ongehoorsaamheid teenoor God.

**2.** Om 'n ouer aan te val, of om 'n polisieman aan te rand, of enige wettige gesag, is om ook God se gesag aan te val, en dit beteken dat die reg tot selfverdediging gebruik word om outoriteit aan te val.

**3.** Om jou ouers te vloek is om God aan die kant van rebellie te probeer kry teen God se sentrale gesag, die ouer, en God se belangrikste instelling, die gesin. In elke anargistiese aanval teen gesag, val die aanvaller die bestaan van 'n hele samelewing en die gesag van God aan. Die verskoning vir so 'n aanval is die gewete.

*Gewete* beteken verantwoordelikheid met betrekking tot wat reg en verkeerd is; dit veronderstel skepsel wees en onderdanigheid. Dit moet onder outoriteit wees of anders hou dit op om gewete te wees en word 'n god, en in moderne filosofie en stemming is dit slegs 'n ander manier om ons eie begeertes op 'n troon te sit as wet.

p.123. Ware gewete is onder goddelike outoriteit en word regeer deur die Skrif, en is nooit self heer en meester nie. Die humanistiese konsep van gewete, deurdat dit die heerskappy van God ontken, maak die tirannie van die mens onontkombaar. Die doodstraf van Eks. 21:15, 17 maak dit duidelik dat geen boosheid 'n verskoning is vir meer boosheid nie. Die gesin is God se sentrale wetorde, selfs as ouers uiters boos is, mag hul nie deur die kind aangeval word nie. Die kind word nie gevra om sy ouers te gehoorsaam deur kwaad te doen nie; die kind word nie gevra om kwaad goed te noem nie. Maar eer moet betoon word aan wie eer verskuldig is, Rom. 13:7, en aan die ouers is eer verskuldig.

Hoewel die mens moet poog om geregtigheid te bevorder, is daar 'n grens aan die mate van sy reg om teen die bose te stry. Deut. 32:35; Ps. 94:1; Heb. 10:30; Rom. 12:19. Daar bestaan twee vorme van goddelike wraak:
**1.** Die absolute en volmaakte geregtigheid van God laat uiteindelike volmaakte geregtigheid geskied. Die geskiedenis gaan kulmineer in die triomf van Christus, en die ewigheid gaan alle rekenings vereffen. **2.** Die gesag wat deur God ingestel is, ouers, predikante, burgerlike gesag, en ander, het die plig om God se geregtigheid en die wraak van God te beoefen. Omdat hulleself sondaars is, kan hulle dit nooit volmaak doen nie, maar onvolmaakte geregtigheid is nog steeds geregtigheid. 'n Bewolkte dag kan nie middernag genoem word nie; onvolmaakte geregtigheid is nie ongeregtigheid nie.

'n Godvresende mens verwag nie volmaakte geregtigheid en straf nie en erken dat hy dit glad nie van die mens kan verwag nie, p.124. God is sy geregtigheid. Die veronderstelling dat die mens volmaakte geregtigheid kan bewerkstellig, is om die rol van wreker aan te neem wat na reg aan God alleen behoort. Dit beteken dat jy by die magte van die bose aansluit. Dit behels lastering. Eks. 21:17.

## 6. Die Naam van God

Die ware wet moet rus op die absolute en enigste ware God. God is die absolute p.125. Heer en Regter, daarom was die eedsverklaring deur 'n ware gelowige altyd die grondslag van die reëls van getuienis.

Name in die Skrif is openbarend van die aard van die persoon wat genoem word. Meredith: Die derde gebod het te make met God se naam, Sy amp, Sy posisie as die groot soewereine HEERSER van die heelal ...... In die Bybel het persoonlike name 'n betekenis. ( Sien vrae 112 en 113 met die antwoorde in die Groter Kategismus van die Westminster Assembly.) Jes. 48:1.

p.126. Meredith: *Die toets van geestelike reinheid is die houding van 'n mens teenoor die NAAM van God!* 'n Mens is rein of onrein volgens sy gebruik van die naam van God in *waarheid* – of *ydellik.*

p.127. Daar verskyn baie *titels* vir God in die Skrif; dit is openbarend van aspekte van Sy natuur. Sy naam word egter gegee as Jehovah of Yahweh, en dit beteken, Hy Wat Is, Die selfgenoegsame Een, Ek is wat Ek is. Dit is die openbaring van God wat in Sy Naam vervat is.

God is dus die beginsel van definisie, van die wet, en van alle dinge. Hy is die grondslag van alle denke, en die nodige voorveronderstelling van elke sfeer van gedagte. Dit is dus lasterlik

om te probeer om God te "bewys"; God is die voorveronderstelling van alle bewyse. Om enige sfeer van gedagte, lewe, of handeling, of enige sfeer van bestaan, op enigiets anders as die drie-enige God te baseer, is lastering. Opvoeding sonder God as sy uitgangspunt, wet wat God nie voorveronderstel nie en nie rus op sy wet nie, 'n burgerlike orde wat nie al sy gesag van God kry nie, of 'n gesin wie se grondslag nie God se woord is nie, is lasterlik.

# IV

# DIE VIERDE GEBOD

## 1. Die Teken van Vryheid.

Die vierde gebod, die sabbatsgebod, is belangrik in terme van sy profetiese betekenis sowel as van sy regstatus. Eks. 20:11; Deut. 5:15; vgl. Eks. 31:13-17.

Die patroon van die sabbat is God se skeppingsrus; die doel van die sabbat is die mens se verlossingsrus.

Daar is geen vermelding of bewys van die sabbat voor Eksodus nie. Die woord "gedenk" in die gebod verwys na die skepping en roep nie 'n onderhouding in die verlede voor oë nie maar beveel die volk om die sabbatte wat kom, te onderhou. 'n Weeklikse rusdag is onbekend by ander kulture. Slegs daar waar Bybelse geloof en kultuur dit laat posvat het, bestaan dit tot vandag toe. In sommige kulture van die antieke wêreld het 'n rusdag by geleentheid die verjaarsdag van 'n vergoddelikte menslike koning gevier. Maar die Bybelse opvatting van verlossingsrus as die einddoel van die geskiedenis, dus 'n volmaakte orde waarin werk totaal geseën is, en die orde geheel en al deur God bewerkstellig is, is onbekend buite die Bybelse geloof. Jes. 57:20, 21.

p.129. Die wêreld van die nie-wedergeborene is 'n voortdurende soeke na die sabbat, en die glorieryke rus van die skepping, maar sy selfverydelende soeke lei net tot groter woelinge: " ... sy waters gooi slyk en modder op." Jes. 57:20. Die sabbat is nie 'n inperking van die mens se vryheid nie, maar eerder die vrymaak van die mens. Die sabbat handhaaf die beginsel van vryheid onder God, vryheid onder die wet, God se wet. Dit is 'n oproep tot gehoorsaamheid aan die ordinansie van rus sodat die mens bevry kan word van homself en van sy werk. Die essensie van die humanisme is sy geloof in die onbeperkte vermoë van die mens. Dit word geglo dat die mens in staat is om homself en alle dinge te verlos, en dan sal die mens die wêreld herskep in 'n paradys. Dit is ook die versekering van *die proletarisering van die_mensdom*. Die leiers van die proletariaat-revolusie droom daarvan om die mens van werk te bevry. Vir hulle beteken dit om die mens ook van God te bevry.

p.130. Stalin het in sy strewe na die ware sabbat, die mens se ware rus, twee dinge gedoen: **1.** Hy het meer mense aan slawerny onderwerp as enige ander tiran in die geskiedenis. **2.** Hy het meer mense laat doodmaak as enige ander man in die hele geskiedenis. Die mens se poging om in die hemel te kom op sy eie voorwaardes, plaas hom in die hel. Terwyl die beginsel van die sabbat basies bly wat betref die Bybelse wet, het die spesifieke manier van onderhouding van die sabbat radikaal verander wat betref die nuwe verbond in Christus.

*Een:* Die sabbat in die Ou Testamentiese wet was nie in hoofsaak 'n dag van aanbidding nie, maar 'n dag van rus. *Die patroon van weeklikse aanbidding* het nie in die Ou Testamentiese wet bestaan nie. Die sinagoge het dit ingestel in die tydperk tussen die twee testamente, en die Nuwe Testament het dit wel deeglik beoefen en aangemoedig. Hebr. 10:25. In die Ou Testament was aanbidding rondom die gesin gesentreerd, en was dit deel van die daaglikse lewe. Dit behoort nog steeds so deel te vorm van die daaglikse bestaan van die mens, maar daar kom nou by, die plig van gemeenskaplike aanbidding. Die gemeenskaplike aanbidding kan nie verwar word met of gelyk gestel word aan rus nie, alhoewel die twee nou verwant is.

Rus verwys hier na soteriologiese werklikheid, na die feit van verlossing, bevryding, en die heelheid van die lewe. *Rus beteken hier om vertroue te hê in God se werke*, sodat ons kan rus van ons werke, as 'n versimbolisering van ons algehele vertroue in wat God bereik het. Die manna in die woestyn het God se rus uitgebeeld, en die bevel om die sabbat te onderhou met vaste vertroue in die genoegsaamheid van manna het hierdie feit van God se voorsienigheid versterk. Wanneer so 'n God werk, dan kan en moet die mens rus. Eks. 16:14-36.

*Twee.* Streng wette het die Sabbats*rus* afgedwing. Dit was nie *aanbidding* wat deur die wet beveel is nie, maar *rus*. Geen werk op die sabbat nie: Eks. 34:21; Deut. 5:12-15; Eks. 20:8-11; Lev. 23:3; Jer. 17:22; Neh. 13:19; Eks. 16:29; Jer. 17:21, 22; Eks. 35:3; Neh. 13:15; Num. 15:32-35; Neh. 10:31. *Lewe kan gered word op die sabbat*: Mark. 3:4; Lukas 6:9. Verlossing is die p.131. essensie van die sabbat. Dit kan behels: *Die genesing van siekes*, Matt. 12:10-13; Mark. 3:1-5, Lukas 14:3, 4; 6:8-10; 13:14-16; Joh. 7:23. *Die uithaal van 'n dier wat in die put geval het*, Matt. 12:11; Lukas 14:5. *Om honger te stil is deel van verlossing*, Matt. 12:-8; Mark. 2:23-28; Lukas 6:1-5. *Dit geld ook dors*, Lukas 13:15. *Verlossing beteken om God se vyande te oorwin*. Dit is in ooreenstemming met die sabbat om die aanvalle van die vyand teen te staan: 1 Makkabeërs 2:14. Die kern van die sabbat is die oorwinning van die verlossingsrus. Die lofsang van Maria, wat die verlossing deur die Messias besing, is 'n sabbatslied in sy wese, en dit maak regtens deel uit van sabbatsaanbidding. Lukas 1:46-55.

*Drie:* Daar is nie 'n teken van die behoud van die sabbatstrawwe in die kerk na die opstanding nie. Die vroeë dissipels en lidmate was Jode, en daarom het hul vir 'n ruk lank die Ou Testamentiese sabbat onderhou. Hand. 13:14-26; 16:11-13; 17:2, 3; 18:1, 11. Die Christelike dag van aanbidding was die eerste dag van die week, die dag van die opstanding sowel as die dag van die uitstorting van die Heilige Gees. (Pinkster.) Matt. 28:1; Mark. 16:1, 2, 9; Lukas 24:1; Joh. 20:-19; Hand. 20:6-8; 1 Kor. 16:1, 2.

p.132. Wat Calvyn gesê het in sy kategismus van Genève.

p.133. Paulus het baie nadruklik verklaar dat die ou sabbatswette nie meer hul bindingskrag gehad het nie. Kol. 2:16, 17. Maar, enige wet wat voorheen die doodstraf as straf gehad het vir die verbreking daarvan, moet 'n beginsel insluit wat so basies is vir die mens en die natuur dat 'n harde sentrale kern moet oorbly wat in 'n sekere sin bindend is vir elke eeu.

*Vier:* Nie alleen is die wetlike status van die sabbat verander nie, maar die dag van rus is verander van die Hebreeuse sabbat na die Christelike dag van opstanding. Deut. 5:12-15, het dit duidelik gemaak dat die Hebreeuse sabbat die verlossing uit Egipte gevier het. Die Hebreeuse verlossing is gevier op die sabbat; die Christelike sabbat herdenk Christus se triomf oor sonde en dood. Daarom word dit gevier op die dag van opstanding, die eerste dag van die week. Om hierdie dag te verwerp is om Christus se verlossing te verwerp en om verlossing op 'n ander en ontoelaatbare manier te soek.

*Vyf:* p.134. Die Hebreeuse sabbat en die moderne Saterdag is nie dieselfde nie. Die kalender van Israel laat nie so 'n identifikasie toe nie. Die kalender van Israel by Sinai was 'n sonkalender, en dit moet nie verwar word met die moderne Joodse sonmaankalender van 359 na Chr. nie. Die ongelukkige vertaling van maan vir maand skep verwarring. Daar is drie sabbatte in die Skrif: Skeppingsabbat; die Hebreeuse sabbat – verlossing uit Egipte; die Christelike sabbat wat gehou word om die voltooide opstanding te herdenk; lg. is die enigste sabbat wat oorbly om herdenk te word. Die vierde gebod beveel herdenking, omdat dit die

skeppingsabbat in herinnering roep. Eks. 20:8-11. In Deut. 5:12-15 word die volk beveel om die Sabbat te *onderhou.* Dit was 'n viering van God se verlossing van Israel uit Egipte.

Die Hebreeuse kalender het sy datering begin by die verlossing uit Egipte. Die Egiptiese kalender is behou p.135. met sy 12 maande van 30 dae elk, en die 5 ekstra dae wat aan die einde van elke jaar bygevoeg is, is verander na: 3 dae bygevoeg aan die einde van die sesde maand, en 2 aan die einde van die twaalfde maand. Die 15e dag van Abib, die 1e maand, moes elke jaar 'n sabbat wees, wat beteken het dat die 1e en 8e van Abib vasgestelde sabbatte was, net soos die 7 sabbatte wat volg op die 15e Abib. Lev. 23:6, 7, 11, 15-16. Die vyftigste dag sou pinkster wees.
Omdat die *datum van die maand* konstant was, was die *dag van die week* veranderlik. Ewing: Eks.12:3, 5, 6, 24; Lev. 23:15. Die tiende, veertiende en sestiende Abib was nie sabbatte nie. Dit was onmoontlik vir die Saterdag om 'n sabbat te wees. 365 dae verdeel deur 7 gee 52 weke met 1 dag oor wat opgeneem word deur 'n 48 uur lange sabbat op die vierde en die vyfde van Sivan. Lev. 23:15, 16, 21. 'n Sabbat kon 'n rusperiode wees van: **a.** een dag lank, Eks. 20:8-11; Deut. 5:12-15; **b.** twee dae lank, Lev. 23:15, 16, 21; **c.** 'n jaar lank, Lev. 25:4 en 8: p.136. **d.** twee jaar lank, Lev. 25:8-12; **e.** sewentig jaar lank, 2 Kron. 36:21.

p.136. Die pogings om Saterdae as die ware sabbat te beskou, is nie Christelik nie, en dit is onbybels in die radikale afwyking van die sabbat van Israel.

*Ses:* Die sabbat is die dag van rus, verlossing en bevryding. Jubeljaarsabbat: Lev. 25:10. Wette i.v.m. Slawerny: Eks. 22:3; Deut. 15:12; (6 jaar) Eks. 21:5-7; p. 137. Lev. 25:44-45; Eks. 21:20; Deut. 23:15; Eks. 21:26-27; Lev. 24:17; Eks. 12:44; Gen. 17:12: Lev. 22: 10 en verder; Eks. 12:44; Gen. 24:2; Spr. 17:2; Deut. 23:15, 16.

Christen mag nie vrywillig slawe word nie; hulle behoort nie die slawe van mense te word nie. 1 Kor. 7:23; Gal. 5:1. Die pad van pseudo-veiligheid, van pseudo-bevryding onder slawerny, sosialisme en 'n welvaartstaat is verbode vir die Christen. Die Christelike sabbat is nie die slawerny van sosialisme nie.

**2. Die Sabbat en Lewe**

Die doodstraf verbonde aan die verbreking van die sabbat gedurende die O.T. era het twee baie duidelike aannames:
*Een:* Die sabbatswet behels 'n beginsel wat so belangrik en basies is dat die verbreking daarvan die doodstraf verdien het.
*Twee:* Die wet dra ook die feit oor dat die verbreking van die wet 'n soort van dood in en van homself behels, d.w.s. dat die oortreding daarvan die dood veroorsaak. Die profete het wel deeglik hierdie aanname gemaak. Gehoorsaamheid, by implikasie, beteken lewe.

p.138. Mark. 2:27-28. Die sabbat is gemaak vir die ware en volmaakte Mens, Jesus Christus, wat daarom Heer van die sabbat is; dit is dus ook gemaak vir die verlostes van Christus, vir die verbondsmens, en tot 'n beginsel van lewe en wedergeboorte vir hom:
*Een.* Die hoofdoel van die sabbat is nie aanbidding nie maar rus. Slegs sover as wat aanbidding kwalifiseer as rus en verfrissing vir die mens, soos wat ware aanbidding doen, is dit 'n nodige aspek van die sabbatsrus.

*Twee.* Ons kyk na die sabbat in terme van die mens uitsluitlik, i.p.v. die mens in die sentrum, en gevolglik mis ons die betekenis van die sabbat. Deur die sabbat vanaf die standpunt van die aarde te benader, kan ons sy betekenis beter begryp.

Die gebod maak dit duidelik dat die sabbat die dag van rus is vir mens en dier. Maar die besonderhede van die wet verduidelik die feit dat die sabbats*jaar* nodig is vir die aarde self. Eks. 23:10, 11; Lev. 25:1–7; 20–22. 70 keer verwaarloos. 2 Kron. 36:21. Na die ballingskap, is hierdie gebod gehoorsaam, maar ander weer gebreek. Die jubeljaar is nie gehou nie, net die sabbatsjare. Elke 50 jaar was 'n jubeljaar, ingelui deur die blaas van 'n basuin op die dag van versoening. Omdat die 49 ste jaar 'n sabbatsjaar was, het dit beteken dat die jubeljaar twee sabbatsjare na mekaar meegebring het. Lev. 25:8-12.

p.140. Analisering van Lev. 25:8-12 en13-17:

*Een.* Die doel van hierdie gebod was nie menslikheidsredes nie. Die doel van die sabbat is die sabbat; d.w.s. die rus en die vrymaking deur verlossing en wedergeboorte.

*Twee.* In die opperste uitdrukking van die sabbatsbeginsel in die Mosaïese wet, die jubeljaar, word die jubeljaar begin met basuingeklank of die blaas van die ramshoring, op die Dag van Versoening. Lev. 5:9. p.141. In die jubeljaar, soos in elke sabbatsjaar word alle skuld vrygeskeld. *Net soos wat God die Hebreërs hul skuld vergeef het, net so moes hulle hul skuldenaars ook vergewe (*Ginsburg). Verder: Die landelike eiendom gaan terug na hul oorspronklike eienaars; slawe word vrygestel, net soos in elke sabbatsjaar. Die jubeljaar het 'n twee jaar lange vakansie beteken, waarin die verbondsmens die voorsmaak kon vier van die groot sabbat van die nuwe skepping. Omdat die jubeljaar begin het op die aand van die Dag van Versoening, het dit die grondslag van die nuwe skepping verduidelik, versoening deur die bloed van die Lam van die Verbond. Skepping en herskepping was dus basies aan die sabbat: die mens *rus* in God se voltooide werk van verlossing wat voor die tyd aangekondig is. Deur geloof, leef die mens in die verwagting van die finale oorwinning, en verblyding in die huidige verlossing, in die geloof in die toereikendheid van God.

*Drie.* Die groot werk van restourering, van die afbreek van die werk van die sondeval, sluit in die restourering van die grond. Deur hierdie rus, word die grond ook gerestoureer en vernuwe. *(Oom Koos Swart wat sy plaas in 7 dele gedeel het en elke jaar 1 deel laat rus het!)* p.142. Baie min wetenskaplikes behandel die grond met enige respek. 2 Kron. 36:21; Jer. 25:9 – 12; Dan. 9:2; Lev. 26:34 en 43.

Die 70 jaar toe God die Israeliete en Juda bestem het vir ballingskap, was dit nie net om die volk te straf nie maar ook om die land te laat herstel. Die 70-jaar lange sabbat was God se genade oor die land en oor Israel. Na die kruisiging van Christus, is daar nie weer so 'n genade aan die land geskenk nie, en die land se geskiedenis was een van 'n gestadigde erosie van grond en mens. Die land en die mens wys die effek van die vloek.

Dit is duidelik dat die vernuwing van die aarde 'n basiese aspek van die sabbat is. Die vernuwing van alle dinge is basies tot die sabbat, en die aarde is sentraal tot hierdie vernuwing. Die mens kan die sabbatvereistes van die aarde ignoreer slegs op die gevaar af van oordeel en die dood. Dit is duidelik dat die doodstraf werksaam is in die geskiedenis, en nasies wat die aarde en sy hulpbronne misbruik, is gedoem om te sterf. Die logiese afleiding

is dan dat, as hierdie verontagsaming van die sabbat sulke ernstige gevolge het vir die aarde, het dit dan nie net sulke ernstige gevolge vir die mens en die dier nie?

p.143. Die mens se onvermoë om te rus, sy gebrek aan 'n ware sabbat, sy gebrek aan geloof, lei na 'n stresvolle bestaan wat eindig in die dood. As die mens die aarde vernietig, kos besoedel, en die lug en water vergiftig, dan spreek hy 'n doodstraf oor homself uit.

Die kern van die sabbat is die werk van herstel, van God se nuwe skepping. Die einddoel van die sabbat is die tweede skeppingsrus van God. Van die mens word verwag om te rus en om die aarde en die diere toe te laat om te rus, sodat God se herstelwerk kan voortgaan, en die skepping hernuwe kan word.

*Vier.* Die sabbat kan nie vereng word tot grondbewaring nie, net so min as wat dit kan vereng word tot medemenslikheid. Dit is "'n sabbat vir die HERE". Dit is 'n teken van die verbond: Eseg. 20:1–13.

p.144. Die sabbat kry dus sy ware betekenis uit die feit dat dit getuig van 'n essensiële en lewegewende verbond tussen God en die mens. Die bron van hierdie lewe is God, nie die wet, of die sabbat, in en uit hulleself nie. Na die ballingskap het Israel die sabbat streng onderhou, en dit toegepas op die mens, die aarde en die diere. Maar die *vorm* het nie lewe gegee nie. Hulle het die sabbat verloën deur op hulle werke te vertrou en op hulle bloed (hul afstamming van Abraham), en hulle het in hulle blindheid gesterf. Nakoming van die sabbatswette het nie diegene gered wat die Here van die sabbat gekruisig het nie.

Kerkmense wat die betekenis van die sabbat beperk, of voel dat dit gehoorsaam word in aanbidding en in onaktiwiteit, het geen idee van die betekenis daarvan nie. Nadruk op "geen werk" (die fariseërs) was ook 'n mensewerk, 'n trotse pronk met hul eie vermoë om die wet te vervul. Die sabbat is lewe vir die mens wat na die Here opsien vir lewe, en God toelaat om deur die hele skepping te werk as die groot herskepper. Dit behels meer as 'n uiterlike nakoming, en dit kan nie vereenselwig word met enige menslike vertroue in die werke van die mens nie, of in vertroue in die staat se werke nie, asof dit die bron is van die mens se rus en redding.

*Vyf.* Vergifnis is 'n basiese aspek van die sabbat. Die genade van God vir die kwytskelding van sondeskuld is die verbond van die mens se sabbat. Dit beteken rus, losmaak van die las van sonde en skuld. Die Here se Gebed, die Onse Vader, wat vooruitsien na die groot sabbat (Laat U koninkryk kom.) het as sy sentrale smeekbede die jubeljaar se verlossing. (Matt. 6:12) Die sabbat beteken rus, vergifnis, die kwytskelding van skuld en die einde van vermoeidheid. Dit beteken nuwe lewe. Omdat die ongelowige van nature 'n slaaf is, word hy nie van skuld bevry nie. p.145. Deut. 15:1–6. God se einddoel is 'n skuldvrye samelewing wat ook vry is van armoede, en dit is slegs moontlik volgens sy wet. Die ongelowige kan nie 'n sabbat hê nie.

### 3. Die Sabbat en Werk.

Gustave Oehler:
*Een.* Die mens moet soos God werk en rus. Die werk van God se volk moet die instrument wees van die herstel van die goddelike bestel op die aarde.
*Twee.* Goddelike arbeid eindig in gelukkige rus; die menslike arbeid moet nie in eentonige sirkels aangaan nie, maar beëindig word in 'n gelukkige harmonie van bestaan. Die sabbat van

die skepping het, anders as die voorafgaande ses dae, nie met 'n aand geëindig nie. p.146. Die sabbat kyk *terug* na die skeppingsrus vir sy patroon en geloof; dit kyk *opwaarts* na God in die versekering van Sy genade en oorwinning; dit kyk *vorentoe* na die groot volvoering van die sabbat.

Herstel is basies aan die konsep van die sabbat. Maar herstel behels ook werk. Ses dae van werk moet die sabbat voorafgaan. Die sabbat is God se verbondsteken met die mens, en dit verklaar God se genade p.147. en God se voldoende werk tot die saligheid, sodat die mens kan rus, "omdat julle weet dat julle werke nie tevergeefs is in die Here nie." (1 Kor. 15:58)

Gen. 1:28 - 'n positiewe opdrag om te werk. Sonder herskeppende genade, kan die mens nie God se wet onderhou en sy pligte nakom nie. Die verloste mens se werk is nie 'n poging om 'n paradys op aarde te *skep* nie, maar om God se vereistes *na te kom*. Die verloste mens is 'n burger van die koninkryk van God, en hy bly by die koninkryk se wette: dit is sy werk, sy plig, en sy pad na heerskappy. Die feit van die sabbat voorveronderstel die feit van werk.

Nie net die verbondsmens nie, maar al sy werke, moet in 'n sin besny word, of gedoop word, in die koninkryk in. Die gewoonte van die eerstelinge was 'n aspek hiervan, en van die nuutgeplante bome waarvan die eerste vrugte nie ge-oes mag word nie. Lev. 19:23–25. p.148. Verder: Bonar: Elke vreemdeling kon aan Israel se boorde en wingerde die bewys van hul gehoorsaamheid aan hul allerhoogste God sien, 'n getuienis vir Hom.

*Die sabbat voorveronderstel werk, werk wat God se skeppingsmandaat vervul en gedoen word onder God se wet, en die sabbat is die blye rus van die beoefening van hierdie goddelike heerskappy.* Op die sabbat verbly die mens hom dat die aarde aan die Here behoort, en die volheid daarvan. Ps. 24:1. p.149. In hierdie vertroue beskou hy die werke van sy hande, en weet dat dit nie tevergeefs is in die Here nie. 1 Kor. 15:58. Op hierdie dag, die sabbatdag, en in die sabbatstye, onthou hy hom van die vrug van die boom, wat nou 'n verbode boom is vir hom, omdat die Here, wat werk gebied, sodat die mens kan heers, ook grense gestel het aan hierdie heers van die mens. Vgl. Rom. 8:28; Jak. 2:10; Gen. 3:5. Beide werk en rus moet aan die Here gewy wees, en die voorveronderstelling van werk en rus moet die opperheerskappy van die drie-enige God wees.

### 4. Die Sabbat en Outoriteit

Rut 3:1: – Manoag = rus, plek van rus
Sjabbaton = rus met 'n volheid wat in die bg. ontbreek.
Rut kry haar rus onder die sorg en outoriteit van haar man, net soos 'n man se rus onder Christus behoort te wees. 1 Kor. 11:3. Ware rus bestaan in daardie huwelik waar elkeen onder gesag staan en voortbeweeg in die vertroue van daardie gesag. Sjabbaton, rus: Ex. 16:23; 31:15; 35:2; p.150. Lev. 16:31; 23:3; 25:4, 5. Omdat die sabbat 'n verbondsteken is, is dit ook 'n teken van onderwerping aan God, van 'n aanvaarding van God se gesag en God se voorwaardes. Eseg. 20:12.

**Lys van Sabbatte:**

1. Weeklikse Sabbatte.

2. Die Nuwe Maan Sabatte. Num.28:11–15. Werk is nie verbode nie, offerandes word verlang. Later is werk ook laat staan. Amos 8:5. Vroeër 'n dag van gesinsbyeenkoms. 1 Sam. 20:5 en verder.
3. Die Sabbatsjaar en die Jubeljaar. Eks. 23:10 en verder; Lev.25:1-7; 25:8-10; Deut. 15:1-11; 31:10-13; ens. Skuld kon net vir 'n periode van ses jaar gemaak word, die sewende jaar was 'n sabbat en 'n jaar van kwytskelding. Deut.15:1-11.
4. Die Paasfees. Eks. 12:1-28, 43-49; 13:3-9; 23:15; Lev. 23:5 en verder; Num.28:16-25; Deut. 16:1 en verder.
5. Die Fees van die Ongesuurde Brode. (Sewe dae.) Eks. 13:17.
6. Die Fees van die Weke. Pinksterfees. Gevier sewe weke na Paasfees. Lev. 23:15 en verder. Dit was 'n oesdankseggingsfees, op 16 Nisan.
7. Die Loofhuttefees. Sewe dae lank gevier deurdat in hutte, van takke gemaak, gewoon is om so die eksodusreis te herdenk. Lev. 23:36, 42. Dit het die landboujaar beëindig met vreugde en feesviering.

Daar is dus 'n groot verskil tussen die sabbatte. Op die weeklikse sabbat mag nie eens 'n vuur gemaak word nie, kos moes die vorige dag gekook word. Aan die ander kant het die aanvanklike nuwe maan sabbatte nie die staking van werk geëis nie, sodat rus nie die essensie van elke sabbat was nie; vreugde en geloof was dit wel. Die ander sabbatte was grotendeels tye van feesviering. Al die sabbatte moes 'n vreugde vir die verbondsvolk wees.

*Die sabbat en gesag.* Eseg. 44:24; Ex. 20:8. Die blote uiterlike rus van die sabbat was belangrik, maar 'n dieper en meer basiese rus was die rus in die gesag (outoriteit) en werk van God, en die mens se verblyding daarin. Beide werk en rus was onder gesag en is eenkant gesit vir of geheilig aan die Here. p.151. Heiligheid self impliseer gesag: dit is afskeiding en toewyding in terme van God:

*Een.* Die rus van die sabbat kom van die feit dat die verbondsmens onder gesag staan.
*Twee.* Die sabbat word onderhou as 'n "sabbat van die HERE jou God", Eks. 20:10, as 'n teken van die verbond.
*Drie.* Die sabbat is heilig aan die Here, dus moet dit God se gesag en soewereiniteit vooropstel, anders is dit nie waarlik 'n sabbat nie.

Teen hierdie tyd blyk die aanbidding in die sinagoge en die kerk 'n logiese ontwikkeling van die sabbatte wees. Alhoewel dit nie 'n deel gevorm het van die oorspronklike sabbat nie, was dit nogtans 'n nodige en logiese ontwikkeling. Om onder gesag te staan en om gesag te erken vereis *kennis.* Die Leviete het baie vroeg die uitleggers (verklaarders) van die wet geword, en die profeteskole was die opleidingsentrums vir leerbediening (onderwys in die Woord). Die sinagoge was die resultaat. Hand. 15:21.

Toeneem in die kennis van God en sy Wetwoord is dus belangrik vir die viering van die sabbat, en die bewyse in die Nuwe Testament is welsprekend oor hierdie feit. Die Christelike sabbat is dus gerat vir kennis as 'n belangrike aspek van die sabbatsrus. Dus:

'n *Eerste* en sentrale aspek van die Christelike sabbat is dat dit 'n dag is vir die verkondiging van die Woord van God, 'n dag waarop die betekenis bestudeer word en die kennis van die toepassing daarvan bevorder word. Die vreugde en die sang wat geassosieer word met die sabbat is geassosieer met hierdie kennis. Die kennis van verlossing, en die vertroue in die

goddelike wetwoord, gee aan die verbondsvolk 'n blydskap en 'n sekerheid wat uitgedruk word in sang en lofprysing.

*Tweedens,* terwyl die Christelike sabbat nou verbonde is aan die sabbat van Israel, is daar tog 'n belangrike verskil. Kol. 2:16, 17.

p.152. Rom. 6:4; Jer. 17:24; Esra 20:21; 22:8; 23:38; Num.15:32.

p.153. 'n Wet wat vantevore die doodstraf vereis het, moes iets baie belangriks omvat het, en gewoonlik iets goeds. Christus is daardie groot goedheid, en ons rus in Hom. Soos Calvyn gesê het: "die Sabbat word verbreek selfs deur goeie werke, solank as ons hul as ons eie beskou." Die essensie van die sabbat is ons rus in Christus, en ons groei in die kennis van daardie verlossing deur sy genade. Die punt van verskil tussen Israel se sabbat en die Christelike sabbat lê nie slegs in die dag nie, maar in die beëindiging van die ou beperkinge. Die eerste dag van die week was 'n werksdag in ou Palestina en ook reg deur die Romeinse Ryk. Die kerk het normaalweg in die aand van die eerste dag van die week vergader, omdat die lede gedurende die dag gewerk het. Hand 20:7-12. Die wet is hier duidelik verander. Die plig was nou om nie die onderlinge byeenkomste te versaak nie, soos wat die gewoonte by sommige was. Heb. 10:25.

Sommige beskou die werk van die vroeë Christene as werke van noodsaaklikheid. p.154. Die sabbat van ou Israel is egter verby, en sy wette, maar die Christelike sabbat vereis Christelike orde, en 'n aspek van daardie orde is die Christelike sabbat.

Maar die sabbat is 'n teken van die *verbond;* dit is nie 'n wet vir 'n humanistiese staat nie, en het geen betekenis daarvoor nie, en kan ook nie vereis word daarvan nie. In 'n Christelike staat, kan dit nie gemaak word in iets wat enigsins met die sabbat van Israel ooreenstem nie. Dit moet 'n dag van rus wees, en van vrede en stilte, maar die basiese nadruk val op die gesag van God, kennis van Hom, en rus in Sy regering en verlossing. Die wegskuif van die klem van die betekenis van die sabbat na 'n getwis oor regulasies vir die sabbat is sekerlik nie tot eer van die sabbat nie. Die woorde van Paulus in Kol. 2:16, 17, bly waar: As niemand ons moet veroordeel met betrekking tot die sabbat nie, dan moet ons ook niemand veroordeel nie.

Maar, *derdens,* die wat lede van die verbond is, moet in plaas daarvan om regter te speel oor ander en wetmakers te wees vir ander, liefs gelukkige onderhouers van die dag wees. Dis vir hulle waarlik 'n dag van rus, omdat slegs hulle waarlik in staat is om te rus. Dit is vir hulle 'n dag waarop God in hulle werk deur Sy Woord en Sy Gees, sodat hulle groei in genade en in wysheid, en in guns by God en in die oë van die mense. Ps. 1. Dit is die lewenskragtigheid van die geloof wat hom verbly in die sabbat, en wat floreer as gevolg van die sabbatsrus. Om in die Here te rus is om Sy gesag te aanvaar en om Hom te vertrou.

**5. Die Sabbat en die Wet.**

p.155. Augustinus het gepraat van die einddoel van die geskiedenis as "die groot sabbat wat geen aand het nie."

p.156. Heb. 3 en 4. "Die mens se rus begin wanneer hy ingaan in God se rus." Gen. 2:2. "soos wat dit die einddoel van die skeppingswerk was, so is hierdie rus vir die volk van God die doel van hulle lewe van werke."

Algemene opmerkings omtrent die sabbat:

*Eerstens,* die sabbat verwys altyd na die *toekoms.* Die *patroon* van die sabbat is in die verlede, vanaf die sabbat van die skepping. Die *begin* van die sabbat is ook in die verlede, dit was die verlossing uit Egipte; vir die kerk is dit die opstanding. Die *vervulling* van die sabbat is in die nuwe skepping. Die sabbat is 'n teenswoordige rus, gebaseer op gebeure in die verlede, met heenwysings na die toekoms en vervulling.

*Tweedens,* en na verwant aan die toekomsverwysing van die sabbat, het die sabbatswet *voorsorg* vereis, d.w.s. 'n volk wat voorsorg tref. Omdat daar net korttermynskuld aangegaan kon word, kon net noodlenings aangegaan word. In elke eeu was daar 16 jare wat sabbatte was, ingeslote die twee jubeljare. p.157. Al het God 'n oorvloedige oes beloof vir getrouheid aan sy wet, was dit steeds nodig vir die mens om daardie oorvloed met oorleg te gebruik, anders sou hy nie 'n bestaan kon maak nie. Voorsorg in bestuur beteken wel deeglik 'n toekoms-georiënteerde perspektief. In stede van 'n verlede-georiënteerde en 'n verbruiker-gesentreerde ekonomie, het die sabbat 'n produksie-gesentreerde, toekoms-gesentreerde, rus-bewuste samelewing geskep. 'n Samelewing wat voorsorg tref, kan rus met vrede en veiligheid, en 'n produktiewe samelewing kan sy rus die beste geniet.

*Derdens,* 'n sabbat-georiënteerde samelewing gee die beste rus. In 'n sabbat-georiënteerde samelewing, het die mens wat voorsorg tref, wat skuldvry leef, wat sy rus in Christus vind, en wat in staat is om te werk en te ontspan, 'n vrede en 'n vreugde in die lewe, wat ontbreek by 'n gejaagde geslag.

*Vierdens,* omdat die wet verwysing na die toekoms, en in essensie 'n plan p.157. vir die toekoms is, is die sabbat-wet 'n plan vir die wêreld se more. Die Bybelse wet werk daartoe om boosheid te elimineer en om armoede en skuld te verwyder. Die sabbatswet het as sy werk die herskepping van die mens, diere, en die aarde en die hele skepping. Die sabbat openbaar dus die beplanning en die rigting van die hele wet: dit is 'n deklarasie van die toekoms wat die wet besig is om daar te stel.

Dus, terwyl Kol. 2:16 en 17 dit duidelik maak dat die *formalismes* van die Ou Testamentiese onderhouding tot 'n einde gekom het, is die kern van die wet nog geldig en is dit basies vir alle Bybelse wette. Nie-Christelike denke, wanneer dit toekoms-georiënteer is, staar 'n dubbele boete in die gesig:

*Eerstens,* dit is gegrond in die verlede: "burgerregte" – revolusie – met slegs die vaagste benul van die las van verantwoordelikheid – hulle praat eindeloos van onregte van die verlede, egte en verbeelde onregte, en van alles wat hulle glo dat hulle voorouers gely het. p.158. Mense van die werkersunie praat aanhoudend oor die verlede eerder as oor die huidige realiteit. Hierdie onvermoë om in die teenwoordige tyd te lewe, beteken 'n radikale onvermoë om die toekoms te hanteer.

*Tweedens,* is die nie-christen in sy toekomsbeskouing op sy beste utopies en onrealisties. Hierdie utopianisme help geen mens op pad na die toekoms nie: dit gee aan die mens illusies wat onnodige opoffering en werk veroorsaak en dit bring niks anders as maatskaplike chaos nie.

## V

## DIE VYFDE GEBOD

### 1. Die Gesag van die Gesin.

p.159. In die tien gebooie het vier wette te doen met die gesin, drie van hulle direk: "Eer jou vader en jou moeder," "Jy mag nie egbreek nie," "Jy mag nie steel nie," en indirek, "Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie, ens." Eks. 20:12, 14, 15, 17. Die gesin is duidelik sentraal tot die Bybelse manier van lewe, en dit is die gesin *onder God* wat hierdie sentraliteit beklee.

Die gesin word voortdurend aangeval deur sosialistiese wetenskaplikes, opvoeders, en predikante. Vir Freud is die oorsprong van die gesin in die mens se primitiewe verlede eerder as in God se skeppingsdoel. p.160-162. Evolusioniste, humaniste, e.a. se verkeerde siening van die gesin.

p.163. Die *eerste* eienskap van die Bybelse leer is dat die gesin beskou word in terme van 'n Godgesentreerde *funksie en oorsprong*. Die gesin is deel van God se doel vir die mens, en dit funksioneer tot die eer van God in sy suiwerste vorm, sowel as om vir die mens sy eie selfverwerkliking onder God te gee.

*Tweedens,* Gen.1:27-30 maak dit duidelik dat God die mens geskape het om die aarde te onderwerp en om daaroor te heers onder God. Alhoewel net Adam aanvanklik geskape is, Gen. 2:7, spreek die skeppings-mandaat duidelik die man in sy getroude status aan, en met die vrou in gedagte. Dus, essensieel vir die funksie van die gesin onder God, en vir die rol van die man as hoof van die huis, *is die roeping om die aarde te onderwerp en om daaroor te heers.* Dit gee aan die gesin 'n positiewe funksie. Dit behels, in die Bybelse perspektief, private besit van eiendom. p.163. Die mens moet God se wetsorde na die hele skepping bring, terwyl hy gesag daaroor uitoefen in die naam van God. Die aarde was "baie goed" geskape maar dit was nog onontwikkeld in terme van sy onderwerping en besit deur die mens, God se aangestelde regeerder. Hierdie *regering* is in besonder die roeping van die man as man en vader, en van die gesin as instelling. Die *val van die mens* het hierdie roeping nie verander nie, alhoewel dit die vervulling daarvan onmoontlik gemaak het sonder Christus se wederbarende werk.

*Drie.* Die beoefening van heers en van besit behels duidelik *verantwoordelikheid en outoriteit.* Die mens is verantwoordelik teenoor God vir sy gebruik van die aarde, en moet, as 'n getroue heerser, sy roeping vervul slegs in terme van sy Koning se koninklike dekreet of woord. Sy roeping verskaf ook aan hom 'n outoriteit deur delegering. Aan die man is outoriteit gegee deur God oor p.164. sy huishouding en oor die aarde. In die Marxistiese stelsel, maak die oordrag van gesag van die vader aan die staat enige gesprek oor die gesin as 'n instelling belaglik. Die gesin is vir alle praktiese doeleindes verban wanneer die staat beslis oor die onderwys, beroep, godsdiens en die dissiplinering van die kind. In alle moderne samelewings het die oorgawe van gesag van die gesin aan die staat reeds in verskillende grade plaasgevind. In die Bybelse perspektief is die gesag van die gesin die grondslag van die samelewing, en is dit 'n Godgesentreerde gesag. Daarom die algemene verdeling van die wet in twee tafels, of

twee kante, van vyf elk met die vyfde gebod langs die gebooie wat te doen het met die mens se plig teenoor God.

*Die betekenis van die gesin moet dus nie gesien word in voortplanting nie, maar in Godgesentreerde gesag en verantwoordelikheid in terme van die mens se roeping om die aarde te onderwerp en om gesag daaroor uit te oefen.*

*Vierdens,* die funksie van die vrou in hierdie aspek van God se regsorde, is om 'n hulp vir die man te wees in die uitoefening van sy oorheersing en outoriteit. Sy gee aan hom kameraadskap in sy roeping Gen. 2:18, sodat daar gemeenskap in outoriteit is, met die duidelike voorrang aan die man. Die man se sonde is dat hy probeer om God se gesag oor te neem, en die vrou se sonde is dat sy probeer om die man se gesag oor te neem, en albei pogings is dodelike futiliteit. Eva het leierskap oorgeneem deur toe te gee aan versoeking; sy het Adam gelei eerder as om gelei te word; Adam het toegegee aan die begeerte om soos God te wees, Gen.3:5, terwyl hy as minder as 'n man gehandel het deur toe te gee aan Eva se leierskap. Die beskrywing van 'n deugsame vrou, of 'n godvresende vrou, in Spr. 31:10-31 is nie 'n hulpelose slaaf of 'n mooi parasiet nie, maar liefs 'n baie bekwame vrou, bestuurder, besigheidsvrou, en moeder – 'n persoon met ware outoriteit. Die sleutel tot die Bybelse leer van die gesin kan gevind word in sy sentrale outoriteit, en in die betekenis van hierdie sentrale outoriteit.

**2. Die Belofte van Lewe.**

p.164. Die vyfde gebod dra 'n opvallende belofte aan die gehoorsame mens, die belofte van lewe: Eks. 20:12; Deut. 5:16. p.165. Die vereiste hier is: *Een.* 'n Godsdienstige eer van die ouers. ***Twee.*** 'n Algemene respek vir ouer mense. Lev.19:32; Spr.16:31; Fil. 9. Juis a.g.v. hierdie respek vir die ouderdom, is dit so noodsaaklik dat ons met die ouderdom moet toeneem in wysheid. p.166. Titus 2:2, 3.

*Algemene beginsels wat inherent is aan hierdie gebod:*

*Een.* Om ouers en alle mense wat ouer as onsself is te eer, is 'n nodige aspek van die basiese wet van vererwing. Wat ons erf van ons ouers is die lewe self, en ook die wysheid van hulle geloof en ervaring soos wat hulle dit aan ons oordra. Die kontinuïteit van geskiedenis berus in hierdie eer en erfenis. 'n Revolusionêre eeu breek met die verlede en draai teen ouers, met vyandskap en venyn: dit onterf homself. Om ouer mense bo en behalwe ons ouers te eer, is om alles wat goed is in ons kulturele erfenis te respekteer.

*Twee.* Vooruitgang wat in die verlede gegrond is, is 'n erfenis as grondslag van vooruitgang. Waar die gebod hom tot volwassenes wend, vereis dit van hul om hul ouers te **eer**, **nie te gehoorsaam nie**. Vir kinders is die eis gehoorsaamheid. Ef. 6:1; Kol.3:20. p.167. In die Bybelse geloof erf die gesin uit die verlede sodat hy versekerd in die toekoms in kan groei. Gen. 2:24. Om te trou vereis 'n voorwaartse beweging deur 'n man en sy vrou; hulle breek weg van die ou gesinne sodat hulle 'n nuwe een kan begin. Hul bly egter verbonde aan die ou gesinne, in dié sin p.167. dat man en vrou 'n kulturele erfenis verteenwoordig as 'n kulturele erfenis uit hulle onderskeie families. Verder bly hul gebonde deur 'n godsdienstige plig om hul ouers te eer. Die groei is werklik, en die afhanklikheid is werklik: die nuwe ontwikkel duidelik vanuit, en verwerklik die moontlikhede van die oue. Om hierdie rede word daar in die Bybel van die kerk gepraat as 'n gesin. Paulus praat van homself as die vader van die

Korintiese gelowiges. 1 Kor. 4:15; Fil. 10. Die kerk is die gesin van die gelowige, en die bande van geloof is baie noue bande. Die bande van die gesin is des te sterker as dit bande van sowel bloed as geloof is.

Die belofte van 'n lang lewe en voorspoed: Spr. 4:10, Spr. 1-5. Dit is vir die volk of vir die individu. p.168. Die realiteit van die lewe is dat hy wat die lewe lief het, en die God lief het wat lewe geskep het, deur Sy gebooie te eerbiedig, en sy ouers lief het, onder God, meer voluit kan lewe, gelukkig en langer, as 'n reël. Diegene, wat hul ouers nie eer nie en arrogant sê: "Ek het nie gevra om gebore te word nie," het 'n beperkte lewe, of ten minste 'n miserabele lewe. Hul manier van doen stuur af op selfmoord. Wat hul eintlik sê is: "Ek vra nie om te lewe nie."

p.169. Hierdie selfde belofte van lewe vir die wat die onmiddellike oorspronge van lewe eer, verskyn in Deut. 22:6, 7; Lev. 22:28; Eks. 23:19. Die aarde behoort aan die Here en alle lewe kom van Hom. Die mens kan die lewe op geen ander manier behandel nie, as volgens die wet, *God* se wet. Die mens het *God* se wet nodig, en die wet van die Here vra van ons om ons erfenis te eer op elke vlak. Om ons erfenis te minag, of dit nou in die dierelewe is of op die vlak van die gesin, is om die lewe te verloën. Dit is om self God te speel; dit is om te aanvaar dat ons onsself gemaak het, en dat ons ons wêreld kan oormaak. Paulus kon gehoorsaamheid van kinders eis teenoor hulle ouers, deur te sê, "Dit is reg," dit is natuurlikerwys verpligtend en behoorlik. Om die ouers te eer, word op dieselfde vlak geplaas as sabbatsonderhouding. Lev. 19:1-3; Eks. 12:3. p.170. Laster teen God en vloek van die ouers word in die wet gelykgestel. Om die heiligheid van God te kan weerspieël, moet 'n mens begin deur sy ouers te respekteer. Lastering teen God en om jou ouers te vloek, verdien albei die dood. Albei val fundamentele outoriteit en orde aan.

p.171. Verder, die sabbat, as rus en sekuriteit in God, is verwant aan die vyfde gebod daarin dat ouers aan die kind 'n vorm van rus en sekuriteit voorsien, alhoewel dit onvolmaak is. Die kind ontvang lewe en onderhoud. Die huis verteenwoordig 'n rus, en die huis van die godvresende is werklik 'n rus van die wêreld, 'n sekuriteit en 'n waarborg van oorwinning. Beide die sabbat, en die ouers verteenwoordig 'n erfenis van God van rus, vrede, en oorwinning. Hulle is dus nou verbind in hierdie wet. Deut. 22:6 en 7
moet in hierdie lig beskou word. Die mens kan nie die hulpbronne van die aarde geheel en radikaal eksploiteer nie. Die saak waarop dit aankom, is die eerbiedige gebruik van ons erfenis in die Here. Daar kan geen vooruitgang wees sonder respek vir die verlede en vir ons erfenis daarin nie.

*Drie.* Die derde beginsel kom na vore in die belofte van lewe vir gehoorsaamheid. p.172. Ander beloftes van lewe in die wet: Eks. 15:26; 23:24-26; Deut. 4:40; 5:29; 5:33; 7:12-16; 25:58-63; 32:46, 47.

Hierdie beloftes is vir ons aardse bestaan. 'n Paar punte van belang:
*Eerstens.* Die belofte van lewe word gegee vir die onderhou van elke wet. Die vyfde gebod geniet voorrang in hierdie belofte, maar die hele wet bied lewe aan.
*Tweedens.* Die belofte is opsigtelik materieel en van hierdie wêreld. Die belofte van die ewige lewe word elders in die Skrif duidelik verkondig, maar dit kan nie in hierdie gedeeltes ingelees word nie.

*Derdens.* Die belofte is nie slegs vir die verbondsmens as hy gehoorsaam is nie, maar vir sy vee, sy velde en sy bome. Die wet is opsigtelik 'n *belofte van lewe* aan die verbondsmens indien hy in geloof en gehoorsaamheid wandel.

*Vierdens.* Die wet is ook 'n *belofte van die dood,* van siekte, steriliteit, en plae vir die ongehoorsames. Die wet is nie slegs negatief nie: sy doel is om sonde onwettig te verklaar en om geregtigheid te beskerm en te voed. In hierdie aspek alleen al is die wet 'n belofte van lewe. Wanneer diewe en moordenaars verwyder word uit die samelewing, word lewe en eiendom beskerm en bevorder. Wanneer wetsteenstanders die wet verklein tot slegs 'n negatiewe funksie, die dood van die sonde, dan verwyder hul implisiet die doodstraf ook, en berei die weg voor vir *liefde* om die verlosser en lewegewer te word i.p.v. God. Hulle verwyder dit deur 'n nuwe beginsel die lewegewer te maak, *liefde,* God se liefde vir die mens en die mens se liefde vir God; dood word dan die ontnemer van die liefde, en die liefde is die p.174. wondermiddel vir alle gebreke en tekortkominge. Maar die Bybelse leer van versoening verklaar duidelik dat verlossing slegs moontlik gemaak word deur Christus se werke van die wet, Sy volmaakte gehoorsaamheid as ons plaasvervanger en federale hoof, en Sy plaasvervangende aanvaarding van ons doodsvonnis. Ons word deur die wet tot die dood veroordeel, en ons word regverdig verklaar voor God deur die wet, maar ons ontvang hierdie feit deur die geloof. Geloof elimineer nie die regstransaksie wat hiermee gepaard gaan nie, ook nie die vereiste dat ons nou die vrugte van verlossing moet dra nie, nl. goeie werke. Geloof berus op die fondament van die wet.

*Vyfdens.* Die belofte van p.174. lewe wat die wet aanbied, is nie slegs 'n wegneem van die feit van die dood nie, d.w.s., die verwydering van bv. moordenaars nie, alhoewel dit belangrik is. Dit is ook die feit dat God, as die gewer van die lewe, ons lewe voorspoedig maak en sorg dat ons daarin floreer. Soos Jesus Christus verklaar het: "Ek het gekom sodat hulle die lewe mag hê en dit in oorvloed." Joh. 10:10. Die belofte van lewe vir gehoorsaamheid is dus 'n basiese uitgangspunt van die wet, omdat die wet nie losgemaak kan word van die lewe nie. Die wet is 'n basiese voorwaarde van lewe.

*Vier.* 'n Algemene beginsel implisiet in die vyfde gebod is dat om nie jou ouers te eer nie, is om nie jouself te eer nie, en om die dood uit te lok; net so, om jouself te onteer, is om jou ouers te onteer. Lev. 21:9; Deut. 22:23, 24. Die dogter van die priester word verbrand en die skuldige party verwurg. (Opgehang?) – Die wet is dus in 'n mate die belofte van die lewe vir die lewende; die dooie sal daarvan wegdraai, want hul motivering is nie die lewe nie maar godslastering.

### 3. Die Ekonomie van die Gesin

Die woord *eiendom,* (property) vroeër een van die mees hooggeagte woorde in die Engelse taal, het die afgelope jare 'n slegte konnotasie gekry a.g.v. die doelbewuste aanslag deur die sosialiste. Selfs die wat eiendom die meeste verdedig, p.175. huiwer by die breër gebruik van die woord. So sal die meeste vroue teenstribbel as hul *eiendom* genoem word. Maar die woord eiendom behoort beskou te word as 'n hoogsbesitlike en hoogsliefdevolle benaming eerder as 'n koue een. 1 Kor.7:4, 5; Deut. 23:17; Lev. 19:29, 30. Lg. verse is een wet, en hulle word geskei van die ander verse deur die verklaring: "Ek is die HERE." Die mens se rus in die Here vereis 'n goddelike versorging en toesig van Sy kinders; en 'n respek vir die heiligdom kan nooit gekoppel word aan die verkoop van kinders vir prostitusie nie. Slegs op een manier kon 'n p.176. vader sy dogter "verkoop" in die Bybelse reg: in die huwelik in. Eks. 21:7-9. (Die woord wat hier gebruik word, is *huwelik.*)

Die huwelik het gewoonlik met 'n bruidskat gepaard gegaan: die bruidegom het die bruidskat aan die bruid gegee en dit het haar beskerming en haar kinders se erfporsie uitgemaak. As daar geen bruidskat was nie, dan was daar nie 'n huwelik nie, net konkubinaat (buite egtelike saamwoning.) Lev. 19:20. Om nie ten volle voor vergoed te wees nie, is beter as om geen bruidskat te ontvang nie. Lev.19:20-22. Die bruidskat was 'n belangrike deel van die huwelik. Ragel en Lea het gesê dat hul pa hul verkoop het, omdat hy hul bruidskat van hulle weerhou het. p.177. Gen. 29:18; 31:14, 15. Lg. tekste dui aan dat die normale bruidskat omtrent drie jaar se verdienste was. Die basiese bruidskat het dus van die bruidegom en sy familie gekom. Waar die vader van die bruid hiertoe bygevoeg het, was dit sy voorreg en gebruiklik. Die bruidskat was dus die pa se seën op sy seun se huwelik, of 'n toets van die jong man se karakter deurdat hy daarvoor gewerk het. (1 Sam. 18:25-27 is ongewoon – Saul wou van Dawid iets vra wat vir hom te moeilik sou wees.)

Die Europese bruidskat is die omgekeerde van die Bybelse beginsel: die dogter se vader het dit as 'n geskenk aan die bruidegom gegee. Dit het gelei tot die feitlike vernietiging van die gesin Die Bybelse bruidskat het die gesin versterk. In sy Bybelse vorm het die bruidskat ten doel gehad om 'n ekonomiese fondament vir die nuwe gesin te wees. In gevalle van verleiding en verkragting moes die skuldige party die meisie 'n bruidskat gee soos die van 'n maagd. Indien 'n huwelik daarop gevolg het, het hy permanent enige reg tot 'n egskeiding verloor. Eks. 22:16, 17; Deut. 22:28, 29. As daar nie 'n huwelik daarop volg nie, kon die meisie in haar huwelik met 'n ander man ingaan met 'n dubbele bruidskat, een van 50 sikkels silwer van haar verleier, en nog een van haar man. Die bruid se bruidskat was nie net wat haar vader haar gegee het nie, en wat haar man haar gegee het nie, maar ook die wysheid, bekwaamheid en karakter wat sy in die huwelik ingebring het.

p.178. Die belangrikheid vir die gesin van 'n goeie vrou en 'n godvresende skoondogter is maklik sigbaar in enige kultuur, maar in 'n gesingesentreerde samelewing, is haar waarde selfs groter. Spr. 31:10-31. In Spr. 31:26 praat God van 'n *pratende* vrou, maar een wat met wysheid en vriendelikheid praat. (Mans as sondaars verkies Ben Sirach se standaard, van 'n stil vrou, en vroue as sondaars wil die voorreg en reg van spraak hê sonder die vereiste van wysheid en vriendelikheid.) Die familie het dikwels die vrou gekies. Gen.27:46-28:9; Eks. 21:7-11.

p.179. 'n Ander aspek van die ekonomie van die gesin is die feit van die onderhoud:

*Eerstens:* Die ouers het die plig om vir hul kinders te sorg, om hul materieel en geestelik te onderhou. Christelike onderwys is 'n basiese aspek van hierdie onderhoud.

*Tweedens:* Die kinders, wanneer hul volwassenes geword het, het ook 'n plig in hierdie verband, om in hul ouers se liggaamlike en geestelike behoeftes te voorsien waar nodig. Hierdie plig is met nadruk onderstreep deur Jesus Christus. Joh. 19:26, 27. Die mondelinge verklaring van 'n sterwende krimineel was 'n wettige testament. Die implikasie is dat Jesus tot op hierdie oomblik die verantwoordelikheid vir die versorging van Sy weduweemoeder gehandhaaf het. Jesus het ook die wat wel vir God gegee het, maar hul verantwoordelikheid vir die ondersteuning van hul ouers versaak het, veroordeel. Mark. 7:6-13.

p.180. Jesus, as die oudste seun en hooferfgenaam, het Johannes, alhoewel hy net 'n neef was en nie 'n broer nie, die oudste seun en hooferfgenaam in sy plek gemaak, en hom die verantwoordelikheid gegee om Maria te onderhou. Dit illustreer 'n sentrale aspek van die

Bybelse gesinsreg en van Bybelse erfreg: die hooferfgenaam het die ouers onderhou en versorg, soos wat die behoefte was. Abraham het by Isak en Jakob gebly, nie by Ismael nie, of by die seuns van Ketura nie. Isak het by Jacob gebly, en Jacob onder die sorg en toesig van Josef. En daarom het hy vir Josef 'n dubbele porsie gegee deur Josef se twee seuns as sy eie aan te neem op gelyke terme met al sy ander seuns. Gen. 48:5, 6. Die kind wat die verouderde ouers onderhou en versorg, is die hoof- of ware erfgenaam. Vir ouers of die burgerlike wet om dit anders te reël, is om teen die goddelike orde te werk. Erfenis is nie 'n saak van jammerte of gevoel nie, maar van goddelike orde, en om hierdie beginsel opsy te skuif, is sondig.

Die Bybelse woord vir 'n testament is: *Seën.* 'n Erfenis is presies dit, 'n seën, en vir 'n ouer om 'n seëning of die sentrale seën op 'n ongelowige kind, of op 'n opstandige en parmantige kind te laat neerkom, is om *die kwaad te seën.* Alhoewel party gedeeltes van Bybelse testamente elemente van goddelike profesie bevat sowel as om testamentêr van aard te wees, is dit belangrik om op te let dat dit sowel seëninge as vloeke verenig, soos in Jakob se woorde aan Ruben, Simeon en Levi. Gen.48:2-7. Om 'n kind te onterf is 'n totale vloek.

Die algemene reël van vererwing was beperk tot die manlike geslag. Die oudste seun, wat die verpligting gehad het om vir die hele familie te sorg in geval van nood, of om die familie te regeer, het 'n dubbele porsie ontvang, bv. 2 seuns – 3 porsies: die oudste – 2 porsies – die jongste – 1. Die ouers het 'n plig gehad om 'n erfporsie te voorsien. 2 Kor. 12:14. Verdere reëls: Deut. 21:15-17; 18-21; p.181. Num. 27:1-11, 9-11; Gen. 21:10; 25:1-6; Spr. 20:23; Gen. 15: 1-4; Lev. 25:46; Num. 36:1-12; Eseg. 46:16, 17; die staat kon nie eiendom onteien of konfiskeer nie. Eseg. 46:18. Die Bybelse wette van vererwing is God se wet; die moderne wette van vererwing is die staat se wet. Die staat neem die dubbele rol in van ouer en kind. In albei rolle is hy die groot knoeier en voer hy oorlog teen God se daargestelde orde, die gesin.

'n Laaste aspek van die ekonomie van die gesin: Deur die geskiedenis was die gesin die basiese welsynsorganisasie. Die staat se ingrype in die kring van welsyn en opvoeding lei tot die bankrotmaak van die volk en die staat, en tot die aanhoudende agteruitgang van karakter. Die gesin word versterk deur sy nakoming van daardie pligte wat altyd lei tot die ondergang van die welsynstate. Die gesin is die basiese ekonomiese eenheid van die samelewing, en die sterkste een. Geen samelewing kan floreer wat die gesin verswak nie, óf deur die wegneem van die gesin se verantwoordelikhede vir opvoeding en vir welsyn, óf deur die beperking van die gesin se beheer oor sy eiendom en erfporsie deur toeëiening.

'n Laaste punt: Terwyl in Wes-Europa eersgeboortereg p.182. feitlik sonder uitsondering gegeld het, is in die Bybelse geskiedenis die uitsondering feitlik die reël – geestelike en morele oorwegings het erfreg bepaal, van die dae van die patriarge af tot by Christus se testamentêre voorsiening vir Maria vanaf die kruis.

### 4. Opvoeding en die Gesin.

'n Fundamentele aspek van die onderhoud wat 'n kind toekom vanaf sy ouers, is opvoeding in die ruimste sin van die woord:

*Een.* Tugtiging. Spr. 13:24; 19:18. Die noodsaaklikheid van tugtiging kan nie opsygeskuif word deur dwase jammerte nie. Tugtiging kan 'n lewensredding vir 'n kind wees, Spr. 23:13, 14. en dit is nodig: Spr. 22:15; 15:32, 33; 5:11, 12; Heb. 12:11; Spr. 13:24b. (Betyds); 22:6;

29:15. Maar tugtiging is geen plaasvervanger vir gesonde voorskrifte nie, of vir behoorlike skoling nie.

*Twee.* Die ouers het 'n plig om die kind te voorsien van 'n opvoeding wat God welbehaaglik is. Spr. 1:7; 9:10. Wysheid berus op geloof, en ware kennis het as sy voorveronderstelling die soewereine God. Daar kan geen neutraliteit in opvoeding wees nie. Opvoeding deur die staat sal staatsdoeleindes hê. Opvoeding deur die kerk sal gerat wees om die kerk te bevorder. Die skool kan nie aan die staat of die kerk onderdanig wees nie. p.183. Die kerk in die tyd van Christus het die mense geleer om aan die kerk te gee, oënskynlik aan God, eerder as om vir hul ouers te sorg. Mark. 7:7-13. Sonde is dus as 'n deug voorgehou.
Van kinders is vereis om hul ouers te gehoorsaam. Die teendeel hiervan is die plig van die ouers om die grondslae van gehoorsaamheid aan hul kinders te leer, die wet van God. Deut. 4:7-9; 6:6, 7. Een keer in elke 7 jaar, in die sabbatsjaar, moes kinders saam met hul ouers luister na die voorlees van die hele wet. Deut. 31:10-13. Baie vroeg het godsdienstige leiers die taak van opvoeding op hul geneem. 2 Sam.12:25.

*Drie.* Die wet is intens prakties. Hebreeuse opvoeding was intens prakties. 'n Man wat nie sy seun die wet en 'n ambag of nering geleer het nie, het hom opgevoed om 'n dwaas en 'n dief te wees. Bybelse reg het 'n gesonde verhouding tussen beginsel en praktyk.

*Vier.* Bybelse opvoeding, wat gesingesentreerd is en die nadruk laat val op die verantwoordelikheid van ouers en kinders, het verantwoordelike mense tot resultaat. 'n Mens wat opgevoed en geskool is in die leer dat hy 'n verantwoordelikheid het om te sorg vir sy ouers soos wat dit nodig mag word, sorg vir sy kinders, en, na die beste van sy vermoë, laat hy vir hul 'n erfporsie van morele p.184. dissipline en voorbeeld so wel as van materiële rykdom na, en hy is self 'n persoon wat sterk ingestel is op verantwoordelikheid. In so 'n opvoedingstelsel, is die staat nie die verantwoordelike instansie nie, maar die gesin, en die man het die plig om 'n bekwame en voorsienende hoof van die huishouding te wees, en die vrou 'n bekwame hulp vir haar man. Die minagting van 'n gesinsgesentreerde opvoeding, lei tot die vernietiging van manlikheid, en dit verander vroue in donsige luukshede vir mans of aggressiewe kompeteerders teen mans. Mans en vroue wat hul funksie verloor het, tol onstabiel rond en sonder 'n wetmatige gevoel van wat hul funksie is. In die moderne opvoeding is die staat die opvoeder, en die staat word beskou as die verantwoordelike instansie eerder as die mens. Staatsopvoeding is implisiet anti-bybels, selfs wanneer en waar dit die Bybel 'n plek gee in die kurrikulum.

*Vyf.* Basies tot die roeping van elke kind is om 'n lid van 'n gesin te wees. Die essensiële opleiding vir gesinslewe, is gesinslewe en 'n gesinsgeoriënteerde skool en samelewing. Dit beteken 'n Bybelse opvoeding. Die grootste ongeval van moderne opvoeding is die manstudent. Omdat dominansie deur God se skeppingsdoel 'n basiese aspek van die man is, sal enige opvoeding wat die man se roeping tot die uitoefening van dominansie verminder, ook die man in dieselfde mate verklein.

*Ses.* p.185. Bybelse opvoeding benadruk geleerdheid, godvererende geleerdheid. Heiligheid is nie iets wat vanself ontstaan nie, maar dit vereis 'n gelykvormigheid aan God se wet en geregtigheid; 'n onkundige mens kan nie heilig wees nie. Die betekenis van feitelikheid kom nie van feite nie, maar van die Skepper; kennis benodig as sy voorvereiste in elke area, die kennis van God, die vrees van God, wat die beginsel van wysheid en kennis is. Dit moet weereens benadruk word dat die beste en egste opvoeders, ouers onder God is. Die grootste

skool is die gesin. Die morele afrigting van die kind, die dissipline van goeie gewoontes, is 'n erfenis van die ouers aan die kind wat alle ander oortref. Die gesin is die eerste en die basiese skool van die mens.

**5. Die Gesin en Misdaad.**

Die probleem van jeugmisdaad verskyn in die wet as van sentrale belang, maar een wat dikwels verwaarloos word deur kommentators, so ver as wat dit van belang is vir ons samelewing. Deut. 21:18-21.

p.186. In die analisering van hierdie wet, moet sekere dinge erken word:

*Een.* Dit dui op 'n beperking van die gesag van die familie. Alle lewe is onder die gesag van God en Sy wet.

*Twee.* Die wet vereis dat die gesin homself moet skaar by die wet en orde eerder as by die kriminele gesinslid. Deut. 17:7. p.187. As die ouers weier om hul seun aan te kla, dan was hul skuldig aan die goedkeur en/of die deelname aan sy misdade. Hulle rol was 'n formele maar 'n nodige rol: Staan die gesin aan die kant van geregtigheid of aan die kant van bloedbande. Die beginsel wat verlang word, is duidelik: nie bloed nie maar die wet moet regeer.

*Drie.* Bybelse reg is sakereg, en hierdie wet het nie slegs te doen met seuns nie. 'n Gesin wat sy seuns oorlewer aan die gereg, sal enige een oorlewer. Die dogters is duidelik ook hierby ingesluit. Deut. 23:17; Lev.19:29. Die getuienis is dat geen dogter in tye van wet en orde sou kon bly leef as sy 'n geharde jeugmisdadiger sou wees nie. Die bedoeling van die wet is dat alle geharde en gewoonte misdadigers tereggestel moes word._p.188.

Die doel van die wet is dat die kriminele element geheel en al uit die volk geëlimineer moet word, d.w.s. die professionele kriminele klas. Die gesin word nie die bose voorreg toegelaat van om te sê "Ek sal by my seun staan, kom wat wil" nie; die gesin moet self aansluit by die stryd teen misdaad. Omdat die wet 'n plan is vir die toekoms, beteken daardie plan duidelik die eliminering van misdaad, sodat dit geensins 'n faktor sal wees in 'n godvresende samelewing nie. Omdat die Bybelse gebod geen gevangenisstraf insluit nie, maar slegs vergoeding aan die veronregte ken, is sy siening van misdaad, dat die verkeerde daad gepleeg is, nie deur 'n professionele misdadiger nie, maar deur 'n swakker burger, wat die gesteelde goed, plus ten minste 'n gelyke bedrag, moet teruggee, sodat hy weer sy burgerskap in die samelewing kan terugwen. Die Bybelse reg erken nie 'n professionele kriminele element nie: Die potensiële gewoontemisdadiger moes tereggestel word so gou as wat hy duidelik laat blyk dat hy een is.

*Vier.* Nou moet ons die faktor van simpatie beskou. Die algemene humanistiese beskouing is dat hierdie wet teen die gewoontemisdadiger sonder meegevoel is. Die Bybelse perspektief is dat dit nie so is nie, dat inteendeel, die moderne perspektief 'n misplaasde meegevoel weerspieël. Moet jy simpatie hê met die misdadiger of met die samelewing? Die Bybelse wet vereis meegevoel met die slagoffer, nie met die kwaaddoener nie. Meegevoel is 'n verbode kwaad in sommige gevalle. Meegevoel met die seun in die onderhawige geval, en verder: Deut. 7:16; 13:6-9; 19:11-13; 19:21; p.189. Deut. 25:11-12. (Geloof vereis dat ons binne die wet van God bly, en 'n vrou kan nie haar man help deur die wet te oortree nie.)

*Vyf.* p.190. Die misdaad van die jeugmisdadige seun het gedui op 'n aanval of stryd teen fundamentele gesag. Deut. 21:18, 19. Ouers staan teenoor hul kinders as verteenwoordigers van God: opstandige rebellie is verwant aan laster en moet dieselfde straf kry.

*Ses.* Die beginsel van die doodstraf is hierby betrek. Lewe is deur God geskep, word beheer deur sy wet en moet geleef word slegs in terme van Sy wetwoord. *Nóg die ouers, nóg die staat is die skeppers van lewe, en daarom kan hulle nie die voorwaardes van lewe bepaal nie.* In hierdie feit lê die mens se grootste beveiliging van sy vryheid; die godvresende staat moet streng optree teen oortreders, maar die wet beperk die mag van die staat streng by enige en alle gevalle in terme van die woord van God. Die gesag van ouers word ook so beperk binne 'n godvresende orde.

*Sewe.* Die formele klagtes teen die seun is van besondere belang: - Hardkoppig, opstandig, 'n vraat en 'n drinker. Spr. 23:20-22. p.191. Hy is nie 'n swak karakter nie, hy is 'n sterk karakter, maar sy karakter is toegewy aan die kwaad. Die gesin is die aardse wieg van die lewe en die godvresende gesin gee 'n erfenis van lewe. Om hierdie erfenis te verwerp, is om uiteindelik die lewe te verwerp.

*Agt.* Wet is 'n vorm van stryd voer. Die wet beskerm 'n sekere klas, die wetsgehoorsames. As die wet nie daarin slaag om hierdie beskerming af te dwing nie, sal dit homself mettertyd vernietig. Die feit dat die wet nie die geharde en die professionele misdadiger teregstel nie, is besig om 'n groot maatskaplike krisis te skep en dit lei al meer tot anargie.

### 6. Die Beginsel van Outoriteit

Staatsopvoeding en staatsingrepe in die lewe van die gesin lei al meer na die verval van die gesin. Dit is nie verbasend nie, p.192. omdat die beginsel van outoriteit op die spel is in die gesin. Die familie is nie slegs die eerste omgewing van die kind nie, dit is ook sy eerste skool, sy eerste kerk, sy eerste staat en sy eerste beroep. Meredith: Die ouer is die kind se voorsiener, beskermer, die een wat hom lief het, sy onderwyser en wetgewer. Alle outoriteit is diep ingeweb in die outoriteit van die ouers. Die tot niet maak van die gesin se posisie en outoriteit is die vernietiging van alle samelewing en die instelling van anargie.

*Een.* Die student en jeugrewolusie het 'n immorele uitgangspunt, d.i. die versekering dat die jeug 'n "reg" het om ander mense se eiendom te beheer en te regeer. Die kind het geen reg p.193. om sy ouers, die studente om hulle skool, en die werknemers om hulle werkgewer te regeer nie.

*Twee.* Die doel van die studenterewolusie is eenvoudig amorele mag, geen "idealistiese" hoop nie. Om te vra om van vooraf te begin, is om te vra vir die vernietiging van alle wet en orde, sodat die anargis kan gryp wat die huidige besitter besit.
*Drie.* Hierdie anargisme is onvermydelik in 'n geslag van studente wat nóg gehoorsaamheid aan ouers nóg gehoorsaamheid aan al die ander outoriteite geleer het, wat geen respek vir hulle het nie of vir ander aan wie eer toekom nie.

Ef. 6:1, 2. – *Kinders* moet hulle ouers *gehoorsaam wees* in die Here. Meredith: "By direkte implikasie, 'n ouer is deur die vyfde gebod verbind daartoe om *homself* eerbaar *te maak.*" Die ouer verteenwoordig God, omdat hy God se regsorde verteenwoordig. In die wet word daar na regters verwys as "gode", so ook na profete as gode. Eks. 21:6; 22:8; 1 Sam.28; 13; Ps. 82:1,

6; Joh. 10:35. Omdat ouers God se regsorde verteenwoordig, moet hulle aan die een kant daardie regsorde gehoorsaam, en aan die ander kant gehoorsaam word as verteenwoordigers van daardie koninkryk. Omdat alle wettige outoriteite p.194. God se regsorde verteenwoordig, is die vyfde gebod dikwels geassosieer met die eerste tafel van die wet, dus met dit wat te doen het met ons plig teenoor God. Vergelyk ook Lev. 19:1-4. Die eis om onmiddellike bevrediging te kry, is 'n karaktertrek van infantiliteit. Die baba huil wanneer hy honger is en ledig sy blaas en ingewande wanneer hy wil. Hy huil uit frustrasie en woede wanneer hy nie dadelik sy sin kry nie.

p.195. Die vyandigheid teenoor dissipline en gehoorsaamheid het amper elke area van strewe binnegesluip in die twintigste eeu. *Maar* die verstand wat die beste funksioneer is die gehoorsame en gedissiplineerde verstand. Die kind wat gedissiplineerd is, is nie die kruiperige jong mens nie, maar die vry mens. Hy is a.g.v. die dissipline van gehoorsaamheid, die meeste in beheer van homself en die beste in staat om te regeer in sy veld van strewe.

p.196. Beskrywing van volwasse kinders in die tyd van Montaigne. Theodore Agrippa d'Aubigne en Blaise Pascal.

p.197. Die mens wat sowel in die vroeë eeue van die Christelike era, en in die hervorming en later eras, die fondament van die Westerse beskawing en vryheid gelê het, was mense van geloof en dissipline, mense geskool in die akademie van gehoorsaamheid. 'n Vroom respek vir wettige gesag en outoriteit, soos deur God gekonstitueer en bepaal, word vereis deur die Skrif. Eks. 22:28; Lev. 19:32; Deut. 16:18 en 20:9; Ps. 82:6; Joh. 10:34; Rom. 8:5.

p.198. Wat ouers, regeerders, onderwysers en base gemeen het, is nie ouerskap nie, maar outoriteit, en elkeen se soort outoriteit is verskillend - (Dit is 'n mistasting om ouerlike gesag aan die regeerder en die staat toe te ken.) – Jes. 49:23 het te doen met 'n groot ryk, "empire", wat die rol van beskermer speel teenoor 'n klein staatjie wat moet herkonstitueer. Die belangrikste en basiese outoriteit in God se wetsorde is die gesin. Indien ouers nie deur kinders gehoorsaam word nie, sal geen ander orde geëer en gehoorsaam word nie.

p.199. Basies aan die outoriteit van elke wetskring is dat dit God se regsorde verteenwoordiging. Deut. 16:18-20. God se manier waarop Hy sondaars ontwortel en Sy wetsorde grondves, is om te vereis dat gesag gehoorsaam word. Hierdie gehoorsaamheid is eerstens aan God verskuldig en is 'n onderdeel van die oprigting van God se regsorde. Sonde lei tot revolusionêre anargie; vrome gehoorsaamheid lei tot goddelike orde.

## 7. Die Gesin en Outoriteit.

Die wet van die latere Romeinse Ryk en van die Christelike Weste is grootliks verander deur Bybelse reg, en fundamenteel tot hierdie verandering is die verandering van gesinsreg. Die basiese Christelike regshervorming is ingestel deur Justinius en Theodora in die sesde eeu.

Zimmerman se opsomming van die basiese Christelike veranderings met betrekking tot geslag en die gesin:
*Een.* Alle seksuele verhoudings buite die normale huweliksverhoudings was nou onwettig en sondig.
*Twee.* Vir alle sosiale klasse was net die gesinslewe die wettige manier van lewe. p.200.

*Drie.* Verbode seksuele aktiwiteite kon onder die wet gestraf word, veral as dit gekommersialiseerd is.
*Vier.* Die byvroustelsel het sy regstatus verloor.
*Vyf.* Hierdie regstappe was deel van 'n groter beweging om die gesin die aangewese openbare manier van lewe en van status te maak, en dit het die beskawing in 'n ander rigting laat beweeg.

Die gevolge was uitgebreid: Twee belangrike areas van verandering: *Erfenis* en *besit*. Erfreg het aan die wettige vrou en haar kinders status gegee wat die byvrou en houvrou nie gekry het nie. Die beperking van erfenis tot die wettige gesin het die wettige gesin die gevolmagtigde en die gesag gemaak wat betref eiendom. Die gesinsisteem van voorouer-aanbidding maak kragteloos en immoreel. Die familie word ingestel op die verlede en vyandig gemaak teenoor die toekoms. In die Christelike gesinsisteem word die Mosaïese wet geïnterpreteer in terme van die Nuwe Testamentiese reëlings i.v.m. die gesin. Die perspektief is op die Christelike toekoms, op die Koninkryk van God en sy vereistes vir vandag en more.

Sonder die outoriteit van die gesin beweeg die samelewing baie gou na sosiale anargie. Die bron van die gesin se gesag is God; die onmiddellike setel van gesag is die vader of die man. 1 Kor. 11:1-5. Die afstand doen van sy gesag deur die vader van die gesin, of die ontkenning van sy gesag, lei tot sosiale anargie as die p.201 eindresultaat daarvan, soos deur Jesaja beskryf : Jes.3:12, 16-26; 4:1. Heers oor die natuur is God se beginsel vir die mens, Gen. 1:28. en vir die manlike persoon in die rol van die man en vader van die gesin. 1 Kor. 11:1-15. Die man en die vrou het mekaar nodig, en godvererende orde p.202. beteken die huwelik, die vereniging van die man en vrou onder God en tot Sy verheerliking en diens. Los van mekaar, of in minagting van mekaar, of in onenigheid met mekaar, word die klem op man en vrou eensydig.

p.203. Vandag se mans, omdat hulle hul manlikheid grotendeels geabdikeer het, gee minder om vir orde en meer vir bevrediging. Gevolglik raak die vrou nou meer betrokke by die probleem van sosiale verval en van wet en orde. Sosiale en politieke optrede word dus 'n dwingende vroulike bekommernis. Hulle bekommernis onderstreep die verval van die samelewing en die mislukking van die mans. Matriargale mag ontwikkel as 'n substituut vir 'n normale regsorde. 'n Matriargale samelewing is nie 'n samelewing waarin vroue regeer nie, maar eerder 'n samelewing waarin mans faal om hulle dominium uit te oefen, sodat die vroue met 'n dubbele verantwoordelikheid gekonfronteer word. Hulle moet hul eie werk doen en dan nog werk om die anargie af te weer wat veroorsaak is deur die man se morele onvermoë. In die matriargale samelewing word die vrou belas, nie bevorder nie; hulle word gepenaliseer, nie beloon nie. (Die Negers; die Amerikaanse Indiaanse stamme; die Westerse kultuur.)

p.203–205. Sorin se beginsels van die Christelike Gesinsorde in Amerika – 1840. 1. *Wedersydse toegeneentheid.* 2. *Wedersydse vertroue.* 3. *Wedersydse aandag en respek.* 4. *Wedersydse ondersteuning.*

Revolusionêre aktiwiteit is teen hierdie gesinsorde gerig. Permissiwiteit is 'n revolusionêre konsep en keer die groei van selfdissipline, en dit lei tot jeugmisdadigheid, en veroorsaak 'n ongelooflike graad van selfsug. Die gebrek aan selfdissipline lei tot selfbelangrikheid. Omdat hul geen outoritêre kriterium van oordeel het, anders as die self nie, het permissief opgevoede jeugdiges geen geldige kriterium van self-waardering nie. In ander tye was tieners alreeds volwassenes, en mans van 20 of 30 was mans wat sake kon hanteer.

p.206. Die self-belangrikheid van die man as man *het alle standaarde vernietig, behalwe die van die humanisme.* p.207. Hierdie soort van anargisme het die gesin en sy outoriteit in elke eeu geërodeer. Dit het die vader verneder tot 'n nonentiteit, en dit het die moeder met 'n onmoontlike las opgesaal. Waar die pa as die bron van gesag voorheen normaalweg die toesig en beheer oor kinders gekry het in geval van 'n egskeiding, gebeur dit nie vandag nie.

p.208. In die ontwikkelende wetstruktuur van humanisme word implisiet stryd gevoer teen ouers en die gesin, as iets boos, en word beskerming gebied aan perverte en wetsverbrekers onder die aanname dat hul "regte" beskerm moet word.

**8. Die Heilige gesin.**

Dit is nie toeval dat Jesus Christus, die tweede persoon in die drie-eenheid, ook lid van 'n menslike gesin was nie. Die vleeswording was 'n realiteit, en basies tot hierdie werklikheid was die geboorte van Jesus in 'n Hebreeuse gesin en as die erfgenaam van 'n koninklike lyn. Christus is gebore as 'n vervulling van profesie, en in terme van die wette wat basies is aan die gesin. Aspekte van hierdie feit:

*Een.* Jesus Christus is gebore as die erfgenaam van die troon van Dawid, en as vervulling van beloftes aangaande die toekomstige betekenis van daardie troon. 2 Sam. 7:12; Ps. 89; Ps. 132. Hierdie koninkryk van die Messias of Christus is "sy koninkryk" 2 Sam.7:12. en word verklaar met Hom in gedagte. (Die belofte word gevier.)

*Twee.* Christus se koninkryk is die herstel van gesag, wet en orde. p.209. Jes. 1:26. Die wet van God sal weer opgerig word as 'n gevolg van die nuwe Sinai, Golgota, deur die groter Moses, Jesus Christus. Jes. 9:6, 7; 11:4, 6, 9; 35:1.

*Drie.* Christus se koninkryk is nie beperk, soos die van Dawid, tot Kanaän nie, dit vul die hele aarde. Matt.5:5; Rom. 4:13; Rom. 4:16, 17. Die ware erfgename is erfgename deur geloof. p.210. Gal. 3:29; Joh. 18:36 - Christus se Koninkryk kom nie van hierdie wêreld nie, want dit is *van* God en *oor* die wêreld.

*Vier.* Christus, deur sy geboorte uit 'n maagd, was 'n nuwe skepping, 'n nuwe Adam: soos Adam, 'n wonderwerk, 'n skepping direk van God, maar, anders as Adam, wat geen verbintenis met 'n vroeër mensheid gehad het nie, was Christus verbind aan die ou mensheid deur sy geboorte uit Maria. Lukas 1:34, 35; 3:38. Adam en Jesus was "Seun van God". Christus - "die tweede mens", "die laaste Adam". 1 Kor. 15:45-47: - Die oorsprong van die nuwe mensheid. Deur Sy geboorte van God en uit die maagd Maria, is Jesus die hoof van die nuwe geslag, as die nuwe Adam, om die aarde van die nuwe saad te voorsien om die ou Adamiese geslag te vervang. Die eerste Adam is in die Paradys versoek, en het geval. Die nuwe Adam is in die Adamiese woestyn versoek en het daar met die herstel van die paradys begin. Mark. 1:13. Gemeenskap is daar herstel, deur die "tweede man", met die engele van die hemel en die diere van die aarde. As die ware Adam, het Hy gesag uitgeoefen, Gen. 1:28, en as die Heer van die aarde, het Hy Sy wet op die berg uitgevaardig en daardeur die geldigheid van die wet bevestig wat Hy vroeër deur Moses gegee het. Matt. 5:1-7:29. Jesus het homself as koning verklaar in die Bergpredikasie, deur te sê: "Ek sê vir julle", p.211. en deur Sy Groot Opdrag het Hy dit duidelik gemaak dat Sy koninkryk oor die hele aarde is. Matt. 28:18-19.

*Vyf.* Jesus Christus, as Koning van die aarde, het *die reg op gesag.* Dit beteken dat Hy almal aanval en oorwin wat Sy gesag ontken. Eseg. 21; 27. Hierdie verslaan van sy vyande hou aan tot vandag toe. Heb.12:25-29.

*Ses.* Jesus is onder die wet gebore en in die wet in gebore, sodat Hy die wet sou vervul. Hierdie vervulling het Hy begin vanaf Sy geboorte in die Heilige Gesin in, waar hy, as 'n pligsgetroue seun, die vyfde gebod onderhou het, Sy hele lewe lank. As die wettige erfgenaam van 'n koninklike troon, het Hy aanspraak gemaak op die Godgegewe beloftes, en, as die wettige koning van die aarde, is Hy in die proses om al die valse erfgename te onteien en alle vyande van Sy eiendom ook.

*Sewe.* Jesus Christus het die gesinswet gehoorsaam. As 'n pligsgetroue seun, het Hy vanaf die kruis voorsiening gemaak vir Sy moeder. Die nuwe "seun" wat Christus vir Maria gegee het, was volgens die gesins*geloof,* Joh. 9:25-27, sodat Christus aangetoon het dat ware erfgenaamskap (want die erfgenaam erf verantwoordelikhede) deur *geloof* is, meer as deur bloedlyn, vgl. Matt. 12:49. Binne die heilige gesin het die gesinsreg dus duidelik as voorbeeld gedien. Veral in Sy *erfgenaamskap,* het Jesus Christus die verantwoordelikhede van die erfgenaam gedemonstreer. As erfgenaam van die gesin, het Hy Sy gesinsverantwoordelikhede as erfgenaam tot 'n troon, vervul, Sy koninklike verpligtinge, as erfgenaam van die geslag se mantel, as die tweede Adam, nagekom, en Sy verpligtinge teenoor die geslag nagekom. Hy het dus gewys dat erfgenaamskap verpligtinge meebring.

## 9. Die Beperkinge van die Mens se Outoriteit.

Die probleem met outoriteit is basies aan die natuur van elke samelewing. As die leer van outoriteit vernietig word, stort 'n samelewing in duie of word dit in stand gehou slegs deur totale terreur. Dit het algemeen geword vir geleerdes om die feit dat outoriteit 'n godsdienstige saak is, te vermy, die feit dat die god of finale gesag van enige sisteem ook die wetgewer van daardie sisteem is. p.212. Omdat die uitgangspunt van alle outoriteit godsdienstig is, daarom moet die beginpunt van alle besprekings van outoriteit godsdienstig wees. God is nie die finale skakel in outoriteit nie, maar die alfa en omega van alle outoriteit of gesag. Alle gesag is in wese godsdienstige gesag; die aard van die gesag hang af van die aard van die godsdiens. Ongehoorsaamheid aan 'n bestaande gesag beteken dat 'n nuwe gesag in vooruitsig gestel word.

Die belangrikste priesters en die ouderlinge het die regte vraag aan Jesus gestel, vir die verkeerde redes, omdat hul onwillig was om te erken wat hul eie leer van gesag was. p.213. Maar die vraag bly staan: "Deur watter gesag doen u hierdie dinge? En wie het u hierdie gesag gegee?" Matt. 21:23. Hulle het alreeds gesien wat Sy verklaarde gesag was, en het opgemerk, "u, wat 'n mens is, maak van uself 'n god." Joh. 10:23. Jesus het Sy gesag op Sy Vader gegrond, en op Homself as die vleesgeworde God. Sonder 'n geldige leer van gesag, kan geen orde bly staan nie. Om jou te beroep op sentiment of dankbaarheid, is futiel: Die mens word gebind deur 'n godsdienstige leer van gesag of hy is nie gebind nie, behalwe deur sy eie plesier of gerief, wat geen verbintenis is nie. Ps. 62:11; Dan. 2:21; 4:32; Rom. 13:1. p.214.

In die vroeë Amerika was daar geen kwessie, wat ook al die *vorm* van die regering was, omtrent die feit dat alle gesag van God afkomstig was nie. Die invloed van die klassieke tradisie het egter die gesag van die volk laat herleef, wat nie in lyn is met die leer van God se gesag nie. Die gesag van God is toenemend in Amerika verplaas met die gesag van die nuwe god, die volk. Van ander lande is dit nie minder waar nie. Christus, wat gekom het om mense te verdeel in terme van Homself, word deur die koningin van Engeland gesien as die een wat gekom het om mense te verenig in terme van die mensheid. Die Marxistiese gesag is nougeset humanisties en word afgedwing deur 'n onverskrokke totale terreur.

Onder 'n Bybelse leer van gesag, omdat die magte wat daar is, deur God ingestel is, Rom. 13:1, is alle gesag onder God en aan Sy woord onderworpe. Dit beteken:
*Een.* dat alle gehoorsaamheid onderworpe is aan 'n vooraf gehoorsaamheid aan God en aan Sy woord, want ons behoort aan God meer gehoorsaam te wees as aan die mens. Hand. 5:29; en vgl.4:19. Alhoewel burgerlike gehoorsaamheid spesifiek beveel word, Matt. 23:2,3; Rom. 13:1-5; Titus 3:1; Heb. 13:7, 17; 1 Pet. 2:13-16; Matt. 22:21; Mark 12:17; Lukas 20:25; ens. is dit net so vanselfsprekend dat die voorvereiste van gehoorsaamheid aan God moet geld. Dus, die apostels het bevele p.215. van hulle Koning om die evangelie te verkondig, en daarom het hulle geweier om tot stilswye gedwing te word deur die wettige gesag. Hand. 4; 18; 5:29; vgl. Makkabeërs 2:22.

*Twee.* dat alle gesag op aarde, terwyl dit onder God is, en nie self God is nie, vanuit sy aard en noodsaak beperkte gesag is. Die beperkte aard van alle ondergeskikte gesag word helder uiteengesit in 'n hele paar wette. Deut. 25:1-3. Omdat Bybelse reg nie die toename, in tye van gehoorsaamheid, van 'n klas van professionele misdadigers en geharde jeugmisdadigers toelaat nie, word in die Bybel met die "bose mens" nie 'n ontaarde krimineel bedoel nie maar 'n sondige burger en buurman. Hy gee homself oor aan die oordeel en word heringestel in die samelewing; hy is nie 'n mens wat gedegradeer word, of as onbelangrik beskou word, deur die gemeenskap, of deur die outoriteite, deur die straf wat hy ontvang nie. Deut. 28:58, 59.

Dit bring 'n veelseggende aspek van *die bedoeling van die wet* na vore. Deur doodstraf vir die geharde misdadigers te vereis, het die wet die vyande van 'n godvresende samelewing *geëlimineer*, die wet het hulle uit die samelewing *verwyder*. Dit is die *dodende* deel van die wet. Aan die ander kant, deur *restitusie* van ander oortreders te vereis, en *lyfstraf*, p. 216. toe te dien aan mense wat geringer oortredings begaan het, het die wet meegewerk daartoe om die mens terug te plaas in die samelewing, om die mens *skoon* te maak of te *genees*. Deut. 28:58, 59 het die bedoeling om God se vernietigende oordeel te verhoed deur Die toepassing van God se helende oordeel. Die mens wat restitusie gedoen het, of wat sy strafhoue ontvang het, het sy boete betaal aan die benadeelde persoon en aan die samelewing en was herstel in sy burgerskap. Waar die wet probeer om te genees sonder om dood te maak, maak dit juis dood. Die gesag van die burgerlike regering word streng beheer en beperk deur die woord van God, straf is altyd onderworpe aan die wet van God; die normale straf is restitusie; in *geringe* oortredings rakende persoonlike verskille, is dit lyfstraf, 'n pak slae. Lev. 19:14; Deut. 27:18; Job 22:15; Rom. 14:13.

*Drie.* Dat die wet *die oppergesag van die geskrewe wetwoord van God benadruk.* Die vorm van die burgerlike orde mag p.217. verskil: dit mag 'n verenigde koninkryk van regering wees deur regters of goewerneurs, Deut. 17:18-13, of 'n monargie, Deut. 17:14-20, maar die oppergesag van God se wet en gesag bly van krag. Die enigste gesag in elke sfeer van regering, huis, kerk, skool, of ander, is die geskrewe woord van God. Deut. 17: 9-11. Die

mens wat geweier het om God se wetwoord as bindend op homself te beskou toe oordeel uitgespreek is, is tereggestel, sodat die kwaad uit Israel verwyder kon word, of om die kwaad uit die land uit te verdryf. Deut. 17:12, 13. Die koning wat regeer het, moes (a) een van die verbondsvolk wees; dus 'n man van geloof omdat die verbond geloof vereis; (b) hy moes nie die perde vermenigvuldig nie, dus instrumente van aggressie eerder as van verdediging in oorlog vermeerder nie, ook nie vroue vermenigvuldig nie ('n veelwywer wees nie), en ook nie vir homself baie goud en silwer opgaar nie, want sy doel moes wees, die voorspoed van die volk onder God eerder as sy eie rykdom; 'n ryk staat beteken 'n arm volk; (c) die koning moet die wetwoord van God lees en bestudeer, al die dae van sy lewe, sodat hy mag leer om die HERE sy God te vrees, om al die woorde van hierdie wet en die statute te onderhou en te doen; en (d) die doel van hierdie studie van die woord is nie net om God se regsorde te bevorder nie, maar ook sodat sy hart hom nie sal verhef bo sy broers nie, omdat hy 'n mede-onderdaan van God is, en sodat hy kan regeer in gehoorsaamheid aan God, al die dae van sy lewe. Deut. 17:14-20; Ps. 40:7; Heb. 10:7, 9. In die Bybelse reg is die koning, sowel as die regter, die priester, die vader, en die volk, almal onder die geskrewe wetwoord van God, en *hoe hoër die posisie, hoe belangriker is gehoorsaamheid aan God.*

*Vier.* dat persoonlike giere nie voorrang kan geniet bo God se wet nie, selfs waar dit ons eiendom aangaan. Deut. 21:15-17. Die enigste wettige gronde vir erfgenaamskap is godsdienstige gronde. Ons moet daarom tot die slotsom kom dat *gesag nie net 'n godsdienstige konsep is nie, maar 'n totale konsep.* Dit behels die erkenning op elke vlak van ons lewe van God se absolute regsorde. Die beginpunt van hierdie erkenning is in die gesin: "Eer jou vader en jou moeder." Uit hierdie gebod, met sy eis dat kinders hulself moet oorgee aan, en gehoorsaam moet wees aan die gesag van hul ouers, onder God, kom die basiese en fundamentele afrigting in godsdienstige gesag. As die gesag van die huis ontken word, beteken dit dat die mens in opstand is teen die grein en struktuur van die lewe self. Gehoorsaamheid dra dus so die belofte van die lewe.

## VI

## DIE SESDE GEBOD

### 1. Jy mag nie doodslaan nie.

p. 219. Die sesde gebod is, tesame met die agste gebod, die kortste stelling in die tafel van tien gebooie. Eks. 20:13; Deut. 5:17. Calvyn het gesê dat *ongeregverdigde* geweld deur die wet verbied word; doodstraf, gewettigde oorlogvoering, selfverdediging, en soortgelyke handelinge is nie verbode nie. "Onder die woord doodslaan," het hy bygevoeg, "word verstaan alle geweld, slaan en aggressie." Hy sê verder: "Daar is twee dele in die gebod – *Eerstens*, dat ons niemand moet kwaad maak, onderdruk, of in vyandskap met enige een moet leef nie; en, *tweedens*, dat ons net in vrede moet lewe met mense sonder om twis op te wek, maar ook, so ver as ons kan, die ellendiges wat onregverdig verdruk word, moet help, en moet probeer om die bose mense te weerstaan, sodat hulle nie mense kan benadeel soos hulle wil nie. p.220. Jesus het die wet opgesom in Matt. 22:36 – 40. Die regte betekenis van die wet omvat sowel die negatiewe beskouing as die positiewe bevestiging daarvan.

Die wet vra twee dinge van elke mens, *gehoorsaamheid en afdwinging*. Om die wet te gehoorsaam, beteken om dit af te dwing in jou eie lewe en in jou gemeenskapslewe. God se wet is nie 'n private saak nie, dit is nie vir ons om dit persoonlik toe te pas net omdat ons daarvan hou nie, terwyl ons ander mense toelaat om watter wet hulle ook al verkies, na te volg nie. Die wet is geldig vir ons omdat dit geldig is vir almal; om dit te gehoorsaam, is om 'n universele bevel as bindend op ons en op alle mense te aanvaar.

*Een*. 'n Belangrike beginsel wat in die wet verskyn: Gehoorsaamheid vereis dat ons 'n totale toepassing van die wet nastreef.

*Twee*. Hierdie gebod is meer as suiwer polities in sy omvang. Dit verwys na oneindig meer as na gevalle van aanranding en moord, wat kriminele oortredings is, en onderworpe is p.221. aan 'n verhoor deur die burgerlike owerhede. Wet en orde is die verantwoordelikheid van alle goeie mense, sonder uitsondering. Ons polisiëringsmag behels aksie teen rugstekery en storiesdraery. Dit vereis ook dat ons, uit liefde vir ons naaste, moet omgee vir sy eiendom sowel as sy reputasie, om so skade daaraan te verhoed. Verder, ons polisiëringsmag en die verbod teen doodmaak, vereis dat ons die aarde en sy hulpbronne geheel en al volgens die Woord van God en onder Sy wet moet gebruik. Dus is slegs 'n klein gedeelte van die uitoefening van die mens se polisiëringsmag polities van aard.

*Drie*. Die wet maak dit baie duidelik dat doodstraf deel is van die wet, sodat dit nie moord is om 'n lewe te neem volgens God se voorskrifte en onder Sy wet nie. Lewe is deur God geskep en kan slegs volgens God se voorskrifte aangeval of geneem word. Die voorwaardes van lewe is deur God daargestel. Beide die gee en die neem van lewe is aspekte van die mens se godsdiensplig: die mens moet nie slegs vermy om moord te pleeg nie, en probeer om 'n moordenaar te arresteer nie, maar moet ook sorg dat die moordenaar die doodstraf opgelê word.

*Vier*. Omdat die beskerming en behoud van die mens se lewe onder God die positiewe bevestiging van die sesde gebod is, is gesondheidsorg nou verbonde aan godsdiens. Die

dokter se funksie is om genesing te bevorder en om die mens se lewe te beskerm en te bevorder onder God. p.222.

*Vyf.* Eerbied vir God en Sy Wetwoord is basies tot hierdie en elke ander gebod. Nie verering vir lewe nie, (Albert Schweitzer), maar respek vir lewe. Lewe kan nie bo God geplaas word nie. Dit is met sonde eerder as met die dood waarmee die mens moet rekening hou.
*Ses.* Hierdie gebod het 'n politieke, sosiale en godsdienstige verwysing; in der waarheid is sy elke verwysing godsdienstig van aard. p.223. Die suiwer persoonlike verbreking van hierdie gebod behels enige en elke misbruik van ons liggame wat tot die benadeling van ons gesondheid en in die verbreking van God se wil vir ons is. Dit beteken ook dat gemoedstoestande wat afbrekend en selfvernietigend is, in stryd met hierdie wet is. Die persoonlike toepassing sluit in merke, insnydings, en tatoeëring op die liggaam, want die liggaam moet gebruik word onder God se wet, en al sulke handelings is verbode deur die wet. Lev. 19:28; 21:5. Die gelowige, as 'n vry man in Christus, dui Christus se heerskappy aan deur gehoorsaamheid, nie deur slaafse merke nie: Die liggaam word heilig gehou en rein vir die Here.

*Sewe.* Die sesde gebod het 'n verwysing na al tien gebooie. Wanneer die wet verklaar: "Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie", Eks. 20:30, beteken dit gedeeltelik dat elke oortreding van elke wet beteken dat ons onsself en ons wil bokant God se woord plaas, en dit is dus 'n verbreking van die eerste gebod. Soortgelyk, wanneer die wet verklaar, "Jy mag nie doodslaan nie", beteken dit dat enige oortreding van die eerste en die tweede "tafels" van die wet, 'n vernietiging van ons lewe in verhouding tot God behels. Ons gaan onder die doodstraf gebuk, en is op pad na die dood, deur ongehoorsaamheid. Wanneer ons die vyfde gebod oortree, bring ons ook die dood oor ons gesin, soos wat ons doen met oortredings van die sewende. Eks. 20:14. Nie slegs die gesin nie, maar die samelewing word aangeval of gedood deur die oortreding van hierdie en ander gebooie. Die agste gebod, Eks. 20:15, beskerm eiendom en beskerm daardeur die lewe van die gesin en ook van die maatskaplike orde. Dit is nie minder waar nie van die dinge wat verbode is in die negende en tiende gebooie, teen valse getuienis en gierigheid; mense en nasies word benadeel en vernietig deur hierdie dinge.

Dus, om God alleen te aanbid, is die kern van die wet; om te lewe, is om God te aanbid deur die lewe slegs op God se voorwaardes te gebruik. Die wet is allesinsluitend, p.224. omdat God geheel-en-al God is, absoluut en almagtig. Gesondheid vir die mens beteken heelheid in terme van die wet van God.

Die logika van mense en nasies is dat hulle leef en handel volgens hulle geloof; en hoe groot die sosiale inertia ook al mag wees, die rigting van 'n samelewing word beheer deur, en beweeg onkeerbaar na, die uiteinde van 'n basiese uitgangspunt.

Alle lewe beweeg in 'n rigting in terme van God se skeppingsdoel. Matt. 6:26, 30; 10:29-31; Lukas 12:6-7. Wanneer die mens sondig, vervang hy God se doel met 'n ander rigting en doel. Matt. 7:16, 20. Die probleem van 'n oorgangsperiode in die geskiedenis is dat die mense steeds nog 'n oorblyfsel het van die ou geloof, terwyl hulle al hoe meer handel in terme van hul nuwe geloof. Omdat die moderne mens humanisties is, laat hy al meer die oorblyfsel van sy Christelike wet vaar, ten gunste van sy humanistiese hart en geloof. 'n Mens sal uiteindelik handel volgens sy geloof, nie volgens sy krimpende sentimente vir 'n vergange orde nie, en vandag laat selfs "konserwatiewes" hulle basiese humanisme blyk.

Die groot vyand van die "nuwe" libertyne is die Bybelse geloof, omdat dit vashou aan die absolute waarheid, en baie wat ervaring gehad het van hierdie relativistiese libertyne, kan getuig dat hulle met graagte sal saamwerk met enigeen, selfs ook met Marxiste, om teen Christene stryd te voer. Die mens sal handel volgens sy geloof, en daar is 'n onontkombare konsekwentheid in die mens, omdat hy geskape is binne 'n verenigde en totale wêreld van betekenis, en nie kan lewe nie, selfs nie in sonde nie, in enige ander soort wêreld nie. Matt. 7:16-18. Daar is 'n proses van rypword, en daar is siektes wat van tyd tot tyd goeie bome kan investeer, maar 'n boom is trou aan sy aard, en 'n mens handel in terme van sy basiese geloof.

p.225. Indien 'n mens se oriëntering na God toe is, deur Sy soewereine genade, dan sal daardie man georiënteer wees tot die lewe en tot gehoorsaamheid aan die Wetwoord van die lewe. Maar as die mens se uitgangspunte nie Bybels is nie, as sy basiese geloof humanisties is, dan sal sy oriëntering wees tot sonde en die dood. Die gebod, "Jy mag nie doodslaan nie," verbied selfmoord, omdat ons nie alleen staan nie; ook kan ons nie ons lewens volgens ons eie woord neem nie; maar die wat buite God en Sy regsryk is, is geneig tot selfmoord. Alle mense, omdat hul volgens hul geloof optree, maak hulself geleidelik dood. En ook hul samelewing, of, deur God se genade en Wetwoord, beweeg hulle en hul samelewings na die lewe toe, na die meer oorvloedige lewe toe.

## 2. Die Doodstraf.

'n Mens sal volgens sy geloof optree, en, indien sy geloof humanisties is, sal sy basiese norm noodwendig die mens wees, nie God se wet nie. Wanneer die mens sy eie god is, dan is die mens en die mens se lewe van die hoogste waarde vir hom. Die grootste sonde word dan die neem van lewe, die ergste soort sonde is die doodstraf, die doelbewuste neem van lewe deur die staat.

Die mees p.226. boosaardige mense van almal is dan hulle wat ten gunste van die doodstraf is. Die mens moet bokant die wet en dus bokant geregtigheid verhewe wees. Geregtigheid is dus verklein tot rasionalisasie en georganiseerde haat.

p.227. Dit is duidelik dat daar 'n godsdienstige stryd aan die gang is tussen humanisme en Christelikheid, en in daardie stryd is die kerk, staat, en skool amper almal aan die kant van humanisme en gekant teen die christendom. Maar die geskiedenis is nog nooit bepaal deur die meerderheid nie, maar altyd en slegs deur God.

Die stryd is tussen God se absolute geregtigheid en Sy regsorde, en die mens se wettelose selfhandhawing en outonomie. God se regsorde vereis die doodstraf vir oortredings teen God se ryk, oortredings wat die doodstraf vereis. Die mens se wet sê dat dit lewe te hoog ag om dit te neem, maar humanistiese samelewings eis die dood vir hulle wat hul beskou as hulle vyande. Nie slegs elke moordenaar nie, maar elke dier wat 'n mens p.228. dood maak, moet met sy lewe boet. God vereis dit van 'n land, en bring uiteindelike oordeel oor diegene wat hierdie vereiste nie nakom nie. Gen. 9:5, 6; Num. 35:29-34.

Volgens Bybelse reg, is die vereiste maniere van straf, soos opgesom deur H.B.Rand:

1. Die doodstraf vir halsmisdade.
2. Lyfstraf vanaf een tot veertig houe vir geringe oortredings.

3. In geval van diefstal en vernietig van 'n ander se eiendom, restitusie, waartoe bygevoeg moet word vanaf 'n honderd tot vier honderd persent as straf.
4. Diegene wat finansieel nie in staat was om restitusie te maak nie, of om die boete te betaal nie, is verplig om met hul werk en slawe-arbeid te betaal totdat die skuld ten volle vereffen is.
5. Inperking in 'n vrystad as jy per ongeluk iemand doodgemaak het.

p.229. Die beginsel wat betrokke is in die Bybelse strafreg word vervat in Eks. 21:23-25; 21:1-36; die straf moet pas by die oortreding: Lev. 24:17-21; Deut. 19:21.

**Oehler**: Doodstraf: Eks. 21:23-25; Lev.24:18 en verder; Deut. 19:21; Eks. 21:12 en verder; Lev. 20; Deut. 8:6 en verder; Eks. 12:15, 19; Eks.31:14 en verder; Lev. 7:20 en verder; Lev. 17:8 en verder; 22:2; Num. 19:13, 20; Lev. 17:10; Eks. 31:14; Eks. 21:12 en verder; Lev. 20; Lev. 20:4-6.

p.230. Daar is twee soorte van doodstraf:
*Eerste*, God Self voer die oordeel en die doodstraf uit oor mense en nasies vir sekere oortredings. Dit doen Hy volgens Sy tyd en wil en niemand kan Hom teenstaan nie.
*Tweede*, God dra aan die mens die plig oor om die doodstraf toe te dien vir sekere oortredings en dan moet dit sonder onnodige uitstel en sonder huiwering geskied.

Wanneer ons die verpligting van die mens om die doodstraf toe te pas, beskou, bemerk ons:

*Een*. Normaalweg kon geen losprys of boete betaal word om die wat skuldig bevind is aan moord, te bevry nie. Num. 35:31; Eks.21:29, 30.

*Twee*. Die Bybelse reg hou diere sowel as mense aanspreeklik vir aanklagte van moord. Gen. 9:5; p.231. Eks. 21:28, 29-32, 35, 36. Die eienaar is nie skuldig indien die dier geen vorige rekord van geweld sonder aanleiding of oorsaak het nie.

*Drie*. Die beginsel is 'n lewe vir 'n lewe, d.i. 'n straf in verhouding tot die misdaad. Moord vereis die doodstraf, of die oortreder nou 'n dier, of 'n kranksinnige, 'n kind, of 'n agterlike persoon is. Die gevangenis is 'n humanistiese uitvindsel: p.232. "Die barmhartigheid van die goddelose is wreed." Spr. 12:10. p.233. Die howe van vandag, terwyl hul voortgaan in terme van humanistiese reg, is steeds vyandig teenoor wet en orde. p.234. **Gardner**: "Die regte van die individu word beskerm, slegs as die individu 'n misdaad begaan het." p.235.

*Vier*. Die doodstraf word deur die Skrif vereis vir 'n hele paar oortredings:

1. Moord, maar nie as 'n persoon iemand per ongeluk gedood het nie. Eks. 21:12-14.
2. Om 'n ouer te slaan of te vloek. Eks. 21:15; Lev. 20:9; Spr. 20:20; Matt. 15:4; Mark. 7:10. Daar moet op gelet word dat Christus die skrifgeleerdes en die Fariseërs veroordeel het omdat hulle hierdie wet opsy geskuif het.
3. Ontvoering. Eks. 21:16; Deut. 24:7.
4. Egbreuk. Lev. 20:10-21, sal later bespreek word.
5. Bloedskande. Lev. 20:11-12, 14.
6. Omgang met 'n dier. Eks. 22:19; Lev. 20:15-16.
7. Sodomie en homoseksualiteit. Lev. 20:13.
8. Onkuisheid. Deut. 22:20-21, sal later bespreek word.

9. Verkragting van 'n verloofde maagd. Deut. 22:23-27.
10. Heksery. Eks. 22:18.
11. Die offer van menslike offerandes. Lev. 20:2.
12. Geharde jeugmisdaad of gewoontemisdaad. Deut. 21:18-21.
13. Laster. Lev. 24:11-14, 16, 23, alreeds vroeër bespreek.
14. Sabbatsontheiliging. Eks. 35:2; Num. 15:15:32-36, alreeds vroeër bespreek; nou vervang.
15. Propageer van valse leringe. Deut.13:1-10, ook vroeër behandel.
16. Offer aan valse gode. Eks. 22:20.
17. Weiering om by die hofbeslissing te berus en dus die ontkenning van die wet. Deut. 17:8-13.
18. Die nalaat van die teruggee van 'n pand of 'n borg, Eseg. 18:12, 13; omdat so 'n daad die moontlikheid van gemeenskapsvertroue en assosiasie vernietig.

Die metodes van doodstraf was deur verbranding, Lev. 20:14; 21:9; steniging, Lev. 20:2, 27; 24:14; Deut.21:21; ophang, Deut.21:22-23; Josua:8:29; en die swaard. Eks. 32:27-28. Die gebruik van die swaard was in buitengewone gevalle; en die basiese vereiste in elke geval was die doodstraf self eerder as die manier van die toediening daarvan.

Carey: Doodstraf mag nooit toegedien gewees het op die getuienis van minder as twee getuies nie. Num. 35:30; Deut. 17:6; 19:15. Gespesifiseerde voorbeelde waar getuies self die straf moes uitvoer. Deut. 13:6-10; 17:7. In sommige gevalle deur die volk. p.236. Num. 15:32-36; 13:6-10. Deur die naasbestaandes, die bloedwreker. Deut.19:1-12.

Die strawwe, tesame met Bybelse geloof wat dit gemotiveer het, het meegewerk om misdaad te verminder. Bybelse reg elimineer die onrehabiliteerbare en gewoonte-misdadigers; Bybelse geloof gee aan die mense 'n vroom karakter en 'n wetsgehoorsame instelling. Die verval van die humanistiese regsordes is te wyte aan die radikale kriminele gesindheid van hul wettelose mense.

p.237. Die wet verval wanneer die geloof daaragter verdwyn het. Die vyandigheid teenoor die doodstraf is humanistiese vyandigheid teenoor God se wet. Maar God se regering sal bly voortbestaan, en die alternatiewe is duidelik: òf die mense en die volke gehoorsaam Sy wette, òf God spreek die doodstraf uit oor hulle.

238. Die feit is steeds geldig dat feitlik alle aangeklaagdes wel skuldig is, en in sommige gevalle skuldig pleit. Om nie die reg te wil toepas nie, uit vrees dat 'n onskuldige veroordeel sal word, is om onreg te laat toeneem. Die afdwing van burgerlike en kriminele reg is in die hande van sondige en feilbare mense; dit kan nooit onfeilbaar gemaak word nie. Om die kwaliteit van wetstoepassing te verbeter, en om groter gehoorsaamheid te weeg te bring, is dit nodig dat ons meer godvresende mense het. Daar is geen oplossing van hierdie probleem nie, maar slegs verdere degenerasie in enige verswakking van die wet. Om gevalle van onreg te gebruik as redes om die reg te vernietig, is self 'n baie groot en dodelike daad van onreg.

### 3. Oorspronge van die Staat: Sy Profetiese Ampte

p.239. Burgerlike owerhede, sowel as die kerk, skool en gesin, is daargestel deur God as verskillende aspekte van die blywende Koninkryk van God; elkeen word gekenmerk deur die vlekke van die sondeval, maar almal is deur God daargestel. Die direkte regering van God is

sedertdien bemiddel deur verskillende instansies, waarvan die staat een is. Dit is juis omdat selfs hierdie sondebesmette instansies steeds God se regering van die wêreld weerspieël, dat gehoorsaamheid beveel word, en dat teenstand as teenstand teen God verklaar word. Rom. 13:1-7.

p.240. Regering is 'n baie wyer term as die staat. Regering sluit in, eerstens, self-regering, dan die familie, kerk, staat, skool, roeping, private assosiasies, sowel as baie ander. Maar die staat as 'n "hoër" gesag, maar nie die hoogste nie, verteenwoordig God se bediening van geregtigheid, waarvan die vervulling gesien word in die hemel en die hel. Vir die staat om te kulmineer, tesame met die kerk, gesin, skool, en roeping, in die Koninkryk van God in die nuwe skepping, is net so min sy einde as wat die tyd van geboorte die dood van die fetus beteken. Eerder is dit die suiwerste lewe.

Die *eerste* en basiese plig van die staat is om die koninkryk van God te bevorder deur die soewereiniteit van God en Sy woord te erken en deur homself in lyn met die wetwoord van God te bring. Die staat het dus die plig om Christelik te wees. Dit moet Christelik wees net soos wat die mens, die gesin, die kerk, die skool, en alles anders Christelik moet wees. Om dit anders te beskou, is om die dood van God te bevestig in die sfeer van die staat. Omdat die kerk gefaal het daarin om van die staat te verwag om Christelik te wees, a.g.v. die kerk se implisiete dood-van-God teologie, het die kerk die staat oorgegee aan afvallige denke en die duiwel. Die kerk het dit gedoen, omdat hy die wet van God misken het. In werklikheid het die kerk geïmpliseer dat God dood is buite die mure van die kerk, en dan laat logika hom die dood van God binne die kerk verkondig.

p.241. Indien die staat nie 'n aspek van die Koninkryk van God is nie, sal dit noodwendig die konsep van sonde laat verval omdat dit geen ware God het nie. Omdat die mens onder die humanisme sy eie god word, kan geen wet dan hul gode regeer nie, die gode wat hulle eie wet is.

'n Staat getuig dus teen homself as dit in enige mate God se regsorde onderhou, en, as 'n staat daardie regsorde nie tot 'n mate onderhou nie, verval dit tot anargie. Die staat word erken as 'n orde waaraan 'n mens gehoorsaamheid moet bewys, en die Skrif vereis herhaaldelik gehoorsaamheid waar gehoorsaamheid vereis word, selfs wanneer die owerheid 'n Nero is. Ons kan nie goud en silwer verag nie, net omdat dit in die hande van goddelose mense is nie, inteendeel, ons moet probeer om dit self te besit op godvererende maniere. Ons moet bely dat goud goud is, wie ook al in besit daarvan is en hoe hul dit ook al mag gebruik. Net so is die staat die staat, geskep en bestem om 'n deel van God se koninkryk te wees. Ons is geroepe om God te verheerlik deur sy regsorde toe te pas, en God se regsorde kan nie verag word nie, hoe goddeloos die regeerders van die staat ook al mag wees. As ons goud verag en wegstoot, dan kan ons nie kla as die nuwe besitters daarvan nie volgens ons smaak is nie; indien ons afstand doen van die staat as God se instelling en as 'n belangrike aspek van Sy Koninkryk, kan ons dan kla as bose mense daarvan gebruik maak?

Die sesde gebod, "Jy mag nie doodslaan nie," het beide 'n negatiewe aspek, die straf van hulle wat onwetmatige dade van geweld pleeg, en 'n positiewe kant, die beskerming van lewe in terme van God se wet. Die staat moet die skrik van die bose wees, die beskermer van die goeie, en deur lg. geprys word. Rom. 13:3. Beskerming is nie "'n blote ontkenning nie: dit is 'n teenwoordige en aanhoudende klimaat van vrede en veiligheid. Die opdrag van koning Josafat

aan die regters van Juda is openbarend: "Kyk wat julle doen, want julle spreek nie reg vir die mense nie, maar vir die HERE; en Hy is by julle in die regspraak." 2 Kron. 19:6, 7. p.242.

Die wet is gegee as beginsels (die tien gebooie) en as sake (die gebooie in besonderhede gegee), en die betekenis moet uitgestippel word deur ervaring en deur geregtelike ondersoek. Dit beteken nie dat die wet 'n ontwikkelende iets is nie, maar dat die mens se bewuswording van sy implikasies ontwikkel soos wat nuwe situasies nuwe lig laat val op moontlike toepassings van die wet. Die psalmis in Ps. 119 het ongetwyfeld die wet gesien as 'n positiewe krag in sy groei en in sy vermoë om stand te hou onder die aanvegtinge van die geskiedenis.

Ons het gesien dat die Heiligdom God se troonkamer was. Toe die burgerlike regering van Israel ingestel is, is dit voor die Heiligdom gedoen. God het daar met die sewentig oudstes van die volk gepraat en sy Heilige Gees oor hulle uitgestort, sodat die eerste Pinkster die burgerlike Pinkster was by die instelling van die burgerlike gesag. Num. 11:16-17; 24-30. Die betekenis van hierdie gebeurtenis word gewoonlik verwaarloos. Moses het hier, as die verteenwoordiger van Christus, die Koning, die Gawe van die Gees bemiddel. Dat dit nie 'n alleenstaande gebeurtenis was nie, word duidelik deur die salwing van Saul, wat ook geprofeteer het. 1 Sam. 10:1-7. Die feit van profeteer was nie hulle amp of roeping nie, nie vir die sewentig oudstes nie, en ook nie vir Saul nie: Hulle was burgerlike regeerders. Die Geesvervulde getuienis van die profesie het bewys gelewer van hulle amp, dat dit deur God ingestel was. Hierdie twee burgerlike pinkster-gebeurtenisse het gekom aan die begin van die twee soorte van burgerlike regering in Israel, die statebond en die monargie. Die vroeë kerk het die voortsetting daarvan gesien in die kerklike Pinkster, deur sy rites van kroning. Vgl. die kroningsrites van die Britse Koningin.

p.243. Die burgerlike orde is direk onder God en is vasgestel op Sy bevel as deel van Sy Koninkryk. Wanneer die mense God vervang as heer en meester, dan maak die burgerlike pinkster plek vir Babel en die verwarring van tale. Geleerdes het pogings aangewend om hierdie sewentig manne van Num. 11:16 en 17 te verander in godsdienstige figure, maar daar is geen gronde hiervoor nie, en die parallelle burgerlike Pinkster by Saul se salwing, as 'n ego van Num. 11:24-30, maak dit duidelik dat hier 'n burgerlike orde in vooruitsig gestel word. Die gawe van profesie was by beide gevalle betrokke, nie omdat hulle profete geword het as predikers nie, maar omdat die ampte van burgerlike gesaghebbers, ampte van die staat, profetiese ampte is, daarin dat die burgerlike amptenaar namens God moet praat: die grondbetekenis van profeet is, die een wat namens God praat. Amptenare van die staat is profete vir sover as wat hulle die wet van God hou, gehoorsaam, bestudeer, en afdwing. Vir die staat om 'n onafhanklike werking te probeer verkry, is om sy amp te laat vaar en om 'n vals profeet te word.

p.244. Of dit nou met oplegging van hande is, of deur 'n ampseed en gebed, amptenare van die kerk en die staat word ingesweer in die amp van profeet en hulle is mense wat namens God praat in hul onderskeie sfere. Dit is 'n feit wat verwaarloos word, maar nogtans 'n feit volgens die Skrif. Die gawes van die Gees is nie los te maak van God se regsorde nie, en beide die kerk en die staat kan 'n deel van daardie orde wees. Hulle kan ook albei vervreemd van en vyandig teenoor daardie orde wees.

### 4. "Om Lewendig te Maak."

Die staat is meer as God se laksman; dit is God se instrument vir die beskerming van die godvresende lewenswyse en om geregtigheid te bevorder. (Onder God, nie onder die kerk nie.) p.245. Deut. 32:39; 1 Sam. 2:6; Jes. 43:13. Die Here is die groot wetgewer en regter, en daarvandaan Sy mag om dood te maak en om lewendig te maak, om te verwond en om te genees. Hierdie mag is gedelegeer aan menslike owerhede om gebruik te word in terme van God se wetwoord, en alle owerhede het dus in verskillende grade die mag om in te perk, te dood, lewe te beskadig, aan die een kant, of, aan die ander kant om te genees en lewendig te maak deur God se regsorde, en sy Woord te bevorder.

Hierdie funksie behoort onweerlegbaar aan die staat en die kerk. Die gesag van die sleutels wat aan die kerk gegee is, om sondes te vergewe of te bind, volgens God se woord, is 'n aspek van hierdie gedelegeerde gesag om te dood en om lewendig te maak. Matt. 18:18; 16:19; Joh. 20:23. Die kerk kan sondes vergewe waar God se woord vergifnis toelaat en weet dat hierdie vergifnis voor die hemel vasstaan; dit kan vergifnis weier waar God se wetsvoorwaardes vergifnis weier, verseker wees daarvan dat vergifnis geweier word in die hemel. Die kerk "maak lewendig" deur die bediening van die Woord en van die sakramente, nie omdat die mag p.246. om lewe te gee in die kerk gesetel is nie, maar omdat God getrou is aan Sy woord waar dit in waarheid bedien word.

Die skool (onderwysfasiliteite) het ook 'n plig, soos die huis, om te dood en om lewend te maak; om lewe te verwond in veroordeling, waar God se Woord dit vereis, en om lewe te bevorder deur sy lering en dissipline.

a. 'n Belangrike aspek van die plig "om lewend te maak" soos wat dit in die Skrifte voorkom, is kuns, en in die besonder in musiek. 'n Hele boek van liedere, die boek van die Psalms, is 'n deel van die geïnspireerde Woord en voortdurend word beveel dat God geprys moet word in sang en op musiekinstrumente.

b. 'n Belangrike area van wetgewing om "lewend te maak" behels pligte teenoor persone:

1. Teenoor weduwees en wese. Eks.22:22-24; Deut. 24:17; 27:19.
2. Teenoor die naaste, d.i. medeverbondslede; p.247. Deut. 22;4; Lev. 19:13a; 19:18; Eks. 23:4, 5.
3. Teenoor die armes: Eks. 23:6, 7; Lev. 19:9,10; 25:35-43.
   a. In die howe: Eks. 23:3; 6 en 7. p.248.
   b. In die alledaagse lewe: Lev. 25:35, 42; 1 Kor. 6:20.
4. p.249. Teenoor besoekers, uitlanders of vreemdelinge. Eks. 22:21; 23:9; Lev. 19:33,34; Deut. 10:17-19; 24:14,15,17; 27:19.

Terwyl die Bybelse reg streng is in sy veroordeling van misdaad, en van luiheid (Spr.), is dit net so streng in sy veroordeling van almal wat die swakkes of die vreemdelinge onderdruk. Die samelewing soos wat die Bybel dit sien, is kompeterend en vry maar nie verdelend nie. Dit is die essensie van beide moderne kapitalisme p.250. en van kommunisme, dat hulle verdelend is. Omdat die nodige voorveronderstelling van ware samelewing, Bybelse geloof, verdwyn het, het die samelewing atomisties geword en nie meer in staat daartoe om ware gemeenskap daar te stel nie. Om ware gemeenskap te hê, is nodig:

*1.* geloof, 'n gemeenskaplike band van religieuse leer en beoefening daarvan;

2. 'n religieuse nederigheid; 'n bewussyn van ons eie oorsprong en van God se genade;
3. om die vreemdeling sowel as ons naaste lief te hê, dus om net so om te gee vir hulle lewe, besittings, en reputasie, in woord, gedagte, en daad, soos wat ons dit vir onsself verlang;
4. dat die uitlanders en die swakkes nie slegs nie verdruk moet word nie, maar in hul nood ook deur ons bygestaan moet word;
5. dat die uitlanders en die swakkes, weduwees en wese, dieselfde noukeurige geregtigheid in die howe as die belangrikes van die dag moet ontvang, dus sonder bevoorregting en met inagneming van die wet en van hulle regte voor die wet;
6. dat daar 'n mate van bevoordeling moet wees vir die arm medegelowige t.o.v. lenings; wat sonder rente moet wees, en hul lewensnoodsaaklikhede (die weduwee se kleed) kan nie as borg geneem word nie; verder, ontvangers van daglone moet in die aand betaal word;

   Die behoeftiges en weerloses. Deut. 24:14; en 27:19; Lev. 19:14.

   Die slawe en dienaars. Eks. 21:2-6; Deut. 24:14,15; 15:12-15. p.251. Die armes moes gehelp word in hul node, maar hulp kon nie 'n subsidie wees nie. Slawe kon vir 'n periode van nie langer as 6 jaar slawe gemaak word nie; hulle moes goed behandel word en ontslaan word met 'n goeie betaling vir hulle dienste. Die slaaf, (bondservant) kon egter nie die beste van twee wêrelde hê nie. Die ou beginsel van reg, van hierdie wet afgelei, dat die ontvanger van welsyn nie kon stem nie, en ook soortgelyke regte ontbeer het, is nog geldig.
7. Eerbied vir die bejaarde. Lev. 19:32. Die swakke word beskerm deur die wet: die beskerming geld dus vir jonk (wese) en oud.
8. Die aanbring van "leunings" (werings, mure op jou dak): Deut. 22:8. p.252. Die verpligting om "lewend te maak" behels die verpligting om potensiële oorsake van gevaar te verwyder.
9. Bymekaarmaak agter die oesters aan en gedeelde offerande: Eks. 23:10, 11; Lev. 17:2-9; 19:9, 10; 23:22; Deut. 16:10-14; 24:1-21; vergelyk Rut 2. Twee van hierdie gedeeltes het betrekking op gedeelde offerande, 'n soort van liefdadigheid aan die armes, aan uitlanders en aan Leviete. Rigters 8:2 beteken, "Is die swakkes van die huis van Efraim beter as die sterkes van die huis van Abiëser?" Die optel van are het vereis dat die ontvanger moet werk. Die gedeelde offerande het die armes, die uitlander en die Leviet binne die gesin van die gewer geplaas as hulle tesame bly was voor die aangesig van die Here. Die gedeelde offerande en die afgeoeste are het ook daartoe bygedra om mense te verenig en om gemeenskap te bevorder. Gal. 6:2. Met verwysing na verantwoordelikheid en werk: Gal. 6:5. Die mens word nie "lewend" gemaak deur hom sy godgegewe verantwoordelikheid te ontneem nie. Die mens en die samelewing word vernietig deur valse liefdadigheid, want "die barmhartigheid van die sondaar is wreed", Spr. 12:10, maar die getroue vashou aan wet van die Here gee lewe.

p.253. Omdat die mens in 'n gevalle wêreld woon, het hy die taak van opbou, *restourering*. God het aan hom gedelegeer, in elke area van outoriteit, om te dood of lewend te maak, om sodoende die bedoelde heerskappy van God, wat aan die mens gegee is by die skepping van alle dinge, weer tot stand te bring. Die mens kan nooit heerskappy teweegbring sonder om albei aspekte van sy plig (om te dood of lewend te maak), onder God en volgens God se wet af te dwing nie. Om slegs dood te maak, bring niks tot stand nie; die tiranne van die geskiedenis is slegs vernietigers. Diegene wat dit wil vermy om seer te maak, om dood te maak, as 'n manier om 'n nuwe wêreld te skep, slaag net daarin om die oorwinning aan die bose te gee. Deurdat hulle lewe aan boosheid gee, bring hulle die dood oor die samelewing.

Slegs deur getrou God se mandaat na te kom, deur dood te maak, en te laat lewe, volgens God se wetwoord, kan die mens heerskappy oor die aarde uitoefen en die vereiste taak van restourering uitvoer.

## 5. Hibridisering en die Wet.

p.254. Liefde sonder die wet is totale permissiwiteit. Uiteindelik is dit die ontkenning van goed en kwaad ten voordele van 'n sogenaamde hoër weg. Die sedeleer (etiek) van die liefde lei tot die omstandigheidsetiek, daarin dat dit, in stede van God se absolute wet te aanvaar en toe te pas, dit die moraliteit of omstandigheid van 'n situasie laat bepaal deur die situasie self en die liefdevolle handeling waarvoor dit vra.

Die wet is nodig vir en basies tot die Christelike geloof. Liefde in Bybelse denkwyse, is nie antinomies (in-stryd-met-die-wet) nie. Dit is die vervulling van die wet. Rom. 13:8-10. Outydse vaders was dus skrifgetrou wanneer hul verklaar het dat hulle hul dissipline toepas as 'n daad van liefde. Antinomianisme vernietig onderskeidingsvermoë en die intelligente gebruik van dinge en is dus verbode: Lev. 19:19; Deut. 22:9-11; Gen. 1:11, 12, 21, 24, 25, ens.

p.255. Sekere regskonklusies kom duidelik na vore uit hierdie wette:

*Eerstens,* die gebod, "Jy mag nie doodslaan nie," is 'n wet wat fertiliteit voorstaan. Om die fertiliteit van 'n man, plante, en diere te beskadig of te vernietig is om hierdie wet te oortree. Hibride is duidelik 'n oortreding van hierdie wet – dit lei na steriliteit en oortree die skeppingsbevel. Gen. 1:12.

*Tweedens,* die gebod vereis duidelik 'n respek vir God se skepping. As God die Skepper van alle dinge is, dan het alle dinge 'n doel en is voordelig binne hul eie skeppingsfunksie. Om te probeer om deur verbastering God se skepping-"soorte" te verander of te verbeter, is teen Sy wet.

*Derdens,* 'n algemene morele beginsel van totale vermyding en afsku van elke tot niet maak van "soorte" word ook bevestig deur die wet. Lev. 18:22, 23; 20:13, 15, 16; Eks. 22:19; Rom. 1:27; vergelyk Gal. 5:19; 1 Tim. 1:10; 1 Kor. 6:9, 10; Open. 22:15.

*Vierdens,* Paulus het verwys na die wyer betekenis van hierdie wette teen verbastering, en teen die saam onder een juk inspan van 'n os en 'n esel om te ploeg. Deut. 22:10 en 2 Kor. 6:14. Onder een juk verwys hier na die gemengde huwelike tussen gelowiges en ongelowiges, en dit is verbode. Maar Deut. 22:10 verbied nie slegs ongelyke dra van 'n juk deur beeldspraak en as sakereg nie, maar ook in die algemeen. Dit beteken ook dat ongelyke huwelike tussen gelowiges sowel as tussen ongelowiges verkeerd is. p.257. Gen. 1:26; 1 Kor. 11: 1-12; Gen. 2:18, 21-23. "Hulp wat by hom pas". Dit beteken 'n spieëlbeeld, 'n beeld van die man, wat aandui dat die vrou iets religieus en kultureels in gemeen met haar man moet hê. Die oorwig van die wet is dus teen inter-godsdienstige en inter-kulturele huwelike, daarin dat hulle normaalweg juis teen die gemeenskap gaan wat deur die huwelik gebou moet word. Ongelyke dra van 'n juk skep op geen vlak harmonie nie; dit benadruk die verskille en vertraag die groei van die verskillende elemente wat lei tot 'n Christelike harmonie en assosiasie.

God het by die skepping van alle dinge, die dinge "goed" verklaar. Gen. 1:4, 10, 12, 18, 21, 25, 31. Die mens kan daarom nie sy medemens of enige deel van die skepping met minagting behandel nie.

Verwysings na omgee vir diere:

1. Eks. 20:8-11; 23:10-12; Lev. 25:5-7 – sabbatsrus vir diere.
2. Die os wat oes – ingesluit in die beloning van die oes. Deut. 25:4; 1 Kor. 9:9; 1 Tim.5:18.
3. Vernietiging van 'n spesie. Lev. 22:28; Eks. 34; 26 b; Deut. 22:6, 7.
4. Die terugbring van huisdiere wat weggedwaal het. Eks. 23:4, 5; Deut. 22:1-4.

Maar respek vir die skepping behels meer as omgee vir diere. Dit beteken om te erken dat, omdat God die skepper is, alles 'n doel het in terme van Hom. Die afgelope aantal jare het 'n fundamentele disrespek vir die wêreld gegeld vir 'n groot deel van die wetenskap.

p.258. Die mens se voortvarende inmenging met die balans van die natuur is besig om ernstige probleme te skep.

p.259. Purple martins, voëltjies wat peste uitroei.

p.260. Alle insekte en diere het hul Godgegewe plek in die lewensiklus; vernietiging van daardie siklus maak peste van andersins nuttige diere en insekte.

p.261. Die aarde self moet met respek behandel word.

Die Christen, soos wat hy die wêreld om hom aanskou, p.262. moet drie dinge besef:

*Eerstens,* die wêreld is nie 'n vyand nie, ook nie 'n vyandige element nie, maar die handewerk van God, en dit is die mens se vasgestelde gebied van heers onder God. Die mens moet daarom in harmonie met die skepping werk, dit nie aanval as vreemde en vyandige mag nie.

*Tweedens,* alhoewel die wêreld van nature goed is, is dit nogtans 'n gevalle wêreld. Om dit as volmaak te beskryf, en aan te neem dat die natuurlike manier die volmaakte manier is, is nie Christelik nie, maar humanisties. Gen. 3:17, 18. Die mens het vandag 'n herstellende en genesende werk. Hy kan nie verbastering uit probeer nie, maar hy kan daartoe werk om sy kudde te verbeter. Selfs in Eden, voor die val, was Adam se werk om die aarde te onderwerp, gebruik, en te ontwikkel onder God. God en Sy wet regeer die mens sowel as die natuur, sodat die wêreld oral ten volle God se handewerk is, en, alhoewel gevalle, dit ten volle deur die wet van God regeer moet word, net so ook die mens.

*Derdens,* hibridisering en ongelyke inspan onder 'n juk dui op 'n fundamentele disrespek vir God se handewerk. In elke area waar die mens moontlikhede eksploreer deur God se wet te ignoreer, is die straf dieselfde, beperkte opbrengs en langtermyn-steriliteit.

**6. Aborsie.**

p.263. Aborsie, die vernietiging van die menslike embrio of fetus, word al lank volgens Bybelse standaarde as moord beskou. Eks. 21:22-25. Hier het ons te doen met sakereg: 'n Kleiner saak verwys na groter implikasies:

*Een.* As die straf vir 'n aborsie a.g.v. 'n ongeluk so swaar is, is dit duidelik dat 'n doelbewus veroorsaakte aborsie baie streng verbode is.
*Twee.* Die straf vir 'n aborsie deur 'n ongeluk veroorsaak, is die dood, hoeveel te meer vir 'n persoon wat dit doelbewus teweegbring? p.264.
*Drie.* Selfs as die ma of die fetus glad nie beseer is na die ongeluk nie, moet die man wat dit veroorsaak het, beboet word. Die wet beskerm die verwagtende vrou en haar fetus baie sterk.
*Vier.* Selfs 'n wyfie voël met haar eiers of kleintjies word gedek deur die wet. Deut. 22:6, 7. Enige bemoeiing met die feit van geboorte is 'n ernstige saak: om lewe te vernietig is verbode, behalwe waar dit vereis of toegelaat word deur die wet van God.

p.265. Die afname van die outoriteit van die Bybelse reg het gelei tot 'n toename in aborsies.

p.266. Aborsies.

p.267. Die vraag na 'n aborsie is wetsvyandig (antinomian) in sy wese.

p.268. 'n Dokter veg in 'n krisis om die lewe van beide ma en kind te red. Hy kan nie God speel nie.

### 7. Verantwoordelikheid en die Wet.

p.269. Deut. 24:16; 2 Kon. 14:6; 2 Kron. 24:4; Jer. 31:29, 30; Eseg. 18:20. (Elke mens sal vir sy eie sondes gedood word.):

*Eerstens:* Verantwoordelikheid is 'n aspek van elke regsisteem. *Wie* is verantwoordelik, is 'n belangrike vraag, en die antwoord is 'n godsdienstige antwoord. *Waar* die verantwoordelikheid geplaas word, lei tot 'n fundamentele verskil in die samelewingsorde.

*Tweedens*: Die Bybelse leer is een van individuele verantwoordelikheid. Dit is die wese van sonde, volgens Gen. 3:9-13, om te probeer om individuele verantwoordelikheid te ontduik. p.270. Die godvresende (vroom) man handel verantwoordelik en aanvaar verantwoordelikheid vir sy dade.

*Derdens*: As 'n mens verantwoordelik is, teenoor wie is hy verantwoordelik? Die Bybelse leer is dat die mens se eerste verantwoordelikheid teenoor God is, en tweedens teenoor sy medemens.

*Vierdens*: Skuld is nie oordraagbaar nie; 'n geaardheid of natuur kan geërf word, maar nie skuld nie. Die mens het van Adam die totale verdorwenheid van sy natuur geërf, maar sy skuld voor God is geheel en al sy eie, net soos wat Adam sy eie skuld moes dra. Hierdie onderskeiding tussen skuld en natuur is fundamenteel tot die Bybelse leer en wet. *Verantwoordelikheid, skuld, en straf* kan nie geskei word in die wet nie: waar daar verantwoordelikheid is vir 'n oortreding, is daar skuld, en daar is ook straf of boetes wat opgelê moet word. Vandag word hierdie leer van verantwoordelikheid ondergrawe deur die leer van evolusie: Die mens is nie alleen die produk van sy omgewing (omstandighede) nie, maar is ook die skepping van sy omstandighede eerder as van God.

Bybelse reg bevestig gemeenskapsverantwoordelikheid, 'n verantwoordelikheid om toe te sien dat geregtigheid gedoen word. Daar is gemeenskapskuld, as geregtigheid nie gedoen word nie.

*Een.* p.271. Deut. 24:17. Geregtigheid is nie sosiaal nie, dit is individueel. Sosiale geregtigheid is nie net 'n aanval op individuele verantwoordelikheid nie, maar ook op die immuniteit van die onskuldige.
*Twee.* Deut. 21:1-9. 'n Gemeenskap kan nie ongeërgd wees teenoor enige oortreding in hulle midde nie, en misdade wat ongestraf gebly het, moes 'n rituele versoening hê. Die kern van die wet is steeds geldig. Die gemeenskap het 'n verantwoordelikheid teenoor God om toe te sien dat geregtigheid geskied, en dit het ook 'n verantwoordelikheid teenoor die slagoffers van misdaad. Restitusie aan slagoffers van misdaad is 'n essensiële onderdeel van die gemeenskap se versoening, net soos wat die biddende petisie om God se genade deur die amptenare van die staat dit is. (In die Bybel is die woord vir "misdaad", "oortreding.") p.272. In Bybelse reg, oortree die mens (as die skepsel van die persoonlike en drie-enige God) persoonlik teen daardie God in elke sonde. Die ontkerstening van die samelewing is ontverpersoonliking van die mens.

## 6. Restitusie en Herstel.

God se bedoeling met verlossing is die "restitusie" of "herstel" van alle dinge in, deur, en onder Jesus Christus as Koning. Hand. 3:21. Die doel van die geskiedenis is die groot "wedergeboorte", of nuwe genesis, van alle dinge. Matt. 29:28. Die beginsel van restitusie is basies aan die Bybelse reg. Dit verskyn met spesiale prominensie in wette onder die sesde en die agste gebooie, maar dit is basies aan die doel van die hele wet. Die "oog vir 'n oog, tand vir 'n tand" konsep is nie weerwraak nie, maar restitusie. Nie slegs liberale nie maar dikwels ook evangeliese geleerdes fouteer op hierdie punt. p.273. Om hier te lees dat die oog vir 'n oog 'n letterlike blindmaak van 'n man is wat 'n ander man blind gemaak het, is om die duidelike stelling van die Skrif geweld aan te doen. Dieselfde is van toepassing op Lev. 24:17-21; die restitusie vir sommige oortredings is die doodstraf, vir ander, vergoeding.

Party van die wette van restitusie het betrekking op skadevergoeding. Eks. 22:3, 5, 6, 10, 12; Lev. 24:21; Eks. 21:19, 32; Deut. 22:29, 19. Party van die kategorieë van skadevergoeding is soos volg:

1. Vir verminking van persone, Lev. 24:19; Eks. 21:18-20.
2. Vir die doodmaak van diere, of 'n dier wat 'n ander dier doodmaak, Lev. 24:18, 21; Eks. 21:35, 36.
3. Vir verskillende oortredinge begaan, restitusie aan God, Num. 5:6-8.

Ons het hier te doen met beserings aan veral persone. Sekere beginsels van aanspreeklikheid kom na vore:
*Eerstens,* die skuldige persoon is aanspreeklik vir die mediese uitgawes van die beseerde: hy moet "sorg dat hy heeltemal gesond word". Eks. 21:19.
*Tweedens,* Die skuldige party is verantwoordelik vir die verlore tyd wat by die werk verloor is. Eks. 21:19. Indien die skuldige party 'n eienaar was, en die beseerde party sy slaaf was, was die aanspreeklikheid vir dood of vir besering, maar nie vir verlore tyd nie, omdat die verlies die van die eienaar was; hy het hier homself benadeel. Eks. 21:20, 21; Lev. 24:17-20.

*Derdens,* p.274. die boete was van toepassing indien die dier wat deur die man besit is, skuldig was aan die besering; as die dier geen vorige rekord van geweld teenoor die mens gehad het nie, moes die dier doodgemaak word. (En natuurlik moes die beseerde persoon versorg word en vergoed word.) Maar indien daar 'n vorige rekord van geweld bestaan, word die eienaar skuldig aan die doodstraf vir moord. Eks. 21:28, 29.
*Vierdens,* Die skuldige party is aanspreeklik vir die skade wat hom deur die hof opgelê word vir die besering, en vir verlore tyd en vir mediese uitgawes.

In die moderne reg word die term restitusie gewoonlik vervang met "skadevergoeding". Maar die sprekende verskil is dit: In die Bybelse reg is die oortreder skuldig teenoor God, (en dus ook restitusie aan God. Num. 5:6-8.) en teenoor die man teenoor wie oortree is, teenoor wie direkte kompensasie gemaak moet word, waar daar, in die moderne reg, die oortreding eerstens en essensieel teenoor die staat begaan word. God en die mens word in hoofsaak uit die prentjie gelaat.

Sekere dinge word duidelik: p.275.

*Eerstens,* die verskuiwing van restitusie na gevangenisstraf het sy wortels in die gryp van mag deur die kerk en die staat, en was oorspronklik ontwerp om die skuldige uit te skud vir doeleindes van 'n losprys en van beslaglegging.
*Tweedens,* die staat het sy leer van straf die kriminele reg gemaak, en restitusie gerelegeer na burgerreg. Dus, as 'n lydende party restitusie verlang, behels dit die uitgawes van 'n siviele hofsaak deur middel van 'n essensieel onwillige hof, sodat, p.276. al wen die lydende party, is die verkryging van sy vergoeding moeilik. (Verdraagsaamheid teenoor die kwaaddoener eerder as restitusie.)
*Derdens,* omdat een vorm van Bybelse restitusie die reg van selfverdediging was, die reg om in sekere gevalle die aggressor of dief te dood, beteken die toenemende beperking op die reg van die benadeelde om homself te beskerm, dat ons besig is om terug te keer na barbarisme, sonder die beskerming wat barbarisme ingebou gehad het, nl. die vryheid om jouself te verdedig.
*Vierdens,* die stelsel van gevangeneming of "rehabilitasie" van kriminele, behels 'n subsidie aan kwaaddoeners en 'n belastingslas op die onskuldiges en die benadeeldes. Dit is dus 'n verdere benadeling van die vromes wat vergoeding behoort te ontvang uit die hand van God en die mens. 'n Samelewing wat die kwaaddoener subsidieer en die godvresende benadeel, sal kom by die punt waar hy toenemende geweld en wetteloosheid sal aanmoedig, en hy is dus bestem vir anargie.
*Vyfdens,* as mag van God afkomstig is, dan moet God se wet seëvier; as die mag van die volk kom, dan sal die volk se wil die oorhand kry, en daar is dan geen beginsel of wet bo en behalwe die volk nie. Restitusie as 'n beginsel is dus vreemd aan die demokratiese samelewing, omdat dit 'n teokratiese beginsel is wat vereis dat die mens moet konformeer na 'n absolute en onveranderlike geregtigheid.

Restitusie as 'n teokratiese beginsel behels drie dinge:

*Een.* Dit behels restitusie aan die veronregte persoon.
*Twee.* Omdat die regsorde waarteen oortree was, God se regsorde was, was restitusie aan God gemaak, waar daar geen persoon was, in geval van sterfte, aan wie vergoeding gedoen kon word nie. Num. 5:6-8. In gevalle van sonde waar God direk betrokke was, is 'n vyfde deel bygevoeg tot die vergoeding; hierdie vyfde deel het die kwart van die oorspronklike bedrag

verteenwoordig, nog 'n kwart, m.a.w. Lev. 5:14-16. In elke geval moes restitusie aan God gemaak word deur offers vir versoening. Lev. 5:17-19.
*Drie*. Dit is duidelik uit hierdie voorbeelde van sakereg, dat restitusie altyd noodsaaklik is vir 'n samelewing om gesond te wees voor God. Dit impliseer dat die staat restitusie moet maak aan die veronregte persone wanneer en waar die staat, as die ministerie van geregtigheid, nie daarin slaag om die skuldige persoon op te spoor nie. Die doel van godvererende geregtigheid is *herstel*. Dit moet op elke punt bewerkstellig word, deur die bose te penaliseer, en die godvresende te verdedig deur restitusie. Die doel van 'n godvresende gemeenskap is *herstel/restourasie,* en dit moet verkry word deur kwaad te penaliseer en die vrome te verdedig deur restitusie.

Hierdie doel is sentraal aan die geloof, en aan gebed. Die Here se gebed verklaar, "laat U koninkryk kom. Laat u wil geskied op die aarde net soos in die hemel." Matt. 6:10. Dit is duidelik 'n pleitbede vir herstel, en alle ware gebed moet dit insluit.

p.277. Die onvermoë van die samelewing om homself op restitusie te begrond, of sy wegdraai van hierdie beginsel, beteken 'n groeiende noodsaaklikheid vir duur beskerming d.m.v. versekering. Baie versekering is dikwels 'n vorm van selfrestitusie, daarin dat die koper betaal vir beskerming teen onverantwoordelike mense wat nie restitusie wil maak nie. So 'n samelewing kan nie met 'n skoon gewete bid "laat U koninkryk kom" nie, want dit ontken die gebed, deurdat dit God se wet verwaarloos.

## 9. Militêre Wette en Produksie.

Die militêre wette van die Skrif is in besonder van toepassing op die mens, omdat hulle nie net te doen het met oorlogswette nie, maar met 'n belangrike algemene beginsel. In die bestudering van militêre wette, vind ons dat:

*Een*. Wanneer oorloë geveg word ter wille van verdediging van geregtigheid en die onderdrukking van die bose, en in verdediging van die tuisland teen 'n vyand, dan is hulle 'n deel van die noodsaaklike werk van restitusie of herstel, en word daar dus in die Skrif gepraat van die oorloë van die Here. Num. 21:14. Die voorbereiding van die soldate het 'n godsdienstige toewyding tot hulle taak vereis. Jos. 3:5.

*Twee*. Die wet het die ouderdom van die soldate gespesifiseer. Alle weerbare mans van twintig jaar oud en hoër, was geskik vir militêre diens. Num.1:2, 3, 18, 20, 45; 26:2, 3. Dit is nietemin 'n selektiewe diens. Num. 31:3-6; Num. 1. Die militêre geskiktheid van elke weerbare man, was dus eintlik om hul beskikbaarheid in 'n uiterste krisis te verseker.

*Drie*. Omdat oorlog teen die bose godvererend is en God se werk van herstel dien, het God beloof om Sy volk te beskerm indien hulle voortbeweeg in geloof en gehoorsaamheid. Eks. 30:11-16; Eks. 20:12. p.278. (Losgeld – versoening vir die lewe van daardie mense wat in die oorlog ingegaan het; sodat hulle nie gedood mag word nie.)

*Vier*. Vrystelling van militêre diens is voorsien deur die wet. Die doel van hierdie weermag behoort te wees om God se stryd te stry sonder vrees. Deut. 20:1-4. Vrystelling is aan verskillende groepe van mans gegee. Aan a. diegene wat 'n nuwe huis gebou het, en dit nie

ingewy of geniet het nie; b. diegene wat 'n wingerd geplant en nog nie die vrug daarvan geniet het nie; c. diegene wat hul aan 'n vrou verloof het, en haar nog nie vir hul geneem het nie; aangesien hulle almal 'n verdeelde gemoed sou gehad het in die stryd; d. almal wat bang en vreesagtig was, omdat hul 'n bedreiging vir die moraal van die weermag sou inhou; Deut. 20:5-9. e. Die vrystelling van die pasgetroude mans was verpligtend volgens Deut. 24:5. Die Leviete was vrygestel van militêre diens. Hulle het dikwels geveg, maar hulle was vrygestel van 'n loting. Num. 1:48, 49.

'n Algemene beginsel kom na vore: die gesin het prioriteit bo oorlogvoering. So belangrik as wat verdediging ook al was, die voortgang van lewe en goddelike herstel was belangriker.

*Vyf.* Militêre wet vereis higiëne in die kamp. Deut. 23:9-14. Dit is nie genoeg vir die saak om heilig te wees nie: nie slegs die saak nie, maar die mense van die saak, moet heilig wees, geestelik sowel as liggaamlik.

*Ses.* Voor 'n aanval, of liefs p.279. 'n verklaring van oorlog, moet 'n vredesaanbod aan die vyand gemaak word. Die aanbod van vrede kan nie 'n aanbod van kompromie wees nie. Die saak, as dit reg is, moet eerbiedig word; die vyand moet toegee om vrede te verkry. Deut. 23:9-14. 'n Onverwagte aanval na 'n oorlogsverklaring, is toelaatbaar. (Gideon) Maar, voor die oorlogsverklaring, word 'n poging tot eerbare onderhandeling vir die saak vereis. 'n Formele blaas van die ramshorings word vereis, beide voor die oorlog, en daarna in blydskap oor die oorwinning, sodat die saak voor God gestel kon word in verwagting van oorwinning, en in dankbaarheid daarvoor. Num. 10:9, 10.

*Sewe.* Oorlog is nie kinderspeletjies nie. Dit is 'n skrikwekkende en aaklige maar noodsaaklike saak. Die Kanaäniete teen wie die Israeliete oorlog gemaak het, was onder die geregtelike doodsvonnis van God. Hulle was geestelik en moreel ontaard. Deut. 2:34; 3:6; 20:16-18; Jos. 11; 14. God het beveel dat alle Kanaäniete gedood moes word, ook om te verhoed dat Israel gekontamineer sou word. Onder die verwante en nabygeleë volke wie se ontaarding soortgelyk was, maar nie so totaal nie, is die mans, Num. 31; 7; Deut. 1:1, 2, 16; 20:16, 17. en soms die getroude vroue ook, gedood. Num. 31:17, 18, maar die jong maagde is gespaar. Num. 31:18. Onder die ander lande van beter kaliber, kon enige vrou wat gevange geneem is, as vrou geneem word, maar sy kon nie as 'n slaaf of as 'n gevangene behandel word nie, Deut. 21:10-14; dit het duidelik die verskil in volkskarakter tussen die Kanaäniete en die ander volke aangetoon. Hierdie wette het dus nie vir alle volke gegeld nie, maar slegs vir die mees ontaardes. Dit bevestig 'n steeds geldige beginsel: *indien oorlogvoering vir die straf en/of vernietiging van kwaad is, vereis die werk van herstel of opbou dat dit gedoen word, dat 'n bose orde omvergegooi moet word, en in sommige gevalle, moet party of baie mense tereggestel* word. Die algemene beginsel_van *skuld* is 'n geldige een; as daar geen skuldige in 'n oorlog is nie, dan is daar ook geen geregtigheid nie. Dit was die geval in meeste gevalle van oorlogvoering; geen geregtigheid nie, en dus geen ware begrip van skuld nie.

*Agt.* Die normale doel van oorlog is verdediging; dus, Israel was verbied om meer as 'n beperkte hoeveelheid perde te gebruik, Deut. 17:16, omdat perde die aanvalswapens van die outydse oorloë was. p.280. Nog 'n algemene beginsel: *omdat oorlog slegs vir 'n geregverdigde rede gevoer kon word, en normaalweg, in verdediging van die tuisland en vir geregtigheid, het die reg van 'n gewetensbeswaar beteken dat iemand die morele reg gehad het om te weier om 'n goddelose oorlogvoering te steun.*

*Nege.* 'n Baie belangrike militêre wet word gemeld in Deut. 20:19 en 20, een wat ook 'n basiese beginsel beliggaam met baie verreikende implikasies: Deut. 20:1. Oorlog mag nie teen die aarde gevoer word nie, maar slegs teen die mens. Maar meer sentraal, die lewe moet aangaan, en die vrugteboom en die druiwestok verteenwoordig altyd 'n erfenis van die verlede en 'n erfstuk vir die toekoms: hulle mag nie vernietig word nie. Moedswillige vernietiging word nie toegelaat nie. Verwant hieraan – Pred. 5:9 - 'n algemene beginsel, *produksie is belangriker as politiek*. Oorlogvoering is 'n aspek van die lewe van die politieke orde, en sy rol is belangrik, maar produksie is meer basies. *Die_prioriteit van politiek* is 'n moderne dwaalleer wat besig is om die wêreld aanhoudend te vernietig; slegs die groot vitaliteit van vrye ondernemerskap onderhou die produksievlak in die aangesig van groot politieke struikelblokke en inmenging. In enige vroom orde, moet produksie, vrye ondernemerskap, altyd voorrang geniet bo die politiek, in oorlog sowel as in vredestyd.

*Tien.* Die wette aangaande oorlogsbuit het beloning vir die soldate voorsien, Num.31:21-31, 29, 42; Deut. 20:14, sodat daar regsgronde was, nie slegs vir die betaling van die soldate nie, maar ook vir 'n pensioen, 'n beloning vir hulle dienste. Oorlogskadevergoeding was 'n aspek van die boete wat die vyand opgelê is as boete vir hul aanval en om die kostes van die oorlog te dek. p.281. 2 Kon. 3:4. Volgens die Skrif is oorlog aaklig, maar in 'n sondige wêreld is dit 'n noodsaaklikheid indien die kwaad oorwin moet word. Jes. 48:22; 57:41; Jer.6:14; Matt. 6:33; Jes. 32:17; Ps. 85:10; Jes. 2:2, 4, 11.

## 10. Belasting.

Die onvermoë om enige belastingswet in die Bybel raak te sien, is te wyte aan die onvermoë om die aard van Israel se burgerlike bestel raak te sien. God, as Koning van Israel, het vanaf Sy troonkamer in die tabernakel geregeer, en aan Hom is die belasting gebring. As gevolg van die algemene fout om die tabernakel as slegs en in wese die "godsdienstige," dus *geestelike* sentrum te beskou, is daar die onvermoë om raak te sien dat dit na regte die *godsdienstig, burgerlike sentrum* is. In terme van Bybelse reg, moet die staat, huis, skool, en elke ander lewenskring, nie minder godsdienstig wees as die kerk nie. Die heiligdom was dus die burgerlike middelpunt van Israel en nie daarom minder godsdienstig nie. Wanneer hierdie feit eers gesnap is, word veel van die Bybelse wet beter verstaan. Daar was dus duidelik gedefinieerde belastings in die Mosaïese wet, en hierdie belastings is deur God beveel, die almagtige God van Israel.

Daar was, in die kern, twee soorte van belasting:

*Eerstens* was daar die sensusbelasting. Eks. 30:11-16. Die feit dat versoening gemeld word as een van die aspekte van hierdie wet, mislei baie. Die betekenis van versoening hier is p.282. 'n bedekking of beskerming; deur hierdie belasting het die volk van Israel hulleself onder God as hulle Koning geplaas, aan hom eerbetoning betaal, en daarvoor God se beskermende sorg verkry. Die bedrag van hierdie belasting was dieselfde vir alle mans, 'n halwe sikkel silwer, en dit moes betaal word deur elke man van twintig jaar en ouer. Toe was die sikkel nie 'n muntstuk nie, maar 'n gewig silwer. Later is die sikkel gemunt en was dit 220 grein troois (soos die V.S. se handelsdollar), en 'n halwe sikkel was dus 110 grein. Die belasting was dus die basiese en jaarlikse belasting in Israel, voor en na die ballingskap. 2 Kon. 12:4; 2 Kron. 24:9. Die feit dat dit 'n tempelbelasting genoem is in die Nuwe Testamentiese tydperk, mislei baie; die tempel was die burgerlike sowel as die geestelike sentrum. By die Tempel het

priesters gedien wat niks met die burgerlike reg te doen gehad het nie. Maar by die tempel het ook die Sanhedrin vergader as die burgerlike gesag in Israel, direk onder die Romeine se oppergesag.

Hierdie kopbelasting is gespesifiseer as eweveel vir almal. Eks. 30:15. Hierdie voorskryf van 'n gelykheid van belasting, het gekeer dat die wet onbillik sou wees. Dit moes klein wees, omdat 'n groot bedrag verdrukkend teenoor die armes sou wees, en dit moes dieselfde wees vir almal, om die verdrukking van die rykes te verhoed. Dus, diskriminerende belasting is spesifiek verbied. Hierdie belasting is ingesamel deur die burgerlike owerheid, en was verpligtend vir alle manlikes van twintig jaar en ouer, behalwe priesters en Leviete, wat nie onderwerp was aan militêre loting nie. Die regverdige en basiese belasting, die kopbelasting, is betaal aan die burgerlike owerhede as die vereiste belasting vir die onderhouding van 'n bedekking of 'n versoening deur die burgerlike bestel.

Die *tweede* belasting was die tiende, wat nie op 'n sentrale plek betaal is nie, maar wat "heilig aan die HERE was". Lev. 27:32. Dit het aan die priesters en die Leviete gegaan omdat hulle die nodige geestelike en sosiale funksies van die samelewing moes nakom. p.283. Partykeer het die Leviete ook gedien in staatsampte, soos wat sosiale omstandighede dit vereis het. 1 Kron. 23:3-5. Hul werk in musiek is welbekend aan ons uit die Psalms sowel as uit die hele Skrif, en die Leviete se verpligtinge in die onderwys word dikwels aangehaal, soos in 2 Kron.17:7-9 en 19:8-11. Die Leviete en die priesters was reg deur Israel versprei, sodat hul aan die behoeftes van elke gemeenskap kon voldoen, en hulle het die tiendes ontvang soos wat die mense dit gegee het.

Beide vorms van belasting, die kopbelasting en die tiende, is verpligtend, maar 'n groot verskil bestaan tussen hulle. Die staat het 'n reg om 'n minimale kopbelasting van sy burgers te verhaal, maar, terwyl die staat *miskien* 'n tiende van alle mans kan eis, soos wat die staat dikwels al gedoen het, kan dit *nie* bepaal waarheen die tiende moet gaan *nie*. Die staat kontroleer dus die gebruik van die kopbelasting, maar die gewer van die tiendes bepaal die gebruik van die tiende-belasting. Dit is 'n punt van onskatbare belangrikheid. Omdat die belangrikste maatskaplike funksies deur die tiende in stand gehou moet word, volgens Bybelse reg, val die beheer hiervan onder die gewer van die tiende, en nie onder die staat nie. Die kopbelasting onderhou die staat en sy militêre mag plus sy howe. Onderwys, welsyn, die kerk en alle ander godvererende maatskaplike funksies word onderhou deur die twee tiendes, die eerste tiende en die arme tiende. 'n Samelewing wat so georden is, sal noodwendig 'n klein burokrasie hê en 'n sterk volk.

Die kopbelasting is dus die onderhoud van die *siviele* orde, en die tiende is die onderhoud van die *maatskaplike* orde. In die Bybelse reg is daar geen grond- of eiendomsbelasting nie. So 'n belasting vernietig die onafhanklikheid van elke sfeer van lewe en regering – die gesin, skool, kerk, beroep, en alles verder – en maak elke sfeer afhanklik van en onderhewig aan die staat of staatsregering. Omdat die Skrif herhaaldelik verklaar: "die aarde behoort aan die HERE, en die volheid daarvan" (Eks. 9:29; Deut.10:14; Ps. 24:1; 1 Kor.10:26; ens). daarom is grondbelasting nie geoorloof nie. *'n Belasting op die grond is 'n belasting teen God en teen Sy regsorde.* God self hef nie belasting op die grond wat Hy aan die mens gee as bestuurders onder Hom nie; Hy belas hul inkomste of produksie, sodat die enigste wettige belasting 'n inkomstebelasting is, en dit is presies wat die tiende is, 'n inkomstebelasting. Maar dit is 'n belasting wat op tien persent vasgestel is en niks meer nie. Wat die mens meer as dit gee, is vrywillige offers, die tiende is 'n belasting en nie 'n offer nie.

Die onderwerp van belasting behoort na regte onder beide die sesde en die agste gebooie. God-onterende belasting is diefstal. Maar die moderne mag om belasting te hef, is die mag om te beseer en te vernietig, en dit is dus basies verbind aan die sesde gebod. 'n Bybelsgefundeerde belastingstruktuur sal 'n samelewingsorde en sy burgers beskerm en laat floreer, terwyl 'n wettelose belastingstruktuur die dood vir die mens en samelewing beteken.

Dit word al meer die funksie van belasting om die samelewings-orde te verander. Deur middel van eiendoms-, boedel-, inkomste- en ander belastings, word rykdom gekonfiskeer en herverdeel. p.284.

Die mag van belasting in die moderne wêreld is die mag om te vernietig. Dit is nie meer die ondersteuning van wet en orde nie. Hoe meer die belasting vermeerder, hoe minder wet en orde het die mense, want belasting dien die doel om die maatskaplike revolusie te bevorder. In hierdie sin is die moderne belasting uiters suksesvol.

## 11. Liefde en die wet.

Onder die invloed van humanistiese opvattings, is die reg grootliks geërodeer. Dit is nie langer die *daad* van die moordenaar wat veroordeel word nie, maar sy *gevoelens* of sy geestestoestand by die uitvoer van die daad. Hulle wat behoort aan die party van die liefde, is die heiliges van die p.285. humanistiese wêreld, selfs waar hulle misdade begaan, terwyl die ortodokse Christen gedefinieer word as haatsaaier, en as sodanig skuldig bevind word, selfs al het hy geen misdaad begaan nie.

*Liefde* verskyn in die wet, maar in die konteks van die wet, nie in konteks van humanistiese gevoelens nie. Lev. 19:17, 18; Rom. 13:10; Lev. 19:33, 34. Die Bybel is nie dualisties in sy siening van die mens nie: dit erken nie 'n goeie hart in bose dade nie. Die mens is 'n eenheid. As 'n sondaar, is hy duidelik boos. As 'n verloste mens, is hy in die proses van heiligmaking, en dus manifesteer hy beide die goeie en die kwade, maar die bose gedagte gee geboorte aan 'n bose daad, net soos wat 'n godvresende gedagte geboorte gee aan 'n goeie daad. Gen. 6:5. Omdat die mens 'n sondaar is, mag hy nie die wet in sy eie hande neem nie. Lev. 19:18. Omdat die mens nie God is nie, mag hy nie in die regterstoel van God gaan sit om mense in terme van homself te oordeel nie. Ons as sondaars mag nie mense veroordeel vir hul voor- en afkeure in terme van onsself nie. Ons kan hul oordeel in verhouding tot God, Wie se wet alleen p.286. alle mense regeer en oordeel. Persoonlike oordeel is verbode. Matt. 7:1. Maar van ons word verlang om "'n regverdige oordeel te oordeel." Joh. 7:24.

Die Pauliniese beginsel stel die saak duidelik met verwysing tot liefde: *eerstens*, dit doen die naaste geen kwaad nie, *tweedens*, liefde is die vervulling van die wet.

Om jou naaste *kwaad* aan te doen is dus duidelik verbode, want dit is 'n vorm van *doodmaak* van jou naaste se lewe en vryheid. Die enigste soort van slawerny wat toegelaat word, is vrywillige slawerny, Deut. 23:15, 16. omdat sommige mense nie in staat is om 'n posisie van onafhanklikheid te handhaaf nie. Om hulself dus te verbind aan 'n bekwame man en hom te dien, terwyl hulle beskerm word deur die wet, is 'n wettige manier van lewe, alhoewel dit 'n mindere een is. Die baas aanvaar dan die rol van weldoener, die gewer van liefdadigheid, eerder as wat die staat dit doen, en die slaaf word beskerm deur die wet van die staat. 'n Slaaf

wat wegloop kan dus nie teruggegee word aan sy baas nie: hy is vry om te gaan. Die uitsondering is die dief of krimineel wat besig is om vir sy vergoeding (regstelling) te werk. Deut. 23:16.

Om 'n medegelowige te *ontvoer* om hom as 'n slaaf te verkoop, dus aan 'n vreemdeling of 'n vreemde land, omdat hy nie wettig tuis verkoop kan word nie, is 'n halsmisdaad, strafbaar deur die doodstraf. Deut. 24:7; Eks. 21:16. Die krag van hierdie wet is des te duideliker as ons besef dat die Bybelse reg geen tronkstraf ken nie. Mense het óf as kriminele gesterf óf het restitusie gemaak. Bybelse reg vereis 'n samelewing van vry mense wie se vryheid op verantwoordelikheid berus.

Die Bybelse reg het 'n man beskerm wat per ongeluk 'n man gedood het. Vrystede het die man teen bloedwrekers beskerm. Deut. 19:1-10; vgl. Eks. 21:13; Num. 35:9-22 en 29-34. Moord was egter strafbaar deur die dood, Deut. 19:11-13; Num. 35:23-28 en 30-33; Lev. 24:17-22; Eks. 21:12-14 en 18-32, en geen uitsondering is deur die wet op hierdie vonnis toegelaat nie.

Die toets van die liefde was dus die daad van die liefde. Liefde doen die naaste geen kwaad nie, en liefde beteken die onderhouding of die nakoming van die wet in verhouding tot ander mense. Liefde is dus die wetsgehoorsame gedagte, woord en daad. Waar daar geen wet is nie, is daar ook geen liefde nie. p.287. Owerspelige persone het nie hul eggenote lief nie, liefde is die nakoming van die wet. Die mens staan teenoor die wêreld, nie met liefde en goedheid nie, maar met *boosheid.* p.288. Omdat die humanistiese leer van die liefde deur en deur wetsteenstandig is, is dit daarom onontkombaar *die liefde van die bose*. Dit is dus 'n logiese ontwikkeling van die humanistiese liefde dat dit aan die bose gestalte gee. Liefde sonder die wet is die essensie van die bevestiging van die bose en sy manifestasie.

### 12. Dwang.

'n Samelewing sonder dwang word dikwels van gedroom deur humanistiese revolusioniste. Anargisme is daardie filosofie wat beweer dat 'n mens volkomenheid kan verkry in 'n gemeenskap vry van staatsinmenging, vrywillig en sonder dwang. Die voorstanders van die vrye wil volg 'n al meer openlike anargistiese en relativistiese filosofie.

p.289. Die konserwatisme steun op "openbaring," dit is, op die behoud van "Christelikheid," en dit is waar die konserwatisme faal – dit bly in gebreke om raak te sien dat hy poog om 'n Christelike produk op humanistiese gronde te verdedig.

Sommige vrysinnige professors beweer in klasse en in gesprekke dat *enige* standpunt geldig is, so lank as wat dit nie voorgee om die waarheid te wees nie, en dat die Bybelse godsdiens dus vir hulle die essensie van boosheid is. Daar moet, volgens hierdie libertyne, 'n *totale vrye mark van idees en handelwyses wees.*

Indien alle mense engele was, dan sou 'n vrye mark van idees en handelwyses slegs 'n engelagtige gemeenskap teweeggebring het. Maar, indien alle mense sondaars is, wat behoefte het aan Christus se verlossing, dan sal 'n vrye mark van idees en handelwyses slegs 'n chaos van boosheid en anargie teweegbring. Beide die libertynse en die Bybelse standpunte berus op geloof, die een op geloof in die natuurlike goedheid van die mens, die ander op die geloof in God se openbaring aangaande die mens se sondige p.290. staat en sy glorieryke potensiaal in Christus.

p.291. Volgens die Bybelse reg is die daad die bedoeling. 'n Moord beteken 'n moorddadige bedoeling.

p.292. Omdat 'n humanistiese denkwyse nie boosheid kan verklaar nie, behalwe om dit te beskou as 'n tydelike kranksinnigheid, daarom kan humanisme nie eerlik omgaan met die bose of met dwang nie. Dwang word 'n groot boosheid vir 'n logiese humanisme.

Is dwang ooit wettig? Die Bybel het wel deeglik wette teen dwang in sommige vorms, soos in moord, ontvoering en diesulkes: Lev. 24:17-22, en ook in Eks. 21:12 en verder, 24, 25, 33, 34. Dit is die beginsel van restitusie, en die doodstraf. Onwettige dwang staar baie ernstige strawwe in die gesig in die Bybelse regstelsel. Dwang teenoor boosdoeners is die noodsaaklike en onontkombare plig van die burgerlike owerhede. God vereis dwang vir die onderdrukking van wetteloosheid. Sonder Goddelike dwang, word die wêreld oorgegee in die hande van anti-goddelike dwang. Dwang is 'n deur God bepaalde noodsaaklikheid om die mens in staat te stel om uitbrake van wetteloosheid te hanteer. Die humanistiese beskouing is skisofrenies. As gevolg van sy basiese dualisme, ontken dit verantwoordelikheid: voorneme en daad word geskei. In stede van beheersing, eis humanisme selfuitlewing. In die naam van die verbanning van dwang, verseker humanisme sy triomf in die vorm van wettelose geweld.

### 13. Kwarantynwette.

p.293. Die gebod, "Jy mag nie doodslaan nie," het, as sy positiewe vereiste, die mandaat om lewe te behou en te bevorder binne die raamwerk van God se wet. Basies tot hierdie raamwerk van bewaring val die wette van kwarantyn.

In Lev. 13-15 – wette van kwarantyn of afskeiding – is die beginsels van hierdie wette steeds geldig. Die wette van hierdie hoofstukke kan verdeel word in twee soorte: *Een.* die wat te doen het met siektes, Lev. 13:1 – 15:15; en *Twee.* daardie wette wat te doen het met seks, Lev. 15:16-33. Omdat seksrites algemeen gebruik was as 'n manier om gemeenskap met die gode te hê, is seks in die Bybel nadruklik geskei van aanbidding. Eks. 19:15.

Kwarantynwette i.v.m. siektes.

Die term melaatsheid het sy betekenis grootliks sedert sy Bybelse en Middeleeuse betekenis verander. Die betekenis het toe 'n verskeidenheid van aansteeklike siektes ingesluit. Num. 5:1-4. Dit is ook 'n belangrike aspek van Bybelse onderrig. Deut. 24:8. Hierdie wetgewing, Num. 5:2, het implikasies buite die gebied van fisiese kwale. p.294. Net soos die risiko van fisiese aansteek van siektes vermy moet word, net so moet die risiko van morele besmetting vermy word. Lev. 18:1-5, 24, 30; 20:22-24. God identifiseer Homself as die God wat sy volk afskei van ander volke: dit is 'n basiese onderdeel van verlossing. Die godsdienstige en die morele afskeiding van die gelowige is dus 'n basiese aspek van die Bybelse reg. Net soos wat afskeiding van siekte nodig is om besmetting te voorkom, so is afskeiding van godsdienstige en morele boosheid nodig vir die behoud van ware orde.

Segregasie of afskeiding is dus 'n basiese beginsel van die Bybelse reg met betrekking tot godsdiens en moraliteit. Elke poging om hierdie beginsel te vernietig is 'n poging om die samelewing tot sy laagste gemene deler te reduseer. Verdraagsaamheid is die verskoning waaronder hierdie gelykmaking onderneem word, maar die opvatting van verdraagsaamheid

versteek 'n radikale onverdraagsaamheid. Die gelowige het die plig van wettige optrede teenoor almal, 'n plig om genade en liefde te bewys aan wie dit toekom, maar nie om die geldigheid te ontken van die verskille wat gelowiges van ongelowiges skei nie. In die naam van verdraagsaamheid word die gelowige gevra om alle dinge te verdra omdat die ongelowige niks sal verdra nie; dit beteken lewe volgens die voorwaardes van die ongelowige. p.295. Dit beteken dat die Bybelse orde sy bestaansreg ontsê word, omdat alle dinge na ondertoe gelyk gemaak moet word.

*Totale aanvaarding en totale integrasie* word geëis deur hierdie relativistiese humanisme. Dus, hierdie situasie, deur alle nie-humanistiese posisies tot gelykheid te reduseer, en dan die mens p.296. as heer bo hulle te plaas, is radikaal antichristelik. Dit plaas die mens in God se plek, en, in die naam van gelykheid, word die Christendom na die vullishoop toe verplaas.

Elke sosiale orde het sy eie program van afskeiding en segregasie. Die eis van gelykheid en integrasie is dus 'n voorwendsel om 'n ouer of bestaande vorm van sosiale orde te ondergrawe.

Staatsbeheer van die onderwys was 'n kernmanier om die Christelike orde te vernietig. Onderwys is 'n vorm van afskeiding, en, in der waarheid, 'n basiese instrument daarvan. Deur middel van onderwys word aan sekere aspekte van die lewe en ervaring die voorrang van waarheid verleen en ander word as verkeerd bestempel. Onderwys segregeer en klassifiseer die hele realiteit in terme van sekere uitgangspunte. Hierdie uitgangspunte is religieus van aard, en is altyd voor-teoreties en is beslissend vir alle denke.

Net so segregeer die reg ook: deur wette te maak teen sekere soorte van optrede, vereis dit segregasie in terme van sy uitgangspunte. Die afskeiding wat vereis word deur die demokratiese en die Marxistiese state is net so radikaal en deeglik as enige wat die geskiedenis opgelewer het, indien nie meer nie.

Alle godsdienste segregeer ook, en humanisme is geen uitsondering nie. Elke godsdiens stel 'n orde van waarheid, en elke ander orde word beskou as 'n leuen. Humanisme is relativisties met verwysing na alle ander godsdienste, maar dit is absolutisties met verwysing na die mens. Die mens is die absolute van humanisme, en alles daarbuite word as 'n fout behandel.

Segregasie, afskeiding, of kwarantyn, watter naam ook al gebruik word, is onontkombaar in enige samelewing. Die radikale libertyn (voorstander van die leer van die vrye wil) beweer dat hy totale vryheid vir alle posisies sal toelaat, dus 'n vrye mark vir alle idees en godsdienste. Maar dan maak hy alle standpunte wat met syne verskil onwettig. In die akademiese wêreld het hierdie libertyne hulself bewys as meedoënlose vyande van die Bybelse geloof, wat daaraan die reg tot 'n verhoor ontsê. In 'n libertynse orde kan die staat nie bestaan nie, ook nie die kerk nie, behalwe op die libertyn se voorwaardes. Die nuwe libertyne is goedgesind teenoor Marxiste, maar nie teenoor Christene nie. p.297. Elke geloof is 'n eksklusiewe manier van lewe; nie een is so gevaarlik as die een wat die illusie van verdraagsaamheid voorhou nie. 'n Openlik hartelose geloof is sekerlik gevaarlik, maar 'n hartelose geloof wat van homself glo dat hy 'n liefdevolle agent is, moet meer gevrees word.

Omdat geen vergelyk moontlik is tussen die waarheid en die leuen nie, tussen hemel en hel nie, het Paulus verklaar, "Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem." 2 Kor. 6:17.

## 14. Dieetreëls.

Eet en drink word duidelik gereguleer deur die Bybelse wet. Die wette van dieet, of *Kosher* wette, is gewoonlik goed bekend, maar, ongelukkig, hier soos elders, sien die mens in sy perversiteit, die wet wat bedoel was as die beginsel van lewe, liefs as 'n beperking op die lewe. Wat meer is, die Bybelse beginsel van eet en drink is nie asketies nie: die doel van eet en drink is nie slegs om jou in die lewe te hou nie, so belangrik as wat dit is, maar dit is 'n deel van die *genieting* van die lewe.
Volgens die Skrif: "En ook – Dat elke mens eet en drink en die goeie geniet by al sy moeitevolle arbeid; dit is 'n gawe van God." Pred. 3:13; 5:18. Nogtans moet daarop gelet word dat "elkeen wat aan 'n wedstryd deelneem hom aan alles onthou." 1 Kor. 9:25.

Gen. 1:29, 30 – Geen vleiskos voor die vloed. Gen. 9:3 – toestemming om vleis te eet. God het Adam en Eva in skorte van vel geklee. Gen.3:21. Gen.4:20 – voor die vloed al die verskil tussen rein en p.298. onrein diere – die onderskeid is gemaak met die oog op offerande, en waarskynlik vir kos. Een van die kenmerke van "verleidende geeste, en leringe van duiwels" in "die laaste dae" is dat hul "verbied om te trou en gebied om hul te onthou van voedsel wat God geskape het." (Eng. Vleis vermy.) Godsdienstige onthouding van vleis word dus skerp veroordeel. Lev. 11 – Die Mosaïese dieetwette is basies aan die eetpatrone van byna elke Christelike land. Deut.14:1-3. en Lev. 11:44-47. Lev. 17:10-14; 19:26; 7:23-25; Deut. 14:3-12; 21.

Paar reëls kom voor in Lev. 11:
*Eerste,* die eet van bloed is verbode. Diere word keel afgesny om te bloei. Hand. 15:20.
*Tweede,* die eet van dooie diere, dus diere wat nie geslag is nie, word verbied.
*Derde,* dierevet is verbode, nie groentevet nie, en waarskynlik ook nie hoendervet nie. (Mediese bevestiging.)
*Vierde,* aasdiere, aasvoëls en grotendeels ook aasvis is verbode kos. By die eet van Kosher vleis, is die eet van "aas"-organe ook verbode, d.i. daardie organe wat die liggaam reinig van onsuiwerhede. (Mediese bevestiging) Die niere is verbode. Eks. 29:13, 22; Lev. 3:4, 10, 15; 4:9; 8:16, 25. Eks.29:13. Die groter lob van die lewer en waarskynlik die galblaas is ook verbode kos.
*Vyfde,* vleisetende diere is verbode kos: die leeu, hond, ens. Moderne afwykings is min – die perd in Frankryk, en vark en skulpvis in die meeste lande. Vark, as aasdiere, is verban, en sommige outoriteite meld dat varke die draers is van meer as 200 siektes van belang, sowel as die feit dat baie van die draers nie vernietig word deur die varkvleis te kook nie.
*Sesde,* plantetende diere is toegelaat, tensy dat hul nie herkou nie, of nie gesplete hoewe gehad het nie. Die perd was dus verbode. Graanvretende voëls is toegelaat, maar aasvoëls nie.
*Sewende,* amper elke insek, behalwe sekeres van die sprinkaanfamilie, is verbode. Dit is geëet vir oorlewing. Lev. 11:22; Matt. 3:4. Johannes die Doper het van die veld af geleef om te tipeer wat sou p.300. gebeur met die oorlewendes van die komende vernietiging.
*Agste,* geen wette is gegee met betrekking tot kos, graan, eiers en groente nie.
*Negende,* alhoewel baie duidelike gesondheidsreëls verskyn in die gebooie, is die belangrikste beginsel van skeiding godsdienstig, waaraan die mediese en gesondheidsaspek ondergeskik is.
*Tiende,* is diere wat verskeur is ook verbode. Eks. 22:31; Deut. 14:31. Geen poging is aangewend om die dieet van ongelowiges te reguleer nie.
*Elfde,* ook verbode was die kos en vloeistof wat in onbedekte houers in die tent of vertrek van 'n sterwende of afgestorwene was. Num. 19:14, 15. Die doel was hier om higiëne in sy totaliteit te verseker.

*Twaalfde,* was dit verbode om 'n bokkie in sy moeder se melk te kook. Eks. 23:19; 34:26; Deut. 14:21. ('n Kanaänitiese godsdienstige ritueel.)
*Dertiende,* uit respek vir Jakob se worsteling met die Engel van die Here, het die Israeliete hulself die heupsening ontsê. Gen.32:32. Dit was egter nie 'n wet nie.
*Veertiende,* met matigheid as die reël, was wyne 'n aanvaarbare deel van die dieet. Gedistilleerde drank is 'n moderne uitvindsel. Wyne was ook deel van die aanvaarbare offerandes aan God. Num. 15:5, 7, 10. Die gebruik van wyne, omdat die dieet deur God gereguleer was, en deur Sy matigheidswet, was oor die algemeen matig. Selfs vandag nog is alkoholisme skaars onder die Jode. Daar is baie Nuwe Testamentiese waarskuwings teen drankmisbruik: Ef. 5:18; 1 Tim. 3:3, 8; Titus1:7; 2:3; 1 Pet. 4:3; ens.
1 Tim. 5:23 – Paulus aan Timoteus; 2 Makk. 15:39 – wyn om met water te vermeng;

Gedurende die patriargale era het die dieet nie slegs vleis ingesluit nie. Gen. 25:34 – peulgroentes as kos – bone, ertjies en lensies; p.301. Gen. 43:11 – heuning, speserye, neute; Deut. 32:14; Spreuke 27:27 – melk van koeie, bokke en skape; Deut.32:14; Spreuke 30:33 – Botter; 1 Sam. 17:18; 2 Sam. 17;29 – kaas; 1 Sam.25:18 - rosyne, droë vye; 2 Sam.16:1 – dadelkoeke; 1 Kon. 4:23; Neh. 5:18 – Wildsvleis as byvoeging tot kleinvee se vleis.

Hand. 10 – Daar is geen bewys in hierdie hoofstuk dat die visioen van Petrus enigiets te doen het met dieet nie – dit het alles te doen met die groot Opdrag en die toelaat van Heidene in die koninkryk. Kol. 2:16, 17 - hier is duidelike verwysings na dieetwette; Gal. 2:9-15 en 16 – Met verwysing na ons verlossing, het die dieetwette geen betekenis nie; met verwysing na ons gesondheid, is die dieet reëls steeds geldig. Ons onderhou nie die Sabbat van Israel nie, maar ons onderhou die dag van die Here. Ons onderhou nie vandag p.302. die "kosher"- wette as wette nie, maar ons onderhou hul as 'n verstandige reël vir goeie gesondheid. Kol. 2:16. Ons onderhouding van hierdie dieet reëls behoort nooit 'n hindernis tussen ons en ander mense te wees nie, maar net vir ons gesondheid en voorspoed in Christus. Die sabbat bly as 'n beginsel van gesondheid vir die mens se gees, en die dieet reëls vir die mens se liggaam.

## 15. Christus en die wet.

Die kruis van Christus word dikwels aangehaal as die dood van die wet, en dit word algemeen gesê dat die gelowige in Christus ook dood is vir die wet. Rom. 7:4-6 is genoem as bewys vir hierdie opinie, alhoewel niks gesê word van Rom. 8:4 waar gesê word dat ons vry is van die wet as 'n doodsvonnis teen ons, maar dat ons lewend is vir die wet as die geregtigheid van God. Christus, as ons plaasvervanger, het vir ons gesterf. En ons is dood vir die wet in hom, en ook in Hom lewend vir die wet. Juis Christus se sterwe het die wet bevestig: dit het geopenbaar dat God die doodstraf as bindend vir die oortreding van Sy wet maak, sodat slegs die versoenende sterwe van Christus die vloek van die wet teen sondaars kon verwyder. Ef. 2:1-10; Joh. 5:25.

p.303. Wat is dan die reddingsmiddel vir die mens? Die raad is nie die wet nie. Die mens het die wet gebreek, is dood in sonde en *kan nie* die wet onderhou nie. Ons verlossing is *geheel en al* deur God se genade, in *totaliteit* is dit Sy werk. Die *hele* Skrif sê nadruklik: God is die mens se enigste verlosser; die wet is nie gegee as die mens se weg tot verlossing nie, maar as God se weg tot geregtigheid, Sy weg vir Sy uitverkore volk, Sy koninkryk. Die wet het dus deur Moses gekom, Joh. 1:17 – van God deur Moses – omdat dit die wet vir God se koninkryk is. Waar dit verander word tot die weg tot saligheid, word die wet misbruik. Waar

die wet die regering en die gehoorsaamheid van die geloof verteenwoordig, daar vervul die wet sy godgegewe doel.

Ef. 2:10: Ons word wedergebore tot "goeie werke," d.i. tot gehoorsaamheid aan God se wetwoord, en die doel van ons verlossing, deur God voorbestem, is hierdie gehoorsaamheid.

Party protesteer, die wet word "vleeslik" genoem in die Skrif. Hebr. 7:16. Calvyn het gesê, "Dit is *vleeslik* genoem, omdat dit verwys het na liggaamlike dinge, d.i., na uiterlike rites (manier van doen.) Gal. 5:23 - liggaamlike dinge en dinge van die gees.

Gelowiges word geroep tot vryheid, wat beteken, volgens Paulus, om mekaar lief te hê, d.i. om die wet te vervul in verhouding tot mekaar. p.304. Gal. 5:13-14 - werke van ons gevalle menslike natuur. Gal. 5:19-23 - werke van ons herstelde menslike natuur.

Paulus het die wet aangeval as 'n reddingsmiddel, as die mens se weg tot saligheid; hy het die wet gehandhaaf as die mens se weg tot *heiligmaking*. Dus, die wet staan nog en is teen die lys van sondes van Gal. 5:19-21; meer nog, volgens Ef. 2:10, is ons God se nuwe skepping met die doel om sy wet te onderhou en goeie werke te doen.

In watter sin, dan, is die wet dood, of selfs verkeerd, en in watter sin staan dit nog?

*Een,* soos ons gesien het, is die wet as 'n doodsvonnis verby wanneer die skuldige sterf of tereggestel is. Rom. 7:1-6. Die wet maak ons bewus van ons sondigheid voor God, en van ons behoefte aan Sy Verlosser. Rom. 7:7-12.

*Twee*, ons verlossing in Jesus (die verlossing deur God se genadedaad) is die *enigste* leer van saligheid wat die Bybel voorhou. Die offerwet en die seremoniële wet hou die feit van verlossing voor deur die versoeningsdaad van die Godgegewe substituut, 'n dier waarvan die onskuld 'n tipe is van die onskuld van die een wat sou kom, die Messias, die Lam van God; omdat Hy reeds gekom het, is die ou tiperende wette van offerandes en hul priesterskap en seremonies opgevolg deur die versoeningswerk van Christus, die groot Hoë Priester. Heb. 7. Dit is 'n ernstige fout om te sê dat die *burgerlike* wet afgeskaf is, maar dat die *morele* wet behou is. Wat is die verskil tussen hulle? Meestal kan dit nie onderskei word nie. Moord, diefstal, en valse getuienis is burgerlike oortredings sowel as morele oortredings. In feitlik elke burgerlike orde is owerspel en om die ouers nie te eer nie, burgerlike oortredings. Bedoel diegene wat verklaar dat die burgerlike wette tot 'n einde gekom het, dan ook dat die Ou Testamentiese teokrasie nie meer bestaan nie? Maar die Koningskap van God en van Sy Christus word nadruklik bevestig p.305. deur die Nuwe Testament en veral deur die boek Openbaring. Die staat is niks minder geroepe onder Christus as wat die kerk dit is nie. Dit is duidelik dat dit *slegs* die offerandes en die seremoniële wet is wat beëindig is, omdat dit vervang is deur Christus en sy werk.

*Drie,* die wet word deur die Nuwe Testament slegs veroordeel as 'n weg tot regverdigmaking, wat dit nooit veronderstel was om te wees nie. Die wet is nie ons weg tot regverdigmaking of tot redding nie, maar tot heiligmaking. Die fariseïsme het die betekenis van die wet verdraai en die wet van geen waarde gemaak nie, volgens Christus se verklaring. Matt. 15:1-9. Wat die Fariseërs die wet genoem het, was die gebooie van mense, Matt.15:9, en hierteen het Christus en Paulus hul aanval geloods. Die alternatief tot antiwet is nie Fariseïsme of wettisisme nie.

Die antwoord aan hulle wat die mens deur die wet wil red, is nie om te sê dat die mens geen wet nodig het nie.

Fariseïsme of wettisisme lei tot staatsbemoeiing. Die Bybelse wet het 'n beperkte rol; 'n verlossende wet moet 'n onbeperkte mag hê, en daarom is die Bybelse reg vervang met Fariseïsme met sy totale wet. Die beskeie rol van God se wet was vir die fariseërs tot aanstoot. Daarom, terwyl die wet slegs een vas per jaar vereis het, op die Versoeningsdag, en dan slegs tot die aand toe, het die Fariseërs twee maal per week gevas, Lukas 18:12. 'n Jaarlikse vas wat geëindig het in 'n fees, het geen regeringsdwang oor die mens vereis nie; 'n twee-weeklikse vas regeer die mens en word 'n manier van selfaanbeveling voor God en die mens.

Die wet word dus veroordeel wanneer dit in 'n verlosser verander word, of in 'n guns wat God aangedoen word, eerder as die mens se nodige gehoorsaamheid en reaksie tot God se mandaat en roeping. Wet is wet, nie verlossing nie, en die wet as verlosser lei tot staatsbemoeiing en totalitarisme. Antiwet (antinomianisme) weer, lei tot anargie.

p.306. In elke eeu het die wet die heiligheid van God geopenbaar. Die heiligheid van God is Sy absolute kenmerk wat Hom onderskei van Sy skepsel en sy skepping, en Sy transendentale heerlikheid bokant hulle in Sy soewereine en onbeperkte majesteit. Die afskeiding van God is ook sy morele afskeiding van sonde en boosheid en Sy absolute morele volmaaktheid. Daar kan geen heiligheid wees nie, geen afsondering na God toe nie, sonder die wet van God. Die wet is onvervangbaar vir heiligheid.

Die wet is ook basies tot die geregtigheid van God. Die geregtigheid van God is geopenbaar in die wet van God, en die norm waardeur die mens tot sondaar verklaar word, is hul oortreding van God se wet. Die sonde van Adam en Eva was hul oortreding van God se wet, en die kriterium van die mens se geloof is die vrug wat hy dra, sy werke, in die kern, sy konformering tot die wet van God, sodat die wet sy nuwe lewe en natuur word. Matt. 7:16-20; Jak. 2:17-26; Jer. 31:33. In die verwaarlosing van of opstandigheid teen God se wet kan daar geen geregtigheid of reg wees nie. Om God se wet te versaak, is om God te versaak.

p.307. Die wet is ook aan die grondslag van *heiligmaking*. Heiligmaking kan nie verwar word met slegs morele opregtheid of morele verbetering nie. "Heiligmaking kan gedefinieer word as daardie genadevolle en voortgaande werking van die Heilige Gees, waardeur Hy die geregverdigde sondaar verlos van die besoedeling van die sonde, sy hele natuur vernuwe na die beeld van God, en hom in staat stel om goeie werke te doen." Rom. 10:17 – "geloof kom deur die gehoor, en die gehoor kom deur die woord van God." Die wet is geskryf in elke vesel van die woord van God. Indien hierdie wetwoord basies is tot geloof en tot gehoor, is dit basies tot die gelowige se groei in heiligmaking. Heiligmaking hang af van ons wetsonderhouding in gedagte, woord en daad. Die volmaaktheid van die vleesgeworde Woord het gemanifesteer in Sy wetsonderhouding; **kan die mense van Sy koninkryk hul roeping om volmaak te wees op enige ander manier vervul, anders as deur die onderhouding van Sy wet-woord?** (My verdonkering.)

As die wet verloën word as die weg tot heiligmaking, dan is die logiese alternatief die Pinksterisme, met sy antinomianistiese en onbybelse leer van die Gees. Verloën die wet, en jou alternatiewe is, óf onverskilligheid wat betref heiligmaking, óf Pinksterisme en soortgelyke leringe. Die gebrek aan belangstelling in, of die minagting van die kanonieke wet, vorm deel van antinomianisme. Om die wet van die evangelie los te maak, is om jouself van

die wet en van die evangelie los te maak, en dus van Christus af. p.308. Toe God die Vaer die wet as so bindend beskou het op die mens dat die dood van God se vleesgeworde Seun nodig was om die mens te verlos, dan kon Hy nie daardie wet nou as iets gerings, en van nul en gener waarde vir die mens beskou het nie. Die mens is gered "sodat die geregtigheid van die wet vervul mag word" in Hom. Rom. 8:4. Om te sê dat die mens nie langer onder die wet is nie, en terselfdertyd nie moord mag pleeg nie, of owerspel, diefstal, valse getuienis en ander sondes nie, is om met woorde te speel. 'n Wet is 'n wet en is bindend, of dit is nie langer 'n wet nie, en die mens is nie langer gebind nie, maar vry om hierdie dade te pleeg.

Die gebod, "Jy mag nie doodslaan nie," beteken dat 'n mens se lewe nie geneem mag word nie. Is die verdraaiing van die Woord van die lewe nie 'n manier om lewe te neem of te benadeel nie? In 'n tyd wanneer die fondamente van die wet aangeval word, moet die dienskneg van God daardie wet energiek en duidelik verkondig.

Met Adam se val het die mens geval, en God se regsorde is verbreek. Deur Christus se oorwinning, het die mens in Christus getriomfeer, en God se regsorde is herstel, tesame met die mandaat om te heers onder God en die aarde onder beheer te bring. Kan enige man van God minder as dit verkondig?

### 16. Werk.

Normaalweg word *werk* beskou as 'n aspek van die vierde gebod: "Ses dae moet jy arbei ..." Eks. 20:9, en dit is 'n geldige klassifikasie. 'n Dwingende rede is nodig om *werk* anders te plaas. Hierdie rede kan gevind word in die oorspronklike opdrag om die aarde te onderwerp en daaroor te heers. Gen. 1:28. Werk het aangegaan na die val, nou met 'n vloek wat daarop gerus het, en met frustrasie, Gen. 3:17, 18. maar met 'n duidelike herstellende funksie. Met die val kom die vloek op die mens se werk, maar werk is nie 'n vloek nie. Deur die verlossing, word die invloed van die sonde gestadig oorkom soos wat die mens werk om die aarde te herstel en om sy heerskappy onder God te bevestig. Die mens, die lewe, en die aarde, is beskadig en gedood deur die gevolge van die sonde. Om die val tot niet te maak, om te beskerm, en om die lewe te hê en dit in oorvloed, onder God, beteken dat, onder die sesde gebod, p.309. die mense 'n mandaat het om die aarde te herstel deur werk en om die beserende en dodende effek van die sonde te inhibeer en te beperk. Die belangrikheid van restitusie vir die wet, is die rede waarom werk, as 'n aspek van die vierde gebod, ook na behore 'n aspek van die agste gebod is, want "Jy mag nie steel nie" beteken "Jy moet werk" om te verkry wat ook al benodig en begeer word. Die doel van restitusie is die herstelde Koninkryk van God soos beskryf deur Jes. 11:9: "Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op My heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek."

Werk het dus 'n belangrike plek in die Bybelse beskouing. Spreuke benadruk herhaaldelik die noodsaaklikheid, waardigheid, en belangrikheid van werk. Spr. 13:11; 12:24; 13:4; 22:29.

Werk het ten doel die herstelde Koninkryk van God; werk is dus 'n godsdienstige en 'n morele noodsaaklikheid.

(Die Hutteriete se siening van werk en hul benadering tot verstandelik gestremdes. Hulle is minder vatbaar vir siektes.)

p.310. Die genesende funksie van werk is goed gefundeer, en die waarde daarvan in die hantering van neurotiese en verstandelik vertraagde persone word oral erken. Hierdie waarde van werk geld die hele samelewing, alle mense. Dit is 'n godgegewe manier waardeur die mens oor die aarde moet heers en sy roeping onder God moet vervul. Gen. 3:17-19. Werk is die mens se roeping, maar werk lê ook die sonde se vernietigende werk bloot in die geskiedenis. Die werker van vandag, a.g.v. die sonde, leef al te dikwels om werk te ontduik. p.311. Omdat die wêreld onderhou word, wat betref sy sosiale en kulturele orde en vooruitgang, deur werk, nie deur fantasie nie, daarom is 'n wêreld waarin fantasie toeneem, 'n wêreld wat voortbeweeg na ondergang. p.312. 'n Eeu waarin akteurs en aktrises openbare afgode en helde is, is 'n kammawêreld.

'n Samelewing wat deur akteurs gedomineer word, (en die akteurs hoef nie professionele akteurs te wees nie, hul kan ook 'n groep wees wat wat verlief is op die skyn) is 'n samelewing wat verbruik-gesentreerd is: dit verloor sy vermoë om te produseer. Die akteur is dikwels 'n akteur en 'n sosialis omdat die twee wêrelde basies dieselfde is. In stede daarvan om met die mens se gevalle natuur te handel, het Marx gedroom van 'n nuwe wêreld om sodoende die vloek te verwyder van werk. Die akteur en die sosialis leef baie goed in vrede met mekaar; hulle is verenig in hul vyandiggesindheid teenoor die verbondsmens.

Die afname in produktiwiteit, en die opgang van die kammawêreld is dus tekenend van 'n samelewing in verval. Indien dit baie lank aanhou, dui dit op die dood van 'n samelewing. "Jy mag nie doodslaan nie" het as sy bevestigende formulering, die beskerming en bevordering van lewe onder God en in terme van Sy wet-woord. Werk is 'n belangrike aspek van hierdie vry en herstelde lewe.

## 17. Amalek.

In die ou tye was Amalek "die eerste van die nasies." Num. 24:20. (Dit was nie Esau se kleinkind, p.313. Amalek, nie. (Gen. 36:12, 16.) Lank voor hierdie Amalek se geboorte, het die nasie Amalek bestaan. Gen.14:7. Amalek word geïdentifiseer met die Hyksos deur Velovsky. Hierdie identifikasie pas goed in by die vertelling van Eks. 17:8-16. Die belangrikheid van Amalek vir die Bybelse reg, verwys na 'n oordeel wat uitgespreek is deur God teen Amalek, met God se verbondsvolk, aan wie die teregstelling van Amalek toevertrou is. Aangesien 'n dekreet van veroordeling 'n aspek is van die wet, moet dit oorweeg word in enige bespreking van die wet, veral as dit ingesluit is in die regskode.

Nadat Israel Egipte verlaat het, het Amalek hul ontmoet en aangeval. Eks. 17:8-16, veral 14-16; Deut. 25:17-19. Verskeie dinge word genoem:
*Een:* In 'n sekere sin het Amalek oorlog gevoer teen God. Ps. 83:5, 7; 1 Sam. 15:2 – 3; 28:18.
*Twee*: God het ook oorlog gevoer teen Amalek.
*Drie:* Israel is aangeval deur Amalek en is wreedaardig behandel.
*Vier*: Van Israel is verwag om tot die dood toe oorlog te voer teen Amalek. p.314.
*Vyf:* Hierdie stryd moes van geslag tot geslag voortduur, en selfs die gedagte aan Amalek moes uitgewis word.

Noukeuriger beskouing van hierdie 5 punte:
*Een.* Eks. 17:16 – God se vyandskap teenoor Amalek wys dat in 'n sekere sin Amalek se hand *teen* God verhef was; daarom moes Moses se arms *tot* God opgehef wees om Israel se afhanklikheid van God aan te dui. Die erns van Amalek se oortreding word weerspieël in die

Talmud. Midrasiese verhale openbaar hoe die Amalekiete hul besonder haatlik gemaak het. Deut. 25; 18; Josua 10:19. Eng. Tail – Afr. Agterhoede. Rushdoony: *kastreer* of *val die heel agterstes aan.* (Die swakstes.) p.315. Amalek het Israel gehaat omdat hy God bo enigiets anders gehaat het. Hierdie perversiteit was ook in Haman. Ester 3.

*Twee.* Eks. 17:16 – Oorlogvoering teen Amalek moes van geslag tot geslag voortduur – God se vortdurende oorlogvoering van geslag tot geslag teen die Amalekiete van elke eeu, ras en nasie. Perverse geweld, veragting vir God en vir die mens, het algemeen die gevalle mens gekenmerk.

p.316. Voorbeelde van perverse geweld. Gewoonlik word hierdie wreedhede beskou as bewys van primitiwiteit, as evolusionistiese oorblyfsels, eerder as bewys van sy gevalle natuur. Beskaafde mense bedryf ook perverse geweld. Die mens beoefen perverse geweld as 'n manier om sy almag te laat geld. Gen. 3:5. "Om soos God te wees," dit is die mens se sonde, en tog kan die mens nie almag of mag
beoefen deur 'n nuwe wêreld of 'n nuwe mens te skep nie. Die mens gebruik daarom vernietiging as 'n manier om sy mag te laat geld.

p.317. Om te kan God speel, om die sensasie van almag te smaak, totale terreur en totale vernietiging, teweeggebring met volle perversiteit, is die mens se pad na godskap. Hierdie perverse geweld, 'n *pseudo-almag,* roep God se wraak op, sodat, "van geslag tot geslag," God se vyandskap teenoor elke Amalekiet bly voortbestaan.

*Drie.* p.318. Deut. 25:17 – Amalek het " God nie gevrees nie." Waar die mens daartoe oorgaan om God se Volk aan te val, is daar dikwels 'n bedekte of onbedekte aanval op God. Omdat hul God nie direk kan aanval nie, daarom val hul God se volk aan. Daar is dus 'n voortdurende oorlog tussen God se Volk en God se vyande. Dus is daar 'n voortdurende oorlog tussen Amalek en Israel, tussen God se Volk en God se vyande. Die uiteinde moet die uitwissing van God se vyande wees.

*Vier.* Die verbondsvolk moet oorlog voer teen die vyande van God, omdat hierdie stryd 'n stryd tot die dood toe is. Die voorbedagte, verfynde, en obsene geweld van die anti-God magte laat geen plek op aarde daarvoor nie.

*Vyf.* Hierdie oorlog moet voortduur tot die Amalekiete van die wêreld uitgewis is, totdat God se regsorde oorwin, en Sy geregtigheid heers. Hierdie pseudo-almag word meer en meer geweldadig, en meer en meer pervers. Omdat dit nie mag kan manifesteer om te regenereer nie, daarom manifesteer dit mag om te vernietig. Die tipologie van Moses se opgehewe hande, Eks. 17:11, 12. vertel ons meer van die manier waarop Amalek vernietig moet word: met 'n volskaalse aanval op alle fronte, maar altyd met 'n ten volle afhanklikheid van die Here, want Hy is ons enigste grond tot oorwinning.

**18. Amalek en Geweld.**

Spr. 4:16, 17. Salomo, as wetgewer en onderwyser, het gevoel dat herkenning van die feit van die koorsagtige begeerte tot geweld aan die kant van die bose mense, belangrik was. Salomo se uitgangspunt, was die mens se gevallenheid: die bose verlustig hul in die boosheid.

p.319. Wertham.

p.320. Omdat die mens nie die Skepper-God kan word nie, probeer hy om die duiwel-god te wees. Om as die duiwel-god te kan regeer, moet die mens ook God verloën en oorlog voer teen die God van die Bybel. Wanneer die mens probeer om God te vervang, vervang hy ook God se geregtigheid met sy perversiteit en geweld. Wanneer die mens begin om homself los te maak van God se regsorde, en om sy geweld te manifesteer, vind sekere ontwikkelings plaas:

*Een.* Die man van geweld probeer om 'n godsdienstige ontsag op te wek deur te skok. Hulle het vreugde aan die geskokte reaksie van die p.321. slagoffer, en van hulle wat hoor of lees van hulle dade. Dit voed hul honger na mag.

*Twee.* Hierdie behoefte aan 'n vars skok beteken 'n aanhoudende vermeerdering van die *intensiteit* en *perversiteit* van geweld. Geweld genees homself nie: dit word vernietig of dit vernietig.

*Drie.* Die liberaliste en sosialiste glo dat die antwoord vir geweld 'n verandering van omgewing, wetgewing, staatsaksie of maatskaplike beplanning is. Party glo dat liefde die geneesmiddel vir geweldenaars is. Piëtistiese Christene glo dat bekering die antwoord is. Almal behoort weergebore te word, maar evangelisasie is nie die antwoord vir alle probleme nie, alhoewel dit altyd moet voortgaan. Die teëhouding van die wet en die wet se strawwe moet voortdurend voortgaan. Gewelddadige mense het bekering nodig, of teregstelling, indien hulle voortgaan met geweld tot die punt waar hul die doodstraf moet kry. Daarteenoor, indien daar nie genoeg weergebore mense in 'n samelewing is nie, kan geen regsorde suksesvol volgehou word nie. 'n Gesonde samelewing het 'n operasionele regsorde en 'n operasionele evangelisasie nodig om homself te kan handhaaf in elke area van die lewe, en dit moet daarom die volle maat van God se wet afdwing. Liefde, bekering en regsorde is nie plaasvervangers van mekaar nie, elkeen het sy plek en funksie binne die maatskaplike orde.

*Vier.* Dit is nie verbasend dat ons 'n gewelddadige geslag mense het nie, want alles is gedoen om God se regsorde tot niet te maak: Onderwys word deur die staat beheer; dissipline moes plek maak vir permissiwiteit; die kerk het die leer van wedergeboorte vervang deur maatskaplike revolusie; en plaas daarvan om geharde misdadigers met die doodstraf te straf volgens God se wet, moet die samelewing hierdie misdadigers subsidieer. 'n Gewelddadige geslag is grootgemaak en is aan die toeneem.p.322.

*Vyf.* Hoe meer daar gepraat word van liefde, hoe minder liefde en hoe meer haat is daar. Hoe meer gepraat word van broederskap, hoe meer neem geweld toe. Humanistiese oplossings vir geweld moedig dit eerder aan.

*Ses.* 'n Permissiewe geslag, wat graag emosionele uitbarstings het en geweld beoefen, en vas glo in sy eie regverdigheid, is 'n geslag wat hou van chaos. p.323. Amalek is dus steeds met ons. Daarteen moet opgetree word. Die onderwys wat Amalekiete voortbring, moet vervang word met Christelike onderwys. Kerke wat gemeentes van Amalek is, moet vervang word deur Christelike kerke wat die hele Woord van God glo, leer en toepas. Die staat moet Christelik word en die Bybelse wet toepas op elke area van die lewe, en moet die volle maat van God se wet afdwing. Die permissiewe gesin moet plek maak vir die Christengesin. Slegs so kan Amalek vernietig word.

## 19. Geweld as Uitgangspunt.

Die essensie van Amalek se oortreding, was sy uitdaging van God, 'n godsdienstige wetteloosheid, waardeur God uitgedaag en verloën was. Twee gedeeltes in die Bybel behandel hierdie oortreding as 'n halsmisdaad: Num. 5:30, 31, en Deut. 17; 12, 13 – hofverhore in Israel is dikwels voor of by die Heiligdom gehou, (God se paleis en troonkamer,) met 'n priester (of die Hoë Priester) ingesluit in die hoër hof. Die doodstraf kom voort uit die teokrasie. Indien God die koning van die volk is, dan is rebellie teen sy wet verraad, en as dit dan trotse en moedswillige rebellie is, p.324. dan is die doodstraf net wat ons verwag wat toegepas sal word.

Die wese van die Amalekiet is die begeerte om almag te beoefen deur vernietiging. In plaas daarvan om 'n kultuur te skep, vernietig die Amalekiet elke kultuur wat hy aanraak, beide as 'n parasiet en ook as 'n sistematiese vernietiger.

p.325. Die doel van die geweldenaars is totale vernietiging: hulle mag wel praat daaroor om 'n nuwe sosiale orde skep, maar hulle eerste en essensiële werk is om alle bestaande ordes te vernietig. Hulle mag wel praat van liefde vir die mens, soos die humaniste doen, maar die mens het nog nooit voorheen soveel radikale haat geken as wat teen hom beoefen word deur hierdie geweldenaars nie.

Die geweldenaars het perversiteit lief omdat dit pervers is; hulle het die leuen lief omdat dit 'n leuen is; hulle plesier en mag is in misleiding en vernietiging.

Die uiteindelike oorwinning is dus om die mens te vergruis en die dood van God te verkondig. Hierdie verwaande, eiegeregtigde mense moet, volgens die wet, tereggestel word.

Om die wet te verloën en jouself teenoor God te stel, is om te probeer om die hele samelewing te vermoor, en dit verdien die doodstraf. Burgerlike ongehoorsaamheid wat stewig in die Bybelse wet gegrond is, is een ding, maar burgerlike ongehoorsaamheid wat die mens bo die wet stel, is iets heel anders: dit is anargie.

p.326. Daarom is dit dat God in 'n stryd gewikkel is met Amalek in elke geslag, want in elke geslag is God se absolute regsorde die enigste ware fondament van die samelewing, terwyl Amalek, vasbeslote om sy eie god te wees, probeer om elke spoor van God se regsorde te vernietig. Omdat die Amalekiet God haat, daarom *haat hy ook die lewe*. In die woorde van Christus waar Hy praat van wysheid, "Maar hy wat teen my sondig, benadeel sy eie lewe, hy wat my haat, het die dood lief." Spr. 8:36; Num.15:30, 31 – Tora weergawe. Waar 'n samelewing weier om die verlangde doodstraf toe te pas, daar pas God dit toe op daardie samelewing.

p.327. Samelewings het al in groot getalle geval a.g.v. hul opstand teen God, en hulle sal aanhou val solank as hierdie skending van God se orde voortduur. Elke staat en elke samelewing staan dus voor 'n keuse: Om die doodstraf uit te spreek teenoor diegene wat dit verdien, of om self te sterf. Maar almal wat God haat, verkies die dood. Die sonde van verwaandheid is ongetwyfeld 'n totale revolusie teenoor God en teenoor die mens; almal wat dit toelaat, het die dood gekies, of hul dit nou erken of nie. Almal wat skuldig is aan verwaandheid, word deur God gehaat. Spr. 8:13. Om God te vrees, is om boosheid in elke

vorm te haat, en om bose mense lief te hê, is om God te haat en om Sy wet-woord te verag. Die humanistiese verstand probeer wyser en heiliger wees as God: Dit maak aanspraak daarop dat dit die bose mens tot sy verlossing sal liefhê. Spr. 1:24-33.

## 20. Maatskaplike erfenis: Grenslyne.

p.328. Deut. 19:14 verwys basies na die agste gebod: "Jy mag nie steel nie." So ook Deut. 27:17; Job 24:2; Spr. 22:28; Spr. 10:10, 11. Die verwysing na eiendom is duidelik, maar daar is ook verwysing na die bewaring van 'n erfenis. Hierdie verwysings in Deut. en Spr. word gesien as verwysende na 'n breër feit, 'n respek vir grenslyne, moreel, geestelik, en sosiaal, 'n respek vir ons erfenis in God se verbond. Hosea 5:10 – godsdienstige en morele afvalligheid van die volk en korrupsie van sy leiers. Om die grense tussen reg en verkeerd, tussen waarheid en die leuen, en tussen God en valse gode te vernietig, is om die samelewing te vermoor en om sy mees basiese erfenis te dood. (Sesde gebod.)

p.329. Die verwyder van grense was die grootste taak van die onderwys en die politiek in die laaste tyd.

p.330. 'n God-is-dood-filosofie voorspel in werklikheid die dood van die mens. Die ou grense is vervang met nuwe relativistiese grense, historiese Amerikaanse reg (met sy Bybelse oriëntasie) is vervang met humanistiese reg. Nuwe regsgrense is gebruik om ou wette aan te pas en die sosiale orde te ondergrawe. Maar 'n relativistiese, humanistiese grenslyn is geen grenslyn nie.

p.331. Om grenslyne te bestry is om vooruitgang te bestry. In 'n wêreld sonder grense, is elke grens 'n kriminele oortreding.

p.332. Indien 'n mens se begeertes sy enigste grenslyne is, dan word die mens, in 'n wêreld sonder betekenis, self betekenisloos. Indien dit 'n misdaad is om grense van 'n eiendom te verskuif, sodat jy 'n mens uit sy eiendom kan bedrieg, hoeveel groter is die misdaad dan om sosiale grense - die Bybelse grondslae van die reg en die samelewing - te verander, en daardeur die dood van daardie sosiale orde te weeg te bring? As dit 'n misdaad is om banke te beroof, dan is dit sekerlik 'n misdaad om 'n sosiale orde te beroof en te vermoor.

## VII

## DIE SEWENDE GEBOD

### 1. Die Huwelik

p.333. Die doel van die sewende gebod, "Jy mag nie egbreuk pleeg nie", is om die huwelik te beskerm. Die betekenis van die huwelik in verhouding tot God, moet eers begryp word. Terwyl die huwelik van hierdie aarde is, Matt. 22:29 en 30, verwys dit tog na en word dit regeer deur die drie-enige God, soos alle ander dinge. Ef. 5:21-23. 'n Algemene beginsel van onderwerping en diens word bevestig, en die huwelik word aangehaal as illustrerend van hierdie beginsel. Deur die eeue was die mens in opstand teen hierdie noodsaaklikheid van onderwerping en diens, en het liefs gedroom van outonome mag.

p.334. Hierdie algemene beginsel van onderwerping en diens is gewortel in baie meer as die mens se interafhanklikheid; dit is eerder gegrond in 'n teokratiese geloof. Ef. 5:22-29: Mense moet aan mekaar onderworpe wees, en onderling diensbaar wees aan mekaar, *nie* omdat die mens se behoeftes dit vereis nie, maar uit vrees vir God en in gehoorsaamheid aan Sy wetwoord. Die menslike interafhanklikheid bestaan omdat die voorafgaande afhanklikheid van God die eenheid van Sy skepping vereis, onder Sy gebod.

Verder, omdat die mens nie God is nie, is die mens 'n onderdaan eerstens, en in besonder, van God, en van andere slegs in die Here. Waar die mens sy onderdanigheid aan God verwerp en sy eie outonomie opeis, wen hy tog nie daardeur onafhanklikheid nie, want die onderwerping van mens aan mens duur voort in heidense, Marxistiese, anargistiese, en ateïstiese groepe, maar hierdie onderwerping is nou sonder die beperking van die wet van God. Die Bybelse onderdanigheid van mens teenoor mens, en van die vrou teenoor haar man, word op elke punt regeer en beperk deur die voorafgaande en absolute onderwerping aan God, en hiervan is alle ander onderwerping aspekte. God se eerste en absolute heerskappy beperk en bepaal elke omstandigheid van die mens en laat geen oortreding toe sonder om aanstoot te neem nie. Om die Bybelse beginsel van onderwerping te verwerp, is om die deur oop te maak vir totalitarisme en tirannie, omdat daar geen beperking oorbly op die mens se begeerte om te domineer en sy medemens te gebruik nie. Die Bybelse beginsel van onderwerping kondisioneer elke verhouding deur die vooraf vereiste van, en totale regerende jurisdiksie van God se wet, sodat alle verhoudings op die aarde beperk word en in toom gehou word deur God se wetwoord. Dus, vroue word nie aan bande gelê p.335. deur die Bybelse gebod van onderdanigheid nie, Ef. 5:22. maar word eerder gestel in die vryheid en veiligheid van 'n deur God daargestelde verhouding.

Sonder Bybelse geloof word die enigste bindende faktor in die huwelik die swak band van die gevoel. Waar gevoel die basis van die huwelik word, eerder as 'n godsdienstige beginsel, word die huwelik uiteindelik 'n rooftog, waar elke party die ander gebruik en dan pad gee as daar niks nuuts te wen is nie. Romantiese gevoelens, wedersydse uitbuiting, en selfbejammering word die lot van diegene wat die man-vrou verhouding verklein tot een van anargistiese los wees van God se wet.

p.336. Ef. 5:22-29. Wat hier deur Paulus bedoel word, is dat die heelal een is van onderwerping aan outoriteit, en dat die vervulling van elke enkele aspek is, dat plig gedoen moet word in terme van daardie onderdanigheid. Dit is die plek en vervulling van die vrou om

in onderdanigheid tot haar man te handel in alles wat reg en billik is, net soos wat Christus die hoof is van die kerk en die verlosser van Sy liggaam, die kerk, so moet die outoriteit van die man uitgeoefen word tot die gesondheid en bevordering van sy vrou en gesin. Net soos die kerk aan Christus onderdanig moet wees, net so moet die vrou ook in alles aan die man onderdanig wees.
p.337. **Hodge:** "Geen meerdere, of dit nou 'n baas is, of 'n ouer, of 'n man, of 'n gesagvoerder, kan ons verplig om te doen wat God verbied nie, of verplig om nie te doen wat Hy gebied nie. So lank as wat ons gehoorsaamheid aan God behoue bly, en die gehoorsaamheid aan die mens deel is van ons gehoorsaamheid aan Hom, behou ons ons vryheid en ons integriteit."

Die wêreld van God se gebod en God se daargestelde outoriteite, is die mens se ware vryheid. Dit is slegs wanneer ons eers die voorrang van hierdie reg en orde vasgestel het, dat ons kan praat van vrywillige onderwerping aan wet en gesag as die mens se geluk en vervulling.

**Ingram:** "Dit wat die egbreker werklik doen, is om 'n besondere plegtige belofte te verbreek. Deur hierdie daad vertrap hy die huwelik self, bespot God en die samelewing, en figuurlik gesproke, gooi hy daardie belofte in die vullisblik, en maak dit van geen waarde nie."

p.338. Die mens se bestudeerde verontagsaming van hierdie wetwoord is 'n implisiete of eksplisiete verklaring dat die mens God se gesag met sy eie vervang, en dat morele onderdanigheid verloën word ten gunste van eie gesag.

Die alternatief vir onderwerping is uitbuiting, nie vryheid nie, omdat daar geen vryheid is in anargie nie. Die doel van onderwerping is nie om vroue te verneder in die huwelik nie, ook nie om mans te verneder in die samelewing nie, maar om hulle beste voorspoed en vrede na hulle te bring onder God se orde. In 'n wêreld van gesag, is die vrou se onderwerping nie in isolasie of in 'n vakuum nie. Dit bestaan in 'n konteks van onderwerping van mans aan outoriteit; in so 'n wêreld leer mans die beginsels van outoriteit aan hul seuns en dogters en werk daaraan om aan hulle die beginsels van outoriteit en gehoorsaamheid tuis te bring. In so 'n wêreld heers onderlinge afhanklikheid en diens.

In 'n wêreld van morele anargisme is daar nie onderwerping nie, en ook nie diens nie, wat 'n vorm van onderwerping is. Die wêreld buite God se wet is 'n wêreld van uitbuiting waar dit onderwerping aangaan, veral seksuele uitbuiting.

Alhoewel die Skrif herhaaldelik die liefde aanhaal as 'n aspek van 'n vrou se verhouding tot haar man, word liefde nie hier deur Paulus genoem met betrekking tot die vrou en haar reaksie tot haar man nie. Die *voorrang* word gegee aan *onderdanigheid* deur die vrou, en *liefde* deur haar man. Die liefde van die man word egter gedefinieer as *diens*, en dit word vergelyk met die verlossende werk van Jesus Christus vir Sy Kerk. Ef. 5:22-29. Die bewys van die man se liefde is dus sy wyse en liefdevolle regering van sy huishouding, terwyl die vrou haar liefde in onderdanigheid demonstreer. In albei gevalle word die onderdanigheid en gesag nie bepaal deur die wense van die betrokke partye nie, maar deur die Wetwoord van God. Die man onderwerp hom aan Christus en aan alle verskuldigde gesag, en die vrou onderwerp haar aan haar man en bevorder daardeur sy beoefening van gesag op elke terrein en word haar man se hulp in sy outoriteit en oorheersing. Die vrou kry normaalweg haar status van haar man af, en om hom te verkleineer, is om haarself te verkleineer. Ef. 5:28-29. p.339. Die grondslag van so 'n verhouding is geloof, en gehoorsaamheid aan God se Wetwoord deur geloof.

As die Bybelse geloof wat die westerse gesinslewe onderskraag, ontken word, dan word die huweliksverhouding ook verander. 'n Sentrale aspek van die betekenis van die huwelik is dat dit 'n tipe is van Christus en Sy Kerk. Ef. 5:25-32. In Ef. 3:14 en 15 praat Paulus van God as die Vader van gesinne in die hemel en op aarde, of meer letterlik, "Die Vader van alle vaderskappe."

p.340. Die *naam en natuur* van alle aardse verhoudings word afgelei van die drie-enige God, sodat daar geen wet, geen samelewing, geen verhouding, geen geregtigheid, geen struktuur, geen plan, geen betekenis sonder God is nie, en al hierdie aspekte en verhoudings van die samelewing is tipes van dit wat in die Godheid bestaan. Die hel het geeneen van hierdie dinge nie, maar slegs blote bestaan, wat in homself ook God se skepping is. Vir 'n mens om God te ontken, is om uiteindelik alles te ontken, omdat alle dinge uit God is en van Hom getuig.

**Simpson:** Die tipologie van die huwelik en sy verhouding tot Christus en die kerk het vier implikasies:
*Een.* Dit demonstreer die feit van *heerskappy*, wat basies is aan God se doel en Sy Koninkryk.
*Twee.* Dit wys op *aanbidding*, of selfopoffering.
*Drie.* Dit bestaan in terme van 'n *plan*, 'n soewereine doel en eindbestemming.
*Vier.* Dit verklaar die afkoms.

Net soos die hel die finale en totale verlies van alle gemeenskap is, so is die ware huwelik, soos elke aspek van die Godvresende lewe, 'n verwerkliking of 'n fase van lewe in gemeenskap onder God. Paulus het, deur Gen. 2:24 aan te haal in Ef. 5:31, dit duidelik gemaak dat hy eenvoudig aan die kerk van die Efesiërs dit wou verduidelik wat van die begin af verklaar is. Die "groot geheim" waarvan deur Paulus gepraat word in Ef. 5:32, is, volgens Calvyn, "dat Christus Sy eie lewe en krag in die kerk inasem." Waar hierdie lewe en krag gelowig ontvang word, en waar elke outoriteit (terwyl dit God se genade direk ontvang, en ook soos dit deur alle ware outoriteite bemiddel word) sy pligte van onderdanigheid en gesag getrou nakom, daar floreer en groei God se koninkryk oorvloediglik.

Wat betref verlossing en God se voorsienigheid, is Christus *die enigste middelaar tussen God en die mens.* God se genade beweeg egter nie slegs direk van God deur Christus tot die mens nie, maar ook deur mens tot mens soos wat die mens sy pligte onder God nakom. Watter verbondslid met godvresende ouers kan ontken dat sy ouers, p.341. deur hul gebede en hul dissipline, hulle liefde en hul onderrig, God se genade en regsorde aan hul openbaar het? Die feit dat hul verlossing geheel en al God se werk is, verander nie die werklikheid van die verbondswerktuie nie. Dat verbondswerktuie werktuie in God se hand is, moet duidelik erken word, maar om die werktuie self daardie status te ontsê, is om God se regsorde te ontken. Predikante, ouers, onderwysers, staatsoutoriteite, en alle ander, solank hulle hul pligte getrou nakom, bemiddel van mens tot mens God se regsorde, geregtigheid, reg, genade, woord en doel. Protestantisme het regtens die eksklusiwiteit van die bemiddeling van 1 Tim. 2:5 voor oë gehou, maar dit het skade gedoen deur te ontken dat daar 'n bemiddeling is tussen mens en mens. 'n Godvresende staat, wat God se regsorde getrou en versigtig toepas, bemiddel God se geregtigheid aan kwaaddoeners, en bemiddel Sy versorging van Sy eie. Dit is om hierdie rede dat die Skrif na outoriteite aan wie die woord van God gegee is, dus, aan die wat daargestel is as gesagdraers deur God se woord, verwys as "gode", omdat hul 'n aspek van God se orde daarstel of bemiddel. Joh. 10:34, 35. Die alternatief tot bemiddeling is anargie, dus sal dit nie help om te kibbel oor die betekenis van die woord "bemiddel" voordat die woordeboeke verander word nie.

Elke legitieme area van administrasie is 'n area van bemiddeling, waardeur Christus se regsorde bemiddel word deur die kerk, die staat, skool, gesin, beroep en samelewing. Om te administreer, is om te bemiddel, omdat 'n administrateur nie sy eie nie, maar 'n hoër gesag toepas op die situasie onder sy beheer. Dit beteken duidelik 'n hiërargie van gesag, en die hoogste gesag of standaard van alle gesag, soos van alle mense, is die Bybel, God se geskrewe woord.

Wat die Bybelse leer duidelik maak omtrent die huwelik, is dat, in die lewe se mees intieme verhoudings, God se regsorde nie alleen elke verhouding reël nie, maar dat dit die basis is van die geluk en voorspoed daarvan.

Die Nuwe Testament getuig oorvloediglik daarvan dat Christus self in Sy vleeswording die noodsaaklikheid van onderdanigheid en die geldigheid van outoriteit deur Sy eie voorbeeld bevestig het.

**2. Die Huwelik en die Mens.**

Die mens kan slegs begryp word in terme van God en Sy soewereine p.342. doel in die skepping van die mens. Volgens Gen.1:26-28, is die mens geskape om te heers oor die aarde en dit te onderwerp, en die bevel "wees vrugbaar en vermeerder" was 'n aspek van die roeping om te heers oor die aarde. Die mens moet dus verstaan word in terme van God se koninkryk en die mens se roeping daarin om God se regsorde sigbaar te maak op 'n ontwikkelde en onderworpe aarde.

Die mens is dus in die eerste plek en in wese 'n *godsdienstige skepsel* wat slegs waarlik verstaan kan word met verwysing na sy Skepper, en sy voorafbepaalde bestemming onder God. Die mens se einddoel, om alle dinge onder die gesag van God se Wetwoord te bring, het die mens gekonfronteer van die begin van sy skepping af. Om die aarde te onderwerp en daaroor te heers, wat die taak van Adam in Eden was, het twee aspekte gehad:
*Een.* Die *praktiese aspek*: die mens moes die Tuin van Eden versorg. Gen. 2:15.
*Twee.* Die *verstandelike aspek*: die mens moes die diere name gee. Name in die Ou Testament was beskrywings en klassifikasies, sodat naamgewing van enige iets beteken het dat dit verstaan en geklassifiseer moes word. Deur werk en kennis is die mens geroepe om die aarde te onderwerp, sy moontlikhede te ontwikkel, te vermeerder en te vermenigvuldig sodat hy sy oorheersing geografies sowel as in kennis kan uitbrei.

Die heilige mens se roeping onder God was: *werk en kennis* met die doel om die aarde te onderwerp en gesag daaroor uit te oefen. Dus, *enige beroep* waardeur die mens sy oorheersing oor die aarde uitbrei, onder God, volgens God se doel, en sonder misbruik van of minagting vir die aarde, wat God bestem het om die mens se domein te wees onder Hom, *is 'n heilige roeping.* Die algemene opinie in elke vertakking van die Christendom dat 'n Christelike roeping beteken om toe te tree tot die beroep van prediker is 'n groot fout. So 'n beskouing lei daartoe dat die koninkryk van God verplaas word deur die kerk, na kerkisme as God se doel in die skepping. Die mens is geskape, nie as 'n kind nie, maar as 'n volwasse man, sodat hy nie begryp kan word met betrekking tot 'n primitiewe verlede of tot sy kinderjare nie, maar in terme van sy *volwasse verantwoordelikheid en werk.* Die mens verwesenlik homself in terme van werk onder God, en daarom die radikale vernietigende effek op die mens van betekenislose of frustrerende werk, of van 'n sosiale orde wat die werkende mens penaliseer

deur hom nie in staat te stel om die vrugte van sy arbeid te geniet nie. Die mens verwesenlik homself ook deur die grense van sy kennis uit te brei en meer van die natuur van dinge te leer en ook van hul bruikbaarheid. Die mens word opgehef deur 'n taak wat goed afgehandel is, en kennis wat verkry word, omdat in en deur werk en kennis sy heerskappy onder God uitgebrei word.

Die aarde is dus geskep sodat dit die koninkryk van God kan wees, en die mens is p.343. na die beeld van God geskep sodat hy plaasvervangend onder God oor die aardse koninkryk kan heers. Die beeld van God behels kennis Kol. 3:10, geregtigheid, en heiligheid, Ef. 4:24. en oorheersing oor die aarde en sy skepsels. Gen. 1:28. Dus, terwyl Adam gevorm is uit die bogrond, die rooi grond, was hy tog voorbestem vir 'n glorieryke natuur en roeping onder God. Van die mens is verwag om eers homself te ken in terme van sy roeping voordat 'n hulp aan hom gegee is, Eva.

Daar moet dus op gelet word dat Eva aan Adam gegee is,
*Een.* nie as die vervulling van 'n *natuurlike* of slegs 'n *seksuele* behoefte nie, al was daaraan ook erkenning gegee, Gen. 2:20. maar, na 'n tyd, in vervulling van sy behoefte aan 'n "hulp wat by hom pas", en dit is wat Eva genoem is. Sy was dus baie duidelik 'n *helper* vir Adam in sy lewe en werk as God se verbondsmens, geroepe om oor die aarde te heers en dit te onderwerp.

Dit beteken *Twee.* dat die rol van die vrou is om 'n helper te wees in 'n *regeringsfunksie*. Die man se roeping is in terme van God se koninkryk, en die vrou se skepping en roeping is nie minder in terme daarvan nie. Sy is 'n helper van haar man in die onderwerping van die aarde en in die heers daaroor in welke terme ook al nodig om haar man se lewe en werk meer suksesvol te maak.

*Drie.* God het Eva geskep slegs nadat Adam homself *verantwoordelik* bewys het deur sy pligte getrou en goed na te kom. Verantwoordelikheid is daarom duidelik 'n voorvereiste vir die huwelik vir 'n man. Daarom het die stelsel van die bruidskat later vereis dat die bruidegom sy verantwoordelikheid moes demonstreer deur die bruidskat aan sy bruid te gee as haar versekering en die kinders se versekering vir die toekoms.

*Vier.* Daar die man geroepe is om te heers, en die huwelik en die regering daarvan 'n sentrale aspek van die heers van die man is, daarom moet die heers wat betref werk en kennis, die uitoefening van gesag as man en vader voorafgaan. Die verbondsgesin is sentraal tot die Koninkryk van God en daarom was die huwelik by sy instelling ommuur met beveiligings om sodoende die presedent van verantwoordelikheid daar te stel.

*Vyf.* Die huwelik is duidelik 'n goddelike instelling, in die paradys geïnstitueer, tesame met die roeping om *te werk* en *te weet*. p.344.

*Ses.* Die huwelik is die normale staat vir die man, want volgens God is dit nie goed vir die man om alleen te wees nie. Gen. 2:18. Behalwe in die geval van fisieke gestremdheid, of anders deur God geroepe om alleenlopend te bly, Matt. 19:10-12. is die huwelik die normale staat van die lewe. Slegs in 'n eeu van bestudeerde onvolwassenheid word daar gespot met die huwelik as sou dit 'n gebondenheid wees. Wat eintlik gesê word, is dat verantwoordelikheid, of eenvoudiger gestel, manlikheid, 'n gebondenheid is en dat permanente kindskap vryheid is.

*Sewe.* Die gesin en die regering van die gesin is 'n baie belangrike deel van die man se roeping, maar dit is ver van die totaliteit daarvan. Terwyl die vrou se roeping in terme van haar man en haar gesin is, is die man se roeping in terme van sy beroep wat hy aanvaar onder God.

*Agt.* Voor die huwelik moes die man twee dinge demonstreer, die *patroon van gehoorsaamheid* en die *patroon_van verantwoordelikheid*, en dan is hy gereed om 'n nuwe huis te vestig. Gen. 2:24 maak dit duidelik dat 'n man sy ouerhuis moet *verlaat* en sy vrou moet *aankleef*. Basies aan die ontwikkeling van die man se heerskappy oor die aarde is *verandering* en *groei*. Gesinsisteme wat nie die onafhanklikheid van jong getroudes toelaat nie, wil die onveranderde orde bevestig, terwyl verandering en groei verseker word deur die Bybelse patroon, wat 'n wegbreek van die ouers vereis by die huwelik. Hierdie wegbreek beëindig nie die verantwoordelikheid teenoor die ouers nie, maar dit verseker onafhanklike groei.

*Nege.* Die Hebreeuse woord vir bruidegom beteken "die besnedene", die Hebreeuse woord vir skoonpa beteken *hy wat die operasie van die besnydenis uitvoer*, en die Hebreeuse woord vir skoonmoeder is dieselfde – dit dui op geestelike besnydenis – die sekermaak van die verbondstatus van die bruidegom. Dit was hul plig om 'n gemengde huwelik te verhoed. 'n Man kon met hul dogter trou en 'n bruidegom word, slegs as hy onteenseglik 'n man onder God is. Die ouers van die bruidegom het dus die verpligting gehad om hul seun voor te berei vir 'n lewe van werk en toenemende kennis en wysheid, en die ouers van die bruid het die verpligting gehad, volgens Bybelse standaard, om die geloof en karakter van die voornemende bruidegom te ondersoek.

Volwassenheid is dus nie net noodsaaklik vir manlikheid nie, maar ook vir die huwelik. Die volwassenheid wat vereis word, is meer as liggaamlike volwassenheid. p.345. Sonder 'n volwassenheid van geloof en karakter word die huweliksverhouding gepla deur konflik en spannings.

NB - The New St Andrew Bible Missal: Ou Testamentiese Verbondsfrase is gepas: Mag die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob met julle wees, en mag Hy in julle sy seën vervul, sodat julle jul kinders se kinders in die derde en vierde geslag mag sien, en daarna ewigdurende en onbeperkte lewe besit. Deur die hulp van ons Here Jesus Christus, wat met die Vader en die Heilige Gees leef en regeer, God, vir ewig en altyd. Amen.

Terwyl die huwelik die bedoelde *seksuele verhouding* tussen man en vrou is, kan dit nie slegs verstaan word in terme van seks nie. Wanneer die huwelik gereduseer word tot seks, disintegreer die huwelik as 'n institusie, en immorele seks kom in die plek daarvan.

Net so kan die huwelik ook nie gereduseer word tot liefde nie. Die Skrif gee geen grond dat 'n huwelik beëindig kan word as daar nie meer liefde is nie. Alhoewel liefde belangrik is in die huwelik, kan dit nie God se wet vervang as die essensiële band van die huwelik nie.

Verder kan 'n vrou nie 'n groter fout maak as om te dink dat sy die voorrang kan geniet in 'n man se lewe bo sy werk nie. Hy sal haar liefhê met 'n persoonlike warmte en tederheid soos geen ander mens nie, maar 'n man se lewe is sy werk, nie sy vrou nie, en die onvermoë by vroue om dit te verstaan kan 'n huwelik ernstige skade berokken. p.346.

Om vir 'n man te sê dat sy werk geen doel dien nie, is om vir hom te sê dat hy geen doel dien nie. 'n Basiese oorsaak, en een wat nie raakgesien word nie, vir spanning in die huwelik, is die toenemende futiliteit van werk in 'n eeu waarin afvalligheid en staatsbemoeiing werk beroof van sy konstruktiewe doeleindes. Die area van die man se oorheersing oor die skepping word die area van die man se frustrasie.

Omdat werk so sentraal staan in die lewe van 'n man, is een van die kroniese probleme van 'n man dat hy daartoe neig om van werk 'n *substituut godsdiens* te maak. In stede daarvan om die sin van die lewe vanaf God en Sy regsorde te verkry, verkry mans dikwels hul private sin van bestaan vanaf hul werk. Die gevolg is 'n disoriëntering van die lewe, van die gesin en van orde. Daar is geen ware heers vir die man in en deur werk, los van God en Sy regsorde nie.

**3. Die Huwelik en die Vrou**

Die definisie van 'n vrou soos deur God gegee by die skepping van Eva en die daarstel van die eerste huwelik is p.347. "'n hulp wat by hom pas". Gen. 2:18. Letterlik: "Sy wederhelfte". 1 Kor. 11:1-4 en 5-7: Leon Morris: "Nóg uit haar oorsprong, nóg uit die doel vir haar skepping kan die vrou voorrang of selfs gelykheid eis." 1 Kor. 11:10: Morris: "'n teken van haar outoriteit." *Een.* Alle ware gesag is onder gesag, omdat slegs God alle dinge te bowe gaan en die bron is van alle mag en gesag. *Twee.* So is dit met die vrou: Haar onderdanigheid is die simbool van haar outoriteit. p.348. 1 Kor. 11:11: Mans en vroue is "onderling afhanklik. Die een kan nie sonder die ander bestaan nie."

Die Bybelse leer omtrent die vrou openbaar haar as gekroon met gesag in haar "onderwerping" of ondergeskiktheid, en onweerlegbaar as 'n helper van die hoogs moontlike rang onder God se aangewese plaasvervangende heerser oor die skepping. Dit is geen geringe verantwoordelikheid nie, nóg is dit die prentjie van 'n geduldige Grizelda wat net gepraat het wanneer met haar gepraat is. Eva se godgegewe posisie was so, dat raadgewing haar normale plig was – Eva se raad was 'n bose raadgewing.

p.349. Min dinge het vroue meer onderdruk as die Eeu van Verligting, wat haar in 'n ornament en 'n hulpelose wese sonder enige regte verander het. Die Eeu van die Rede het die man gesien as die verpersoonliking van die rede en die vrou as emosie en wil, en daarom minderwaardig. Die Eeu van die Rede het die Eeue van Geloof doelbewus geopponeer. Godsdiens is beskou as vrouesake, en, hoe verder die verligting versprei het, hoe meer het die kerklike lewe die domein van vroue en kinders geword.

Hierdie idees het in Amerika inbeweeg deur die invloed van Sir William Blackstone op die regswese, en hy was weer beïnvloed deur Engeland se Hoofregter Edward Coke, 'n berekende opportunis. p.350. Die gevolg was dat die wetboeke van die eerste helfte van die 19 de eeu die vrou in 'n verkleinde rol gewys het. Die volle implikasies van die wetlike revolusie was nie algemeen bekend nie. Ongelukkig is hulle algemeen ondersteun deur mans. Nog meer ongelukkig het die kerke die regsrevolusie baie algemeen ondersteun deur 'n eensydige en verdraaide lesing van die Skrif. p.351.

Die tragedie van die vroueregte beweging was dat, alhoewel dit ernstige onregte moes regstel, dit bygedra het tot die probleem, en hier is dit die teenstand van die man wat in 'n groot mate daarvoor verantwoordelik was. In stede daarvan om die vrou te herstel tot haar regmatige posisie van outoriteit langs die man, het ondersteuners van vroueregte feminisme geword: dit

het die vrou in kompetisie met die man geplaas. Dit het gelei tot die die vermanliking van vroue en die vervrouliking van mans, en die ongelukkigheid van albei.

Om terug te keer tot die Bybelse leer van die vrou as *hulp* vir haar man: Omdat Eva uit Adam geskape is en sy Adam se weerkaatsende beeld van God was, was sy uit Adam en ook 'n beeld van Adam, sy "ewebeeld". Die betekenis hiervan is dat 'n ware hulp 'n man se ewebeeld is, dat 'n kultuur, ras, en veral 'n godsdienstige enersheid nodig is, sodat 'n vrou waarlik die spieëlbeeld van die man kan wees. Huwelike oor kultuurgrense heen is dus normaalweg 'n mislukking. Waar ons sulke huwelike vind wat geslaag is, is dit gewoonlik omdat hul geloof hul verenig, veral humaniste wie se agtergrond wel verskil.

p.352. Die Bybelse leer wys aan ons die vrou as die bekwame bestuurder, wat in staat is om al die besigheidsake oor te neem as dit moet, sodat haar man 'n openbare pos as burgerlike beampte kan aanvaar. Spr. 31:23.

Die vrou van Spr. 31:10-31:

1. Haar man kan haar morele, handels- en godsdienstige integriteit en bekwaamheid vertrou. Verse 11, 12, 29-31.
2. Sy kan nie slegs haar huishouding goed behartig nie, maar ook haar sake bekwaam hanteer. Verse 13-19, 24-25. Sy kan koop en verkoop soos 'n goeie handelaar en haar wingerd bestuur soos 'n ervare boer.
3. Sy is goed vir haar gesin, en goed vir die armes en behoeftiges. Verse 20-22.
4. NB. Vers 26: Die vroom vrou het "vriendelike onderrigting op haar tong." Mense, mans en vroue, wat nie ligsinnig is nie, vermy ligsinnige en goedkoop, kwaadwillige geselsies. Los praatjies is die weelde van onverantwoordelikheid.
5. Vers 27: Die vroom vrou is nie slegs 'n weelde en 'n mooi versiering nie. Sy verdien haar onderhoud en baie meer.
6. Vers 28: "Haar seuns tree op en noem haar gelukkig, haar man ook, en hy prys haar." Dit is duidelik dat so 'n vrou baie verskillend is van die mooi poppie van die Eeu van die Rede, en die hoogskompeterende vermanlikte vrou van die twintigste eeu wat daarop uit is om te bewys dat sy net so goed is as enige man, indien nie beter nie. 'n Bybelse geloof sal 'n vrou nie beskou as enigsins minder rasioneel of intelligent as 'n man nie; haar denke is gewoonlik meer prakties en persoonlik georiënteer in terme van haar roeping as vrou, maar sy is nie daarom minder intelligent nie.
7. Koning Lemuel in vers 30: Hier is nie die bedoeling om fisieke skoonheid af te kraak nie, en op ander plekke in die Skrif word dit selfs hoog waardeer, veral in Hooglied. p.353. Die punt hier is dat, in verhouding tot die basiese vereistes vir 'n ware en bekwame hulp, skoonheid 'n verganklike deug is, en slim bekoorlike maniertjies bedrieglik is en geen waarde het in die werkende verhoudings van die huwelik nie. So belangrik as wat die rol van die vrou as *moeder* ook al mag wees; die Skrif stel haar voor as 'n *vrou* in essensie, dus as 'n *hulp*. Die verwysing hier is daarom nie eerstens na kinders nie, maar na die Koninkryk van God en die man se roeping daarin. Man en vrou tesaam is binne die verbond geroepe om die aarde te onderwerp en om gesag daaroor uit te oefen.

1 Tim. 5:11-15: Wat Paulus eintlik hier gesê het, was dat hy van jonger vroue verwag, of van weduwees, om liewers te trou en kinders te hê as om 'n godsdienstige roeping na te streef. God self het Eva se basiese funksie, as *'n hulp* gedefinieer; so belangrik as wat moederskap is, kan dit nie voorrang geniet bo God se Eie verklaring nie.

## 4. Naaktheid

Daar is geen wetgewing in die Bybel wat betref naaktheid nie, maar 'n oorweging van die onderwerp is gepas by die bestudering van die Bybelse reg. p.354. Waar die woord "naaktheid" of "naak" figuurlik in die Bybel gebruik word, soos in Jer. 49:10 en Gen. 42:9, verwys dit na die gestroop wees van hulpbronne, of om ontwapen te wees. Dit kan ook beteken "sonder bedekking" of "oop en bloot" soos in Job 26:6 en Hebr. 4:13. Die belangrikste verwysing na naaktheid is egter in Gen. 2:25 met betrekking tot Adam en Eva in die Tuin van Eden. Dit is belangrik om die betekenis van hierdie gedeelte te verstaan, en verder die implikasies daarvan vir die geskiedenis. p.355. Die skaamte wat Adam en Eva gevoel het by hul sondeval, was eerstens teenoor God, vir Wie hulle weggekruip het, Gen. 3:8, en tweedens teenoor mekaar.

p.356. Naaktheid – nudisme.

p.357. Naaktheid en die Paradys:
*Een.* Om terug te keer na die Paradys, is nie 'n Bybelse hoop nie. Eden was vry van die mens se sonde, maar dit was nogtans die primitiewe samelewing, die mens se begin, nie sy einddoel nie. Die einddoel is die ontwikkelde Koninkryk van God, die Nuwe Jerusalem, 'n wêreldorde onder God se wet.
*Twee.* Daar is geen rede om te aanvaar dat naaktheid 'n basiese toestand van die Paradys was nie, dus essensieel daartoe nie. Die nadruk in die teks is op die *skaamte*, nie op die naaktheid nie. Kortliks is dit veilig om aan te neem dat, sonder die sondeval, klere baie gou uitgevind sou gewees het.
*Drie.* Op 'n sekere manier was die vermoë om klere of bedekkings te kon maak om te kon slaap reeds bereik. Gen. 3:7. Die *nuwe* element was 'n begeerte om bedek te wees as gevolg van die skaamte vir sonde.
*Vier.* Adam en Eva was alleen in Eden; tot nou toe het nog geen ander mens bestaan nie. 'n Terugkeer na primitiwiteit is nie die oplossing vir die probleme van die mens nie. Die Wet is nie georiënteer in die verlede en in naaktheid nie, maar eerder tot die toekoms en tot vooruitgang, weg van primitiwiteit af. Dit is nie sonder rede p.358. dat die onderskeid tussen beskaafde en onbeskaafde mense na vore kom in klere sowel as in ander sake nie. Naaktheid is primitiwiteit, en dit is beide pateties en selfdodend as 'n filosofie.

## 5. Gesinsreg.

'n Vreemde passasie in die Skrif verwys na 'n feit van die Wet wat gewoonlik misgekyk word. Kain, toe hy die oordeel oor sy moord van sy broer Abel van God aanhoor, het gekla. Gen. 4:13-16. Omdat God nooit verander nie, is Sy einddoel altyd implisiet in Sy vroeëre dade, en daarom vorm Sy deklarasie aan Kain deel van Sy regsorde. Kain se woorde het duidelik die doodstraf vir moord voorveronderstel; God se wetwoord is reeds vroeër verklaar.

Leupoldt: Die teks sê nie dat God 'n merk *op* of *in* Kain gesit het nie, Hebreeus: *be*, maar *vir* – Hebreeus: *le*. p.359. 'n "Waarborgteken" of 'n "pand of 'n bewys", vgl. Gideon, Rigters 6:36-40; Elisa, 2 Kon. 2:9-12. Daar is geen gronde om te veronderstel dat Kain as 'n gemerkte man rondgeloop het vir die res van sy lewe nie. *'oth* beteken nie *merk* nie. Kain was 'n volwasse en getroude man. Gen. 4:17. Adam het 'n hele paar seuns en dogters en gedurende sy 930

lewensjare gehad. Gen. 5:3-5. 'n Hele paar mense het alreeds bestaan wat gereed en in staat was daartoe om die wet af te dwing. Adam, as die hoof van sy huishouding en van die jong mensheid, was in 'n posisie om van sy gesinslede wetstoepassing te verwag. God het ooglopend die gesin as 'n regsorde ingestel.

God se bedoeling was hier nie om Kain te beskerm nie. Gen. 4:9-12. Watter soort regsorde het God hier onderhou wat toevallig gelei het tot die beskerming van Kain?

Die gesin het duidelik 'n baie belangrike rol gespeel in wetstoepassing. Die aard en omvang van die gesin se strafgesag kan waargeneem word indien weer gekyk word na die teks in Deut. 21:18-21. Daarin kom sekere baie belangrike aspekte van hierdie wet voor. p.360. *Een.* Die ouers moet die aanklaers of getuies wees teen hul kriminele seun. Die lojaliteit van die ouers moes dus wees aan God se regsorde, en nie aan hul bloed nie. Indien die ouers nie meehelp in die vervolging van hul kriminele kind nie, dan is hulle medepligtiges aan die misdaad. *Twee.* Anders as in die gewone gebruik waarby getuies voorgegaan het in die toepassing van die doodstraf, het die "manne van die stad" dit in hierdie geval gedoen. Dus, waar dit die doodstraf aangaan, was die gesin uitgesluit van die uitvoer van die wet. Gen. 1:1 - 5:1 is Adam se verslag. Kain het nie beskerming nodig gehad teen die huishouding van Adam nie; hy het dit nodig gehad teen sy eie afstammelinge. Gen. 4:24.

Die gesin was geskep as die sentrale regsorde, maar is terselfdertyd streng beperk, daarin, dat die toepas van die doodstraf daarvan weerhou is. Die gesin kan dissiplineer, straf, 'n lid uitdryf, maar dit mag hom nie dood nie.

Die gesin het werklike magte; 'n goddelose kind kan onterf word maar nie gedood word nie. Die gesin word gebind deur bande van liefde; die man *kleef* aan die vrou, en die kinders is aan hulle gehoorsaam in liefde en plig.

Basies tot die gesinswet is die innerlike band van bloed en geloof. Die Bybel praat nie van erkentlikheid nie, dit is nie 'n woord wat in die Bybel gebruik word nie; die terminologie is dankbaarheid, en dit word aanvaar, nie vereis nie. Ons het voorheen gesien hoe na-verwant ouergesag en God se gesag is. Lev. 19:3. Jes. 5:9, 10 en 15. p.361.

Die gedagte dat iemand ondankbaar teenoor God of teenoor sy ouers kan wees, word beskou as die beliggaming van alles wat aanstootlik en walglik is. Jes. 45:9-10. Een uitsondering tot die beginsel: Deut. 13:6-9. 'n Lid van die gesin het probeer om die lede tot afgodery te verlei. Hierdie teregstelling het die deelname van die gesin *vereis.*

Die gesin is nie net 'n biologiese entiteit nie, maar ook 'n godsdienstige een. As sodanig het dit innige bande wat deur God ingestel is en godsdienstig beheer word; liefde mag afwesig wees, maar die godsdienstige gesag en die godsdienstige respek moet bly.

p.362. Indien God nie die gesin belet het om die skuldige lede te dood nie, dan sou die ontwikkeling van die staat as God se ministerie van reg onmoontlik gewees het. Dit was dus nie vir Kain wat God beskerm het nie, maar na regte was dit God se regsorde wat beskerm is.

**6. Die Huwelik en Monogamie.**

Die Bybel en poligamie.

*Een.* Die doel van God in die skepping van die mens was dat monogamie die norm vir die mens moes wees. Gen. 2:18-24.
*Twee.* Poligamie het duidelik verskyn as 'n produk van die sondeval, in 'n wêreld van sonde. (Kain se afstammeling, Lameg. Gen. 4:23.)
*Drie.* Die verbod op poligamie word geïmpliseer in Gen. 2:23, 24; Lev. 18:18; Lev.18:6-17:
*Vier.* p.363. 1 Tim.3:2 – poligamie was verbode vir ampsdraers van die kerk.
*Vyf.* Daar is geïmpliseerde veroordeling van poligamie in Deut. 17:17 en Lev. 21:13 en 14. (Koning en Hoë Priester.)
*Ses.* Dit word duidelik deur Jesus Christus gestel dat die huwelik die eenwording van een man en een vrou is. Gen. 2:24; Matt. 19:5.
*Sewe.* Paulus in 1 Kor. 7:2.

In teks na teks word aangeneem dat monogamie die deur God verordineerde standaard is. Aan die ander kant, in baie gedeeltes word poligamie as 'n aanvaarde feit beskou, nie net deur die goddelose mense, soos Lameg (Gen. 4:19) en Esau nie (Gen. 26:34; 28:9; 36:2) maar dit kom ook voor onder die aardsvaders en die heiliges: Jakob in Gen. 29:15; Elkana in 1 Sam. 1:1 en 2; Gideon, Dawid en Salomo. Maar Adam, Noag, Lot, Isak, Moses en baie ander het monogame huwelike gehad.

Die wet het bywywery erken en gereguleer, so ook poligamie:

*Een.* 'n Man kon nie 'n byvrou slegs gebruik nie. Eks. 21:10 en 11; Deut. 21:10-14.
*Twee.* In Lev. 19:20 kon 'n meisie wat as byvrou verkry is, nie die doodstraf kry vir owerspel nie. Omdat 'n byvrou 'n beperkte status het, en 'n minderwaardige status in die huwelik beklee, kan slegs 'n beperkte lojaliteit van haar verwag word. Haar straf was kleiner omdat haar status laer was. Die straf vir die vrou en vir die man vir egbreuk was die doodstraf.
*Drie.* Die wet het poligamie verdra en dit het monogamie as die standaard gestel. Die rede vir hierdie verdraagsaamheid was dat die poligame gesin nog steeds 'n gesin was, 'n laer vorm van gesinslewe, maar tog een wat verdra kon word, terwyl veelmannery dit nie was nie, omdat dit die basiese sentraliteit van die man en sy roeping verbreek het. Die Bybelse reg beskerm dus die *gesin* en verdra nie *egbreuk* nie, omdat dit die gesin bedreig en vernietig. Humanistiese wette beskerm die *anargistiese individu* deur te ontken dat owerspel 'n misdaad is, en dit offer die gesin toenemend op ter wille van die indiwidu. 1 Kor. 7:2 en 1 Tim. 3:2. Die vroue van die veelwywer was in die O.T. 'n algemene oplossing vir die behoefte aan 'n staatsdiens. Bekwame vroue was die amptenary. Vgl. Salomo. 'n Ander vorm van poligamie was weer die antwoord op ekonomiese probleme – meer as een vrou was nodig vir al die werk. 'n Minder algemene vorm was die van ramp-oplossing: p.365. Die Dertigjarige Oorlog: toe was poligamie vir 'n kort tydjie gewettig om die gesinslewe te herstel. Die moderne poligamie is seksueel in sy bedoeling.

Die droomgedagte van dwase mans dat 'n vrou gebruik kan word net soos jy wil, is 'n illusie:

*Een.* In 'n poligame gesin is die bande van die oorspronklike gesin gewoonlik intens en jaloers.
*Twee.* Selfs met die mag om sy vroue na willekeur te *dood,* moes die sultan skelmpies die kamer binnesluip net soos 'n egbreker om in vrede met sy vroue te kan *leef.*

*Drie.* In elke samelewing, of dit nou poligamisties is, of monogamisties, bestaan daar sekere verpligtinge tussen die man en sy vrou. p.366. Die lewe van 'n poligame man is een van skynbare mag maar eintlik van werklike gebondenheid. Die vrou se mag kom deurdat sy haar strategiese wapens ten volle benut. Vroue word daarom gevrees as die sinnebeeld van boosheid. p.367.
*Vier.* Alleenlik in monogamie het die man ware regte. Slegs hier is daar 'n ware eenheid van man en vrou. In stede van kompetisie om die guns van die man, sorg die Christelike monogame huwelik dat die vrou verenig is met haar man in vrome geloof en liefde. Die is nie 'n toevalligheid in die geskiedenis dat vroue in Christelike lande meer verantwoordelik is en meer in staat is tot produktiewe werk as in ander kulture nie. 'n Christelike monogame huwelik is die huwelik in sy egste vorm, omdat dit getrou is aan die wette van die skepping.

(Bybelse reg beperk seksuele verkeer tot die huwelik en beskou die monogame huwelik as die norm. Dus word voorhuwelikse kuisheid en huwelikstrou vereis. Verstandelike ontwikkeling en kulturele vooruitgang gaan hand aan hand met die ontwikkeling van streng monogamie en voorhuwelikse en nahuwelikse kuisheid. 'n Samelewing met voorhuwelikse en nahuwelikse losbandigheid bly op 'n dodelik gelyk vlak, kultureel en verstandelik. Binne drie geslagte word die impak van 'n nuwe moraliteit ten volle gevoel.) Unwin. Niks kan godsdienstige motivering vervang vir die daarstel van morele standaarde nie.

## 7. Bloedskande.

p.368. Bybelse reg verbied bloedskande, en vereis in die meeste gevalle die doodstraf vir hierdie oortreding. Lev. 18:7-17; 20:11, 12, 14, 17, 20, 21; Deut. 20:30; 27:20, 22 en 23. Die straf is die doodstraf behalwe in die geval van die huwelik met die vrou van 'n oom, met 'n bloedtante, of met 'n broer se vrou, waar die straf is dat hulle hul ongeregtigheid moet dra, en kinderloos sterf. Lev. 20:19-21. So 'n paar was kinderloos daarin dat hulle geen wettige erfgenaam in hul nageslag sou hê nie. p.369. (Meer huwelike in die geskiedenis is gesluit met eiendom in gedagte as met seks in gedagte. Die agteruitgang van die Europese koninklike en adellike families sowel as die verswakking van die krag van die Amerikaanse Joodse aristokrasie, is 'n ontwikkeling wat parallel geloop het met uitgebreide ondertrouing. Die doel van veelmannery in Tibet was om die vererwing van die land onveranderd te laat.)

Die wette i.v.m. bloedskande is deur Moses gegee. Voor daardie tydperk was dit duidelik nie as verkeerd beskou nie. Eks. 6:20. Assirië. Egipte. Adam se kinders. Abraham en Sara, wat waarskynlik sy halfsuster was. Gen. 20:12.

p.370. Die verslae toon noue ondertrouing in die ou tye, sonder ernstige genetiese skade, terwyl genetiese skade vandag baie groot is.

p.371. Die lang geskiedenis van die mens, soos deur evolusioniste voorgestaan word, is onmoontlik, daarin dat die genetiese agteruitgang dan baie ver gevorder sou gewees het.

p.372. Onder die Armeniërs was huwelike wat gereël is die gebruik tot die Eerste Wêreldoorlog, en 'n roetine wat deur ouers gevolg is, voordat enige verdere onderhandelings voortgesit is, was die vereiste van 'n duidelike genetiese familierekord vir sewe geslagte. Baie genetiese gebreke is hierdeur uitgeskakel en was onbekend by die Armeniërs. In elke Christenland het een of ander standaard bestaan. God het genetiese probleme laat begin met die sondeval, dus sal daar met die toenemende verlossing van die mens nuwe voorwaardes van lewe daargestel word.

p.373. Seignieur Pierre de Bardeilles: Renaissance.

p.374. Wat vir die Romantici 'n onderwerp van literêre belang was, het vir die eksistensialistiese en relativistiese humaniste van die 20 ste eeu 'n saak van verkenning en praktyk geword, 'n aspek van seksuele losbandigheid.

p.375. Die voorstanders van vrye liefde begin deur "lewe" aan hul navolgers te bied en eindig deur die dood te eis, gewettigde moord, in die vorm van aborsie, as die losmaak en ontsnap van die gevolge van hul handelinge.

Die humanis vereis die dood van God se regsorde, die dood van ongebore babas, en die dood van deug en vroomheid, daarteenoor vereis God se wet die uiteindelike dood van boosheid en van rebellie teen God se regsorde. In die Bybelse reg moet die skuldiges sterf, nie die onskuldiges nie. Die straf vir bloedskande is dus die dood. Nuwe bloedlyne kan niks tot 'n bloedlyn toevoeg, behalwe wat hy reeds het nie. Voortplanting met minderwaardige afstamming kan slegs meer probleme toevoeg tot die reeds bestaandes.

## 8. Die Swaershuwelik.

Die gesin was basies tot die Bybelse samelewing en kultuur; die godvresende gesin moes voortgesit word, en die goddelose gesin moes afgesny word. Die baster is afgesny van die kerk en die staat in so ver as wat enige wetlike status betref, tot die tiende geslag. Deut. 23:2. So een mag 'n godvresende mens wees, maar hy kon nie 'n burger wees nie. In die kanonieke reg het die kerk basters uitgehou uit die kerkordes uit, alhoewel uitsonderings gemaak is deur die pouslike dispensasies. Die doel van die Hebreeuse poligamie, wat gewoonlik bigamie was, om meer korrek te wees, was dus die voortbestaan van die gesin. 1 Kor. 6:16; Gen. 1:24; 1 Kon. 1:1-4. p.376. Fisiese eenwording dra iets oor. Die Bybelse verbod op die huwelik en/of seksuele verhoudings met familielede is op hierdie feit gebaseer. (Die vermoë van die vel om te absorbeer en om deur aanraking geaffekteer te word, word nie genoeg in ag geneem nie behalwe waar dit gif aangaan.)

p.377. Omdat seksuele eenwording twee tot "een vlees" maak, volgens die Skrif, daarom word 'n huwelik deur 'n weduwee of wewenaar met skoonfamilie verbied as bloedskande, met 'n enkele uitsondering – die leviraatshuwelik. Deut. 25:5-10; Gen. 38:8 en Rut. Die beskerming en voortbestaan van die gesin is die basiese doel van hierdie wet. Deut. 25:6.

p.378. Matt. 22:23-33.

p.379. Die Bybelse leer omtrent die huwelik:

*Een.* Die huwelik is basies tot die Koninkryk van God, tot God se skeppingsdoel vir die mens en die aarde. Die aarde moet onder beheer van God gebring word deur die mens, wat die aarde moet onderwerp en daaroor moet heers onder God. Dit geld voor en na die sondeval. Vgl. die 7 seëninge van die Joodse huwelik.
*Twee.* Omdat die huwelik die fundamentele instelling is deur God, is eiendom nou verbonde aan die gesin. Die Kethuba: Die paartjie moes dit voltooi voordat die huwelik voltrek is. Die mens is 'n sondaar en op sekere punte het hy die inperking van die wet nodig. p.380. Indien 'n man bereid is om onder die wet te staan in sy verhouding met ander mans, moet hy in besonder gereed wees om sy verhouding met sy vrou onder die wet te plaas. Liefde is nie genoegsame grond om 'n huwelik op te bou nie: 'n kontrak word benodig deur almal wat daardeur geraak word, as bewys van die liefde. Omdat die mens as 'n sondaar dikwels geneig is om diegene wat hom die meeste vertrou, uit te buit, is die feit dat jy gewillig is om hierdie verhouding onder die wet te plaas, bewys van liefde en goeie vertroue, en nie van wantroue nie. Dit is 'n erkenning van die werklikheid. In Bybelse reg is die vrou die eerste krediteur.

*Drie.* Geharde jeugmisdadigers moes volgens Bybelse reg tereggestel word, Deut. 21:18-21, en net so ook gewoontemisdadigers. Wanneer en indien hierdie wet gehoorsaam word, sal goddelose gesinne wat hulself oorgegee het aan wetteloosheid 'n bestaansreg binne die volk ontsê word.

*Vier.* Basters (kinders wat buite die eg gebore is) kon nie wettig wees nie. Omdat die wet *onder geen_omstandighede sonde beloon nie,* het die Joodse wet van egskeiding hierdie feit konsekwent en logies toegepas. Burgerskap was beperk tot godvresende gesinne. (Uitsondering: 2 Sam. 11 en 12; Matt. 1:6; Lukas 3:3.

*Vyf.* Die skepping en voortsetting van godvresende gesinne is dus basies tot die wet. Josefus. Drie doeleindes van die leviraatshuwelik: 1. Die voortbestaan van die godvresende gesin, 2. die behoud van eiendom, en 3. die welsyn van die weduwees. p.381. Die leviraat is steeds 'n beter oplossing vir die probleme wat dit aanspreek as wat enige mens kon bedink het. Indien die gesin weer herstel is tot sy Bybelse posisie, sal die leviraat stilweg sy plek binne die raamwerk van die wet inneem.

*Ses.* Aanneming is 'n verwante feit, en sy plek binne die wet is in terme van die leviraat, as 'n alternatief. Die Bybelse gebruik van die woord *aanneming,* is teologies, en verwys na ons aanneming in Christus as seuns van God. Die Bybelse gebruik weerspieël 'n feit van die gesinslewe. Omdat geloof en karakter basies was tot erfgenaamskap, was volwassenheid vereis sodat bewys gelewer kon word van geloof en karakter.

## 9. Seks en Misdaad.

p.382. Paulus: Die nie-wedergebore mens, die mens in opstand teen God, is vyandig teenoor God en haat Hom; p.383. so 'n man "onderwerp hom nie aan die die wet van God nie; want hy kan ook nie." Rom. 8:7. Sulke mense volg 'n weg van godsdienstige wetteloosheid. Rom. 1:18-32. Hulle onderdruk die waarheid as gevolg van hul ongeregtigheid en aanbid die skepsel eerder as die Skepper. Hulle leef om die wet te breek en 'n voortdurende laksheid van standaard vereis voortdurend meer flagrante optredes.

Omdat God en onsterflikheid hierdie teenswoordige lewe betekenis en doel gee, hou geloof die mens in bedwang, terwyl ongeloof die lewe goedkoop maak, en tot groter geweld en tot moord lei. Wanneer die mens sy eie god word, dan word dit 'n deel van sy lewe en 'n dwingendheid daarvan om sy reg op te eis om geen wet te onderhou nie, behalwe die wat hy verkies.

p.384. Elke vyandskap het as sy eie teenpool, 'n nuwe area van simpatie. Diegene wat vyandig teenoor God en Sy Wet is, sal simpatiek en vriendelik gesind wees teenoor kriminele. Hulle voel 'n gemeenskaplike band wat hul bind in hul haat van die wet. Meegevoel vir 'n krimineel beteken vyandigheid teenoor God en sy volk. Die straf in die humanistiese samelewing word al hoe meer gerig teen die onskuldiges en teen die wetsgehoorsame mense.

p.385. Lo Duca.

p.386 Waar daar geen onderwerping aan God se wet is nie, is daar progressiewe teenstand, uitdaging, en oortreding daarvan. Die oorsaak van sonde is nie seks nie: dit is sonde, die mens se opstand teen God se soewereine outoriteit en die mens se poging om sy eie god te wees. Die poging van die mens om die oorsaak van misdaad in seks te vind, is deel van sy poging om God se regsorde omver te gooi deur seksuele regulasies te hervorm. Spr. 8:36.

## 10. Seks en Godsdiens.

Die assosiasie van seks en godsdiens is 'n algemene een, en meer as net 'n paar skrywers het probeer om alle godsdiens na geslagsdeel-aanbidding terug te voer. Die te dikwels noue verbintenis van seks en aanbidding moet toegegee word; vrugbaarheidskultusse word in elke deel van die wêreld gevind, in die verlede en in die hede. Hierdie verbintenis word in die Skrif as 'n kenmerk van valse godsdiens beskryf. Rom. 1:22-25, Moffatt.

Die verbintenis tussen seks en godsdiens is dus 'n werklikheid: dit is 'n aspek van die mens se opstand teen God. Wanneer die mens hom keer tot self-aanbidding, dan eindig hy deur sy eie seksuele sondes te aanbid. p.387. Onderwyl hy weier om die mag van God as Heer en Skepper te erken, aanbid hy sy eie geslagsmag as skepper. Soos wat so 'n tydperk sy einde nader, so word die mens se seksuele aktiwiteit al meer intens en pervers, omdat sy geestelike honger groter word, en seks sy substituut-god is. 'n Mens begin dan terselfdertyd om sy godsdienstige en morele ontaarding te regverdig.

p.388-389. 'n Onmoontlike kombinasie: wetteloosheid van die humanis – getrouheid van die Christen.

p.390. Flagrante seksualiteit is 'n teken van lae vitaliteit. Geregtigheid het wortels; dit is gegrond in God se wet en beweeg in terme van verlossende geskiedenis, verlede, hede, en toekoms.

p.391. Films oor – "righteousness" of Lucifer.

p.392. Dit is 'n wet van bestaan dat godsdienstige afvalligheid morele gevolge het. Soos Paulus duidelik gemaak het in Rom. 1, lei afgodery van die mens onontkomelik tot immoraliteit, en immoraliteit tot perversiteit en perversie. Omdat sulke mense God versaak, daarom versaak Hy hulle. Sulke mense verruil die waarheid van God vir 'n leuen, die leuen van valse gode.

Die humanis rebelleer teen God sodat hy homself kan verhoog. Die onverbiddelike ironie van veroordeling is dat sy daad daartoe lei dat hy homself onteer. Die humanis probeer om sy liggaam te verheerlik en te eer, maar in stede daarvan onteer hy dit en maak van sy skande 'n openbare feit. So 'n geloof kan nie kultuur skep of laat groei nie; dit kan dit slegs vernietig. 'n Mens moet óf heropbou in terme van die drie-enige God óf onderploeg word deur Sy oordeel.

## 11. Owerspel.

Die benadering van die humanis tot die Skrif is in beginsel 'n perverse benadering. Die Bybel word sistematies verkeerd gelees. Dit word beweer dat die Bybel 'n verkeerde p.393. siening van seks het, terwyl die moderne mens 'n gesonde beskouing daarvan het. Die rede vir hierdie vyandigheid is die Bybelse wet, met sy nadruk daarop dat slegs seksuele verhoudings binne huweliksverband wettig en moreel is. Die Bybelse standaard van die huwelik word deur die humanis gesien as onderdrukkend en onnatuurlik. p.394. Normale seksualiteit vir die Christendom is seks binne die huwelik; owerspel is 'n verbreking van daardie verhouding en 'n abnormale kriminele daad, 'n *aanval op fundamentele orde*. Eks. 20:14; Deut. 5:18; Lev. 18:20; 20:10; Deut. 22:22. Die algemene aanslag van die wet, die bewys van Spreuke, *en* die Nuwe Testament maak die Bybelse standpunt duidelik:

*Een.* Die wet verwag die uitroeiing van die Kanaäniete, hulle vrugbaarheidskultusse en hulle godsdienstige prostitusie. Die doel van die wet is 'n land wat gesuiwer is van al hierdie euwels. Die wet spreek dus 'n situasie aan waarin hierdie besondere euwels geen bestaansreg het nie.

*Twee.* Nie alleen moes die Kanaänitiese prostitute uitgeroei word nie, maar geen Hebreeuse prostitusie mag bestaan het nie. p.395. Die straf was oorgelaat aan die owerhede, maar die wet het duidelik Hebreeuse prostitusie en sodomie (homoseksuele manlike prostitusie) verbied. Lev. 19:29; Deut. 23:17. Die doodstraf is toegepas op 'n priester se dogter wat 'n prostituut geword het. Lev. 21:9.

*Drie.* In Spreuke word alle buite-egtelike seksualiteit veroordeel, en die raadgewinge omtrent die euwels van prostitusie, owerspel en voorhuwelikse seksualiteit word aangebied as eeue-oue wysheid en as implisiet in die wet van God. Huwelikskuisheid word verklaar as die standaard. Spr. 5:1 – 23. Dit word voorgehou, nie as 'n verarming van die lewe nie, maar as die bron van vreugde en gesondheid vir 'n mens se bestaan. Spr. 5:1-23. Owerspel veral word veroordeel. Spr. 6:20-35; 7:1-27. Seksuele verkeer met prostitute is sleg, maar owerspel is die kulminering van boosheid en dwaasheid.

*Vier.* Die Nuwe Testament het alle buitehuwelikse gemeenskap verbied, dus ook voorhuwelikse verhoudings. Hand. 15:20, 29; 21:25; Rom. 1:29; 1 Kor. 5:1; 6:13, 18; 7:2, ens. Christus het selfs gedagtes wat daartoe mag lei, verbied. Matt. 5:28. Dit is dus duidelik dat die Bybelse wet ontwerp is om 'n gesinsgerigte samelewing daar te stel, en dat die mees sentrale maatskaplike oortreding is om teen die bestaan van die gesin te handel. Owerspel word op dieselfde vlak gestel as moord, omdat dit 'n dodende handeling is teen die sentrale instelling van enige gesonde samelewing, die gesin. Owerspel wat ongestraf bly, is vernietigend vir die lewe van die gesin en van die sosiale orde. Die regsorde van die gesin vorm een geheel en die persoon wat dit op een punt verbreek, val dit onvermydelik op al die ander punte ook aan.

p.396. Die gesin is die sentrale beskermer of versorger van *eiendom* en van *kinders,* twee basiese aspekte van enige samelewing. 'n Gesonde samelewing is een wat die gesin beskerm omdat dit besef dat sy oorlewing hier op die spel is. Een area van beskerming is die teen geweld of verkragting, Deut. 22:23-29, en verleiding, Ex. 22:16 en 17. Die straf: Doodstraf vir verkragting van 'n getroude of verloofde vrou. 'n Jong dogter – hier is die vraag, het sy beskikbare hulp gesoek. Haar pa en ook die dogter moes besluit of die betrokkene 'n geskikte man was. Deut. 22:29. p.397. Indien die Pa weier - Eks. 22:17.

Agtergrond van die wet: *Eerstens* vereis die Bybelse reg die dood van die geharde jeugmisdadiger en van geharde kriminele. Die jong man wat nie 'n geharde misdadiger was nie, kon nogtans niks baat deur sy daad van voorhuwelikse seks nie: hy kon nooit skei nie, en hy moes die volle bruidskat betaal. As hy nie sou trou nie, moes hy steeds die volle bruidskat aan die meisie betaal, 'n groot verlies vir sy eie toekoms.

In die huwelik was die vrou beskerm teen misbruik van en beswaddering deur haar man. 'n Ritueel is gevolg wat bonatuurlike ingrepe vereis het om haar onskuld te bewys. Indien sy skuldig was aan owerspel, sou sy 'n stadige dood sterf. Indien sy onskuldig was, sou sy bonatuurlik geseën word. Num. 5:11-21 en 28. Haar man sou sy volle plig teenoor haar moes vervul. Deut.22:13-21. Die vrou was dus beskerm binne die huwelik. Eks. 21:10. Deut. 24:5.

p.398. Die straf vir owerspel in die O.T. was duidelik die doodstraf. In die N.T. Joh. 8:1-11:

*Een.* Jesus het hier geweier om 'n regter oor menslike sake gemaak te word, in hierdie saak en in die saak van omstrede erfenis. Luk. 12:13, 14. As die Heer van heerlikheid en eer, het Hy geweier om verlaag te word tot 'n vrederegter.

*Twee.* Jesus het duidelik gemaak dat 'n regter 'n skoon gewete moes hê, anders is hy gediskwalifiseer om te oordeel. Joh. 8:7. Deur *sonde*, het Jesus hier bedoel owerspel.

*Drie.* Toe die vrou Hom erken het as die "here", het Hy haar vergewe en haar weggestuur. Joh.8:10 en 11. Hierdie vergifnis was 'n *godsdienstige* vergifnis, nie 'n *burgerlike* regsoordeel nie. Hy het nie hierdeur ingemeng in enige moontlike optrede van die man, sou hy besluit om die huwelik te beëindig nie. Om burgerlike en godsdienstige vergifnis te verwar, is 'n groot fout. Agan in Josua 7:19-26. In die tyd van die N.T. is die doodstraf vir owerspel nie meer toegepas deur Israel se regters nie, hierdie optrede was slegs 'n poging om Jesus in 'n verleentheid te probeer plaas. Sy verklaring dat Hy gekom het om die wet te vervul, Matt. 5:17, 18. sou bevraagteken gewees het, want as Hy die doodstraf sou bevestig, sou Hy baie onpopulêr gewees het, maar nou het Jesus hulle geoordeel, want die wettelose kan nie die wet toepas nie, en hulle was wetteloos. Heb. 13:4 – Hier moes God oordeel, omdat die samelewing dit nie gedoen het nie. Die straf van God kan nie ontkom word nie, hoe onwillig die mens ook al mag wees om te oordeel. Wat was die oordeel van God met betrekking tot owerspel?

Tekste van kritiese waarde, wat baie moeilik is met betrekking tot sekere detail is 1 Kor. 5:

*Een.* 'n gemeentelid wat met sy pa se vrou saamgeleef het. 1 Kor. 5; 9. Lev. 18:8 – Bloedskande, wat die doodstraf moes kry. Dit het selfs die heidene aanstoot gegee.

*Twee.* Dit was wel deeglik 'n saak van bloedskande volgens Bybelse reg. p.399. Paulus het nie wetlik daarmee gehandel as 'n saak van bloedskande nie. Hy het dit egter duidelik laat blyk, in vers 1, dat dit bloedskande was. Die man is egter die algemene titel gegee van "hoereerder", wat 'n verskeidenheid van oortredings ingesluit het. 1 Kor. 5:9 en 11. Indien die vader nog geleef het, was die oortreding met die stiefma owerspel *en* bloedskande.

*Drie.* 1 Kor. 5:5. Die doodstraf is duidelik die eis van God se wet vir bloedskande en of owerspel. Die kerk kan egter nie 'n man teregstel nie; die doodstraf hoort nie by die kerk tuis nie. Die voorsienende beskerming van God word onttrek, sodat die man verneder en verlos kan word.

*Vier.* Die kerk mag nie gemeenskap beoefen met hoereerders binne die Kerk nie. 1 Kor. 5:6-13. Die vrou is nie 'n Christen nie. Berou by die oortreder mag hom tot die kerkgemeenskap herstel, maar dan met 'n erkende doodstraf hangende oor sy hoof.

'n Godvererende regsorde sal die doodstraf herinstel, maar die kerk moet saamleef met die realiteit in die afwesigheid daarvan, en haarself beskerm. Die vroeë kerk het in terme daarvan gehandel. Owerspel is streng veroordeel en owerspelers is terug ontvang binne die kerkgemeenskap, slegs op die strengste voorwaardes.

p.400. Eers wanneer die belangrikheid van eiendom en kinders en die outoriteit van die gesin deur die staat erken word, sal owerspel weer 'n bedreiging vir die samelewing word, eerder as 'n soort van vermaak. Die Bybelse antwoord is om die gesin te herstel in sy funksies, dit te beskerm in sy integriteit, en om die oortreders teen die instelling van die gesin te penaliseer. In 'n gesonde samelewing is verraad 'n skaars misdaad. In 'n ware Bybelse regsorde, sal owerspel ook selde voorkom.

p.401. Die vroeë kerk het 'n ernstige probleem gehad: sy plig om wet en orde te handhaaf in 'n wettelose eeu. Mense wie se oortredings die doodstraf verdien, soos in die geval van die Korintiese kerk, het bly lewe, en wanneer hulle na die kerk teruggekeer het met berou, het hulle probleme vir die kerk veroorsaak. Waar die Bybel restitusie vereis het, was die saak redelik eenvoudig, maar wat van oortredings wat die doodstraf vereis het? Aanvaarding na 'n eenvoudige verklaring van berou het hierdie oortredings ligter gevolge gegee as baie ander minder ernstige oortredings. Gevolglik het die boetestelsel ontwikkel. Protestante het amper voortdurend daarin gefaal om die vroeëre gesonde verstand in die boetestelsel, en die gesag daarvan om die wet af te dwing, raak te sien. Dade van berou is verlang van egbrekers, bv., nie as 'n werk van versoening nie, maar as praktiese optredes van heiligmaking. Die boetestelsel het 'n dubbele doel gedien. *Een.* Dit het gedemonstreer dat die boetedoening opreg bedoel was. *Twee.* Dit het 'n vorm van vergoeding daargestel. Die boetestelsel was dus 'n stewige stap voorwaarts tot die herstel van die regsorde wat die staat versaak het.

## 12. Egskeiding.

Om te trou, is volgens die Skrif die vrywillige vereniging van twee persone, man en vrou, binne die huwelik. Alhoewel huwelike dikwels gereël is, is toestemming ook verkry. Sonder toestemming was dit verkragting. Jakob het Lea aanvaar omdat hy in 'n situasie was, as vreemdeling in die land, waarin hy nie sy wetlike regte kon uitoefen nie.

p.402. *Eenwording* het wedersydse toestemming behels. Die *ontbinding* van 'n huwelik nie. Die mees algemene vorm van egskeiding vir die vrou is deur die *dood,* dus 'n wettige teregstelling van die man. Deut. 13:1-11; Gen. 38:24; 2 Sam. 12:5 en 13. In sommige kulture is daar geen skeiding deur die dood nie. Mormone – Verseëlde huwelike. Onse Here het die huwelik beperk tot hierdie sterflike staat waarin ons leef.

Die Bybelse reg het die onskuldige party van die skuldige geskei, verlos, deur die doodstraf toe te pas vir baie oortredings:

1. Owerspel; Deut. 22:20-25; Lev. 20:10.
2. Verkragting: Deut. 22:25 en 26;
3. Bloedskande: Lev. 20:11, 12, 14 en 17.
4. Homoseksualiteit of sodomie: Lev.20:13 en 18:22.
5. Bestialiteit: Eks. 22:19; Lev. 18:23; 20:15; Num. 35:16-21.
6. Voorafbeplande moord: Eks. 21:12 en 14; Num. 35:16 – 21.
7. Jou hand oplig teenoor jou pa of jou ma: Eks. 21:15.
8. Die dood van 'n vrou a.g.v. 'n miskraam a.g.v. aanranding: Eks. 21:22 en 23.
9. Kinderofferandes aan Molog: Lev. 20:2-5.
10. Om vader of moeder te vloek: Eks. 21:17; Lev. 20:9.
11. Ontvoering: Eks. 21:16.
12. Om 'n towenaar te wees: Lev. 20:27. Vgl. Deut. 13:1-11.
13. Om 'n valse profeet of dromer te wees: Deut. 13:1-5 en 18:20.
14. Afvalligheid: Deut. 13:6-16; 17:2-5.
15. Om te offer aan vreemde gode: Eks. 22:20.
16. Weiering om jou neer te lê by die beslissing van die regters: Deut. 17:12.
17. Godslastering: Lev. 24:16.
18. Sabbatsontheiliging: Num. 15:32-36. (Dit blyk nie uit die wetgewing nie, maar uit 'n spesiale gebeurtenis in die woestyn.)
19. Oortreding teen die verbond: Deut. 17:2-5.

Egskeiding kon deur die man verkry word deur die volgende soorte doodstraf vir die vrou. Om 'n oortreding bekend te maak, was verpligtend vir die gelowige. Deut. 13:1-11; Lukas 14:26.

1. Onkuisheid voor die huwelik: Deut. 22:21
2. Owerspel na die huwelik: Deut. 22:22-23; Lev. 20:10.
3. Prostitusie deur die dogter van 'n priester: Lev. 21:9.
4. Bestialiteit: Lev. 20:16; 18:23; Eks. 22:19; Deut.27:21.
5. Om 'n towenares of heks te wees: Eks. 22:18; Lev. 20:27.
6. Oortreding teen die verbond: Deut. 17:2-5.
7. Bloedskande: Lev. 20:11, 12, 14, 17.

Die lys vir mans is baie langer as die van die vroue. Party van die items sluit ook vroue in, bv. moord, maar baie van hierdie oortredings was klaarblyklik die wat deur 'n man gedoen is. p.403. Hoe groter die voorreg en outoriteit, hoe groter die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid. Lev. 4 – offerandes vir sondes – proporsioneel tot die oortreder se status en verantwoordelikheid. Luk 12:48 en ook Deut. 24:16.

Egskeiding deur die dood het hertrou moontlik gemaak, en het die onskuldige party bevry daarvan om gebind te bly aan 'n skuldige en onreine persoon.

'n *Tweede* vorm van egskeiding, d.i. vir die verbreking van die huwelikswet, d.i. die versuim om te sorg vir kos, klere en die verskuldigde seksuele verhoudings.

1. Gevange vroue: Deut. 21:10-14.

2. Hebreeuse "slavinne", of liefs vroue in knegskap; Eks. 21:1-10.

3. Die implikasie is dat as 'n verbreking van die kontrak om te sorg vir kos, klere, ens., van toepassing is in die geval van vroue in knegskap, dan is dit toepaslik as gronde vir egskeiding vir vroue binne die huwelik. 1 Kor. 7:3-5, verwys na Eks. 21:1-10.

'n *Derde* tipe egskeiding wat geïmpliseer word, is die soos by Nehemia, in gevalle van bloedverwantskap en gemengde huwelike:

1. Gemengde huwelike word onwettig verklaar: Deut. 7:1-3; vgl. Eks. 34:12-16; Num. 25:6-8. Egskeiding word verlang: Neh. 9:2; 13:23-27; vgl. Mal. 2:14.

2. 'n Huwelik tussen man en vrou wat verwant is, is verbode. Deut. 22:30; 27:20-23; Lev. 18:6 en 18; 20:11, 12, 14, 17, 20 en 21.

Die *vierde* soort egskeiding is wanneer die man deur die gee van 'n skeibrief aan die vrou, kon skei van haar:

1. Skeibrief: Deut. 24:1-4;

2. Skeibriewe gemeld in Jer. 3:8 en Jes. 50:1; en geskeide vroue gemeld in Lev. 21:14 en 22:13; Num. 30:9 in die Ou Testament.

p.404. Dit was nie die skeibrief of brief van afsnyding of verwerping wat iets boos was nie, want dit het juis opgetree teen boosheid. Jer. 3:8; Jes. 50:1; Jer. 3:9, 10. Die verwerping van Israel was die gevolg van openlike afvalligheid, verse 6-8, maar die oorsaak van Juda se afsnyding was nie openlike afvalligheid nie, maar geheime verraad onder die dekmantel van opregtheid en getroue gehoorsaamheid. Verse 9 en 10. Die owerspelige volk het haar eie wil gesoek en het slegs valse lippediens aan haar verbondsman, JHVH, bewys.

In Deut. 24:1-14 is die gronde vir egskeiding nou gekoppel hieraan. Indien 'n vrou geen guns in die oë van haar man vind nie, is dit met betrekking tot die man se heilige standaarde as 'n verbondsonderhouer en beelddraer. Egskeiding is deel van 'n orde wat aan sonde onderwerp is, daarom 'n reg om jou in staat te stel om reg op te tree in hierdie sondige bestel. Oorlogvoering is ook 'n deel van hierdie sondige bestel, p. 405. maar onder godvererende omstandighede is dit reg, en die reg van die swaard word glad nie weerhou slegs omdat dit tot die staat van sonde waarin ons verkeer, behoort nie. p.405. Die wet praat met verbondsonderhouers in 'n sondige wêreld, nie met hemelinge nie.

Onreinheid impliseer 'n ernstige oortreding. Deut.24:1. Onreinheid dui nie op owerspel of onkuisheid nie, waar die straf die doodstraf sou wees. Maar tog dui dit op 'n ernstige oortreding. Op party plekke dui dit op die skandelike ontbloting van die liggaam. Gen. 9:22; Ex. 20:26; Klaagl. 1:8; Eseg. 16:36 en 37. In Lev. 18 dui dit op onwettige en abnormale seksuele praktyke, en in Deut. 23:14 dui dit op menslike uitskeiding. Dit het ongetwyfeld op iets aanstootsliks en afstootliks gedui vir die verbonsonderhoudende man wat leiding gesoek het in die wet. Indien 'n mens die korter lys van doodsondes vir die vrou weer bekyk, dan blyk dit dat sekere sondes wat die doodstraf verdien het vir die man, dit nie verdien het vir die vrou nie. Homoseksualisme. Lev. 20:13. Homoseksuele prostitute word "honde" genoem. Deut. 23:18; vgl. Fil. 3:2; Open. 22:15. Moet ons dus aflei dat hierdie kulminerende bewys van afvalligheid en ongeloof, Rom.1:26 en 27, by die vrou aanvaarbaar was? Moet ons nie liewer aflei dat dit by die vrou as 'n onreinheid beskou was nie? Haar straf was minder ernstig, omdat haar verantwoordelikheid kleiner was. 'n Man wat ongehoorsaam was aan die gesag wat bo hom gestel was, is tot die dood veroordeel. Wat van 'n vrou wat haar hoër gesag, haar man, nie onderdanig was nie? Was dit nie 'n onreinheid in haar nie? Toe Hagar nie meer aan Sara onderdanig wou wees nie, het God Sara se besluit dat sy uitgewerp moes word, ondersteun. Die getuienis van Jer. 3:8 en Jes. 50 :1 wat betref skeibriewe, bevestig hierdie korrelasie tussen opstandigheid en rebellie, veral Jer. 3:8-10. 'n Noukeurige ontleding van alle relevante tekste dui daarop dat die naaktheid of onreinheid by 'n vrou nie bepaal kon word volgens 'n man se willekeur en goeddunke nie, maar in verhouding tot sy rol as verbondsman en beelddraer.

Die wydverspreide Protestantse interpretasie van die N.T. leer van die egskeiding beperk die erkende gronde vir egskeiding tot owerspel, op grond van Matt. 19:9, en tot verlating, 1 Kor. 7:8-24. Baie sou dit tot slegs owerspel wou beperk. Die vreemdheid omtrent hierdie interpretasie is dat *dit op slegs een woord berus* en daardie woord is *nie* owerspel nie. p.406.

1. Matt.19:9. 2. Matt. 5:32.

Porneia – hoerery.

Dit word nie gesê dat hoerery owerspel is nie, maar dat om met 'n vrou te trou wat geskei is op ander gronde as hoerery, owerspel is. Die twee woorde is verskillend, los van mekaar en duidelik.

p. 407. Die NT gebruik van die woord hoerery – porneiea.

1. Dit verskil van owerspel, en dit is 'n meer insluitende term, in Matt. 15:19, waar albei gelys is as voortspruitend uit die hart: Owerspeligheid en hoererye. Vgl. ook Mark. 7:21.

2. Dit verskyn dikwels in die sin van onwettige seksuele verkeer in die algemeen en as wellustigheid, en soms word dit wel gesien as owerspel. Rom. 1:29 – seksuele sonde in die algemeen. 1 Kor. 6:13 en 18 – verkeer met hoere, verse 15 en 16 - 'n breër verwysing na seksuele sondes. 1 Kor. 7:2 – Owerspel en seksuele abnormaliteite, verstandelik en liggaamlik; deur gedwonge onthouding, en slegte verhoudings tussen man en vrou a.g.v. gedwonge onthouding; 2 Kor. 12:21 verbind dit met, maar sien dit verskillend van, 'n lang lys van onreinheid en wellustigheid; Gal. 5:19 en 21 assosieer dit met, maar sien dit as verskillend van 'n lang lys van die werke van die vlees, wat insluit owerspel, onreinheid en losbandigheid. Ef. 5:3 lys dit saam met onreinheid en gierigheid as dinge wat nie genoem mag word nie, nog minder onder gelowiges gevind mag word. Kol 4:5 lys dit as een van die dinge wat gedood moet word, weer is dit te onderskei van onreinheid. In 1 Tes. 4:3 het die wegbly van hoerery as die positiewe kant daarvan om jou eie vrou te verkry in heiligheid en eer. Open. 9:21 lys dit as een van die onbelede sondes van die onweergeborenes, insluitend alle seksuele sondes. Joh. 6:41 gebruik dit om te verwys na óf hoerery óf onwettige seksuele verkeer deur ongetroude persone, wat lei tot 'n buite-egtelike geboorte.

3. Dit word spesifiek gebruik om te verwys na bloedskande, soos gemeld in Lev. 18:8 en 20:11 en 1 Kor. 5:1. Dit sluit die huwelike in wat verbied word in die Mosaïese wet, en al diesulke seksuele misdrywe wat deur daardie wet aangedui word. Lev. 18 en 20:10 en verder; ens. Die verbod op bloedskande word dus ook ondersteun.

4. In Hand. 15:20 en 29 en 21:25 verwys dit na onwettige seksuele verkeer, alhoewel party daarin 'n wyer verwysing sien. Die seksuele losbandigheid waarna later in 1 Kor. verwys word, was die tipe wat in gedagte was by die Raad van Jerusalem.

5. Net soos ontrou in die O.T. die versaking van die Enige Ware God getipeer het, ten gunste van die aanbidding van afgode, so word hoerery ook gebruik in Open. 2:21; 14:8; 17:2 en 4; 18:3 en 19:2 om die rebellie en die opstandigheid teen God en die godsdiens en die uitlewe van so 'n rebellie te beskryf. p.408. In Open. 2:21 kon verwys gewees het na werklike seksuele praktyke. Lenski: alles- insluitende sonde – al Jesebel se onderwysing en al die ooreenstemmende praktyke. Open. 14:8: "die aanbidding van die godslasterlike dier" in beelde soos gebruik in Jes. 57:3-12.

Gen. 38:24; Hosea 1:2; 2:2, 4 en 12; 1 Kron. 5:25; Eseg. 23:19. In Rigters 19:2 het die Leviet gehandel teen 6. Lev. 21:7. John Milton: "Hoerery in hierdie plek in Rigters moet verstaan word as die hardkoppige ongehoorsaamheid teen die man en nie as owerspel nie." Voetnota in die Berkeley weergawe van Rigters: Om jou bed en blyplek te verlaat, is soms beskryf met die term 'hoer', soos wat die Hebreeus hier te kenne gee. p.409. *Owerspel* is meer spesifiek beperk tot die seksuele oortreding teen die huweliksverbond waar *hoerery* gewoonlik 'n breër betekenis gehad het. Indien Jesus 'n eksklusiewe fisiese, seksuele sonde deur getroudes bedoel het, sou die woord owerspel dit beskryf het. Hoerery in die fisiese sin sou dan onvanpaste gebruik van die woord gewees het vir getroudes, maar, in die breëre sin sluit dit nou aan met die Mosaïese wet.

Matt. 19:2-9: in terme van die totale of omvattende betekenis:

1. Die Fariseërs het Hom genader met 'n toetsvraag oor die huwelik en egskeiding met die doel om Hom te betrek in 'n gevaarlike strydvraag oor 'n kontroversiële vraagstuk. Hy het hulle vroeër van selfregverdiging beskuldig, van harte vol van boosheid en wat probeer om die wet ter syde te stel deur hulle opvatting van egskeiding. Hy het gesê: Lukas 16:14-18. Vroeër, oor die integriteit van die wet. Matt. 5:17-20. Hy het nie gekom om tot niet te maak of te vernuwe nie, maar om te vervul.

2. Hulle toetsvraag het hulle voorveronderstelling geopenbaar: "Is dit 'n man geoorloof om oor allerhande redes van sy vrou te skei?" Matt. 19:3. Hulle basiese opvatting van die huwelik en egskeiding is afgelei, nie van die skeppingsbevel nie, maar van Deut. 24:1. Edersheim: "Die Joodse wet het onbetwisbaar egskeiding toegelaat op feitlik enige gronde."

3. p.410. Jesus het in Sy antwoord dit duidelik gemaak dat die Mosaïese bevel nie die grondliggende teks was nie, en dat die wet nie vertolk moes word sonder die in ag neem van die skeppingsbevel van Gen. 2:18-24 nie.

4. Jesus het dit duidelik gemaak dat*: die skeppingsbevel geen egskeiding oorweeg het nie.* Hierdie punt het die Fariseërs dadelik begryp. Waarom het Moses hulle dan "beveel" om haar 'n skeibrief te gee en haar weg te stuur?

5. Jesus het toe voortgegaan om Deut. 24:1-4 te herbevestig. Die wet het tot stand gekom weens die "hardheid van julle harte". Die sondeval van die mens het gevolg in Gen. 2 en dit is die groot skeidingslyn tussen die begin en die daaropvolgende geskiedenis. Die feit van die sondeval en die gevalle hart het die Mosaïese wette nodig gemaak. *Ons kan die Mosaïese wette net elimineer indien ons die sondeval geheel kan elimineer, indien ons 'n Edengelyke samelewing daar kan stel. Basies tot alle verontagsaming van hierdie feit van die mens se gevalle wêreld en sy harde hart, is 'n ketterse perfeksionisme.* Dit skep 'n harde wettisisme wat die kerk skeur en sondaars weghou van die evangelie af. Egskeidingswette is nodig vir die sondestaat, en vir Christene wat nog glad nie volmaak geheilig is in hierdie lewe nie, en dikwels in god-onterende huwelike verkeer, omdat hulle in 'n sondige wêreld leef. Matt. 19:9 is dus Jesus se bevestiging van Deut. 24:1 - met *hoerery* of *naaktheid* wat betref enigiets as die grond vir egskeiding, met hierdie betekenisvolle regstelling. Omdat die sin "as sy dan geen guns in sy oë vind nie", deur die Fariseërs vertolk is, nie in terme van die verbondsman se begeerte om die wil van God in sy huis te volbring nie, maar in terme van persoonlike en *wetlike voorreg*, het Jesus hierdie sin nie gebruik nie, om die aandag te vestig op die goddelike wetgewing as sodanig. Dit was ontstellend, selfs vir die dissipels, vers 7, omdat hulle gewoond was aan die man se *wetgewende* eerder as *plaasvervangende* outoriteit in terme van die wet.

6. Jesus het, deur die insluitende term, *hoerery,* die geldige rede vir egskeiding te maak, daardeur owerspel, bloedskande, en ander oortredings wat voorheen deur die doodstraf na egskeiding gelei het, nou redes vir egskeiding gemaak deur briewe van egskeiding. p.411. Die feit dat dit deur die kerk erken is, verskyn in 1 Kor. 5:1-5, waar in die geval van bloedskande die doodstraf vereis is, Lev. 20:11, het Paulus afsnyding uit die gemeente vereis, 'n geestelike oorgawe aan die dood en satan. In 2 Kor. 7:7-12, lyk dit asof, na goddelike berou en

afsnyding, die oortreder weer tot die kerk toegelaat is. As die doodstraf steeds vereis was, sou Paulus daarna verwys het, maar, terwyl hy die sonde sien as 'n geestelike dood, sien hy geen wetlike gronde vir enigiets anders as afskeiding of ekskommunikasie nie. Paulus het met outoriteit gepraat, en 'n outoriteit wat aanvaar is in Jesus Christus.

7. Laastens, Jesus het dit duidelik gemaak dat enige egskeiding vir 'n ander rede as hoerery in sy Mosaïese sin, egbreuk was, of dit nou deur die vrou of deur die man bewerk is, Mark. 10:10, en om te trou met so 'n geskeie persoon was 'n daad van egbreuk.

Dit sal opgemerk word dat die N.T. se aandrang op sy eenheid met die O.T. baie ernstig opgeneem word. Die Mosaïese wet word nêrens beskou as 'n laer of minderwaardige wetgewing nie. Op een punt lyk dit tog asof daar party verskille is, en so ook Paulus se benadering tot die probleem:

1. Eks. 34:12-16. Politieke bondgenootskappe was onvermydelik afgodies.

2. Num. 25: 1-8. Seksuele verkeer met 'n Midianitiese het 'n eenwording met Baal-Peor behels en het die doodstraf vereis.

3. Deut. 7:1-3. 'n Herhaling van dieselfde beginsel, en 'n waarskuwing.

4. Waar 'n persoon duidelik laat blyk het dat hy JHWH en Sy verbond aangeneem het, kon hierdie opname in die verbond gevolg word deur 'n huwelik binne die verbond: Ragab, (Jos. 6:24 en 25; Mat. 1:5; Heb. 11:31; Jak. 2:25) en Rut: (Rut 1:16 en 4:5-18.)

5. Mal. 2:14. Egskeiding is vereis deur Nehemia as 'n voorwaarde om lid van die volk van Israel te kon bly, as 'n voorwaarde om te kon deel hê in die verbond, waar die huwelike gesluit is vir politieke en godsdienstige redes – sodat verbonde gesluit kon word met goddelose mense van sinkretistiese geloof. Neh. 9:2; en 13:23-27.

Dit dan was die agtergrond van die wetgewing waarop Paulus moes gaan. In terme van die O.T. reg was sulke huwelike duidelik hoerery p.412. en 'n oortreding teenoor JHWH, 'n verbreking van sy verbond, en duidelik verbode. Paulus het hierdie wet klinkklaar en sonder bevraagtekening bevestig, waar hy met gelowiges praat wat 'n huwelik oorweeg; nie met diegene wat tot bekering gekom het na hulle huwelik nie. 2 Kor. 6:14-18. In 1 Kor. 7:11-24 het Paulus 'n ander situasie behandel, wat nie duidelik deur die wet gedek word nie. In vers 12 was Paulus versigtig om nie wetgewend te praat nie, en maak hy dit duidelik dat hy as geestelike versorger praat: "So sê ek nie die Here nie." Hy maak nie daardeur sy stelling minder geldig nie: "So *beveel* ek dan in al die kerke." Vers 17. Hy verduidelik nogtans, volgens die leer van die verbond, sy bedieningsoutoriteit waardeur sy stelling gesag dra:

1. 1 Kor. 5:2 en 3:3-6. Verskillende partye het in Korinte bestaan van diegene wat gespog het oor hulle vryheid in Christus. Die vraag oor gemengde huwelike het eer gedoen aan die wat

dit geopper het. Die implikasie was dit: Jesus het die integriteit van die Mosaïese wet gehandhaaf, en die Mosaïese wet het gemengde huwelike verbied. Wat moes die nuwe gelowiges met ongelowige maats nou doen.

2. Korinte was 'n industriële en handelsentrum. Die lewe van sy inwoners was nie *gesingesentreerd* nie maar *atomisties* en individualisties. Huwelike in die nie-Joodse sektore van die samelewing was hoofsaaklik gebaseer op persoonlike oorwegings. In terme hiervan *was die huwelik nie langer 'n verbond met 'n mens en 'n verbond met 'n volk en 'n geloof nie, soos wat dit in die O.T. was nie. Dit het amper geheel en al 'n persoonlike saak geword soos wat dit vandag is.* p.413. Die wet was steeds geldig, en 2 Kor. 6:14-18 bevestig dit, maar dit kon nie spesifiek toegepas word in elke gemengde huwelik nie.

3. Vir 'n Christen om met 'n ongelowige te trou, 2 Kor. 6:14-18, beteken om die gemeenskap met Christus te versaak, en om nou, buite die verbond om, in 'n suiwer individualistiese en atomistiese verhouding te tree wat "duisternis" was

4. Vir die getroude ongelowige om 'n gelowige te word, het beteken dat die verbondsverhouding gebring is binne-in 'n atomistiese situasie waar geen ander verbond bestaan het nie. Die verbond, volgens die wet, het na elke lid van die gesin uitgereik, maar nie tot besoekers en huurlinge nie. Eks. 12:43-45; Deut. 12:17 en 18; Lev. 22:10; die sabbat van die land, Lev. 25:6, en die fees van die weke, Deut.16:10 en 11, het die vreemdeling en die huurling ingesluit vir tipiese en profetiese doeleindes. Omdat daar geen ander verbond bestaan het nie, het God Sy verbond geëer deur die insluiting van die ongelowige maat en die kinders sodat die ongelowige maat en die kinders God se verbondseën ontvang het ter wille van die gelowige maat. Die Skrif is van begin tot einde *verbonds*gerig en in terme van die *beeldmandate*. (image mandates).

5. Nog 'n fundamentele beginsel was hier betrokke:1 Kor. 7:20-23. Die evangelie het nie gekom om die *vorms* van die mens en sy samelewing te verander nie, maar om die *hart* van die mens te verander en daardeur die kultuur van die Koninkryk van God te skep. Rom. 13:1-7. Betaal dan aan almal wat aan hulle verskuldig is, soos deur God vereis, wat mense nie oproep tot 'n evangelie van revolusie nie, maar tot herlewing. Daarom ook die gereëlde raad aan slawe, mans, vroue en kinders om getrou en gehoorsaam te wees in terme van hulle roeping, nie as mensebehaers nie, maar om God te behaag. Die belangrike opmerking hier is: "Bly daarin voor God." 1 Kor. 7:24. Daarom het God nie die Jode beveel om hulle bestaande kultuur te vernietig, toe Hy hulle die wet gegee het nie, maar dat hulle dit aan Hom moes onderwerp in terme van Sy gebooie en "daarin moes bly voor die Here."

6. Indien die ongelowige man of vrou die ander een sou verlaat, dan was hy of sy nie meer gebonde nie en vry om weer te trou; hulle was dan onder die Mosaïese sanksie. Deur dit te sê, het Paulus nie wetgewend opgetree nie, maar as predikant. Sou hy hier 'n nuwe wet ingebring het, sou hy dadelik aangeval gewees het. "Laat niemand dan skei ... ," en, indien Paulus egskeiding as die enigste uitweg verkondig het, terwyl Christus egskeiding sou beperk het slegs tot gronde van *owerspel*, sou Paulus skuldig gewees het daaraan om dit wat God saam gevoeg het, te skei. Maar Paulus het die Korintiese gelowiges geantwoord, wat ooglopend die

O.T. Wet as steeds geldig erken het in terme van Christus se verklaring. En Paulus, deur geïnspireerde vergelyking, het ingesien dat hier meer as een beginsel van toepassing was, en dat p.414. 'n ander kulturele en godsdienstige situasie geheers het, en dat *slegs een verbond,* die een met die Here, in hierdie situasie gegeld het.

7. Omdat hierdie gemengde huwelike atomisties van oorsprong was, eerder as verbondsgetrou, en omdat, wat ook al die geloof was van die ongelowige waaraan hy bly vashou het na sy maat se wedergeboorte, was dit 'n private geloof en nie 'n verbondsgeloof nie, sodat die familie nie betrokke was in sy ongeloof nie, en sy redding was dus moontlik. Vers 16. Die religieuse kultusse van daardie tyd was essensieel private godsdienste, wat hul aantrekkingskrag hoofsaaklik vir mans of vroue gehad het, en mank gegaan het aan algemeenheid of aan verbondsluiting.

Dus bly die wet omtrent die huwelik en egskeiding vas staan, regdeur die Skrif. Die kultuurbesonderhede soos dit in die wet weerspieël word, kan verander en verander wel, maar die wet verander nie. Hier, soos in ander gevalle, kan die Skrif ten diepste nie "gebreek word nie." Joh. 10:35.

Die doel van die huwelik is nie humanisties nie; dit is verbondsmatig, en daarom kan die redes vir egskeiding nie humanisties wees nie, maar moet dit verbondsmatig wees. Die praktyk soos deur Calvyn in Genève beoefen, illustreer dat 'n streng verbondsbeskouing van die huwelik en egskeiding Bybels is eerder as die beskouing van owerspel as die rede vir egskeiding.

Deut. 24:1-4 verbied die hertrou van 'n man met die vrou van wie hy geskei het, na haar tweede huwelik en tweede egskeiding. Dieselfde is van toepassing op die vrou wat weer met haar vorige man wil trou. – Die huwelik wat tussenin plaasgevind het, was dan 'n gewettigde owerspel wat deur die hertroue goedgekeur sou word. p.415.

## 13. Die Gesin as Trustee.

Twee interessante sake met betrekking tot egskeiding wys op 'n aspek van die huwelik wat te selde oorweeg word. *Een.* Die oorweldigende persentasie van egskeidings wat deur vroue aanhangig gemaak word, nie deur mans nie. p.415. *Twee.* Hoe hoër die inkomste is, hoe minder waarskynlik is 'n egskeiding. 'n Groot hulp tot die voorkoming van 'n egskeiding is die besit van eiendom. Die groot deel van verlatende vaders is diegene uit die laer inkomste groep. Eiendom is dus 'n belangrike element in die voorkoming van egskeidings by mans sowel as by vroue. Private eiendom is 'n stabiliserende krag vir die gesin en die samelewing.

p.416. Wanneer die staat die gesin se eiendom onteien en die gesin vervang as bewaarder van eiendom, word die gesinsband daardeur beskadig. Die gesin is die belangrikste bewaarder van eiendom deur die hele geskiedenis. Om die gesin van eiendom te beroof, is om sy gesag oor

sy kinders te verswak. Sosialisme val die ouerlike beheer oor beide kinders en eiendom aan om die voorrang van die staat in die samelewing te verseker.

Die funksies van die gesin is dus groot en moeilik. Die gesin se godsdienstige en opvoedkundige take is sentraal tot lewe in hulle onderskeie areas. Die versorging van eiendom as 'n erfporsie, 'n maatskaplike krag, en godsdienstige verantwoordelikheid is ook belangrik vir die samelewing. Die huwelik word deur die Skrif met teerheid beskou, maar sonder romantiek. Dit word baie duidelik beskryf as 'n "juk". 2 Kor. 6:14. 'n Juk is die saambind van twee skepsels wat saam moet trek aan laste. Die huwelik word ook deur die skrif beskryf as "verdrukking vir die vlees". 1 Kor. 7:28. Die huwelik is duidelik 'n werkende vennootskap van die man en die vrou in die diens van God, terwyl hul heers in hul aangewese sfere.

Spreuke – Monogamie. Tesame het die man en die vrou 'n plig om hul kinders in God se wet te onderrig en binne die gesin te dissiplineer. Spr. 1:8 en 9 en 6:20; ens. Die werkende verhouding van die man en die vrou kan 'n groot vreugde wees of 'n groot ramp. Spr. 14:1; 18:22; 19:14 en 12:4. Die vennootskap van man en vrou het gedien as die bewaarders van eiendom, bewaarders p.417. daarin dat "die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan", en "Die grond moet ook nie vir altyd verkoop word nie; want die land is myne, omdat julle vreemdelinge en bywoners by my is." Lev. 25:23. Die gesin is die deur God gegewe, deur God ingestelde bewaarder van eiendom. Die bruidskat, Gen. 34:12 en 30:20; Eks. 22:17, was nie 'n bruidskoopsom nie, maar die bruidsgeskenk deur die bruidegom aan die bruid om die huwelik te verseël in terme van godvresende verantwoordelikheid.

'n Huwelik was eers geldig en werklik 'n huwelik wanneer die kontrak gespesifiseer het dat 'n eiendomsreëling bestaan het.

Daar is 'n verskil tussen 'n moderne weduweespensioen en diè van die Bybelse wet. In die moderne voorsiening word die weduwee versorg slegs as daar 'n boedel is wat groot genoeg is om vir haar te sorg. In die Bybelse reg het hierdie voorsiening die huwelik voorafgegaan, en die kinders was verplig om hulle ouers te onderhou waar nodig.

Die Bybelse gesin kan vergelyk word met 'n korporasie wat bestaan uit ouers en kinders. Dit betaal dividende aan die kinders in versorging, onderhoud en erfenis, en dit lewer dividende op aan die ouers in versorging en onderhoud soos nodig. As 'n korporasie wend dit sy eiendom en inkomste aan in terme van sy deur God gegewe doel. Om hierdie rede kan geen arbitrêre of suiwer persoonlike besluit die besluit van die lede van die korporasie beheer nie; hulle is beide individue en 'n liggaam met regspersoonlikheid, en hul suiwerste funksie is in terme van albei hierdie ampte onder God.

p.418. Vir die staat om in te tree om kontrole oor te neem van enige een van hierdie twee, kinders of eiendom, is om te oortree in die sfeer van die gesin en om voor te gee dat hy die korporasie is wat net bestaan om die gesin te versorg. So 'n aanspraak is 'n groot oortreding teen God se regsorde. As by hierdie oortreding gevoeg word 'n *verlies aan geloof*, dan word

die gesin 'n instelling waarvan die hooffunksie is om skuiling en seksuele bevrediging te bied vir twee atomistiese en partykeer anargistiese indiwidue.

Voordat die gesin op koers kan kom, en die samelewing daarmee saam, moet dit 'n Bybelse Wet-geloof hê eerder as 'n atomistiese humanistiese geloof. Die gesin moet weer die trustee word van God se verbondsvereistes, en veral 'n trustee onder God van kinders en eiendom. Nie die trusteegesin van die heidendom nie, sterk maar humanisties van oorsprong, maar 'n trusteegesin van God, dit is die behoefte. 1 Kon. 21:1-14: Nabot, as hoof van 'n gesin, het 'n erfenis gehad as 'n trust, nie as 'n manier van selfbevrediging nie, en daarom was sy basiese verpligting teenoor die toekoms. p.419. In Sjina was die gesin aan die verlede gebind deur voorvaderaanbidding. In die Bybelse geloof, omrede van die skeppingsmandaat, was die trusteegesin gerig op die toekoms. Die moderne gesin, as gevolg van sy atomistiese humanisme, is vasgebind aan die hede, en hierdie feit werk vernietigend in op beide die verlede en die toekoms.

## 14. Homoseksualiteit

Teorieë omtrent homoseksualiteit verskil van een navorser tot die ander, maar hulle het in gemeen hul evolusionêre en omgewingsinvloed benadering. Die anti-Bybelse voorveronderstellings van al hierdie skrywers is baie duidelik. Ons is te midde van 'n homoseksuele revolusie gemik teen Bybelse geloof en moraliteit. p.420. Die homoseksueel word beskou as die mishandelde, misverstane, sensitiewe siel. Vir 'n baie lang tyd, vir eeue lank, was homoseksueles, selfs daar waar hulle aanvaar is, p.421. 'n vyandige broederskap binne die samelewing, baie dikwels gekoppel aan elke soort van geheime vereniging. Die kerk is besig om 'n hoofaandeel te hê aan hierdie revolusie. Ons word gevra om by God se siening verby te gaan in hierdie saak ten gunste van die outonome, afvallige mens se beskouing.

Belangrike kenmerke van die homoseksueel:

*Een.* Die homoseksueel het 'n onnatuurlike vrees vir die ouderdom en die dood. Die fasade van die jeug moet behou word. 'n Immorele wêreld van voortdurende kind wees, word die ideaal. Omdat volwassenheid, verantwoordelikheid, wet en standaarde beteken, is 'n

*tweede* aspek van die homoseksuele kultuur die verheerliking van 'n bestudeerde vulgariteit tot hoë styl. p.422. Dit gee hom vreugde om te glo dat hy besig is om die ware wet te ondergrawe en die mens se outoriteit te bevestig.

*Drie.* Die homoseksuele kultuur is bitter vyandig teenoor die gesin, en werk daaraan, in sy intellektuele modes, om die gesins- en kleindorpse kultuur te ondergrawe. Moderne humanistiese kultuur is in 'n hoë mate gekleur met en gedrenk in die homoseksuele kultuur. Baie van die vrye liefde en vrouruil kultusse is sterk beïnvloed deur homoseksuele botone en aktiwiteite.

*Vier.* Omdat homoseksueles teen die werklikheid in leef, en in 'n kammawêreld, het hul die teater 'n gelukkige element bevind vir selfverwesenliking.

Om nou by die wet te kom, die Bybel is sonder voorbehoud in sy veroordeling van homoseksualiteit: p.423. Lev. 18:22 en 20:13; Deut. 23:17; Rom. 1:32; Paulus, Rom. 1:27. Die werkwoord "ontbrand" is *ekkaio*, "om uit te brand". Homoseksualiteit is dus die uitbranding van die man. Homoseksualiteit is dus die kulminerende seksuele praktyk van 'n kulminerende afvalligheid van en vyandigheid teen God, en, in sy werklike praktyk, ontken dit God se natuurorde en wet. In die geskiedenis het homoseksualiteit prominent geword in elke eeu van afvalligheid en verval. Dit is die einde-van-'n-era-fenomeen.

Indien daar nie 'n Wet is nie, dan is daar nie 'n evangelie nie; omdat die twee onskeibaar is in die Skrif. Indien die Wet tersyde gestel word, kan die humanistiese en immorele etiek van die liefde oorneem, die een waarin die werklike oorweging nie God en Sy wet is nie, maar waarin die *mens* die absolute morele norm word van die etiek van liefde.

p.424. Vanuit Bybelse perspektief is elke enkele "soeke na die totaliteit van 'n ander mens", los van God, boosaardig, ontaard en onder die oordeel. Hierdie soeke word net geëer waar God en Sy wetwoord nie geëer word nie.

Die versuim van die Hervorming om tot helderheid te kom wat die kwessie van wet betref, het uiteindelik gelei tot die triomf van humanisme – die mens word nie geoordeel deur God se wet nie, maar as 'n "mens" en in terme van die suiwer menslike gevolge van sy handelinge. p.425. Die Bybelse beskouing is dat dit 'n handeling teen God is, en dus teen die natuur. God se straf is die dood, en 'n godvresende samelewing sal dit afdwing. Mans – die doodstraf; vroue – 'n onreinheid en dus 'n rede vir egskeiding. Deut. 24:1.

Wanneer 'n volk 'n sekere vlak van morele verval bereik het, hou die straf op om bepaald te wees en word dit nasionaal. Die burgerorde het sy vermoë verloor om namens God op te tree, en dan tree God op teen daardie orde. Met ander woorde, daar is oordeel, maar die oordeel kom nou van God, en die volk of die nasie sal val. Homoseksuele kulture voer oorlog teen God; in hierdie oorlog is geen onderhandelings moontlik nie. p.426. Onthou die woorde van Petrus dat "die oordeel moet begin by die huis van God". 1 Pet. 4:17. Hier het die kerk 'n taamlik god-onterende posisie ingeneem. Die doel van psigoterapie vir die homoseksueel: om hom in staat te stel om skaamteloos te kan sondig.

p.427. Wanneer ons gekonfronteer word deur 'n homoseksuele persoon wat eis dat hy 'n Christen is en vra dat hy as sulks behandel moet word, het ons 'n keuse: ons kan die homoseksueel se woord aanvaar of ons kan die Woord van God aanvaar soos in Rom. 1.

## 15. Om die bron te ontbloot.

'n Sondige preutsheid belet die kerk om rekening te hou met baie wette. Indien seksuele omgang met 'n vrou wat menstrueer plaasvind, sonder om daarvan bewus te wees, is dit slegs 'n rituele onreinheid, wat reiniging vereis, maar wat geen morele straf vereis nie. Lev. 15:24. Aan die ander kant is die doelbewuste daad 'n ernstige oortreding. Lev. 18:19; 20:18 en 20:22. Die man en die vrou is ewe skuldig. Eseg. 18:5-9. p.428. *Een.* Seksuele verkeer met 'n vrou wat menstrueer (of met 'n vrou voordat sy van kindergeboorte herstel het) word deur Lev.

sowel as Esegiël as ernstige, *aggressiewe* dade geklassifiseer. *Twee.* Hierdie daad word nadruklik gelys saam met daardie dade wat *'n land verontreinig.*

Die besonderhede van die wet:

*Een.* Sewe dae van onthouding word vereis gedurende die tyd van menstruasie. Lev. 15:19, of, indien daar 'n kwaal is wat geassosieer is met menstruasie, so lank as wat die vloeiing duur. Lev. 15:25.

*Twee.* Die periode van onthouding na die geboorte van 'n manlike kind is 40 dae Lev. 12:2-4, en 80 dae na die geboorte van 'n dogtertjie. Lev. 12:5.

Twee karakteristieke van hierdie sonde: *Een.* 'n Aggressiewe daad, en *Twee.* Dit verontreinig die land. 'n *Derde* aspek word deur Esegiël 22:10 genoem, die perversiteit daarvan – dit is vernederend vir die vrou. Dit is 'n aantreklike daad slegs vir diegene wat teenoor 'n ander mens wil sondig, en teenoor God.

p.429. Lev. 20:19 – Die betekenis van "bron":

*Een.* Simbolies van God. Ps. 36:9; Jer. 17:13, as die bron van genade. Ps. 87:7. Daar is verskeie sulke verwysings na God en Christus.

*Twee.* Gebruik vir Israel as die vader van 'n groot volk. Deut. 33:28.

*Drie.* Gebruik vir 'n goeie vrou. Spr. 5:18.

*Vier.* Geestelike wysheid. Spr. 16:22 en 18:4.

*Vyf.* Lev. 20:19 – kombineer 'n letterlike en 'n simboliese betekenis: Hierdie wet plaas die vrou buite die man se beskikking met gereëlde tussenposes; net so het die vrou nie die reg om haarself beskikbaar te stel aan die man sonder beperkings of voorbehoud nie.

Die man se heerskappy is onder God, en die mens kan sy heerskappy nie onbeperk uitoefen oor enigeen of enigiets nie.

Geen man kan van 'n vrou sy skepping maak nie, en geen vrou kan haarself die man se eiendom maak nie. Elke man en elke vrou het daardie verpligtings van liefde en diens teenoor man of vrou, ouers en kinders, werkgewers, werknemers en bure, wat God se wet vereis, maar geen oortreding binne die privaatheid van 'n ander persoon nie. Ons "bronne" is in God. Slegs Hy het dus die totale reg en gesag tot onbeperkte kennis van ons. Geen mens kan dit opeis sonder om in opstand teen God te wees nie. Alhoewel ons 'n vrou, man, kind, ouer of vriend baie lief mag hê, mag ons nie 'n totale verhouding met hul hê nie, of oortree op hulle privaatheid nie, of ons eie oopgooi sonder voorbehoud nie.

Net so het die staat geen reg op totale kennis van sy burgers nie, of om te probeer oortree op hul privaatheid nie. Dit moet van hul wetsgehoorsaamheid eis, maar niks meer nie. Geen mens of staat kan voorgee om die gesag te hê om met mense te maak net wat hulle wil nie. Dit

is tipies van die mens wat nie vir God ken nie om 'n ander mens te misbruik net soos hy wil, eerder as soos God dit wil.

p.430. Indien die Skrif nie aan man of vrou die mag gee om 'n mens te gebruik los van die wet nie, daar waar die verhouding een van liefde is nie, hoeveel te meer laat dit nie ander toe om te oortree op wat God se private domein is in die lewe van die mens nie. Indien 'n man nie sy vrou kan "gebruik" los van die wet nie, of 'n vrou haarself nie mag gee, los van die wet nie, kan geen ander mens of ding oortree op die bronne van lewe sonder om die aarde self te verontreinig en oordeel oor homself te bring nie.

## 16. Die Middelaarswerk van die Wet.

p.431. Jesus Christus is die enigste middelaar tussen *God en mens.* Die wet is die Godgegewe middelaar *tussen mens en mens.* Die Skrif praat van Christus as die middelaar van 'n nuwe en 'n beter verbond, "wat op beter beloftes gegrond is". Heb. 8:6. Hierdie beloftes is die beloftes van die wet soos opgesom is in Deut. 28, die seëninge van die gehoorsame geloof.

Reg deur die Skrif maak God een verbond vir opeenvolgende volke. Wat *nuut* is in Christus se verbond, was Sy koms en sy versoening as die ware offerande en die bloed van die verbond; Christus het die eendersheid van die verbond benadruk deur Jakob se twaalf seuns, en Israel se twaalf stamme met twaalf apostels te vervang. Deur hierdie daad het hy die kontinuïteit van Sy verbond met die verbond van Abraham en Adam duidelik gemaak. Deur Sy verbond te vier op dieselfde tyd as die ou verbond, die paasfees, het Christus met die Heilige Nagmaal weer benadruk dat die kontinuïteit van die verbond in Sy volgelinge berus het. Deurdat die verbond deur Christus hernu is, is die wet van die verbond ook hernu. Omdat die volk van God geroepe is tot geregtigheid, "die reg van die wet", Rom. 8:4, daarom is die wet 'n basiese voorwaarde van hulle lewe. *Geen direkte verhouding is moontlik tussen persone behalwe deur die wet van God nie.* Pogings om by die wet verby te kom vir 'n persoon teenoor persoon konfrontasie, sonder God, beteken die oordeel van God, omdat die wet teen sy oortreders optree, en teen die vernietiging van die ware verhouding van mens tot mens onder God se wet.

Die wet van God, wat betref seksuele verhoudings gedurende menstruasie, is 'n duidelike illustrasie van hierdie beginsel. p.432. Die persoon tot persoon verhouding in die huwelik word totaal omskryf deur die wet. Dit is ingestel deur God en daarom beheer deur Sy wet. Hebr. 13:4.

In elke area van die lewe, of dit nou te doen het met ons vyande, bure, medegelowiges, mans, vroue of kinders, is "liefde die vervulling van die wet." Rom. 13:8-10. Liefde sonder die wet is 'n teenstelling; terwyl liefde en die wet nie identies is nie, kan die een nie sonder die ander bestaan nie.

Die beteken bv. dat 'n huwelik 'n geldige huwelik is, en nie gebreek kan word nie, waar die man en die vrou getrou is in die getroue vervulling van hul pligte soos deur God se wet vereis word, in goeie trou teenoor God en teenoor hulle eggenoot, en met genade.

Dit beteken dat kinders nie geliefd is indien hulle buite die wet om geliefd is nie; om die wet te veronagsaam en om te probeer om die kinders daarvan los te maak binne of buite die gesin is om aan hulle alles te bewys behalwe liefde.

Net so is 'n werknemer-werkgewer verhouding nie streng persoon tot persoon nie. In terme van die Skrif kan nóg die staat nóg die werknemer 'n direkte verhouding met enigeen hê los van God af. In 'n goddelose samelewing sal die indiwidu en die staat sondig in hul manier van werk.

Die wet van God is dus die middelaar tussen mens en mens. p.433. Indien mense ontmoet in terme van die wet, is hulle verhouding geseënd en floreer dit; indien hulle buite die wet om ontmoet, dan werk die vloek van die wet teen hulle. 'n Ware persoonlike verhouding is slegs daardie een wat deur die wet bemiddel word.

p.434. Die lewe van die mens *is* meer as die totaal van die dele; 'n basiese deel van die geheel is die wet van God. Die mens, omdat hy geskep is deur God, is geskep deur en in God se wet. Om 'n mens te beskou, los van daardie feit af, is om hom te depersonaliseer. Om voor te gee dat ons 'n mens se ras, erfenis, intelligensie, godsdiens en morele karakter nie in ag hoef te neem nie, en dan tog op 'n manier met die gehele mens te doen het, is 'n algemene liberale dwaling; die gevolg is slegs 'n abstrakte idee van 'n mens, nie 'n lewende mens nie.

Geen mens kan geabstraheer word van die wetkonteks van sy bestaan nie. Om te probeer om tot enige man, vrou, of kind te nader buite God se wetkonteks om, is om te probeer om te nader tot 'n skepsel deur onsself gemaak, wat nie bestaan nie. Daarom kry ons dan die radikale onpersoonlike van alle persoon-tot-persoon konfrontasies. Romantiese liefde gaan bv. by die wetkonteks van God verby om tot die "ware persoon" te kom. In so 'n verhouding sien albei partye slegs die ongeskape persoon van hulle eie verbeeldings raak. Wanneer die passie van so 'n verhouding op die roetes van die werklikheid loop, dan het die twee niks meer vir mekaar te sê nie en kan hulle nie meer saam leef nie.

Die mens kan nie in die fisiese wêreld leef sonder om die wette daarvan raak te sien nie; om daardie wette te ontken, of om aan te neem dat hul geïgnoreer kan word, is om 'n ramp nader te roep. Die wet is net so werklik in die wêreld van die mens as in enige ander sfeer. Die voortdurende krisisse van die geskiedenis en die kroniese staat van rampspoed kom voort uit die mens se sondige gebrek daaraan om volgens en binne die wet van God te leef.

Wetteloosheid verdeel mense; ware wetsgehoorsaamheid bring hul bymekaar. Net soos Christus, as die Middelaar, die enigste Een is wat die mens by God kan uitbring, so kan die mens slegs by sy medemens uitgebring word deur die wet, God se wet. Die middelaarskap

van Jesus Christus herstel die mens tot geregtigheid, dit beteken, in die wet in, en dus word gemeenskap moontlik, nie net met God nie, maar ook met die medemens.

## 17. Die Transvestiet.

p.435. Deut. 22:5. *Die persoon* is 'n "gruwel" vir die Here; dus, nie die daad of die ding nie, maar die indiwidu word uitgesonder vir veragting. Geen straf word vermeld vir die misdaad nie; dit is wangedrag, en die straf word oorgelaat aan die diskresie van die wetmakers. Die wet verbied die afdwing van 'n man se werk en gereedskap op 'n vrou, en 'n vrou s'n op 'n man. Die doel hiervan is om God se fundamentele orde te handhaaf.

p.436. 'n Man wat gesond is en sy vrou toelaat om hom te onderhou, verbreek hierdie wet. Van die man word al meer 'n neutrale skepsel gemaak; die onderskeid tussen man en vrou vervaag al meer.

p.437. Agter hierdie chaos skuil sekere gedagtes:

*Een.* Die rebellie teen God se ingestelde orde is baie duidelik. Die eintlike beginsel van orde word ontken. Die mens probeer doelbewus om die skepping te herrangskik volgens sy eie skeppingsmandaat.

*Twee.* Gelykheid as 'n filosofiese en godsdienstige geloof is aan die werk. Alle mense is gelyk; die vrou is gelyk aan die man, en die man is gelyk aan God. Die resultaat is dat daar oorlog gevoer word teen dit wat verskillend is. Nie slegs uniseks nie, maar eenwording is die doelwit, die kleurlose, neutrale persoon.

Om nou terug te keer na die wet en sy betekenis, dit verwys duidelik na klere, maar sy betekenis is baie wyer. Die gebod verbied die algemene neutralisasie van die geslagte en die verwarring van hul onderskeie rolle. Die gebod staan op 'n streng verdelingslyn tussen manlik en vroulik as die beste manier van kommunikasie en liefde tussen hul. Die sterkte van karakter van die man en die vrou word die beste behou deur hierdie gebod te gehoorsaam. Die doel van die gebod is om die krag en outoriteit van mans en vroue in hulle onderskeie domeine te vergroot. Die krag van die man lê daarin om man te wees, en die krag van die vrou lê daarin om vrou te wees, albei onder God.

## 18. Bestialiteit.

p.438. Eks. 22:19; Lev. 18:23-30; Lev. 20:15 en 16; Deut. 27:21.

Hierdie misdaad vereis die doodstraf vir mens en dier; as die doodstraf nie toegepas word nie, word die land verontreinig, en die aarde gaan sulke vervalle mense uitspoeg.

p.439. Bestialiteit was algemeen in die antieke tyd; verder was dit 'n godsdienstige praktyk. Heidense godsdienste met hulle geloof aan 'n evolusie uit die chaos, het afgekyk in die chaos in vir godsdienstige energie, mag en vitaliteit, nie op na bo nie.

Indien God God is, dan kyk die mens op na God vir herlewing, leiding, en krag, en dan pas die mens sy lewe aan by die wetwoord van God. As chaos die uiteinde is en die bron van alle dinge, eerder as God, dan moet die mens afkyk na dade van chaos vir sy hergeboorte. Dit is presies wat die mens gedoen het. Bestialiteit was 'n belangrike aspek van *ontwikkelde* heidendom.

Die huidige seksuele revolusie eksperimenteer uitgebreid met bestialiteit. (Michael Leigh.) p.440. Die Bybel noem hierdie daad "verwarring" of "perversiteit." Die begeerte om die mens te degradeer tot 'n dier is deel van die evolusionistiese geloof.

## 19. Die Argitektuur van die Lewe.

p.441. Wanneer ons eers erken het dat God se hele skepping 'n wetstruktuur het, dan kan ons begin om die wetstruktuur agter baie verklarings in die Bybel, wat nie direk met die wet te doen het nie, te verstaan. 1 Pet. 3:17. Hierdie woorde voorveronderstel op elke punt die Bybelse wette wat betref die huwelik. Anders as die populêre opinie, is dit geen verbod op die vleg van hare nie, ook nie van goud of mooi klere nie. Wat hier verduidelik word, is dat hierdie dinge die tweede beste is, en dat die beste versiering 'n "stille en sagmoedige gees is, wat baie kosbaar is voor God." Nog meer, die getrouheid van man en vrou aan die gebooie van God word vereis "sodat julle gebede nie verhinder mag word nie." 1 Pet. 3:7. p.442. Die huwelik is, kort saamgevat, soos alle ander dinge, 'n Godgesentreerde saak. Om Godgesentreerd te wees beteken nie dat die man en die vrou hul tyd in bidure of in kerkaktiwiteite moet deurbring nie; dit beteken eerder dat hulle hul verpligtinge teenoor mekaar moet nakom soos wat God dit in Sy woord spesifiseer.

Net so moet elke area van die lewe Godgesentreerd wees, omdat, om jou lewe te orden op enige ander voorwaardes as wat deur God in sy wetwoord gespesifiseer is, is om Hom te verloën.

Versailles – Die slaapkamer eerder as die kapel.

p.443. Logiese afleidings vanaf die evolusieleer wat betref politiek.

p.444. Indien evolusie waar is, dan is voortdurende evolusie onontkombaar. Indien ons die Skrif aanvaar, dan is die argitektuur van die lewe gestruktureer met die blywende staal van God se wet. Matt. 6:33. Indien ons "eers die koninkryk van God En Sy geregtigheid" soek, dan "sal al hierdie dinge vir ons bygevoeg word." Maar indien ons God en Sy wetwoord

verloën, dan word ons eie woord vir ons die wetwoord en dan dryf ons voort na kranksinnigheid en die dood.

Petrus het vir ons die prentjie van die lewe geskilder: gehoorsaamheid aan alle gesag onder God, beteken dat die lewe floreer en oorvloedig is; ons gebede word nie verhinder nie en ons geniet die lewe as 'n ware genadegawe van God aan ons. Teenoor die humanisme, staan hierdie Godgesentreerde oriëntasie. Om Godgesentreerd te wees, beteken om eerste die koninkryk van God te soek, en Sy geregtigheid. Matt. 6:33. Vandag is humanisme, verdoesel as Christelikheid, te algemeen. Dit kom na vore waar 'n instelling of area van die lewe belangrik word ter wille van homself. Deurdat hulle die kerk identifiseer met die Koninkryk van God, het al te veel teoloë die dimensies van die lewe en van die Koninkryk van God verklein tot 'n enkele aspek daarvan.

p.445. Nóg die kerk, staat, skool, beroep, nóg enige ander sfeer van die lewe kan vereenselwig word met die Koninkryk van God, of 'n plek ontsê word in die Koninkryk van God. Humanisme wat voorgee om Christelik te wees is nog steeds humanisme.

Soos ons gesê het, het Petrus nie goud en silwer versierings, die vleg van hare, of mooi klere veroordeel nie. Hy het slegs vereis dat hierdie dinge in hul regte plek geplaas word, nie as die doel van die lewe nie, maar slegs as mooi maar minder belangrike aspekte daarvan. Soortgelyk, nóg die gehoorsaamheid van die vrou, nóg die outoriteit van die man is die doel van die huwelik. Hierdie dinge is maniere tot die ware en belangrike doel, om God te dien, en Hom te verheerlik en te geniet vir ewig en altyd. Die mens kan nie struktuur aan die lewe gee nie; slegs God se gebod is genoegsaam om te sorg vir die struktuur en argitektuur van die lewe.

## 20. Getrouheid.

*Getrouheid* is 'n deug wat regdeur die wet benadruk word, en in die hele Skrif benadruk word as 'n godsdienstige en 'n morele noodsaaklikheid. Die vereiste van getrouheid aan God, aan die wet, aan die huwelik, aan elke godsdienstige verpligting, word sterk benadruk. Moses het Israel opgeroep om God se wetwoord te onderhou sonder om "na links of na regs af te wyk", en, indien hulle wel in gehoorsaamheid *wandel* sal dit met hulle goed gaan en sal hulle dae verleng word. Deut. 5:32 en 33. Gelowiges word die "getroues" genoem in die kerk se terminologie, en die term "getrou" is in die Skrif die hoogste lof. Spr. 20:6; Open. 17:14; Matt. 25:21; ens. Die *wandel* van die gelowige is in die "paaie van geregtigheid"; Ps. 23:3; *paaie* beteken *uitgetrapte spoor*, wawielgroewe, en die verwysing is na die vestiging van gewoontes van geregtigheid.

Gesonde verstand, karakter, en stabiliteit berus in getrouheid, in betroubaarheid. Onbetroubaarheid is die resultaat van ongeloof, en uiteindelik, van sogenoemde kranksinnigheid, wat die verwerping van verantwoordelikheid is; dit is die onwilligheid om getrou te wees, om gewoontes van geregtigheid vas te lê. Die nie-christen mentaliteit word algemeen gekenmerk deur hierdie oorlogvoering teen getrouheid.

p.446. *Getrouheid* is die vasklou aan 'n absolute wet en die soewereine God van daardie wet.

p.447. Die toename van verdorwenheid en perversiteit op elke gebied van die lewe staan in verhouding tot die afname van geloof teenoor ongeloof.

Die Skrif verklaar keer op keer dat *getrouheid* 'n hoedanigheid van God is. Ps. 36:5; 89:2; Jes.11:15; ens. God is getrou omdat Hy die absoluut soewereine is, totaal selfbewus is en sonder enige donker hoekies in Sy Wese is, sonder onontwikkelde en onbewuste moontlikhede is. Die mens is na die beeld van God geskape, en as verloste in Christus, is hy herstel in daardie beeld. Soos wat hy groei in terme van die beeld van God, groei die mens in getrouheid en in selfbewuste bewussyn van sy roeping onder God en sy verantwoordelikhede daarin. Getrouheid is stabiliteit, krag en karakter. Dit is nou verwant aan heers. Die term, "Die getroues", is gebruik as die algemene naam vir gedooptes in die vroeë kerk, en het hul betroubaarheid en krag aangedui.

Getrouheid binne die huwelik in sy egste sin beteken daarom seksuele getrouheid en baie meer... dit beteken die getroue uitvoer van pligte deur die man en die vrou. Dit beteken betroubaarheid, vertroubaarheid van karakter, krag in beproewing, en lojaliteit. Dit beteken inisiatief en vermoë, soos dit na vore kom in ons Here se woorde, "Mooi so, goeie en getroue slaaf." Matt. 25:21. Getrouheid is 'n oordraagbare eienskap van God. Dit is 'n teken van krag en karakter in 'n mens, terwyl ontrouheid op elke gebied die kenmerk van swakheid en sonde is.

## VIII

## DIE AGSTE GEBOD.

### *1. Heerskappy.*

p.448. Die mens is geskape na die beeld van God en is beveel om die aarde te onderwerp en daaroor te heers. Gen. 1:26-27. Dit is nie slegs die mens se *roeping* om te heers nie, maar dit is ook in sy *natuur* om dit te doen. Die mens is geskape om gesag uit te oefen onder God en as God se aangestelde afgesant na die aarde. Om te heers is dus 'n basiese drang van die natuur van die mens.

As gevolg van die sondeval is die mens se drang om te heers nou 'n perverse drang, nou nie meer om sy gesag uit te oefen onder God en tot Sy eer nie, maar 'n begeerte om self God te wees. Gen. 3:5. Die versoeking van Satan: Nou wil elke mens sy eie god wees, wat vir homself besluit wat reg en wat verkeerd is.

Die geskiedenis het dus die lang en bittere gevolge van die mens se perverse drang tot oorheersing gesien. Die geskiedenis is 'n lang verhaal van afskuwelikhede waarin die mens gesoek het na mag en oorheersing as 'n doel op sigself. Hierdie sondige, gevalle drang om te heers, is prominent in elke sfeer van die moderne lewe, sowel as in die hele geskiedenis. Dit beheer sekerlik die politieke wêreld, waar die staat daagliks meer mag verkry, bloot ter wille van mag. As gevolg hiervan het baie begin om bang te wees vir alle gesag en om vyandig te wees teenoor die konsep van heerskappy.

Heerskappy verdwyn nie omdat 'n man gesag verwerp nie; dit word eenvoudig verskuif na 'n ander persoon, miskien na sy vrou, sy kinders, werkgewer, of die staat. Waar 'n indiwidu sy toegewese gesag aflê, waar 'n gesin sy gesag abdikeer, en die werker en werkgewer dit verminder, daar kom 'n ander, gewoonlik die staat, en verskerp sy oorheersing. p.449. Waar die georganiseerde samelewing sy gesag prysgee, daar verkry die massas dit in verhouding tot die mate van oorgawe. Daar is duidelik geen hoop vir die mens behalwe in wedergeboorte nie. Gen. 1:26-28; Kol.3:10; Ef. 4:24. Die verlossing van die mens sluit sy herstel na die beeld van God in, en die roeping tot wat in daardie beeld opgesluit is: om die aarde te onderwerp en daaroor te heers. Daarom is die verkondiging van die evangelie ook die verkondiging van die Koninkryk van God, volgens die hele Nuwe Testament.

'n Radikale deformasie van die evangelie, en van die verloste mens se roeping, het in die kerk ingesluip as gevolg van neoplatonisme. Heerskappy is afgesweer, die aarde is beskou as die duiwel se ryk, die liggaam is verag, en 'n valse nederigheid en onderdanigheid is gekweek. Heerskappy is beskou as 'n las van die vlees eerder as 'n goddelike verantwoordelikheid. Veral in die piëtisme is Jesus uitgebeeld as onderdanig en hulpeloos, pasifisties en beskeie in sy optrede.

Die woord sagmoedig is 'n Bybelse term. Num. 12:3. Die woord sagmoedig verwys dus bowenal na 'n geestelike staat in verhouding tot God. Matt. 5:5. Oorheersing oor die aarde

word aan die sagmoediges gegee, en sagmoedigheid het duidelik betrekking tot God. p.450. Die sagmoedige is die verloste wat deur God belas, verdruk en ingebreek is om ingespan te kan word, sodat hul mak en diensbaar is. God het Moses onderwerp aan 'n harder dissipline as enige ander gelowige van sy dag, en Moses het hierdie onderdrukking aanvaar, in terme daarvan gegroei, en het gedissiplineerd en sterk geword. Daarom was Moses die sagmoedigste man van sy tyd. Sagmoedigheid is dus nie slapheid nie, maar gedissiplineerde krag in en onder God.

Jesus het Homself beskryf as "sagmoedig en nederig van hart". Matt. 11:29. Hy het Homself so beskryf in verhouding tot diegene wat Hom gesoek het. In Sy verhouding tot die Fariseërs en die Sadduseërs was Christus se optrede ferm en vasbeslote. Soos wat Christus die term sagmoedigheid gebruik het, het dit nie die oorgawe van gesag beteken nie, maar eerder die wyse, barmhartige en genadige gebruik van gesag. Ons *kan* die betekenis van sagmoedigheid in die skrif *nie* verstaan as ons nie begryp dat dit nie die oorgawe van gesag is nie, maar eerder die nederige en godvresende gebruik van gesag, waarna dit verwys. Die geseënde sagmoediges is die getemdes van God, diegene wat ingespan is in Sy wetwoord en Sy roeping, wat die aarde sal beërwe. Matt. 5:5. Die geseënde sagmoediges is hulle wat hul aan God se gesag onderwerp, en daarom beheer het oor hulleself, en daarom in staat is om gesag uit te oefen oor die aarde. Daarom sal hulle die aarde beërwe. Die doel van die gebod is om aan die mens die deur God aangewese weg na oorheersing te toon. Die doel van die oproep tot gehoorsaamheid is sodat ons in staat kan wees om gesag uit te oefen.

Wat gebeur wanneer 'n karikatuur van Jesus aangebied word, wanneer gehoorsaamheid aanhoudend vereis word sonder om die deur God daargestelde doel van gehoorsaamheid te opper, en wanneer die mens aanhoudend opgeroep word om homself gereed te hou in die Here, maar tot geen doel nie? Die bediening van die kerk word dan niksbeduidend nie, en die lewe van die gelowige 'n frustrasie.

Die begeerte tot heerskappy verdwyn nie eenvoudig omdat die kerk nie daaroor praat nie. Dit kom egter na vore as 'n lelike en sondige stryd om gesag binne die kerk; omdat geregverdigde oorheersing verwaarloos of ontken word, begin sondige oorheersing na vore kom. Die kerklewe word dan 'n lelike stryd oor betekenislose nietighede waarin die enigste doel sondige mag en heerskappy is wat verberg word agter valse sagmoedigheid.

Dit is dus baie noodsaaklik om te erken dat die drang tot heerskappy deur God gegee is en basies is tot die natuur van die mens is. 'n Aspek van hierdie heerskappy is eiendom.

Dit is 'n gewoonte onder kerklike sosialiste om te ontken dat daar Bybelse regverdiging bestaan vir private besit. Hulle rede hiervoor is die dikwels herhaalde Bybelse verklaring, p.451. "Die aarde behoort aan die HERE". Eks. 9:29, ens. Hulle verkies om die totale getuienis van die Skrif te verontagsaam. Die sogenaamde kommunisme van Hand. 2:41-47, wat ook aangehaal word deur kerklike sosialiste, was slegs 'n vrywillige uitdeel deur sommige. Hand. 5. Dit was beperk tot Jerusalem. Omdat die gelowiges die woorde van Christus omtrent die val van Jerusalem letterlik opgeneem het, Matt. 24:1-28, het hulle hul eiendom daar verkoop. Die ryker lede het 'n deel of alles van hul fondse tot die beskikking van die kerk gestel, sodat getuienis gelewer kon word aan hul vriende en familielede voor die

val van Jerusalem. Baie vroeg het vervolging almal, behalwe 'n kerngroep, uit Jerusalem gedryf. Hand. 8:1.

Die aarde behoort inderdaad aan die HERE, net soos alle gesag, maar God het verkies om gesag oor die aarde aan die mens te gee, onderworpe aan Sy Wetwoord, en eiendom is 'n sentrale aspek van daardie gesag. Die absolute en alles te bowe gaande titelakte van eiendom behoort aan die Here, die teenswoordige en historiese titelakte van eiendom behoort aan die mens. Die besit van eiendom verlaat nie die aarde wanneer dit die mens ontsê word nie, dit word slegs aan die staat getransporteer. Die Skrif plaas egter eiendom in die hande van die gesin, nie van die staat nie. Dit gee eiendom aan die mens as 'n aspek van sy heers, as 'n deel van sy onderwerping van die aarde.

Wanneer die leer van oorheersing in en onder God verswak word, dan word alle wet en orde ook verswak. God gee *heerskappy* onder Sy wet, maar Hy gee nie Sy *soewereiniteit* nie. God alleen is die absolute Heer en Koning. Om God se koningskap te ontken, is om koningskap oor te dra aan die mens of aan die staat van die mens. God se doel is nie die oorheersing van sonde nie, maar die oorheersing van die verloste mens oor die aarde onder God.

p.452. Rom. 8:19-23. As gevolg van die sondeval is die skepping nou onder die mag van die sondige mens en word dit vernietig deur sy perverse gebruik van mag. Dit is dus nodig dat die godvresende mens geskool word in die aard en vereistes van godvresende gesagsuitoefening. Enigiets minder as dit is 'n minagting van die alles te bowe gaande outoriteit van God, waar Hy in Sy Woord verklaar dat Hy 'n verbond met die diere van die veld sal sluit om die mens se voorspoed te verseker in die dag van hulle gehoorsaamheid. Hos. 2:18.

## 2. Diefstal.

Eks. 20:15; Deut. 5:19. Diefstal of om te steel, is om 'n ander mens se eiendom te neem deur dwang, bedrog, of sonder sy ongedwonge toestemming. Om te kul, eiendom te beskadig, of die waarde daarvan te vernietig is ook diefstal. Om in 'n trein of bus te ry sonder om te betaal, is ook diefstal.

Diefstal kan so plaasvind:

*Een.* In eenvoudige diefstal beroof die dief die slagoffer direk.

*Twee.* In gekompliseerde maar steeds direkte diefstal, beroof die dief die slagoffer as deel van 'n groep diewe.

*Drie.* Diefstal kan gepleeg word deur indirekte of wettige maniere, d.i. deur 'n wet aan te neem wat van die rykes, die middelklas of die armes steel tot voordeel van 'n spesifieke groep.

Dit is diefstal om 'n mens se huis deur brandstigting te vernietig, maar dit is ook diefstal om dit te laat afbrand deur nalatigheid. p.453. Omdat inflasie die waarde van papiergeld verswak of vernietig, is dit ook sekerlik 'n vorm van diefstal. Bedrog is ooglopend ook diefstal. *'n*

*Korrupte volk bring 'n korrupte staat tot stand, wat nie eens die beste wette sonder korrupsie kan afdwing nie.*

Noodsaak regverdig nie diefstal nie. So 'n standpunt gee voorrang aan 'n mens se lewe bo God se wet.

Diefstal is meer as 'n oortreding teenoor 'n ander mens; dit is 'n oortreding teenoor God. God vereis van ons om die lewe, huwelik, en eiendom van ons naaste en van ons vyand te respekteer omdat God se regsorde voorrang geniet bo die omstandighede waarin die mens verkeer. Nóg die aard van jou buurman se karakter, nóg jou eie nood, kan diefstal regverdig. 'n Mens verdoem nie 'n mens wat 'n dief is as gevolg van armoede nie, 'n mens kry hom p.454. jammer; diefstal mag vergoed word; egbreek en die gevolge daarvan is onherstelbaar.

Die Skrif gee geen gronde vir die oortreding van God se regsorde nie: van die mens word vereis om daarbinne te werk vir sy eie welsyn en voorspoed. Om God se regsorde te verontagsaam of te verag is om God se oordeel oor jou te bring; dit is ook om slegte resultate op jou daad te kry.

p.455. God se regsorde sluit private besit in. Dit keur ook godvererende rykdom goed. Spr. 13:11; Deut. 8:17, 18; Ps. 112:3. Dit is god-onterende rykdom wat veroordeel word. Jak. 5:1-6. Die punt van die "ryke en die naald se oog" is: geen mens kan homself red nie; redding is onmoontlik by die mense, omdat dit geheel en al die werk van God is. Mark. 10:23-27. Spr. 10:22 – Die godvererende najaag van eiendom en rykdom is dus ten volle geregverdig.

Spr. 13:11 – Die manier waarop rykdom verkry moet word, is deur arbeid, volgens Ef. 4:28. Die verpligting van almal wat werk is nie slegs selfonderhoud nie, maar ook liefdadigheid teenoor diegene in nood. Volgens die skrif kan rykdom verkry word deur arbeid, vererwing, of deur 'n geskenk. 'n Rowerorde sal al drie hierdie maniere teenstaan en sal hom besig hou met *liefdadigheid* ten koste van God se gebod.

Omdat die mens boos is, maak ryk of arm geen verskil voor God se wet nie: met elkeen p.456. moet gehandel word volgens die wet. Ware liefdadigheid en liefde teenoor jou naaste is die nakom van die wet. Rom. 13:8-10. Die basiese liefdadigheid is dus om te lewe in getrouheid aan die wet wat betref ons naaste en ons vyande, en om hul godgegewe immuniteit onder die wet te respekteer.

p.457. Calvyn: Die mens wat werk, plig, eer, of respek, aan wie dit toekom, weerhou, steel.

Die wet teen diefstal beskerm dus nie net God se regsorde nie, maar alle mense wat eerlik en wetsgehoorsaam is, en dit beskerm ook die oneerlikes teen onwettige straf.

Die aanval teen private besit kan twee vorme aanneem. *Een:* Deur God se wet te ontken kan sterker indiwidue die eiendomsreg van swakker indiwidue verontagsaam. p.458. *Twee:* Omdat eiendom 'n vorm van mag is, probeer die totalitaristiese staat om eiendom te kontroleer of onteien om die mense te keer om enige mag te hê buite die staat om. Private besit is aan die mens gegee om gebruik te word onder God en tot Sy eer.

### 3. Vergoeding en vergifnis.

Gen. 3:5 – 'n Besondere sonde of sondes kan vergewe word; sonde as 'n beginsel, oorspronklike sonde, kan nie vergeef word nie: dit moet uitgeroei word. p.459. Die reddende werk van Jesus Christus het 'n nuwe skepping ten doel, 2 Kor. 5:17, vergoeding (restitusie), die volmaakte onderhouding van die wet as ons federale Hoof, en vergifnis van die besondere sondes van Sy Volk.

Vergifnis en restitusie is onafskeidbaar. Ons moet ons broeder, d.i. ons medegelowige, sewe maal sewe keer vergewe. Lukas 17:4. Hierdie vergifnis vereis altyd belydenis en restitusie. Daar is twee aspekte aan vergifnis, die godsdienstige of godbetreffende aspek, en dan die gemeenskaps- of kriminele aspek. Sonde is altyd 'n oortreding teenoor God, en daarom moet daar altyd 'n godsdienstige aspek aan enige sonde wees, d.i. 'n sekere soort van ooreenkoms of oordeel van die mens vir die oortreding van God se regsorde. Maar sonde raak ook ander mense, of die aarde, en besondere sondes het besondere vereistes van restitusie, soos die doodstraf vir geharde misdadigers en moordenaars.

Die heenwys na vergifnis in die wet is nie na sonde in beginsel nie , maar altyd na 'n spesifieke daad van sonde. Lev., vgl. 4, 5; Num.15:28, ens. Jesus het vergifnis van sonde uitgespreek aan hulle in die verbond van die geloof, d.i., van spesifieke sondes deur verlostes begin. (Matt. 9:2, 5; Mark.2:5, 9; 3:28; 4:12; Luk.

5:20, 23; 7:47, 48; Rom.4:7; Kol. 2:13; Jak. 5:15; 1 Joh. 2:12, ens.

Eks. 22:1-17 – Hier het ons 'n reeks wette omtrent restitusie:

*Een.* Die mate van restitusie word bepaal. p.460. Restitusie moet die teenwoordige en toekomstige waarde van dit wat gesteel is bepaal, maar ook die gespesialiseerde bekwaamhede wat benodig word om dit te vervang. Eks. 22:1.

*Twee.* Diefstal kan ook probleme behels in verband met die selfverdediging teen 'n dief. Eks. 22:2, 3. 'n Nagtelike inbreker kan regtens deur die inwoners gedood word om hul eiendom te verdedig. By daglig is die doodmaak van 'n dief, behalwe in selfverdediging, manslag. Indien die dief nie restitusie kan doen nie, word hy as slaaf verkoop om te vergoed vir die vereiste restitusie. Vandag beteken dit die een of ander soort van aanhouding waarby die volle inkomste van die veroordeelde dief so bestuur word dat die volle restitusie voorsien word.

*Drie.* Die wet bepaal die restitusie wat verwag word van 'n dief wat op heterdaad betrap word, of gevang word voordat van die gesteelde goed ontsae geraak is. Eks. 22:4. Die gesteelde ding moet terugbesorg word en sy ekwivalent. 1+1.

*Vier.* Sekere dade, of dit nou doelbewus of per ongeluk was, het 'n persoon verantwoordelik gehou vir die gee van 'n vergoeding. Eks. 22:5, 6. Kriminele reg het tans p.461. nie meer as slegs 'n paar oorblyfsels van die beginsel van restitusie nie, en dan is dit glad nie met Bybelse beginsels in gedagte nie.

*Vyf.* Eks. 22:7-13:– verantwoordelikheid word bepaal vir goed wat in bewaring gehou word.

*Ses.* In die geval van huur of 'n lening geld sekere beginsels van verantwoordelikheid. Eks. 22:14, 15.

*Sewe.* Verleiding is nie slegs 'n oortreding teen die sewende gebod nie, maar ook teen die agste gebod, daarin dat 'n meisie van haar maagdskap beroof word. Eks. 22:16, 17. Kompensasie of restitusie het beteken dat hy geld moes betaal volgens die bruidskat van die maagd.

Restitusie word in die Skrif voorgehou as 'n aspek van versoening. p.462. Omdat die Egiptenaars die Israeliete beroof het en probeer het om hul dood te maak, moes hulle restitusie doen. Eks. 12:35, 36. Abraham in Egipte. Gen. 12:11-13. Daar is geen veroordeling vir Abraham omdat hy bedrieg het om aan die lewe te probeer bly nie: eerder het God Farao streng veroordeel, Gen. 20:3-6. en vir Abraham uitgelei, grootliks verryk deur restitusie. Gen. 12:16; 13:2. God het net so ingegryp om Abimeleg te oordeel. Gen. 20:3-6 en 14-18. Daar is geen verwysing na enige veroordeling van Abraham nie, maar baie duidelik is hier God se veroordeling van regeerders wat wettelose regsordes onderhou het waarin Abraham nie kon waag om eerlik en openlik te beweeg nie. In al hierdie gevalle word die skuldiges nie slegs veroordeel nie, maar moet daar ook vergoeding betaal word aan diegene teenoor wie gesondig is. Restitusie is dus nou verbonde aan versoening, aan geregtigheid, en aan redding.

p.463. Redding is so nou gekoppel aan restitusie, omdat God se verlossing van die mens en van die wêreld die herstel daarvan is tot sy oorspronklike posisie onder God en tot Sy verheerliking. Die mens se werk van restitusie vir die sonde van Adam, vir sy eie oersonde soos wat dit meegewerk het om die aarde te skend, is om te erken dat hy as 'n nuwe skepsel in Christus, die aarde 'n nuwe skepping onder Christus moet maak. Die werk van Christus in die mens is hierdie werk van restitusie.

Die mens wat vergewe is, is die mens wat restitusie maak. *Vergifnis* in die Skrif is 'n juridiese term. Dit verwys na 'n geregshof. Omdat restitusie altyd in die Bybel basies is tot vergifnis, tot die herstel tot burgerskap, impliseer die woord vergifnis altyd restitusie in die Skrif. Wanneer vergifnis geskei word van die wet en dit 'n saak van gevoel gemaak word, lei dit na sentimentalisme. Baie moderne teoloë en Christene dring aan op onvoorwaardelike vergifnis vir alle mense, ongeag of daar berou en restitusie was. So 'n houding is slegs 'n subsidie tot en 'n aanvaarding van boosheid as boosheid. Dit is teen die wet.

### 4. Aanspreeklikheid van die omstanders.

Dit was eens 'n ernstige misdaad om te weier om hulp aan te bied, en in 'n beperkte mate is dit vandag nog so dat dit die mens wat sy hulp weier, homself blootstel aan boetes. Die rigting waarin humanistiese reg beweeg, is om mense toenemend van alle verpligting te ontneem om

barmhartige samaritane te wees. p.464. Bybelse reg vereis dit egter van die mens. Deut. 22:1-4: Hier kry ons sakereg wat 'n geringe saak opper om dus so 'n algemene beginsel te demonstreer. Die beginsel van verantwoordelikheid verskyn in Deut. 22:24. Elke man wat 'n vrou om hulp hoor roep wanneer sy aangerand word, het die plig om haar te gaan help, om dit nie te doen nie, was 'n vreeslike afskuwelikheid wat die land besoedel het. p.465. Dit is insiggewend dat dié oortreding beskou is as erger as om valse getuienis te gee; valse getuienis gee die waarheid verkeerd weer; die omstander wat niks doen nie, word 'n medewerker van die misdaad deur sy weiering om hulp te verleen. Ps. 50:18; Rom. 1:32; 1 Tim. 5:22; Deut. 19:18, 19; ook Spr. 24:11, 12. p.466. Die Bybelse wet verduidelik dus die aanspreeklikheid van die omstander; in werklikheid mag hy nie 'n omstander wees nie. Die polisiëringsgesag van die burgery berus op Deut. 22:1-4, 24.

p.467. Die onaktiewe omstander is deel van die misdaad. Die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan Luk. 10:29-37, was stewig gegrond in die Bybelse reg. Luk. 11:42: Die godsdienstige leiers het die wet slegs onderhou wanneer dit hulle min of niks gekos het om dit te onderhou nie. Jesus het hulle stom geslaan vanuit die wet. Dit is dus 'n ernstige fout om die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan in te kort na die vlak van die gevoel alleen, of slegs tot 'n saak van liefdadigheid; hierdie dinge is ondergeskik aan die wet in hierdie geval. Diegene wat die wet minag, is ook sonder liefde. Hulle gee voor dat hulle die wet liefhet, maar hulle kies eenvoudige sake waarin hulle wil gehoorsaam en verag die dinge wat moeilik is. Te veel kerkmense verklein die wet teenswoordig tot eenvoudige reëls oor die sabbat en egbreuk en ignoreer of oortree straffeloos die res van die wet. Dit is Fariseïsme.

### 5. Geld en Mate.

p.468. 'n Wet wat grootliks misverstaan word is Lev. 19:35-37, wat handel oor eerlikheid in meting. Dit is moontlik om te praat van die *bestudeerde irrelevantheid* van baie prediking en kommentaar oor die Skrif. 'n Wet wat van sentrale belang tot die geldelike en ekonomiese moraliteit van 'n nasie is, word terloops behandel of glad nie. Die Bybelse materialisme van die Jode het hul gekeer om so onprakties te wees. p.469. Diegene wat uiterlik die voorreg van die verbond en van die verbondskultuur geniet het, maar wat sy wette verloën het, is die voorwerp van spesiale wraak van die God van die Verbond.

Hierdie wet het 'n paar baie belangrike implikasies:

*Een.* Die ou Latynse en die moderne laissez-faire beginsel, *caveat emptor,* laat die koper op sy hoede wees, is nie Bybels nie. Oneerlike handeldryf is net so 'n ernstige saak as oneerlike regters en howe. Die wet kan nie onverantwoordelikheid aanmoedig by òf die koper òf die verkoper nie. p.470. Eerlike goedere is nodig, maar ook eerlike betalings. Die staat, as die ministerie van geregtigheid, het die plig van geregtigheid in die mark, maar dit mag nie geregtigheid met liefdadigheid verwar nie. In 'n gesonde en godvresende samelewing sal die staat suksesvol funksioneer om die minderheid van boosdoeners in toom te hou. Die kern van die saak is nie die staat nie, maar die godsdienstige gesondheid van die samelewing. Omdat geregtigheid die ministerie van die staat is, is mate en gewigte die verantwoordelikheid van die staat.

*Twee.* Bedrieëry op die gebied van mate van lengte of oppervlakte, sluit bedrieërye in landtransaksies in, en goedere en materiale en 'n verskeidenheid van maniere basies aan die handel.

*Drie.* Bedrog in gewigte is in werklikheid vervalste geld. Bybelse geld was per gewig. Fraksionele gebruik van die Reserwe Bank, ononderstеunde of gedeeltelik ondersteunde papiergeld, en inflasie van geld deur skuld en krediet, is dus 'n oortreding van hierdie wet. Jesaja, in sy opgawe van die aanklagte van God se staat van beskuldiging teen Jerusalem, het verklaar: "Jou silwer het skuim geword; jou wyn is vervals met water." Jes. 1:22. Die wet vereis dus die veroordeling van alle vervalste geld. Die wet van die skuldige omstanders veroordeel dus *alle* predikers, priesters en onderwysers wat nie die veroordeling van die wet van vals geld verkondig nie. Hulle swye beteken hul is net so skuldig as korrupte regters of aan vervalsings, want hulle vervals God se woord deur hul swye of deur hulle verkeerde interpretasies. Oneerlike geld lei tot valse gewigte in elke monetêre transaksie in 'n samelewing, sodat radikale korrupsie en onreg die botoon voer. Indien in elke saketransaksie in elke samelewing 'n basiese bedrog bestaan in die vorm van p.471. oneerlike en vervalste geld, dan is die hele gemeenskap besoedel, word eerlike mense beroof, en diewe voer die botoon. Dit is presies wat geldelike bedrog en inflasie bewerkstellig, die triomf van diewe oor godvresende manne. Stilswye in die aangesig van sulke radikale korrupsie is 'n onverskoonbare onkunde en 'n boosheid. Spr. 20:10, 23; Eseg. 45:9-12.

*Vier.* Mate hier in hierdie wet verwys na inhoudsmate, en die wet vereis streng eerlikheid, op hierdie gebied en ook op ander gebiede. Vrugte wat natgelei word kort voor bemarking gee 'n oneerlike gewig en minder geur. Koeie wat sout kos gevoer word kort voor bemarking, sodat hul baie meer sal drink en dus swaarder weeg verteenwoordig bedrog, ens.

*Vyf.* Eerlike weegskale is die grondslag van regverdige handel, en die regulering van skale is basies aan die ministerie van geregtigheid. Amos 8:4-8. Die armes ly die meeste onder die gevolge van oneerlike weegskale.

*Ses.* Die gevolge van oortredings van hierdie wet is duidelik in die land self, wat die mense sal uitwerp. Amos 8:8; Deut. 25:13-15. p.472. Die gebod, "Jy mag nie steel nie", verbied duidelik "verandering, goedkoop maak, naboots en vervals van koopware", en sulke bedrog of diefstal "is nie 'n geringe punt van bekommernis van regering" nie. Maar die punt waarop dit neerkom, word dikwels verwaarloos, die belofte van lewe vir gehoorsaamheid aan hierdie gebod, sowel as die vyfde gebod. Daarenteen, die lewe word ontsê aan diegene wat hierdie wet oortree; 'n land wat geneig is tot diefstal staar oordeel en die dood in die gesig.

Lev. 19:35 – Calvyn. Die hervormers, net soos die vroeë kerkvaders, het nie geswyg oor hierdie wet nie.

Die regstradisie kan verdeel word in drie basiese posisies.

*Een.* 'n Beginsel van ouer liberalisme en meer onlangse konserwatisme sluit aan by die opvattings van laissez-faire en van eie belang. Nie-inmenging by die staat wat betref ekonomiese sake word vereis, en dit word aangeneem dat eie belang van alle indiwidue bydra tot die openbare welsyn.

*Twee.* Die nuwe liberalisme sowel as sosialisme bevestig die *rule of the state*. Die selfbelang van die staat lei tot die hoogste goed, omdat die staat die welsyn van al die onderdane op die hart dra. Daarom is wetgewing nodig om eerlike mate en gewigte af te dwing. In *Een.* hier bo is daar geen beskerming vir die mens en die samelewing p.473. teen die sonde en hebsugtigheid in die mens nie. In *Twee.* is daar geen beskerming teen die mag en verdorwenheid van die staat nie.

*Drie.* Bybelse reg verklaar die regering van God en Sy wet. Die selfbelang van God is alleen die ware grond van wet en orde. God is alleen heilig, regverdig en goed, en wyslik verorden Hy en regeer alle dinge. Slegs soos die mensdom verlos word en hulle onderwerp, deur genade of dwang, aan God se regsorde, kan daar geregtigheid wees. Waar God se wet nie gerespekteer word nie, daar kan nòg die mens se selfbelang, nòg die staat se selfbelang die maatskaplike orde onderhou. Ps. 127:1.

## 6. Woeker.

Daar word min wette so misverstaan as die woekerwette van die Bybel. Die woord *woeker* self bemoeilik die saak. Dit verwys nie na woekerrente in die Bybel nie, maar na hoegenaamd enige rente. Eks. 22:2-27; Lev.25:35-38; Deut. 23:19, 20.

*Een.* In twee van die stellings in bogenoemde gedeeltes van die wet, word dit spesifiek gestel dat die wet verwys na die armes, en veral na arm medegelowiges en verbondslede. Deuteronomium is gedeeltelik 'n opsomming van die hele wet en verwys na dieselfde feit. Hierdie punt is p.474. baie belangrik, omdat 'n groot deel van die misverstaan van hierdie wet voortspruit uit die verkeerde uitleg van die woord "broeder". Calvyn het hierdie broederskap-opvatting verander. Hy het duidelik besef dat die wet nie rente verbied het nie, maar eerder hulp aan die arm verdienstelike broer gebied het. Calvyn het niks gehou van rente of van geldlenery nie. Hy het gesê dat hy 'n wêreld daarsonder verkies, "maar ek durf dit nie waag om op so 'n belangrike punt meer te sê as wat God se Woord sê nie." p.476. Ons word gedurig deur beide konserwatiewes en sosialiste vertel dat internasionale bankiers en die "geldmag" besig is met 'n sameswering teen die mensdom. Daar was nog geen bewys hiervan gelewer nie. Hierdie gewoonte om ander te veroordeel vir ons eie sondes is diep ingebed in die westerse mens as gevolg van hierdie vyandskap teen die uitleen van geld. Dit was ook vrugbare grond vir anti-Semitisme.

*Twee.* Die aard van die lening aan die arme verdien noukeurige oorweging. Eks. 22:25-27; Amos 2:6; Lev. 25:26; Deut. 24:6, 17. p.477. Lev. 25:35-38; Deut. 23:19, 20. Indien 'n arm medegelowige, wat in diens is van 'n gegoede gelowige, in finansiële nood verkeer as gevolg

van 'n krisis, moet hy dieselfde gasvryheid ontvang wat 'n vreemdeling of 'n reisiger moet ontvang. Die liefdadigheid moet dus welwillend wees, en die lening rentevry. Dit is aanbevelenswaardig wanneer 'n ryk man aan arm medegelowiges leen sonder om rente te vra, maar dit is dan 'n daad van vrywillige liefdadigheid, terwyl die wet soos in Levitikus bewoord, dit duidelik maak dat hierdie liefdadigheid verpligtend is teenoor werknemers. Geen ryk gelowige is in staat daartoe om aan elke hulpbehoewende medegelowige te leen nie. Hy is egter in staat daartoe om diegene in sy diens te help. Sy verantwoordelikheid hier is om aan hul lenings te gee sonder om rente te vra met hulle vergoeding as sekuriteit, en om noodlenings te voorsien in tye van krisis. Die verbod teen rente is dus beperk tot 'n spesifieke soort saak, en dit behels meer as 'n verbod, daarin dat dit 'n daadwerklike verpligting teenoor diegene onder ons gesag vereis.

*Drie.* Terwyl liefdadigheid duidelik die doel van hierdie wet is, moet liefdadigheid nie verwar word met 'n geskenk, 'n verlies, of dwaasheid nie. 'n Waarborg of sekuriteit kan vereis word, maar dit is nie nodig nie. Die vereiste van 'n waarborg was 'n beskerming teen onverantwoordelikheid aan die kant van die behoeftige werker. Indien die werker betroubaar was, sou die werkgewer nie 'n waarborg gevra het nie. Die liefdadigheid in hierdie geval is dus die geskenk van die rente, nie van die lening nie.

Die aanklag teen rente vra in die profete is aanklagte teen lenings aan werkers teen rente, sodat hul klein stukkies land onteien kan word. In Ps. 15:5 word sulke rente gekoppel aan p.478. die neem van 'n "omkoopgeskenk teen die arme", dus omkopery. Spr. 28:8: Die mens wat rente vra van sy arm werknemers wat gelowiges is, sal uiteindelik deur God geoordeel word, en sy rykdom sal gegee word aan diegene wat meegevoel het met hul arm broeders. Jer. 15:10; Eseg. 22:12; 18:13; Neh.5:1-13. Jesus het na dieselfde soort lening sonder rente verwys in Lukas 6:34, 35. Sy goedkeuring van rente op kommersiële lenings is baie duidelik in Lukas 19:22 en Matt. 25:27. Unger se stelling: Ps.15:5; Jer. 15:10; Spr. 28:8, verder Lev. 25:36; Eseg. 18:8, 13, 17; Neh. 5:3-13; Luk. 6:30, 35; Matt. 25:27; Luk. 19:23. Daar is geen gronde om onse Here se stellings 'n nuwe wet van liefde en verdraagsaamheid te noem, wanneer dit niks anders is as 'n opsomming van die wet van die Ou Testament nie.

*Vier.* Rente word toegelaat op kommersiële lenings. Al sodanige lenings is onder die beperking van die sabbatswet, dus die lengte van die lening is beperk tot ses jaar. Deut. 15:1-6. p.479. Kort termyn lenings is die enigste wat toegelaat word. Geen Godvresende mens het die reg om sy toekoms onbepaald onder verband te bring nie; sy lewe behoort aan God en kan nie aan mense verpand word nie. Dus moet elke soort skuld deur gelowiges aangegaan, sy dit vir liefdadigheid of vir sakeredes, korttermynskuld wees. In sy diepste wese is die sabbat *rus* eerder as *aanbidding*, en basies tot die sabbatsrus is om skuldvry te leef. Langtermynskuld is duidelik 'n oortreding van die sabbat, en baie kerke wat voorgee om getroue onderhouers van die sabbat te wees, is hier flagrante verbrekers van die sabbatswet. Die normale lewe van die verbondsmens is om skuldvry te wees, om niemand iets te skuld nie anders as die verpligting om aan hom eer, vrees, en tol te betaal soos nodig, en om aan hom daardie soort liefde te bewys wat die vervulling is van die wet. Rom. 13:7-8. Indien hierdie en al die ander wette onderhou word, sal daar "geen armes" onder die volk van God wees nie. Dit is 'n besliste en ongekwalifiseerde stelling; dit voorveronderstel dat die godvresende mens die wet kan onderhou tot daardie mate wat nodig is om die seën te kan ontvang.

*Vyf.* Die ongelowige word uitgesluit van die liefdadigheid wat deur hierdie wet vereis word, beide wat betref rentevrye lenings en die beëindiging van hierdie skuld in die sabbatsjaar. Die godvresende mense is van nature vry mense; in tye van swaarkry, het hulle verligting nodig om hulle vryheid te herwin. Vryheid kan nie gegee word aan 'n man wat slawerny liefhet nie, en dit is dwaasheid om dit te probeer doen deur middel van geld. Wedergeboorte is sy enigste oplossing.

*Ses.* Deur hulle verlossing uit Egipte aan te haal, het God die Volk herinner daaraan dat die doel van Sy wet is om die mens te verlos tot vryheid, net soos Hy hulle verlos het uit die slawerny van Egipte tot vryheid. Die doel van die wette wat gaan oor rente, en die doel van die hele wet, is die mens se vryheid onder God. Om te praat van om verlos te word van die wet, is om te praat van om verlos te word van vryheid. Die wet kan nie vryheid wees vir die sondaar nie, maar eerder 'n oordeel van doodstraf omdat hy dit nie kon onderhou nie. Die wetsverbreker is 'n mens in slawerny van sy sonde, 'n man vir wie dit nie moontlik is om in terme van vryheid te leef nie. Die wet is dus 'n aanhoudende aanklag en 'n doodstraf vir hom, daarin dat dit sy onvermoë onderstreep om homself te regeer: "Dit wat ek haat, dit doen ek". Rom. 7:15. Vir die verloste is die wet egter die weg na vryheid.

*Sewe.* Die waarborg was, soos ons gesien het, 'n pand of 'n deposito gegee as sekuriteit vir skuld. p.480. Sekere soorte waarborge was verbode: *Eerstens*, Deut. 24:6; *tweedens*, Deut. 24:17, 18; en *derdens*, Deut. 24:10-13. Die waarborg kon nie enigiets insluit wat nodig is vir die lener se werk of lewe nie, sy vryheid nie. Die waardigheid van die lener mag nie aangetas of vernietig word nie. Die aakligheid van vernederende waarborge word uitgedruk in Job 24:9, 10. 3. Die verpligting van die lener: Geen mens het die reg om daardie dinge wat basies is tot sy bestaan of sy vryheid te waag nie, ook nie om te leen teen daardie dinge nie.

*Agt.* Om na te laat om 'n waarborg of pand terug te gee wanneer betaling gemaak word, is diefstal; en dit word gelyk gestel aan heidense aanbidding, egbreuk, diefstal en moord, die vra van rente van 'n arm medegelowige. Eseg. 18:10-13: Esegiël het hier in gedagte p.481. die komende val van Jerusalem, maar tog haal hy God se basiese oordeel aan oor almal wat nalaat om waarborge terug te betaal. Statisme aanvaar dat die wet van die staat, eerder as God se wederbarende krag, die beginsel van vryheid is. Gevolglik maak dit wette teen die Bybelse wet. Moderne "burgerlike vryheid" en "burgerregte" wetgewing vereis die gelykstelling van alle mense, sodat die werkgewer nie sy medegelowiges in diens kan neem of bevoordeel bo ongelowiges nie. Die eindresultaat is die verslawing van alle mense aan die staat; die behoefte aan liefdadigheid bly, maar die staat maak homself nou die bron van liefdadigheid, en die regter wat besluit oor wie dit sal ontvang. 'n Onpersoonlike en politieke toets vervang die toets van die geloof.

## 7. Verantwoordelikheid.

'n Belangrike aspek van die Bybelse wet is die leer van verantwoordelikheid. Eks. 21:28-32: Diere word ook verantwoordelik gehou. So ook die eienaar van die os – indien die os se vroeëre gedrag gewys het dat hy gevaarlik was. Deut. 25:4; 1 Kor.9:9; 1 Tim. 5:18.

*Eerstens,* indien 'n man verantwoordelik is vir die gedrag van 'n os, is hy sekerlik ook verantwoordelik vir die gedrag van 'n misdadige seun, as "hy hom nie opgepas het nie".

*Tweedens,* die verantwoordelikheid van die ouer ontneem die kind nie sy verantwoordelikheid nie. Die grootste verantwoordelikheid is altyd die van handelende party.

*Derdens,* oortreding wat 'n sekere punt te bowe gaan, beëindig verantwoordelikheid. Deut.21:18-21 – die ouers se verantwoordelikheid om hul seun te onderhou en hom te beskerm, is beëindig deur hul seun se misdaad. Die verantwoordelikheid van p.482. ouers vir 'n kind word beëindig wanneer daardie kind weier om hom te onderwerp aan godvresende gesag en dissipline van die ouers. Dieselfde geld vir die verantwoordelikheid van kinders vir hulle ouers. Geduldige verdraagsaamheid van 'n ouer se god-onterende gedrag is nie godvererend nie. 'n Ouer moet hul kinders en skoonkinders se geloof, outoriteit en dissipline respekteer. p.483.

*Vierdens,* indien verantwoordelikheid aanhou, verder as hierdie punt, word dit *diefstal* – onvoorwaardelike eer en diens kom slegs God toe, nie die mens nie. Rom. 13:7. Geen verhouding tussen mens en mens kan verabsoluteer word nie. Ons het geen absolute band wat ons onvoorwaardelik aan enige mens bind, nóg om hom te gehoorsaam, nóg om hom lief te hê nie. Die huwelik word tot niet verklaar deur sekere oortredings. Die ouers se plig teenoor hul kind word tot niet gemaak deur sy geharde misdadigheid. Die kind se plig teenoor die ouer word beperk deur sy gehoorsaamheid aan God en sy voorafgaande onderhouding van God se regsorde. In elke menslike verhouding is die enigste absolute, God se wet, nie die mens se verhouding nie.

*Vyfdens,* nie alleen behels die verabsolutering van 'n menslike verhouding diefstal nie, daarin dat die toegeeflikheid teenoor 'n misdadige familielid of lid van die samelewing die berowing van 'n ander is nie, maar dit beteken diefstal teenoor God sowel as teenoor die mens. *Dit is 'n verbreking van God se regsorde om toegeeflik te wees teenoor boosheid.* Die moderne mens is vyandig teenoor verantwoordelikheid; hy vervang verantwoordelikheid met sensitiwiteit – bewus wees van menslikheid. 'n Wêreld sonder verantwoordelikheid is 'n wêreld van die dooies. p.484.

## 8. Om vryheid te steel.

Eks. 20:15, vgl. Gen. 40:15; Eks. 21:16; Deut. 24:7. Gebooie ses tot tien het te doen met die mens se verhouding tot die mens; hulle is persoonlik. Die agste gebod kan dus p.485. uitgebrei word om te lees: "Jy mag nie 'n ander mens se vryheid steel deur met geweld sy persoon of sy eiendom in slawerny te laat kom nie." Die doel van die mens se bestaan is dat die mens gesag moet uitoefen oor die aarde volgens die roeping van God. Hierdie plig behels die herstel van 'n gebroke orde deur regstelling. Om 'n mens te skaak en in slawerny te laat beland is om hom van sy vryheid te beroof. 'n Gelowige mag nie 'n slaaf word nie. 1 Kor. 7:23; Gal. 5:1. Sommige mense is van nature slawe; slawerny is vrywillig, en 'n ontevrede slaaf kon wegloop en nie gedwing word om terug te gaan nie, en ander mense mag hom nie oorgee aan sy baas nie. Deut. 23:15, 16. Dit het 'n bietjie vryheid aan die kant van slawe veronderstel, en 'n plig van regverdige behandeling deur hulle base. Pred. 42:1, 5; 7:21; 33:24-28; Kol. 4:1.

Die doel van vryheid is dat die mens gesag moet uitoefen en die aarde moet onderwerp aan God. Die mens wat sy vryheid misbruik om te steel, kan as slaaf verkoop word om sy vergoeding uit te werk; Eks. 22:3. indien hy nie sy vryheid gebruik vir die regte doel nie – godvresende oorheersing, heropbou - dan moet hy sy vergoeding uitwerk as slaaf.

Menseroof is met die dood gestraf. Eks. 21:16; Deut. 24:7. Sekere dinge word duidelik uit hierdie twee wette:

*Een.* Eks.21:16 het die ontvoering van enige mens verbied. Deut. 24:7 het die ontvoering van die Israeliete verbied.

*Twee.* Om slawe te verkoop, is verbied. Deut. 23:15, 16. In Israel kon daar nie 'n slawemark bestaan nie. p.486. Die man wat as slaaf sy restitusie uitgewerk het, mog nie wegloop nie. Dit sou van hom 'n gewoontemisdadiger maak en die doodstraf kon laat kry.

*Drie.* Die doodstraf was verpligtend vir ontvoering. Die wet het nie betrekking op gevangeneming gedurende oorlog nie.

*Vier.* Deut. 24:7 verbied dat enige mens deur enige ander mens gesteel mag word wat hom dan "hard behandel of verkoop". Die betekenis hiervan is wreedheid, of wrede behandeling; dit verwys na verontmensliking, brutale behandeling van 'n mens. 'n Mens moet te alle tye as mens behandel word. Deut. 21:10-14.

Eiendom is basies tot die mens se vryheid. 'n Tirannieke staat beperk altyd 'n mens se gebruik van sy eiendom, belas dit, of konfiskeer sy eiendom as 'n effektiewe manier om 'n mens in slawerny te plaas sonder om sy persoon aan te raak.

p.487. Nóg die staat, nóg enige indiwidu het die reg om hierdie wet te oortree. Die staat oortree hierdie wet nie slegs deur konfiskering, manipulering van geld, en deur belasting nie, maar ook deur enige inkorting van Bybelse geloof en opvoeding. Staatsgesubsidieerde en -beheerde onderwys is diefstal, nie slegs deur die staat se belastingplan nie, maar ook deur sy

vernietiging van die openbare karakter, sodat 'n godvresende samelewing verander word in 'n rowerspelonk.

Die verlies aan sy samelewing se openbare karakter beroof elke godvresende mens van aansienlike vrede en sekuriteit. Die staat kan van hierdie diefstal aangekla word, sowel as van sy antichristelike skole. p.488. Deur hulle vernietiging van godvresende opvoeding en Bybelse reg, het die nasies hulle mense beroof van vryheid, en deur hulle afvalligheid het die mense hulleself hul vryheid ontsê. Ps.127:1. 'n Mens is vry indien sy persoon sowel as sy besittings onder sy eie beheer is.

## 9. Grenspale en Land.

Deut. 19:14; 27:17; Spr. 22:28; 23:10; Job 24:2.

p.489. Die verwydering van grenspale is 'n dubbele misdaad: Diefstal, sowel as valse getuienis. Omdat die wet 'n eenheid is, is die oortreding van een wet ook 'n oortreding van die hele wet. Jak. 2:10. Hierdie misdaad behels die oortreding van die agste en die negende gebod, en ook van die tiende, om jou naaste se grond te begeer. Misdaad teen die grond kan ook beteken dat die vierde gebod verbreek word, die sabbatsgebod, sowel as die sesde, "Jy mag nie doodslaan nie."

Grondbesitwette is 'n belangrike aspek van die Bybelse wetgewing. Die aarde bly heilig aan die Here. Lev. 25:23. Selfs die heidene is aanspreeklik teenoor God vir die sorg van die grond en vir die tiende. Omdat die mens geroepe is om oor die aarde te heers, het die rabbi's erken, die twee basiese areas vir die uitoefen van gesag is in die gesin en in verhouding tot die aarde. Die mens se verpligting hier is bindend op alle mense. Die wette wat te doen het met die grond het 'n sabbatsrus vir die aarde vereis. Eks. 23:10; Lev. 25:1-11. Die ware betekenis van die sabbat is rus eerder as aanbidding, en 'n rus vir die grond self sodat die aarde nuwe lewe gegee kan word. Om die grond sy sabbatsrus te ontneem, is om die aarde te beroof van wat hom toekom.

Die betekenis van Lev. 25:23-28:

*Een.* Verkope was in werklikheid verhurings, omdat niemand die reg gehad het om die Here se grond te ontvreem nie.

*Twee.* Indien 'n man sou verarm en sy grond "verkoop", kon sy familie sy grond los en dit dadelik aan hom teruggee. Lev. 25:25, 48, 49.

*Drie.* Indien die grondeienaar geen verwante het wat in staat is om sy grond te los nie, en hy genoeg verdien het om dit self te doen, kon hy die jare bereken wat oorbly tot die jubeljaar en die koper betaal vir die jare wat nog oorbly. Lev. 25:26, 27.

*Vier.* Indien die eienaar geen geld het om die grond terug te koop nie, moet dit buitendien na die sewe sabbatsjare, in die jubeljaar, na hom toe teruggaan. Lev. 25:28.

*Vyf.* God het dit duidelik gemaak dat die Israeliete "vreemdelinge en bywoners" was in hulle eie land; God was die eienaar, p.491. Hulle status was dieselfde as toe hul in Egipte gewoon het: hulle het daar gewoon met die Here se goedkeuring en op Sy voorwaardes.

*Ses.* Dorpshuise kon permanent vervreem of verkoop word. Omdat dit deur mense gebou is, kon hierdie eiendomme vrylik oorgedra word. Lev. 25:29-34.

*Sewe.* Dit was skynbaar moontlik om die grond permanent te verkoop indien dit aan 'n familielid verkoop is, indien Jer. 32:7 en 8 enige indikasie was. Israel het 'n plattelandse konserwatisme gehad, vergelykbaar met die van die Europese boer. Die Heilige land was God se troonarea en dus nie te koop nie. Aan die ander kant is God se eienaarskap van die geheel basies tot p.492. Bybelse reg, sodat die troonregte baie duidelik oor elke deel van die aarde reik. Die Troon is egter nou in die hemel, wat die volle onveranderlike status het wat eens van Kanaän vereis is. Vanselfsprekend kan die grond nou verkoop word.

Net so vanselfsprekend bedoel God dat grondwette stabiliteit aan 'n samelewing gee. Die afwesigheid van enige grond- en eiendomsbelasting in die Bybelse reg beskerm definitief langdurige eienaarskap, terwyl moderne belastingwette eienaarskap vernietig. Eiendomsbelasting is 'n manier om eiendom te vernietig en is 'n vorm van diefstal. Beide die belastingmag en die hoogste gesag is onbybels. "Eminent domain" is 'n goddelike reg. Dit behoort aan God alleen. Die "reg" van die staat op hoogste gesag het geen plek in die Bybelse reg nie. Die staat het die plig om die mens en sy eiendom te beskerm, maar nie om dit te belas of te konfiskeer nie.

Opsommend: Bybelse belastingwette met verwysing na die eienaarskap van grond: die basiese belasting was die volkstelling-belasting of kopbelasting, Eks. 30:11-16, wat dieselfde vir alle mans moes wees van 20 jaar en ouer. Hierdie belasting is geïn deur die burgerlike owerhede vir die onderhoud van die burgerlike orde, om aan alle mans 'n dekking of versoening te voorsien van burgerlike geregtigheid. p.493. Die tiende het voorsien in die maatskaplike behoeftes van die gemeenskap, opvoeding, ens. Eks. 9:29, ens. Grondbelasting neem God se regte oor en is onwettig. Bybelse reg verseker die veiligheid van die mens in sy eiendom.

## 10. Die Maagdelike Geboorte en Eiendom.

Diegene wat die materiële wêreld verontagsaam word wetsteenstaanders. Moderniste bevestig die stoflike wêreld en verwerp ook die wet.

Die aankondiging, Luk. 1:26-38, verklaar dat Jesus die troon van sy vader Dawid sou ontvang. Luk. 1:32, 33. Dat die verklaring hiervan 'n geestelike en ewigheidsbetekenis het, kan ten volle toegegee word en moet ook. Maar dit is geen rede vir die uitsluiting van 'n heenwysing na tyd en geskiedenis nie. Dit is duidelik dat Jesus heer en meester van die nasies sal wees volgens messiaanse profesie. Hy kom as Soewereine Heer om Sy koninkryk, Sy eiendom op te eis. Luk. 1:45-56. Maria se lofpsalm is eenvoudig 'n vreugdevolle aanhaling van die Ou Testamentiese profesieë oor die onderwerp.

p.494. Die maagd Maria het die omvergooi van die heerskappy van sonde oor die mens en die geskiedenis besing. Luk. 1:50-55. Dit is baie ooglopend dat Maria bedoel het dat die geskiedenis 'n magtige omkering van dinge sou sien as gevolg van haar Seun se geboorte. Al hierdie dinge sou gebeur in vervulling van die profesieë gegee aan die aardsvaders en die profete dat, deur die saad van Abraham en van Dawid, die Israel van God die hele stoflike aarde sou besit. Om te sê dat Maria dit geglo het, maar dat 'n geestelike vervulling eintlik bedoel was deur God, is om te speel met die Skrif. Òf die Skrif bedoel wat dit sê òf dit beteken niks nie.

Die betekenis hier is:

*Een.* Die aarde is die eiendom van die Messiaanse Koning, Jesus Christus, die ware Seun van God sowel as die koninklike Seun van Dawid.

*Twee.* Hierdie Koning het die reg van absolute oorheersing en kan doen wat Hy wil met p.495. Sy eiendom. Matt. 21:43. Die doel van Sy koms is om die huidige wêreldleierskap te ontsetel en om sy koninkryk aan Sy volk te gee.

*Drie.* Dit beteken dat die volk van God hierdie koninkryk moet verwag, sy wette moet afdwing, en getrou moet wees aan die skeppingsmandaat om die aarde te onderwerp en daaroor te heers. Gen. 1:26-28.

*Vier.* Die Loflied van Maria voorspel helder en duidelik die totale oorwinning van Jesus Christus en die omvergooi van die koninkryk van die mens. Die goddeloses sal openlik tot skande gemaak en uitgedryf word, en die volk van God net so openlik gelei word na mag en oorwinning. Israel, die verbondsvolk van God, sal volle gesag ontvang. Die Lofsang van Maria bevat profesie en is profesie. Dit herbevestig Ou Testamentiese profesie. Dit is nie Maria-verering om reg te laat geskied aan die Skrif nie.

*Vyf.* Die wet, "Jy mag nie steel nie", beteken ook dat 'n mens God nie van Sy regte of van Sy eiendom mag beroof nie. God het die diewe uit Sy wingerd gegooi, Matt. 21:33-44, en sy vyande tot stof vergruis. Die maagdelike geboorte is dus die bevestiging van God se gebod en 'n nadruklike bevestiging van God se eiendomsreg *oor die mens* en die aarde. Hierdie wonderwerk basuin die note van oorwinning en herstel uit.

## 11. Bedrog.

p.496. Lev. 19:13; Lukas 3:14; Deut. 24:14,15; Jer. 22:13; Mal. 3:5; Jak. 5:4. Goedhartige versorging van die arbeider. p.497. Om nie op die bestemde tyd te betaal nie, was 'n kriminele daad: dit was bedrog. Baie van die doelwitte wat die liberales van ons dag nastreef, vorm deel van die Mosaïese wet, maar met 'n insiggewende verskil. Bybelse reg vereis die regverdige behandeling van die arbeider; dit verbied bedrog in voedsel, mate, geld, en aptekersware.

Dit vereis grondbewaring, en nog vele meer, maar *nie* deur administratiewe agente nie. Deurdat burgerlike reg Bybelse reg vervang het, mag mense benadeel word en hulle lewens verkort word deur gevaarlike medisynes en sproeie, en daar bestaan geen misdaad tensy die statute hierdie spesifieke oortreding dek nie. Die kombinasie van statutereg en administrasiereg het onderdrukking geskep, waar die algemene reg van die Skrif aan die mens 'n beginsel van reg en 'n basis vir die openbare verstaan van die wet gee.

Dit is moontlik om ons naaste op verskeie maniere te beroof. Die huidige ontduiking van patentwette deur regtelik en administratiewe interpretasies is 'n groot bedreiging vir toekomstige vooruitgang. Kopieregwette berus ook op die veronderstelling dat 'n mens eiendomsreg het op sy geskrewe werke. Wettige en onwettige afpersing neig om hand aan hand te gaan.

p.498. Wanneer mense hulself oorgegee het aan wetteloosheid, sal hulle samelewing wetteloos wees, asook al hulle wette en howe. Wette wat teen die armes diskrimineer omdat hulle arm is, of teen die rykes omdat hulle ryk is, is wette van afpersing. Wette wat poog om mense se inkomste gelyk te maak, is wette van afpersing.

Die doel van hierdie wet is om reg te spreek teen die verskillende vorms van gewettigde diefstal wat so dikwels saamgaan met die beheer van die staat deur een groep of die ander. Spr. 22:22, 23; 28:24; Jes. 17:14; Jer. 17:11.

Moderne burgerlike reg voorsien slegs burgerlike afdwinging. Bybelse reg vereis burgerlike afdwinging **en** verklaar die sekerheid van die uiteindelike goddelike oordeel in die teenswoordige tyd vir die nalaat van afdwinging van Sy wette. Bybelse kriminele reg is uiteindelike godsdienstige reg, en dit het twee howe in gedagte, die Godgegewe howe van die burgerlike orde, en die Hoogste Hof van die Almagtige God.

p.499. Bybelse reg is die Woord van God; dit verteenwoordig 'n uiteindelike orde wat in die tekstuur van die hele skepping ingeskryf is en in die hart van die mens. Dus is die juriestelsel geldig volgens Bybelse reg, omdat die besluit gemaak word volgens 'n fundamentele reg wat elke mens ken, of hy dit nou erken of nie. Burgerlike statute verteenwoordig slegs die wil van die staat, nie 'n objektiewe en absolute morele orde nie. Statutêre reg skep wetteloosheid, omdat die samelewing nie langer regeer word deur 'n absolute standaard van geregtigheid nie, maar eerder deur die magtigende wil van die staat. Soos gemagtigde geld, het gemagtigde wette geen ware substansie nie, en dit vernietig homself gou, en ook almal wat daarop steun. Dit is 'n vorm van bedrog.

## 12. Opperheerskappy.

Opperheerskappy is die eis tot soewereiniteit deur die staat oor alle eiendom binne die staat, en dit is die aanvaarding van die reg om alles of enige deel daarvan vir die staat toe te eien om te gebruik soos wat die staat dit nodig vind. Dit is 'n verklaring van soewereiniteit, en in die Skrif word hierdie reg aan God alleen toegeskryf. A.g.v. Sy reg van opperheerskappy, het God oordeel oor Egipte gebring. Eks.9:29. Omrede Sy reg op opperheerskappy, het God bowendien Sy wet van Sy koninkryk aan Israel gegee en verklaar dat dit gegeld het vir die hele aarde en vir alle volke, "want die aarde is Myne." Eks. 19:5. Die bevestiging van hierdie verklaring word weer gemaak in Deut. 10:12-14. Die feit van God se opperheerskappy word in die Skrif gevier as die grondrede vir die vertroue van Sy volk. Ps. 24:1; 50:12; 1 Kor.10:26, 28; ens. Die opperheerskappy van die staat is nie in Israel erken nie, soos die insident van Nabot se wingerd duidelik maak, p.500. 1 Kon. 20, alhoewel dit geprofeteer is as een van die gevolge van afvalligheid van God die Koning. 1 Sam. 8:14. Dit word spesifiek verbied in Eseg. 46:18.

Die oorsprong van opperheerskappy is in die heidense koningskap. Die term: Grotius, 1625. Die konsep het nie by Grotius ontstaan nie, en dit het onder Christene van belang geword slegs soos wat die *natuurlike wet* denke onder Christene ontwikkel het. Omdat die filosofie van die natuurlike wet die uiteindelike reg binne die natuur vestig, daarom vestig die absolute mag ook binne die natuur, met die gevolg dat soewereiniteit ook as 'n tydelike gesag gesien word. Soewereiniteit in die teorie van die Natuurlike Wet beteken nie net 'n sekere vorm of kwaliteit van politieke gesag nie; dit beteken ook politieke gesag self.

p.501. Die Puriteinse tradisie het die woord opperheerskappy regtens slegs vir God gereserveer. Daar is dus geen "reg van heerskappy" ingebou in die konstitusie van die V.S.A. van 1787 – 1791 nie. In terme van hierdie aanspraak op soewereiniteit en op opperheerskappy, het geen konstitusie en geen wet enige geldigheid nie, omdat alle wetgewing herroep kan word deur die aanspraak van groter soewereine gesag van die staat. Geen wetgewing kan die burgers enige immuniteit gee teen 'n staat waarin die howe 'n leer van opperheerskappy handhaaf nie, waarin elke wet onderhewig is aan verwerping net waar die staat dit so mag besluit.

p.502. Slegs waar die absolute mag en reddende genade van die drie-enige God bevestig en aanvaar word, kan die eise van die staat, as sou die staat die bron van soewereiniteit en genade wees, uitgekalwe en vernietig word. Die aanvaarding van die soewereiniteit van die staat, 'n humanistiese konsep, het in die 18de en die 19de eeue tot 'n teen-verklaring, die soewereiniteit van die indiwidu, gelei, weer 'n humanistiese beginsel.

p.503. Die soewereiniteit van die staat staan teenoor die reg van die individu – anargisme van die indiwidu en 'n samelewing van anargisme, verteenwoordig ware orde. Anargisme en staatsbemoeiing is dus die twee kompeterende humanistiese eisers om die reg om natuurlike reg te verteenwoordig en om oppergesag te eis.

p.504. Anders as die natuurlike-wet- filosofieë, verklaar Bybelse reg die soewereiniteit van die drie-enige God en Sy alleenreg tot opperheerskappy. Alle eiendom word in trust gehou onder en in rentmeesterskap van God die Koning. Geen instelling kan enige prerogatief van God uitoefen, sonder om spesifiek afgevaardig te wees om dit te doen nie, binne die voorgeskrewe grense van die wet van God. Die staat is dus die ministerie van reg, nie die oorspronklike eienaar of die opperheer oor die land nie. Daarvolgens het die staat geen reg op opperheerskappy nie.

Tegnologie kan, indien dit van die staatsgesag bevry word gelyktydig van verskillende golflengtes en kanale gebruik maak van die radio en die televisie. 'n Ander soort van samelewing sal dan ontwikkel, sonder opperheerskappy. Daardie ontwikkeling is 'n tegnologiese saak.

## 13. Arbeidswette.

Lev. 1:13; Deut. 24:14, 15. Die eerste twee van hierdie wette verbied bedrog en verdrukking met verwysing na werksmense. Stipte betaling van lone word vereis. p.305.

*Een.* Alle werknemers of diegene in 'n bestuursposisie, moet hulle gesag met vriendelikheid, bedagsaamheid en genadig gebruik. Oortredings teenoor arbeid word kriminele oortredings gemaak. Kriminele reg beheer arbeidsverhoudings. Die nalaat van betaling van lone wat werkers toekom, is bedrog of diefstal, en moet as sulks vervolg word.

*Twee.* God verklaar dat Sy eie hooggeregshof die regte hof is vir appelle i.v.m. arbeid. Dit is duidelik 'n belofte van oordeel teen diewe onder werkgewers en teen 'n rowerstaat wat nie diefstal vervolg nie. Jer. 22:13; Mal. 3:5; Jak. 5:4.

*Drie.* Die eerlike behandeling van werksmense is nie 'n guns aan hulle bewys nie, p.506. maar 'n verpligting teenoor hulle. Rom.4:4. Die nalaat van die betaal van hierdie skuld is diefstal en moet as sodanig vervolg word.

*Vier.* Die eienaar van eiendom is die enigste heerser oor sy eiendom, en solank as wat hy eerlik is met sy werksmense, kan hy met sy eie doen wat hy wil. Matt. 20:15; Matt. 20:7. Die eienaar is in die skuld vir sover as wat dit die arbeid betref wat verrig is; beheer van sy geld en en sy eiendom gaan egter nie oor na sy werksman nie.

*Vyf.* Deut. 25:4; Matt. 10:10; Lukas 10:7; 1 Tim.5:17, 18. Daar kan geen gelyke betaling wees nie, omdat daar nie gelyke skuld is nie.

p.507. Die apostels en predikante het meer as 'n ekonomiese verhouding tot hulle wat deur hul bedien word; die verhouding is verseker nie een van liefdadigheid nie, maar dit is ook nie slegs ekonomies nie. Die wet noem die werker "jou naaste", wat 'n sosiale verhouding aandui, sowel as 'n ekonomiese een. 1 Kor. 3:8.

Bestaan daar 'n morele reg om te staak?

p.508. Baie sal teëstribbel dat, sonder staatsinmenging, die werknemer vry sal wees om sy werker te beroof. Dit beteken dat aangeneem kan word dat die wêreld nie onder God se Wet is nie; maar omdat dit onder God se wet is, bring diefstal uiteindelik die oordeel. Die poging om geweld te gebruik om 'n werkgewer te dwing om 'n onekonomiese salaris te betaal, is duidelik diefstal.

Baie werkgewers is bose mense, en baie werkers is bose mense. Nie een het die reg om die ander te beroof nie. Indien nie een besig is om 'n kriminele wet te oortree nie, dan het nie een van die twee die reg om die staat in te roep nie. Geen mens het die reg om te probeer om deur geweld 'n ander mens te bekeer of te hervorm nie.

p.509. Die wet, as 'n instrument, vereis geweld, en geweld kan slegs wettiglik gebruik word waar mense die kriminele wet oortree, waar hulle steel, dood maak, en dergelike dinge doen. Die wet kan die mens se gedrag beheer waar die wet oortree word, maar dit kan nie die hart van die mens verander nie. Die wet kan nie gebruik word om die eienaar sy eiendomsreg te ontneem nie. Ons kan saamstem dat 'n mens boos is, of dat hy onaangenaam is in die omgang, maar tensy hy die wet oortree, kan ons hom nie aanraak nie. Die wet moet ons toelaat om eiendom van 'n dief te verhaal, maar dit kan ons nie toelaat om van daardie dief te steel nie. Diefstal is diefstal, of ons nou van die rykes of van die armes steel, of van die middelklas.

'n Vakbondunie mag homself Christelik noem, maar as dit die basiese uitgangspunte van die arbeidersunies aanvaar, dan word hulle moreel gekompromitteer. Die mens is nie gelyk voor God nie; die feite van hemel en hel, uitverkiesing en verwerping, maak dit duidelik dat hulle nie gelyk is nie. Verder het 'n werkgewer die eiendomsreg om te verkies wie hy wil in terme van "kleur, geloof, ras of nasionale oorsprong." 'n Japannese Christelike kerk in Los Angeles het die reg om 'n Christelike Japannese Predikant te beroep.

p.510. *Vyf.* Die feit dat 'n werker arm is, gee hom nie meer reg om te steel as wat die werkgewer se mag hom die reg gee om die werker tekort te doen nie. Diefstal is nie die voorreg of reg van enige klas van mens nie.

## 14. Om God te beroof.

Elke misdaad is 'n oortreding teenoor God se regsorde, maar sekere dade word veral uitgesonder as besonder aanstootlik. Een van hulle is om na te laat om jou tiendes te gee, wat dieselfde is as om God te beroof. Mal. 3:8-12.

Oorsig oor die basiese wette in hierdie verband:

*Een.* Die basiese burgerlike (staats-) belasting in die Skrif, die enigste belasting, is die sensus- of die kopbelasting, wat deur elke man van 20 jaar en ouer betaal moet word. Eks. 30:11-16. Almal word vir dieselfde bedrag aangeslaan. Eks. 30:15. Almal het die reg op dieselfde geregtigheid, en betaal dus dieselfde belasting.

*Twee.* Geen mens mag sy eie toekoms belas deur skuld nie. Die lengte van die skuld is 6 jaar. Deut. 15:1-4. Geen mens durf sy toekoms verpand nie, omdat sy lewe aan God behoort.

*Drie.* Die tiende word van alle mans verwag. Lev. 27:30-32; 1 Kor. 9:12-14; Num. 18:21-28; Mal. 3:8-12; Spr. 3:9-10; 11:24 en verder; Matt. 23:23; Hebr.7:1-8. Tien persent van die gereelde tiende, wat tien persent van 'n mens se inkomste is, Deut. 14:22, is aan die priesters gegee – hulle het tien persent van die tiendes ontvang. Num. 18:28. Dus was die Kerk se deel van die tiendes 'n fraksie van die totale tiende. Die armes se tiende, wat elke tweede jaar betaal is, Deut. 14:28; Amos 4:4. is om die beurt met die lofprysings tiende betaal, Deut. 14:22-26, in elke ses jaar siklus uit sewe. Dus het die saamgevoegde armes se tiende en die lofprysing tiende 'n gemiddeld van omtrent 15 persent per jaar uitgemaak, party sê 18 persent. 'n Deel van die gewone tiende het gegaan vir die levitiese diens van aanbidding, en musiek, en baie daarvan het gegaan vir algemene sosiale befondsing, dus vir godvererende onderwys en verskeie ander gekoppelde dienste.

Sonder die tiende ontwikkel daar p.511. al meer 'n totalitêre staat wat god speel oor die samelewing. Met die tiende word die regering van die gemeenskap herstel tot God deur Sy verordineerde belasting. 'n Verskeidenheid van agentskappe word geskep deur die tiende om te voorsien in die behoeftes van 'n godvresende samelewing en om die nodige sosiale finansiering te voorsien. Die tiende behoort nòg aan die kerk, nóg aan die staat: dit behoort aan God en moet deur die volk van God voorsien word aan diegene wat dit sal administreer onder God.

Ewing: Die tiende behoort nog altyd aan God. Matt. 22:21; Mark. 12:17; Lukas 20:25; Rom. 13:1-8. Ons moet die ekstra belasting van ons huidige regerings betaal as boete omdat ons nie

God se regering nasionaal oor ons aanvaar nie. Israel is hierteen gewaarsku toe hulle 'n koning verkies het bo God se regering. Hulle sou dit moes verdra dat die koning die tiende verkeerd gebruik. Sam. 8:11-18.

Met die oog op die radikale implikasies van die tiendes vir die samelewing, maak die nalaat van die kerk om die belangrikheid van die betekenis daarvan te leer, 'n vorm van die beroof van God uit net so seker as wat die nalaat van die betaling van die tiendes dit doen.

'n Ander manier om God te beroof is die nalaat om voorsiening te maak vir die nakom van die wet omtrent die af-oes van die lande. Volgens Lev. 19:9-11, is die skoon afoes van die lande verbode; "die arme en die vreemdeling" moet iets kan oes van die kante van die lande of van die bome en die wingerde. Hier het die Here weer 'n manier van maatskaplike welsyn voorsien waardeur die staat verby gegaan word. Moderne stedelike af-oes sluit die werk van die liefdadigheidsorganisasies in. Vantevore het dit die insameling van afval deur private instansies ingesluit. Private inisiatief het winsgewende gebruik daarvan gemaak, terwyl die meeste stede vandag daarvan 'n sosialistiese monopolie gemaak het, met die gevolg dat ons duur versamelde afval ophoop en dat dit groot probleme veroorsaak.

Die nalaat van die onderhouding van die sabbatsjare wat die grond betref, beteken nie net die beroof van die aarde van sy rus nie, maar ook dat God beroof word. Herstel is God se doel en die mens is geroepe om dit uit te voer, p.512. en nie om herstel te bemoeilik nie. Alle herstel sien uit na die tye van jubel. Die vroeë kerk het begryp dat die tiende belangrik is, daarin dat hul dit beskou het as 'n bindende wet wat wyer gestrek het as die kerk. Karel die Grote het die tiendes verpligtend gemaak vir alle burgers. Die bestaan van die tiendestelsel p.513. het die ontwikkeling van godsdiensordes en stigtings moontlik gemaak wat die onderneming van mediese sorg, opvoeding, welsyn, die borg van godsdienstige kuns en musiek, en 'n verskeidenheid van ander dienste moontlik gemaak het.

Die gee van tiendes het gefunksioneer waar beide die staat en die kerk die beginsel van die gee van tiendes erken het. Omdat dit 'n tiende aan die Here is, kan dit nie beperk word tot die kerk, of beheer word deur die staat nie, alhoewel albei die reg het om dit verpligtend te maak. Die tiende behoort aan die Here. 2 Kon. 4:42. Jy het die reg om dit te gee aan wie die Here die beste dien, eerder as aan 'n amptelike maar afvallige priesterdom. Die afname van die gee van die tiendes in die 19e en die 20ste eeue het gelei tot 'n verskeidenheid van metodes om geld in te samel vir die kerke, en 'n afname in Christelike maatskaplike finansiering. Die gevolge was 'n verskuiwing van mag na die staat, en ook die toename van belasting a.g.v. die gebrek aan maatskaplike finansiering. Sonder die herstel van die gee van die tiendes, kan daar geen herstel van 'n Christelike maatskaplike orde wees nie. Gesag kan ook dan nie herstel word na die Christelike mens onder God nie.

Deur die gee van tiendes te laat herleef, het die moderne kerk die raamwerk gepersonifieer. Dit het die beloftes van Maleagi 3:8-12 van toepassing gemaak op die indiwidu: hierdie beloftes verwys egter onweerlegbaar na 'n nasionale seën. Die tiende skep 'n radikaal verskillende samelewingsorde, en daarom word gepraat van 'n seën vir die volk, beide wat betref die gevolg van die gee van die tiendes en die resultaat van die guns van God. Die

moderne kerk roep op tot die gee van tiendes aan die kerk, 'n verkeerde siening wat onderwys uitskakel, gesondheid, welsyn, en vele meer van dit waarvoor die tiende bedoel is. Die "middeleeuse" kultuur het al hierdie dinge gesien as 'n funksie van die tiendes, en waar bestaande ordes nie God se gawes reg aangewend het nie, het nuwe ordes ontstaan om die tiendes te ontvang en te administreer. Die gevolg was natuurlik gegriefdheid by die gemeente se priesters, maar dit het ook 'n gesonder maatskaplike orde tot gevolg gehad.

p.514. Die moderne maatskaplike orde beroof God deur feitlik elke area van die lewe te vervreem van Sy jurisdiksie, van Sy verordineerde regering en sorg. Binne 'n geslag na die afskaffing van die wetlik verpligte gee van die tiendes in die Verenigde State, het die staatsondersteunde en staatsbeheerde skole tot stand gekom. 'n Nuwe sosiale orde het tot stand gekom met die afskaffing van die gee van die tiendes, en vinnige verhoging van belastings het gevolg, of anders gestel, die staat se dubbele en driedubbele tiendes en meer, om hierdie nuwe orde te bevorder.. Stigtings, vroeër 'n instrument van die Christelike tiendes, het humanistiese maatskaplike agentskappe geword met statistiese ideale. Die Stad van God is al meer vervang deur die Stad van die Mens. Die werklike heer van 'n orde is altyd die essensiële belastingeisende en belasting-ingarende gesag. Indien die kerk die belasting in, regeer die kerk die samelewing, indien die staat die belasting in, regeer die staat die samelewing. Indien die volk van God die tiendes gee aan godvresende agentskappe, dan regeer God in daardie samelewing. In die moderne wêreld is die opererende god die staat. 'n Eeu wat vandag God se orde verwerp en ook Sy Seun verwerp, is sekerlik vervloek met 'n vloek en bestem vir die oordeel.

## 15. Die gevangenis.

'n Konkordansie sal gou openbaar dat daar baie verwysings na gevangenisse in die Bybel is, maar geen verwysings daarna in die wet self is nie. Gevangenisse was deel van die Egiptiese lewe en wet, Gen. 39:20-23; 40:3, 5; 42:16, 19. maar nie van Israel onder die wet nie. Gedurende die woestynreise is daar twee verwysings na aanhouding, Lev.24:12; Num. 15:34. vir verhoorafwagtendes, maar daar is geen verwysing na gevangenisstraf nie. Onder die konings: 1 Kon. 22:27. p.515. Esra 7:26 verwys na Persiese eerder as Bybelse reg.

Die gevangenis verskyn in Bybelse reg slegs as 'n plek van aanhouding, in afwagting van 'n verhoor. Daar is geen direkte verwysing na gevangenisse nie. Die maniere waarop met kriminele gehandel is, was basies drievoudig:

*Een.* Die doodstraf is vereis vir moord en ook vir geharde misdadigers.

*Twee.* Vir alle ander oortredings het die wet regstelling vereis. In Bybelse reg is die doel nie straf nie, maar herstel, nie die oplegging van sekere boetes op kriminele nie, maar die herstel van 'n godvresende orde.

*Drie.* Waar misdadigers nie in staat was om te vergoed nie, is gedwonge arbeid vereis sodat die vereiste vergoeding uitgewerk kon word.

In Lev. 18:24-30 is daar 'n streng oproep tot geregtigheid gekoppel aan 'n waarskuwing. Sonde is 'n besoedeling van die mens en van die land: dit vernietig God se orde en gooi dit omver, en die gevolge daarvan is God se oordeel. Geregtigheid bou 'n land op en verhoog dit; dit is 'n herstel en 'n opbou, terwyl boosheid 'n land vernietig en 'n morele vakuum veroorsaak wat roep om veroordeling.

Die Westerse beskawing het begin as 'n ongelukkige kompromie tussen die Bybelse standaard van *vergoeding* en 'n grieks-romeinse en heidense kriminologie, wat, terwyl dit elemente van vergoeding het, swaar oorhel na *straf.* Die gevangenis het dus 'n plek in die Christendom as 'n aaklige basterkompromie.

p.516. Humanisme en gevangenisse – die geskiedenis.

p.517. Humanisme het sy kring voltooi. Dit het begin deur vergoeding te vervang met die gevangenisstelsel. En dit sluit nou af deur restitusie weer in te stel, deur te verwag dat die gemeenskap restitusie moet maak aan die krimineel vir veronderstelde verwaarlosing. Restitusie het weer die maatskaplike standaard geword, maar dit is 'n humanistiese restitusie wat in totale opposisie is tot God se orde.

Humanistiese restitusie is anti-wet daarin dat dit fundamenteel vyandig is teen enige konsep van 'n absolute reg, wat vervang word met die absolute persoon. Die resultaat is die einde van enige regsorde en dit is vervang met 'n regsgeleerde-orde.

Die gewone man (onder die puriteine) het die verpligting gehad om die wet te ken deur middel van die Bybel. Die juriestelsel is in Amerika ontwikkel tot 'n verreikende mag op die voor-veronderstelling van 'n Bybelse orde waarin elke burger die wet ken. Die vereiste dat jurielede gelowiges moes wees, was nie 'n kerklike vereiste nie, maar 'n staatsvereiste: die staat het mense benodig wat goed ingelig was oor Bybelse reg. Die juriestelsel was sterk so lank as wat die reg die skrif se algemene reg was, nie die esoteriese regsleer wat slegs aan 'n professionele klas bekend was nie.

p.518. Vgl. Japan: Slegs 10,000 lede van die Balie vir 'n bevolking van die helfte van die van Amerika,, teenoor Amerika se 340,000 lede van die Balie.

In 'n Christelike regsorde is "onkunde van die wet geen verskoning nie" omdat die wet 'n ope boek vir almal is, omdat dit Bybels van nature is en 'n algemene geloof en orde weergee. In die humanistiese regsgeleerde-regsordes, is onkunde van die wet onvermydelik, omdat duisende van statuut-wette wat geen uiteindelike morele regsorde het nie, gereeld aangeneem

word. Die regsgeleerde-orde, omdat dit vreemd aan die reg is, word 'n sosiale orde wat beheer word deur sosiale wetenskaplikes.

p.519. Humanistiese gevangenisse.

p.520. Omgewingsrestitusie.

p.521. Sonder God se morele onveranderlikes, is die mens uiteindelik nie in staat om die bose te beheer nie.

p.522. Die rigting van enige regsisteem sonder God is slegs afwaarts. Volgens Lev. 18:24-30 is elke afwyking van God se wet 'n besoedeling van die mens en 'n besoedeling van die land: dit is die basiese besoedeling van alle dinge. Die moderne gevangenissisteem is 'n belangrike aspek van die besoedeling van ons tyd.

## 16. Geoorloofde rykdom.

Die Westministerse Verkorte Kategismus:

Vraag 73. Wat is die agste gebod?

Antwoord: Jy mag nie steel nie.

Vraag 74: Wat word vereis in die agste gebod?

Antwoord: Die wettige verkryging en bevordering van rykdom en die uiterlike stand van onsself en andere.

Vraag 75: Wat word verbied in die agste gebod?

Antwoord: Alles wat ons eie of ons naaste se rykdom of uiterlike staat onregmatig mag verhinder.

Vraag 75 dui op die liefde vir plesier, dronkenskap, vraatsug en diefstal. Spr. 21:17; 22:20; 28:19; Ef. 4:28.

Kapitalisasie is die bymekaarmaak van rykdom, omsetting van arbeid, besparings, en vooruitbeplanning in tasbare werkende bates. Geen vooruitgang is moontlik sonder 'n sekere mate van kapitalisasie nie. Dit is 'n ernstige fout om te dink dat sosialisme en kommunisme gekant is teen kapitalisasie of kapitalisme; hul opponeer eenvoudig *private kapitalisme,* maar hulle toegewyde beleid is *staatskapitalisme.*

p.523. Staatskapitalisme is baie vol gebreke vir 'n hele aantal redes. Die belangrikste:

*Een.* Dit verteenwoordig <u>diefstal</u>. Die private kapitaal van die mense word onteien, net soos hul werk en spaargeld. Dit is dus 'n radikaal oneerlike kapitalisasie.

*Twee.* Vooruitbeplanning word losgemaak van werk en spaarsamigheid, d.i., die beplanners is nie diegene wat die werk doen en die opoffering maak nie. Die gevolg is dat die beplanners geen remmende invloed van onmiddellike gevolge op hulself ervaar nie. Staatskapitalisme is dus 'n manier van dekapitalisasie.

Private kapitaal word verkry deur werk, vererwing en skenking. (Ons laat private diefstal buite rekening.) Waar kriminele sindikate soos die Mafia met sake begin, doen hulle dit meedoënloos met die oog op wins en doeltreffendheid wat kortkom in staatskapitalisme. Geoorloofde rykdom is 'n rykdom wat na die mens toe kom soos wat hy hom hou by God se wet en deur werk, spaarsaamheid, en vooruitbeplanning toe te pas op sy aktiwiteite.

p.524. Deut. 8:11-20. Godvererende rykdom is 'n produk van verbondseëninge op werk, spaarsaamheid en vooruitbeplanning. Deut. 8:1. Rykdom kan 'n teken wees van God se guns en 'n bewys van verbondseëninge waar dit saamgaan met wettige manier van doen en godvererende geloof. Kapitalisasie is 'n produk van die gewilligheid om teenswoordige plesiere te ontbeer sodat rykdom versamel kan word vir toekomstige doeleindes.

Waar daar geen karakter is nie, is daar nie kapitalisasie nie maar eerder dekapitalisasie. Dit word altyd voorafgegaan deur 'n ineenstorting van geloof en karakter. Waar mense voel dat private geluk die mens se doel en eindpunt is, eerder as diens en die verheerliking van God, en om jou vreugde in Hom te vind, waar die mense geroepe voel om hulself te vervul, los van God, eerder as in Hom, daar is die samelewing 'n vinnige proses van dekapitalisasie.

Deut.8:1, 18: die doel van rykdom is die vestiging van God se verbond; Die mikpunt is dat die mens moet floreer in sy taak om die aarde te besit, om dit te onderwerp en daaroor te heers. Die *manier* waarop geoorloofde rykdom verkry moet word, is volgens die *verbonds*wet, die wet van God. Kapitalisasie is dus 'n radikale en 'n algehele taak. Waar die mens ook al sy superieure produktiwiteit vestig en rykdom bymekaarmaak, verheerlik hulle God daardeur. Rykdom self is goed en 'n seën van die Here. Dit is die vertroue in rykdom eerder as in God wat deur die Skrif veroordeel word. Ps. 49:6, 7; 2 Kron. 12:1; Spr. 18:11, vgl. 10:15.

p.525. Persoonlike restitusie is vroom, maar baie meer word verlang. Die mens moet die aarde herstel, 'n mens moet dit waarlik en geheel-en al die koninkryk van God maak, die domein maak waarin Sy wetwoord geleer word, gehoorsaam word en geëer word. Die mens moet rykdom verkry en dit tot die eer van God gebruik. Om egter geoorloofde rykdom te verkry, moet die mens God se wet ken en gehoorsaam. Godvererende rykdom moet met 'n goeie gewete verkry word en gebruik word; dit is die gelukkige gevolge van die verbond van God.

## 17. Restitusie aan God.

Lev. 5:14-16 en Num. 5:5-10. Verder: Eks. 28:38.

p.526. 'n Skuldoffer, vergoeding vir die bedrag van die tiende of die offer wat geskuld word, plus 'n vyfde van die bedrag daarby as boete, was die vereiste vergoeding.

Lev. 5:14-16 en ook Num. 5:6: Vroue het ook gestaan onder die wet van geringe oortredings wat onopsetlik begaan is. 'n Versoeningsoffer van die waarde van die skade plus 'n vyfde daarvan vir vergoeding. Indien die persoon aan wie vergoeding gedoen moet word, dood is of verdwyn het en geen familie het nie, moet vergoeding aan die priester gedoen word. Belydenis van skuld is vertroulik behandel en dit het die oortreder p.527. meer vrymoedigheid gegee om na vore te kom en skuld te bely.

Lev. 6:1-7 (Ram as skuldoffer aan die Here.) verwys na geringer oortredings wat doelbewus begaan is wat betref eiendom. Alhoewel sulke oortredings "geweld" genoem is, het Noth daarop gewys dat in die Hebreeus die konteks nie soseer diefstal met geweld of gewone diefstal is nie, maar dat dit eerder betrekking gehad het op 'n misleidende (geheime) manier om ander se eiendom te bekom.

In al drie hierdie wette kom sekere algemene regsbeginsels na vore:

*Een.* Restitusie moet aan God gedoen word. In Eks. 22:1-14 word die basiese wette van restitusie gegee. Hier is geen verwysing na 'n skuldoffer aan die Here soos wat ons dit vind in Lev. 5:14-16; 6:1-7 en Num. 5:5-10 nie, en ook nie na 'n sondoffer nie. Die algemene wette van offerandes het sulke offers aanvaar. Waarom word dit spesifiek aangehaal in die geval van hierdie wette? Die feit dat dit geringe oortredings was, gee vir ons die antwoord.

p.528. Die wet laat niemand toe om te vergeet dat die geringste oortreding ook 'n oortreding teenoor God is nie. Deur in hierdie gevalle restitusie aan God sowel as vergoeding en teruggawe van beskadigde en verkeerd gebruikte goedere te vereis, word die totale jurisdiksie van God bevestig, en ook dat die geringste verbreking van die regsorde ook 'n verbreking van God se orde is. Op elke punt moet God se orde herstel word.

*Twee.* In die geval van groter oortredings, sluit restitusie dubbele of vyfvoudige vergoeding in, waar dit hier slegs twintig persent is. In albei gevalle geld dieselfde beginsel, wat gedeeltelik behels dat alle wins verkry deur sonde verwyder moet word. Moderne humanistiese reg neig daartoe om misdaad winsgewend te maak, terwyl dit terselfdertyd sy belangrikheid in terme van morele reg verminder.

p.529. Saksiese reg het onmenslik teenoor misdadigers opgetree. Dit is strydig met die Bybelse reg waar herstel voorop staan, nie onderdrukking nie. Beide die doodstraf en restitusie in die Bybelse reg gaan oor geregtigheid, nie oor onderdrukking nie; die professionele misdadiger of moordenaar word tereggestel, sodat ongeregtigheid verwyder kan word en orde herstel kan word, en restitusie word gedoen vir ander oortredings sodat 'n godvererende en werkende maatskaplike orde weer tot stand kan kom, soos vereis in God se skeppingsmandaat.

*Drie.* Die vereiste dat restitusie in klein dingetjies gedoen moet word, is 'n Godgegewe wet wat sorg vir beter verhouding met jou naaste. Die moderne neiging is om klein dingetjies "oor

te sien", asof dit edel is om dit te doen. Die Bybelse beginsel is om die gebreekte item te vervang plus 'n vyfde van sy waarde as vergoeding. Rom. 13:10. Liefde is die vervulling van die wet. Die klein probleempies is so dikwels die belangrikste faktor in ons lewe.

*Vier.* Belydenis is 'n deel van die wet. Om restitusie te doen is 'n vorm van belydenis. Indien geen restitusie gedoen kan word nie, moet belydenis aan God gedoen word deur die priester, en restitusie aan die priester betaal word. Num. 5:5-10. Ware belydenis p.530. skep nie 'n bemiddelende institusie nie: dit onderhou slegs die soewereiniteit van God se wet en die nodige feit van restitusie.

Ware belydenis is restitusie. Vergifnis is 'n regsterm in die Bybel, en beteken dat aanklagte laat vaar word, omdat tevredenheid bereik is. Vergifnis beteken dus "tevredenheid" of restitusie. Belydenis is waardeloos, en vergifnis geld nie, waar restitusie nie gemaak is nie.

## 18. Die Regte van Vreemdelinge, Weduwees en Wese.

Eks. 22:21-24 en Lev. 19:33, 34. Hierdie wette praat van:

*Een. Vreemdelinge.* Die vreemdelinge waarna verwys word, is permanente inwoners van die gemeenskap. Hier word nie verwys na 'n reisiger wat deur die land reis nie: sulke mense word behandel volgens die gasvryheidswette. Hierdie wette verwys nie na sakemanne wat tydelik vir sake in die land is nie: sulke transaksies word gereël deur al die vereistes van eerlikheid en deur die verbod om te steel. Die term "vreemdeling" soos gebruik in Eks. 22:24 kan verwys na 'n vreemde inwoner van die land of 'n mede Israeliet wat in die gebied van 'n ander stam is, soos die Beërotiete wat in Gittaim gewoon het. 2 Sam. 4:3. J.C. Rylaarsdam: Die klassifikasie was volgens stamme en sosiaal, nie eerstens godsdienstig nie. Die wet word herhaal in Eks. 23:9. Israel word herinner aan die diskriminasie wat hulle ervaar het in p.531. Egipte en hul word gewaarsku daarteen om ander mense aan soortgelyke lyding bloot te stel. In Lev. 19:33, 34 is die verwysing ietwat meer beperk omdat dit oënskynlik verwys na die vreemdeling wat 'n gelowige geword het. Lev. 16:29; 17:8, 9; 22:10, 15; 18:26; 24:16-22. In die dae van Salomo was daar 153,000 "vreemdelinge" in Israel. Die wet spreek meer noukeurig en presies waar die verhoudings die naaste aangaan omdat dit makliker is om probleme te hê met iemand by jou as iemand ver van jou af.

*Twee.* Sulke mense moenie *getreiter*, onderdruk of veronreg word nie. Hierdie woord verwys na spesifieke aggressiewe en diskriminerende handelinge. Hierdie diskriminasie is 'n daad wat nie toegelaat word deur Gods Woord nie; dus kon eunugs nie gemeentelede word nie, alhoewel hul gelowiges kon word; basters en sekere Kanaäniete was vir 'n paar geslagte uitgesluit van lidmaatskap, (maar nie van geloof nie) as gevolg van die aard van hulle lae morele agtergrond. Deut. 23:1-6. Die diskriminasie wat verbode was, was die diskriminasie wat die mens self bepaal het. Israel is herinner aan hul eie ervaring in Egipte. Die kwaad in daardie ervaring was nie hul segregasie in die land Gosen nie: dit was 'n voorreg en voordeel. Die boosheid was geleë in die onderdrukking en in die verslawing, die wetlike diskriminasie teen hulle.

Juis omdat hierdie wet 'n wet is, daarom is dit beperk in omvang. Dit verlang geregtigheid vir die "vreemdeling". Die lewe in daardie dae was familie- en stamlewe. Alliansies en verhoudings is vasgestel deur bloed en deur die huwelik. Gasvryheid is geredelik aangebied, tot 'n verbasende mate, aan die deurreisende vreemdelinge, maar normaalweg was vriendskappe in 'n beperkte kring wat beheer is deur geloof en familie. Om hulle op te roep tot die moderne humanistiese samelewing met 'n ope verhouding tot alle mense, sou vir die Israeliete voorgekom het as die ergste mate van tirannie. Hierdie wet het geen sodanige herorganisasie van enige mens se private lewe vereis nie: dit het slegs geregtigheid vereis in die behandeling van alle mense.

Die geslote binnekring van die Bybelse samelewing het die ope buitekring moontlik gemaak. p.532. Abraham was bereid, volgens Bybelse manier, om verbygaande vreemdelinge te groet en te ontvang met elke moontlike welwillendheid. Gen. 18:1-8. Hy was gewillig om tot die redding van die Kanaänitiese konings te kom, sowel as om sy nefie, Lot, te red. Gen. 14. Indien Abraham slegs vir Lot wou red, kon hy hom net afgekoop het sonder enige risiko vir homself. 'n Man se huis was oop in die mate waarin hy gasvryheid bewys aan deurreisende vreemdelinge in nood, en sy verantwoordelikheid tot sy bure in 'n gemeenskaplike verdediging, was groot. Aan die ander kant, die binnekring by die huis was baie beperk. Abraham het nooit 'n naby vriend van die Kanaäniete geword nie, en hy het na Mesopotamië gestuur vir 'n bruid vir Isak, om 'n godvererende huwelik te verseker. Gen. 24. Dit moet dus besef word dat persoonlike vriendskap en kontakte streng beperk was in die Bybelse lewe en wet, in so 'n mate dat dit deur humaniste as onwettig beskou sou word, terwyl gasvryheid, hulpverlening aan bure, en 'n algemene wettige verdediging in Bybelse tyd vereis was soos wat dit vandag selde verwag word.

*Drie.* Daar moet op gelet word dat die oortreding van hierdie wet baie ernstig deur God beskou is. Hierdie wet teen verdrukking word in Eksodus direk langs wette teen verleiding, afgodery, en heksery geplaas. Eks. 22:16-20. Indien die wet diskrimineer teen die swakke omdat hy swak is, en teen die sterke omdat hy sterk is, dan hou die wet op om wet te wees en is dit 'n middel tot onderdrukking. Ware reg diskrimineer teenoor diegene wat kwaaddoeners is deur te poog om restitusie en/of die dood op hulle af te dwing, en dit is ten gunste van die wetsonderhouers, daarin dat dit hulle lewe en hulle eiendom beskerm en restitusie afdwing. Indien die lewe en eiendom van weduwees en wese nie beskerm word deur die burgerlike orde nie, dan het daardie orde wetteloos geword. Geen straf word aan hierdie wette gekoppel nie, omdat die wet hulle reeds noem: restitusie vir diefstal, dood vir verkragting ens.

p.533. *Vier.* Weduwees en wese word in hierdie wet saam met vreemdelinge ingedeel as hulpelose mense. In 'n baie eng sin, het nie een van hierdie groepe in die samelewing, ook nie enigiemand anders nie, as sodanig enige regte nie: wat hul wel in gemeen het, is 'n algemene wet wat alle wetsgehoorsame mense beskerm, en alle oortreders straf. Feit: die enigste ware reg van enige persoon is die wet van God. Die doel van die wetgewing wat behandel word, is om te wys dat die wet van God almal insluit: dit is die skuilplek van vreemdelinge en hulpelose mense. Waar ware reg nie bestaan nie, daar is daar ook geen reg nie; sonder die wet van God bestaan daar geen regte nie. Volumes vol wetgewing kan geen reg verskaf waar daar geen sin vir reg bestaan nie.

*Vyf.* 'n Orde sonder geregtigheid, is 'n orde wat onder die oordeel van God staan. Deut. 10:17-19. Waar die howe wetteloos is, moet geappelleer word na die Hoër Hof van God. Eks. 22:23. Daar moet geappelleer word, nie slegs vir verlossing nie, maar sodat geregtigheid sal geskied. Waar daar nie gepleit word om geregtigheid nie, word daar ook nie belanggestel in geregtigheid nie.

## 19. **Onreg as Rowery.**

p.534. Onreg deur howe en regters is 'n vorm van diefstal in 'n groot deel van die geskiedenis. Die diewe waarmee 'n mens te doen het, is dikwels aan albei kante van die regbank. Eks. 23:8; Lev. 19:15; Deut. 16: 19, 20. Die regter mag nie arm of ryk begunstig nie. Eks. 23:3, 6; Deut. 16:18-20; Eks. 18:21.

p.535. Daar word 'n baie belangrike punt in hierdie wette geopper: waar omkoopgeld by betrokke is, is die oortreding diè van die regter, nie diè van diegene wat omkoop nie. Die woord vir omkoop in Hebreeus is *kofer* – verlossing. Die verwysing is dus na betaling om los te koop. Die regter wat die omkoopgeld ontvang, skenk dus 'n valse of onverdiende vrykoping of verlossing aan 'n man wat veroordeel behoort te word.

In elke samelewing sal daar 'n aantal wetsverbrekers wees; daar is geen volmaakte samelewing moontlik aan hierdie kant van die hemel nie. Die sonde van omkopery word in die Bybel gemeld as die oortreding, nie van die omkoper nie, maar van die nemer van die omkoopgeskenk. (Die toegee aan versoeking.) Deur omkoopgeld te neem, maak die openbare beampte of die regter 'n dief van homself, en 'n dief se domein, van sy kantoor. Die dodelikste en gevaarlikste diewe is diegene wat binne die wet opereer, en veral as regsbeamptes. Die hele sosiale orde word dan verander in 'n instrument van boosheid.

Eks. 23:8 – 'n Omkoopgeskenk verblind 'n regter vir die reg. Deut. 16:19. Die regter moet nie die persoon raaksien nie, maar die saak. Die omkoopgeskenk draai dit anders om. Die regter is dan blind vir die saak en siên net die mens raak.

p.536. Matt. 7:12 – Die opsomming van die wet: Doen aan is ander soos wat jy aan jouself gedoen wil hê. Obad. 15; Rigters1:17; Ps.137:8; Eseg.35; 15; Joël 3:7, 8.

Josefus: "Indien enige regter omkoopgeskenke aanneem, is sy straf die dood." Waarom hierdie swaar straf vir 'n omkoopgeskenk van dalk slegs $50? Omdat die lewe van die gemeenskap op die spel is. Is 'n samelewing daarop ingestel om geregtigheid te bevorder in terme van die wet van God, of is dit 'n rowerorde en rowerregbank. Elke korrupte staatsamptenaar, en veral die regter, is skuldig daaraan dat hy sy amp gebruik om die fondamente van die samelewingsorde te vernietig, om die godvererende samelewing dood te maak, en om dit te vervang met 'n samelewing van beleefde en wettige diewe en moordenaars. Daarom vereis die beginsel wat inherent is aan die goue reël, "Daar sal aan jou gedoen word

soos wat jy aan ander gedoen het", sy dood. Eerstens en laastens, die grootste vorm van verraad teen enige burgerlike orde is om dit te vernietig as 'n verteenwoordiger van die reg. Onreg is dus nie net diefstal nie, dit is ook moord. Dit beroof die indiwidu en vermoor die sosiale orde. Calvyn was reg: "Hierdie soort van diefstal is die ergste van almal." Dit is ook miskien die een wat die meeste voorkom.

p.537. 'n Belangrike punt met betrekking tot hierdie wet is dat dit *siviele* reg is. Die onpartydigheid wat vereis word in die siviele howe is opmerklik verskillend van die partydigheid van besluite op ander terreine. Binne die gesin kan oordeel ligter èn strawwer wees, afhangend van die omstandigheid. Die gesin moet met die oortreder saamleef; dit kan strenger wees indien hul voel dis 'n hopelose saak, of meer toegeeflik indien hul voel die oortreder het sy les geleer. In die kerk, omdat die gelowiges lidmate van mekaar is, geld dieselfde. Hulle moet hul nie beroep op die onpartydigheid van die siviele howe nie, tensy die lidmaat weier om hom aan die kerklike dissipline te onderwerp. In daardie geval is hy 'n heiden en 'n tollenaar en word daar onpartydig met hom gehandel. Matt. 18:7. Gesins- en kerkreg is persoonlik en in 'n mate partydig, en sien die persoon aan, maar nogtans is dit regverdig. In die staat, waar die mense van verskillende agtergronde mekaar konfronteer, moet onpersoonlikheid en onpartydigheid die reël van die reg wees. Gesinsreg en kerklike reg, omdat dit persoonlik is, kan hom bemoei met rehabilitasie; siviele reg moet net verbind wees tot restitusie, die beginsel van reg. Waar die staat 'n ouerlike rol aanvaar, of 'n pastorale rol, neem dit nie slegs die jurisdiksie van die gesin en die kerk oor nie, maar dit versaak die onpersoonlike reg wat dit moet toepas. Die staat word dan 'n groep-agentskap, of 'n instrument van 'n ras of van 'n dominante groep. Indien dit restitusie vervang met rehabilitasie of straf, dan penaliseer dit die lydende party ten gunste van die krimineel.

Binne die gesin is onpartydige reg fataal. Indien 'n man en vrou onpartydig met mekaar omgaan, vernietig dit hul verhouding, wat een van geregtigheid moet wees, maar ook een van verdraagsaamheid. Elke area van persoonlike verhoudings is ook so. Maar verkeerswette kan nie partydig wees nie, en huwelikswette kan nie partydig wees nie. Wanneer kerkdissipline onpartydig word, beteken dit in die praktyk ekskommunikasie. Die raad aan Christene om hofgedinge teen mekaar te vermy, 1 Kor. 6:1-10, voorveronderstel ten dele hierdie vereiste van geregtigheid met verdraagsaamheid in persoonlike verhoudings.

## 20. Diefstal en die Wet.

Die agste gebod lees baie eenvoudig, "Jy mag nie steel nie." Eks. 20:15. Op wie het hierdie wet betrekking? Die gewone antwoord van kerkmense is, "Natuurlik op alle mense." Die antwoord is foutief. Die gebod verwys na alle mense *en* na hul instellings, korporasies, en vorms van regering. Omdat die wet nie uitgebrei is na sy volle jurisdiksie nie, het dit tot baie kwaad aanleiding gegee.

Die wortel van die euwel is dat meeste kerkmense die gebooie behandel as eenvoudige sake van moraliteit, nie as wet nie. p.538. Die Mosaïese wet is wel 'n morele kode, maar dit is onweerlegbaar ook wet. Om die Mosaïese wetgewing sy krag as wet te ontsê, is om die wêreld oor te gee aan die bose. Nymeyer (met Ingram) – Alle gesag is òf van God òf van Satan. Indien gesag van God is, dan is dit onder God se wet en 'n toepasser van God se wet. Indien nie, het dit 'n soort spesiale pyplyn na God wat dit in staat stel om God se wet te ontkom, en die skrif laat dit nêrens toe nie.

p.539. By te veel kerkmense vind ons dat hul die staat vrystel p.540. van die wet, en van oordeel in terme van die wet. Die oorsprong van hierdie houding gaan terug na die heidense vergoddeliking van die staat. In praktyk, waar mense die staat vrystel van die wet van God, maak hulle dit 'n instrument van Satan.

Die inperking van die Tien Gebooie tot die status van 'n blote morele kode is die vernietiging van die wet.

Indien alle gesag nie onder God is nie, dan het ons, in stede van 'n heelal, 'n veelal; in stede van een Skepper en een Wetgewer, het ons baie gode wat as skeppers en wetgewers in hul koninkryke optree. Indien alle gesag van God is, dan is alle gesag vanselfsprekend God se Wetwoord, en geheel onderworpe daaraan. "Jy mag nie steel nie", kan nie beperk word tot die indiwiduele mens nie, maar dit moet toegepas word op elke area van die lewe.

Waar die kerk nie die hele raad van God verkondig nie, nie Sy hele Wetwoord verkondig nie, is die kerk skuldig aan diefstal. Dit beroof die mense en die sosiale orde van sy belangrikste senuwee; dit ondergrawe alle outoriteit, wanneer dit die wet beperk waarop alle outoriteit berus.

Nymeyer: "wat goud vir geld beteken, dit beteken die wet van God p.541. vir vryheid." Sonder die wet van God voel die mense, die unies, korporasies en state vry om 'n wet op hul eie te wees, om God te speel. Die nalaat daarvan om die wet van God te leer, is dus om die weg voor te berei vir tirannie.

James Madison oor God se wet: Ons het die hele toekoms van die Amerikaanse beskawing laat berus op, nie die mag van regering nie, verre daarvan. Ons het die toekoms van al ons politieke institusies laat berus op die vermoë van die mensheid tot selfregering; op die vermoë van elkeen van ons om onsself te regeer, om onsself te beheer, om onsself dus te gedra volgens die Tien Gebooie van God.

## IX

## DIE NEGENDE GEBOD

### 1. Om God te Versoek.

p.542. Die negende gebod, "Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie", Eks. 20:16, word deurgaans geïnterpreteer as sou dit beteken dat "Jy moet te alle tye en onder alle omstandighede die waarheid vertel aan alle mense wat enige inligting van jou mag verneem."

p.543. Maar vereis God dat ons te alle tye die waarheid moet vertel? So 'n voorstel is hoogs te bevraagteken. Die gebod beteken nie dat ons naaste en ons vyand ooit geregtig is om die waarheid van ons te hoor, of selfs 'n woord van ons te hoor, oor sake wat hulle nie aangaan nie, of wat van private aard vir ons is. Geen vyand of krimineel het die reg op kennis omtrent ons wat gebruik kan word om ons kwaad aan te doen nie. Die Skrif veroordeel nie vir Abraham en Isak omdat hulle gejok het om moord en verkragting te vermy nie. Gen. 12:11-13; 20:2; 26:6-7. Inteendeel word albei ryklik geseën deur God, en die mense wat hulle in so 'n ongelukkige posisie geplaas het, word veroordeel. Gen. 12:15-20; 20:3-18; 26:10-16. Geeneen wat probeer om ons te benadeel, om die wet te oortree met betrekking tot ons of tot 'n ander mens, is geregtig op die waarheid nie.

Meer nog, op grond van die Skrif kan dit p.544. boosheid genoem word om die waarheid aan bose mense te vertel en om hulle in staat te stel om hul bose dade uit te voer. Ps. 50:18. Om diefstal te sien en om te swyg, is om deel te hê aan die diefstal. Om mense te sien roof en moord beplan, en om dan vir hulle die waarheid te vertel omtrent waar die man, vrou, of eiendom is wat hul wil vermoor, verkrag, of steel, is om deel te hê aan hul oortreding. In die verband, sou Ragab, indien sy die waarheid vertel het, deel gehad het aan die dood van die twee verspieders.

Die feit dat die negende gebod nie vereis of beveel dat ons ons privaatheid moet prysgee nie, is al lank erken en in die wet vervat. Indien iemand getuienis lewer vir homself, durf hy nie vrae gevra word wat niks te doen het met die onderhawige saak nie. Om hierdie rede moet 'n Christen teen die gebruik van die leuenverklikker wees vir enige mens, vrywillig of nie, omdat die mens dan ondervra kan word oor ander sake as die onderhawige sake, en so word oortree op sy privaatheid.

Die Christen is onder verpligting teenoor God om te alle tye die waarheid te vertel waar normale kommunikasie plaasvind. Hierdie vertel van die waarheid beteken nie die openbaarmaak van ons privaatheid nie, maar om ware getuienis te lewer wat betref ons naaste. Dit het nie te doen met dade van oorlog nie. In oorlogsomstandighede is spioenasie geoorloof, net soos misleidende taktiek. Om jou teen diewe te beskerm vereis bedekking en mure.

p.545. John Murray.

p.546. Die vroedvroue in Eks. 1:19 en 20 het gejok *omdat* hulle God meer gevrees het as vir Farao. Hulle vrese van God het juis in die leuen gemanifesteer, op risiko van hul eie lewens, moontlik, om die lewens te red van God se verbondskinders. Hulle leuen getuig van morele

moed, net soos die van Ragab. Die vroedvroue het vir Farao gejok om die lewens van die babas te red. Dit was ongetwyfeld leuens; dit was ongetwyfeld geregverdig. En dit was ongetwyfeld geseën deur God.

p.547. Calvyn.

p.548. Die Skrif wy baie uit oor die feit dat leuens haatlik is vir God. Spr. 6:16-19; 12:22; Lev. 19:11; Kol. 3:9; ens. Van Satan word gepraat as die vader van die leuen. Joh.8:44; Hand. 5:3. Die kritici van Ragab en van die vroedvroue, sowel as van Abraham, Isak, en andere, laat na om verse te kwoteer soos 1 Kon. 22:22 en 23, waar gesê word dat God 'n leuengees in die monde van die vals profete laat kom het sodat hulle 'n valse koning kon bedrieg. Die vertel van die waarheid, staan altyd in verhouding tot die enige God en Sy gebod. Die mens het die verpligting om te alle normale omstandighede die waarheid te praat, maar hy mag nie toelaat dat bose mense steel, moor en verkrag met behulp van sy waarheid-praat nie. Die waarheid moet altyd gepraat word met verwysing na die absolute God en nie na die absolute idee nie.

p.549. Die self is die wêreld van die heidense heiligheid, en verwesenliking van die self is die einddoel. Die resultaat is 'n opvatting van heiligheid en van waarheid wat *abstrak* is, dus geabstraheer van die werklikheid van God en van Sy gebod, en die werklikheid van die wêreld in 'n staat van oorlog teen God. 'n Abstrakte, nie-christelike moralisme kan dus verklaar dat dit heilig is om die waarheid te praat teenoor vyande en om dit te laat lei na die doodmaak van vriende, bure, of geliefdes, omdat die enigste saak van belang die abstrakte reinheid van die siel is. So 'n leer is vanselfsprekend nie Christelik nie.

**2. Heiligmaking en die Wet.**

Aangesien die negende gebod, net soos die derde gebod, te doen het met die gesproke woord, is dit belangrik om in hierdie verband te herhaal en versigtig 'n sekere woord in God se wet te ondersoek, "heilig". Die wet word herhaaldelik gegee as die weg tot heiligheid, en die opdrag, "Heilig moet julle wees, want Ek, die HERE julle God, is heilig." Lev. 19:2, is 'n voorvoegsel in die wet tot elke gebod. In hierdie Lev. 19:2 aanhaling, is dit 'n voorvoegsel tot die verbod teen kwaadpraat en teen valse getuienis in die hof. Lev. 19:16.

Die wet is die weg tot heiligheid, die weg van heiligmaking. Een gedeelte van die pentateug word in der waarheid genoem "Die kode van heiligheid", Lev. 17:26, omdat dit so benadruk dat die wet die manier van heiligmaking is. Van die begin tot die einde maak die Skrif dit duidelik dat verlossing, regverdigmaking deur die genade van God is, deur geloof, en dat heiligmaking deur die wet is, die wet van God.

Die sonde van die Fariseïsme was dat dit die wet verander het, so ook die werke van die wet, tot die weg van verlossing. In die proses het hul ook die wet vervals en het voorrang gegee aan hulle herinterpretasie van die wet. Die wet is dus vertroebel in sy betekenis en daaraan is 'n funksie verleen wat dit nie veronderstel was om te vervul nie. Te min is gesê met die vergelykbaarheid en afvalligheid van die kerk met betrekking tot die wet.

Die infiltrering van Griekse denke in die Christelike samelewing het onder andere beteken die invoer van die nuwe leer van heiligmaking. Die Bybelse leer is deur en deur prakties: dit vra vir die voortdurende onderwerping van die mens en die wêreld aan die wet van God. Dit is 'n program van onderwerping en oorwinning. Selfs die gedeeltelike onderhouding het gelei tot

die verheffing van 'n volk of 'n kultuur. Die grootsheid van middeleeuse kultuur was gebou op die fondament van gehoorsaamheid aan die wet, en dieselfde was waar van die Puritanisme. p.550. Die volharding van die Jood in die aangesig van aanvegtinge, was die mate van sy lojaliteit teenoor die wet.

Maar hellenistiese denke, soos alle heidense filosofieë van die tyd, was dualisties. Aan die een kant was daar gees, lig, of goedheid, of die goeie god, aan die ander kant, materie, donkerte of boosheid, of die slegte god. Redding was die verlossing van die slegte orde na die goeie orde, van materie na gees, van wil na verstand, van die besig wees met die materiële na die besig wees met die geestelike. In stede daarvan dat die hele mens, verstand en wil, materie en gees gevalle is, was net een segment van hom gevalle, terwyl die ander van nature suiwer was.

Heiligmaking het dus beteken om die wêreld te versaak; dit het "spiritualiteit en spirituele oefening" beteken. Voordat die kerk geïnfekteer is deur hierdie soort van denke, het Joodse denkers wat hellenisties in hul denke was, alreeds die pad van asketisme en die verwerping van aardse dinge gekies.

'n Lang en somber kroniek van gruwels kan gemeld word om die maniere te illustreer waarop mense probeer het om heiligmaking te soek los van die wet. Die resultate was nóg vrede, nóg heiligheid. Mense het hulleself in doringbosse gerol, hulle liggame as 'n sataniese vyand behandel, en steeds gevind dat boosheid in die diepste van hulle gedagtes verskuil was. Swak liggame bring nie sterk siele voort nie.

Die Hervorming het die leer van regverdigmaking weer baie duidelik uitgestippel. Die verwarring word duidelik in die Westminister se geloofsbelydenis, hoofstuk 8: "Omtrent Heiligmaking" is uitstekend tot op 'n punt, maar dit laat na om te spesifiseer presies wat die *weg* van heiligmaking is. In Hoofstuk 9, p.551. "Oor die Wet van God", verskyn een van die foute van die Belydenis, daarin dat Adam onder 'n "verbond van werke" geplaas is, die wet. In paragraaf 2 word dit egter gestel dat "Hierdie wet, na die val, hou aan om 'n volmaakte reël van geregtigheid te wees; as sodanig is dit deur God op die Sinaiberg in tien gebooie op twee tafels gegee. Die wet is dus beskou as die reël van geregtigheid, dus die weg tot heiligmaking. In Paragraaf 4, sonder enige bewysplase uit die skrif, word gesê dat die geregtelike wette van die Ou Testament verval het met die Ou Testament. Hoe kan "Jy mag nie steel nie" geldig wees as 'n morele wet, en nie geldig wees as 'n geregtelike wet nie? Hier verkondig die Belydenis onsin.

Formula of Concord (1576) Article 6, Affirmative 3 – Die wet wys ons die weg na heiligmaking en staan teenoor "die impuls van selfontwerpte vroomheid." Ten spyte van hierdie vroeë en uitstekende stelling het Protestantisme grotendeels by die wet verbygegaan as die weg tot heiligmaking ten gunste van die "impuls van self-ontwerpte vroomheid." Daarby het Protestantisme, hoe verder hulle op hierdie weg gevorder het, hoe meer selfvoldaan en fariseëragtig geword, die natuurlike weg waar mense die Woord van God kragteloos maak ter wille van hulle tradisies. Matt. 15:6-9. Die geheiligde persoon in Protestantisme is te dikwels 'n skynheilige wetsverbreker wat sondagskool toe gaan, die kerk twee maal elke Sondag besoek, die gebedsbyeenkoms in die week bywoon, getuienis lewer wanneer hy daarom gevra word, en verstom is wanneer hy vertel word dat die wet van God, eerder as geestelike oefeninge, die weg van heiligmaking daarstel. Baie predikers benadruk lang ure van gebed as 'n bewys van heiligheid, in openlike teenstand van Christus se veroordeling van p.552. hulle

wat gedink het dat, deur hulle lang gebede, hulle "deur hul baie woorde verhoor sal word." Matt. 6:7.

Armeniese en "heiligheid" kerke, (Pinkster en andere) – 1 Kon. 18:28; Gal.5:12 – Berkeley weergawe.

Daar waar heiligmaking 'n saak is van geestelike oefeninge onder die impuls van selfontwerpte vroomheid, daar is allerhande foute volop. Heiligmaking is gesoek deur die Heilige Gees, maar sonder verwysing na die wet, en die resultate was p.553. irrasionalisme en geestelike hoogmoed, 'n basiese wetteloosheid. Die poging om heiligmaking te bereik sonder die wet was 'n radikale mislukking. Aan die ander kant het diegene wat hulle veroordeel het slegs voortgegaan in hulle eie geestelik-onvolwasse, of meer algemeen, steriele kondisie, geestelike eunugs volgens keuse.

Die moderniste het beide Bybelse leerstellings van regverdigmaking en heiligmaking verwerp. Hulle het teruggekeer na 'n aangepaste fariseïsme en probeer om die mens te red deur die mens se werke en tradisie. Liefde het toe die manier van heiligmaking geword, 'n nie-diskriminerende liefde vir alle mense. Omrede sy radikale antiwet standpunt, is modernisme dikwels goedgesind teenoor Pinksterisme, veral die praat in tale. In al hierdie manifestasies is die mens se manier van doen oorheersend.

Eks. 1:17-21 – Vroedvroue en leuens – Dit is belangriker vir hulle (wat persoonlike volmaaktheid wil hê) dat Ragab en die vroedvroue, en net hulleself, hul abstrakte reinheid bewaar as dat vroom lewes gespaar word in die stryd van die wêreld teen God.

Calvinistiese Berkof: "Heiligmaking kan gedefinieer word as *daardie genadige en aanhoudende handeling van die Heilige Gees waardeur Hy die geregverdigde sondaar verlos van die besoedeling van sonde, sy natuur vernuwe na die beeld van God en hom in staat stel om goeie werke* te verrig." Tot op 'n punt is dit 'n goeie definisie, maar hoe word goeie werke gedefinieer? Hoe weet ons spesifiek en presies wat goeie werke behels? Volgens Berkof, is "goeie werke" daardie "werke wat essensieel verskillend is in morele kwaliteit van die handelinge van die onwedergeborenes wat uitdrukkings is van 'n nuwe en heilige natuur, soos die beginsel vanwaar hulle ontspring." Dit is steeds baie vaag. Dan voeg Berkof by: "Hulle is nie slegs in uiterlike ooreenstemming met die wet van God nie, maar word ook verrig in bewuste gehoorsaamheid aan die p.554. geopenbaarde wil van God, juis omdat dit deur God vereis word." Hier het ons uiteindelik die waarheid: heiligmaking vereis gehoorsaamheid aan die wet van God, omdat God dit beveel. Aangesien die wet basies is tot heiligmaking, waarom word dit net terloops genoem in 'n hoofstuk van 17 bladsye, sommer net in die verbygaan? Is dit dan 'n wonder dat die meeste mense hierdie punt mis en soek na heiligmaking, nie in die wet nie, maar in geestelike oefeninge? Vroeër was die wet die reël vir heiligmaking in beide leer en praktyk.

Die wet was die grondslag vir heiligmaking in die middeleeuse kerk, al is baie bevele van die kerk daar bygevoeg, en dit was ook die reël in baie protestantse groepe. Heyns – "The Law of God as rule" – "... Alleen die Wet is die reël van heiligmaking, want so leer die Woord van God ons." Jes. 8:20; Ps. 119:105. En ons vaders was so ywerig in die aanhang van God se verordeninge en slegs daaraan, dat hulle selfs geobjekteer het teen die onderhouding van Christelike feesdae en bidure op weeksdae. Hulle was bevrees dat om te begeer om meer te

doen as wat deur die Here voorgeskryf is in Sy Woord, sal lei tot die verslapping van wat betref dit wat Hy ingestel het.

Tans, in baie dele van Protestante evangelisasie, word heiligmaking gelyk gestel aan kerkbywoning twee keer op 'n Sondag, en die bywoning van die weeklikse biduur ook. Maar sulke gewoontes slaag nie daarin om die mens se geestelike honger te stil nie, en dan word ander geestelike aksies bygevoeg. p.555. Die enigste sigbare resultate van hierdie "Impuls van selfuitgedinkte vroomheid" is toename in Fariseïsme, en 'n groeiende gebrek aan belangstelling in enige ware kennis van die Skrif. Gebed sonder wetsonderhouding kan selfgenoegsaamheid teweegbring, maar slegs gebed, tesaam met wetsonderhouding, is tot die eer van God. Die veroordeling van ons Heer van diegene wat "dink dat hulle deur hulle baie woorde verhoor sal word", Matt. 6:7, staan steeds vas.

Die oproep tot heiligheid , "Heilig moet julle wees, want ek die HERE julle God is heilig", Lev. 19:2, *is 'n oproep om die wet te gehoorsaam; dit is die reël van heiligmaking.* Hierdie is nie 'n nuwe woord nie: dit is so oud soos die Skrif. Dit is geleer deur baie heiliges deur die Middeleeue, en dit was basies tot Luther se perspektief.

Luther se kommentaar op Rom. 3:31 – "Die apostel sê: "Ons bevestig die Wet; dit beteken: Ons sê dat dit gehoorsaam en vervul word deur die geloof. Maar julle wat leer dat die werke van die Wet regverdig maak sonder die geloof, maak die wet tot niks; want julle gehoorsaam dit nie; inteendeel, julle leer dat die vervulling daarvan nie nodig is nie; die Wet word *in ons* bevestig wanneer ons dit gewillig en in waarheid vervul. Maar dit kan niemand sonder geloof doen nie. Hulle vernietig God se verbond (van die Wet) wat sonder goddelike genade is, wat geskenk word aan hulle wat in Christus glo.

In sy Klein Kategismus het Luther geleer, "die Wet onderrig ons Christene watter werke ons moet doen om 'n godwelgevallige lewe te lei." Op ander plekke vervang Luther die wet met liefde, en Calvyn, ook self weersprekend hier, vereis by tye die wet as die reël van die lewe, en gaan verder as Luther in sy aandrang dat die staat albei die tafels van die wet moet afdwing. Calvyn het in werklikheid die p.556. wet aangehaal as die "reël van die lewe." Die nalaat van mense in elke eeu om duidelik te wees in hierdie saak, verskoon nie die volk van God nie: Hulle het die wet.

### 3. Die Valse Profeet.

Die valse getuienis wat deur die negende gebod verbied word, sluit valse getuienis aangaande God in. In Deut. 18:9-22 is daar nie slegs 'n profesie oor die koms van Christus nie, maar ook 'n toets van valse profete.

Die wet begin deur sekere soorte van afgodery te verbied wat "onwettige maniere van kommunikeer met die onsienlike wêreld" is. Geen toorkunsie of enige soort ritueel kan God dwing nie. God openbaar homself nie in antwoord tot ritueel of rite nie, en Hy maak ook nie mense voorspoedig as antwoord op gawes en omkoopgeskenke nie. Deut. 18:12 en 14. Deut. 18:13 – Rashi se kommentaar is werd om te kwoteer: "Jy moet met Hom wandel in opregtheid en op Hom wag. En jy moet nie in die toekoms probeer insien nie. Maar wat jou ook al mag oorkom, aanvaar dit met eenvoud, en dan sal jy *met Hom wees* en Sy deel wees."

Die doel van onwettige rites is waarsegging, die begeerte om die toekoms te weet en dit te voorspel. Die gelowige moet in die geloof wandel, nie deur wat hy sien nie. Presiese en persoonlike voorspelling en vooruitskouing van die toekoms is geslote vir hom.

Die wet self is gegee as die deur God verordineerde manier van voorspelling vir 'n nasie. Die sentrale doel van Deut. 27-31 is om aan die volk van God 'n betroubare manier van vooruitskouing te gee, en daardie manier van voorspelling is die wet. Indien die mens die wet ongehoorsaam is, sal sekere vloeke volg; as die mense die wet gehoorsaam, sal seëninge volg. Omdat die wet te doen het met voorspelling, sal die volk van God alle onwettige maniere van voorspelling vermy. Die een beginsel van voorspelling is die soewereine mag en raadsbesluit van God; die ander beginsel van voorspelling is die demoniese mag wat probeer om 'n onafhanklike en rewolusionêre konsep van mag en kontrole daar te stel.

Die wet is deur Moses gegee. maar die wyse waarop die wet gegee is, was vreesaanjaend vir Israel en het hulle naby die teenwoordigheid van oordeel gebring. p.557. God sal dus 'n ander Profeet oprig, 'n ander Moses en wetgewer. Deut. 18:18. Die Groot Profeet word dus gegee in terme van die oorspronklike wet, en as die wetgewer. Die sleutel tot die verhouding van die Profeet tot Moses is die wet. Valse profete sal opstaan, en 'n ander god of mag verteenwoordig, en dus 'n ander wet. Hul valsheid sal geopenbaar word deur hulle valse voorspellings. Omdat die beginsel van ware voorspelling die wetwoord van God is, het al die profete, wat gekulmineer het in Jesus Christus, gespreek, geïnspireer deur God, in terme van daardie wet. Jeremia, toe hy die ballingskap voorspel het, het die wetsvoorspelling van Deut. 27-31 geëggo; omdat hy ook gepraat het deur goddelike inspirasie, kon hy ook sê dat die ballingskap 70 jaar sou duur. Jer. 25:11. Die sleutel tot die saak is die wet. Waar daar geen wet bestaan nie, daar is daar geen ware profesie nie, nóg 'n ware spreke namens God nag ware voorspelling. Wanneer en waar Christene nalatig word omtrent die wet, word hulle maklik en geredelik mislei deur kwaksalwers.

NB - Peregrinus Proteus. A.D. 165. p.558. Hy spring in die olimpiese vlam.
p.559. Godsdienstige leiers wat teen die wet is, is soos Peregrinus, *eerstens,* wettelose anti-wet mense. Daar mag graadverskille wees in hulle moraliteit, maar hulle basiese karakter is dieselfde; *tweedens* is daar in plaas van 'n ywer vir die wetwoord van God, 'n ywer vir bevordering en verering van die self. Diegene wat nalaat om die hele Woord van God te leer, is niks minder skuldig daaraan dat hulle valse profete is nie. Diegene wat die wet verwaarloos, het geen evangelie nie, want hulle het die geregtigheid van God, wat basies is aan die evangelie, verloën.

Die doodstraf word vereis vir: ".... Die profeet wat so vermetel is om 'n woord in My Naam te spreek wat ek hom nie beveel het om te spreek nie, of wat in die naam van ander gode spreek, die profeet moet sterwe." Deut. 18:20. Die wet het hier te doen met profesie wat voorspel in terme van 'n vreemde of valse god en wet. Sulke voorspellende profesie berus op praktyke soos kinderofferande, heksery, toordery en verwante praktyke soos beskryf aan die begin van hierdie wet, Deut. 18:9-14, en op 'n anti-God geloof, gekonstitueerde verraad teen die samelewing, en verteenwoordig 'n vreemde en rewolusionêre regsorde. Om hulle te verdra, is selfmoord.

Diegene wat doelbewus 'n rewolusionêre regsorde leer, is verraaiers p.560. van die bestaande regsorde. Diegene wat uit hebsug, gierigheid of antiwet-neigings 'n afwykende siening van die Skrif leer is ook verraaiers, maar nie in dieselfde sin en tot dieselfde mate nie. Geen

samelewing kan dit ontkom om diegene te benadeel wat afwyk van sy fundamentele geloof nie. In 'n Christelike samelewingsorde is dit nie die godsdienstige afwykings wat die siviele bekommernis moet wees nie, maar eerder die uitdagings aan sy wetstruktuur. Om rewolusie toe te laat is om tot niet te gaan. Verdraagsaamheid is die gevolg van verskille binne die regstruktuur, maar nie teenoor diegene wat hul daaraan toewy om die regstruktuur omver te werp nie.

Die verhouding van die verskillende soorte valse voorspellings (heksery, toordery, spiritualisme, ens.) tot ondergrawing van die Christendom verdien uitgebreide studie.

**4. Die Getuienis van die Valse Profeet.**

As jy die werke van die Valse Profeet analiseer, Deut. 18:9-22, dan gewaar ons dat die doel van die toordery, waarsegging, en verwante rites of valse profesie *voorspelling* is, wat as sy basiese uitgangspunt die geloof het dat ware en uiteindelike mag elders berus as in God. Deut. 18:9-14. Valse profesie behels die geloof dat Satan die opperste mag is.

Satan het Jesus probeer verlei om 'n valse profeet te word. Matt. 4:10. Die betekenis van hierdie verleiding is van uiterste belang: Satan het twee basiese idees in gedagte gehad toe hy Jesus genader het in hierdie finale poging om van Hom 'n valse profeet te maak:
*Een.* Satan het van Jesus verwag om die korrektheid van sy rebellie te erken, om saam te stem dat die skepsel die wettige reg het op onafhanklikheid van die Skepper.
*Twee.* Satan het homself 'n wêreldmag toegeëien, wat nie syne was om vir homself toe te eien of om aan iemand te gee nie. Eks. 9:29; Deut. 10:14; Ps. 24:1; 1 Kor. 10:26. Satan regeer nie en het ook nie die titelakte nie, en kan dit ook aan niemand gee nie.

Op hierdie punt maak baie mense 'n ernstige fout. Gen. 3 gee aan ons die Bybelse antwoord: Die skuld van Satan het geen verskil gemaak aan die feit dat Adam en Eva ten eerste en in die kern skuldig was aan hul eie sonde nie. Marxisme ontken die persoonlike verantwoordelikheid soos in die Skrif bevestig.

p.562. Ps. 2. God lag vir die sameswerings van die goddelose nasies en roep Sy volk op om te deel in hierdie lag van God. In elke samelewing is daar misdadigers, diewe, en moordenaars. Slegs soos wat samelewings moreel agteruitgaan en tot niet gaan, kan hierdie elemente enigsins vooruitgaan. Toe die Christendom na die 13e eeu moreel agteruit begin gaan het, het hierdie kriminele geheime verenigings erg begin toeneem. Die Hervorming en die Teen-Hervorming het gelei tot 'n tydelike afname van hierdie groepe, wat weer begin opkom het soos wat die Christelike geloof, wet en orde agteruitgegaan het.

Maar hulle wat valse getuienis spreek, wat aan die Satan die krag toeskryf wat aan God toekom, is nie tevrede om te erken dat daar sameswerings bestaan nie. Hulle gaan baie verder:

*Een.* Hulle skryf aan die sameswerings 'n morele orde en 'n dissipline toe wat 'n onmoontlikheid is. Satan kan nie opbou of skep nie; hy is slegs 'n vernietiger, 'n moordenaar, en hy het *slegs* mag in soverre as wat ons die ware mag van God versaak. Die kommunistiese probleem is nie hulle morele bose mag en vermoë nie, maar eerder die gestadigde morele verval van die Christelike kerke en nasies, en hulle radikale afvalligheid.

*Twee.* Die mag van die bose is swak en beperk; dit is onder God se beheer en is Sy roede van die nasies. Die swakheid van die bose sameswerings is dat hulle slegs 'n vakuum kan vul. p.563.

*Drie.* Die sleutel tot die oorwinning oor bose sameswerings is nie deur te konsentreer op die boosheid nie, maar op goddelike opbou. Die sondes van Thiatire. Open. 2:24.

*Vier.* Onderliggend aan al hierdie dinge is die geloof dat Satan dinge bepaal, wat van hierdie konserwatiewes getroue Sataniste maak. Dat daar samesweerders en planne bestaan en dat hulle baie is, kan toegegee word, maar die Christen moet vashou aan hulle futiliteit. Hulle "woel" tevergeefs. Ps. 2:1, 2. Om die boosheid van die aarde en die wêreld se regerings toe te skryf aan geheime sataniese sameswerings is om jou skuldig te maak aan valse getuienis teen God. Dit ontken dat God alleen die bron van voorspelling is, en dit skryf eerder mag en voorspelling toe aan Satan.

Berle. Sy beskrywing van die 5 wette van mag.

p.564. Berle is reg. Mag is gebaseer op 'n geloof, 'n filosofie. As die geloof of die filosofie agter 'n kultuur begin sterf, is daar 'n verskuiwing van mag. Vandag, omdat die Christelike geloof kleiner geword het en antiwet geword het, kan dit nie 'n regsorde onderhou of skep nie, gevolglik begin ou kriminele impulse en bewegings na mag gryp. Die sleutel om van hierdie grypende bose magte ontslae te raak, is nie die bestudering van van die diep dinge van Satan nie, ook nie die geloof in die mag van die bose nie, maar godvererende opbou in terme van Bybelse geloof, moraliteit en wet. Om 'n ander mag te vestig, is om God en Sy wet te verloën. God sal net so min die antiwet van die kerklidmate respekteer as wat Hy dit sal doen met die wetteloosheid van die goddelose. Op hierdie punt kom die mens te staan voor die enigste effektiewe "sameswering": God se "sameswering" teen almal wat Hom verloën en verlaat.

Ons behoort nie valse getuienis te lewer wat Satan betref, deur aan hom mag toe te skryf wat slegs aan God behoort nie. Die ware getuienis van die apostels was nie 'n getuienis omtrent die magte van Satan nie, maar van die triomferende Christus. Die wêreld waarteen hulle te staan gekom het, as 'n baie klein handjie vol, was dieper versink in sy boosheid as ons eie, maar die apostels het nie hul tyd verwyl deur die gevallenheid, perversiteit, p.565. en mag van Nero te dokumenteer nie. In stede daarvan het Paulus, wat bewus was van die naderkom van vervolginge, steeds vol vertroue aan die Christene in Rome geskryf: "En die God van vrede sal die Satan spoedig onder julle voete verbrysel." Rom. 16:20. Die vertroue van Johannes is soortgelyk: "dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin, ons geloof", 1 Joh. 5:4. Joh.11:47-53: Op die hoogste oomblik van Satan se sameswering, toe op Christus se dood besluit was, was die geheime doel van God die meeste vervul. Dit is altyd God wat regeer, nooit Satan nie. Enige ander geloof is 'n valse getuienis en 'n besondere bose een.

### 5. Bevestiging (Stawing)

'n Fundamentele aspek van Bybelse wet verskyn in die gebod, "Jy mag geen valse getuienis spreek nie." Basies tot hierdie wet is sy verwysing na die howe en na meineed. Die howe verteenwoordig God se wraak soos dit beveel en gekanaliseer is deur menslike, maar deur God daargestelde instansies. Binne die howe, om reg te laat geskied, is eerlike en getroue getuienis 'n noodsaaklikheid. Maar, omdat die mens 'n sondaar is, en die instellings van die menslike samelewing die mens se sondes weerspieël, is dit nodig om kontroles daar te stel.

Die getuienis van 'n getuie moet aan kruisondervraging onderwerp word, en gestaaf word. Deut. 19:5; 17:6; Num. 35:30; Matt. 18:15 en 16; 2 Kor. 13:1; 1 Tim. 5:19; Hebr. 10:28.

p.566. Soos vantevore opgemerk, is ons nie onder enige morele verpligting om aan 'n vyand die waarheid te vertel, indien hy poog om ons te benadeel of te vernietig nie. Die plig om die waarheid te vertel is gereserveer vir normale verhoudings wat in die raamwerk van die wet is, en vir hofverrigtinge van die wet in die kerk, staat, en ander instellings.

Selfs hier, egter, is daar beperkinge op die mag van die hof of op die vereistes van ander persone. Die Bybelse wet oor die aflê van verklarings laat nie marteling of gedwonge skuldbelydenis toe nie. Vrywillige belydenis is moontlik, maar twee of meer getuies is nodig vir skuldigbevinding. Streng gesproke, word skuldbelydenis nooit gemeld in die wet nie; die plek daarvan was oënskynlik slegs in verband met stawende getuienis. Agan se erkentenis het dus stawende getuienis vereis voordat hy gevonnis en tereggestel kon word. Jos. 7:19-26. Die Bybelse reg beskerm die individu teen gedwonge belydenis: die reg van die burgers om beskerm te word teen die gesag van die staat wat dwing tot selfinkriminering, bestaan nie buite die Bybelse regstradisie nie. Dit beteken dat die Christen die gebruik van leuenverklikkers moet teenstaan op beginselgrondslag. Die leuenverklikker keer 'n basiese beginsel van geregtigheid onderstebo: die verdediger is onskuldig totdat hy skuldig bewys is. Deur te eis dat 'n verdagte die leuenverklikkerstoets moet ondergaan, beteken dat die verdagte as skuldig beskou word en dat hy gedaag word om sy onskuld te bewys deur toe te gee om die toets te ondergaan. (Jou totale privaatheid word blootgestel aan inbreukmaking.) Afluisteringsapparaat is 'n vorm van onwettige inbreukmaking op jou privaatheid – dit behels 'n vorm van gedwonge skuldbelydenis.

p.567. Daar is ander beperkings op getuienislewering. Die verklarings of bieg deur 'n persoon aan sy predikant of dokter gemaak in die gang van 'n formele of professionele verhouding, is geprivilegeerde inligting, omdat die persoon inderwaarheid aan God bely het deur 'n bedieningspersoon. Beide die dokter en die herder het te doen met gesondheid. Verlossing se letterlike betekenis is gesondheid. Dokters was vroeër monnike, en hospitale was tot onlangs heeltemal en eksklusief Christelike instellings. Dit ontken nie die feit van die verpligting van 'n herder en 'n dokter om by 'n persoon aan te dring om restitusie te doen waar restitusie nodig is nie, of om belydenis aan te moedig waar belydenis vereis word nie. Dit is hulle plig om die wet van God te onderhou deur aan te dring op die nakom daarvan deur almal wat na hulle toe kom, maar hulle kan nie verder gaan as hierdie feit van raadgewing nie. Onderhoude met jou prokureur is geprivilegieerde gesprekke, omdat die prokureur optree as die verdediger se agent en verteenwoordiger in die hof. Soortgelyk word die verdediger se vrou nie toegelaat om te getuig nie, op dieselfde gronde, omdat dit self-inkriminasie behels. Een uitsondering is waar 'n man en vrou mekaar aanrand. In Kommunistiese lande is die vereiste dat kinders en huweliksmaats op mekaar spioeneer skadelik vir die gesinslewe.

p.568. Indien geprevilegieerde gesprekke en immuniteit teen self-inkriminering nie bestaan het nie, dan sou stawende getuienis, die basiese uitgangspunt van die Bybelse reg van getuienis, nie bestaan het nie, omdat die gewone roetine-manier van "bewyse" sou wees om bewyse uit die verdediger te forseer. Die wet vereis stawing omdat dit gedwonge selfinkriminering verbied. Dus word ons nie alleen nie toegelaat om die waarheid te vertel aan 'n wettelose vyand wat daarop uit is om ons te benadeel nie, maar die vereiste om die waarheid in die hof te vertel word streng deur die wet gereguleer.

Aan die ander kant is getuies van 'n misdaad onder streng verpligting om te getuig. Die regter en die jurie het die plig om die waarde van die getuie se getuienis te bepaal, nie hyself nie. Die hof kan ook beslis of die getuie betroubaar is, en so het die howe van die V.S.A. nie die getuienis van 'n ongelowige as toelaatbaar beskou nie, omdat hy nie by 'n eed kon hou nie; so 'n persoon kon slegs ter wille van homself getuig, omdat die vrees van die Here nie 'n essensiële aspek van sy karakter was nie.

Die plig om te getuig was 'n deel van die burger se polisiëringsmag, sy deel aan die administrering van die reg. Die plig om die wet af te dwing is 'n openbare plig.

p.569. Die nalaat van getuienis lewer in die Bybelse reg, beteken om 'n medepligtige te wees tot die misdaad. Ps. 50:18. Stawing kan nie bestaan as 'n instrument van geregtigheid as die burgery nie bewus is van sy verantwoordelikhede in die afdwing van 'n regsorde nie.

**6. Meineed.**

Meineed word beskou as 'n baie ernstige oortreding van die Bybelse reg. Lev. 19:12; Deut. 17:6, 7; Deut. 19:16-21; Spr. 19:5 en 9; Spr. 25:18. Die wet teen valse getuienis word oor en oor herhaal in die Nuwe Testament. Matt. 19:18; Mark. 10:19; Lukas 18:20; Rom. 13:9, ens.

Die wet stel meineed gelyk aan laster, omdat dit God se geregtigheid is wat aanstoot gegee word. Lev. 19:12. p.570. Die eed word voor die priesters en die regters gemaak. Deut. 19:17. *Die howe is onteenseglik godsdienstige instellings.* Beide die eed en die wet is godsdienstig: Verander die godsdiens daaragter, en die samelewing is in 'n revolusie. Dus is dit duidelik dat:

*Eerstens,* meineed is 'n godsdienstige sowel as 'n kriminele oortreding. Omdat die Bybel die persoon respekteer, vereis dit so veel van die persoon en daarom bestraf dit daardie persoon wat nie die deur God verordende standaard handhaaf nie.

*Tweedens,* die voorveronderstelling van die Bybelse reg is individuele verantwoordelikheid en skuld. Deut. 17:7. Boosheid bestaan nie in die abstrakte nie. Wanneer ons met sonde gekonfronteer word, word ons met 'n persoon of persone gekonfronteer, en ons moet met daardie persoon handel. Die omgewingsbewuste (invloed van buite) benadering maak sonde los van die persoon en plaas dit in die omgewing, wat presies die uitgangspunt van Satan in die Tuin van Eden was. Omdat God uiteindelik ons omgewing is, beteken dit dat elke omgewingsbewuste mens in stryd is met God. Omgewingsbewustes verdoesel die basiese saak waarom dit gaan deur hul sentimentele appelle. 'n Algemene gesegde is p.571. dat ons "die sondaar moet liefhê en die sonde moet haat." Volgens die Skrif is dit 'n onmoontlikheid. Sonde bestaan nie as 'n abstrakte iets nie. Deur sonde van die sondaar te skei, word die oordeel van die werklikheid, die persoon, weggehou, en op die moontlikheid, die sonde, geplaas. Omdat sonde 'n moontlikheid is, omdat God die mens so geskape het, word die oordeel en die skuld vir hierdie moontlikheid oorgeplaas na God. Soos wat Adam vir God gesê het in Gen.3:12. Die omgewingsbewuste is gedurig in 'n stryd gewikkel met God.

*Derdens,* Die straf vir meineed is volgens die beginsel van 'n oog vir 'n oog. Hierdie beginsel beteken dat, waar die beskuldigde se lewe op die spel is, die valse getuie die doodstraf moet ontvang. As die vergoeding $1 000 sou moes wees, dan moet die valse getuie $1 000 betaal. Die straf vir die saak val dus op die meinedige.

*Vierdens,* p.572. Die wet verbied simpatie vir die meinedige, en in die algemeen vir die oortreders: "jou oog moet nie verskoon nie". Deut. 19:21. In besonder is die simpatie vir 'n valse getuie 'n uiters revolusionêre emosie, wat kant kies vir diegene wat die maatskaplike orde wil vernietig. 'n Christelike regsorde kan nie die vernietiging van sy howe oorleef nie, en elke oorsien van meineed, net soos van enige valse getuienis, vernietig geregtigheid en kommunikasie en ver-atomiseer die samelewing. Die feit dat meineed vandag redelik ongestraf bly, en dat valse getuienis algemeen aanvaar word, is nie 'n geringe aspek van ons sosiale verval nie.

*Vyfdens,* die pleitrede "verlos ons van die bose", Matt. 6:13, word beter vertaal met "verlos ons van die bose een". Die Bose is nie abstrak nie. Dit is Satan, en dit is elke bose mens in die wêreld. Matt. 6:13 – Die koninkryk, die krag en die heerlikheid behoort aan die drie-enige God, nie aan die bose een nie. Diegene wat aan geheime sameswerings 'n radikale stap vir stap beheer oor mense en gebeurtenisse toeskryf, skryf aan Satan die koninkryk toe en is Sataniste. Dit is die grootste van valsste getuienis en is meineed.

Boosheid is ernstig, gevaarlik en dodelik, omdat sondaars so is. Ons het dit nodig om te bid om verlos te word van die bose een. Die wet is aan ons gegee om ons in staat te stel om te weet hoe om te werk te gaan met elke bose een. Straf die meinedige sonder meegevoel. Doen aan hom soos wat hy gepoog het om aan 'n ander te doen. Begin 'n saak teenoor almal wat valse getuienis lewer, wat steel, moord pleeg, of op enige manier verwaand Gods wet onder die voete vertrap. Wees jammer vir die regverdige, die slagoffers, die teen wie gesondig is, die armes en die behoeftiges, die weduwees en wese, maar bring die reg in beweging teenoor die wetteloses. "So sal jul dan die bose een uit die land uitroei."

## 7. Jesus Christus as die Getuie.

Volgens Bybelse reg moet die getuie nie alleen 'n ware en akkurate getuienis aflê nie, maar ook deel neem aan die teregstelling van die oortreder as hy die doodstraf verdien, volgens Deut. 17:6, 7; p.573. Lev. 24:14; Deut. 13:9.

Die betekenis van "getuie" het gelei tot verwarring as gevolg van die Griekse word vir *getuie.* Die Hebreeuse word vir getuie, *ed, edah,* word in die Griekse Nuwe Testament as *martus, marturion* geskryf. Die Griekse woord is die regte vertaling vir die Ou Testamentiese woord. Matt.18:16; Mark. 14:63; ens. Ongelukkig is die Griekse woord *martus* die oorsprong van die Engelse word "martyr", en die gevolg is 'n ongelooflike klomp verwarring. Die getuies vir Christus is tereggestel deur die Romeinse Ryk, en die resultaat was 'n vreemde omkering van die betekenis. In die Bybel is die getuie die een wat meewerk daaraan om die wet toe te pas en te help met die teregstelling, selfs om die doodstraf toe te pas. "Martelaar" het nou net die teenoorgestelde betekenis gekry; d.i. die een wat tereggestel word eerder as die een wat die teregstelling uitvoer. Die resultaat is 'n ernstige verkeerde vertolking van die Skrif. Die punt is des te meer belangrik omdat, volgens die Skrif, Jesus Christus geïdentifiseer word as veral *die* Getuie. Open. 1:5, 6, en 3:14.

Die getuienis van Jesus Christus het betrekking op Sy aardse roeping; dan word Sy dood en opstanding aangehaal in Open. 1:5; Sy triomf oor die valse getuienis teen Hom, en dan in verse 5 en 6, Sy gaan sit op die troon om te regeer oor tyd en ewigheid en dieselfde gaan sit op die troon van sy volk om te regeer saam met Hom. In die brief aan die Laodisense het

Christus Homself weer geïdentifiseer: "getroue en ware getuie". Die betekenis hiervan is duidelik: Jesus Christus getuig teen daardie kerk en beloof om die oordeel oor hulle te voltrek p.574. indien hulle hul nie bekeer nie. Open. 3:15 en verder. As die groter Moses, as die groot Profeet, Deut. 18:15-19, is Jesus Christus beide die gewer en toepasser van die wet. Israel het Hom verwerp, en het Sy getuienis as vals verwerp, daarom het Hy Israel gevonnis tot die doodstraf. Matt. 21:43 en verder; Matt. 23:23-24 en 28. Die wet is op Israel toegepas wat vals getuig het teen Christus, Matt 26:65 e.v., 27:22 en Hom tot die dood veroordeel het. Die Bybelse straf vir sulke meineed is die dood. Deut. 19:16-19. Die ware betekenis van Jesus Christus as "getroue en ware getuie" is dat Hy nie alleenlik getuig teen die wat oorlog voer teen God nie, Hy behartig ook hul teregstelling.

Geassosieer met hierdie titel van "Getuie" is 'n ander, "die Amen". Open. 3:14. God se Amen beteken dat Hy getrou is, dus "dit is so en dit sal so wees," daarenteen is die mens se "amen" 'n saamstem met God se "amen" en dit beteken "laat dit so wees". Die Amen was dikwels 'n saamstem met die wet. Deut. 27:15; vgl. Neh. 5:13. Jesus Christus is die Amen van God, want deur Hom word die beloftes van God bevestig. 2 Kor. 1:20. In Open. 3:14 is Jesus die Amen omdat Hy die "getroue en waaragtige Getuie" is, Hy wat die wet verklaar, lewer getuienis teen alle oortredinge daarteen, en, waar die mens nie sy doodstraf wil aanvaar in Christus se versoening nie, voer Christus die doodstraf uit teen die oortreder.

Jesus Christus as die getuie is dus die Heer en die Regter van die geskiedenis. Hy gee getuienis aangaande die mense en die nasies, vonnis hulle, en gaan voort met hulle veroordeling of teregstelling. Hy is Silo wat die septer dra, wat die wetgewer is, en om wie die mens sal vergader. Gen. 49:10. As die Heer van die geskiedenis en as die "getroue en waaragtige getuie" getuig Jesus Christus dus teen elke mens en elke nasie wat sy lewe op enige ander uitgangspunt bou as op die soewereine en drie-enige God en Sy onfeilbare en absolute wetwoord. Die kruis van Christus getuig teen die mens; dit verklaar dat die mens nie alleen God se wet verbreek het nie, en sy skuld nog verder vergroot het deur self regverdigende verskonings nie, maar die mens het ook valse getuienis gelewer teen die Heer van heerlikheid en sy dood geëis. Matt. 21: 38. Die mens het probeer om op sy eie terme die erfenis te gryp, die Koninkryk van God. Matt. 21:38. Die kruis vereis dus veroordeling. Die valse getuienis omtrent Jesus Christus, waarmee alle ongelowiges, alle afvallige kerkmense, alle nasies en instellings wat Sy soewereiniteit en sy wet-woord ontken, eendragtig saamstem, daardie wet vereis hulle dood. Deut. 19:16-21. Op hierdie manier verwyder Christus die bose uit sy ryk, vir tyd en vir ewigheid.

p.575. Christus is nie 'n martelaar nie, maar die teregsteller, die laksman, nie die slagoffer nie, maar die groot oorwinnaar oor die kwaad.

Die negende gebod het dus eskatologiese betekenis. Dit is buitengewoon onder die gebooie, daarin dat die sleutelwoord, "getuie", 'n Messiaanse titel word. Hierdie besondere wet-woord is dus op sigself 'n getuienis vir die Getuie, 'n bevestiging van die onontkombare triomf van Christus en Sy Koninkryk. Die versuim van die kerke om hierdie eskatologiese betekenisinhoud van hierdie wet omtrent getuie, en die titel, "die getroue en ware getuie", raak te sien, maak van hulle wegwerplikes. 1 Kor. 9:27; Luk.23:28-30. Christus die Getuie het alreeds die doodsoordeel uitgespreek oor die wêreld en die kerk van Sy dag.

## 8. Valse Getuienis.

"Valse getuienis" – 'n ander soort meineed. Die subtiele maar belangrike verskille in die soorte van valse getuienis word in die wet aangehaal, en ons behoort hulle te leer ken. Die betekenis van Ex. 23:1, 2, 7 word duideliker wanneer na verse 1-9 gekyk word.

p.576. Die wet teen valse getuienis het dus veral betrekking op die geregshof, en daarna op die lewe in 'n gemeenskap. Ex. 23:1-9 stel die wet omtrent die gee van valse getuienis in die konteks van 'n breër vereiste van geregtigheid. Verskeie beginsels kom voor in hierdie wette:

*Eerstens*, 'n godvresende mens tree op volgens die wet van God, nie soos die gepeupel of die meerderheid dit wil nie, omdat die gees van die skare, hoe kragtig ook al, om die mens te regeer, baie selde indien ooit volgens die wil van God is. Vers 2. 'n Mens moet krag en geloof hê; nie die krag van die mens nie, maar die krag van God moet hom regeer.

*Tweedens*, Net soos hy nie volgens die wil van die gepeupel moet optree nie, net so ook kan hy nie volgens persoonlike oorwegings, soos meegevoel met die armes vs.3, of vriendskapsoorwegings met die rykes vs.6, handel nie. Omkopery is selfs groter voorbeelde van verdraaiing van die reg, in die opsig dat dit jou oë sluit vir die sake waarop dit werklik aankom, sodat jy doelbewus valse getuienis lewer, óf as getuie, óf as regter, vs. 7, 8. en vergeet dat 'n vyand in ware nood op dieselfde regverdigheid en bystand geregtig is as 'n vriend. Vse. 4 en 5.

*Derdens*, kwaadwillige getuienis sowel as valse verslae word veroordeel. Daar is 'n noue verband tussen woorde en dade. Kwaadwilligheid in woorde beteken kwaadwilligheid in dade ook. 'n Mens wat valse en kwaadwillige p.577. getuienis lewer teen sy naaste, binne of buite die hof, sal waarskynlik ook onwillig wees om die naaste te help wanneer sy os verdwaal of sy esel oorlaai is. 'n Oneerlike getuie is ook in wese 'n korrupte buurman.

Die droom van absolute vryheid van spraak is 'n mite en 'n wanopvatting. Geen gemeenskap het dit nog ooit toegelaat nie. Spraak moet verantwoordelik wees om vry te wees, en daar is 'n maatskaplike noodsaaklikheid vir vryheid van verantwoordelike spraak. Omdat die mens se skeppende woord aanvaar word as sou dit goddelike mag hê, sodat die woord die daad is, *soos wat dit die geval is met God*, net so aanvaar die humanistiese intellektueles dat, indien hul rasionele en wetenskaplike planne bedink is, moet hulle slegs deur die staat tot wet verklaar word om 'n realiteit te word. Die resultaat is 'n baie groot humanistiese geloof in die mag van wetgewing.

p.578. Die Bybelse posisie is dat die mens, geskape na die beeld van God, nie 'n skeppende woord spreek nie, maar 'n analogiese (gelykvormige) woord, dit beteken dat hy God se gedagtes agter God aan kan dink en praat, en daarin lê die krag van die mens. Hy oefen mag en gesag uit onder God, tot die mate dat hy praat en handel in terme van God se skeppende woord.

Omdat die mens geskape is na die beeld van God, daarom is spraak so belangrik vir die mens. *Woorde* is die onderwerp van twee gebooie, die derde en die negende. Wanneer 'n mens valse getuienis lewer, en wanneer hy die naam van die Here ydellik gebruik, of optree in oortreding daarvan, dan verwerp hy die "na die beeld van God" ten gunste van Satan se bewering dat die mens homself maak. Maar waar hy ware getuienis lewer in die volle sin van die woord, daar

groei hy in terme van die mens as herstelde beeld van God. Die konteks van Ex. 23:1-9 maak dit dus duidelik dat 'n getroue getuie 'n deel is van 'n manier van lewe, 'n gees van geregtigheid. 'n Getroue getuie is verhewe bo persoonlike sake soos vriendskap, of vyandskap jeens 'n mens. Waar 'n mens geen reg het op die waarheid nie, is dit nie omdat jy hom haat nie, maar omdat dit in stryd is met die wet van God, en omdat hulle probeer om die waarheid uit ons te trek met bose en onwettige doeleindes. Die punt is dat die wet van God ons moet regeer.

p.579. Die wet van God laat ons nie toe om woorde te gebruik volgens ons eie gevoelens van liefde en haat, voorkeure of afkeure, of ons eie profyt of verlies nie. Ps.15:4 – Die hele Psalm benadruk die belangrikheid van 'n geheel-en-al ware getuie, en is 'n kommentaar op Ex.23:1-9. Ware getuienis het betrekking, ten eerste en ten laaste, op God en sy geregtigheid, nie op die mens en sy wense nie.

p.580. Wanneer die waarheid, en die vertel van die waarheid, losgemaak is van God en sy absolute wetwoord, verdwyn hul albei.

## 9. Valse Vryheid

In Spr. 19:5 is 'n opsomming van die negende gebod en sy nodige afdwinging: *Een.* Die vervolging van 'n valse getuie en *Twee.* die vervolging van leuenaars en lasteraars. Die Bybelse wet gee vryheid aan die waarheid, nie aan valse getuienis nie. Ware vryheid van spraak berus op die verbod van valse getuienis.

p.581. 'n Samelewing wat vryheid sy hoofdoel maak, sal dit verloor, omdat dit nie verantwoordelikheid nie, maar vryheid van verantwoordelikheid sy hoofdoel maak. As vryheid van spraak verabsoluteer word, word belastering uiteindelik 'n reg. Godsdiensvryheid word die triomf van nie-godsdiens.

Die doel moet God se regsorde wees, daarin alleen is ware vryheid. p.582. Die gebod teen valse getuienis is die grondslag van ware vryheid. Net soos wat slegte geld goeie geld verdryf, so verdryf 'n leuen die waarheid, pornografie verdryf goeie literatuur en skoon vermaak, ens.

Indien kriminele wetgewing gegrond sou wees op Bybelse reg, dan sou elke vorm van valse getuienis 'n kriminele oortreding wees. Elke geval van valse koopware, misleidende advertensie, en wanvoorstelling sou 'n kriminele oortreding wees. Die pers was vir amper twee eeue 'n belangrike bedreiging van vryheid eerder as 'n ondersteuning daarvan.

p.583. Dan, wanneer vryheid verabsoluteer word, is die resultate nie vryheid nie, maar anargie. Vryheid moet onder die wet staan, anders is dit nie vryheid nie. Die wegneem van die wet gee nie vryheid nie, maar anargie en skep die moordenaar se paradys. Slegs 'n regsorde wat vashou aan die outoriteit van God se wet kan ware vryheid tot stand bring, vryheid vir geregtigheid, waarheid en 'n godvresende lewe. Die woord "vryheid" is dus 'n dekmantel wat deur allerhande vorme van die humaniste gebruik word om die mens se eis om self sy eie onbeperkte mag te wees, te verdoesel.

p.584. Die gebod van Jakobus was: Julle moet so spreek en so doen soos diegene wat deur die wet van vryheid geoordeel sal word. Jak. 2:12. Daar is 'n wet van vryheid; sonder wet, is daar geen vryheid nie.

p.585. Bybelse reg stel dit eenvoudig so, "Jy mag nie doodslaan nie", en "Jy mag nie steel nie," maklik herkenbaar en geen definisie is nodig nie. Omdat die werklikheid altyd moeilik is om te definieer, is die volledige definisie van misdade moeilik. Die presiese definisie van misdade deur statute beteken dat baie kriminele aktiwiteite nie ingesluit is in die katalogus van misdade nie.

### 10. Die leuenagtige tong.

Die Skrif het baie te sê oor die leuenagtige tong. Spr. 6:16-19. Van die sewe sondes wat hier gelys is, het drie direk te make met spraak, bv. Die "leuenagtige tong", die "valse getuie", en "hy wat tweedrag saai tussen broers". Hierdie sewe sondes is almal na verwant. "The first three characteristics are related to each other as mental, verbal, actual" – Franz Delitsch. "The fourth deals with the heart, the fifth with feet, the sixth, verbal, also the seventh."

p.586. Beide kwaadsprekery en laster is dus baie ernstige oortredings. In elke geslag was valse getuienis algemeen omdat die mens 'n sondaar is, maar in die moderne tyd is dit ontwikkel tot 'n verfynde wetenskap. Oorlogvoering vereis strategiese misleiding, maar geen valse getuienis omtrent die karakter van die vyand is toelaatbaar nie.

p.587-p.588. Leuens gedurende oorlogvoerings.

p.589. Ten grondslag van alle leuenagtige tonge is die onwilligheid om verantwoordelikheid te aanvaar. Satan word die vader van die leuen genoem deur onse Here, Joh. 8:44. en Adam en Eva het, nadat hulle Satan se beginsel aanvaar het, dadelik gejok omtrent hulle skuld. Gen. 3:9-13. Waar die mens sy verantwoordelikheid probeer ontduik, daar is hulle leuenaars. Ons kan nie aan ons skuld ontkom deur ander te blameer nie, dan voeg ons 'n leuenagtige tong by ons ander oortredings, en dan word ons meer en meer onsensitief vir die werklikheid van die bose. 'n Leuenaar is gevaarliker as 'n dief: hy vernietig baie meer en hy laat baie groter booshede los.

Elke valse getuie is gevaarlik in die opsig dat hy 'n baie groot ketting van gevolge loslaat wat nie herroep kan word nie; dit versprei 'n smet wat versprei en uiteindelik tot handeling lei.

'n Laaste opmerking: valse getuienis het geen geprivilegeerde status nie. p.590. Indien iemand 'n stukkie skindernuus aan ons toevertrou en sê dat ons nie moet sê dat hy dit oorgedra het nie, beteken nie dat ons aan sy wense moet voldoen nie. As ons daaraan voldoen, dan word ons deel van sy kwaadpratery omtrent 'n ander party, groep of ras – ons moet die leuenaar reghelp en/of teregwys, en, indien nodig, sy taktiek blootlê.

### 11. Laster binne die Huwelik.

Die Bybel verbied laster binne die huwelik, d.w.s. belastering van die man of vrou van sy huweliksmaat. Sulke laster maak die man byvoorbeeld aanspreeklik, nie net teenoor sy vrou nie, maar ook teenoor haar familie. Deut. 22:13-21.

Hierdie is die mees ongewone wet vanuit die regsperspektief:

*Eerstens*, in elke verhoor onder hierdie wet, volg die veroordeling noodwendig. Óf die vrou word skuldig bevind, óf die man, omdat hy valse beskuldigings teen haar ingebring het. Wanneer 'n huwelik tot hierdie punt gekom het, is 'n innerlike straf onontkombaar; en die openbare straf is ook onontkombaar wanneer die saak tot verhoor gekom het.

*Tweedens*, hierdie wet is ook ongewoon daarin dat dit skynbaar elke normale prosedure in hofsake omkeer. In alle ander soorte verhore is die beskuldigde onskuldig totdat hy skuldig bewys word, en is dit die plig van die getuies om die saak te vervolg deur bewys van skuld voor te lê. p.591. Getuies was steeds nodig om te vervolg en het 'n normale deel van so 'n saak gevorm. Die vrou moes duidelik kon bewys dat sy onskuldig was. Die man moes bewys kon lewer van sy vrou se onkuisheid, of anders 'n baie swaar boete aan sy vrou se vader betaal, en die boete dus so buite bereik van die man hou. Nie alleen is die man gepenaliseer nie, maar alle weë tot 'n egskeiding is nou vir hom versper. Lyfstraf is ook aan die man toegedien. Deut.22:18. Aan die ander kant moes die vrou met haar lewe boet vir haar ontrou. Wedersydse ooreenkoms het nie die huwelik beëindig nie, maar werklike en bewese skuld. Hierdie saak is in werklikheid 'n dubbele vervolging. Deut. 22:19; 1 Sam. 9:8; Ex.30:15; Neh. 10:32.

Om die wet te bestudeer met betrekking tot valse getuienis, moet sekere dinge opgemerk word:

*Eerstens*, hierdie is 'n voorbeeld van sakereg. Indien beswaddering van die kant van die man p.592. verbode is, dan is beswaddering van die kant van die vrou ook verbode. Indien die straf op hierdie soort van beswaddering so swaar is, dan word enige ander beswaddering tussen 'n man en sy vrou baie swaar gestraf volgens die Bybelse reg. Die boetes wat opgelê word vir ligter oortredings van beswaddering sal ook in verhouding baie swaar wees.

Die Bybelse reg vereis 'n hoë graad van sorg en bedagsaamheid tussen man en vrou. Die huwelik is die plek waar woorde met besondere sorg geweeg moet word, omdat hierdie verhouding so belangrik is. Die Skrif gee uitgebreide bewys van hierdie vereiste. Ef. 5:28-29; 1 Pet. 3:5-6. Elke man of vrou wat sy huweliksmaat verneder, benadeel net homself op die lange duur. Valse getuienis en 'n los tong bring net oneer oor 'n persoon.

*Tweedens*, die saak van beswaddering binne 'n familie is 'n kriminele en openbare oortreding, nie slegs 'n private een nie. Die plek van die familie as staande in die sentrum van die samelewing, maak beswaddering binne die familie in besonder gevaarlik vir die samelewing.

*Derdens*, in hierdie wet word die man in besonder beboet en gestraf. Dit is die plig van die man om, onder andere, die beskermer van sy vrou en kinders te wees. Indien hy hulle daarenteen afkraak en sy vrou in besonder, dan is dit 'n teken van onvermoë om te beskerm en te regeer, en die teken van 'n siek mentaliteit wat skaamte en oneer aanbring. Waar die man p.593. dit nie regkry om 'n voorbeeld van 'n verantwoordelike en bedagsame lewe en spraak daar te stel nie, word die kinders 'n belangrike stabiliserende en opvoedkundige krag ontneem. Die man kan sy vrou nie net onteer deur woorde nie, maar ook deur wantroue. Die waarheid self kan beswadderend wees indien dit gebruik word om 'n gedeeltelike en verdraaide beeld weer te gee.

*Vierdens*, die negende gebod vereis dat ons geen valse getuienis mag spreek teen ons "naaste" nie, en hierdie wet maak dit duidelik dat ons belangrikste naaste ons vrou of man is. Die mens

vind sy rykste vryheid binne die familielewe onder God, hierdie vryheid word vernietig en die huis in 'n tronk verander, waar man en vrou valse getuienis teenoor mekaar spreek.

*Vyfdens*, Deut. 5:29 – die boete vir verkragting en ontvoering – 50 sikkels silwer; indien 'n huwelik gevolg het, was egskeiding onmoontlik. Indien sy die man verwerp het, kon sy in 'n volgende huwelik ingaan met 'n dubbele bruidskat. Eks. 22:16 en 18. Die vrou wat aanstoot gegee is, het nie so 'n geleentheid gehad nie. Haar kinders mag haar aan haar man gebind het. p.594. Die boete was dus besonder swaar om die herhaling van sulke voorvalle te verhoed.

'n Laaste opmerking: amper alle volke het 'n agtergrond van vroue wat geslaan is, of soms mans wat geslaan word. Daar is glad nie 'n voorbeeld daarvan in die Skrif nie. Die gestrengheid van die wet met betrekking tot kwaadspreek, maak dit duidelik dat, na analogie daarvan, fisiese aanranding erger is en ondenkbaar is. 'n Verhouding wat gegrond is op vertroue, nie vrees nie, word vereis tussen man en vrou.

## 12. Kwaadspreek ( Beswaddering)

Lev.19:16, 17 word gewoonlik aangehaal as 'n voorbeeld waar *skinder* veroordeel word deur die wet, en word dikwels gesien as die verwerping van skinder eerder as hofverwante reg. 'n Bestudering van die teks maak dit duidelik dat, terwyl skinder veroordeel word, dit met die oog op die hofverrigtinge gedoen word. Jer.6:28; 9:4 en Eseg.22:9. Die waarheid moet gepraat word binne en buite die hof: die rondloop van 'n skinderstorie op enige plek is verbode. 1 Sam. 22:9; Eseg. 22:9 en verder.

p.595. Die wet van God beskou skinder *nooit* as 'n *onbenullige* saak nie: vandaar die besorgdheid van die wet omtrent alle vorms van skinder. Eks. 23:7.

p.596. Skinder is 'n vorm van moord. Dit gaan vinnig van mond tot mond, en bereik baie meer mense binne 'n baie korter tyd as wat afgodediens, hoerery en moord dit doen. Skinder word dus verbied deur die wet; dit is nie net 'n morele stukkie advies nie, dit gaan omtrent 'n kriminele regsoortreding. Ons moet daaroor praat met die "broer", 'n mens van die verbond, anders word ons 'n medewerker aan sy boosheid deur ons stilswye. Matt. 18:15-17.

Dus, die negatiewe formulering van hierdie wet verbied beswaddering: ons mag nie valse getuienis spreek nie. Die positiewe formulering vereis egter duidelik meer as ware getuienis. Ons getuienis moet nie net waar wees nie, maar ook verantwoordelik. Deur ons spraak moet ons nie net lastering vermy nie, maar dit berispe en dissiplineer, en in 'n godvresende samelewing moet ons dit voor die howe van die kerk en die staat bring, Die wet verwag van ons aan die positiewe kant om 'n verantwoordelike spraak aan te moedig wat sal meehelp om integriteit, hardwerkendheid en eerlikheid te bevorder. Die gebod het betrekking op orde in die samelewing. As God se absolute wet vervang word met anargistiese vryheid, dan word betekenis uit die wêreld onttrek, en verantwoordelike getuienis staak, omdat daar niemand is teenoor wie jy verantwoordelik is nie, geen God wat absoluut p.597. kan vereis dat die mens verantwoordelik is teenoor Hom en teenoor Sy wêreld van mense nie.

Waar ook al die mens, instellings en samelewings God verlaat, daar verlaat hul die werklikheid. Hulle hou op om ware en verantwoordelike getuienis te lewer en begin om 'n

leuen te lewe, omdat hulle in die wêreld van die leuen God kan speel. Die kerk wat glo dat hy in die wêreld kan leef en die probleme van die wêreld verwaarloos, leef in 'n droomwêreld. Deur na te laat om God se wetwoord aan die hele wêreld te koppel, leef hulle 'n leuen, hoe korrek hul godsdiens ook al is wat vorm betref. Hulle mag spog dat hul "evangelisties" of "ortodoks" is, maar in werklikheid is hulle irrelevant en leuenaars, omdat daar niks irrelevant omtrent God is nie. Omdat God die Skepper van alle dinge is, daarom is alle dinge relevant tot God en is alles in totale subordinansie tot die wetwoord van God. Die kerk wat nalaat om tot die hele lewe te spreek in terme van die totale woord van God, sal p.598. gou 'n barbaarse leuenaar wees met betrekking tot elke mens wat probeer om daardie kerk uit sy droomwêreld te ruk. Die waarheid is nie in so 'n kerk of in so 'n mens nie, en ons kan nie waarheid van hulle verwag nie. Terwyl hy 'n leuen uitleef, het die onwedergebore mens geen ander wêreld as sy leuen nie. Die wat glo in demokrasie is ook gevangenes van hul leuen; hulle skep diep en onmenslike klas- en rasvyandigheid deur wetgewing en noem dit vrede en gelykheid.

Die rabbi's was reg omtrent valse getuienis: dit is die dood vir die man wat dit uiter, dood vir die samelewing wat dit duld, en dit adem moord teenoor die naaste. Om valse getuienis te vermy, moet 'n samelewing in die eerste plek alle valse gode vermy. Valse gode kweek vals mense en 'n valse getuienis.

### 13. Kwaadspreek (Beswaddering) as diefstal

p.598. In Lev. 19:11 het ons 'n ander verwysing in die wet na kwaadspreek. p.599. Die twee vorms van oortreding van die agste gebod, steel en kul, word saam met leuenspreek, as 'n oortreding van die negende gebod gegee. Al die gebooie is naby interafhanklik daarin dat dit uit die hand van dieselfde God kom, maar die verbintenis van sommige is nader as die van ander. Diefstal is 'n vorm van valse getuienis wanneer die dief voorgee om die eiendom te besit, dit dan verkoop asof dit sy eie is, en van die opbrengs leef asof dit sy eie rykdom verteenwoordig.

'n Ander belangrike verhouding tussen lieg en diefstal is dat beswaddering 'n man beroof van sy reputasie, sy posisie in die samelewing, en sy gemoedsrus. Restitusie was 'n nodige deel van die wet met betrekking tot beswaddering. Beswaddering word wyd veroordeel in die Skrif: Spr. 11:9; Titus 3:1, 2; Ef. 4:29; Jak. 4:11; Spr. 10:18; Ps. 101:5. Dit is duidelik dat beswaddering nie slegs as diefstal beskou word nie, maar ook as 'n vorm van moord. Spr. 11.9. Dit is dus nodig dat restitusie gemaak moet word.

Die basiese wet vereis dat ons nie valse getuienis mag spreek teen ons "naaste" nie. Ex. 20:16. Die woord in Hebreeus vir "naaste" is **rea** of **rach,** wat beteken "om te voed of te versterk", en "rach" verskyn ook in die Skrif as die werkwoord "om te voer". Die naaste is dus iemand wat ons so moet versorg, net soos wat hy 'n verpligting het om ons te versorg. Ons versorg mekaar, is goeie bure p.600. of versorgers van mekaar wanneer ons 'n regsorde instel en bevorder wat ons alledaagse lewe voed en versterk. Wanneer ons ware getuienis lewer, voed ons mekaar met die waarheid, deur middel van 'n godvererende regsorde. Lev. 19:9, 10: Die wet met betrekking tot kaal af-oes vereis van ons om die naaste te help om homself te voed. Bybelse barmhartigheidsdiens beteken nie 'n soort van mens wat geldelike toekennings ontvang sonder om te werk nie. Die wette aangaande af-oes het harde werk vereis. Verder, die woord naaste het betrekking op elke mens, arm en ryk; dit beteken dat nie net die armes moet

versorg word in 'n buurmansamelewing nie, maar ryk en arm moet mekaar versorg deur saam te werk daaraan om 'n godvererende samelewingsorde te vestig waarin alle goeie mense kan floreer. So 'n samelewing kan nie floreer waar daar geen geloof is nie. Sonder geloof, is die mens geneig om al meer hul gevalle natuur te openbaar, wat 'n leuen lewe, glo en verkies. Dit is waarom die twee tafels van die wet onskeibaar is van mekaar. Aangesien morele orde berus op godsdienstige orde, kan die mens nie vir lank sy buurmansverhouding teenoor sy medemens volhou wanneer sy verhouding met God verbreek is nie. Waarheid is die grondslag en bronaar van morele karakter.

## 14. "Elke ydele woord"

Te dikwels, in plaas daarvan om die Bybelse lering omtrent belastering as wet aan te bied, het die kerk dit geleer as pragmatiese advies. p.601. Dit verbaas nie dat 'n eeu, waarin antiwet kerkmense ons leer, verander het in 'n eeu van eksistensialisme nie.

Die verskillende vorms van laster wat deur die Bybel veroordeel word:

Lukas 6:41-45; Ps. 109:3; 1 Tim. 5; 13; Spr. 11:9; Ps. 50:19, 20; Open. 12:10; Ps. 52:4; Spr. 10:18; Titus 2:3; 1 Tim. 3:11; Matt. 26:60; Judas 8; Rom. 3:8; 2 Kor. 6:8; Ps. 38:12; 108:2; 1 Petrus 4:4; Ps. 15:1,3; 34:13; 1 Petrus 2:12; 3:10; 3:16; Ef. 4:31; Titus 3:1, 2; 1 Kor. 4:13; Matt. 5:11; Spr. 16:28; 18:8; 26:22; 26:20; 6:19; Ps. 31:13; Eseg. 22:9; Jak. 3:1-12 – die onbeheerste tong verteenwoordig 'n bose begeerte om baas te speel oor ander mense deur hul af te kraak. Matt. 12:36.

p.602. Ons Meester het verklaar:
E*erstens,* dat 'n mens se lewe 'n ware getuie moet wees, geskep om resultate vir God te lewer. Matt. 12:33-35.

*Tweedens,* die "ydele woorde" is daardie woorde sonder doel, d.i. woorde wat niks te doen het met die mens se roeping onder God nie. Hulle sal uiteindelik veroordeel word, maar vir die huidige word die mens tyd gegun om hom tot God te bekeer en bekeer te word van 'n ydele lewe en ydele woorde tot 'n produktiewe een onder God.

*Derdens,* die aangestelde regsinstansies moet met die *bose* woord handel; God sal op Sy tyd elke *ydel* woord oordeel.

*Vierdens,* Matt. 12:37 beteken: Die howe van hierdie wêreld moet die mens aanspreeklik hou vir sy woorde, en God hou die mens ook aanspreeklik. Woorde word dus duidelik gewys as 'n basiese aspek van die mens se "vrugte"; sy selfopenbarende voortbrengsels, en woorde, net soos handelinge, val geheel en al binne die kader van oordeel.

Die wet teen valse getuienis is nie 'n raadgewing van soetheid en lig nie. Ons word nie aangeraai om vaag te wees in ons spraak nie, of om te vlei nie, ook word ons nie verbied om die waarheid te praat oor boosheid of om dit te veroordeel nie. Joh.7:24. Ons word nêrens aangesê om morele standaarde en oordeel prys te gee nie; ons word verbied om te oordeel in terme van persoonlike en humanistiese kriteria. Matt. 7:1, 2. Die gewone raad om niks onaangenaam oor enigiemand te sê nie, is 'n oproep om vals te getuig, dit het 'n geslag van humaniste 'n slegte gewete gegee omtrent die praat van die waarheid.

Die verwysingsraamwerk is altyd die wet, nie slegs pragmatiese raadgewing nie. Daar is toekomstige oordeel vir 'n lewe van ydel woorde, en daar moet huidiglik geoordeel word oor elke bose woord. Die erns van die wet wat betref laster is duidelik in Open. 22:15, waar diegene wat verblyf in die Nuwe Jerusalem geweier word en genoem word p.603. "honde", ens., en al diegene wat die leuen liefhet en doen, aan die ander kant: Open. 22:14: Geseënd is hulle wat sy gebooie doen, sodat hulle die reg het op die boom van die lewe, en mag ingaan deur die poorte tot in die stad. Laster en beswaddering was algemeen in elke eeu, maar 'n humanistiese eeu het 'n verstommende belangstelling in valse getuienis. Humanisme verheerlik die mens, en in elke humanistiese era het mense 'n besonder vurige begeerte om die mens te belaster en te verneder.

p.604. Humanisme verheerlik die mens en dus ook die motiewe van die mens. Dus, as daar 'n botsing kom tussen die waarheid en die begeertes van die mens, word die waarheid opgeoffer.

Valshede in 'n humanistiese staat, vgl. Cook en die Wright broers, behoort ons nie te verbaas nie. Wanneer 'n staat God verloën, verloën dit die beginsel van waarheid. Dit sal homself onvermydelik verhoog tot in die plek van God, en dan lieg om sy mag en prestige te behou. Die humanistiese eeu is onwillig om foute raak te sien of om sy radikale boosheid te erken.

p.606. Humanisme droom van eenheid, die eenheid van die mens, maar dit dra eerder by tot verdeeldheid van die mens. Die eenheid wat humanisme bereik, is kollektief en dit verkrag ware eenheid, wat slegs moontlik is in Christus, Hy wat getuig van die enigste ware eenheid. As Christus ons nie voed nie, dan kan ons nie gevoed word nie. Elke woord van humanisme is 'n "ydel woord."

## 15. Toets deur Pyn en die Wet van die Natuur (Trials by Ordeal and the Law of Nature)

Die Beproewing (Toets deur pyn, wat dan geen letsel laat indien jy onskuldig is nie.) het uiteindelik beteken dat jy glo in die natuur as norm. Die geloof was dat die toets sal lei tot die natuur se voorspraak vir die regverdige en die verwerping van die skuldige. p.607. Die enigste passasie in die Skrif wat lyk na 'n soort van verhoor deur beproewing is die verhoor van jaloesie. Num. 5:11-31.

Die verhoor deur beproewing het van die *natuur* verwag om die onskuldige party deur 'n wonderbaarlike ingreep vry te spreek. Die natuur is normatief, die wet van die natuur volmaak, volgens die verhoor deur beproewing. Gevolglik het die beskuldigde gif ingeneem of sy hand in kokende water gesteek met die voorveronderstelling dat die natuur die onskuldige sou beskerm.

In die Bybelse wet oor jaloesie is dit nie die natuur nie, maar God wat die regter is. Heilige water en stof word gedrink, bestanddele wat nie veronderstel is om enige skade te berokken nie. Die water en stof van die heiligdom verteenwoordig albei die heiligheid van God. Die straf van die vrou se oortreding (d.i. haar seksuele skuld) sou lei tot ernstige kwale van haar voortplantingsorgane; indien sy onskuldig was, sou sy geseën word met vrugbaarheid. Hierdie ritueel is gebruik wanneer ander bewyse van haar owerspel totaal ontbreek het, maar waar

suspisie bly bestaan het. Hierdie wet is dus verwant aan Deut. 22:13-21, en die boete vir die man was dus dieselfde. Daar mag bewys wees in die betekenis van die Hebreeuse woord vir "bitterheid", dat daar "'n potensiële dodelike effek van die water" geïmpliseer word. (Martin Noth).

Van belang is ook die ontbloting van die vrou se kop gedurende die ritueel, Num. 5:18. dit beteken nie slegs die verwydering van haar hoofbedekking nie, maar ook dat die hare moes loshang en deurmekaar wees. (Vgl. 1 Kor. 11:5-10) (CJ Elliot) Gedurende die verhoor moes die tekens van haar onderwerping aan haar man en die verskuldigde eerbied van haar verwyder word, om die implikasies van die verhoor te versimboliseer. As sy onskuldig was, en haar man se jaloesie haar valslik die outoriteit en beskerming deur haar man wat aan haar verskuldig was, ontneem het, p.608. dan is sy permanent herstel tot sy outoriteit en onderhoud sonder dat hy enige reg tot egskeiding toegelaat is. Deut. 22:19. Die man moes 'n offerande bring, en die vrou het die offerande vasgehou gedurende 'n gedeelte van die verhoor, Num. 5:25. om die feit aan te dui dat beide owerspel en valse jaloesie oortredings teen God se regsorde is.

Die verskil tussen die Beproewing en die Bybelse Reg: in die Beproewing is die natuur die norm, foutloos, onskuldig, en daarom word die kwaaddoener verwerp. In die Bybelse reg, het die man en die natuur geval, en is hul albei dus nie normatief nie, maar staan onder die oordeel. Net die direkte tussenkoms van God het die verhoor van jaloesie effektief gemaak. (Die leer van digterlike geregtigheid (poetic justice) is verwant aan hierdie konsep van die Beproewing en is 'n gesofistikeerde weergawe daarvan.) Die Natuurwetkonsep het gekom na die Beproewing as die verteenwoordiger van hierdie geloof in die natuur. Op sy beurt het die Natuurwetkonsep plek gemaak vir positivisme in die reg, wat weer die staat sien as die oorsprong van die reg en dus as normatief.

Volgens die Bybelse reg, het die Beproewing geen plek nie, en is in sy geheel vreemd aan die Bybelse verklaring van die soewereiniteit van God. Die Bybel gebruik glad nie terme soos "die natuur" nie. Nie die natuur nie, maar God is die bron van alle natuurlike fenomene. Die mite van Die Natuur is die resultaat van Hellenistiese filosofie. Die Bybelse perspektief van die reg ontken dat die mens of die natuur normatief is. Rom. 3:9-18. Nie die mens nie, maar God en die wet van God is normatief; en Sy wet moet die kriterium van oordeel wees. Die verhoor van jaloesie is 'n wet wat hom duidelik teen die hele beginsel van die Beproewing uitspreek.

Die verhoor van jaloesie was doeltreffend slegs wanneer die man self onskuldig was, en die verhoor is afgeskaf in die eerste eeu na Christus omdat owerspel onder die mans so algemeen geword het. (Selby. p.521.) Die verhoor was ongeldig indien die man na die aanklag en voor die verhoor met sy vrou saamgewoon het. Party Rabbynse kommentators het verwysings na hierdie wet gesien in Ps. 109:18. Blote gevoelens van die man se kant was onvoldoende grond; 'n bestaande verhouding, of dit onskuldig was of nie, was die grond vir hierdie klagte. Die eed gee die uiteindelike oordeel aan God, of aan sy aangestelde geregshowe, waar meineed ontdek word, terwyl die Beproewing dit het dat die natuur onmiddellik die waarheid of onwaarheid van die eed sal bevestig op bevel van veroordeling wat die aanklag aangaan. Dus is daar 'n werklike ooreenkoms sowel as 'n opmerklike verskil. Die eed in terme van die Bybelse reg voorveronderstel die finale en onfeilbare hof van God. Die eed en Beproewing van die heidense reg voorveronderstel die onmiddellike en onfeilbare hof van die natuur. Die twee is in hierdie sin wederkerig uitsluitend en in radikale teenstelling met mekaar. p.610. Die

verhoor van jaloesie het nie gewerk, nóg het die bonatuurlike ingrepe van God plaasgevind, indien die man nie vry van skuld was nie. Hosea 4:14.

**16. Regters.**

p.611. In enige beskaafde orde, is een van mees belangrike posisies die van die regter. Die geregshowe kan geen ware reg verteenwoordig as die regter en sy posisie van nature en gesag defek is nie. Vir 'n maatskaplike orde om vooruit te gaan en aan sy mense stabiliteit en vrede te verskaf, is dit:

*Eerstens* nodig vir die staat om van alle mense met ernstige klagtes te vereis om dit aan 'n geregshof voor te lê. Mense mag nie toegelaat word om die reg in eie hande te neem nie. Die reg staan bo die mense, en die reg vereis 'n agent los van die mense en immuun teen hul persoonlike gevoelens.

*Tweedens* moet die howe die mag van die staat hê om hul bepaling af te dwing, anders heers daar anargie. Alhoewel die hof nooit onfeilbaar kan wees nie, moet die besluit van die hof beskerm word, en die appèl teen sy besluit moet binne die struktuur van die howe gemaak word, nie buite hulle om of teen hulle nie, want dan heers daar anargie.

*Derdens,* die hof moet die transendentale konsep van reg en geregtigheid verteenwoordig, 'n standaard buite en bo die mens, 'n wetstruktuur, hoe foutief ook al, verkry van God. Die hof moet die passie van die dag te bowe gaan. Dit moet 'n regsorde verteenwoordig wat die hele maatskaplike struktuur beoordeel, en dit is alleen moontlik indien die regter God verteenwoordig, nie die mense of die staat nie. Dit beteken:

*Vierdens* dat dit nie die verkiesing van regters is waarom dit gaan nie, p.612. maar hul karakter en geloof, en die karakter en geloof van die burgery as 'n geheel. Indien 'n sterk geloof die samelewingsorde kenmerk, is die regters gewoonlik buitengewone mense; indien relativisme en pragmatisme die oorhand het, weerspieël die howe en die regters dit. Die kwaliteit van regters en howe is nie die resultate van metodologie nie.

Aan die gegradeerde howe in Israel was praktiese raad gegee deur Jetro. Eks. 18:13-16. Tiendes, honderde, duisende, Ex. 18:21. Die tiene verwys na families. Eks. 18:15, 16. gee God se bedoeling weer. Deut. 16:18. Ons het voorheen verwys na die burgerlike pinkster, waar God die burgerlike beamptes van Israel gevul het met sy Gees, om aan te dui dat hulle profete van God was wat geroepe was om namens God te praat in die bediening van die reg. Num. 11:16. Elke hervorming in Israel het gedeeltelik die terugkeer na die profetiese karakter van die burgerlike amp behels. Dit was die bewustheid van hierdie feit wat die Protestantse Hervormers, sowel as die hervormers van die middeleeue binne die kerk, daartoe gelei het dat hul die oproep tot hervorming tot sowel die kerk as die staat gerig het. Dit is moderne dwaalleer dat 'n land 'n "herlewing" kan hê sonder hervorming van die staat sowel as van die kerk. Josafat se hervorming het presies so 'n stap behels. 2 Kron. 19:2, 6, 7.

p.613. Die amp van regter is dus duidelik 'n teokratiese amp; die predikant verklaar die woord: die regter pas dit toe op die konflikte van die lewe. Indien die regter 'n klas of party verteenwoordig eerder as vir God en Sy gebod, dan word 'n radikale perversie van die reg ingestel in die lewe van 'n nasie (volk). Omdat die mens 'n sondaar is, sal selfs die mees godvresende regters feilbaar wees en fouteer, maar, deur sy geloof sal hy gelei word deur die

wetwoord van God en Sy Heilige Gees. Die ongelowige regter wat nie so 'n standaard het nie, sal van nature partydig wees. Vir hom sal dit natuurlik wees om omkoopgeld te aanvaar, al is dit boos: hy is daar om menslike mag te verteenwoordig, nie die wet van God en Sy geregtigheid nie. Dus, in terme van die Bybelse reg, alhoewel dit 'n misdaad vir 'n regter is om omkoopgeld te aanvaar, is dit nie 'n misdaad om 'n regter om te koop nie. Die regter sondig teen sy amp; die man wat hom omkoop, handel realisties volgens die omstandighede. Indien 'n stukkie vleis wat gegooi word na 'n grommende en gevaarlike hond 'n man in staat sal stel om in veiligheid verby te kom, sal hy die vleis gooi en sy persoon beveilig.

Die godvresende regter word gewaarsku teen omkopery, vals ede en die verdraaiing van die reg. Eks. 23:6-8; Lev. 19:15; 24:22; Deut. 1:12-18; 16:18-20; 25:1; 27:25. Hy is slegs in die tweede plek 'n beampte van die staat; hy is eerstens 'n beampte van God. Goddelose regters moet gevrees en gehaat word: hulle verteenwoordig 'n besondere skrikwekkende en lelike vorm van boosheid, en hulle misbruik van hul amp is 'n dodelike kanker in enige samelewing.

### 17. Die Verantwoordelikheid van Regters en Regeerders.

'n Basiese belofte van die Bybelse reg verskyn in 'n wet van sentrale belang: Volgens Deut. 21:1-9, is dit die verantwoordelikheid van regters en regeerders om elke onreg reg te stel, of die oortreder opgespoor kan word of nie. p.614. Die implikasie van hierdie wet:

*Eerstens*, die hele gemeenskap het 'n verantwoordelikheid om die onreg wat binne sy jurisdiksie gepleeg is, reg te stel. Dit is 'n aspek van die polisiëringsmag van die burgers. Wright: "Dit is dus nodig dat die gemeenskap die feit sal erken en so optree dat hul goddelike vergifnis sal verkry."

*Tweedens*, indien die gemeenskap nie die skuldige party kan opspoor nie, dan moet hul p.615. stappe neem om die onreg reg te stel, anders word die gemeenskap skuldig saam met die howe en die regeerders. Deut. 21:9. Diegene wat in gebreke bly om saam te werk om God se vereistes vir regstelling in te stel, is *individueel* skuldig, selfs al is hulle miljoene in getal, terwyl hulle wat die beginsel van regstelling nakom, van individuele skuld vrygestel word. Die kollektiewe skuld is dus in die kern individueel. Daar is egter 'n kollektiewe oordeel oor die nasie (volk) of gemeenskap van die hand van God.

*Derdens,* hierdie is sakereg, en dit moet begryp word in terme van die basiese beginsel, restitusie. Hierdie wet bevestig duidelik dat daar vir misdaad versoening gedoen moet word, en dat die veronregte vergoed moet word. Indien daar met God rekening gehou moet word, dan moet daar met die mens ook rekening gehou word: die beginsel van regstelling is 'n totale een en vereis regstelling in elke area. Die simboliese dood van die moordenaar beteken dat die gemeenskap glo dat die herstel van die ware orde verpligtend is.

Dit bring ons by die beginsel van regstelling vir moord. Een aspek van die wet van regstelling vir moord is die doodstraf. 'n Ander aspek is geldelike vergoeding. Eks. 21:30-32. Die persoonlike eiendom van die moordenaar kan gekonfiskeer word (maar nie die van sy vrou nie) om verkoop te word om die familielede van die vermoorde te vergoed. In die middeleeuse howe, het die nalaat van betaling van skuld nie net gelei tot die vereiste om dit te betaal nie, maar ook die straf vir meineed is deur die hof opgelê, omdat die kontrak om te betaal, wat verbreek is, valse getuienis veronderstel.

Waar die gemeenskap 'n misdadiger aanhou, is dit hul plig voor God om restitusie te vereis. Waar die misdadiger nie aangekeer word nie, bly die plig tot restitusie nog bestaan. Die staat moet in al sulke gevalle restitusie maak uit 'n spesiale fonds vir daardie doel, óf belasting óf boetegeld opsy gesit vir daardie doel. Onteenseglik is dit God se doel dat alle onreg reggestel moet word. Versoening impliseer restitusie in 'n meer totale sin, in verhouding tot God en die totaliteit van God se werklikheid. p.616. Die huidige bondgenootskap van die howe, openbare ampte, en sakemanne, om misdaad aan te moedig omdat dit betalend is, kan nie bestaan waar restitusie in elke saak vereis word nie.

*Vierdens,* die teenwoordigheid van priesters in die hof moet raakgesien word. Josefus het die feit aangeteken dat daar op gereëlde basis Leviete aangestel is by al die howe as deel van die geïmpliseerde vereistes van die wet van Moses. In die vasstelling en die toepassing van die wet was hierdie Leviete kundiges; die burgerlike regters het met die skuld van die misdadiger en die aanhoor van die getuienis te doen gehad, die Leviete met die spesifieke aard en toepassing van die wet.

p.617. *Vyfdens,* sien ons met die verhoor van jaloesie, dat volgens Hosea 4:14, wanneer skuld duidelik word, God se *spesifieke oordeel* oor skuldige vroue *vervang word deur 'n algemene oordeel.* Die breek van die vers se nek het opgehou plaasvind teen omtrent dieselfde tyd as die verhoor van jaloesie, in die eerste eeu na Christus.

Binne elke kultuur, wanneer *spesifieke oordeel misluk, dan word oorgegaan na algemene oordeel.* Oordeel is onontkombaar waar daar ook al oortreding is. As die oortreder nie voor die hof gebring word en daar restitusie geëis word nie, dan moet die samelewingsorde restitusie maak. Die regverdige eise van versoening deur God, die groot Heer en Besitter van alle mense en die hele aarde, en die regverdige eise van veronregte mense moet toegestaan word. Indien dit nie toegestaan word nie, sal die hele samelewingsorde deur God geoordeel word.

Christus se versoening met God is Sy daad van regstelling vir sy nuwe mensheid: deur sy volmaakte gehoorsaamheid aan God se wet, en Sy plaasvervangende sterwe vir die uitverkorenes, het Jesus versoening vir Sy mense gedoen. Hulle wat God se volk is, die nuwe mensheid, sal vergoeding toepas tussen mens en mens as hul reaksie tot God se genade. Mense wat geen versoening met God deur Jesus Christus het nie, sal geen vergoeding teenoor mense doen nie.

Kerke wat net Christelik in naam is, sal nie regstelling preek nie, en sal ook nie onreg wat aan 'n ander gedoen is, regstel nie. Hulle antwoord vir hul eie probleem is pragmaties. Indien lekebeamptes moreel verkeerd is maar hulle belangrike mense is, word die pastoor verplaas om konflik te vermy. Indien die pastoor moreel skuldig is of ongeskik vir die bediening, word hy te dikwels verplaas en te selde ontslaan. Nie regstelling nie, maar institusionele veiligheid is gewoonlik die doel.

## 18. Die Hof

Die wet van die regstelling vir alle oortredings Deut. 21:1-9. maak dit duidelik dat die deelname van 'n Leviet, d.i. 'n kundige in die wet van God, 'n teoloog, in die burgerlike howe vereis word. Josefus: die hof is 'n godsdienstige instelling. Die teenwoordigheid van priesters of Leviete het nie p.618. verwarring tussen kerk en staat beteken nie: dit het eerder die totale

deurdringing van kerk en staat, sowel as van elke ander institusie, deur die outoriteit van die Woord van God beteken. Die Leviete wat hier na verwys word, was deskundiges in die wet van God, *wetsgeleerdes* (prokureurs). Die gereëlde verwysing na die skrifgeleerdes in die Nuwe Testament was juis na hierdie deskundiges wat lede van die geregshof was.

Deut. 17:8-11. Die geskrewe woord is die ketting wat bind. Die verwysing van onse Heer was duidelik na hierdie wet toe hy gepraat het van bind en ontbind in Matt.16:17, 18; en in Matt.18:18. Dit is duidelik dat p.619. *"die sleutels van die koninkryk" onskeibaar is van die wet, en die getroue verklaring van die wet.* Dit kan juis gesê word dat "sleutels van die Koninkryk" wat bind en ontbind die wet is; aan die kerk, deurdat hy gekonstitueer is as die Nuwe Israel van God, die nuwe verbondsvolk, is ook die wet gegee as die manier om die Nuwe Israel te regeer, burgerlik en kerklik. Die sleutels was dus nie 'n episkopaalse of pouslike mag *per se* nie, ook nie 'n private interpretasie nie: die sleutels is die wet as die enigste instrument van ware gesag onder God, van veroordeling en kwytskelding, van binding en ontbinding. Dit is die Wet van God, nie die kerk nie, wat die mens bind of ontbind, en slegs waar die kerk getrou die wet verklaar, is daar ware binding en ontbinding. Waar die kerk ook al probeer om die mens se gewete of gedrag te bind of ontbind los van die wet-woord van God, is die kerk self gebind, dit beteken dit is self onder die oordeel.

Die staat kan soortgelyk die mens ook nie bind of ontbind, los van die wet-woord van God nie, en die staat het die getroue uiteensetting van die wet nodig, deur die kerk en deur teoloë in die diens van die staat. Die belydenis van Westminster het in Hst. 31, 5, verklaar: *Sinodes en Rade moet niks behandel, of besluit, behalwe dit wat kerklik is nie: en moet nie inmeng met burgerlike sake vir sover dit die "common wealth" aangaan nie, behalwe deur middel van 'n nederige petisie in buitengewone sake: of deur middel van raadgewing ter wille van die gewete, indien hul daarom gevra word deur die burgerlike magistraat.*

Dit is waar van die kerk: dit is nie van toepassing op die godsdienstige onderwyser, wat 'n dienaar, of beampte in die kerk, staat, of skool is, en die plig het om die wetwoord van God te verduidelik nie. Elke hof, omdat dit onontkombaar te doen het met die wet, is 'n godsdienstige instelling. 'n Godsdienstige instelling vereis godsdienstige opvoeding. Die opvoeding in 'n staat sal óf die godsdiens van die staat leer óf die staat sal ondermyn word. Die howe, juis om hul belangrikheid in die lewe van 'n volk, moet in besonder ingelig wees oor die aard van God se wet-woord. Regsopleiding is 'n vorm van teologiese opleiding, en moderne regskole is humanistiese godsdienstige instellings. In terme van Bybelse reg, behoort die howe en die regters in beide hulle opleiding en manier van doen ingelig te wees omtrent God se wet.

p.620. Deut. 17:8 – "tussen bloed en bloed", beteken 'n besluit tussen moord en manslag; "tussen pleit en pleit" beteken een tipe pleit vir reg soos teenoor 'n ander. "Tussen slag en slag", verwys na verskillende soorte liggaamlike beserings; "sake van verskil in jou poorte" beteken sake van verskil binne die samelewing. In hierdie baie praktiese regsvrae en die toepassing van die wet, is die uiteindelike outoriteit wat bind en ontbind God se wet-woord. Hierdie wet moet die howe rig, en die howe moet ten minste ten volle gegrondves wees in die wet.

Nóg die kerk nóg die staat kan bind of ontbind as dit nie vashou aan die wet van God as die enigste bron van binding en ontbinding nie, van veroordeling en kwytskelding nie. Binne elke kultuur is die ware god van daardie kultuur die bron van die wet, en indien kerk of staat, of enige ander instansie, fungeer as die skepper van die wet, d.i. wette maak sonder enige

transendentale (bo-wesenlike) grondslag, dan het hulle hulself tot gode gemaak. Hulle *reg* om te beveel is dan verby. Vir die volk van God onder hulle jurisdiksie is daar die volgende uitweë moontlik,
*eerstens*, vreedsame weerstand, terwyl die regsinstrumente gebruik word;

*tweedens*, emigrasie na 'n ander kerk of 'n ander land;

*derdens*, gehoorsaamheid, maar met die volle bewustheid dat hul gehoorsaam is aan God, om orde te bewaar, nie ter wille van die mens nie, wetende dat, terwyl die magte geen bevelsreg het buite God se woord om nie, die plig somtyds bly om te gehoorsaam as die morele weg, sowel as die pragmatiese weg;

*vierdens*, ongehoorsaamheid as die morele plig onder die leierskap van outoriteit - sulke gehoorsaamheid moet gewetensgehoorsaamheid aan God wees eerder as aan die mens. Hoe meer gesag wegdwaal van God se wet, hoe meer impotent word dit om ware oortredings te hanteer en hoe strenger word dit teenoor geringe oortredings of teenoor betekenislose skendings van leë statute wat probeer om te regeer sonder morele outoriteit en sonder rede.

p.621. Wanneer die reg, of dit in die kerk, die staat, die skool of die gesin is, ophou om mense moreel te beveel, dan verval dit, en twee moontlikhede bestaan dan.

'n *Eerste* gevolg is anargie. Ons behoort nie verbaas te wees oor anargie in die gesinslewe, die sakewêreld, of in die staat nie, ook nie oor die gebrek aan dissipline in kerke nie. Die mens sal nie 'n wet gehoorsaam wat nie 'n morele struktuur het nie. ... Christen huisgesinne wat hul kinders na openbare skole gestuur het, het hul geloof verloën en gevra vir morele anargisme. Hierdie anargisme het elke area deurweek, sake en indiensname ingesluit.

*Tweedens*, die alternatief vir morele anargisme is naakte dwang, die gebruik van terreur. Nêrens behoort morele outoriteit groter te wees as in die kerk nie. Omdat die kerk die opdrag het om die woord van God te verkondig, is sy outoriteit baie groot indien hy God se woord getrou verkondig. Dissipline word dan op die hart en gebeente van die mense geskryf. Meer as 'n hofsitting van die kerk vereis dit dan; die lewe van die mense skep dit. Waar dissipline slap is, of waar dit teësinnig en onder druk gehoorsaam word, is die mense nie bekeer nie, of die kerk is afvallig of irrelevant, en irrelevansie is 'n vorm van afvalligheid.

Die geregshof is 'n godsdienstige instelling. Vir die hof om te funksioneer, moet die geloof van die hof ook die geloof van die mense wees. As die morele dissipline nie in die harte van die mense is nie, kan geen revolusie dit daar plaas nie, en dit ook nie aan die howe gee nie. *Indien die mens nie aan God gehoorsaam is nie, sal hul ook nie aan mense gehoorsaam wees nie*, hulle sal dan die galg en die geweer nodig hê as die noodsaaklike middele van orde. Hul protes teen die nuwe orde wat hulle deur hul wetteloosheid geskep het, is net so sonder begronding soos die nuwe orde, en minder effektief. Hierdie nuwe orde het dan een uiteinde – om dood te maak en om dood gemaak te word.

### 19. Die Hofprosedure

p.622. Die hofprosedure is gedeeltelik bespreek deur die bestudering van die wette rondom getuienis en bewyslewering. Ander aspekte van hofprosedure wat van besondere belang is:

*Eerstens*, die plek van die hof, binne die poorte van die stad, Deut. 21:19; 22:15; 25:7; Amos 5:12, 15; Sag. 8:16. of, in gevalle van appèl na die hoogste howe, in die regsaal, die troonsaal in die paleis. 1 Kon. 7:7. Simbolies was geregtigheid by die poorte van die stede; ook simbolies, was geregtigheid, omdat dit niks gehad om weg te steek nie, en net kon baat deur in die openbaar plaas te vind, geheel en al oop. Die konsep van 'n *openbare* verhoor, gestel teenoor 'n geheime verhoor, wat so algemeen was in die ou verlede en onder tiranne, was dus basies tot die Bybelse reg. Die openbare teregstelling was deel van van dieselfde beginsel. Geheime of geslote teregstelling wat voorgestaan is in die naam van waardigheid, is in der waarheid 'n teken van groeiende staatsbeheer en opkomende tirannie. Uiteindelik is in 'n tirannieke staat die sterftes nie alleen in die geheim nie, maar dit word nie eers gerapporteer nie. Die beginsel van die openbare verhoor moet behou word.

*Tweedens,* ons moet nie aanneem dat verhore in die Bybelse tye primitief en nie gerapporteer was nie. Lank voor Moses was geskrewe rekordhouding verpligtend. Job, wat geleef het in die tyd van die aardsvaders, noem in die verbygaan die hofprosedures van sy dag. Job 31:35. Geskrewe aanklagte en rekords was dus 'n vroeë aspek van hofprosedure sodat die fyner punte van bewys en getuienis vasgestel kon word.

*Derdens*, minagting van die hof was verbode, Eks. 22:28. en waar 'n radikale verwerping van die hof se gesag voorgekom het, was dit strafbaar met die dood. Deut. 17:12, 13.

*Vierdens*, die getuies moes 'n eed neem voordat hulle getuig het. Eks. 22:10, 11. Die eed was 'n voorwaardelike vloek, met voorgeskrewe boetes vir oortreding. Lev. 6:1-7.

*Vyfdens,* appèl kon aangeteken word na die hoogste hof van die land, na Moses, die rigters (regters) van die land, of tot die koning. 1 Konings 3:9. Inderdaad, die belangrikste funksie van die hoofmagistraat of outoriteit in 'n volk was, volgens Bybelse reg, die plig om op te tree as 'n hoogste appèlhof. Ons kan nie die grootheid van Salomo en sy regering verstaan sonder om hierdie feit te erken nie. 1 Kon. 3:5-15. p.623. Dit is kommentaar op ons tyd dat Salomo die beste onthou word vir sy harem; in sy eeu was dit sy vermoë as hoofregter van die volk wat hom die grootste roem besorg het. Sy versoek aan God was presies dit. 1 Kon. 3:9. Opgelei deur die profeet Natan, 'n kenner van die wet by uitstek, was Salomo se grootste bekommernis die wet, wat die hoeksteen was van sy regering.

*Sesdens*, alhoewel arrestasies op die sabbat uitgevoer kon word, Num.15:32-36, is verhore slegs op die ander dae van die week gehou.

*Sewendens,* die reg op 'n spoedige verhoor, op 'n regspleging sonder vertraging, was nie net 'n kenmerk van die openbare verhore van die hof nie, maar is ook benadruk, as 'n hulpmiddel tot gesonde administrasie, deur Artaxerxes. Esra 7:26. Hierdie orde het Persiese outoriteit en reg naby aan Hebreeuse reg en tradisie gebring. 1 Esdras 8:24 kwoteer ook 'n vorm van oordeel wat vreemd is aan die Bybelse reg, nl. gevangesetting. Die gevangesetting van 'n man soos Johannes die Doper was in wese 'n onwettige daad.

*Agstens*, aangesien die funksie van die staat volgens Bybelse reg die toepassing van reg moes wees, was die hoogste pos in die staat onafskeibaar van die reg en die howe. Administrasie, nou ten nouste verbind met die hoogste posisie in 'n staat, was toe p.624. 'n funksie wat gereserveer is vir die amptenare van die koning, lede van die harem, kamerlinge (eunugs), en andere. Die basiese funksies van die hoofamptenare van die land, sy dit nou 'n rigter in 'n

vroeër era, of 'n koning in 'n later era, was tweevoudig: om die militêre leier en om die hoofregter van die staat te wees. Die militêre amp kon na andere gedelegeer word, soos in die geval van Dawid na Joab Die amp van hoofregter was 'n ononderbroke een en die mees grondliggende amp. Die koning se hof was nie 'n vertoonplek of die sentrum van sosiale funksies nie, maar die setel van die reg. Toe die koning se howe begin verander het in 'n promenade van dames, was die monargie in die proses om homself tot niet te maak. In enige burgerlike regering waar administratiewe ampte sentraliteit verkry, sal gesentraliseerde mag onlosmaaklik deel daarvan wees, omdat nie die reg teenoor die mense nie, maar die heers oor die mense basies word tot die volk en die staat.

In die Ou Testament was Moses die hoofrigter van Israel, 'n regter. Die stamleiers was verskillende administratiewe hoofde van die volk; hulle "federale unie" onder Moses en Josua was in die kern militêr en regterlik. Hulle was onder een wet, en Moses was die hoofregter van daardie federale unie sowel as die opperkommandant. Die militêre funksies is deur Moses gedelegeer aan Josua; die regsverantwoordelikhede het Moses self nagekom.

Samuel, as die hoofregter, p.625. het jaarliks die hele land deurgegaan 1 Sam. 7:16, 17. om die reg na die volk te bring, om te verseker dat daar 'n reg van appèl was deur die appèl onmiddellik beskikbaar te stel vir die volk.

*Negendens,* en ten laaste, moes die regter nie 'n onpartydige skeidsregter wees nie, maar 'n partydige voorstander van die wet van God, aktief besig om God se reg van toepassing te maak op elke situasie. 2 Kron. 6:23.

**20. Die regspraak van die Hof**

Die regspraak van die hof in die Bybelse wet is tweesoortig: *eerstens,* regspraak wat betref geld en eiendom, om restitusie te doen, en, *tweedens,* regspraak wat betref die persoon, vanaf liggaamstraf tot die doodstraf.

Dit is belangrik om te besef dat in die Bybelse wet die regspraak van God is. Deut. 1:17. Die uitgangspunt hier is dieselfde as die van Paulus in Rom.13:1-4, maar dit is meer spesifiek: Die *oordeel* van die hof is die oordeel van God, oral waar daar Bybelgetrou geoordeel word. Omdat die geregshof so nou met die aktiwiteit van God geïdentifiseer word, word daar in die Skrif na die regters verwys as "gode". Ps. 82:1. Regters is dus die "gemeente van God", dus 'n groep manne vir wie God geroep het om Hom te verteenwoordig in die regspraak, en deur hulle, oordeel God, of bewerk Hy geregtigheid. Dis 'n fundamentele aspek van God se ordening van Sy koninkryk en moet en kan alleen manifesteer in en deur die geregshowe. Die afvalligheid van die regters beteken, volgens die Berkley vertaling, dat "all the foundations of the earth are shaking." Ps. 82:5. Regters word deur hul amp verander in gode, die seuns van God. Ps. 82:6. Wanneer hul nalaat om die oordeel van God te laat geld, sal hulle vergaan. Ps. 82:7. Asaf se versugting. Ps. 82:8.

p.626. Jesus het, deur hierdie Psalm aan te haal, verklaar dat regters diegene is tot wie die woord van God gekom het, en dat die Skrif nie gebreek kan word nie. Joh. 10:35. Met ander woorde, *die woord van God is in 'n groot mate vir regters geskryf*; dit is 'n boek, onder andere, vir die organisasie van die burgerlike orde volgens die woord van God. Dit is 'n poging om die Skrif te "breek" wanneer die Skrif se burgerlike toepassing ontken word, of die rol van die regters onder God; en om die Skrif se toepassing tot die kerk en suiwer persoonlike

vroomheid te beperk, is kettery, dwaallering. Die toets van die regters as die seuns van God is dat hulle die werk van God doen, dat hulle geregtigheid laat geskied volgens God se wetwoord. Die toets van Jesus is soortgelyk: Hy doen die werk wat God vir Hom voorbestem het. Joh. 10:37-38. Die Skrif verklaar dat regters slegs dan ware regters is, as hulle getrou bly aan God se wet. Wat dan van Paulus se woorde in Romeine 13:1-4, wat verklaar dat alle burgerlike gesagdraers ministers van God is? Die verskil is tussen wetmatigheid en integriteit. 'n Regter, 'n bedienaar van die reg, of 'n predikant, 'n bedienaar van die genade, mag 'n wettige amp beklee, kan die volle titel tot sy amp besit volgens alle p.626. menslike vereistes, maar hy kan terselfdertyd onbekwaam wees vir sy amp op morele vlak. God vereis van ons om die menslike legitimiteit te erken en om die amp te eer al is ons nie in staat om die mens te eer nie; oordeel wat verby 'n sekere punt strek, is in God se hande. Dit beteken nie dat wettige maniere van protesteer en verander nie gebruik kan word nie, inteendeel, hulle moet gebruik word.

p.627. Volgens die wet van God begin ware hervorming met die wedergeboorte, en daarna die onderwerping van die gelowige aan die hele wetwoord van God. Die ontaarde voorgeërs van hervorming wil die wêreld hervorm deur te begin by hul teenstanders, met enige een behalwe met hulself. Ware hervorming begin met die onderwerping van ons eie lewens, ons eie huisgesinne en ons eie roepings aan God se wetwoord. Dan word die wêreld stap vir stap herower soos wat mense ware hervorming teweeg bring op hulle verskillende lewensterreine.

p.628. Die oordele van God in sy woord moet die oordele word van God se volk. Slegs soos wat 'n volk teruggeroep word na God en Sy regsorde, kan hulle die voordele verwag van daardie regsorde. Spr. 29:18 – Visioen van die onderhouding van die wet.

God se wet is 'n totale wet; dit is nie beperk tot 'n segment van die skepping soos die mens se private lewe nie, sy kerklewe nie, of enige ander stukkie van sy lewe nie. Net so min as wat hervorming kan kom deur slegs die verandering van politici sonder die verandering in die lewens van die mense, kan hervorming plaasvind slegs omdat 'n mens dit in 'n beperkte area van sy lewe toepas. Wanneer mense volgens God se wet regspreek in hulle huise, kerke, skole, beroepe, en in die staat, dan sal ook die howe uitsprake lewer volgens God se totale wet.

**21. Volkomenheid. (Volmaaktheid.)**

Deut. 18:13 en Matt. 5:48.

Die wet beveel ons nie om iets te doen wat die mens nie kan doen nie.

"Noag was 'n regverdige, opregte man" Gen. 6:9. en Abraham was geroepe om opreg te wees. Gen.17:1. In Ps. 37:37 het ons 'n verwysing na die vrome en opregte mens as 'n feit van die alledaagse lewe. In Ps. 101:2 verklaar Dawid, "Ek wil ag gee op 'n regskape wandel" en "Ek wandel in die opregtheid van my hart, binne in my huis."

Die OT woorde "regverdig", "regskape", "opreg", en die soortgelyke NT woorde het die betekenis van volwasse wees, volledig wees. Dit is iets anders as sondeloos wees.

p.629. Volmaaktheid beteken opregtheid en volwassenheid wat betref mikpunt en doelgerigtheid, 'n eindpunt wat deur God vasgestel is. Ons volwassenheid in die hemel sal sondeloosheid insluit, maar ons volmaaktheid hier is van 'n ander aard.

Wat sonder blaam is in die geval van 'n kind, is nie sonder blaam in die geval van 'n volwassene nie; volwassenheid vereis konstante groei na God se bepaalde doel. Verder, hoe groter die verantwoordelikheid, hoe groter volwassenheid word verwag om volmaak te kan wees. Wat 'n predikant, 'n dokter, 'n regter of 'n staatsamptenaar doen, en in baie gevalle, wat hulle vroue doen, is belangriker as wanneer ander dit doen. 'n Opmerking wat sonder blaam in die geval van 'n ander sal wees mag 'n ernstige oortreding wees in hulle geval.

p.630. Bybelse volmaaktheid of volwassenheid is nie gekoppel aan die oomblik nie, maar aan God se voorbestemde doel.

Die invloed van piëtisme was belangrik in moderne geskiedenis, en dit het valse getuienis gelewer wat betref God se vereistes. Piëtisme se klem op sondelose volmaaktheid het sonde voortgebring. Waar mense sondeloosheid van ander mense verwag, word hulle maklik verlei tot sondige onverdraagsaamheid van menslike swakhede. Gal. 6:2-5. Ons het somtyds teregwysing nodig, maar meeste van die tyd moet ons saamleef met mekaar, gedagtig aan ons algemene menslike swakhede, en saamwerk om te kom tot daardie volwassenheid wat voortspruit daaruit dat ons eers soek na die koninkryk van God en Sy geregtigheid. Matt. 7:33.

Ons grootste krag lê dus in wat genoem word "volmaaktheid" wat beteken volwassenheid, 'n integriteit, 'n in lyn wees met God se doel, en dit verwerf God se seën selfs te midde van ernstige moeilikhede. Volwassenheid is die vermoë om te groei deur middel van ons ondervindings en om hulle te gebruik om nader aan God se doel met ons lewe te kom.

p.631. Die *probleem*, vanuit die moderne perspektief, word te dikwels gesien as *ondergrawing* terwyl dit meer algemeen 'n morele tekortkoming is, 'n onvermoë om te groei en volwasse te word., om probleme die hoof te bied. Matt. 5:13. – daar is geen goddelike beskerming vir mense en nasies wat hul roeping en "smaak" verloor nie. Na regte, daar is geen ontvlugting van oordeel nie: dit is soos om vir 'n leeu te vlug en dan 'n beer teë te kom. Amos 5:19.

# X

## DIE TIENDE GEBOD

### 1. Om te begeer.

p.632. Twee weergawes: Eks. 20:17 en Deut. 5:21.

Die betekenis van hierdie wet hang af van die betekenis van *begeer*. Die res van die wet het te doen met die *optrede* van mense.

p.633. "hamad" – Hebreeuse woord vir "begeer" – het twee betekenisse, "om te begeer" sowel as om te "neem". Jos. 7:21; Miga 2:2.

Toe Jesus die tiende gebod aangehaal het in Mark. 10:19, het hy dit duidelik aangehaal in terme van 'n sonde van handeling, en die Griekse teks gebruik die woord *aposteresis*, om iemand uit iets uit te bedrieg, en dit is in die King James vertaling vertaal as "defraud" (bedrog pleeg).

p.634. Die misverstaan van hierdie wet het begin met die piëtisme, wat die wet van God vereng het tot morele voorskrifte. Godsdiens is verinnerlik en so het optredes opgehou om net so belangrik te wees as die "hart". Boonop is die gedagte dat wins van enige aard op 'n manier nie-geestelik sou wees, gepropageer, sodat "om te begeer" 'n eksklusiewe bose betekenis gekry het.

Hab. 2:19 gee ons 'n voorbeeld van die feit dat die skrif 'n verskil maak tussen goeie en slegte begeertes. Eerlike wins en godvresende begeerte word duidelik nie verdoem nie. Die apostel Paulus het in 1 Kor. 12:31 die woord "begerigheid" in sy goeie betekenis gebruik. (Afr.: Beywer.)

Wat dus duidelik veroordeel word in die tiende gebod is elke poging om wins te verkry deur bedrog, dwang of om deur vervalsing iets van die naaste te verkry. Volgens hierdie beginsel was regsake van vervreemding van toegeneentheid, liefde, vroeër deel van die wet van die land. Hierdie regsake se misbruik deur 'n wettelose eeu het daartoe gelei dat hul afgeskaf is, maar die beginsel is gesond. 'n Persoon wat sistematies daaraan werk om 'n wederhelf se gevoelens vir sy/haar man of vrou te vervreem om hom/haar sodoende vir hom/haarself te verkry, partykeer saam met sy geldelike bates, is skuldig aan die oortreding van hierdie wet.

Die tiende gebod som gebooie ses tot nege op en gee aan hulle 'n bykomende perspektief. Die ander p.635. gebooie het te doen met voor-die-hand-liggende onwettige handelinge, dus duidelike oortredings van die wet. Die tiende gebod kan verbreek word binne hierdie wette: Dawid, Batseba, Uria. 'n Verskeidenheid van wette in die Westerse beskawing is gebaseer op hierdie beginsel van die bedrieglike gebruik van die wet om 'n ander te beroof of skade aan te doen.

Die wet teen bedrieglike wins is deur God gerig teen, nie slegs die indiwidu nie, maar teen die staat en alle instellings. Die staat is net so skuldig en kan net so skuldig wees soos enige indiwidu, en die staat word dikwels gebruik as die wettige manier waardeur ander van hul besittings beroof word. Die wet teen bose begeerte is dus 'n baie nodige een in die 20ste eeu.

(*Ook in die 21 eeu! HvW*) Die piëtisme wat destyds hierdie wet uitgekalwer het, het nou 'n groter wordende maatskaplike houding.

Piëtisme lê die klem op die *hart*, die gesindheid van die mens, wat die belangrikheid van die mens se optredes onderskat. Die wortels van piëtisme is in die heidense, Griekse en Stoïsynse afkeer van die stoflike teenoor die geestelike. Die doel van hierdie filosofieë was om sonder gevoel te wees. Die ware filosoof was verhewe bo gevoelens van rou oor materiële dinge: sy huis kon afbrand, sy vrou en kinders sterf, en hy moes onaangeraak bly. Slegs daardie dinge wat met die denke of die gees te doen het, was veronderstel om hom te raak.

Die invloed van hierdie filosofieë op die kerk het gemaak dat alle begeertes beskou is as boos. Die mens was veronderstel om sonder begeerte te wees om heilig te kon wees. Om ambisieus te wees, was boos, omdat dit 'n begeerte na materiële dinge verteenwoordig het. p.636. Piëtisme het die Christendom, beide voor en na die Hervorming, op valse paaie van gevoel gelei as synde beter as die volheid van die lewe.

Piëtisme, in oorsprong heidens en humanisties, het humanisme heringestel in die moderne era. Gevolglik het liberalisme, wat geen ware liefde vir Negers en Indiane of andere het nie, van die een goeie saak na die ander gespring deur 'n oormaat van gevoel op te werk as die ware oplossing van alle probleme. Die gevolg van sulke piëtistiese emosionalisme is geen ware vooruitgang in enigeen se goeie saak nie, maar slegs 'n emosionele bad vir humanistiese piëtiste.

**2. Die Krag van die Wet.**

In die Bergpredikasie het Jesus sommige van die wette van die Skrif toegepas op die hart van die mens; dit is so dat die wet nie slegs eise gestel het aan die mens se dade nie, maar ook aan sy hart. God is volledig in sy soewereiniteit en gee dus 'n volledige wet.

Sommige van die implikasies van die wet soos gestel in die Bergpredikasie val nie binne die veld van die burgerlike reg nie. Matt. 5:21, 22, 27, 28. Om ons broer te haat, of met begeerte te kyk na die vrou van ons naaste, is oortredings wat God kan oordeel, maar die howe kan slegs oordeel indien 'n handeling volg op sulke gevoelens.

Sommige implikasies van die wet, soos wat dit uitloop op dade, word gedek deur die tiende gebod. p.637. Ons het reeds vervreemding-van-toegeneëntheid regsake gemeld. Kontrakte wat nie duidelik die volle implikasies vir die ondertekenaar uitspel nie.

p.638. Meer algemeen is daardie dade wat tegnies binne die wet val, maar die gees van die wet oortree, dade waardeur die mens die eiendom van ander vervreem deur die misbruik van die letter van die wet. Die wet moet bekragtig word, dus, dit moet afgedwing word in al sy implikasies, nie as 'n dorre wettisisme nie, wat die wet gebruik om die wet te oortree.

p.639. Die karakter van die howe, regters, en regstelsel kan nie lank onderhou word as die karakter van die volk misdadig en ontaard is nie.

Dit word duidelik vereis in Deut. 27:26 dat ons die wet moet onderhou. Dit verbied ons om die wet te "onderhou" sonder om te doen wat die wet vereis. 'n Vloek word uitgespreek teen

almal wat die wet nie afdwing nie, teen hulle wat nie die wet ten volle toepas nie. Die wet moet van "harte" toegepas word.

### 3. Spesiale Bevoorregting.

In Rom. 7:7 en 13:9 word die woord "begeer" gebruik as 'n vertaling van die p.640. Griekse woord vir begeer, om na te streef, om na te verlang. Die woord "begeer" in hierdie verse verwys na dinge wat verbode is, maar die betekenis van "begeer" is sleg of goed volgens die konteks. Die wet in Deut. 5:21 verwerp begeerte na, verlange na, of die neem deur geweld van dit wat nie na regte aan ons behoort nie.

Indien alle begeer van, en die neem met geweld of deur die wet van dit wat aan ons naaste behoort, ernstig teen God se wet is, dan volg dit dat die organiseer van sulke begeertes in 'n sisteem, die skepping is van 'n anti-God samelewing. 'n Welsynsekonomie – sosialisme, kommunisme, of enige vorm van samelewingsorde wat van een groep wegneem om aan 'n ander groep te gee - is wetteloosheid wat in 'n sisteem ingeorganiseer word.

Die uitdrukking *spesiale bevoorregting* is een van die mees misbruikte sowel as die gevaarlikste van name. Indien enige iets 'n "spesiale voorreg" genoem word, is dit genoeg om in meeste gevalle vyandskap daarteen te laat ontstaan. Geen samelewing het nog ooit bestaan sonder spesiale bevoorregting nie. 'n President het spesiale voorregte; 'n vrou en 'n man het besondere voorregte met mekaar; spesiale bevoorregting is 'n onontkombare feit van die lewe.

Moontlike maatskaplike ordes en hul verhouding tot *spesiale bevoorregting*:

*Eerstens* – algehele gelykheid. Selfs indien ten strengste toegepas, beteken hierdie Marxistiese beginsel slegs gelyke verdeling van rykdom, nie van werk nie. Die rykdom van die suksesvolles word gegee aan die onsuksesvolles. Spesiale voorregte word hierdeur gegee aan die onbekwames, die onsuksesvolles, en die luies. Daar is geen "gelykheid" in 'n samelewing waar mense met vermoëns teruggehou of gekortwiek word nie.

*Tweedens* – 'n moontlike samelewingsorde is wat genoem word meritokrasie (verdienstelikheidskrasie): Die beginsel van die staatsdiens word op die hele samelewing van toepassing gemaak, en is vyandig gesind teenoor die gesin, omdat die gesin die hoofinstrument in die hele geskiedenis is wat die spesiale voorregte vir sy lede bevorder het. p.642.

In 'n meritokrasie bepaal 'n rigiede sisteem van eksamens wie meer opvoeding en wie meer gevorderde opleiding mag kry, en wie in 'n professionele rigting mag gaan. Nie alleen skep 'n meritokrasie 'n dieper gevoel van ongelykheid nie, maar dit bring nie die beste bekwaamhede na vore nie. Die toetsmetodes kom vanuit die agtergrond van die staatsdiens. Dit identifiseer en versterk die burokratiese mentaliteit, nie die van die uitvinder of die entrepreneur nie. Dit is gerat vir 'n staatsmentaliteit, nie vir 'n Christelike of 'n vrye denke nie.

Die meritokrasie skep 'n nuwe elite, 'n spesiaal bevoorregte klas van intellektueles en burokrate wat floreer onder die eksamenstelsel. Dit skep 'n nuwe regeerdersklas wat streng volgens hierdie nuwe standaarde georganiseer is. Spesiale voorregte is nie vermy nie: dit het eenvoudig van een groep na 'n ander oorgeskuif. Verder gee staatsamptenare in elke sosialistiese samelewing spesiale voorregte aan hul kinders, so laat die gesin homself weer geld, maar nou versterk deur mag van die monolitiese staat.

p.643. 'n *Derde* vorm van samelewing, Bybels in karakter, is gesinsgeoriënteerd. Die staat is beperk tot 'n ministerie van regspleging (geregtigheid), en vrye ondernemerskap en individuele inisiatief word dan toegelaat om vryelik te ontwikkel. Die staat word belet om persoonlike voorkeur in die regsproses te laat geld. Elke kanaal van die staat moet hom besig hou met regspleging, nie met spesiale bevoorregting nie. Gesinne, organisasies en werkgewers kan dan spesiale bevoorregting toepas soos dit hul pas. Matt. 20:15 en verder.

Die gelykenis van die arbeiders in die wingerd – Die kontrak met die wat eerste gehuur is, is ten volle nagekom. Dit was die voorreg van die huisheer om aan elke arbeider te gee wat hy wou. Die reg van spesiale bevoorregting is 'n basiese aspek van vryheid, en van private besit. Waar die individu se reg om spesiale voorregte te gee, hom ontneem word, daar word vryheid en private eiendom hom ontneem.

Spesiale voorregte bestaan omdat mense bestaan. Die hardwerkende word beloon deur meer aan hom te gee as wat verskuldig is as 'n daad van dankbaarheid, of om as aansporing te dien.

Vyandskap teenoor die gesin in 'n sosialistiese staat kom as gevolg van die feit dat die familie 'n groep is wat spesiale bevoorregting toepas. Die gesin sal tegelykertyd strenger p.644. en meer vrygewig teenoor sy lede wees as die samelewing.

Elke wet wat probeer regspreek, los van God se wet, word 'n saak van wettelose dwang. In Bybelse reg berus alle regspraak en alle wetgewing op die geregtigheid van God eerder as op die wil van die mens en die beleid van die staat.

### 4. Oortredings teenoor ons Naaste.

Die tiende gebod, soos die negende, maak melding van ons naaste, ons medemens. In die tiende gebod verskyn die woord naaste drie keer. Eks. 20:17. Deut. 5:21. Dit is duidelik dat die hele tweede helfte van die tien gebooie te doen het met oortredings teenoor die naaste, maar die tiende gebod is meer gespesifiseerd in hierdie opsig.

In Eks. 20:17 word een woord gebruik vir "begeer". In Deut. 5:21 word twee woorde gebruik, waar die eerste beteken om jou te verlustig in, om te wil hê, om te begeer, die tweede, om hebsugtig te wees, volgens tradisionele eksegese.

p.645. Hierdie gebod, as wet, het te doen met die handelinge van die mens, onwettige en immorele toe-eiening van wat volgens reg aan jou naaste behoort. Dit begrond die wettelose verskeidenheid van handeling op die bedoeling van die mens, sy denke. Die immorele daad begin met 'n onwettige gedagte, en die twee is onafskeidbaar.

p.646. Die wet van God koppel die gedagtes en die liggaam van die mens aan die wet, en dit koppel die wetsonderhouding van die mens aan sy verbondsonderhouding met God.

Aangesien Judea so omvangryk gehelliniseerd was gedurende die tussen-testamentele periode, is die Bergpredikasie gedeeltelik gegee om dualisme in die naam van die reg te verwerp. Die verband tussen die denke van die mens en moord en egbreuk was deur Jesus geneem as illustrasie van hierdie feit. Matt. 5:21-25. So ook Matt. 15:11 en 18-20. p.647. Die wettelose gedagte is 'n eerste tree in die ondeelbare lewe van die mens, en daardie eerste tree gaan óf uitloop op 'n wettelose daad , óf dit gaan vervang word deur 'n ander tree in die rigting van verbondsonderhouding. Ons gedagtes het 'n uiteindelike effek op ons naaste.

Die tiende gebod voorveronderstel dus, en beliggaam 'n belangrike filosofie van die mens en die wet.

### 5. Die Sisteem.

Soos ons gesien het, beteken *begeer* beide *om te wil hê* en *om te neem.* Ons word verbied: die onwettige begeer en die onwettige neem van die naaste se vrou, sy huis, sy land, bediendes, sy vee of enigiets wat aan ons naaste behoort. In Ef. 5:5 noem Paulus sulke begeertes 'n vorm van afgodediens. Volgens sy bose begeerlikheid volg die mens 'n onwettige pad en herdefinieer dit as 'n regverdigbare een. Ons mag nie 'n dief beroof omdat hy 'n dief is nie. Die kuur vir openbare korrupsie is nie nog meer korrupsie nie.

p.648. Elke eerlike mens is 'n bedreiging vir 'n dief, en 'n mens met integriteit is 'n voortdurende aanklag teen kwaaddoeners.

p.649. Dit is die voorreg van God die Skepper om die mens en die wêreld te maak (skep) en weer oor te maak (herskep). Aan die mens gee God die geleentheid om deel te hê aan die oormaakproses (herskepping) deur werk en die wet, die Godverordineerde manier van die vestiging van heerskappy en om alle dinge in gevangenskap onder (in beheer van) Christus te plaas. Die bose begerige (hebsugtige) mens beweeg van hierdie wetpad af weg en probeer om deur wettelose maniere sy lewe en wêreld te herskep, vandaar sy aanval op sy naaste se eiendom, huis en vrou.

Die name van samelewings waarin die mens elke ding wat hul naaste s'n is, kan begeer, mag verskil: sosialisme, kommunisme, 'n welvaartsekonomie, robuuste individualisme, fascisme, en nasionaal-sosialisme is 'n paar van die bekende name van die geskiedenis. Hulle doel is almal dieselfde: onder die skyn van moraliteit word 'n sisteem geskep waarin gegryp word wat regtens aan die naaste behoort. Dit is nie verbasend dat sulke sisteme 'n algemene afname in moraliteit wys nie.

p.650. Die woorde van Paulus in Rom. 1:22. Terwyl hulle voorgee dat hulle liefhebbers van die lewe en die mensheid is, het hierdie sisteme hulleself geopenbaar as haters en moordenaars van die mense.

# X1

## DIE BELOFTES VAN DIE WET

### 1. Die gebruik van die wet

p.651. Die Bybelse reg het veragter wat betref sy relevansie in die moderne era. Die opkoms van piëtisme in die laat middeleeue, en die diepe infektering van beide Protestantisme en die Rooms Katolieke Kerk deur piëtisme, het gelei tot die afname van die klem op die Bybelse reg. Die piëtisme benadruk "geestelike" godsdiens; die wet benadruk 'n baie materiële godsdiens in elke sin van daardie woord, de wet is relevant tot die wêreld en die praktiese werklikheid van die alledaagse sake.

Die wet het kwaai gely onder die hande van Martin Luther. Gedeeltelik in reaksie op die kleinboere-opstand, en die anabaptiste, het Luther sterk teen die wet gedraai, wat hy sterk afgewys het in 'n preek in 1525, "Hoe Christene Moses behoort te beskou." Moses het geglo dat die wet van Moses net die Jode gebind het en nie die heidene nie. So het Luther die weg gebaan vir die volledige terugkeer na skolastisisme en die natuurlike wet, net soos Calvyn deur sy soms swak beskouinge van die Bybelse wet. Die eerste ontwaking van skolastisisme het dus veral voorgekom in die Protestantse eerder as in die Roomse areas van Europa.

p.652. Luther aan Melanchton – 1 Aug. 1521, "Sin can not separate us from God, even if we commit murder and fornication a thousand times a day." Met heiliges soos hierdie het die wêreld min behoefte aan sondaars.

Indien die mens 'n geestelike of mistiese godsdiens verlang, dan is die wet sy vyand. Indien hy 'n materiële godsdiens verlang, een wat relevant is vir die wêreld en die mens, dan is die Bybelse wet onontkombaar nodig vir hom. Lev. 26:3-45 benadruk hierdie materiële relevansie van die wet. Hierdie "Groot Oproep" maak dit duidelik dat daar geen suksesvolle materiële lewe vir die mens bestaan buite die wet van God om nie.

Hierdie "Groot Oproep" kan verdeel word in drie dele.

1. In verse 3-13 word die materiële seëninge op die gehoorsaamheid aan die wet verklaar.
2. In verse 14-33 word die vloek op ongehoorsaamheid aan die wet verklaar.
3. p.653. In verse 34-45 word verklaar dat 'n veroordeelde land sy sabbatsrus gegee sal word. Die inwoners sal verskrikking beleef in gevangenskap. Berou sal egter lei tot herstel.

*Eerstens,* die "Groot Oproep" word duidelik gerig tot Israel. Net so duidelik word die Bergpredikasie gerig tot die dissipels en die Sendbriewe tot die besondere kerke, maar dit beperk nie hul toepassing tot die besondere persone en kerke tot wie dit gerig is nie. Òf die Woord van God is 'n eenheid, en dit is God se woord aan alle mense, òf dit is nie. Om enige gedeelte van die Skrif te ontken, is uiteindelik om alles te ontken.

*Tweedens,* ons kan nie glo dat God geen oordele het vir mense en nasies in die Christelike era nie. Hebr. 12:18-29. p.654. Om die permanentheid van God se wet te ontken, is om te verval in dispensasionisme en uiteindelik in Manichaenisme. Indien God alle dinge geskep het, dan kan alle dinge net behoorlik en veilig gebruik word in terme van Sy wet. Die wet gee aan ons 'n stel gebruiksaanwysings wat ons slegs kan verontagsaam tot nadeel van onsself.

*Derdens,* omdat die mens se lewe 'n materiële lewe is, moet dit beheer word deur 'n materiële wet, 'n wet wat relevant is tot sy lewe. Die materiële van die wet is dus 'n nodige aspek van die wet.

Die "Groot Oproep" is gevolglik net so geldig vandag soos toe dit deur Moses gegee is. So lank as wat die aarde bly voortbestaan, bly die wet voortbestaan. Diegene wat poog om die mens te "verlos" van die Bybelse wet, oortree 'n wet wat in beide die Ou en die Nuwe Testamente gemeld word, in Deut. 25:4; 1 Kor. 9:9 en 1 Tim. 5:18. Die wet spel beide die straf en die loon vir die mens uit. Dit is glashelder dat God se belonings en straf verkieslik is bo die beloftes van nasies of van enige mitiese natuurlike wet.

Antinomianisme, omdat dit die wet geloën het, loop uit op mistisisme en piëtisme. Soos wat dit voor 'n wêreld van probleme te staan kom, het dit geen voldoende antwoord nie. Om hierdie tekort te vergoed, het antinomianisme baie vroeg voor-millennium geword; sy antwoord op alle probleme van die wêreld was om alle probleme uit te stel tot die "enige oomblik wederkoms" van Christus. Antinomianisme het so gelei tot 'n intense belangstelling in en verwagting van Christus se wederkoms as die enigste oplossing vir die wêreld se probleme, en het so Christus se wet die status van 'n antwoord op probleme ontneem.

**2. Die Wet en die Banvloek**

p.655. 'n Baie belangrike verklaring wat deel vorm van die verklaarde wet is Deut. 7:9-15.

*Een.* Terwyl hierdie gedeelte 'n deel is van die verbondswet, is die toepassing daarvan nie beperk tot Israel nie. Die verbond omskryf alle mense sonder uitsondering. Die oorspronklike verbond was met Adam; die hernude verbond was met Noag. Alle mense is óf verbondsonderhouers óf verbondsverbrekers; alle mense is dus onloskombaar verbind aan die verbond en sy beloftes van haat en liefde, seëninge en vervloekinge. Christus, deur die vernuwing van die verbond, het dit duidelik gemaak dat alle mense daarby ingesluit is. Joh. 12:32 en 33. Deur die offerande te word, die priester, en die goddelike hernuwer van die verbond van God met die mens, sou Jesus alle mense na Hom toe trek, dus is Hy die p.656. beginsel van oordeel en verlossing, van vervloeking en van seëninge. Hy is die verbond en die wet van die verbond, die Heer van die verbond, en dus die regter van elke mens.

*Twee.* Die verbond van God identifiseer Hom as "God, die getroue God." 'n Aspek van die betroubaarheid van God is Sy jaloesie, Sy toorn, haat, en oordeel oor hulle wat Sy verbond en wet verag. God beloof liefde en haat as 'n aspek van sy absolute geregtigheid en getrouheid.

*Drie.* Dit beteken vergelding. Deut. 7:10. Vergelding is 'n aspek van God se wet wat die mens moet toepas, omdat die eerste van alles God se beginsel van optrede is wat Hy toepas. Diegene vir wie Hy lief is, dit beteken diegene wat sy verbondswet onderhou, seën Hy met "vrugbaarheid van die moederskoot, van die land, van die troppe en kuddes, en vry wees van die berugte *bose siektes van Egipte.*"

*Vier.* God bevestig Sy soewereine regte. (Oordele in vers 12 is regte.) God se wet is 'n bevestiging van God se geregtigheid en regte oor die mensheid. Omdat die mens God se skepping is, is sy enigste ware regte in God en in God se wet. Die wet en die oordeel van die wet is 'n verklaring van God se geregverdigde eise, Sy regte oor alle mense. Vandaar Sy reg om hulle lief te hê en om hulle te haat in terme van hulle reaksie tot Sy regte.

*Vyf.* Vrugbaarheid en oorvloed is beloftes aan almal wat gehoorsaam is aan God se verbondswet. In die mate wat selfs die ongelowige mens God se wette nakom, in daardie mate floreer hy. Volke kom op en volke val in terme van hierdie feit. Ongehoorsaamheid, aan die ander kant, lei tot oordeel.

p.657. Verbondsonderhouers is geseënd, en verbondsverbrekers is vervloek. Dit is duidelik in die "ban" wat Deut. 7:9-15 voorafgaan (verse 1-8 en 16-26), dat Israel geroepe was om die inwoners van die land uit te werp en te vernietig, omdat hul ongeregtigheid "vol" was. Gen.15:16. Hierdie Kanaänitiese volke was moreel aanstootlik vir God. Deut. 20:16-18. Die *ban* is die teenoorgestelde van gemeenskap, en dit verklaar die einde van gemeenskap met God en die mens, die mense onder die banvloek is oorgegee aan die dood as hulle oordeel.

Gemeenskapsverkeer kan bestaan waar daar sterk persoonlike verskille en vyandskap bestaan. Verskille en regsake wat in proses is, is deel van die lewe binne 'n gemeenskap en 'n vorm van gemeenskap deur die bring van probleme na die oppervlak om opgelos te word. 'n Gemeenskap het onenigheid en verskille nodig om vooruit te kan gaan. Die *ban* beteken die einde van gemeenskap; dit dui 'n situasie aan wat buite verskille staan, dit beteken dat die vloek oorgeneem het.

p.658. Die ban is meer as die *afwesigheid* van gemeenskap, dit is eerder die einde van alle gemeenskap, van enige moontlike ooreenkoms of verskil. Joodse gewoonte: die lees van die begrafnisbrief oor die dood van 'n lid of die familie wat verby 'n sekere punt oortree het. Waar die ban wettiglik bestaan, daar neem die vloek oor.

In die vloek roep die mens God op om die man of volk te oordeel wat volgens sy mening buite kommunikasie staan, wie se sonde totale oordeel vereis. God sal nie gehoor gee aan 'n onverdiende vloek nie. Deut. 23:5. Spr. 26:2. Wanneer God die vloeke oor ongehoorsaamheid uitspreek wat in die wet en in die nawoord van die wet voorkom, plaas hy dus al sulke persone onder die *ban.*

Die wet verbied ons om sekere persone te vloek. Ons word verbied, in Eks. 22:28, om regeerders of regters, of ouers te vloek. Eks. 21:17, of die dowes, Lev. 19:14. Dit beteken nie dat die alternatief kruipende gehoorsaamheid is nie, maar dit verbied ons om mense in outoriteitsposisie of hulpeloses te vloek. God self spreek vloeke uit oor goddelose persone in outoriteitsposisies.

Die feit van die *ban* en van vloeke maak dit dus duidelik dat die reikwydte van die wet verder as die ryk van Israel en van die kerk strek. God as die Skepper van alle mense wil dat Sy wet sal geld vir alle mense. Alle mense staan dus bloot vir oordeel en die dood weens ongehoorsaamheid aan die wet van God.

p.659. Luther het God se wet teengegaan ten voordele van staatswet. Calvyn het dit moontlik gemaak dat natuurwette herleef het deur sy losse beskouings van die wet van God. Die Hervorming as 'n geheel het beweeg vanaf 'n uitdaging aan die wêreld tot 'n oorgawe aan die wêreld, of tot 'n betekenislose onttrekking daarvan.

Om die wet te versaak, is om die seën en die oorwinning wat die wet bring oor almal wat die wet gehoorsaam, te versaak. Heidennasies wat God verwerp maar wat tog gehoorsaam is aan

sommige van Sy wette, die onderhouding van ware gesinsorde, die nakom van wette wat betref moord, diefstal, en valse getuienis, en ook wette nakom wat betref die gebruik van die aarde, sulke nasies is voorspoedig en floreer tot die mate van hulle gehoorsaamheid. p.660. Indien 'n volk Jesus Christus as Heer en Koning erken, en sy soewereine wet gehoorsaam, sal hul seën en oorwinning soveel groter wees, net soos wat hulle veroordeling baie erger sal wees.

### 3. Die Vloek en die Seën.

In Deut. 27 en 28 kry ons verdere en belangrike insig in die implikasies van die wet. Hierdie hoofstukke gee vir ons al die vloeke en die seëninge wat verband hou met die wet.

Vervloeking, die ban en anathema is basies dieselfde begrippe. Dit wat onder 'n vloek, die ban of anathema is, is gewy, opgedra, d.i. oorgegee aan vernietiging volgens die vereistes van God. In die kerk – ekskommunikasie. (Preserving religion when gravely endangered – Harper.)

Vervloeking, die ban of anathema verdwyn nie uit die samelewing wanneer dit die Bybelse geloof verwerp nie. Die ban word net verskuif na 'n nuwe era van lewe.

p.661. Geen samelewing kan aan die feit om 'n ban te hê, ontkom nie; die belangrike vraag is net: Wat sal deur die ban getref word? Volgens Deut. 27:15-26, is dit die oortreding van die wet van God wat die mens onder die ban of die vloek stel. 12 vloeke word uitgespreek, gelyk aan die hoeveelheid stamme van Israel, om sodoende 'n totaliteit aan te dui. Hierdie twaalf vloeke is:

1. teen geheime verbrekings van die tweede gebod, Ex. 20:4 en Deut. 27:15;
2. teen minagting, of gebrek aan respek vir ouers, Eks. 20:17 en Deut. 27:16;
3. teen almal wat hul naaste se grenspale verlê, Deut. 19:14 en Deut. 27:17.
4. teenoor die mense wat die blinde op die verkeerde pad lei, Lev. 19:14 en Deut. 27:18;
5. teenoor almal wat die reg verdraai teenoor vreemdelinge of weduwees en wese, Deut. 24:17 en Deut. 27:19;
6. teen bloedskande met 'n stiefmoeder, Deut. 23:1; Lev. 18:8 en Deut. 27:23;
7. teen beestelikheid, Lev. 18:23 en Deut. 27:21;
8. teen bloedskande met 'n suster of halfsuster, Lev. 18:9 en Deut. 27:22;
9. teen bloedskande met 'n skoonmoeder, Lev. 18:8 en Deut. 27:23;
10. teen moord, Eks. 20:13; Num. 35:17en verder en Deut. 27:24;
11. teen enigeen wat 'n omkoopgeskenk aanvaar om 'n mens direk te vermoor, of om sy dood te veroorsaak deur valse getuienis te lewer, Eks. 23:7, 8, en Deut. 27:25;
12. teen enige mens wat in gebreke bly om die wet toe te pas, wat nie die wet die model en standaard van sy lewe en optrede maak nie – hierdie laaste vloek is van toepassing op elke vertakking van die wet.

Elke bewuste daad van oortreding plaas die sondaar onder die vloek van God, waarvan niemand ons kan verlos nie, behalwe Hy wat vir ons Deut. 27:19. die vloek geword het. Gal. 3:10,13.

Die beginsel en die begronding van seëninge en van vervloekinge is baie duidelik die **wet**. Deut. 25:1 en 15.
Deut. 28:1-26 gee vir ons 'n luisterryke deklarasie van seëninge en vloeke. Twee belangrike feite kom na vore:

*Eerstens*, beloof hierdie seënverkondigings lewe, voorspoed en sukses aan hulle wat God se wet gehoorsaam. p.662. Gehoorsaamheid aan die wet is 'n daad van geloof daarin dat God getrou is en aan Sy volk oorvloedige lewe en 'n goeie aarde sal gee. – Dawid in Ps. 37:9-11; en ook Matt. 5:5 – Die sagmoediges, die wat deur God getem is, wat Hom gehoorsaam, word letterlik die aarde beloof vir hulle gehoorsaamheid.
Ps. 22:26; Ps. 25:9. Die **wet** is dus baie duidelik die **weg** tot 'n ryk lewe op aarde. Daar is geen belofte van enige voorspoed los van die wet nie. Die gehoorsaamheid van die geloof is die gehoorsaamheid aan die wet.

*Tweedens*, Net soos die wet die lewe en die land oopstel, net so stel wetteloosheid vloeke, nederlaag, en uiteindelik die dood oop.

Vloeke en wetteloosheid: Adam en Eva het God geloën as die beginsel van lewe en wet, as hul Koning, en dit het gelei tot hul uitsetting uit die Paradys. Dit was dieselfde vloek van wetteloosheid wat, eeu na eeu, die mens gedoem het tot frustrasie, neerlaag, en dood. Om God se wet en soewereiniteit te verloën, is om God te loën. Om God se wet te bevestig is om Sy soewereiniteit en heerskappy te aanvaar. Geloof en wet is onskeibaar, want "geloof sonder werke is dood." Jak. 2:20.

Inderwaarheid, "Die seëninge word verteenwoordig as werklike magte, wat volg in die voetstappe van die nasie, en dit verbysteek." Keil en Delithsk. Die Skrif leer nie alleen p.663. 'n leer van *soewereine en onweerstaanbare genade* nie, maar dit leer ook 'n doktrine van *soewereine en onweerstaanbare genade en vloeke vir* p.663. gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid aan God se Wet. Dit is die onontkombare betekenis van Deut. 28.

In Deut. 28:2 en 15 word 'n onkeerbare gevolg verklaar. Die mens kan nie sy seëninge of sy straf kies nie. Te alle tye is God soewerein, en "Hy kies ons erfdeel vir ons uit." Ps. 47: 5.

Die geskiedenis van daardie onweerstaanbare vloek het begin met die Val en dit duur voort tot vandag toe. Die onweerstaanbare seëninge het in Eden begin en dwarsdeur die geskiedenis gegeld, watter gehoorsaamheid daar ook al was. Deur Sy saligsprekinge het Jesus Christus Deut. 28 bevestig en Homself bekend gestel as die Wetgewer. Sy toehoorders het dit aangevoel. Matt. 7:28-29. Die Skrifgeleerdes het die Wet geïnterpreteer, Jesus het die Wet verklaar as die Wetmaker. As die Wetmaker was Sy woorde 'n openbaring van die wet. Daarom het die vloeke en die seëninge van die Wet afgehang van die hoor en die gehoorsaam van Sy "woorde". Matt. 7:24-27.

Die mens wil 'n wêreld van vloeke en seëninge hê en die mens het dit nodig. Alles in die mens se natuur, omdat dit deur God geskape is, vereis 'n wêreld van gevolg en oorsaak. Die mens wil dat hierdie vloeke en seëninge volgens sy voorwaardes toegedeel word, in verhouding tot sy eise en opvatting van geregtigheid. p.664. Die mens kan God se gebod nie verbreek sonder om gebreek te word nie. Deut. 27:26 en Jak. 2:10!

## 4. Die Onbeperkte Aanspreeklikheid Heelal.

'n Beperkte aanspreeklikheidsekonomie is sosialisties. Beperkte aanspreeklikheid moedig mense aan om kanse te neem met beperkte risiko's, en om op ekonomiese gebied te sondig sonder om die prys te betaal. Beperkte aanspreeklikheidswette berus op die dwaling dat daar nie vir ekonomiese sondes betaal hoef te word nie. In werklikheid word betaling net oorgedra op ander. Beperkte aanspreeklikheidswette p.665. was in vroeëre Christelike tye onpopulêr, maar het floreer in die Darwinistiese wêreld. Die ateïs wil 'n beperkte aanspreeklikheidsheelal hê, en hy streef daarna om 'n beperkte aanspreeklikheid politieke en ekonomiese bestel te skep.

In werklikheid, om te leef met die feit dat die heelal en ons wêreld voortdurende onbeperkte aanspreeklikhede het, is die beste manier om sekuriteit en vooruitgang te verseker. Om met die werklikheid te leef, en om vooruitgang te soek binne hierdie raamwerk, is die mens se beste beveiliging.

Die seëninge en die vloeke van die wet benadruk die mens se onbeperkte risiko tot beide vloeke en seëninge as gevolg van ongehoorsaamheid en gehoorsaamheid aan die wet. Deut. 28:2 en 25. In elke oomblik en op elke punt is die mens ingehaal, omring, en totaal beset deur die onbeperkte aanspreeklikheid van God se heelal.

p.666. Pseudo-aanvaarding, algemeen onder mistisisme, pietisme, en pseudo-evangeliste, gee voor dat hul "Christus aanvaar" het, terwyl hulle Sy wet verloën. In die sogenaamde "Groot Ontwaking" in die koloniale New England, het anti-nomianisme, chiliasme, en valse perfeksionisme hand-aan-hand geloop. – "Genade" is bevestig, en ook "liefde", maar nie die wet nie, nog minder God se soewereine mag en wetgewing. Maar smorgasbord godsdiens is slegs humanisme, omdat dit die reg van die mens om te kies wat hy wil hê, bevestig; as die uiteindelike arbiter van sy lot, word die mens die kaptein van sy siel gemaak sonder die hulp van God. Piëtisme bied dus beperkte aanspreeklikheidsgodsdiens aan, nie Bybelse geloof nie.

p.667. Volgens Bybelse leerstellings van God, bestaan daar absoluut geen aanspreeklikheid in die persoon en werk van die Godheid nie. God se ewige dekreet en soewereine mag regeer en omskryf in totaliteit die gehele realiteit, wat Sy skepping is. Omdat die mens 'n skepsel is, word die mens gekonfronteer met onbeperkte aanspreeklikheid, sy sondes het tydelike en ewige konsekwensies, en hy kan op geen punt ontsnap aan God nie. Die mens wil egter die situasie omkeer: laat God aanspreeklik wees indien Hy in gebreke bly om aan die mens se versoek te voldoen. Indien die mens aan die towerformule voldoen het van "Ek aanvaar Jesus as my persoonlike heer en verlosser", dan word alle aanspreeklikheid aan Christus oorgedra, en dan kan hy sondig sonder hoogstens 'n baie beperkte aanspreeklikheid.

Christus kan nie aanvaar word, indien Sy soewereiniteit, Sy wet en Sy Woord, geloën word nie. Om die wet te loën, is om 'n werkegodsdiens te aanvaar, want dit beteken die loën van God se soewereiniteit, en die aanvaar van die mens se bestaan in onafhanklikheid van God se algehele wet en regering. In 'n wêreld waar God slegs funksioneer om die moontlikheid van die hel te verwyder, en waar geen wet die mens regeer nie, bewerk die mens sy eie weg deur die lewe deur sy eie bewustelikheid. In so 'n wêreld word die mens gered deur sy eie werk van geloof, van die aanvaar van Christus, nie deur die aanvaar deur Christus van hom nie. Christus het gesê: "Ek het julle uitverkies, julle het my nie gekies nie." Die piëtis verklaar dat hy Christus gekies het; dit is *sy* werk, nie Christus s'n nie. In so 'n geloof is Christus die

versekeringsagent, as 'n versekering teen aanspreeklikhede, nie as soewereine God nie. Dit is heidendom in die naam van Christus.

p.668. Die getuienis van piëtisme, met sy "oorwinningslewe" is gelyk aan 'n beperkte aanspreeklikheidsgodsdiens. 'n Algemene "getuienis" is, "loof die Here, sedert ek Christus aanvaar het, is al my probleme verby." Die getuienis van Job in sy lyding was, "Kyk, al wil Hy my ombring - ek hoop op Hom" Job 13:15. Paulus het 'n lang en skrikwekkende verslag voorgedra van sy lyding *nadat* hy Christus aanvaar het: In die gevangenis, geslaan, skipbreuk gely, gestenig, verraai, in honger en dors, ... in koue en naaktheid." 11 Kor. 11:23-27. Paulus se geloof was nie een van beperkte aanspreeklikheid nie, ook nie een van verlossing van alle probleme ter wille van sy geloof nie.

Die wêreld is 'n slagveld, en daar is ongevalle en wonde in 'n oorlog, maar die oorlog behoort aan die Here en die uiteinde daarvan is oorwinning. Om te probeer om van die oorlog weg te vlug, is om van die aanspreeklikhede van oorlogvoering teen sondige mense wat oorlog voer teen 'n toornige God, weg te vlug. Om gereed te wees vir die stryd, is om die straf te ontvang van die mens se woede en die seën van God se genade en wet.

Weg van Jesus Christus, is die mens juridies dood, d.i., onder 'n doodsoordeel voor God, dit maak nie saak hoe voortreflik hulle werke is nie. Met wedergeboorte, die begin van ware lewe, beweeg die mens nie weg vanuit God se onbeperkte aanspreeklikheid nie. Eerder, met wedergeboorte beweeg die mens vanuit die wêreld van onbeperkte aanspreeklikheid onder die vloek, na die wêreld van onbeperkte aanspreeklikheid onder God se seëninge. Die wêreld en die mens is vervloek toe Adam en Eva gesondig het, maar in Jesus Christus is die mens geseën, en die wêreld word voortdurend her-inbesit geneem en vrygemaak vir Hom. In elke geval is die wêreld onder God se Wet. Seëninge en vloeke is dus onafskeidelik van God se wet en staan eenvoudig in verskillende verhoudings daartoe. Die wêreld van die wedergebore mens, is die wêreld van die wet.

Die verbondsverbreker, in 'n geveg met God, en onwedergebore, het 'n onbeperkte aanspreeklikheid vir die vloek. Die hel is die finale stelling van daardie onbeperkte aanspreeklikheid. Aan die ander kant het die wedergebore mens wat in gehoorsaamheid aan Christus Jesus, sy verbondshoof, wandel, 'n beperkte aanspreeklikheid tot oordeel en die vloek. Die onbeperkte aanspreeklikheid van God se toorn is aanvaar vir die uitverkorenes deur Jesus Christus aan die kruis. Die wedergebore mens word geoordeel vir sy oortredings van die wet van God, maar sy aanspreeklikheid hier is 'n beperkte een, p.669. terwyl sy aanspreeklikheid vir seëninge in sy lewe en in die hemel onbeperk is. Die onwedergeborene kan 'n beperkte mate van seëninge in hierdie lewe ondervind, en niks in die wêreld wat kom nie; hulle het ten beste 'n beperkte moontlikheid tot seën.

Die mens kan dus nie ontkom aan 'n onbeperkte aanspreeklikheidsheelal nie. Die belangrike vraag is dit: in watter area is hy blootgestel aan 'n onbeperkte aanspreeklikheid, aan 'n onbeperkte aanspreeklikheid van die vloek weens sy afskeiding van God, of aan 'n onbeperkte aanspreeklikheid van seën a.g.v. sy geloof in, sy vereniging met, en sy gehoorsaamheid aan Jesus Christus?

## X11

## DIE WET IN DIE OU TESTAMENT

### 1. God die Koning.

p.670. Die Hebreeuse woord vir "wet" is *torah,* wat beteken "uitwysing, 'n rigtingaanduiding, of outoritêre rigtingaanduiding" deur die Here. Vanaf die heel begin van Israel se verhouding tot God, was daar dus die noodsaaklikheid van wet, of outoritêre rigtingaanwysing. Voorheen is outoritêre rigtingaanwysing gegee aan Adam, aan die geslagslyn van Set, aan Noag en sy afstammelinge, aan Abraham en sy erfgename, sowel as aan ander mense (Melgisedek en Job). Dit is onmoontlik dat daar 'n verhouding met God kan bestaan sonder wet.

In die Bybelse geskiedenis, omdat die wet altyd die aanvaarde perspektief van elke boek van die Ou Testament was, was die oordele van die profete en die skrywers altyd op die premis (grondslag) van die wet:

p.671. Josua 1:7-9; 22:5; 23:1-16; 24:1-27; 5; 6:17; 9:23; en 11:20; 13:14-33; 14:1-15; 17-19; 20. Rut; Rigters 2:1-2, 10, 15, 17; 3:7-8; 5:8; 6:1, 10, 25 e.v.; 10:13, 14; ens.

Die sentrale punt en tema van Rigters word herhaaldelik gekonstateer. (17:6; 18:1; 21:25.) Sedeloosheid – 19 en 20. Die kernpunt van Rigters is dat Israel God die Koning herhaaldelik verlaat het, en Sy Wet laat vaar het, en nagelaat het om die HERE se gebooie te gehoorsaam. (Rigters 2:17.) God was Israel se wetmaker beide as soewereine God en universele Koning, en as Israel se verbondskoning. Menslike koningskap is nie die antwoord nie.

p.672. In Rigters 5:20: Die slag is gewen deur God, die Koning van Israel. Hy deel vloek en seën uit in terme van lojaliteit aan Sy saak. Rigters 5:23-24; 28-31. – 'n afbeelding van die seën van God op hulle wat hom liefhet, dien en gehoorsaam.

Ook p.673. in Ps. 19:7-14. – die heerlikheid van God word geopenbaar in die groot heelal deur sy wetsorde; dieselfde heerlikheid manifesteer in die mens en sy wêreld wanneer die wet gehoorsaam word.

Om terug te keer na die *torah*, of rigting, 'n uitwysing, Jesus Christus het na Homself verwys as die torah in Joh. 14:6. Die Griekse word vir "weg" is *'odos* – 'n voortgang, 'n manier van optrede. In Hand. 13:10; Rom. 11:33 en Open. 15:3 beteken dit "die doeleindes en uitgangspunte van God, sy manier van handel met mense." Die gebruik van "Ek is" eggo die goddelike Naam Ex. 3:14; die verwysing na die "weg" het gepraat van die wet. Jesus Christus, as die vleesgeworde God, was ook die verklaring van God se geregtigheid en wet. Deur hierdie sin het Christus Homself onafskeibaar gemaak van beide die Godheid en die wet. Hy is die *torah* of rigting van God; deur Sy verklaring het Christus Homself en die wet makliker herkenbaar gemaak.

Die alternatief tot Christus en die wet is dus anargie en wetteloosheid; dit is 'n lewe sonder betekenis of rigting. Christus is die verklaring van God se rigting of wet; die wet dui die regte weg aan. Sonde, *hamartia* beteken om die kol te mis. *Anomia,* sonde, is wetteloosheid; dit

beteken om in die verkeerde rigting te beweeg, en om koers te ontken. Dit is anargie. 1 Joh. 1:8.

Die wet is 'n aanklag, 'n doodstraf, indien ons in die verkeerde rigting beweeg. Indien ons op die weg deur God aangewys beweeg, is die wet 'n skoolmeester p.674. wat ons al ons dae lei in God se weg van geregtigheid en waarheid. Gal. 3:24, 25. Hier leer ons nie by die wet as 'n aanklaer nie, maar by Christus, die weg, en by God, ons Vader, hoe om te wandel op die aangeduide weg of in die wet. Gal. 3:26. Die kontras hier is nie tussen wet, of geen wet nie, maar tussen "die onvolwasse lewe van slawerny onder 'n leermeester (en) die lewe van seunskap, met al die voorregte en regte." Paulus het mensgemaakte wette aangeval, en menslike interpretasies van die wet as die weg tot saligheid; die wet kan nooit regverdig maak nie; dit kan heilig maak, en daar is geen heiligmaking deur wetteloosheid nie, (op die pad van wetteloosheid nie.)

## 2. Die Wet en die Profete

Die rol van die profete in Israel was om namens God te spreek in terme van die wet, en, onder inspirasie, ook spesifiek te voorspel die vloeke en die seëninge van die wet soos wat hulle sou voorkom in die geskiedenis van die nasies. Jes. 8:20 en 10.

p.675. Terwyl die hele Skrif God se wetwoord is, is die hart van daardie wet die wet van Moses.

Toe Israel God as Koning verwerp het en 'n mens as koning verkies het, het God verklaar dat dit 'n verwerping van Homself was. 1 Sam. 8:7. Ingevolge hulle keuse, het God toe hulle lot geprofeteer. 1 Sam. 8:9-18; 12:6-25. As gevolg van hulle afwyking van God die Koning, en van die wet van daardie Koning, sou sekere konsekwensies volg: Die profesie van God in die epiloog (nawoord) van die wet, en in die inhoud van die wet, en deur Samuel, gee vir ons beide die formele voorwaarde en die basiese inhoud van alle daaropvolgende profesie. Die nuwe monargie, nie minder nie as die voorafgaande statebond, het die verantwoordelikheid om God en Sy gebod te gehoorsaam, en Saul is daarvolgens geoordeel, volgens die wet. 1 Sam. 15:22-35. Dawid is geroep om getrou te wees, en is geseën vir sy trou en is streng gestraf vir sy verbreking van die wet. 1 Sam. 12:9-14. Die hervormings het mense terug geroep na die wet toe; afvalligheid het 'n minagting en verwerping van die wet, en van die God van die wet beteken. 2 Kron. 36:21.

Om profesie te skei van die wet is om albei betekenisloos te maak. Beide die wet en die profete verwys na een basiese feit, die Koninkryk van God, God se regering oor die hele aarde deur die wet.

p.676. Die voorstaanders van pre-millennialisme was reg in een opsig: die doel van Bybelse geskiedenis is die Koninkryk van God. Hulle het fouteer deur dit suiwer eskatologies te maak, buite die gebied van die huidige geskiedenis, en hulle het in werklikheid die Koninkryk ontken deur die geldigheid van sy wet vir vandag te ontken. Deur hulle leer van 'n gaping tussen die Ou Testamentiese koninkryk en die sogenaamde toekomstige, millennium koninkryk, het hulle die wet, die profete en die koningskap van Christus ontken. Indien ons die Koning se wet ontken, ontken ons die Koning. Deur die Koninkryk los te maak van die Christen-era af, word die gesag van God ontken, en word die wêreld aan Satan oorgegee.

Reg deur die Ou Testament, wanneer die profete die volk aangekla het daarvan dat hulle die verbond verlaat het, die tema van feitlik al die profete, 1 Kon.19:10 en verder, het hulle ooglopend die volk beskuldig daarvan dat hulle die Koning verlaat het, en Sy verbondswet. Sonder 'n verbond is daar geen wet nie, 'n verbond vereis 'n wet. Om die verbond te vernuwe, soos herhaaldelik in die Ou Testament gedoen is, en deur Christus die allesoortreffende hernuwing, die Laaste Avondmaal, was om die wet van die verbond te hernu. Dit was waar van Josia se reformasie, en van elke ander reformasie in die Bybelse geskiedenis. 2 Kon. 23:3. In 2 Kron. 34:31-32 het die begeerte om te hervorm van die koning gekom en is die hervorming afgedwing op die volk. Nahum 1:3: Die verbond verklaar p.677. God as die soewereine Heer. Storm en pestilensies is Sy werktuie wanneer hy handel met 'n opstandige ryk.

Dit kom na vore met spesiale nadruk in die uitdaging wat God rig deur Elia tot die priesters van Babel. 1 Kon.18:1 en 39. Die gebed van Elia was in lyn met Deut. 28:23.

Dit is die vereiste van ware gebed dat dit binne die raamwerk van die wet moet wees. Ons kan nie bid vir seën op wetteloosheid nie. Ons kan bid om God se seën op ons gehoorsaamheid. Gebed kan nie teenstrydig wees nie. Om te bid vir genade vir 'n sondaar is om binne die wet te bid, want die basiese feit omtrent genade is dat dit nie teenstrydig (teen die wet) is nie. Die sondaar aanvaar God p.678. se wet-oordeel op sy sonde wanneer hy God se genade aanvaar, en genade is onafskeibaar van oordeel. Die rede waarom Elia se gebed effektief was, was eenvoudig omdat dit die gebed van 'n regverdige man was binne die konteks van die wet van God. Die gebed van Elia vir droogte was eenvoudig om die koninkryk van God te bevorder. Jak. 5:16-18. Die doel was om die mag van vals outoriteite te verbreek en om God se regering te vestig te midde van Sy vyande.

Van belang vir die wet en die profete was die koninkryk van God. Die rigters was in 'n sekere sin konings onder God. Die feit van regering was nooit teen die wil van God nie. Dit was die verwerping van God se koninkryk, wat die vestiging van Saul se koninkryk gekenmerk het, wat deur God veroordeel is. Die hele punt van 1 Sam. 8 was dat hul menslike konings vir hulle 'n mensgemaakte wet sou gee, tesame met al die gepaardgaande euwels en onreg. Die wet kan net so min van die profete geskei word as nattigheid van water, want dan is dit nie langer water nie, maar iets anders.

Verder kan die wet ook nie van God geskei word sonder om dit te vernietig nie. Private eienaarskap los van Sy wet is vervloek – die aarde behoort aan die Here en is daarom onderworpe aan Sy wet, en aan Sy belasting, die tiende. Onder wedergebore mense kan 'n verskeidenheid van ekonomiese ordeninge suksesvol bedryf word, omdat dit uit die geloof geskied. p.679. Veelvoudige eienaarskap is egter geensins meer suksesvol as enkel eienaarskap waar God buite rekening gelaat word nie – die grootste bedreiging vir enkeleienaars is hul eie families – wettelose seuns en dogters. Die wet kan nie van God losgemaak word sonder om dit te vernietig nie. Die profete het nooit 'n wet sonder vaste oorsprong aangebied nie, maar altyd 'n lewende God en Sy soewereine wil, die wet.

### 3. Natuurlike en Bonatuurlike Wet

Die Bybel erken nie enige ander wet as g4eldig buiten die wet van god nie, en dit is die wet wat as openbaring gegee is aan die aardsvaders en Moses, en uiteengesit is deur die profete, Jesus Christus en die apostels. Om twee soorte wet te hê, is om twee soorte gode te hê; dus is

dit nie vreemd dat die antieke wêreld, net soos die moderne wêreld, politeïsties was nie; dit het baie wette gehad, dit het baie gode gehad.

Die Reformasie p.680. het die Reformasie geloën deur in 'n natuurlike wet te glo wat dan in die breine van alle mense ingegraveer sou wees.

p.681. Melanchton en "hierdie soort van onsin"

p.682. Bucer ook, wat Plato aangehaal het, nie die Bybel nie. Hulle het gelaster en dit reformasie genoem. Hulle het God se wet opsy geskuif vir die mens se rasionalisasie en dit 'n superieure wet vir die mens en nasies verklaar.

p.683. Waar die natuur ook al voorgehou word as die bron van die wet, daar het die wet uiteindelik uitgeloop daarop dat dit die sonde van die mens gereflekteer het of identies daaraan was.

Hoe bring die Bybel die wet en die natuur in verband met mekaar? Ps. 1 is net so 'n duidelike stelling as enige ander een. Waar dit van die wet praat, praat dit van "die Wet van Moses". Dit is God se bonatuurlike geopenbaarde wet waaroor die godvresende mens mediteer en wat hy gehoorsaam, en dit beteken 'n natuurlike welige groei op aarde. Om gegrond te wees in die geopenbaarde wet van God, is om gegrond te wees in die natuurlike wêreld van God. Omdat God dit geskep het, reageer hierdie wêreld geheel-en-al op dieselfde doeleindes as Sy woord. Bowendien maak die Psalm dit duidelik dat die enigste manier om gegrond te wees in die natuurlike wêreld, is om stewig gegrond te wees in God se bonatuurlike wet.

p.684. Die natuurlike wêreld om ons word geheel-en-al regeer deur God en Sy wet. Wanneer en waar God se geopenbaarde wet geloën word, word God se absolute dekreet en wet in die natuurlike wêreld ook uiteindelik ontken. Indien die soewereine en drie-enige God geloën word, dan kom dit daarop neer dat alle wet oral ook geloën word. Dus is die Bybel, terwyl dit nie 'n teksboek vir fisika of biologie is nie, tog basies tot fisika en biologie. Sonder die soewereine God van die Skrif en Sy wetwoord sou geen wetenskap, geen feit, en geen geleerdheid kon bestaan nie.

Die natuurlike-wet-filosofie probeer om brute wette in 'n wêreld van brute feite te vind, dit beteken uiteindelike betekenislose wette in 'n uiteindelike en onmiddellike betekenislose wêreld van feite. Natuur-wet-filosowe probeer aan ons voorhou God se wêreld sonder die God van die Skrif en die wet van die Skrif en hulle slaag slegs daarin om aan ons voor te hou 'n voorbeeld van hulleself.

Die enigste houdbare benadering tot die wette wat opereer oor en binne die natuurlike wêreld is dus deur die bonatuurlike wetwoord van God. Indien hulle nie vir Moses wil hê nie, dan sal hulle ook nie hierdie wêreld of enige wet daarin hê nie. Die keuse lê nie tussen Bybelse wet en natuurlike wet nie, dit lê tussen wet en geen wet nie. Om Moses te verwerp, is om die God van Moses te verwerp.

p.685. So 'n natuurlike-wet-filosofie laat gesag neerkom, nie op 'n absolute God nie, nie op 'n absolute wet nie, maar op *kompromie*. Die grondslag van outoriteit is dus relativisme; kompromie, nie waarheid nie. Hierdie natuurlike-wet-filosofie berus op die mens se verstand as uitgangspunt en dit vind byval by 'n algemene rasionaliteit in alle mense. Maar die gevalle

mens gebruik sy rede as instrument van sy stryd teen God, en so is die algemene aspek van die rasionaliteit van die afvallige mens die gedetermineerdheid om die soewereine God van die Skrif buite rekening te laat.

Indien die natuurlike mens, sonder verlossende geloof, sy pad kan oopwerk tot by God en 'n universele wet, dan het hy geen ander god behalwe die mens nie.

Die oorsprong van wet is ook die plek van die god van enige sisteem, en as die wet geleë is in die rasionaliteit van die mens, dan is die mens die god van daardie filosofie. Dis nie snaaks nie, dat Westerse denke, deurdat dit 'n natuurlike wet aangeneem het as die basis vir sy samelewingsordes, die wet eers beskou het as *logika*, 'n aspek van die mens se rasionaliteit, en later as *ervaring*, 'n aspek van die mens se bestaan.

p.686. Natuurlike-wet-filosofie begin by "die aanname dat die nie-christelike manier van redeneer die enigste moontlike manier van redeneer is." Van Til.

Die enigste ware algemene grondslag is in God, dit is, in die feit dat Hy alles geskep het en oor alle dinge heers, sodat alle dinge openbarend is van Hom. Die verstaan van alle dinge begin dus in Hom, p.687. in die onderwerping van die mens aan God se oordeel, verlossing, en wet-woord. Die term "algemene genade", wat verander het in 'n teken van humanisme en van oorlogvoering teen God, moet verban word as 'n basterterm, wat twee botsende konsepte onwettig bymekaar bring. Skeppingsgenade is 'n beter woord as "algemene genade".

p.688. Kort gestel, om te begin met enigiets minder as God se wet as die enigste fondament vir samelewingsorde, is om uiteindelik sonder wet te wees en om slegs die oorheersing van die mens se logika en ervaring te aanvaar.

Die wette van fisika, ekonomie, biologie, en elke ander wetenskap of studie is vas gegrond in God se ewige raadsbesluit; omdat God se vooruitbeskikkende en soewereine krag volkome is, daarom is daar wette in elke area. Hierdie wette ontstaan nie uit die "natuur" nie, maar uit God. Wanneer die ewige wetgewing geloën word, word die wette ook effektief geloën, en gaan hulle mettertyd tot niet.

Deur die wet van die natuur te aanvaar as plaasvervanger vir God, het die Verligting dit al meer en meer gesien in meganistiese terme. Die heelal is vergelyk met uurwerk.

p.689. As gevolg van hierdie ontwikkeling, het die wet van die natuur, wat in sy heidense verlede die wet van die nasies was, nou die wet van die mens geword. Aangesien nóg God nóg die natuur oorloë geëlimineer het, sou die mens, die nuwe god en wetgewer, die nasies en alle mense vorm om oorloë te elimineer.

Die algemene en in die besonderhede regering van God sou verplaas word deur die mens se algemene en in besonderhede regering. God se algemene regering plaas die mens in 'n raamwerk van algehele wet; God se in besonderhede regering is gedagtig aan elke behoefte van ons, en nie 'n haar sal van ons hoof val sonder Sy soewereine sorg en toesig nie. Die nuwe soewereine staat werk daartoe om ons te omsluit in 'n voortgaande totale raamwerk van wet, en om ons dop te hou in sy netwerk van besondere toesighouding.

Natuurlike wet eindig altyd as die wet van die staat, en daarby 'n antichristelike staat.

## 4. Die Wet as Rigting en Lewe

Die basiese Bybelse word vir "wet" is *tora* (of torah). *Tora* beteken nie slegs instruksie of lering nie, maar, fundamenteel, "rigting". Die wet gee dus die deur God verordineerde rigting na die lewe; 'n wettelose lewe is 'n rigtinglose lewe in die sin dat geen ware betekenis bestaan sonder God nie. Boosheid is nie afwesigheid of skraalheid van bestaan nie, maar dit is 'n etiese, nie metafisiese nie, wegbeweeg van God af. Hoe verder die wegbeweeg is, hoe groter is die verlies aan betekenis. Hel het geen gemeenskap of betekenis nie. Dit is die ineenstort van alle gemeenskap, betekenis, en lewe tot binne-in 'n radikale negatiwiteit.

Die boek Spreuke is essensieel 'n boek oor die wet as die rigtingwyser en gids van die lewe. Spr. 28:9; 29:18. – goddelike wet – Spr. 1:8 – My wet, "die wet van jou moeder" – bied grondbeginsels p.690. en tuisleringe – gebaseer op die wet, nie identies daarmee nie.

Alle rigtinggewing rus en moet berus op God se fundamentele *tora*, wet of rigtingwyser. 'n Ouer se wet, 'n onderwyser of 'n werkgewer se wet, moet 'n toepassing van die wet van God wees. God se wet, wanneer dit so toegepas word, word die struktuur van die lewe en die rigting van die samelewing. Spreuke 13:13-14.

God se wet is aan alle mense gegee; die godvresende samelewing en godvresende mense sal hierdie wet meedeel aan elke nuwe geslag en sal so hulle gesondheid en welvaart verseker. Die rigting wat deur die wet gegee word, is die rigting na gesondheid, kennis, en lewe. Spr. 28:4 en 5 en ook Ps. 123:11-15, 29:18 en 1 Joh. 2:20.

p.691. Om die wet te versaak beteken dat rigting en die lewe versaak word; 'n samelewing en mense wat die wet van God versaak, verloor daardeur wysheid en alle rigting. Spr. 28:4 – Rom. 1:18-32. Spr. 28:5 – Rom. 1:21, 28; en verse 18-32. Ps.119:100; Joh. 7:17.

Een van die mees hardnekkige begeertes van die mens is om deur aanskouing te wandel; dus, met die kennis van die toekoms, van wat voorlê. (vgl. Saul) Die 19de en 20ste eeue het 'n groot oplewing van verskillende vorms van okkultisme beleef waardeur die mens probeer om die toekoms te peil sonder God. Die manier waarop die mens die toekoms mag bepaal, is deur die wetwoord van God. Ps. 119:105-106; Spr. 6:23.

p.692. God se wet, soos in die Bybel geskryf, sowel soos wanneer dit getrou oorgedra word deur die familie, kerk, staat of skool, is die deur God bestemde weg tot *lig,* die geldige manier van voorspelling. Die mens wat deur die geloof in gehoorsaamheid aan God se wet wandel, wandel in 'n groot mate deur aanskouing. Om sonder die wet te wandel, is om in donkerheid te wandel.

Die wet wat oorgedra word, moet identies wees aan die goddelike *tora.* Toepassing, nie nuwighede en byvoegings nie, is die plig van die persoon of liggaam wat die wet oordra en toepas. Salomo het daarom drie dinge aanmekaar verbind: 1. Die vrees van die Here en Sy lering, rigtingaanwysing of wet; 2. dieselfde wet of lering soos toegepas deur die vader en moeder op die seun; 3. die gevolge van gehoorsaamheid aan hierdie rigtinggewing is 'n ornament of kroon van die lewe van die seun. Spr. 1:7-9. "Die beginsel van die wysheid" is die eerste en beherende beginsel, eerder as 'n fase wat 'n mens agterlaat.

Die kern van die wet tot die lewe: Spr. 28:9 en Spr. 29:18.

As 'n mens God se wet en rigtinggewing ontken, ontneem hy homself van enige verhouding tot God, "selfs sy gebed sal vir God aanstootlik wees", 'n morele oortreding, want om te bid tot die God Wie se rigtinggewing ons verag, is om belediging tot ons oortredinge toe te voeg. Spr. 29:18. God se openbaring is ook Sy wet, wat die mens se enigste weg tot ware geluk is, en die enigste aanvaarbare manier om God te dien.

Wanneer Jesus Christus sê, Ek is die weg en die waarheid en die lewe: p.693. niemand kom tot die vader behalwe deur my nie" Joh. 14:6, was die woord wat vir "weg" gebruik word, *hodos*, 'n natuurlike pad, straat, weg, reisiger se pad, of metafories, 'n manier van optrede, van denke, van geregtigheid. Jesus is die enigste rigting tot God, en, om Homself te identifiseer as die weg, het hy in der waarheid verklaar, "Ek is die Torah." Die wet as die uitdrukking van God se geregtigheid en regte is die mens se enigste geldige pad of rigting. Christus het die wet volmaak onderhou, omdat die wet die uitdrukking van Sy wese was; Hy was sondeloos en kon nie sondig nie, omdat die wet niks anders was as Sy geregtigheid en Sy regte se uiteensetting nie. Hy kon die wet nie ter syde stel nie, want deur dit te doen, sou hy Homself verloën en sou Hy ophou om te bestaan. Tirannieke politici het verklaar, "Ek is die wet," en het uiteindelik onder God se wet ondergegaan, maar Jesus kon absoluut verklaar, "Ek is die weg of wet, die waarheid en die lewe." Die wet kan nie van Christus losgemaak word nie, ook nie Christus van die wet nie.

### 5. Die Wet en die Verbond

Die profeet Jesaja het Juda in die naam van God beskuldig as 'n wetsverbreker, en sy profesie begin met 'n beskuldiging sowel as 'n oproep om terug te keer na die Here toe. Jes. 1:10. Die vloeke van die wet van Deut. 28. sal op Juda en op Jerusalem neerkom. Jes. 5:24. Die nasies van die ou tyd is ook deur God beskuldig. Jes.13:1-23:18; 24:1-27:13; 28:1-33:24; 34; 6:13; 24:1. Die rede hiervoor: "Hierdie aarde is ook besoedel onder die inwoners daarvan, omdat p.694. hulle die wette oortree het, die insettinge verander het, die ewige verbond verbreek het. Jes. 24:5.

Wet en verbond word dus sinoniem genoem, en alle mense is onlosmaaklik betrokke in daardie realiteit. Omdat God God is, die absolute koning en enigste skepper van alle dinge, is geen onafhanklikheid van Hom enigsins moontlik nie. Die mens is onontkombaar verbind aan God op God se terme, Sy verbond of wet. Alhoewel 'n uitverkore volk die getuie is tot hierdie verbond, moet sy getuienis wees op die aanspraak van God en sy verbond op alle mense sonder uitsondering. Vir hulle versuim om ag te slaan op daardie verbond en sy getuienis, is al die nasies van die ou tyd geoordeel en verdoem. Jer. 46:1 - 51:64; 50:29. Aangesien die tempel (en die tabernakel voorheen) God se troonkamer en sentrum van regering was, het dit beteken dat God, die koning, wraak kon uitoefen op almal wat Sy wet verbreek.

Oordeel oor die nasies verskyn in Eseg. 25:1 - 32:32 en op ander plekke. Daniël gee vir ons 'n gesig van die groot koninkryke en hulle oordeel. p.695. Al die profete benadruk die wet en die verbond, en roep mense en nasies op tot berou, of spreek oordeel uit.

Die slot van Maleagi roep die mens so op, "Dink aan die wet van Moses, my kneg, wat Ek hom beveel het ..." Indien die vaders en die kinders nie in die geloof en gehoorsaamheid

verenig is nie, verklaar God dat Hy sal kom "en die land met die banvloek tref" op die dag van die Here, die tyd van oordeel, wanneer die Messias verwerp word. Mal. 4:4-6.

Paulus som in die Skrif hierdie aspek op in Hebr. 12:18-2:

Die superioriteit van die nuwe verbond word sterk benadruk. Met "Jesus, die middelaar van die nuwe verbond," het hulle, wat deel is van die kerk, gekom by iets wat baie groter is as die angswekkende manifestasies van die berg Sinai. Dit is dieselfde God, "'n verterende vuur", Hebr. 12:29; Eks. 20:18,19; en daardie feit word baie duideliker uiteengesit deur Paulus as deur Moses. Die kontras tussen die berg Sinai en Moses aan die een kant en Christus aan die ander, maak gehoorsaamheid aan die meerdere des te meer verpligtend, en ongehoorsaamheid des te meer verdoemend. Die eeue tot Christus se koms het 'n groot wankeling van die nasies verteenwoordig, wat gekulmineer het in die val van Jerusalem. Die volgende groot wankeling sal alle wankelbare dinge verwyder, sodat net die onwankelbare sal bly, "verandering van die wankelbare dinge, sodat die onwankelbare kan bly." Hebr. 12:27. Die "geskape dinge", is mensgemaakte wette wat daarna streef om God se wet en koninkryk te vervang met die stad van die mens. Maar God se uitverkorenes het ontvang, "'n koninkryk wat onwankelbaar is" Hebr. 12:28; daarom moet hulle God welbehaaglik dien, met eerbied en vrees.

Dus, net soos die era van die Ou Testament die radikale vernietiging van al die nasies wat God verwerp het, gesien het, net so sal die Christelike era 'n groot wankeling van die magte wat bestaan, sien, as gevolg van hulle ongeloof, afvalligheid en wetteloosheid.

Die verbond wat bestaan tussen God en Sy volk, word gepas die *genadeverbond* genoem. Dit is presies wat dit is, 'n verbond van genade of seën, gemaak deur 'n soewereine God met hulle wat hy verlos in Christus. Teenoor die verbond van genade of seën is *die verbond van die dood of vloeke*. Die belofte van God vir ongehoorsaamheid aan Sy wet was, van die begin af in Eden, die dood. Gen.2:17. Die vloek het in werking getree onmiddellik toe die mens geval het. Gen. 3:16-19; 4:10-12. Kain "vervloek ver van die grond af" Gen. 4:11 oor die moord van sy broer Abel, en sy lewe daarna het 'n verbond van die dood gemanifesteer.

Die volk van God kan nie 'n verbond sluit met hulle wat God se verbond verbreek nie. Deut. 7:2. Hulle wat afdwaal agter ander Gode aan en met hulle 'n verbond sluit, sal al die vloeke van die wet erf. Deut. 29:18-24. Die lot van die verbondsverbrekers is die dood. Rom. 1: 31-32. Dit word nadruklik verklaar in Jes. 28:14-18.

p.696. 'n Verbond met die dood en met die hel is dus die aanvaarding dat God se verbond nie werksaam is nie, dat God vir alle praktiese doeleindes dood is. Dit is die verwerping van die wêreld van die wet en van oorsaaklikheid, en 'n volharding daarmee dat die mens in 'n neutrale, nie-oorsaaklike wêreld van brute feitelikheid lewe. 'n Verbond met die dood en die hel is dus 'n poging om die dood en die hel tot niet te verklaar; dit is 'n verwerping van God se regsorde ten gunste van 'n mensgemaakte orde. So 'n verbond met betekenisloosheid word verwerp deur God, en hulle wat dit maak, word met die voet vertrap deur God se oordeel. Jes. 28:18. Hierdie verbond met die dood karakteriseer alle ongeloof, en die belofte van God is die oordeel oor almal. Jes. 28:22. Eseg. 21:27.

p.697. Sy oordeel val op almal met die doel dat "julle sal weet dat ek die Here HERE is." Eseg. 23:49; 20:19-20. Beide die wet en die oordele van die wet het as hul doel die openbaring van God.

Die wet as openbaring is dus 'n basiese aspek van God se manifestering van Homself. Dit is in der waarheid onmoontlik om te dink aan 'n openbaring van God sonder wet, omdat dit sou beteken dat God geen natuur het nie, geen persoon van 'n gedefinieerde en totale selfbewuste doel nie. Omdat God geheel-en-al selfbewus en sonder potensiaal is, sonder onontwikkelde aspekte, daarom het hy 'n volledige en ontwikkelde wet, en daardie wet is basies tot Sy openbaring van Homself. God kan homself nie openbaar sonder Sy wet nie, nog kan die wet bekend gemaak word sonder om God te openbaar.

Die implikasie hiervan is dat geen kennis van God moontlik is, indien die wet verwerp word nie. Om die wet te verwerp, is om God se natuur te ontken, en om die betekenis van God die Seun en sy versoening te ontken. Die kennis van God is nie *deur* die wet nie, maar deur die genade van God deur die geloof, maar hierdie kennis van God is onskeibaar van die wet. Die voorrang word geniet deur God, nie deur die wet nie, maar die wet kan net so min van God geskei word as wat Sy natuur van Homself vervreemd kan word.

Barthianisme, omdat dit teen die wet is, voorveronderstel logies 'n God wat nie geken kan word nie en ondefinieerbaar is – Die Barthiaanse god gee geen wet nie, omdat hy geen wet binne homself het nie, geen vaste natuur het nie. Met die term, "die vryheid van God," bedoel die Barthiane die vry wees van enige wet of natuur. Die volgende stap, teologies gesproke, was om die dood van hierdie God aan te kondig.

## X111

## DIE WET IN DIE NUWE TESTAMENT

### 1. Christus en die Wet.

p.698. Een van die belangrikste en mees misverstane van alle Bybelse verklarings wat betref die wet is ons Here se verklaring in die Bergpredikasie. Matt. 5:17,18.

Twee verskillende woorde word gebruik vir die idee van vervulling. Die woord wat vertaal is as "vervul" in vers 17 is *plerosai,* verwant aan *pleroma*: dit beteken om vol te maak, tot bo, tot oorlopens toe, tot alles deurweek is. Van Christene word gesê dat hulle "plerousthai" is, vervul met die Heilige Gees. Kol .2;10; Ef. 3:19. Christus "vul" die heelal met Sy krag en aktiwiteit. Ef. 4:10 – *pleroun*. Die woord beteken om te vul en vol te hou, dit is om dit aanhoudend vol te hou. Dus, ons Here het verklaar dat Hy gekom het om die wet af te dwing en te sorg dat dit afgedwing bly.

In vers 18 is die woord wat gebruik word *genetai* afgelei van *genomai,* om te word, om te gebeur, om plaas te vind. Die wet sal dus die werklikheid word van die wêreldse lewe aan die einde van die wêreld. Dit gee ons 'n heel ander perspektief op die betekenis van "vervul" as daardie interpretasies wat die betekenis sien as beëindig, dit is om die vervulling van die wet te sien as die einde van die wet. Daar is geen aanduiding van so 'n betekenis in die teks nie.

Eerder, Christus as die Messias of Koning, omdat Hy gekom het, het opnuut die geldigheid van die wet verkondig, en Sy bedoeling om dit af te dwing. 17 November 1640 – Stephen Marshall:- Word enige land beskou as 'n deel van die Prins se Domein as dit nie deur sy wette regeer word nie? Daar sal niks seermaak of vernietig nie, waar Christus se septer heers: Die mens se wette kan nie aan die mense nuwe harte gee nie, ook nie nuwe krag nie, dit is die voorreg van die wette van Christus.

Die feit dat die Koning gekom het om Sy koningskap en Sy wet af te dwing is baie duidelik gedeklameer deur Johannes die Doper. Hy het gepraat van die toorn wat aan kom is. Matt. 3:7; Luk. 3:9. Die Koning het hom voorgeneem om te oordeel en Sy Ryk deur en deur skoon te maak. Matt. 3:12. Toe die gelowiges vir Johannes gevra het, "Wat moet ons dan doen?" Luk. 3:10. het Johannes geantwoord dat hulle twee dinge moet doen: eerstens, gehoorsaam die wet, en tweedens, bewys barmhartigheid aan diegene in nood.. Luk. 3:11-14.

Die versoeking van Christus kan nie begryp word, losstaande van die wet nie. Die versoeking wat deur Satan voorgehou is, het 'n deklarasie van onafhanklikheid van God en Sy wet verlang en die keuse van die skepsel se wil as die uiteindelike wet. Die antwoord van Christus op elke versoeking was 'n aanhaling uit die wet: Deut. 6:16; 8:3 en 10:20. Vgl. Jos. 24:14; 1 Sam. 7:3. Die rigting waarin die geskiedenis beweeg moes nie verkry word vanaf die mens se wil nie, maar vanaf God se wet. As Koning het Jesus God se weg of "torah" verkondig, en as Koning het hy duiwels uitgedryf. Luk. 4:31-37. In die proses het die duiwels Sy koningskap erken. Luk. 4:34; vgl. Jes. 49:7. Jesus het Homself verklaar as die "Seun van die mens" en die Here van die Sabbatdag. Matt. 12:8; Luk. 6:5; Mark. 2:28.

Die Bergpredikasie in besonder identifiseer Christus as Koning en Wetgewer. Hy het vergelyking met Moses uitgelok deurdat Hy die wet vanaf 'n berg verkondig het. Matt. 5:1.

Hy het dit duidelik gemaak dat Hy groter as Moses was, dat Hy God die Koning was, deur te verklaar, p.700. nie "So sê die Here" nie, maar, "Ek sê vir julle." Matt. 5:18. In Deut. het God die vloeke en seëninge uitgespreek, in die bergpredikasie het Jesus self die seëninge uitgespreek. Matt. 5:3-11. As soewereine en universele Koning, is Jesus ook die bron van alle wetgewing, en is Hyself die wet of die rigtingaanwyser van bestaan. As sodanig, die beginsel van die wet en die bron van alle seën, het Hy Homself verklaar as die nuwe sjibbolet waardeur die mens getoets en geoordeel sal word. Petrus identifiseer Jesus as die sjibbolet van God. Hand. 4:12.

Jesus, as Koning, onderstreep Sy koninklike wet. Matt. 5:19-20.

Aangesien Hy die wetgewer is, bepaal Jesus ook die vloeke en die seëninge van die wet; hier het Hy gepraat van die tydelike en die ewige gevolge van die wet en Homself verklaar as die bepaler van daardie gevolge. Dit was die implisiete identifikasie van beide God en die wet met Christus.

Christus het toe voortgegaan om die volle implikasies van die wet te ontwikkel, die persoonlike sowel as die burgerlike implikasies, die vereistes vir die hart sowel as vir die hand. Om "sonder oorsaak" kwaad te wees vir 'n verbondsbroeder is om moord in die hart te hê. Matt. 5:21-24. Owerspel is verbied in sowel die gedagtes as in die daad. Matt. 5:27-28. Teenoor die losse sedes van die dag, word die Bybelse wet van egskeiding weer vasgestel. Matt. 5:31-32. Die derde gebod word afgedwing en benadruk teenoor die sorgelose gebruik van eedswerings. Matt. 5:33-37. Die beperkings van die wet, wanneer onder beheer van 'n vreemde gesag wat die wet beheer, word genoem in Matt. 5:38-42; die wet kan nie afgedwing word deur die vyande van die wet nie. Ons verpligtinge is selfs dan om die wet te onderhou, en liefde is die vervulling van die wet, teenoor ons vyande. Matt. 5:43-48.

Die wette van liefdadigheid word ook geanaliseer wat betref hulle gehoorsaamheid van die hart, soos ook die vereistes van aanbidding en gebed. Matt. 6:1-23.

Vertroue in die regering van die koning word vereis. Matt. 6:24-34. God die Koning weet wat ons behoeftes is; ons durf nie twyfel aan Sy regering nie, ook nie kleingelowig wees nie. Matt. 6:30. p.701. Persoonlike vooroordele kan nie tot beginsels van oordeel gemaak word nie; die wet van God is die enigste kriterium. Matt. 7:1-5. Waarskuwings word geopper om ons in staat te stel om te kan oordeel, en ons word beveel om God te vertrou wat meer getrou is ter wille van ons as wat ons menslike ouers dit is.

Die toets van burgerskap in God se koninkryk is gehoorsaamheid aan "hierdie woorde van my". Matt. 7:24. Om op Christus en Sy wetwoord te bou is soos om op 'n "rots" te bou ('n ou simbool vir God), maar om op die mens se woord te bou is soos om op sand te bou. Die een weg lei tot veiligheid, die ander tot rampspoed. Matt. 7:21-27.

Ons word vertel van die verbasing van Sy toehoorders, "want Hy het hulle geleer soos een wat gesag het, en nie soos die skrifgeleerdes nie." Matt. 7:29. Die woord wat vertaal word as "gesag" is *exousia*, wat beteken: mag van keuse, outoriteit, die vryheid om te doen soos wat jy verkies, die gesag van reg. Jesus het met gesag geleer; Hy het Homself verklaar as die beginsel van vloeke en seën; die mens staan of val in verhouding tot Hom. Deut. 28 word weer benadruk in Sy persoon, want Hy is die vleesgeworde wet, God wat vlees geword het, die "weg". Joh. 14:6.

Die Fariseërs en regeerders het al hierdie dinge beter verstaan as die dissipels en die volk. In teenstelling met hulle liberale vertolking van die wet, het Jesus Homself as die Wet-gewer verklaar. Hulle het dus probeer om, in die saak van die vrou wat betrap is op 'n daad van owerspel, Hom in die verleentheid te stel deur Hom te forseer om 'n ongewilde beslissing te maak. Joh. 8:11. Wat belasting betref, het hulle weer probeer om Hom te dwing tot 'n verklaring wat Sy posisie as kampvegter van die wet sou skaad. Matt. 21:15-22; vgl. Mark. 12:14; Luk. 20:22. Die Sadduseërs het probeer om die leer van die opstanding en van die leviraat te verneder tot onsin; Jesus het hul stomgeslaan vanuit die Skrif. Matt. 22:23-33.

Die aanhoudende uitdagings aan Jesus deur die leiers van die volk was met die wet in gedagte. 'n Gedetermineerde poging is gemaak om Hom die status van kampvegter van die wet te ontneem, omdat, as die gevestigde wetsorde, as die regeerders van die dag, was Christus se aansprake 'n aanklag teen hierdie mense. Dus, die ander kant van die saligsprekinge van die Bergpredikasie is die vloek op die leiers van die volk, hierdie verdraaiers van die wet, wat herhaaldelik deur Christus so genoem is, veral in Matt. 23. Op die hoofde van hierdie verdraaiers van die wet van God sou neerkom "al die bloed van die regverdiges wat op die aarde gestort is", Matt. 23:35. wat die volle wraak van die wet vereis. Geen verskrikliker vloek kon uitgespreek word nie; daarom was hulle oordeel die ergste in die hele geskiedenis: "Want dan sal daar groot verdrukking wees soos wat daar van die begin van die wêreld tot nou toe nooit gewees het nie, en ook nooit sal wees nie." Matt. 24:21. Dit was die oordeel van die Koning p.702. wat verklaar het dat "aan My is gegee alle gesag in die hemel en op aarde." Matt. 28:18. Daardie gesag bring die totale vloek oor hulle wat Hom, Sy koninkryk en Sy wet teenstaan; maar Hyself is die saligspreking van Sy verbondsvolk.

**2. Die Vrou wat betrap is op die Daad van Owerspel**

Joh. 8:1-11 – Omdat hierdie besondere insident genoem word as 'n bewysplaas van hoe die wet tersyde gestel is, as die belangrikste voorbeeld, in der waarheid, moet ons verdere aandag daaraan skenk omdat dit in werklikheid 'n *bevestiging* van die wet is. Indien die insident enigsins anti-wet was, sou dit die skrifgeleerdes en die Fariseërs voorsien het van presies die aanklag wat hulle verlang het, sodat hulle Jesus kon verdoem. Die beskuldiging van Jesus teen die skrifgeleerdes en die Fariseërs was juis hulle antinomianisme; Hy het hulle sterk in die openbaar betig oor hulle verwaarlosing van die wet ten gunste van tradisie. Matt. 15:1-10. Geen antwoord was moontlik teen hierdie aanklag nie: dit was duidelik dat die leiers van die volk die wet opsygeskuif het deur hulle humanistiese regstradisies. Die hele punt van die aanval van hierdie leiers was om te probeer om te bewys dat Jesus, wanneer gekonfronteer deur die koue feite van 'n konkrete saak, nie 'n sterker kampvegter van die wet sou wees as wat hulle was nie. Die kulminerende voorbeeld van hierdie poging om Jesus te beskaam, was hierdie insident van die owerspelige vrou. Om te vra vir die volledige toepassing van die wet, die doodstraf, sou wees om vyandskap uit te lok, omdat die heersende gesindheid een van morele laksheid was. Om die doodstraf te ontken, sou die Fariseërs in staat gestel het om Jesus van skynheiligheid te beskuldig. Hy sou dan in dieselfde denkskool as die Fariseërs geval het vir wie Hy so verdoem het. Dit is duidelik dat Jesus nie 'n anti-wet standpunt ingeneem het nie, omdat die Fariseërs stom verbaas die toneel verlaat het, en die insident duidelik bevestig het dat Jesus die kampvegter van die wet was.

'n Vrou is "op 'n daad van egbreuk" betrap. Joh. 8:4. Die vrou is na Hom toe gebring. Die man wat betrokke was by die daad is nie na vore gebring nie; ons weet nie wat die rede

hiervoor is nie, alhoewel dit wil lyk p.703. asof dit die "oortreding" van Jesus sou vererger het, indien hy 'n owerspelige vrou die doodstraf sou gee, of aan die ander kant, haar sou laat vry gaan. Joh. 8:5-6. Die insident het in die tempel plaasgevind – 2 Kor. 4:7, 5:1 – lewende water – stof in die tempel. p.704. Die tempelstof Joh. 8:2. waarin Hy geskryf het, het voldoen aan die vereistes van die wet. Sy optrede het elke aanklaer onmiddellik onder verhoor geplaas; dat hulle daarvan bewus was, kom in die teks duidelik na vore. Joh. 8:9. Wat lyk na 'n onbestrede saak teen die vrou, word verander na teen-aanklagte deur Jesus, deur Sy optrede en deur Sy verklaring, Joh. 8:7. wat hul saak tot niet maak. Omdat hulleself skuldige mense was, het hulle gevrees dat Hy geheime inligting teen hulle gehad het.

Hierdie skrifgeleerdes en Fariseërs het verkies om aanklagte teen die vrou te lê in pleks van teen die man; Jesus het hulle in die kategorie van haar man geplaas deur Num. 5 na vore te bring deur in die stof te skryf. Jesus het hulle eintlik ook onder verhoor geplaas: het hulle na die oordeel gekom met skoon hande? Hierdie manne het die dood van Jesus beplan. Deur hulle doelgerigte en berekende planne teen God se Messias, was die sonde van owerspel 'n nietigheid vir sulke mense. Hulle het nie kans gesien vir aanklagte teen hulle wat uit die Skrifte God se vereiste vir die doodstraf sou aanhaal nie. Toe Jesus gesê het: "Laat die een van julle wat sonder sonde is die eerste 'n klip op haar gooi," Joh. 8:7. het hy nie verwys na sonde in die algemeen nie, maar na die sonde van owerspel. 'n Algemene stelling sou beteken dat daar geen hofsitting moontlik sou wees nie; die spesifieke p.705. verwysing het beteken dat mense wat skuldig was aan 'n misdaad, nie moreel vry was om daardie misdaad in 'n ander te veroordeel nie, *tensy* hulle dit in hulleself veroordeel. Ons word vertel dat al hierdie skrifgeleerdes en Fariseërs toe deur "hul eie gewetes veroordeel is."

Wat meer is, Jesus het die doodstraf *bevestig*; Hy het net eerlike getuies gevra om na vore te tree en haar tereg te stel, "eerste 'n klip optel en gooi" vers 7. Om te bly staan as getuies teen haar, was om getuienis teen hulleself uit te lok; om te getuig van 'n feit van dit wat hul gesien het en die doodstraf te bevestig teen die vrou, was om 'n getuie tot die dood teen hulleself uit te lok. Hulle het vertrek.

Joh. 8:10-11. Hier is dit nodig om te onderskei tussen burgerlike en juridiese vergifnis. Burgerlike vergifnis vind plaas wanneer 'n veroordeelde persoon die boete vir sy oortreding betaal het, wanneer regstelling plaasgevind het en aan die morele eise van die wet voldoen is. 'n Dief wat 'n os van 'n man gesteel het en vyfvoudig daarvoor vergoed het, word dan vergewe. Godsdienstige vergifnis vereis as 'n voorwaarde, restitusie, wat dan siviele vergifnis verkry. 'n Dief kan nie godsdienstig vergewe word as hy nie restitusie gedoen het nie.

Daar is 'n soortgelyke verskil tussen 'n burgerlike veroordeling en 'n godsdienstige veroordeling: *a.* Oortredings teen die siviele reg. *b.* Oortredings teenoor die siviele reg en vir ongeloof in God en Sy wet-woord. Hierdie twee soorte vergifnis en veroordeling is verskillend maar verwant. Jesus is gevra om 'n uitspraak te lewer op die burgerreg met betrekking tot owerspel; Hy het die doodstraf bevestig. Die getuies het egter hul aanklag teruggetrek en verdwyn. Daar was 'n *reg*saak teen die vrou. Regtens kon Jesus dus nie die saak volhou nie: "Ek veroordeel jou ook nie."

Maar 'n morele kode het bestaan. Die nederigheid van die vrou, wat Hom erken het as "Here," dui aan 'n effense bewys van verandering in haar, en miskien wedergeboorte. Maar Jesus het eenvoudig gesê, "Gaan heen en sondig nie meer nie, 'n "eggo" van sy woorde in Joh. 5:14, "sondig nie meer nie, sodat daar nie iets ergers met jou gebeur nie." Dit is meer as moontlik

dat sy godsdienstig 'n veranderde persoon was, en vergifnis ontvang het deur God se genade. Ons word net meegedeel dat daar op die oomblik geen rede bestaan vir veroordeling op regsgronde nie. Dit beteken nie dat sy nie in die toekoms regtens veroordeel kan word nie; haar man, indien sy een het, kom nie na vore in hierdie episode nie, maar hy sou regsgronde hê vir een of ander soort van aksie, onder die bestaande wet, indien hy dit sou verkies. Dit is nie waaroor die teks gaan nie. p.706. Sy het vryspraak gekry in terme van die getuienis van die onmiddellike "verhoor". Jesus het die realiteit van haar oortreding erken deur sy waarskuwing, "Gaan heen en sondig nie meer nie." Die feit van hierdie waarskuwing wys op bewyse van verandering in haar, want dit was teenstrydig tot die optrede van ons Here om diegene te waarsku wat nie gewaarsku wil word nie. Mat. 7:6. Vir Christus om vir onwedergebore mense te sê "sondig nie meer nie" is nie sinvol nie. Die besondere sonde waarna verwys is, was owerspel. Sy het opdrag gekry met 'n verantwoordelikheid tot kuisheid as 'n aspek van haar nuwe lewe in Christus.

Die vrou het Jesus aangespreek as "Here". Joh.8:11. Die skrifgeleerdes het hom bloot "meester" genoem. Vers 4. en die dissipels self het dikwels eenvoudig van Hom gepraat as "Rabbi". Joh. 1:49. Haar optrede hier het gedui op 'n veranderde persoon.

In kort, in stede van enige bewyse van antinomianisme, bevestig hierdie episode nadruklik die posisie van Jesus as die kampvegter van die wet, en Hy het die pogings van die skrifgeleerdes en Fariseërs om die teendeel te bewys, verydel.

Die sonde van die Fariseïsme is hierdeur blootgestel, *eerstens* het Fariseïsme die noodsaaklikheid van bekering ontken. Die mens, deur sy onafhanklike vrye wil, is in staat om homself te red, om te kies tussen goed en kwaad, en om homself goed te maak. Beide die vrye wil en selfredding is dus bevestig, en predestinasie en bekering of wedergeboorte is ontken. *Tweedens*, die Fariseërs het, terwyl hul voorgegee het om die wet van God te onderhou, dit verander in die tradisies van mense. Dus, hulle het die Bybelse leer van regverdigmaking en heiligmaking ontken en was dus in besonder die skyf van Jesus se veroordeling. Die Fariseërs, terwyl hul voorgegee het om kampvegters van God se woord te wees, was in werklikheid die vyande en verdraaiers daarvan.

### 3. Antinomianisme aangeval

Verskeie twispunte het skeiding gemaak tussen Jesus en die godsdienstige leiers. Hulle het Sy implisiete en eksplisiete verklaring van Sy roeping as Messias verwerp; hulle het Sy unieke status as die Seun van God ontken; hulle het Sy eis vir godsdienstige hervorming in terme van Homself verwerp; en hulle was erg gegrief deur Sy aanval op tradisie. As kampvegters vir die wet volgens hulle godsdienstige en burgerlike tradisie, was die leiers gegrief deur Jesus se beskuldiging dat hulle in der waarheid wetteloos was. Tradisie was vir hulle die essensiële en nodige ontwikkeling van die wet; dus was voorrang verleen aan tradisie bokant die wet. Die Fariseërs het egter hulle tradisie as onafskeibaar van die wet beskou. Jesus, aan die ander kant, het hul tradisie as 'n verdraaiing van die wet beskou. Hierdie twispunt is skerp gestel gedurende die derde pasga. Volgens Mark. 7:23; vgl. Matt. 15:1-20, p.707, het die skrifgeleerdes en die Fariseërs Jesus aangeval oor die veronderstelde oortreding van die wet deur sommige van Sy dissipels. Hierdie dissipels het hul maaltyd geëet met "onrein, dit is ongewaste hande". Mark. 7:2. Dit het nie beteken dat dit met vuil hande was nie, maar eerder met seremonieel onrein hande. Dit was die "tradisie van die ou mense." Vers 3. Dit was 'n

rituele vorm van afskeding van 'n "onrein" wêreld en is beskou as 'n aspek van die wet en 'n vorm van heiligheid.

Die aanval van Jesus op hierdie skynbaar skadelose gewoonte was baie sterk bewoord: Mark. 7:6-8.

Die verheffing van 'n skadelose gewoonte tot 'n status gelyk aan die wet van God en net so bindend op die mens, is sterk afgekeur deur Jesus. Wet beteken die wet van God, nie die gebooie van mense nie. Dus, die beskuldiging van die skrifgeleerdes en die Fariseërs teen sommige van Sy dissipels is teen hulle gedraai: hulle was die verbrekers van die wet; "ander dergelike dinge van dieselfde aard, doen julle baie." vs.8. Vgl. Mark. 7:9-13: Die wette van Moses vs.10, is geïdentifiseer as "die gebod van God." Vs.9. en "die woord van God." vs.13. Die wet van Moses kan nie gereduseer word tot die dimensies van 'n nasionale wet, slegs vir Israel nie, ook nie as iets van verbygaande aard nie: dit is die onveranderlike gebod of woord van die onveranderlike God. Die skrifgeleerdes en die Fariseërs word beskuldig van die verandering, verwerping en tot niet maak van die wet van God.

Die wet van God vereis dat ouers geëer moet word, en ekonomies onderhou moet word in hulle nood. Om jou ouers te vloek, vereis die doodstraf. Om na te laat om jou ouers te onderhou, is 'n manier van jou ouers vloek, volgens Jesus. Die oortreding van God se wet was nie net af en toe nie: dit was basies en radikaal. Hulle het die wet van God waardeloos gemaak deur hulle tradisie. - Matt. 15:13-14. – Jesus het nadruklik elke wet verwerp behalwe die wat deur God gegee is: Omdat die twispunt ter sake die wet is, is Sy verwysing in "plant" duidelik na die wet, alhoewel meer bedoel word, omdat 'n veralgemening gemaak is. Hierdie besondere voorbeeld waarvan die veralgemening gemaak is, is God se wet, en die primêre betekenis is wet. Dus sal elke regsorde wat nie deur God geplant is nie, nie getrou gegrond is op die wet van God nie, p.709. "ontwortel word". Nie net word antinomianisme veroordeel nie, maar ook wettisisme, wat die mens se wet die substituut maak vir die wet van God.

Die dinge wat die mens onrein maak, wat hom onrein voor God maak, kom van binne. Wetteloosheid is die substituut van die mens se weg vir God se weg, van die mens se wet vir God se wet. Wetteloosheid verklaar, "Is dit ook so dat God gesê het ....?" Die uiterlike daad van wetteloosheid is die produk van 'n innerlike onreinheid, wat dan die buitewêreld besoedel deur sy handelinge: Mark. 7:20-23.

Die Fariseërs was omgewingsmense: dit wat van buite kom besoedel die mens. Hierteenoor het Jesus nadruklik beklemtoon dat die hart van die mens die bron van besoedeling is. Omgewingsbewustheid lei tot antinomianisme, omdat dit verantwoordelikheid ontken ten gunste van omgewingskondisionering. God se wet benadruk verantwoordelikheid en laat geen mens toe om daaraan te ontkom nie.

Reinheid het vir die Fariseërs al meer 'n seremoniële saak geword, 'n saak van om jou van die gekontamineerde wêreld te isoleer. Volgens Jesus, egter, is elke mens sy eie bron van besoedeling: "van binne". Hy het verklaar, anders as die Fariseërs, die onreinheid kom nie van buite nie. A.g.v. hierdie antinomianisme was die Fariseërs logies besig om 'n nuwe wet te ontwikkel, die tradisies van die mens, om so aan die anti-omgewingsbewustheidsgesag van God se wet te ontkom. Hulle seremoniële was was dus nie onskadelik nie: deur sulke wassinge het hulle aanvaar dat die wêreld die bron was van kontaminasie, nie hulle eie gevalle natuur nie. Dit was dus noodwendig dat hulle hul tradisie sou verkies bo die wet van

God. Deur die Fariseërs aan te val, het Jesus daarom elke vorm van antinomianisme in elke eeu veroordeel. Antinomianisme kan dus homself nooit wettiglik Christelik noem nie.

Sou die wêreld die basiese bron van besoedeling wees, sou die logika van die wet omgewingsherkondisionering vereis; die wêreld moet oorgemaak word om die mens te red. Indien die basiese bron van besoedeling, soos wat Jesus verklaar het, "van binne, vanuit die hart van die mens" is, dan is die verlossing van die mens verandering of wedergeboorte. Die mens moet herskape word indien die wêreld self gered moet word. Ons het hier dus twee teenoorgestelde leerstellings omtrent redding en wet.

p.710. Die verhouding tussen Jesus en Moses word benadruk deur die Evangelies. Soos Moses, gee Jesus die wet vanaf die berg. Moses was die middelaar tussen God en Israel, 'n voorafskaduwing van die funksie van die groter Moses. Die profesie aangaande die Messias was dat Hy soos Moses sou wees, Deut. 18:18-19. Selfs soos Moses die volk van God vanuit gevangenskap na vryheid sou lei, so sou die groter Moses God se verbondsvolk lei.

Die vergelyking wat gemaak is tussen Moses en Christus is veral duidelik in die weergawes van die verheerliking. Matt. 17:1-9; Mark. 9:2-10; Luk. 9:28-36. Op verskillende punte is die ooreenkomste opmerklik.

*Eerstens*: die insident het op 'n berg plaasgevind. Meeste kommentators is begaan daaroor om te weet watter berg, in plaas daarvan om die betekenis van 'n berg afsondering te ontleed. Privaatheid sou ook op ander plekke moontlik wees. Dis duidelik dat die keuse van 'n berg die vergelyking met Moses ontlok, en Jesus het selfbewus die profesie vervul wat deur die tipologie geïmpliseer word. Net soos Moses op die berg geklim het ná die eerste rampspoedige geleentheid, met nuwe wettafels, en self getransfigureer was, so het Jesus teen die berg opgeklim. Hy het reeds die wet vanaf die berg gegee, d.i. sy bevestiging van die wet in die Bergpredikasie. Nou, soos Moses, was hy getransfigureer. Die getransfigureerde Moses het die voorskrifte vir die bou van die tabernakel gegee; die getransfigureerde Christus, as die ware tabernakelende teenwoordigheid van God, het die tipefiëring van al die offerandes van die ou tabernakel vervul. Die feit dat die dissipels geneig was om die letterlike herstel van Israel se politieke mag te verwag, is bevestig deur die transfigurasie gebeurtenis; binne die raamwerk van hulle volhardende verwagtings, het dit gelyk of die transfigurasie hulle hoop bevestig het.

*Tweedens*:Jesus is "voor hulle verander". Matt. vertel ons "Sy gesig het geblink soos die son en sy klere was wit soos die lig." Matt. 17:2. Mark. 9:3. Luk. 9:29. Die transfigurasie van Moses is dus herhaal en oortref. Ex. 34:29-30; 34:33-35. p.711. Die ondervinding van Moses is herhaal op die berg om te wys na Jesus as groter as Moses.

*Derdens*: "En daar het aan hulle verskyn Elia saam met Moses, en hulle was in gesprek met Jesus." Mark. 9:4. In hulle persone, het die wet en die profete getuig van die groot Wetgewer en die allerhoogste Profeet. Die teenwoordigheid van Moses en Elia saam met Jesus lewer getuienis van hulle eenheid. Hulle werk en bediening was een woord en een bediening; geen skeiding kan gemaak word tussen Jesus en die wet en die profete nie, Moses en Elia "het in heerlikheid verskyn" Luk. 9:31. en Jesus Self was getransformeer en verheerlik, sodat die drie saam die heerlikheid van God openbaar het.

*Vierdens*: Hulle het "van Sy uitgang gespreek wat Hy in Jerusalem sou volbring." Luk. 9:31. Letterlik, "die dood of vertrek van Hom." Die woord "uitgang" is *exodon* in Grieks, in Afrikaans "uittog". Lukas se keuse van woorde was nie toevallig nie. Moses het die volk van God uit Egipte uitgelei; Elia het getuig van hulle afvalligheid en dus implisiet van die komende uittog uit die land van belofte. Nou sou Jesus die ware uittog uit Jerusalem vervul. Deur sy versoenende dood en opstanding sou Jesus die volk van God uit die land van slawerny uitlei na die ware vryheid. Hebr. 4 brei verder uit p.712. op hierdie selfde punt deur Josua en Jesus te kontrasteer soos wat elkeen God se volk in hulle sabbat of rus ingelei het. Die nadruk het hier geval op die exodus wat in Jerusalem voltrek moes word, nie op die visioen self nie. Daarom, toe Petrus op die feit van die visioen probeer konsentreer het, eerder as op die oproep tot aksie in die geskiedenis, is daar nie ag geslaan op sy woorde nie. Luk. 9:33-34.

Die uitgebreide gebruik van die exodus tema in die Nuwe Testament: Jesus se doop deur Johannes, "'n sakramentele voorstelling van die historiese Exodus van Israel en, terselfdertyd, 'n inleiding tot die Nuwe Exodus van verlossing"; die veertig dae van versoeking in die woestyn "is 'n miniatuur van die veertig jaar wat Israel in die woestyn deurgebring het. Die versoekings wat aan Jesus gebring is, is basies dieselfde as die waaraan Israel toegegee het." – 1. Manna – brood. 2. Massah – Hoogste punt van die Tempel. 3. Gesmelte kalf – aanbid Satan. Christus word uitgebeeld soos wat Hy die versoekings nie arbitrêr benader nie, maar doelgerig vanuit Moses se opsomming in Deut. van die geskiedenis van Israel in die woestyn. Indien Jesus regtig die ware verteenwoordiger van God se volk was, moes ook getoon word dat Hy Sy woestynreis gehad het, en die toets verduur het wat Sy persoon bewys het as "sonder sonde." – RE Nixon.

Die uitstuur van die sewentig Luk. 10:1 en verder, is ook 'n eggo van Sy woestynondervinding. Num. 11:16 en verder. "Daar is dan 'n nuwe verowering van Kanaän. Sy stede sal vernietig word in 'n dag van oordeel. Mark. 8; 12; Matt. 16; 4; Matt. 12:39; Luk. 7:31 en verder.

*Vyfdens*: Daar is so in die guns van Jesus besluit deur die wet en die profete, en deur God Self, as die groter Moses. Die stem van God uit die wolk ('n simbool van God wat oordeel) het verklaar, "Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. Luister na Hom!" Matt. 17:5. Vgl. Petrus in Hand. 3:22-23.

p.713. Jesus is soortgelyk aan Moses; Hy is die groot en finale vleesgeworde Wetgewer. Om na Hom te luister is om te luister na die hele wet en die profete en baie meer. Om Hom te verwerp, is om die wet te loën en die profete sowel as Sy persoon. Elke mens wat nie na Hom luister nie, behoort "uitgeroei te word onder die mense." In Deut. 18:19, wat Petrus aangehaal het, lees die teks, "Van hom sal ek self rekenskap afeis." Die dreiging of belofte van vernietiging verskyn in Ex. 12:15, 19; Lev. 17:4, 9, ens. Die uiteindelike betekenis van "afsny" word hier vereis en word toegepas deur Petrus omdat, om die wet-woord van Jesus nie te gehoorsaam nie, beteken dat jy 'n radikale wettelose persoon is.

God se "Luister na Hom," is nie 'n oproep om na Jesus te luister eerder as na Moses en Elia nie, want hulle het in 'n verheerlikte eenheid saam met Hom verskyn. Die opdrag om te luister na Jesus is om na die Christus te luister, wie se woord die totaliteit van die Skrif is, anders as na die skrifgeleerdes en die Fariseërs, die leiers van die volk. Hulle moes luister na Jesus, wat

beteken dat hulle moes luister na Moses en Elia, anders as na die magte van hierdie wêreld, as na sy filosowe en godsdienstige leiers. Hulle moes luister na Jesus eerder as na die mense van 'n "ongelowige en verdraaide geslag." Luk. 9:41. Dit is dus laster om die wet van Jesus los te maak. Die feit dat dit gedoen word, is 'n bewys van godsdienstige afval en verval.

p.714. Verlossing is deur die genade van God en deur geloof; heiligmaking is deur die wet van God. Diegene buite die genade voel die wet as 'n beskuldiging; dit is 'n doodstrafvonnis teen hulle. Diegene binne die verbond is binne 'n verbond van genade wat ook 'n verbond van werke is. Die genade stel hulle in staat om die werke te doen wat van hulle verwag word. Die aanval van Jesus was nie teen Moses nie: dit was teen die skrifgeleerdes en die Fariseërs wat Moses verdraai het. Dit is 'n verdraaiing van die Skrif om die wet en die profete van Jesus te skei. Die berg van verheerliking het getuig van hulle eenheid.

Foulkes was reg om na die verbond en die wet as 'n eenheid te verwys, die verbond as die beginsel van voorspelling, en ook die basis vir gebed. "Die Wet bevat dus nie slegs 'n kode vir Israel om te onderhou nie, maar die beginsels van God se optrede in die verlede, wat dieselfde bly vir die hede en die toekoms."

Antinomianisme het die ontwikkeling van die humanistiese wet aangehelp, en die humanistiese wet het die groei van antinomianisme gestimuleer. In die Skrif word die wet geproklameer aan die uitverkore volk, tot die verbond van die genade; en die opening-sin van die gebooie vier daardie genade. (Foulkes)

### 5. Die Koninkryk van God

Lukas vertel van 'n interessante stelling deur onse Here omtrent die verhouding van die wet en die profete tot die Koninkryk van God: Luk. 16:14-17. Die probleem lê in die eerste gedeelte van vers 16: "Die wet en die profete was tot op Johannes:" dit kan nie beteken dat die wet en die profete nie langer geldig is nie, want dit sou in stryd wees met met die slot van vers 17. Die volgende sin van vers 16 verduidelik wat bedoel word: "Van toe af word die koninkryk van God verkondig."

Tot Johannes, was die *prediking* p.716 uit die wet en die profete; nou preek God die Koning, in die persoon van Christus. Albei sinne handel oor 'n proklamasie: die een met 'n voorspelling, die ander met 'n gebeurtenis. Christus, die koning, het gekom: die Koning is die wetgewer en die groot toepasser daarvan. As Koning kom Hy om Sy volk te vergader en om hulle erfdeel vir hulle in besit te neem.

Tot by Johannes – die wet en die profete, van toe af aan word die Koninkryk van God gepredik as die goeie nuus, en almal dring met energie daarin. Dit beteken, "Die Jood het nie meer eksklusiewe regte nie." A.Plummer. Al die nasies word nou opgeroep in die nuwe verbond in. Hierdie verandering maak egter die wet nie waardeloos nie. Die verhaal van Lasarus en die ryk man leer duidelik dat die vooraanstaande mense van Judea nie sou glo nie: "Al sou iemand ook uit die dood uit opstaan, sou hul nog nie oortuig word nie." Vers 31. Christus het dit spoedig gedoen. Aan die ander kant het volke van oral oor die wêreld ingedring in die koninkryk in en hulle aan sy wet onderwerp. Dus, aan die een kant, het die skrifgeleerdes en die Fariseërs vir Jesus verwerp en die wet verruil vir menslike tradisie; aan die ander kant, het baie mense in die koninkryk ingedring, Jesus aanvaar as hulle Verlosser en Koning en hulle aan Sy Wet onderwerp.

p.717. Die Koning het gekom, en daarom het die Koninkryk van God nou gemanifesteer in die sin waarin dit nie moontlik was toe God vanuit die Tabernakel regeer het nie. Die Koning het, omdat Hy Sy universele koningskap verklaar het en al die volke van die aarde opgeroep het om hulleself in te dwing, die koningskap van sy valse afgevaardigdes weggeneem. Matt. 21:43.

In Matt. 11:20-24 het Jesus die stede van Israel veroordeel omdat hulle Hom verwerp het. Sodom en Tirus sou beter vaar in die oordeelsdag as hierdie stede, waar Fariseïsme op die troon was. Anders as die leiers van Israel, het Jesus 'n ligte "juk". Matt. 11:29-30. – 'n bekende Joodse spreekwoord – "om die juk van die koninkryk van die hemel op te neem" beteken "om gehoorsaamheid aan die wet te beloof." Die wet van Israel het daartoe gekom dat dit 'n ondraaglike juk van menslike tradisie geword het wat die wet van God van geen waarde gemaak het nie. In die plek hiervan het Jesus die sagte juk van God se wet aangebied. Die uitdrukking "koninkryk van die hemel" is dieselfde as die "koninkryk van God"; die Joodse gewoonte om die gebruik van die naam van God te vermy, het gelei tot die veelvuldige gebruik van die genoemde frase.

In die Onse Vader gebed, is die groot versoek aan die begin, "laat U koninkryk kom, laat U wil geskied, soos in die hemel, net so ook op die aarde". Matt .6:10. Die gebed eindig, "Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid, tot in ewigheid. Amen. Matt. 6:13. p.718. Die toegang tot daardie koninkryk is deur God se uitverkiesende genade; die reëls van daardie koninkryk is die gebooie van God, Sy wet. Vir hulle binne die genade, is die juk sag, en die las lig, omdat genade aan die wet beantwoord.

### 6. Die Belastinggeld

Een van die bekendste vertellings van die Nuwe Testament is die een oor die belastinggeld-vraag. "Is dit geoorloof om aan die keiser belasting te betaal of nie? Christus se antwoord, Matt. 22:15-22; Mark. 12;13-17; Luk. 20:20-26; is een van die bekendste sinne van die Skrif. Die algemene implikasies is lankal besef; in die spesifieke toepassing, is daar baie variasie.

Die doel van die Fariseërs is weer om "Hom in sy woord te verstrik", Matt. 22:15; Luk. 20:20-26. Waarskynlik was die verwagting dat Jesus, in getrouheid aan die wet, sou sê dat slegs 'n teokrasie toelaatbaar was in Israel, nie Romeinse oorheersing en wet nie. Agter hierdie strategie was die Fariseërs en die Herodiane, Matt. 22:16. Mark. 12:13. 'n mindere, politieke, nie-gelowige party van die dag. Die Herodiane was ten gunste van die Romeinse belasting en die Herodiaanse dinastie, wat hulle beskou het as gunstiger as direkte Romeinse regering. Die Fariseërs was normaalweg vyandiggesind teenoor die Herodiane, maar hulle het nou saamgespan in vyandigheid teenoor Jesus. Indien Jesus die belasting sou teenstaan, kon Hy aangekla word en oorgelewer word aan die Romeinse owerhede vir arres en verhoor. Mark. 12:14; Luk. 20:22.

Die belasting was 'n kopbelasting. *phoros* Luk., p.719. *kenos* Matt. en Mark. Israel het alreeds 'n kopbelasting gehad. Ex. 30:11-16. Die doel daarvan was om voorsiening te maak vir siviele versoening, dit is die bedekking of beskerming van die burgerlike regering deur God die Koning - 'n burgerlike en godsdienstige plig, nie 'n kerklike plig nie.

Die vraag wat implisiet was in die Herodiane se stelling was of enige ander regering anders as God se regering enige regsbestaan het. Christus se bevestiging van Sy messiasskap is deur die beskuldigers beskou as 'n ontkenning van die Keiser se reg om belasting te eis, Luk. 23:2. omdat die Messias eksklusiewe soewereiniteit moes hê, volgens hulle perspektief. p.720. Vir Jesus om die keiser se reg om belasting te eis te bevestig, sou volgens hulle 'n ontkenning van Sy messiasskap beteken.

Jesus het sy ondervraers gevra vir 'n denarius, 'n klein silwermuntstuk met die waarde van 'n sjieling – die voorgeskrewe munt waarin belasting betaal moes word. Toe die muntstuk aan Jesus oorhandig is, het Hy 'n ander vraag gevra: "Wie se beeld en opskrif is dit?" Matt. 22:20; Mark. 12:16; Luk. 20:24. Twee feite: 1. Muntstukke met die Keiser se beeld en opskrif was in gebruik onder die Jode. 2. Die muntstukke was ooglopend die eiendom van die Keiser, anders sou hulle nie sy beeld en opskrif gedra het nie. Uit hierdie twee feite volg dit dat die Jode die keiserlike oorheersing as 'n praktiese werklikheid aanvaar het, want dit was 'n algemene, aanvaarde beskouing dat 'n regeerder se mag gestrek het so ver as wat sy muntstukke in gebruik was.

p.721. Die praktiese realiteit was dus duidelik. Hierdie mense het Tiberius se muntstukke gebruik met die "borsbeeld van Tiberius in sy Olimpiese naaktheid, versier met 'n olyfkrans die teken van Goddelikheid." Die opskrif het gelees, "Keiser Tiberius Augustus Seun van die Augustus God," op die een kant, en "Pontifex Maximus" of "Hoë Priester" op die ander. Die simbole het ook die keiser se moeder Julia Augusta (Livia) ingesluit waar sy op die troon van die Gode gesit het, terwyl sy die Olimpiese septer in haar regterhand gehou het, en in haar linkerhand, die olyftak om aan te dui dat "sy die aardse inkarnasie van die hemelse Pax (Vrede) was." Die muntstukke het dus 'n godsdienstige betekenis gehad. Israel was in 'n sekere sin besig om ander gode te dien deur onderdanig aan die Romeine en die Romeinse geldeenheid te wees. Die punt wat by implikasie deur Sy vyande gemaak is, dat belasting aan die Keiser godsdienstige kleur gehad het, was *amper* bevestig deur Jesus, net soos Hy hulle eie onderwerping aan die Keiser bewys het. Toe kom Sy grootse antwoord. Mark. 12:17. Gee - gee terug: Stauffer – Paulus in Rom. 13:7; Num. 8:13 – Alles behoort aan God – die Tiende, die eerstelinge van die oes, ede, offers.

p.722. Israel se wegbeweeg van God se regering en wet het hulle onder die Romeinse regering en wet geplaas: hulle het aan Rome die bydrae geskuld wat Rome toekom. Rome het God nie gedien nie, nog minder Israel. Gehoorsaamheid kom alle outoriteite toe waaronder ons onsself bevind. Rom. 13:1-7. Rome was nou hulle meester en Rome moes gehoorsaam word. In die versoeking in die woestyn, het Satan Jesus versoek om 'n weg van 'n empire te volg: gee die mense brood en wonderwerke, stel hulle in staat om deur aanskoue te wandel. Nou, deur ander versoekers, is die versoeking aangebied van die verwerping van alle empirie, alle aardse magte.

p.723. Christus se antwoord het Sy vyande nie verhoed om Hom daarvan te beskuldig dat Hy "die volk verlei en verbied om aan die Keiser belasting te betaal" nie. Luk. 23:2. Sy antwoord het in werklikheid alle grond vir aanklagte teen Hom tot niet gemaak.

Wat aan die keiser verskuldig is, is slegs aan die keiser verskuldig deur die voorsienige doel en raad van God. Wat aan God verskuldig is, wat deur alle mense aan Hom verskuldig is, is elke ding..

## 7. Die Kulturele Mandaat

p.724. *Kultuur* beteken "om te onderrig of verfyn; kweek. 1. kweek van plante en teel van diere, veral met die oog op verbetering. 2. Die afrigting, verbetering, en verfyning van gees, morele waardes, of smaak; verligting...." *Mandaat* beteken "'n gesaghebbende vereiste; 'n bevel; gebod; opdrag." Die kulturele mandaat is dus die verpligting van die verbondsmens om die aarde te onderwerp en gesag daaroor uit te oefen onder God. Gen. 1:26-28. Die wet is die program vir daardie doel en voorsien die deur God-verordineerde manier om plante, p.725. diere, mense en instellings te verbeter en te ontwikkel in terme van hulle plig om God se doel te vervul. In elke eeu het die mens 'n plig om God te gehoorsaam en om hulleself op te lei en verbeter, d.i. om hulleself te heilig, in terme van die wet van God. 2 Kor. 10:4-6. Vers 6: "en ons gereed hou om elke ongehoorsaamheid te straf wanneer julle gehoorsaamheid volkome is". Vers 5: "terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus."

Paulus het hier gepraat oor die kulturele mandaat. Die *eerste* tree in hierdie mandaat is om aan mense die woord van God te bring en vir God om hulle te regenereer. Die *tweede* tree is om elke soort teorie, humanisties, ewolusionêr, afgodies, of andersins, en elke soort skans of opponering teen die koningskap van God in Jesus Christus, tot niet te maak. Die wêreld en die mens moet in gevangenskap onder Christus gebring word, onder die oorheersing van die Koninkryk van God en die Wet van daardie Koninkryk. *Derdens*, dit vereis dat, soos Paulus, ons krygshof moet hou, of "ons gereed moet hou om elke ongehoorsaamheid te straf" in elke area van die lewe waar ons dit teëkom. Om die kulturele opdrag te loën, is om Christus te loën en om die wêreld aan Satan oor te gee.

Die kulturele mandaat kan nie gelykgestel word aan die natuurlike mens se beskouing van die kultuur en vooruitgang nie. Dit moet nie opgesom word in operas, fisiese geriewe, of kinderagtige selfbevrediginge nie. p.726. Kultuur in die Sowjet Unie, en toenemend in die Westerse wêreld, word geïdentifiseer as ballet, 'n operahuis, en 'n kunsgalery, wat slegs 'n bietjie beter is as die goue kamerpotte van die Romeinse vroue, maar steeds vals is.

Kultuur is godsdiens waaraan uitwendige vorm gegee is, en dit is die ontwikkeling van die mens en sy wêreld in terme van die wette van sy geloof. p.727. Humanisme, of dìe nou in sy liberale of marxistiese vorm is, het geen kulturele mandaat nie, maar eerder 'n kulturele oorgawe; dit is 'n aggressiewe filosofie van oorgawe. Die Bybel Presbiteriaanse stelling is niks beter nie, dit roep ook op tot 'n oorgawe van die wêreld aan die duiwel.

Die implikasies van oorgawe is egter anargie en sosiale chaos. Waar die mens 'n verbreker van die verbond is, is anargie die grootste probleem en 'n skrikwekkende probleem. Die mens se vooruitsigte is dan stryd van elke mens teen al die ander. Die mens se antwoord is die staat. Omdat die mens weer die kulturele opdrag geloën het, soek hy beskerming teen chaos deur middel van 'n ryk (empire) – vgl. die Sowjet Unie, die Verenigde Nasies, en verskillende ander alliansies en pogings. Aggressie neem die plek in van geloof en wet, as die mens se verdediging teen anargie.

Die antwoord van God vir hierdie krisis van die mens is Sy soewereine daad van genade, die vleeswording.

p.728. Die doel van die nuwe Adam is om die werke van die val tot niet te maak, om die mens te herstel tot verbondsonderhouer, en om die mens weer in staat te stel om sy roeping, om die aarde te onderwerp en om alle dinge te herstel om onder God se wet en gesag te staan, na te kom, en die aarde te beërwe. Matt. 5:5.

p.729. Met sy hemelvaart het Jesus weer die skeppingsopdrag benadruk: Matt. 28:18-20. Alle nasies moet *onderwerp* word deur die doop en lering; d.w.s. deur wedergeboorte en die woord van God. Oorspronklik het die eerste Adam 'n goeie wêreld, wat nie geval het nie, gehad om te onderwerp, die tweede en laaste p.730. Adam het opstandige en gevalle nasies en 'n gevalle wêreld om te onderwerp, 'n wildernis of woestyn, wat vrugbaar en produserend gemaak moet word vir God. Meer as 'n tuin moet nou onderwerp word; die nasies en die ryke van die wêreld moet onder die dominium van Christus en Sy lede gebring word.

Die gevalle wêreld mobiliseer homself teen Christus en Sy mense. Dit verloën Christus en vervloek hom, eerstens in die moord in Bethlehem, later deur die kruisiging en sedertdien deur sy veroordelings. In plaas daarvan om Christus se verheerliking te aanvaar as die openbaring van God en Sy wetsorde deur Sy eniggebore seun, probeer die wêreld om homself te transformeer, partymaal deur sy mees ellendige persone te verhef. Maar Christus het die vloek van die kruis in oorwinning verander, en die veroordelings van die wêreld in veroordelings teen die wêreld. Open. 12:10 en verder – "En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam." Dit is die nuwe omstandigheid vir die wêreld wat begin het by die hemelvaart. Indien die mens nie wedergebore is deur Christus nie, en as hulle hul nie aan Sy roeping, aan die kultuurmandaat, wil onderwerp nie, sal hulle deur Sy krag verpletter word.

### 8. Die Wet in Handelinge en die Sendbriewe

Richard Watson (1781-1833), 'n Wesleyaanse teoloog, het daarop gewys dat die Nuwe Testament nie alleen die Tien Gebooie herhaal het nie, maar die krag daarvan uitgebrei het. – **Aanhaling uit sy Biblical and Theological Dictionary is belangrik.** "Ons het in die Nuwe Testament die mees volledige en volmaakte openbaring van die morele wet wat ooit aan die mens gegee is; en 'n meer eksakte manifestasie van die helderheid, volmaaktheid, en heerlikheid van daardie wet, waaronder engele en ons stamvoorgeslag in die paradys geplaas is, en waarvan dit die vreugde van, en in die belang van die mees volmaakte en gelukkige wesens is, dat hulle dit moet gehoorsaam.

p.731. FF Bruce 1968 "Peyton Lectures" – Omdat Bruce die wet negeer, wat 'n sentrale aspek van God se plan en program vir oorwinning is, kan Bruce alleen oorwinning sien in die dood of in martelaarskap en in die einde van die wêreld. Dit is sy program vir nederlaag.

p.732. Daar is hoegenaamd geen bewys dat die Tien Gebooie opgehou het om wet te wees nà die Raad in Jerusalem nie. Hand. 15:5. Die sendbriewe het die wet herhaaldelik bevestig; Paulus, in Ef. 6:2, het die vyfde gebod herhaal, en ons herinner aan al sy beloftes, wat almal steeds geldig is. Die wette van God teen sonde is nooit herroep deur hierdie raad nie.

Dit waarom dit gegaan het, was *regverdigmaking deur die wet*; Judaïsme het die wet misbruik. *Eerstens*, dit het dit vervang met die tradisies van die mens, en dit in wet verander, en, *tweedens*, die wet, wat die weg tot heiligmaking is, is verander in die weg tot verlossing. Dit was die probleem by beide die Fariseërs en die Judaïste. Paulus in Antiochië – Hand. 13:38-39. – *teen die saligmaking deur die wet.* Paulus het nooit die wet aangeval as die weg

tot heiligmaking nie, maar slegs as die weg tot regverdigmaking (redding). In Hand. 15:5 – wet – soos beskou deur die rabbynse tradisie, 'n juk. Petrus, Hand.15:10, sou nooit waag om te sê dat jy God versoek deur die wet van God te onderhou nie. Die twispunt waarom dit gegaan het, het Petrus gesê, is dat mense gered word deur "die genade van die Here Jesus Christus" Hand. 15:11; die twispunt was die leer van regverdigmaking. Ook ter sprake was die seremoniële wet en die wette van afskeiding.

p.733. Ongetwyfeld benadruk vers 21 van Hand. 15 die steeds bindende aard van die wet en pla dit nie die Joodse bekeerlinge wat die wet gehoorsaam het nie. Die gebruik van die woord "sinagoges" kan verwys na die Joodse sinagoges, wat steeds deur baie bygewoon is, of na Christelike vergaderings. Vers 20 – Die strydpunt was: *hoe* moes die wet behou word: as die manier om geregverdig te word, of vir heiligmaking? Baie duidelik is die wet verwerp as die weg tot regverdigmaking en behou as die weg tot heiligmaking. Die voorskrifte van Hand. 15:20 en 29 voorveronderstel ongetwyfeld die wet en *benadruk hoe ver die wet behou is:*.

*Eerstens* is die heidense gelowiges beveel om hul te onthou aan "besoedeling deur afgode". In vers 29 word dit gedefinieer as die eet van "afgodsoffers". Later in Rom. 14 het Paulus hierdie reëling hersien. Het hierdie verandering beteken dat daar geen wet gegeld het nie? Inteendeel, beide die raad en Paulus het gemeen dat hier 'n wet van God op die spel was. Die vraag was hoedat gehoorsaamheid aan daardie wet behou kan word. – "Sterk man" – nie besoedel deur sy gebruik van daardie vleis nie. Die swakke was reg om dit te vermy.

*Tweedens*, hoerery moes vermy word, d.i. seksuele p.734. sondes in die algemeen, en losbandigheid – die morele waardes van die tyd het seksuele oortredings al meer as gewoon aanvaar.

*Derdens*, dit "wat verwurg" is, moes vermy word as kos, en
*Vierdens*, bloed. Die wet het spesifiek verbied dat bloed geëet mag word. Gen. 9:4; Lev. 3:17; Deut. 12:16, 23. Aan hierdie wet is nooit te eniger tyd in die Sendbriewe iets toegevoeg of verander nie. *Dus, van die vier gebooie waaroor aan die Heidene deur die Raad vereistes gestel is, het drie oor kos gegaan.* In stede daarvan om te verklaar dat die wet tot 'n einde gekom het, het die Raad van Jerusalem onweerlegbaar die wet bevestig of gehandhaaf as die weg tot heiligmaking en selfs *die dieetkundige aspekte van die wet behou.*

Daar is egter 'n belangwekkende verandering. In Hand. 15:5 was die eis, komende van die Fariseërs onder die gelowiges, dat die besnydenis moes voortgaan. Aan die Heidene is gesê dat hierdie vereiste "julle met woorde ontstel en julle gemoedere verontrus deur te sê dat julle besny moet word en die wet onderhou." Hand.15:24. Die besnydenis het dus verval, en Petrus se doop van die heidene is gehandhaaf, as die teken van die nuwe verbond; die onderhouding van die wet volgens die Fariseërs se siening is verwerp: die siening van verlossing deur wetsonderhouding, Hand. 13:39.

p.735. In Kol. 2:16 het Paulus verklaar dat ons nie veroordeel moet word met betrekking tot die eet van vleis nie (vleis wat aan afgode geoffer is), *of* sabbatte nie. (Daar is geen bewys dat sabbatte afgeskaf is deur hierdie verklaring nie.) Indien die insident wat Paulus, beskryf in Gal. 2:11-21, dieselfde is as die van Hand. 13:39, of verband hou daarmee, en dus die raadsitting voorafgegaan het, is dit duidelik dat Petrus, bang vir die kritiek van die Fariseërs in die kerk, met hulle opt rede in die praktyk gekonformeer het. Paulus se beginsel was dat geen

kunsmatige versperring gemaak kon word deur kos wanneer die heidene genader word om hulle te bekeer nie.

Rom.1:32 – doodstraf vir homoseksueles word bevestig deur Paulus.

p. 736. Rom.6:14 – Vryheid van die wet as 'n weg tot heiligmaking, (nie vir verlossing nie), gee nie aan die mens die reg om te sondig nie. Rom. 6:15-16 – Die punt van hierdie illustrasie is *nie* dat die wet dood is nie, maar dat ons in Christus dood is, d.i. die doodstraf van die wet is vervul teen ons - as 'n man sterf, is dit nie die instelling van die huwelik wat sterf nie maar die besondere man wat dood is vir die huwelik. Vers 5: Die wet was 'n doodstraf vir ons (toe ons sondaars was): dit het verklaar dat, vir ons afvalligheid, vir ons verbondsverbreking met God, verdien ons om te sterf. Die doodstraf teen ons is vervul in die persoon van Christus, ons is nou, volgens die reg, dood in die oë van die wet. Daarom, diegene wat waarlik gered is, kan nooit weer tot die dood veroordeel word deur die wet nie. Nogtans, om uit die dood opgewek te wees, d.i. van die sondedood, deur die werk van Christus, is om nou "aan 'n ander te behoort, naamlik aan Hom wat uit die dode opgewek is, sodat ons tot die eer van God vrugte kan dra." Vers 4. Die sondaar wat homself god gemaak het in sy eie oë, Gen.3:5, is in 'n oorlog gewikkel teen God; die wet van God spoor hom net aan tot meer strydvoering. Die wet het ons dus gedryf tot groter gebondenheid aan die sonde. Deur wedergeboorte, egter, is ons eenheid nie langer met die sonde nie, maar met Christus. Omdat ons lewend is in Christus, is ons nou *lewend vir die wet*, nie as 'n doodstraf teen ons nie, maar as dit wat ons nuwe lewe uitbeeld, die "nuwigheid van die Gees", vers 6, ons lewe in Christus, waardeur die wet nou ons gelukkige manier van lewe is. Die wet sterf nie; die ou mens, die onwedergebore mens, sterf; die wedergebore mens het nou 'n nuwe verhouding tot die wet, nie langer in die "optrede van sonde nie", maar "in die nuwigheid van gees." p.737. Terwyl vir die sondaar die oortreding van die wet die dryfkrag en natuur van sy wese is, is vir die wedergebore mens, die gehoorsaamheid aan die wet in Christus die vreugde van sy lewe.

Paulus lê nadruk op die feit dat die "wet geestelik is" Rom. 7:14; "die wet is heilig, en die gebod is heilig, en regverdig en goed." vers 12; nog meer, die wet "moes die lewe wees", vers10; in sy sonde, omdat hy toe in beginsel die wet gebreek het, omdat die wet goed was, het hy "toegestem dat dit goed was", vers.16. As 'n verloste man, besig om sy saligheid uit te werk, besig om te groei in heiligmaking, kan hy verklaar, "Want ek verlustig my in die wet na die innerlike mens." Vers 22. "die wet van die sonde", sy gevalle natuur, juridies dood in Christus, maar nie uitgewis uit sy wese nie, voer stryd teen sy nuwe natuur, sodat die aspek van sy wese, die nuwe mens, "die wet van God dien", 'n ander dien "die wet van sonde". Verse 23-25. Dit is duidelik dat die wet die standaard vir die nuwe mens is. Inderwaarheid is die doel van heiligmaking "sodat die reg van die wet vervul kan word in ons." Rom. 8:4. Kortliks, dit is nie die wet wat dood is nie, maar ons wat in Christus gesterf het, wat om daardie rede dood is vir die wet wat vir ons 'n aanklaer is en 'n doodstraf.

p.738. Gal. 2:19. moet gelees word met dieselfde in gedagte: Weereens is die wet nie dood nie, maar die sondaar. Gal. 2:21 wys op die kontras tussen regverdigmaking deur die wet en regverdigmaking deur die genade van God deur Jesus Christus. Gal. 5:16-18 wys op die kontras tussen die weg van die "vlees", die gevalle hulpelose menslike natuur, en die weg van die "gees", die verloste en ondersteunde nuwe mens. In Ef. 2:15 is die verwysing na die wet glashelder: die wet as 'n doodstraf vir die ongelowige.

us bevestig nie net die wet nie, in brief na brief gebruik hy die wet vir die oplos van kilpunte binne die kerk, vir die gee van instruksies, en in die raadgewing aangaande ligmaking.

Murray: "Die wet van God het die *volste* normatiewe relevansie in daardie staat wat die produk is van genade."

# XIV

# DIE KERK

## 1. Die betekenis van ouderlingskap

p.739. Min ampte het meer radikaal agteruitgegaan as die amp van die ouderling. Sy oorspronklike doel is verduister, sy funksie verlore, en sy doel verander. Dit is nodig om te onthou dat die amp nie deur die kerk geskep is nie, maar oorgeneem is uit die praktyke van Israel. p.740. Om in staat te wees om die Hebreeuse agtergrond van die amp te begryp, is dit belangrik om te erken dat dit sy oorsprong in die gesin en die stamstruktuur van Israel gehad het:

*Eerstens,* die ouderling was 'n ouer man in 'n posisie van gesag, 'n man wat oor sy huishouding regeer het. Hierdie hoof van die huishouding, of 'n groep van gesinne, het toesig gehou oor die dissipline en reg binne sy gesin, die opvoeding, aanbidding, en ekonomiese ondersteuning; hy was ook verantwoordelik vir die verdediging teen vyande. Dus, onweerlegbaar, was *wet en orde*, basiese funksies van die ouderling, maar baie meer as in 'n sin van polisiëring, daarin dat dit die plig van die ouderling was om diegene onder hom op te lei in 'n manier van lewe. Die verantwoordelikheid van die ouderling was dus godsdienstig, burgerlik, opvoedkundig en beroepsopleiding. Hy het ook voorsien in die welvaart van sy huishouding.

*Tweedens,* ouderlinge het die grondslag van die burgerlike regering gevorm. Aangesien mans wat op so 'n uitgebreide manier hulle eie huisgesinne regeer het, die beste opgelei was om te regeer, het Moses, op die bevel van God, onder die ouderlinge 'n groep van sewentig mans gevind wat Israel moes regeer. Num. 11:16. Hierdie manne het onder Moses regeer en het hom gehelp om die mense te onderrig in die implikasies van die wet. Deut. 27:1. Plaaslike regering was in die hande van die ouderlinge of oudstes. Deut. 19:12; 21:2; 22:15; 25:7; Jos. 25:4; Rig. 8; 14; Rut 4:2. Na hierdie oudstes word ook verwys in die Evangelies. Matt. 16:21; 26:47; Luk. 7:3. In die Nuwe Testamentiese era het sommige ouderlinge regeer in die Sanhedrin en was hulle deskundige kenners van die wet, en ander het in plaaslike streke regeer.

*Derdens,* Oudstes was die regeerders in die sinagoges. Binne die Sinagoge was die ouderling die onderwyser, wetsafdwinger en gesaghebbende student van die wet.

Die feit dat die ouderling of oudste regeer het in die kerk, staat en familie in die Ou Testamentiese era, het nie van hierdie amp een enkele instelling gemaak nie. Die feit van eenheid het nie gekom deur die opname van een instelling in die ander nie, maar in die algemene onderwerping aan die wet en hul algemene gebruik van die wet.

Die feit dat die kerk hierdie amp van oudste van Israel oorgeneem het, is 'n aspek van sy bewering dat hy die nuwe en ware Israel van God is. Die kerk was nou God se ware sinagoge, en sy mense die nuwe Israel. Die doel van die amp was om 'n nuwe samelewing, die koninkryk van God, te skep, om die nuwe skepping te institueer deur die dissipline van sy wetwoord. p.741. Die seël van God se goedkeuring van die kerk as die nuwe Israel, en die ouderlinge as die nuwe ampsdraers van God se wet, was die oplê van hande en die geïmpliseerde salwing met die Heilige Gees. 1 Tim. 3:2-5. Betekenisvol is dit dat die band met die oorsprong van die amp bly voortbestaan. Die oudste was aanvanklik en altyd 'n man

wat 'n huishouding regeer het; (en alle regeerders was in die praktyk oudstes); voortspruitend hieruit moes 'n regeerder in Israel altyd 'n getroude man wees, 'n man wie se outoriteit en vermoë om te regeer, getoets was. Paulus het hierdie kwalifikasie herbevestig as 'n onweerlegbare feit, "Maar as 'n mens nie weet om sy eie huis te regeer nie, hoe sal hy vir die gemeente van God sorg dra?" 1 Tim. 3:5. Die amp van die ouderling vereis 'n samelewing wat om die gesin gesentreerd is.

Die regering van die nuwe christelike samelewing is bemoeilik deur die feit van vervolging. Die ampte van diakens en weduwees, wat geskep is om onder die ouderlinge te funksioneer, het regering as hul funksie, die bystand aan die armes, bediening aan die jongeres, onderwys, ens. Die ouderling as 'n onderwyser het dus in die vroeë kerk in een sfeer na die ander gefunksioneer, in die kerk, in die gesin, in die area van welsyn deur delegasie en kontrole, in die onderwys, en, deurdat hulle siviele howe vermy het, as 'n burgerlike regering.

Juis omdat die Romeinse howe "onregverdig" was, 1 Kor.6:1, het die ouderlinge gedien as regters, om geskille tussen Christene te besleg. 1 Kor. 6:1-3. Indien 'n kerklidmaat geweier het om hom te steur aan teregwysing, Matt. 18:15-17, dan moet hy behandel word "soos 'n heiden en 'n tollenaar" en dan na 'n siviele hof geneem word. Normaalweg moet die siviele hof vermy word, selfs met opoffering. Matt. 5:40. Geen beperking het teen die gebruik van die siviele howe bestaan in die Ou Testament nie, omdat die howe toe óf in die hande van die oudstes was óf hulle invloed weerspieël het. Amerikaanse howe, ten spyte van hulle korrupsie, het nie hulle Christelike karakter of hul erfenis van die Bybelse wet verloor nie. 1 Kor. 6:2: "Weet julle nie dat die Heiliges die wêreld sal oordeel nie?" – Die ware betekenis is met betrekking tot tyd en ewigheid. Die woord regter hier het die Ou Testamentiese betekenis van *regeer.* Moffatt – *bestuur.* – 'n voortgaande regering deur die heiliges oor die koninkryk van God, in tyd en ewigheid.

Een van die gevolge van die bestaan in 'n vyandige wêreld, was dat die kerk die funksie van 'n totale samelewing vir sy lede moes vervul. Die ouderlinge en presbiters was sentraal tot hierdie funksie. Die amp van die ouderling het by die gesin begin. Dit het nie slegs die *amp* behou nie, maar ook die konsep van die *gesin* in die nuwe samelewing van Christus. p.742. Alle ware gelowiges was lede van die gesin van Christus. 'n Gemeente en 'n gemeenskap van gelowiges sorg vir hul eie lede. 1 Joh. 3:7. Die literatuur van die vroeë kerk onderstreep hierdie posisie. Daar was geen verdraagsaamheid teenoor luiheid nie. 2 Tes. 3:10. Wat meer is, die luiaard is beskou as een wat die geloof versaak het, en erger is as 'n ongelowige. 1 Tim. 5:8. Die doel wat die ouderlinge en hulle onderrig wou bereik was dus om 'n gemeenskap van verantwoordelike gelowiges te skep, verantwoordelik vir hulleself en hulle huishoudings en vir hulle medegelowiges.

Omdat die heiliges geroepe was om die wêreld te *bestuur* en te *regeer*, het dit baie gou hulle doel geword om in te skuif in posisies van outoriteit en mag. Die briewe van Paulus wys duidelik dat vooraanstaande Romeine tot bekering gekom het. Fil. 4:22 – "wat van die keiser se huishouding was". Gedurende die Puriteinse era was die druk van die heiliges op elke soort van amp in die kerk, staat, skool en handel baie wydverspreid.

Wet is gelykstaande aan regeer of heers: dit is die uitdrukking van 'n regering of 'n heerser en die toepassing van 'n soewereiniteit op die area van jurisdiksie. Die ouderlinge as amptenare van 'n wet, God se wet, is dus geroepe om die wet van God op elke sfeer van die lewe toe te pas. Dit is die plig van die Christelike huis, skool en kerk om ouderlinge op te lei wat die wet

van God op die hele wêreld sal toepas. Die ouderling word nie deur die kerk regeer as 'n onderhorige amptenaar wat uitgestuur word as 'n koninklike agent in die wêreld in nie. Eerder regeer die ouderling in sy sfeer, net soos die kerk in haar area, albei as koninklike agente van Christus die Koning. Op sekere gebiede is die ouderling onder die outoriteit van die kerk, en op ander gebiede is hy onafhanklik daarvan.

Die kerk beroep en bevestig haar ouderlinge, maar daar is weinig rede om hierdie amp tot die kerk te beperk. Christene in die onderwys, burgerlike regering, die wetenskap, wet, en ander professies kan hulleself as Christelike liggame konstitueer en mans ondersoek en bevestig wat die wet en regering van God sal bevorder in hulle sfeer. Die ouderlingskap is 'n roeping van God, en die kerk is een gebied waarin die roeping vervul word. Dit was die vorm van die amp in Israel en daar is geen bewys van enige verandering in die aard van die amp in die Nuwe Testament nie. Die feit dat die regte naam van die amp, *ouderling of oudste*, behou is, benadruk die kontinuïteit.

Meer nog, in Openbaring kom ons by die "vier-en-twintig ouderlinge", wat simbolies is van die volheid van die kerk van beide die Ou en die Nuwe Testamente. Die Joodse praktyk om die ouderlinge as konings in te huldig, word ook versinnebeeld daarin dat hierdie ouderlinge "hulle krone voor die troon" gewerp het, Open. 4:10, wat dui op die superieure koningskap van God. Ouderlinge is as konings ingehuldig, p.743. wat weer terugverwys na die oorspronklike roeping van Adam om priester, profeet en *koning* oor die skepping onder God te wees. Die herstel van daardie koninklike heerskappy onder Christus is die funksie van die ouderling, en dit is 'n roeping in elke domein van die lewe.

Die konsep van ouderlingskap of bediening is sterk herstel deur Luther met betrekking tot die universiteit en die professore. Die stoel van die professor was die erfgenaam van die sinagoge se oudste se stoel, en daar was 'n vergelykbare koningsinhuldiging. Tot vandag toe nog word professore ingestel in 'n ontvangde "stoel" sonder om die betekenis van daardie term te besef. Die werk van die Heilige Gees deur die amp en die bediening van die ouderling is beskou asof gemanifesteer deur die professor. Nietemin, nie voordat elke wettige roeping beskou word as 'n area van potensiële ouderlingskap, en gestel word onder die wetwoord van God deur die presbiters of ouderlinge wat God dien nie, sal die betekenis van ouderlingskap ten volle realiseer nie.

## 2. Die Amp van die Ouderling in die Kerk

Die Volk van God, in die kerk, staat, gesin, beroep en elke ander sfeer, het 'n voortdurende plig om hulleself te hervorm in ooreenstemming met die Woord van God. Daar is baie areas van die kerklewe vandag wat ernstig nodig het om te hervorm. In die bespreking van die amp van die ouderling is dit nie ons doel om dit uit te wys as 'n area wat meer verkeerd is as ander nie, maar slegs om die aandag te vestig op sommige probleme binne hierdie area.

Die amp van die ouderling het vir verskeie geslagte ernstig agteruitgegaan in belangrikheid en funksie. In baie kerke het dit teen 1900 net 'n ereposisie geword wat gegee is aan vooraanstaande lidmate. Meer nog, die amp van die ouderling het grootliks verander na die van regter wat sit in maandelikse beoordeling van die predikant, en soms handel met sake aangaande die gebou en die perseel. Aangesien die vroeë kerk vir omtrent twee eeue lank geen kerkgeboue gehad het nie, maar in huise vergader het, was die administrasie van 'n gebou vanselfsprekend nie deel van die oorspronklike funksie van die ouderling nie. Verder,

daar is niks in die Skrif wat aandui dat 'n sessie of 'n raad van ouderlinge die beoordeling van die predikant of die toesighouding oor sy werk het as hul sentrale funksie nie. Inteendeel, ons kan so 'n funksie as seldsaam beskou, net deur 'n noodgeval vereis, ter wille van die welsyn van die kerk. Net so het die vroeë kerk geen kore, geen Sondagskool, geen jeugaksie of vroueaksie gehad nie, dus was geeneen van hierdie take van toesighouding deel van die amp van ouderling nie, of selfs deel van die amp van die leraar nie.

Dit is ons doel om die bewyse van die literatuur van die kerkvaders aangaande p.744. die amp van die ouderling te ondersoek om sodoende lig te werp op die Bybelse betekenis en praktyk. Die hervorming se interpretasie en die van Calvyn: Die ampte van biskoppe, ouderlinge, herders en leraars is almal dieselfde.

Die biskopstelsel het opsigtelik sterk aanhang gehad in die literatuur van die kerkvaders. Baie vroeg is die amp van die biskop beskou as los van die amp van die ouderling of presbiter, bv. Ignatius 107 vC: "Dit betaam elkeen van julle, en veral die presbiter om die biskop te verfris, tot eer van die Vader, van Jesus Christus, en van die apostels." Die outoriteit van die biskop was 'n geestelike outoriteit. Die pligte van 'n biskop is omskryf deur Ignatius aan Polikarpus: Slaan ag op die biskop, sodat God ook op julle ag mag slaan. My siel is vir (ten gunste van) hulle wat onderdanig is aan die biskop, aan die presbiters en aan die diakens." Dit is duidelik dat die ampte van biskop, presbiter en diaken by Ignatius ons bekende ampte van herder, ouderling en diaken is. Maar daar is 'n ernstige verskil in funksie, sodat beide die moderne episkopaalse en presbiteriaanse funksies afwykings blyk te wees.

p.745. *Eerstens,* was die kerk toe nie 'n institusie of 'n gebou nie; dit was 'n liggaam van gelowiges, wat vergader het in 'n huis en saamverbind was in 'n vyandelike wêreld deur hulle algemene geloof in Jesus Christus as hulle Verlosser.

*Tweedens,* was hierdie klein kerkies in huise versprei oor die ryk, en oorkant sy grense. Die kerk was nie in staat, en het nie probeer om elke klein gemeente te voorsien van 'n herder of biskop nie. Daarom het selfs Paulus aangehou om op sy reise 'n regerende hand te hou oor die kerke in Korinte, Tessalonika en elders, so het die opvolgers van die apostels dieselfde gedoen. As rondreisende herders, sendelinge, of evangeliste, het hulle dit nodig gevind om hierdie klein gemeentes te regeer deur sendbriewe sowel as deur besoeke, daarom die briewe van Ignatius en ander. Hierdie manne is biskoppe genoem; ons kan hulle net sowel sendelingherders noem.

*Derdens,* het hierdie biskoppe of herders, presbiters of ouderlinge aangestel of ingeseën in die verskillende gemeentes om met die aanbidding van God en die bestudering van die Skrif in daardie kerk gedurende die afwesigheid van die rondreisende herder voort te gaan. Die plaaslike presbiters moes die kerk in stand hou deur hul eie leierskap. Indien die herder in die naaste groot stad was, en die gemeentes in die verspreide huise vergader het binne die stad en omliggende dorpies, sou daar noue kontak wees. In ander gevalle het uitgebreide korrespondensie 'n noodsaaklikheid geword. Beide in die Nuwe Testament en in die era van die kerkvaders, was die sendbriewe 'n herderlike instrument.

*Vierdens,* kon slegs die biskop of die herder die dienste van doop en nagmaal verrig, maar hy kon, soos Ignatius verklaar het, die administrasie van die sakramente delegeer aan die presbiters. Dus, terwyl die presbiters of ouderlinge die sakramente kon administreer, was dit net gedoen wanneer hulle instruksie van die herder of biskop ontvang het, met die afstand in

gedagte en sy vertroue in die presbiter. Die presbiter of ouderling het dus nie net geleer nie, maar het ook 'n onderhorige verantwoordelikheid gehad wat betref die sakramente.

*Vyfdens,* blyk die amp van biskop hier baie anders te wees as die priesterlike opvatting van die episkopale. Josef Bingham: die biskoppe het die amp van die apostels oorgeërf. Ignatius vergelyk die presbiters of ouderlinge met die apostels: "Sien toe dat julle almal die biskop navolg, net soos Jesus die Vader nagevolg het, en die ouderlinge soos julle die apostels sou navolg." Moet ons hiervan aflei dat die biskoppe soos God was, en die presbiters die opvolgers van die apostels? Is die betekenis nie eerder dat 'n beginsel van gehoorsaamheid aan gesag, waar die gesag gehoorsaam is aan die oppergesag, geleer word nie? Irenaeus het die apostoliese opvolging van die ouderlinge of presbiters bevestig. Hierdie opvolging het Irenaeus gedefinieer as hulle wat die apostoliese geloof verkondig het, nie 'n soort van verborge esoteriese leer wat oorgedra is aan "die volmaaktes" nie. Irenaeus het stryd gevoer teen diegene wat "wyser was as selfs die apostels" en p.746. het teenoor hulle gestel die presbiters en biskoppe wat die apostels opgevolg het, d.i., diegene wat hulleself onderwerp het aan die Bybelse outoriteit. Die outoriteit van die geloof het alles te bowe gegaan, nie die fisiese opvolging nie; apostoliese opvolging het beteken 'n opvolging in die geloof van die apostels, en dit het 'n lojaliteit aan en 'n onderwerping aan daardie geloof voortgesit.

*Sesdens,* was die doel van toesighouding van die ouderlinge deur die biskop "sodat alles wat gedoen mag word veilig en geldig mag wees." Om die kerk te beskerm teen dwaalleer en wanorde, het die sendelingherders of biskoppe, sedert die Nuwe Testamentiese tye en verder aan, 'n verantwoordelikheid gehad teenoor elke kudde onder hulle jurisdiksie.

*Sewendens,* het dit beteken dat die episkopaalse tradisie verkeerdelik die een herder of biskop bokant die ander verhef, terwyl die presbiteriaanse tradisie geneig het om die amp van die presbiter of ouderling te degradeer tot 'n grootliks onaktiewe of intellektuele raad. In stede daarvan om regeer te word deur die herder, beheer die raad die herder. In stede daarvan om 'n effektiewe amp te wees vir die groei van die kerk, en verder, om hulp te verleen as dit onmoontlik is vir die herder se vermoëns om by alles te kom, of ook om sy werk op te volg deur effektiewe ontwikkeling, het die raad van ouderlinge 'n *stemmende* eerder as 'n *funksionerende* amp geword. Die hooftaak van meeste ouderlinge vandag is om te stem in die sessie, konsistorie, of sakristie, en in die presbiterie, klassis, sinode of algemene konferensie.

Is dit moontlik om die amp van die ouderling weer te laat herlewe tot sy oorspronklike funksie? Daar is baie wat meen dat dit nie gedoen kan word nie, dat die moderne mens te gesofistikeerd is om enigiets te aanvaar behalwe die bes opgeleide seminarieleierskap en die mees aantreklike dienste van aanbidding met koor, pragtige heiligdom en orrel. Is dit waar? In die onlangse jare het tallose organisasies die superieure lewenskrag van leke-uitreike gedemonstreer. Twee voorbeelde sal genoeg wees:

*Eerstens,* die John Birch Genootskap. Hierdie voorbeeld is doelbewus gekies: die John Berch Genootskap is gekritiseer, gehaat, aangeval (in 'n veel groter mate as die vroeë kerk) en dit word gelei deur vrywilliger leke. Groepe van mans, vroue en jeug, gewoonlik nie meer as twintig persone nie, ontmoet gereeld in huise om 'n studiekursus onder 'n leier te volg. Hierdie leiers is gewoonlik baie besige mense: dokters, tandartse, sakemanne en ander, wat 'n besige skedule het maar tog die tyd neem om 'n les voor te berei, vriende en bure te nooi en om met die hulp van lede, nuwe lede te werf. Hierdie hoofstukleiers kan ouderlinge genoem word, bestuur deur area koördineerders, wat funksioneer as biskoppe of herders. Die totale ledetal is

onbekend, geskat op 60,000 tot 100,000. Daar is voortdurende omset – lede wat vertrek sonder om die basiese filosofie prys te gee. Volgens Rushdoony se reise kan die totale getal mense wat beïnvloed is gedurende die genootskap se kort bestaan tot 5 miljoen wees. Die sleutel tot die John Birch Genootskap se effektiwiteit was die plan van optrede wat 'n sterk ooreenkoms getoon het met die vroeë kerk, soos om byeenkomste te hou met plaaslike "leke" leiers, area "supervisors" of "biskoppe".

*Tweedens,* Rushdoony se weeklikse Bybelstudies is op band opgeneem en gesirkuleer dwarsoor Amerika en partymaal oorkant sy grense. Studies wat gedruk is in 1968: *The Foundations of Social Order, Studies in the Creeds and Councils of the Early Church.* Hierdie werk, deur sommige beskou as te moeilik of teologies, is steeds op groot skaal besig om onder leke te sirkuleer. Stel jou huis beskikbaar aan vriende, voorsien eetgoed, hou weeklikse studiesessies voor 'n aanhoudend groeiende gehoor.

Dit is baie duidelik dat die Bybelse patroon werk, en dit is tyd dat die kerke dit weer gebruik. Terwyl ons lewe in 'n humanistiese eeu, waar die ware kerk 'n klein minderheid is, het ons weer 'n aktiewe en funksionele ouderlingskap nodig.

'n Tweede oorweging, los van basiese funksie: Die kerk het vandag ten prooi geval van die dwaalleer van demokrasie. Vir baie leke-manne en -vroue, en vir baie ouderlinge, is die kern van hul Christelike plig om hul opinie uit te spreek. Die herder of biskop word gedurig gekortwiek deur 'n demokratiese impuls wat van hom die stuurjonge van die gemeente maak. Die Apostoliese Konstitusie maak 'n interessante stelling hier: "Dit is nie billik dat u, o biskop, p.748. wat die hoof is, moet toegee aan die stert nie, dit is, enige opruiende persoon onder die leke, tot die vernietiging van 'n ander nie, maar aan God alleen. Want dit is u voorreg om te regeer oor diegene onder u, maar nie om deur hulle regeer te word nie." Opgesom, *die kerk is 'n monargie, nie 'n demokrasie nie,* Christus is die koning, en al die ampte ontvang hul outoriteit van Hom, nie van die volk nie. Die bekragtiging en stemming van die volk is 'n deel van hulle bekragtiging aan Christus. Tensy die pastoor of ouderling ongehoorsaam is aan die Here, moet hy gehoorsaam en gerespekteer word. Ons kan egter nie perfeksionisties wees in wat ons eis van ampsbekleërs nie. Die kerkvaders se literatuur maak die stelling, "Luister na jou biskop en moet nie moeg word om hom te eer nie; wetende dat, deur dit aan hom te bewys, word dit oorgedra aan Christus, en van Christus word dit oorgedra aan God; en aan hom wat dit aangebied het, word dit veelvuldig vergeld. Bewys dus eer aan die troon van Christus." Toegegee dat oordrywing van hierdie houding gelei het na Rooms-Katolieke outoritarisme, maar is dit nie ook 'n perversie wanneer voorstanders van presbiterianisme hulle kerk voorhou as die wieg van die demokrasie nie? Die Kerk van Jesus Christus is 'n monargie, en die doel van die kerk se verteenwoordigende vorm van regering is om die behoud van die "Kroonregte van Koning Jesus" te versterk. Nie die regte van die mense nie, maar die soewereine regte van Christus die Here moet verdedig word deur die lidmate, diakens, ouderlinge, en pastore of biskoppe. Die kerkraad is nie 'n demokratiese forum nie, maar 'n regeringsliggaam vir Christus. Pastore of biskoppe word ondersoek deur die kerkraad in terme van die kanon van regering van die Skrif met die doel om die oorheersing van Christus te behou. Tensy die kerk ten doel het om 'n demokrasie te wees, is 'n soortgelyke eksaminering vir die amp van die ouderling 'n noodsaaklikheid.

p.749. Ons het dus gesien:

*Eerstens,* dat die amp van die ouderling pastoraal van aard is, dat die ouderling in die vroeë kerk gefunksioneer het as 'n arm vir die pastoor of biskop om die evangelie te bevestig of uit te brei.

*Tweedens,* het ons opgemerk dat hierdie amp nie deel is van kerklike demokrasie nie, maar van 'n monargie.

*Derdens,* die ouderling of ouderlinge vorm 'n hof van die kerk. In hierdie area is baie gedoen om die ou funksie van die ouderling te herstel, en die kerkdissipline is in daardie kringe benadruk wat op hervormingsleerstellings staan. Dit is genoeg om eenvoudig by te voeg dat, hoe belangrik en nodig hierdie wetlike funksie ook is, dit 'n verdraaiing word indien die basiese herderlike funksies verwaarloos word en die ouderling in eerste instansie 'n regter word, en die kerkraad 'n hof. Die pastorale funksie moet te alle tye vooropgaan.

*Vierdens,* is dit belangrik om te erken dat die essensiële taak van die ouderling nie is om in vergaderings te sit nie, maar om op te tree ter bevordering van die evangelie en die heerskappy van Christus. (Polikarpus en die pligte van die presbiters.) Rom.14:10-12; 2 Kor.5:10.

Dit is die ampsplig van die staat om 'n ministerie van geregtigheid te wees, om te verseker dat daar wet en orde is en om 'n hof van geregtigheid te wees. Dit is die roeping van die kerk om 'n bediening van genade te wees, om Christus se verlossingswerk te verkondig, sodat haar basiese plig verlossend van aard is en nie regsprekend nie. Dit moet ook die basiese oriëntasie van elke ampsbediening van die kerk wees. Pastore en ouderlinge is nie in die eerste plek 'n hof nie, maar 'n bediening van genade, wat verkondig dat die verlossing van onse God kom deur Jesus Christus, en wat alle mense oproep om hulle aan Christus as hulle Koning te onderwerp. p.750. Die baie reële juridiese funksie van pastore en ouderlinge is om die suiwerheid hiervan, hulle basiese roeping, te bewaar, en die kerke onder hulle beheer, van korrupsie en afdwaling van hulle roeping te bewaar. Om te *heers* as regerende ouderling beteken dus meer as om in 'n sessie te sit as regter; dit beteken selfs meer as om die heerskappy van Christus die Koning uit te brei en te onderhou. Dus, 'n ouderling wat leierskap aanvaar vir die daarstel van Christenskole is waarlik besig om sy roeping te vervul. Dieselfde is waar van 'n ouderling wat sy huis gebruik as 'n sentrum vir 'n studiegroep, 'n klein huiskerkie as die kern vir 'n nuwe gemeente. Die getroue ouderling mag ook iemand wees wat dit sy plig maak om by siekes of armes van Christus se kudde besoek af te lê of om te preek onder die toesig van 'n pastor by 'n nuwe sukkelende gemeente, of om 'n nuwe werk te begin. Verder mag hy groot verantwoordelikhede in sy eie kerk aanvaar om sy pastor vry te stel vir verdere werk. Opsommend kan gesê word dat 'n *regter* net met oortreders te doen het; 'n *heerser* werk met die hele lewe van die mense.

Ouderlinge word geroep om te heers, nie om ouderlinge te oordeel nie. Hierdie onderskeiding is van uiterste belang, en die misbruik werk verlammend op die kerk in.

Die bediening van die ouderling is 'n geestelike bediening, en dit is 'n regeringsamp; dit word 'n regterlike amp wanneer die omstandighede dit vereis. Maar net soos Aäron en Hur die arms van Moses omhoog gehou het vir oorwinning teen die Amalekiete (Eks.17:10-12), so moet die presbiters en die ouderlinge die arms van hulle biskop hoog hou vir oorwinning oor die magte van die duisternis, die Amaleks van vandag, met die einddoel dat ons ons kan verheug

dat "die koninkryke van hierdie wêreld die koninkryke word van onse Heer en van Sy Christus, en dat Hy as Koning sal heers tot in alle ewigheid". Open. 11:15.

Finale opmerking: die karakteristieke swakheid van die kerk en die staat is om te oorregeer. Die antwoord van die staat vir alle probleme neig om nuwe wette te wees, en die antwoord van die kerk is "dissipline". Sulke optredes kan nie die behoefte aan Christelike karakter en groei vervang nie. Die kerk kan geen beter bron van dissipline hê as gesonde en deeglike leer nie, maar vind dit makliker om verantwoordelikhede en die vryheid van lidmate te verminder as om hulle te voorsien van 'n manier van groei tot volwassenheid toe. p.751. Die beste dissipline is die woord van God en die werking van die heilige Gees; kerklike "dissipline" behoort die laaste uitweg te wees, 'n nodige maar minder belangrike instrument.

### 3. Die Christelike Paasfees

Een van die mees opvallende feite omtrent die Laaste Avondmaal is dat dit gevier is gedurende die paasmaaltyd. Die kontinuïteit van die hernude of nuwe verbond met die oue is gekenmerk deur die saamval van die twee rites. Die feit dat Jesus twaalf dissipels gekies het, het dit duidelik gemaak dat Sy gemeente die nuwe Israel van God was. Daar is geen moontlikheid om die Nuwe Testament te verstaan indien sy voortsetting van die Ou Testament of Verbond ontken of onderskat word nie.

Terwyl hulle besig was om die paasmaal te eet, het Jesus die aandag gevestig op die beplande verraad van Judas en toe het Hy Judas uitgestuur. Matt. 26:21; Joh. 13:30. Toe "terwyl hulle eet" Matt. 26:26; Mark. 14:22; het Jesus die Christelike Paasfees ingestel in Sy liggaam en bloed. Om die Christelike Paasfees te verstaan, is dit noodsaaklik dat die Hebreeuse Paasfees analiseer moet word. Aan sekere aspekte van die oorspronklike paasfees moet dus aandag gegee word.

*Eerstens*, die paasfees vier die verlossing uit Egipte en die verlossing van die tiende plaag, die dood van die eersgeborenes. Dit was dus die Ou Testamentiese *verlossing*, en gekenmerk deur die begin van die sabatte, die dag van rus in die Here, die herdenking van verlossing. Deut. 5:15; Ex. 12:12, 13; Die eerste dag van die feesviering val op die 15 de dag van Nissan (Maart/April) en hou vir 8 dae aan. Die woorde van die ritueel verduidelik die feit van uitverkiesing, en die feit van heiligmaking deur die wet: God "het ons geheilig deur Sy wet". Hoofstukke 12 en 13 van Exodus getuig van die feit van genade en meld die vereiste van gehoorsaamheid aan die wet. 13:9.

p.752. Net so vier die Christelike paasfees die Christelike dag van verlossing, Christus se oorwinning oor sonde en dood, en daarom het die opstandingsdag die begin van die Christelike sabbat gekenmerk. In die meeste liturgieë van die sakrament is die lees van die wet, die tien gebooie, basies tot die diens.

*Tweedens*, die Hebreeuse Paasfees is 'n *gesins*diens, en God het beveel dat die seun nie alleen 'n rituele vraag vra nie, maar dat die diens tot hom gerig moet word. Ex. 13:14. Die jongste teenwoordig vra "Die Vier Vrae" wat navraag doen oor die betekenis van die nag se ritueel. Die storie van die verlossing uit Egipte en die betekenis daarvan word verduidelik deur die hoof van die huishouding en die ander deelnemers.

Die Christelike paasfees is ook 'n viering deur die gesin van Christus. Daarvolgens het die kinders deel gehad aan die elemente daarvan. Die vroeë kerk het in huise vergader, gewoonlik in die nag; omdat die eerste dag van die week 'n weeksdag was. Die sakrament is gevier as 'n agape fees, 'n liefdesfees, 'n "potluck dinner" vir al die lidmate. Kinders het deel gehad aan die ete. Niks is duideliker nie as die feit dat kinders gedoop en aangeneem is en deel gehad het aan die elemente vir omtrent die eerste nege of tien eeue van die Christelike era. Die Hebreeuse patroon van die Ou Testament was baie sterk in die kerk. Dit het die aksie van 'n kerkvergadering benodig om af te wyk van die praktyk om die baba op die agste dag te doop. Fidus, 'n biskop uit Afrika, vra die vraag – die sinodale antwoord wat kom van die heilige Cyprianus en 'n raad van ses-en-sestig biskoppe was dat 'n baba gedoop mag word sodra hy gebore is. p.753. In wese is die agste dag vereiste van die Ou Testament erken, en is dit net verontagsaam in noodgevalle.

Voortsetting van die Ou Testamentiese patroon: Die Nagmaaldiens: die bewyse is duidelik "dat die nagmaal selfs bedien is aan kindertjies, en dit dadelik na hulle doop – hierdie feit word genoem deur Cyprianus, Austin, Innosentius, en Gannadius, skrywers uit die derde tot die vyfde eeu. Maldonat het bely dat hierdie gebruik in die kerk was vir ses honderd jaar. Party outoriteite bewys dat dit nog twee of drie eeue langer aangehou het, en dat dit die algemene gebruik was tot na die tyd van Karel die Grote. (Bingam). Hierdie feit verteenwoordig die voortsetting van die Ou Testamentiese patroon baie duidelik. Geen Bybelse rede kan gegee word vir die weerhouding van hierdie sakrament van kinders nie. Die sin van verbondslewe word vernietig deur hulle uitsluiting en God se wet word oortree. Die rede vir hulle uitsluiting word gevind in 1 Kor. 11:28 – die vereiste van selfondersoek – dit was deel van die Hebreeuse seremonie. Die verkleining van 'n ete tot 'n teken is gebaseer op verse 22 en 34. Daar mag 'n rede wees vir die laasgenoemde feit, alhoewel daar nie 'n inkorting van die sakrament tot slegs 'n teken-maaltyd kan wees nie.

*Derdens,* die aspek van voorbereiding is aangeraak deur die deursoek van die huis na suurdeeg. Gedurende die eerste twee dae van die Paasfeesviering is daar nadruk gelê op die deelname van die kinders. p.754. Die rituele deursoek van die huis na suurdeeg was die simboliese voorstelling van die eliminering van korrupsie uit die lewe van die familie en van die individu. Die kind, as lid van die verbond, is dus vanaf sy vroegste herinnering onderrig in die betekenis van lidmaatskap van die verbond. Die vroeë Christene het die implikasies verder gevoer as die Hebreërs, daarin dat die elemente in die babas in die moeders se arms se monde geplaas is; heelwat bygeloof het dalk hier 'n rol gespeel. Dit neem nie die Bybelse eis weg nie dat die diens alle kinders insluit wat in staat is om die vrae te vra omtrent die betekenis van die diens. Die diens is boonop beide 'n vierings- en 'n onderrigtingsdiens, om almal teenwoordig te onderrig omtrent die feit van verlossing en die betekenis daarvan.

*Vierdens,* Die paasfees het 'n oorwinning herdenk en vooruit gekyk na meer oorwinnings. Die woord *verlossing* kan ook vertaal word as *oorwinning.* 1 Kor. 11:26. Die betekenis van die Here se dood is die dood van sonde en van dood; dit beteken verlossing of oorwinning. Die Christelike paasfees moet p.755. die oorwinning van God en van die volk van God verduidelik. Ps. 37:11.

*Vyfdens,* Die dood van die eersgeborene is basies tot die paasfees. Eks. 13:2, 13. Die paasfees is lewe en oorwinning vir diegene wat getrou is aan die verbond: dit lei na die beloofde land. Die Christelike paasfees is die groter oorwinning – oorwinning in tyd en ewigheid. Die hou

van die nagmaal mag nie sonder hierdie toon van oorwinning wees nie. Die Christelike nagmaal beteken dat almal buite die verbond onder die tiende plaag is. 1 Kor.5:7, 8.

### 4. Besnydenis en Doop

Gen. 17:12; Lev. 12:3. In die tyd van Cyprianus het dit die handeling van 'n kerkraad vereis om doop voor die agste dag toe te laat. Omdat die wet van die besnydenis vereis het dat die rite op die agste dag plaasvind, p.756. is geglo dat die doop nie voor die agste dag mag plaasvind nie, en die kerkraad se besluit was nodig om dit te verander: Die vroeë kerk het dus nie net erken dat die doop die voortsetting van die besnydenis as teken van die verbond was nie, maar ook dat dieselfde wette ook hier gegeld het. Juis omdat hierdie feit altyd erken is, is kinderdoop onmiskenbaar 'n feit in die vroeë kerk. (John Murray – Christian Baptism.)

Besnydenis as die teken van die verbond het getuienis gelewer van die mens se gevalle natuur, en die behoefte aan 'n nuwe natuur in God se verbond. Die besnydenis het 'n vorm van die dood voorgestel, 'n afsny van die lewe. Dit het ook die verwydering van 'n hindernis voorgestel, in Ex. 6:12, 30, word dit metafories gebruik vir die verwydering van die diskwalifikasie van spraak. Herhaaldelik word van die onwedergebore hart as onbesnede gepraat. Lev. 26:41; Deut. 10:16; 30; 6; Jer. 4:4; 6:10 praat van die oor; 9; 25, 26; Eseg. 44:7; Rom. 2:25-29; Fil. 3:3; Kol. 2:11-13. Besnydenis as 'n teken van die dood het heengewys na die dood van Christus as die verteenwoordiger van die mens.

p.757. Die bloed van die besnydenis en die bloed van die paaslam het die werk van Christus getipeer. Sy werk aan die kruis wat voltooi was, het gemaak dat bloed opgehou het om 'n aspek van die verbondsritusse te wees, behalwe in herdenkingsin. In die Christelike paasfees word lewegewende, verfrissende wyn die plaasvervanger as die teken van Sy vergote bloed.

Die doop stel ons dood en opstanding in Jesus voor, ons wedergeboorte, aanneming, en inlywing in die verbond van genade. Dit getuig van genade eerder as om self genade te wees. Die vroeë kerk het verheldering van begrip as 'n aspek van die doop beskou, die nuwe verstaan deur 'n verloste hart; die doop is ook genoem "die koninklike teken of merk, en die merkteken van die Here." Gedagtig aan die doop se verhouding tot die ou Testamentiese ritus, het sommige kerkvaders van die doop gepraat as "die groot besnydenis." In gehoorsaamheid aan Matt. 28:19, is die doop net as geldig beskou indien dit in die naam van die Drie-eenheid gedoen is.

Die doop is van sekere mense weerhou as hul nie hul professie, wat verband hou met heidense afgodsdiens, laat staan nie. p.758. Aangesien die doop in 'n sekere sin die dood en wedergeboorte of opstanding van die gelowige in Christus beteken het, is dit baie vroeg reeds geassosieer met die paasseisoen, maar nie uitsluitlik nie. Hierdie selfde aspek, wedergeboorte, het gelei tot die interessante gewoonte wat vir eeue voortgeduur het as basies tot die doop, gewoonlik deur onderdompeling, dat die dopeling naak was. Besprenkeling en onderdompeling is albei gebruik deur die kerk, wat besprenkeling erken het n.a.v. Eseg. 36:25, as die merk van die nuwe verbond. Besprenkeling was ook van baie vroeg af 'n algemene praktyk. Die klem wat gelê is op dood en wedergeboorte het gelei tot die klem wat gelê is op onderdompeling as simboliese voorstelling van hierdie feit. Die mens is naak gebore, dus is hulle naak herbore in die doop in. Geen werke van die onwedergebore mens kon saamgeneem word hemel toe nie: daarom het die kandidaat homself simbolies kaal uitgetrek om te simboliseer dat hy niks het om hom te red nie, anders as die genade van God

alleen. Daar was twee doopplekke, een vir mans en een vir vroue. Rom. 6:4 en Kol. 2:12 is die gedeeltes wat die simboliese begrafnis en opstanding bevestig. Hierdie praktyk van naakte doop het gewys hoe ernstig die Bybelse simboliek deur die vroeë kerk opgeneem was; niks is vermy nie, en partymaal is 'n te letterlike toepassing die gevolg. 'n Aspek van die simboliek van naaktheid was die vergelyking met Adam.

p.759. Die doop word deur Paulus gemeld as 'n tipe van ons sterwe en wedergeboorte in Christus, Rom. 6:4 en Kol. 2:12. Dit was ook 'n aspek van die besnydenis. Die besnydenis het nie net gewys op die nuwe lewe in die Here van die verbond nie, maar het ook gewys op die dood van diegene wat die verbond ontken het. Die verbondsofferande van Gen.15:9 en verder, sowel as die merkteken van die besnydenis, het getuig van die afsnyding, die vloek op die verbondsverbreker.

Kline: Die Rooi See beproewing, Paulus in 1 Kor. 10:2, en Noag se vloedbeproewing, Pet. 3:21 = Die doop. Johannes die Doper vergelyk die doop met die beproewing wat voorlê onder die wangaffel waar die volk twee bestemmings sou hê: oes en vuur: Hy sal julle doop met die *Heilige Gees* en met *vuur*. Matt. 3:11f; Luk. 3;16; vgl. Mark. 1:8.

Om ontrou te wees aan die verbond, beteken om afgesny te word, om uitgevee te word deur die vloed van oordeel, om vernietig te word deur die vuur van God se oordeel wat vas staan. Dus, die tekens van die verbond is ook tekens van God se oordeel waaraan nie ontkom kan word deur die verbondsverbrekers nie, van die begin van die skepping af. Alle mense is verbondsverbrekers, maar vir die besnedenes van die O.T. kerk (en dit is 'n kerk genoem in Hand. 7:38) en die gedooptes van die Nuwe Verbond, is dit dubbeld waar. Hierdie kennis kon bygedra het tot die uitstel van die doop in die vroeë kerk, waar dit uitgestel is tot net voor die dood: so 'n gewoonte was natuurlik 'n sonde teen die verbond.

p.760. Kline: "Jesus, as die Lam van God, het, deur homself te onderwerp aan die simbool van oordeel, Homself as die vloek van die verbond geoffer. Deur sy doop het Jesus Homself gewy as die offer van die verbond. Deur Sy doop het Jesus Homself gewy aan die offerdood in die geregtelike oordeel aan die kruis. So 'n verstaan van Sy doop word weerspieël in Jesus se verwysing na Sy komende lyding as 'n doop. Luk. 12:50; vgl. Mark.10:38. Die verbondsteken plaas dus die ontvanger daarvan onder God se besondere seëninge en vloeke. As 'n mens wat nie verlos is nie, is hy alreeds onder die vloek. In die ontvang van die verbondsteken is die mens onder 'n dubbele gevaar van oordeel, sou hy daardie verbond verbreek. Ex. 4:24-26 – Moses. 1 Pet. 4:17: "die oordeel moet begin by die huis van God," beide as gevolg van die dubbele oortreding en om God se verbondsvolk te reinig. Van almal wat die verbondsteken ontvang, word verwag om diegene onder hulle vas te maak aan die wet van God, en Christus se oordeel oor die kerk is die uitoefening van Sy outoriteit as die gedoopte van God, die nuwe Adam.

Matt.3:16 – Meer oor die betekenis van die doop – Die Gees *soos* 'n duif – Die doop is die ingaan in die nuwe skepping, waarvan die koning die nuwe Adam is, Jesus Christus. p.761. Die doop is die verbondsteken van die nuwe paradys van God en van die inwoners daarvan. Die doop is sonder twyfel beskou as die sakrament van die nuwe skepping, waardeur die oue gereinig en herskep word. Beide die Gees en die water simboliseer maniere van reiniging.

Die beloftes aan die verbondsvolk in die O.T. is uitsonderlik. Hulle word nie in die Nuwe Testament tot niet gemaak nie, maar eerder word daarop uitgebrei. Die water van die doop

eggo die oordeel van die vloed en van die deurgang deur die Rooi See; hulle is ook die belofte van 'n nuwe wêreld, 'n beloofde land in Christus. Die beloftes wys heen na die volheid van die seën net so seker as wat hulle God se oordeel oor die ou mensheid voorstel, die gevalle Adam in ons almal.

### 5. Die Priesterskap van Al die Gelowiges

Dit is 'n Protestantse fout dat "die priesterskap van alle gelowiges" 'n Nuwe Testamentiese leerstelling is, wat eers met die Hervorming na vore gekom het. Die leerstelling is in der waarheid 'n Ou Testamentiese geloofsartikel, bv. Ex.19:5-6: "As julle nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne. En julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees."

p.762. *Eerstens,* hierdie woorde het die gee van die wet vooruitgegaan, sodat God se vereiste "As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou" verwys na die verbondswet, die Tien Gebooie en die onderhawige wette. Sonder gehoorsaamheid aan die wet van God, kan geen geldige priesterskap bestaan nie. Priesterskap voor God hang dus af van gehoorsaamheid aan die verbondswet van God.

*Tweedens,* die volk van God sal 'n "koninkryk van priesters" wees. Die ryk is die koninkryk van God; die priesterskap van gelowiges hou dus verband met daardie koninkryk. Dit is nie 'n priesterheerskappy of 'n priesterdom wat offerandes bring nie. Dit kom duidelik na vore, nie slegs in die Ou Testament nie, waar die bring van offerandes in die tabernakel beperk was tot die bloedlyn van Aäron. Maar ook in die Nuwe Testament waar die woord *hierus*, priester in die sin van bring van offers, nooit toegepas was op gelowiges nie. Die basiese priesterskap, die van alle gelowiges, is altyd met betrekking tot die koninkryk van God. Die doel is dus die vestiging van God se orde, en die wet is vir daardie doel gegee. Die "offerandes" van hierdie priesterdom is "geestelik", dus 'n gehoorsame getroue diens in die Heilige Gees; hulle word geroep tot 'n "koninklike priesterdom", 'n heilige volk, 'n uitsonderlike of unieke volk. 1 Pet. 2:5, 9. Die doel van hierdie priesterdom is om "op die aarde te regeer", Open. 5:10; 20:6; die instrument waardeur hierdie regering moet plaasvind, is God se wet. Die werk van offerandes wat tot die priesterdom van Aäron behoort het, is tot voltooiing en einddoel gebring deur die offerande van Christus. Die gelowige priesters van die Ou Testament het altyd die plig gehad om offerandes van dienslewering, lofbetuiging en danksegging (eerder as versoening) te bring, en hierdie plig duur voort in die gelowige priesters in die kerk. Rom. 12:1; Heb. 13:15.

*Derdens,* Die gelowige priester van die Ou Testament het as priesterheerser oor sy huishouding en in sy roeping gedien. Dieselfde verantwoordelikheid rus op die Christelike priesterregeerder. Sy gesin en sy roeping is areas waarbinne die wetwoord van God afgedwing moet word en die koningskap van God beoefen moet word.

Dit was die gelowige priester van die Ou Testament wat die sinagoge daargestel het as 'n manier om die lering van die wet en p.763. die aanbidding van God te bevorder. Dit moet benadruk word dat aanbidding nie beperk kan word tot die sinagoge en die kerk nie; dit is 'n aspek van die daaglikse lewe van die mens. Die seëngebed voor die maaltyd is 'n vorm van aanbidding, net soos ander vorms van die familie se aanbidding Bybelstudie en lofprysing van God is. Aanbidding in verband met werk is en was altyd algemeen. Die kerk het die bediening van die woord, maar nie uitsluitlik nie, en van die sakramente; terwyl aanbidding 'n aspek is van die lewe van die kerk, is aanbidding nie die eksklusiewe prerogatief van die kerk nie.

Die Bybelse mandaat vir die Sinagoge word gevind in Eks. 18:20. Die oorsprong van die sinagoge spruit waarskynlik uit die Babiloniese ballingskap. Die sinagoge was nie slegs die plek van aanbidding nie, maar ook 'n laerskool. Die sinagoge was ook beskou as 'n soort van skool vir volwassenes; dit was 'n plek van lesings, en ook die plek van regsbeslissings.

Dit het 'n vereiste vir Judaïsme geword dat tien mans nodig is om 'n sinagoge te organiseer. Nog belangriker as hierdie getal is die feit dat van ouds af dit die gelowige priester is wat die sinagoge organiseer, nie die religieuse hiërargie nie. Die sinagoge is dus gestig deur die gelowige priesters as 'n aspek van hulle priesterlike verantwoordelikheid.

In die Nuwe Testament word die *kerk* of "byeenkoms" ook volgens die oorspronklike Grieks 'n *sinagoge* genoem. Jak. 2:2. Die kerk is die Christelike 'sinagoge' wat dieselfde amptenare (ouderlinge) en dieselfde basiese funksie het soos wat dit tot sy volheid gekom het in Christus. Die kerk in die Nuwe Testament is begin op dieselfde wyse as die sinagoge. Die apostoliese sendelinge het die bekeerlinge na Christus gebring; die bekeerlinge het dan 'n kerk georganiseer, ouderlinge verkies of regeerders soos wat die apostels instruksies gegee het omtrent hulle kwalifikasies. 1 Tim. 3. Die verkiesing van die ampsdraers was die funksie van die plaaslike gemeente, nie van die apostels nie, hoewel hulle God se wetwoord kon verklaar wat die ampsdraers aangaan sowel as die lidmate en hulle dissipline. 1 Kor. 5:4-15. Hierdie mag van die sendelingtoesighouer was ondergeskik aan die woord van God, sodat Paulus dit nodig gevind het om die Bybelse regsgrondslae vir sy oordele te noem. 1 Kor. 5:1-13; 7:1-40; 8:1-13; ens. Die plaaslike kerk is dus "geplant" deur sendelinge, maar dit was die plaaslike gelowiges wat die kerk gestig en regeer het. Hulle selfregering het nie outonomie beteken nie, maar ook het hul ondergeskiktheid aan die kerk as geheel geen gewig gedra of bindende krag gehad los van die Skrif nie. Alle outoriteit wat in die Skrif gegrond was, was daarom ook beperk deur die Skrif.

*Vierdens,* die priesterskap van alle gelowiges beteken p.764. wat Rev. V. Robert Nilson in 1970 genoem het "'n elke gelowige-bediening". Paulus: Ef. 4:7. Aan elke gelowige is 'n volwasse verantwoordelikheid gegee in terme van die koninkryk van God. Ef. 4:11 – party van die ampte van hierdie bediening: nie almal is geroepe tot hierdie besondere en hoëre ampte nie, maar "almal van ons" is nogtans geroepe om God te dien in 'n besondere priesterlike roeping. Ons het 'n plig om voordeel te trek uit die bediening van ander en om te groei, Ef. 4:13 en 14, as volwasse mense, wat ons verantwoordelikhede nakom en gesag uitoefen in ons aangewese lewensterrein.

Die opleiding van sulke mense is die funksie van die kerk. Die doel van die kerk behoort nie te wees om mense ondergeskik aan die kerk te maak nie, maar eerder om hulle op te lei tot 'n koninklike priesterdom wat in staat is om die wêreld ondergeskik aan Christus, die Koning, te maak. Die kerk is die nodige werwingsplek, die opleidingsveld, en die plek van wapenkundigheid vir Christus se weermag van koninklike priesters. *Dit is 'n funksionele institusie, nie 'n eindpunt-institusie nie.*

Die kerk het merendeel net lippediens bewys aan die priesterskap van alle gelowiges, omdat haar hiërargie die implikasies van die leer gewantrou het, omdat hulle die kerk beskou het as 'n doel op sigself, nie as 'n instrument nie.

*Vyfdens*, omdat die priesterskap van alle gelowiges 'n praktiese doel het, het die kerk dit net so. Om die kerk se getrouheid te beperk tot die belydenis van geloof is net so verkeerd as om die gelowige se getrouheid te beperk tot 'n belydenis van geloof. So 'n belydenis is nodig, maar dit is nie genoeg nie. Jak. 2:19, 20. Lank voordat die dissipels bewus was van ons Here se ware natuur en roeping, het duiwels Hom bely as die Christus en die Seun van God. Matt. 8:29; Mark. 1:24; 3:11; 5:7; Luk. 4:34; verg. Hand. 19:15. 'n Goeie boom bring goeie vrugte voort; dus is dit deur sy vrugte dat ons mense sal leer ken. Matt. 7:16-20. Ware geloof openbaar homself in werke. p.765. "Offisiële leersuiwerheid" is betekenisloos. 'n Kerk moet leerstellig suiwer wees in daad sowel as in gedagte, in sy belydenis sowel as in die praktyk.

*Sesdens*, die priesterskap van alle gelowiges is, soos ons gesien het, 'n "koninklike priesterdom", en verwys na die koninkryk van God. Die doel van die mens se roeping as priester is dus om homself te vestig as God se afgesant en om hom, sowel as die areas van sy *regering*, en sy roeping, aan God en aan die diens van God se koninkryk toe te wy . Die mens se *selfverwesenliking* is slegs moontlik indien die mens sy priesterlike roeping vervul.

Die tendens van die instellings – kerk, staat en skool – en van roepings, is om hulleself te verabsoluteer en om god te speel in mense se lewens. Die antwoord van die mens op hierdie probleem het "demokrasie" geword. Demokrasie vererger eerder die sentralisasie van mag in instellings se hande, omdat demokrasie geen oplossing het vir die probleem van die mens se gevalle natuur nie en dikwels selfs nalaat om die probleem te erken.

Die leer van die priesterskap van alle gelowiges, wanneer dit volledig ontwikkel het, gee aan die Christen die antwoord op hierdie probleem. Die sentralisasie van instellings se mag kan nie floreer waar priesterdom floreer nie. Die praktiese toepassing van priesterdom het die Judaïsme deur die eeue gelei na die skepping van 'n staat binne 'n staat en 'n samelewing binne samelewings. Die leer van die priesterskap van alle gelowiges, wanneer daaraan vasgehou word, is 'n program nie net vir oorlewing nie, maar ook vir oorwinning. Die moderne konsep van demokrasie is 'n jammerlike parodie op hierdie leer.

## 6. Dissipline

'n Belangrike en basiese aspek van kerkwet is dissipline; dit is ook 'n onderwerp wat baie misverstaan word in die kerk, skool, en gesinslewe. p.766. Kastyding of lyfstraf word verwar met dissipline, en die twee is opmerklik verskillend: Dissipline is die sistematiese afrigting en onderwerping aan gesag; dit is die resultate van sulke afrigting. Kastyding of lyfstraf is die boete of pakslae wat toegedien word vir die afwyking van gesag. *Dissipline* en *lyfstraf* is verwante onderwerpe, maar hulle is verskillend.

Wat kerke bedoel wanneer hulle spog met 'n "streng dissipline" is gewoonlik geen dissipline nie, maar streng straf. 'n Kerk wat geen straf toedien nie, is gewoonlik ook 'n ongedissiplineerde kerk. Maar, 'n kerk wat gedurigdeur besig is met sake van straftoediening is ook gewoonlik 'n ongedissiplineerde kerk. Hierdie selfde opmerking is waar van skole en gesinne. Waar daar geen dissipline is nie, is lyfstraf oneffektief en is dit nader aan mishandeling as aan regstelling. Onvermoë om hierdie verskil tussen dissipline en straf te verstaan is verantwoordelik vir baie van die wanorde in die kerk. In amper elke kerk, waar

van *dissipline* gepraat word, word in werklikheid straf bedoel. In hierdie verwarring van die twee, is dit gewoonlik dissipline wat verlore gaan.

Wat is dissipline in werklikheid: dit is sistematiese afrigting en onderwerping aan gesag, en die resultate van sulke afrigting. Dissipline kom van dissipel, van die Latyn *discipulus* van *disco*, leer. *Om 'n dissipel te wees is om 'n leerling te wees in die proses van leer. Indien daar geen onderrig is nie, geen groei in die leerproses nie, dan is daar geen dissipline nie.*

p.767. *Eerste* en belangrikste in die oorweging van kerkdissipline is die feit dat onderwysing of dissipline geskied deur die Woord van God, deur die Skrif. 'n Ongedissiplineerde kerk is 'n kerk waarin daar versuim word in die verkondiging en leer van die Skrif. 'n Kerk wat die Woord ontken, kan geen dissipline hê nie. 'n Kerk wat teen die wet is, het die grondslag van groei ontken en kan dus nie dissipline hê nie. Rom. 10:17. Geloof ← gehoor ← die Woord. Wedergeboorte is onskeibaar van die woord van God. 'n Lewende kerk is 'n kerk wat die woord hoor, wat daarvolgens groei, en dus daardeur gedissiplineer word.

*Tweedens,* kerklike straf, hoe nodig en skriftuurlik ook al, kan nie die Woord van God vervang as 'n instrument van dissipline nie. Omdat die Woord altyd vergesel word deur die krag van God, het dit die kapasiteit om te dissiplineer en te leer, dit wat geheel en al ontbreek in enige handelinge van sinodes of rade los van die Woord. Jes. 55:10, 11.

Vir 'n kerk om sy vertroue te stel in die dissiplinêre mag van sy eie woord en sy mag om straf toe te dien, en om die krag van lering van God se woord te negeer, is om ware dissipline te versaak ter wille van anargie. Daar is 'n bonatuurlike lerende of dissiplinerende krag inherent in die woord van die bonatuurlike God wat kortkom in die woorde en dade van die mens. Waar die kerk ook al die woord versaak, verwaarloos of beperk, daar versaak die kerk ook die goddelike krag van God se woord, ten gunste van suiwer humanistiese lering. Dit is dus nie verbasend dat antiwet kerke impotente en humanistiese Christene voortgebring het nie, en dat die wêreld rondom hulle al meer verval het in humanisme nie.

p.768. *Derdens,* in ware dissipline word die leerproses gelei en bevorder deur die Heilige Gees, wat aan die uitverkorenes gegee is sodat hulle die dinge van God mag ken: Paulus – 1 Kor. 2:9-12.

Straf – kerngedeeltes is: Matt. 18:15-20 – gewoonlik beskou om die grondslag van dissipline te wees. In werklikheid is die prosedure wat beskryf word slegs om vas te stel of die oortreder ontvanklik is vir straf, d.i. of daar enige dissipline van die Woord in sy of haar lewe is. Die aanvaarding is dat daar 'n werklike oortreding is deur 'n lidmaat of amptenaar van die kerk:

Die *eerste* stap (vers 15) is om die persoon met sy of haar oortreding te konfronteer in terme van die Woord van God, en is hulle gereed om hul te onderwerp? Indien hulle hulleself onderwerp aan daardie wet van God, dan is hulle werklik "broers" in Christus.

*Tweede stap,* as hulle die Woord verwaarloos en weier om daarna te luister, dan moet hulle weiering deur ten minste een ander getuie se mond bevestig word, sodat ten minste twee getuies kan getuig van hulle afval en/of ongeloof. (Vers 16.) Die verwysing hier is weer na die wet van God, 'n oortreding daarteen, 'n vermaning in terme van daardie wet en die gebrek aan die aanvaarding van daardie wet.

Die *derde* stap is om aan die kerk die onwilligheid van die skuldige party te verklaar, "maar as hy nie na julle wil luister nie, laat hom vir julle wees soos 'n heiden en 'n tollenaar." (Vers 17.) Die enigste moontlike regsproses wat in hierdie derde fase kan plaasvind, is as die beskuldigde ontken dat die aanklagte waar is. 'n Verhoor kan dan vasstel of die aanklagte waar of vals is, d.i. of God se wet oortree is. Indien enige party nalaat om God se wet te aanvaar, moet daar met hom gebreek word, hy moet afgesny word. Hy moet beskou word as 'n heiden of 'n tollenaar.

Die uitgangspunt en grondslag van die outoriteit van die individu wat die skuldige party konfronteer, en van die kerk in sy gesag van ekskommunikasie, is die wetwoord van God. Waar 'n mens op aarde die gewetes van mense "bind" in getrouheid aan daardie Woord, is hulle handelinge geldig in die hemel. Waar 'n mens op aarde in getrouheid aan daardie Woord mense vergeef, na berou en restitusie, is diegene wat hulle ontbind op aarde ontbind in die hemel. Vers 18, 19. p.769. Hierdie outoriteit is geestelik, nie wetlik nie, d.w.s. die mens is gebonde aan God se woord, nie God aan die mens se woord nie. Waar die mens handel in getrouheid aan die woord van God, daar kan hy God se ondersteunende getrouheid verwag. Vers 20. Die belangrikste verwysing hier is na die wetlike handelinge van straf en vergifnis, maar die verwysing is ook in die algemeen, sodat, wat gelowiges en kerke ook al doen in getrouheid aan die wetwoord van God, daar kan hulle reken op die teenwoordigheid en ondersteunende en allesoorheersende krag van die Here Self.

Matt. 18:15-20 verwys na en is gebaseer op wette wat in die Ou Testament gegee is: Lev. 19:17 vereis teregwysing; Deut. 17:6 en 19:15 vereis ten minste twee ooggetuies. Christus het hierdie wet benadruk en die apostoliese sendbriewe bevestig dit herhaaldelik: Luk. 17:3; Jak. 5:20; 1 Pet. 3:1; Joh. 8:17; 2 Kor. 13:1; Hebr. 10:28; 1 Tim. 5:19-20; Rom. 16:17; 1 Kor. 5:9; 2 Tess. 3:6, 14; 2 Joh. 10; Matt. 16:19; Joh. 20:23; 1 Kor. 5:4-5; Matt. 5:24; Jak. 5:16; 1 Joh. 3:22; 5:14. Al hierdie tekste bevestig duidelik die volle geldigheid van die O.T. wette. In Jak. 5:16 en 1 Joh. 3:22; 5:14, word die verhouding tussen gehoorsaamheid aan die wet en doeltreffende gebed sterk beklemtoon.

Daar kan geen ware dissipline in 'n kerk, of in die skool of huis wees, indien daar nie ook 'n volledige en getroue prediking van die wetwoord van God is nie. Antinomianisme kan nie dissipline voortbring nie. Ware orde is die produk van ware wet. Die dissipline van God se wetwoord alleen kan ware orde voortbring. Daar is in sommige gevalle 'n alternatief vir straf. Dit is afskeiding. Hand. 15:36-41. Paulus en Barnabas het geskei van mekaar en albei het veel bereik in hulle geskeie weë.

### 7. Vermanings en Ekskommunikasie

p.770. In 1 Tim. 5:1-16 bespreek Paulus die *vermaning* van Kerklidmate. Ouderlinge moet eers "as 'n vader" aangespreek word, jonger mans as "broers", ens. Die teregwysing is die eerste stap van straf en verwys na Matt. 18:15; dit verwys na 'n oortreding wat bekend en duidelik is wat onder die aandag van die oortreder gebring word deur die herder of lidmaat in die lig van die skrif; dit kan ook die laaste stap wees in sommige sake wat openbare vermaning vereis. 1 Tim. 5:20.

In hierdie sendbrief is Paulus duidelik besig met die wet. 1 Tim.1:3-11. Die areas van belang vir vermaning, straf, en ekskommunikasie word dan genoem in terme van kerkprobleme: hulle is essensieel sake van geloof en sedes, van outoriteit en die wet. Die doel van sodanige optrede is nie die kerk nie, maar God se koninkryk, nie 'n instituut nie, maar God se regering. Sommige, maar glad nie almal nie, van die areas deur Paulus aangehaal is:

*Eerstens*, outoriteit. Mans moet die leierskap aanvaar in sake van geloof sowel as van die huis, en vroue moet nie buite die grense van hul posisie beweeg nie. 1 Tim. 2:8-15. Paulus het vanuit hierdie stelling van gesag, aangegaan om te praat oor outoriteit, in terme van kwalifikasies, van 'n biskop of presbiter. Outoriteit word alleen gegee aan mans wat outoriteit kan uitoefen, en wie se vermoë om hulleself en hul huishoudings te dissiplineer, beproef is. 1 Tim. 3:1-13.

*Tweedens*, areas van leerstellings en valse leer aangaande doktrine en moraliteit word bespreek. 1 Tim. 4:1-16. Asketisme en priesterlike selibaatskap word veroordeel. Ons het hier geen nuwe wet nie, maar die Bybelse wet in sy geheel, en Bybelse geloof in sy geheel word bevestig. Geen nuwe dispensasie het die Ou Testamentiese beskouing van kos en die huwelik tot niet gemaak nie.

*Derdens*, areas van sedes word genoem as areas vir vermaning. Dit is die plig van die ouers om hulle kinders godvresendheid te leer. Kom ons bekyk van naby wat Paulus leer. In 1 Tim.5:3 het hy beveel, (Moffatt): "Weduwees in ware nood moet deur die geldfonds ondersteun word." Die weduwees wat uitgesluit word van kerklike ondersteuning is (Lenski) "Diegene wat familie het en wat aan 'n oppervlakkige lewenstyl meedoen." Weduwees wat waardig is om hulp te ontvang, moet op hulle beurt vir hulle onderhoud aan die kerk diens lewer. p.771. Weduwees met families word dan vermeld. Hulle het 'n lerende funksie, soos die kerk het. In verhouding tot hulle kinders en kleinkinders. 1 Tim. 6:4 – Moffatt, ook so vers 8. p.772. Hulle wat nie hul eie mense onderhou nie, moet eerstens vermaan word en dan geëkskommunikeer word.

Waar valse lering voorkom, word van ons verwag om "sulke mense te vermy". Rom. 16:17 en ook 2 Joh. 10,11. Ontugtiges wat nie berou toon nie en kerklidmate is, moet ook geëkskommunikeer word. 1 Kor. 5:9-11.

"Eer" beteken meer as net respek betoon deur woorde, dit sluit in onderhoud. "Vergoed" en "voorsien" beteken meer as slegs finansiële onderhoud. Om jou kinders te onderhou sluit in 'n christelike opvoeding, beide verstand en liggaam moet versorg word.

1 Tim. 5:10 – Huisvesting gee aan vreemdelinge, 1 Tim. 3:2 – Gasvryheid. Die vroeë kerk was 'n baie uitgebreide regering, en dit het so voortgeduur tot ongeveer die 20ste eeu.

Dit is belangrik om hier die betekenis van *regering* te herkonstateer in sy historiese Bybelse betekenis. Die basiese regering van die mens is die selfregering van die Christenmens. Die familie is 'n belangrike area van regering, en die basiese een. Die kerk is 'n area van regering en die skool nog 'n ander. 'n Mens se roeping is 'n area van regering, en die groter samelewing regeer die mens deur sy standaarde en menings. Die staat is dus een regering van vele; dit is die burgerlike regering en dit kan nie toegelaat word om areas wat nie daaraan behoort nie oor te neem en beslag daarop te lê nie.

As gevolg van die Bybelse begrip van regering, bestaan baie sfere van reg, en elkeen het sy eie innerlike outoriteit, dissipline en vereistes. Hierdie sfere is apart maar aansluitend: Die staat moet van kinders verwag om hul ouers te onderhou, maar die kerk het die plig, of die staat nou optree of nie, om sy lidmate te leer of te tug of te ekskommunikeer omtrent hierdie selfde saak. So ook word van die gesin verwag om die soort onderhoud te leer, 1 Tim. 5:4, en om op te tree teenoor sy gesinslede wat hierin ongehoorsaam is.

'n Ander area van moraliteit wat deur Paulus aangehaal word, is wat betref lone. Die beginsel, wat voorheen oorweeg is met verwysing na Deut. 25:4, is dat "die arbeider sy loon waardig is." 1 Tim. 5:18. p.773. Ekonomiese oorwegings word nie deur hierdie vereiste opsygeskuif nie, maar eerder versterk. Die wyse man is 'n goeie bestuurder van nie slegs geld en goed nie, maar ook van mense. Die mens wat sy werkers so min as moontlik betaal, is uiteindelik die verloorder voor God. Dit is dus duidelik dat die straf wat deur die kerk toegedien word, veral betrekking het op die mens se gedrag voor God en die mens; die afskaling van baie van die tug van die kerk, na oortredings teen die kerk, is 'n verdraaiing van die Skrif en 'n beperking van die jurisdiksie van die kerk.

## 8. Mag en Outoriteit.

Christelike eindbestemming: 1 Kor. 6:2 – Moffatt. "Do you know that the saints are to manage the world?" Dis 'n betekenis waaraan ons onsself moet herinner. Kerkregering is 'n voorspel tot wêreldregering, nie deur die kerk nie, maar deur "die heiliges". Paulus se voortdurende appèl was nie tot die vorm van kerkregering en tot kerklidmate nie, maar tot die wet van God en van die groei van die heiliges in terme daarvan. 1 Kor. 6:15-9:27. Oordeel, regeer of beheer van die wêreld is volgens die wet van God.

Toe Paulus verontwaardiging uitgespreek het oor die gedagte dat Christene na 'n Romeinse hof gaan, het hy gepraat as 'n goeie Jood, in die tradisie van die wet, 1 Kor. 6:1. Om na 'n buitehof te gaan, was verbode in Israel onder gewone omstandighede, in probleme tussen Jode. In hierdie omstandighede is daar na Joodse howe gegaan, 'n tradisie van die wet wat tot vandag toe in baie kringe onderhou word. Insgelyks het Paulus gevoel dat tussen gelowiges die kerk die regerende liggaam was. Tussen 'n Jood en 'n heiden, of tussen 'n Christen en 'n nie-Christen, kan daar 'n gewettigde gebruik van die buite- of burgerlike howe wees. Hierdie howe, wat nie deur God se wet regeer word nie, was dus nie geloofwaardige instansies van geregtigheid nie.

p.774. Waar daar geen wet van God bestaan nie, beteken die mens se humanistiese alternatiewe, wanneer hulle tot hulle logiese slotsom geforseer word, òf anargisme, òf totalitêre statisme.

p.775. Maar die heiliges moet die wêreld regeer volgens die wet van God, wat beteken dat hulle daardie wet moet ken. Dus, 'n basiese vereiste vir 'n gesonde kerklewe is 'n voortdurende bestudering van God se wet, die implikasies en die toepassings daarvan.

Die vraag omtrent *outoriteit* is onskeibaar van die wet in enige Bybelse sin. 'n Primêre betekenis van outoriteit is, "Die reg om te beveel en gehoorsaamheid af te dwing; die reg om offisieel op te tree." Die oorsprong van outoriteit is 'n Latynse word, *augeo*, vermeerdering. Outoriteit het 'n natuurlike toename daaraan verbonde. Ware outoriteit is voorspoedig en oorvloedig. Mag en outoriteit is nie identiese woorde nie. Mag is krag of dwang. Mag kan

bestaan en bestaan dikwels sonder outoriteit. "'n Mens kan mag steel, nie outoriteit nie." - Denis de Rougemont.

Die kerk moet, deur sy getrouheid aan die wetwoord van God, sy outoriteit bevestig, versterk en vermeerder. Sy mag sal toeneem, het Paulus aan die Korintiërs uitgewys, soos wat Christene die wet van God gehoorsaam en soos wat die kerk dit toepas op sy interne sake, en soos wat die kerk 'n beroep doen op sy lidmaat-burgers om dit toe te pas op die wêreld rondom hulle.

Die grondslag van hierdie toenemende krag is Jesus, wat verklaar het, "Aan my is gegee alle mag in die hemel en op aarde." Matt. 28:18. As die absolute besitter van alle mag, is Hy die predestinerende oorsprong van alle onmiddellike krag. Hy is ook die volmaakte sameval van mag en outoriteit.

p.776. In die skool van die geskiedenis word die kerk teruggehou, vermaan, en verneder daar waar sy krag ook al ophou om gegrond te wees in die outoriteit van Christus se wetwoord, of waar sy outoriteit ondersteuning soek by ander here as by Jesus Christus. Die kerk is verplig om alle mense en nasies te leer "om alles te onderhou wat Ek julle geleer het, en kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld." Matt. 28:20. Sy teenwoordigheid en sy krag onderskraag hulle wat die onderhouding verkondig van alles wat Christus beveel.

Mag, wanneer dit losgemaak is van goddelike outoriteit, word meer en meer demonies. Vgl. Nero: Die Christene moes aan hom gehoorsaam wees, maar sy outoriteit was goddeloos en implisiet en eksplisiet satanies in die ontwikkeling daarvan. Ware orde vereis dat beide krag en outoriteit godvererend in aard en toepassing moet wees.

Dit is 'n ernstige fout om te sê dat Jesus se krag om wonders te doen afhang van die persoon of die gehoor se geloof. Sy Krag was uitsluitlik uit Homself, as gevolg van Sy goddelikheid; dit het nie afgehang van die reaksie van mense nie. Die rede vir die beperkte aantal wonderwerke in Nasaret? Die wonderwerke is nooit gedoen om mense te bekeer nie. Matt.12:38, 45; 16:1-5. Die doel van die wonderwerke was om God te verheerlik, en die reaksie van geloof op die wonderwerke was ook om God te verheerlik. Mark. 2:12. p.777. Daar is dus 'n baie belangrike plek in die lewe van die bekeerde persoon vir wonderwerkende en voorsienige hulp van God; dit is 'n belangrike deel van Sy regerende sorg.

Die hoofdoel van bekering is dat die mens met God versoen moet word, vrede maak met sy medemens en met homself is 'n sekondêre aspek van hierdie feit, 'n *nodige* neweproduk maar steeds 'n neweproduk. Die doel van wedergeboorte is dat die mens alle dinge moet herkonstrueer in konformiteit met God se orde, nie in terme van die mens se begeerte na vrede nie. Hierdie doel en missie sluit wet en dwang in.

Wedergeboorte is God se soewereine handeling in terme van Sy soewereine doel. Dit is dwingend daarin dat dit God se handeling is, en tog, omdat die mens self God se daad is, is wedergeboorte nie dwang nie, daarin dat dit kom as 'n klimaks op God se werk in 'n mens se hart. Nóg wedergeboorte, nóg wonderwerke is die mens se werk. Vir 'n mens om gedwonge bekerings of wonderwerke te verlang volgens sy eie wense, is verkeerd; die mens kan slegs gehoorsaamheid vereis aan die wet van God, maar hy kan nie God speel nie.

Waar mag en ware outoriteit *saamval*, daar speel die mens nie God nie; hy dien God in ooreenstemming met Sy wet en hy bid tot God. Mag en outoriteit word gebruik om goddelike orde te bevorder, nie menslike verwagtinge vir orde nie. God se orde het die val van Rome vereis, nie sy vrede nie. Baie Christene het gebid vir Rome, en dit was reg so; hulle het egter gesondig toe hulle die werke van God beperk het tot die raamwerk van die ryk.

## 9. Vrede.

'n Sentrale doel van God se plan vir die mens en die aarde is die vestiging van Sy vrede. Hierdie vrede is dikwels simbolies beskryf as 'n vrede, nie slegs met God nie, maar tussen mens en mens, en die mens en die natuur. Ons word dus vertel dat:

Jes. 11:6-9. Die lam en die luiperd. p.778. Bekende simbole – die druiwestok en die vyeboom – is nie slegs simbole van vrede nie maar ook van vrugbaarheid en voorspoed: 2 Kon. 18:31; Jes. 36:16; Miga 4:3, 4. 1 Kon. 4:25; Sag. 3:10. Hiervan is Miga 4:3, 4 en Sag. 3:10 messiaanse profesieë wat die kulminasie van die Messias se regering beskryf.

Jesus het homself beskryf as die bron van hierdie vrede, as die ware wynstok Joh. 15:1; meer direk in Joh. 14:27. Toe Jesus die vyeboom vervloek het Matt. 21:19; Mark. 11:13, 14. was dit Israel se vrede wat deur Hom, wat die ware vrede is, vervloek is. Vrede voor die sondeval, en nou wag "die hele skepping met reikhalsende verlange" op die verlossing en herstel wat deur Christus en God se kinders bewerk sal word. Rom. 8:19-23.

Die herstel van daardie vrede begin by die mens se herstel tot die lewe deur die herskeppende werk van Jesus Christus. Die mens is dan 'n nuwe skepping. Moffatt – 2 Kor. 5:14, "Daar is 'n nuwe skepping so dikwels as 'n mens daartoe kom om in Christus te wees; wat oud is, is verby; die nuwe het gekom."

Die konsep van die vrede wat die erfdeel van elke mens in p.779. Christus is, is 'n onderdeel van die leer van die sabbat, van die mens se rus in sy Heer. Dit word selfs vereis dat die aarde ook sy rus en vrede gegee moet word, want die aarde behoort aan die Here. Die konsep van vrede het 'n diepgaande invloed op die wet gehad. *Vrede is beskou, nie as 'n aspek van God se orde nie, maar as 'n produk van die staat se lewe.*

Brown: Die betekenis van die word *vrede* in Hebreeus – shalom – van die stam "om heel te wees" – "volkomenheid, vryheid van gebreke", dus gesondheid, welsyn, voorspoed; meer besonder, vrede in teenstelling tot oorlog, eendrag teenoor onenigheid. Die fundamentele betekenis van *shalom* is voorspoed, goedheid van welke aard ook al, 'n betekenis wat weer na vore kom in die Grieks *eirene* ..... p.780. In die belangrikste sin van voorspoed, is vrede 'n seëning waarvan slegs God die outeur is. Jes. 45:7.

Onder die seëninge waarna Israel vooruitgesien het in die Messiaanse tydperk is geeneen meer benadruk as vrede nie......

Die Nuwe Testament deel met die OT die siening van vrede as 'n kenmerk van die Messiaanse Tydperk. Luk. 1:79; 2:14; 19:38; Hand. 10:36. In hierdie sin is dit moontlik om die groet van die dissipels op hul sendingreise te verstaan. Mat. 10:12, 13; Luk.10:5, 6. Die evangelie van die Messias word duidelik genoem die evangelie van vrede. Ef. 6:15; Hand. 10:36. Jesus self is die groot vredemaker....

In die Bybelse sin is vrede daardie orde en voorspoed wat voortvloei uit die vrede maak met God en 'n herstel tot die lewe onder God. Lewe in Eden is gekenmerk deur vrede met God en daarom vrede met die mens, in die mens en in die natuur. Lewe in Christus beteken die voortgaande herstel van daardie vrede soos wat die mens groei in Christus en soos wat die wêreld onder Sy heerskappy gebring word. Die bron van vrede is die mens se wedergeboorte in Christus; dit is meer as die beëindiging van vyandskap: dit is die groei van gemeenskap en dit is ook persoonlike vervulling in Christus.

Staatsvrede is ten beste die afwesigheid van vyandelikhede en die onderdrukking van kriminele aktiwiteite. Omdat die staat die mens nie kan vernuwe deur wedergeboorte nie, kan dit nie eens hierdie beperkte vorm van vrede instel nie. Die staat se mag is in kern die mag van die swaard. In sy pogings om onderdrukkende en gewapende vrede op sy burgers af te dwing, vernietig die staat die vrede van daardie burgers soos wat die staat die vrede van God en die vryman oorneem. Die staat kan slegs 'n instrument van vrede wees in soverre as wat dit 'n instrument van God en van die bediening van Christus is. Die staat se pogings is dan beperk tot hul regte sfeer, om 'n ministerie van reg te wees.

Dis duidelik dat *vrede,* as voorspoed en welvaart, nou verbonde is aan *verlossing*, oorwinning en gesondheid. Vrede en verlossing is God-gesentreerde konsepte wat ook beteken die vervulling van die mens. Omdat God die outeur en die skepper van alle dinge is, kan daar geen vervulling vir die mens los van Hom wees nie. Jes. 57:21.

p.781. Hierdie vrede is egter meer as die afwesigheid van vyandelikhede: dit is die vrede met God. Vrede met God beteken stryd teen die vyande van God. Die uitbeelding van vrede, elke mens onder sy wynstok en onder sy vyeboom, is een van voorspoed, veiligheid, tevredenheid en vreugde. Christus het dit duidelik gemaak dat trou aan Hom, 'n swaard van skeiding is. Matt. 10:34-36. In 'n sondige wêreld is stryd onontkombaar. 'n Mens moet dus sy vyande kies: God of sondige mense? As 'n mens in vrede leef met sondige mense, dan voer hy oorlog teen God. Vrede in een sektor beteken oorlogvoering in 'n ander. God alleen kan egter nou innerlike vrede gee, en uiteindelik, wêreldvrede deur sy soewereine wet. Miga 4:2.

## XV

## NOTAS OP DIE WET IN DIE WESTERSE SAMELEWING

p.782. In die wette van die vroeë kerk is die belangrikheid van die Bybelse wet heel duidelik. Die gemeentes het duidelik gevoel dat die Bybelse wet bindend is op gelowiges. Nie almal het so ver gegaan of was so letterlik soos die kerk in Armenië nie, waarin in daardie dae en vir eeue daarna slegs diegene wat van priesterlike afkoms was, aangewys is tot die geestelike orde, in navolging van die Joodse gewoontes. Hierdie praktyk is in 692 veroordeel. Die Armeense Kerk het ook diere-offerandes gebring volgens die OT wette, en het aangehou lank nadat die Jode opgehou het daarmee, tot diep in die 20ste eeu. Dit het plaasgevind by die kerkdeur en was 'n vrywillige offerande aan die Here.

p.783. Die Griekse Kerk het ook gebede gehad vir diere-offerandes.

Die Levitiese regulasies aangaande die priesterskap is ook toegepas op die predikante van die kerk. Ancyra, in kanon XX1, het baie streng opgetree teen aborsie (10 jaar van boetedoening); transvestiete is geëkskommunikeer; verskeie seksuele oortredings is herhaaldelik genoem as rede vir lewenslange ekskommunikering (aangesien die kerk nie die mag gehad het om die doodstraf op te lê nie); moord, waarsêery, die aanbidding van engele, laster en ander sake is hanteer volgens die Bybelse wet, so ver as wat die kerk dit kon toepas.

Restitusie was basies tot die kanonieke wet en tot boetedoening. Die kanons en die regulasies aangaande die sabbat is van besondere belang. Die onthouding aan die seksdaad op 'n Saterdag, en op die dag van die Here, en op daardie dae wanneer die geestelike offers gebring is – volgens Eks. 19:15 – sodat die vrugbaarheidskultus as element uit die godsdiens verwyder kon word. p.784. Christene was nie altyd vry om te aanbid op Sondae nie, en noodsaak was dus 'n wettige verskoning; respek vir Saterdag, die Joodse sabbat, was egter verbode.

Omdat die Dag van die Here 'n dag van rus en vreugde was, is vas op die Sondag veroordeel en het dit ekskommunikasie vereis. – Gangra. – verder is ook diegene veroordeel wat die huwelik veroordeel het, verder is vegetariërskap veroordeel; ook diegene is veroordeel wat hul afgesonder het van getroude predikante.

Die vroeë kerk het dus die Bybelse wet gehoorsaam. Die kerk het egter bestaan binne die raamwerk van die Romeinse Ryk en die Romeinse Wet.

p.785. Uitputting, geestelik en liggaamlik, was besig om die Romeinse Ryk te vernietig. Die sentralisering van mag het die basiese onverantwoordelikheid wat gelei het tot die vernietiging van hulpbronne, vergroot. Die keisers was onmagtig om die verloop om te keer. "Die wonder is dat die p.786. Ryk se territoriale integriteit vir so lank bly bestaan het." Williams. Die Romeinse Ryk het gedisintegreer as gevolg van 'n innerlike verrotting.

Die disintegrasie van die Romeinse Reg was net so 'n werklikheid. Die Teodosius Kode het beïnvloeding van die Christendom getoon, maar is steeds Romeinse Reg. – Wette oor die huwelik toon radikale verchristeliking onder Justinianus 1 (c.482 – 565), in die Corpus Juris Cirilis. Die Romeinse Reg het voortgegaan met sy ontwikkeling, maar dit het al meer die uitdrukking geword van Christelike wetgewing. Justinianus se Institute weerspieël wat "natuurlike reg", genoem word, maar daardie konsep was nou besig om iets anders te word as

wat onder Romeinse Reg verstaan is. "Natuurlike reg", of dit nou in die hande van juriste, akademici, of Deïste was, was in werklikheid 'n anti-drie-eenheidsleer, maar dit was steeds meer Christelik as Romeins. Natuurlike reg was 'n vorm van Christelike dwaalleer en het aan die natuur wetgewende magte en absolute wette toegeskryf wat duidelik ontleen is aan die God van die Skrif. Dus het Romeinse reg so deeglik verchristelik deur die eeue dat geen Romein dit sou herken nie. Selfs waar die bewoording van die Romeinse reg behou is, p.787. het 'n nuwe inhoud en interpretasie die ou betekenis verouder en verarm. Dieselfde is waar van die heidense wette. Dis duidelik dat baie heidense wette behoue gebly het en die Westerse regskodes gekleur het, maar weer is hulle onderwerp aan radikale verandering in die meeste gevalle. Bowendien was 'n wesenlike defek van geleerdes, hul gebrek aan kennis van Bybelse reg. Die gevolg is dat baie dinge wat in werklikheid Bybels was, heidens genoem is. Byvoorbeeld, Alfred die Grote van die negende eeuse Engeland het wette gemaak wat onteenseglik van Bybelse oorsprong was.

Bybelse reg het 'n sentrale rol gespeel in die vorming van die Westerse beskawing, omdat dit Europa binnegekom het vanuit 'n ander oord, die Jode van Europa. p.788. Ongelukkig benadruk die geskiedenis van die Jode hul lyding meer as dit wat hul tot stand gebring het. Dit is 'n ongelukkige iets wat baie ander volke karakteriseer dat hul hul daarmee besig hou, maar dit is nie goeie geskiedenis nie, of dit nou gedoen word deur die Jode, die Armeniërs, die Pole, die Franse, die VSA se Suidelike State, of wie ook al.

Westerse beskawings het 'n groot skuld om te betaal aan die kultuur van hulle dorpe en stede. Dorpe en stede is die resultate van hul handelslui en hul gemeenskappe, wat grootliks Joods was. Handelsreg en staatsreg het dus hul oorsprong in die Joodse gemeenskappe en hul intense toewyding aan Bybelse reg. Terwyl sommige Siriërs en Fenisiërs, as Christelike handelaars, voortgegaan het om in die Christelike era die handelaars in Europa te wees, is die grootste rol toenemend gespeel deur Jode. Die invloed van die Jode op hul Christelike nabootsers op kommersiële gebied, was uitgebreid. Hul mag was ook baie groot.

Hierdie mag was gegrond in 'n sistematiese en getroue gehoorsaamheid aan Bybelse reg, aan 'n sisteem van geregtigheid wat die gemeenskap gedra het in moeilike tye en dit 'n instrument gegee het om interne en eksterne sake te kon hanteer. Die lewe in die gemeenskap het beteken die lewe binne die wet van God. In terme hiervan is die moderne stad 'n produk van Joodse handelaars en hulle gemeenskappe, 'n eenheid wat deur die reg byeengebring is, nie deur bloed nie, en in die kern onderhou word deur geregtigheid, eerder as deur brute krag. Hierdie Joodse howe was bowendien *howe buite die staat*, die voorgangers van die middeleeuse Markplaashowe en van moderne arbitrasie.

p.789. Die invloed van Maimonides (Rabbi Moses Ben Maimon, 1135 -1204) op Europese denke, berus op hierdie stadsoriëntasie van die Joodse lewe en denke. Soos wat middeleeuse Europa stedelike Europa geword het, het hulle opgesien na die vaders van die stedelike lewe. Maimonides het die Joodse toepassings van die Bybelse reg op ons stedelike en kommersiële lewe gekodifiseer, en gevolglik was sy invloed onontkombaar. Die Bybelse aard van Maimonides se regstudies het hulle invloedryk gemaak.

'n Ander bron waardeur Bybelse reg 'n groot invloed uitgeoefen het op die Westerse beskawing, was deur die gemene reg. Hoeveel plaaslike gewoontes of elemente van "Romeinse" reg daar ook al in die gemene reg mag wees, is dit essensieel Bybelse reg. "Gemene reg was Christelike reg." (Keeton)

Die belangrikheid van die gee van die tiende in die ontwikkeling van die westerse beskawing verdien navorsing. p.790. Daar is indikasies dat die tiende basies was aan sosiale en kerklike hervormings, aan opvoeding en aan liefdadigheid, en dat die tiende 'n groot faktor was in sosiale verandering en vooruitgang. Die vrywillige gee van tiendes deur die Engelse puriteine was verantwoordelik vir die uitgebreide omvorming van die Engelse samelewing.

In Amerika, veral in New England, as 'n deel van Christelike konserwatisme, as 'n teruggryp na die verlede en radikalisme, as 'n terugkeer na die oorsprong van sake, deur die Pelgrims en die Puriteine, sowel as deur die ander koloniste, was daar 'n selfbewuste aanvaarding van die Bybelse reg. Hierdie houding is die beste opgesom deur John Cotton in Moses, His Judicials toe hy opgemerk het, "hoe meer 'n wet na die mens geruik het, hoe meer onvoordelig."

Beduidend is dit dat toe Massaschusetts in 1641 sy wette gemaak het volgens die Engelse en Puriteinse begrip van die Bybelse reg, daardie dokument die *Body of Liberties* genoem is. Aangesien God die mens geroep het om hom te dien deur die wet, het Hy daardie wet die mens se grondwet van vryheid gemaak. Die puriteine het Jes. 33:22 letterlik opgeneem: Want die HERE is ons Regter, die HERE is ons Aanvoerder, die HERE is ons Koning: Hy sal ons verlos. p.791. Toe die wetgewers in areas beweeg het wat nie deur Bybelse reg gedek word nie, het hulle dit gedoen "volgens die meer Algemene Reëls van Geregtigheid." – New Haven Colony Laws.

Juis omdat regsmense, howe, en geleerdes vandag gewoonlik radikale humaniste en anti-christene is, is daar algemeen 'n vyandigheid teenoor enige volle erkenning van die Bybelse aard van die regserfenis van die Westerse beskawing. Die poging is om die regstruktuur af te breek en dit te vervang met humanistiese wetgewing.

Dit is herhaaldelik probeer deur die eeue, en een so 'n poging het uitgeloop op die Renaissance tirannie. Die krag van die Bybelse reg het dus eb en vloed belewe. Sommige aspekte van lg. reg het groter gesag behou as ander. Kriminele reg was grotendeels 'n produk van die Bybelse vereistes. Dieetkundige wetsgehoorsaamheid sover as wat dit die eet van skulpvis en vark aangaan, het gestadig agteruitgegaan, asook die eet van perdevleis in Frankryk, alhoewel dit tog onderhou is onder sommige volke. Dieet word minder dikwels geaffekteer deur bekering as ander aspekte van 'n volk se lewe, omdat dieet gewoonlik nou saamgaan met die ekonomiese beperkings van 'n gemeenskap. p.792. Anders as by heidense bekeerlinge tot die Christendom, verteenwoordig die Joodse gemeenskappe 'n hoër morele en kulturele vlak.

Dit moet onthou word dat die Saksers bv. die bring van menslike offerandes bedryf het totdat, na 20 jaar van oorlog, Karel die Grote hul in 782 oorwin het en gedwing het om hulle te laat doop om die band met hulle aanstootlike heidense praktyke te breek. Vyandigheid teenoor die Jode het in baie gevalle verander in vyandigheid teenoor die kosjer wette, en baie mense het vreugde daaruit geput om te probeer om Joodse wyne te verander sodat dit ritueel onsuiwer sou wees. Die gebrek aan kennis van die Skrif, as gevolg van onvermoë om te kan lees, het die skeiding vergroot en die gebrek aan kennis van die Bybelse voorskrifte vererger.

Bowendien het die interpretasie van sommige wette geestelik eerder as sosiaal geskied. So is die Sabbat wat baie duidelik vir rus bedoel is, al meer verander na aanbidding en kerk; 'n primêre toepassing het 'n primêre beklemtoning en betekenis geword. Die vereiste om te rus en in die Here te rus, is steeds basies aan die Skrif. Dit beteken 'n rus vir die mens, sy

werkende diere, en vir die aarde; in hierdie opsig is selfs die strengste sabbatonderhoudende kerke nalatig in hulle sabbatsonderhouding. Die sabbatwet is steeds nodig vir die mens, net soos die hele wet, en die onderhouding daarvan is noodsaaklik vir die gesondheid van die samelewing. Soos wat die kerk die een na die ander wet van God eenkant toe gestoot het, of dit verklein het tot hoogstens van geestelike en morele belang, het dit die samelewing na sy toestand van gesonkenheid gelei. John Cotton was reg; "The more any law smells of man the more unprofitable." Humanistiese reg het gelei na sosiale chaos en krisis. Dit is tyd om weer met die ou Puriteine terug te keer na die woorde van Jes.33:22 – "Die HERE is ons Regter, die HERE is ons Aanvoerder (Wetgewer), die HERE is ons Koning: Hy sal ons verlos."

Die humanistiese mens soek verlossing by die mens, partymaal deur middel van politiek en van die staat, ander kere deur middel van wetteloosheid. Maar wetteloosheid p.793 lei tot sosiale verval en oorlog, en die staat kan dit net vererger – gedagtig aan die mens se sondige toestand.

Dis duidelik dat, met die groeiende afname van openbare en private moraliteit, geen reëling van mense of van politieke instelling enige verligting kan bied nie. Die boosheid is hoofsaaklik in die mens en in sy instellings en omgewing vir sover as wat dit sy natuur weerspieël. Vgl. Rabsake se woorde – 2 Kon. 18:21. Die toekoms rus nie in die deurboorde-hand-politiek van Rabsake se gebreekte riet nie, maar by die soewereine en drie-enige God en Sy absolute wet.

# XVI

# AANHANGSELS

## 1 Die Nuwe Testament as Wet.

p.794. Volgens HL Hoech het die kerk vir 'n sekere tyd nie die moderne Paasfees gevier nie, maar die Hebreeuse paasfees as sy jaarlikse Christelike paasfees of nagmaal, en die opstandingsfees is gevier in terme van die paasdag, op watter dag dit ook al geval het. Daar is meer as net geringe bewys dat die vroeë kerk aangehou het om die paasfees te herdenk en dat hulle in die OT die NT gronde daarvoor gevind het. Bingham: Die vroeë kerk het "pase of die paasfees (paschal)" gevier op dieselfde tyd as wat die Joodse paasfees plaasgevind het. Die eerbiedwaardige Bede haal die sewende eeu se pouslike vermanings aan die Skotte aan, omdat hulle aangehou het om die Hebreeuse paasviering te onderhou as die enigste geldige tyd om die Pase te onderhou. Vyandskap tussen die Christene en die Jode het bygedra daartoe dat die twee vierings weggestoot is van mekaar af, en die afvalligheid van sommige Christene na die Judaïsme het die breuk met die wet aangehelp. 'n Naamlose "Epistle to Diognetes" gee 'n uitstekende voorbeeld van hierdie vyandigheid, en van die erns van die probleem vir sommige kerkmense van die dag.

p.795. Dit is duidelik dat, terwyl die kerk probleme gehad het met antinomianisme, dit ook baie lidmate gehad het wat gretig was om die hele wet van God te onderhou sonder afwykings van die Hebreeuse praktyke. Die wet is geredelik benadruk deur die apostoliese literatuur, bv. Barnabas. Hy het die feit benadruk dat "Christene die verbond (nie 'n *nuwe* verbond nie) ontvang het deur Jesus. Kraft – Die verbond het dieselfde gebly, maar 'n "nuwe volk" het in die plek van die oue gekom. Barnabas het nie die besnydenis as sulks verwerp nie; hy het slegs geargumenteer "dat die besnydenis 'n saak van begrip en gehoorsaamheid is." Barnabas en voedsel: - wat tipologies boosheid aandui, kan hy nie goed noem nie, en andersom. Die *Didache* sê – "Nou, wat voedsel betref, onderhou die tradisies so goed as wat julle kan." Dit is nie 'n afstanddoening nie; dit volg die Pauliniese vereiste dat die dieetkundige wette nie p.796. gebruik moes word om skeiding te veroorsaak tussen ongelowiges wat besig was om geëvangeliseer te word nie, maar dat dit liewer gehoorsaam moet word as goddelike raadgewing.

Die tipologie benadruk die belangrikheid van die oorspronklike wet en dus, ten spyte van afkeur, het die oorspronklike wet nooit heeltemal verdwyn nie. Die besnydenis is duidelik vervang deur die doop, maar besnydenis is wydverspreid toegepas vir "mediese redes", wat 'n semi-Bybelse outoriteit het. Pogings om die Hebreeuse sabbat te laat herleef, was algemeen deur die eeue, net soos pogings om die Hebreeuse gestrengheid na die Christelike Sabbat oor te plaas.

Twee impulse was 'n voortdurende faktor. *Eerstens*, vyandigheid teenoor Judaïsme het gelei tot vyandigheid teenoor die wet en die verwerping van 'n gedeelte van, of van die hele wet (antinomianisme); *tweedens*, respek vir die Skrif as die woord van God het gelei tot 'n onwilligheid om enige aspek van die wet te beskou as verdring deur die koms van Christus, of as verander deur Jesus se herinterpretasie. Gevolglik het 'n beklemtoning van die OT by tye plaasgevind, en die behoud van praktyke in hulle pre-NT vorm.

Om te ontken dat die Hebreeuse sabbat ons steeds regeer, is nie om met die sabbat weg te doen nie. Om die besnydenis as verbondsteken te ontken, is nie om die mediese waardes te ontken nie. Om die sentraliteit en outoriteit van die wet te erken, vereis dat die wet verstaan word in terme van die hele Skrif. Die vier Evangelies self is in die vroeë eeue beskou as wetboeke, omdat hulle die woorde van 'n koning was. Die *Melindapanha*, 'n Boeddhistiese werk van omtrent 150 n.C. het die Evangelie, en Christus se woorde oor belasting, (Matt. 17:24-27) aangehaal as regsvoorbeeld vir die Verre Ooste. Die koninklike woord is altyd 'n wetwoord, en as sulks is dit onweerlegbaar 'n deel van die geheel van die wet. Deur die wonderwerkende attestasies wat aan die apostels gegee is, is dit verklaar dat daardie koninklike woord en gesag ook in hulle is. Die hele Nuwe Testament praat dus in ooreenstemming met daardie wet wat in die Ou Testament gegee is.

Dit is hierdie aspek van koningskap wat in die laaste jare verwaarloos is, aangesien koningskap in die moderne staat eerder dekoratief is as operatief. Die outydse mag van die koning was egter nie los te maak van sy wetmakende gesag nie. Sy woord was letterlik wet. As Jesus verklaar dat hy die Messias-koning van die hele wêreld is, dan beteken dit dat dat Hy Sy eie elke woord beskou het as onweerlegbare wet. Vir bekeerlinge in die wêreld van die ou tyd was Christus se woorde wet, en om die wet van 'n koning te verag, was 'n ernstige oortreding. Selfs die dief aan die kruis het vertroue gehad in die wetwoord van daardie Koning, Luk. 23:39-34, en sy vertroue was opgeteken deur Christus en die mens. Die feit dat hierdie Koning sy Outoriteit agter die wet van Moses geplaas het, (Matt. 5:17-19; Luk. 16:17) het dit moeilik vir die kerk gemaak om daardie wet opsy te skuif. p.797. Die gevolg hiervan is dat volharding met die strengste manier van onderhouding bly voortbestaan het in baie van die sektore van die kerk vir eeue lank. Christene moet rus, maar hulle lewe onder 'n vreemde staat en ekonomie het so 'n onderhouding partymaal, of gewoonlik, onmoontlik gemaak. Nogtans was die wet bindend op gelowiges.

**2. Die Implikasies van 1 Samuel 8.**

1 Sam. 8 is gebruik as bewys van 'n anti-monargistiese perspektief in die Bybel.

Is die hoofpunt van hierdie hoofstuk die monargie? Is dit nie eerder die verwerping van God se heerskappy oor die regering van die mens nie? Die antwoord is in 1 Sam. 8:7, wat duidelik Israel se besluit sien as primêr en essensieel die verwerping van God se regering. p.798. Hierdie verwerping was essensieel godsdienstig van aard, en dit was 'n verwerping, ongeag watter vorm van regering Israel mag gekies het. Of Israel nou ook al 'n monargie, 'n republiek, demokrasie, diktatorskap, of watter ander vorm van burgerlike regering ook al gekies het, dit was 'n verwerping van God. Die essensiële doel van die nasie se eis vir 'n koning was om regeer te word soos die ander nasies. 1 Sam. 8:5, 20. Die korrupsie van Samuel se seuns was 'n verskoning vir hulle eis vir 'n gesentraliseerde regering en 'n professionele soldaat-koning en sy gewapende manskappe. Vers 20. Dit was 'n prysgawe van God se regsorde aan 'n humanistiese regsorde.

Die sleutel tot Samuel se oorsig oor die nuwe orde, verse 11-17, is: *Een.* Die nuwe vorm van belasting, wat 'n belasting sou wees deur die wegneem van seuns en dogters van die lande af deur diensplig, van opbrengs, lewende hawe en bediendes. *Twee.* Die tiende word genoem en hulle word vertel dat die belasting van hulle nuwe orde 'n gewetenlose tiende van kapitaal sowel as van inkomste sou wees. Hier het ons die kern van die verskil tussen die twee ordes. God se regering vereis slegs die kop- of tolbelasting vir burgerlike regering. Ex. 30:11-16, en

dalk boetes, die res van regeringsdienste sou voorsien word deur die tiendes, en daardeur 'n gedesentraliseerde samelewing verseker, sowel as een wat deur goddelike beginsels en deur God se belasting regeer sou word.

Die volk het God se regering verwerp, verse 19-20, ten spyte van God se duidelike waarskuwing dat Hy hulle sou verwerp. Vers 18. Inderwaarheid het hulle God verwerp terwyl hulle probeer het om 'n vormtrou aan Hom te handhaaf. Dit was moontlik vir hulle om 'n koning te hê en om God se wet te behou, 1 Sam. 12:14-15, dit wil sê, as 'n wet vir sosiale orde. Jeremia het verklaar dat die 70 jaar van gevangenskap gekom het om die land sy sabbatte te gee wat hulle hom ontneem het. Jer. 25:9, 10; 29:10; 2 Kron. 36:21.

p.799. Terwyl Israel hul voorgeneem het om "moreel" te wees, dus om owerspel, moord en diefstal af te wys, het hulle hul ook voorgeneem om God se wet as die absolute reël en regeringsreël vir die mens en samelewing af te wys. Die Kronieke vertel van die prys wat hulle hiervoor betaal het.

### 3. Rentmeesterskap, Investering, en Woeker: Finansiering van die Koninkryk van God. Deur Gary North.

Die vraag omtrent woeker is een wat die eksegetiese vermoëns van Christen kommentators vir twee duisend jaar beproef het. 'n Taamlike hoeveelheid van die werke wat gewy is aan die praktiese toepassing van christelike beginsels – kasuïstiek – is gewy aan hierdie spesifieke kwessie, vanaf die 12e eeu regdeur tot die 17e eeu. Voor die Christelike era, het Hebreeuse leiers en profete geworstel teen die aanhoudende druk van woeker. Profete voor en na die ballingskap het hulle tydgenote gewaarsku teen hulle voortdurende oortreding van die Mosaïese voorskrifte aangaande lenings. Jeremia het deur sy broers te oordeel oor hul vervolging van hom, gewys op sy onskuld aan die sonde van die neem van woekerwins. Jer. 15:10b. Nehemia het die regeerders van die dag gewaarsku om nie woekerrente p.800. af te pers van God se volk nie. Neh. 5:1-13; 11-12.

*Woeker, Rente en Liefdadigheid*

Die verbod teen woeker, soos dit in die Mosaïese wette voorkom, verwys spesifiek na die broer wat arm is. Eks. 22:25; Lev. 25:35. Dit was wettig om rente te neem van die godsdienstige vreemdeling, bo die bedrag wat uitgeleen is. Deut. 23:20. 'n Tiende van hierdie vermeerdering moet dus aan God betaal word, om op daardie manier minstens 'n gedeelte van die tiende wat alle mense aan God skuld van die onwedergeborene te kry. Omdat hy 'n slaaf van sonde is, is die vreemdeling nie beskerm teen binding wat op 'n arm man geplaas word deur elke woekerkontrak nie. Maar aan die arm Hebreeuse broer moes die broer wat uitleen, genade betoon; geen vermeerdering van enige soort behalwe die oorspronklike geld of goed kon wettiglik geëis word deur die krediteur nie. Lev. 25:37. Histories is hierdie beperkings nie erken deur die Hebreeuse gemenebes nie. Die voortdurende oortredings van alle aspekte van die Mosaïese wet het veroordeling oor die nasie gebring. Eseg. 18:8-9, 13.

Die definisie van woekerrente in die Bybel is baie noukeurig: *enige vermeerdering wat van die armes geneem word wanneer aan hulle geleen word.* Daar is geen Bybelse bewys, ook het Christelike sakereg oor die algemeen nie geredeneer, dat hierdie verbod beperkings geplaas het op rente wat ontvang is van besigheidslenings nie, so lank as die uitlener die risiko van

mislukking saam met die lener gedra het. Hierdie interpretasie van woekerverbod was basies aan die uiteensettings van die middeleeuse en vroeë christelike sakereg. Deur te deel in die risiko van 'n profytmakende sakeonderneming, het die lener die reg om deel te hê in 'n deel van die opbrengs. p.801. Die probleem vir die sakereg het slegs gekom wanneer die uitlener 'n gewaarborgde opbrengs op sy belegging kry, ongeag wat die sukses of mislukking van die onderneming was.

Die verbod op woeker, soos dit in die Bybel verskyn, word tegelykertyd gekoppel aan die vereiste dat godvresende mense uitleen aan alle broers wat in werklik haglike omstandighede verkeer. Deut. 15:7 en verder; hierdie vereiste, indien dit universeel gerespekteer was, sou 'n definitiewe impak hê op die onwettige, immorele woekermark. Christene met ekstra fondse word betrek in die noodleningsmark, sonder enige ekonomiese dryfveer. Hulle stoot dus nie die woekerrente op nie, omdat hul behoeftes buite daardie mark bevredig word. Hierdie soort van noodgeval vind plaas wanneer 'n arm man niks anders oor het nie, behalwe sy kleed, en selfs dit mag, volgens wet, as onderpand (borg) geneem word gedurende die dag, (om sodoende die skuldenaar te verhoed om verdere lenings aan te gaan met dieselfde onderpand). p.802. Die noodgeval is 'n situasie van desperaatheid; godvresende mans en vroue behoort nie hulself in die skuld te dompel vir iets minder as dit nie. Rom.13:8a. *Liefdadigheid*slenings word verwag van welgestelde gelowiges; *verbruikersl*enings sonder enige rente is nie oorweeg nie. Niemand was veronderstel om daarvoor te vra nie, daarom was daar geen vereiste om dit te voorsien teen zero rente nie. Dit is aanvaar dat verbruikerslenings die produk was van 'n slawementaliteit. Van die etiese slaaf – die vreemdeling – was dit wettig om rente te neem. Diegene wat hulleself nie as slawe beskou het nie, was dit verwag en word dit verwag om ag te slaan op die woorde van Salomo. Spr. 22:7.

p.803. 1. 'n Toekoms georiënteerde samelewing sal 'n laer rentekoers toon, wat dit makliker maak vir kapitalistiese entrepreneurs om toegang te kry tot fondse vir ekonomiese ontwikkeling.

2. Die tweede komponent – *risikopremie.* Die uitlener weet dat hy dalk nie sy geld gaan terug kry nie. Moraliteit beïnvloed die rentekoers. Spr. 37:21. Die barmhartige uitlener help om die onwettige woekerwins laag te hou en die eerlike lener in 'n sakeonderneming help om die risikopremie laer te hou.

3. Die derde faktor is die inflasiesyfer. 'n Uitlener wil weet dat die geld wat hy uitgeleen het nog dieselfde koopkrag sal hê as die geld wat hy gaan terugkry. Binne 'n inflasionêre samelewing sal die uitlener 'n nuwe vereiste stel – genoeg geld om hom te vergoed vir die verwagte val in die nasie se sirkulasiemedia. Indien 'n samelewing Jesaja se veroordeling van vervalste edelmetale eer, en indien dit ook die Mosaïese wet teen veelvuldige skulde eer, dan sal dit nie prysinflasie ondervind nie. p.804. 'n Groeiende ekonomie, wat van 'n relatief vaste geldvoorraad voorsien is, sal later 'n gelydelik dalende prysvlak voortbring. Die een wat uitleen sonder rente, ly 'n driedubbele verlies van sy lening ter wille van sy arm broer. Hierdie verlies word van hom verwag deur God.

*Rentmeesterskap, Belegging en Liefdadigheid.*

Die konsep van Christelike rentmeesterskap, is 'n fundamentele beginsel van die Christelike maatskaplike orde. Die Bybel verklaar dat God die soewereine besitter van Sy hele skepping is. Hy het die verantwoordelikheid vir die p.805. versorging van die aarde aan Adam

gedelegeer, die verteenwoordigende hoof van die mensdom. Gen. 1:28. Reg deur die Bybel word die mens gewaarsku om gesag uit te oefen volgens God se vereistes; God se regsorde is die manier waarop die mens die aarde moet onderwerp. Enige afwyking van hierdie regsorde betrek die mens in rebellie teen God en in die vernietiging van God se eiendom. Satan is God se vyand wat die onkruid gesaai het. Matt. 13:24 e.v. Die ontroue diensknegte van die man wat op reis gegaan het. Matt. 21:33 e.v. Die Getroue bestuurder. Matt. 25:14 e.v. Hy moet genadig wees. Matt. 18:23 e.v.

Getroue rentmeesterskap:
1. 'n erkenning van die soewereiniteit van God oor Sy skepping;
2. gehoorsaamheid aan die regsorde wat God ingestel het vir die regering van Sy skepping;
3. die produktiewe, vrugdraende administrasie van jou beroep of roeping;
4. die erkenning van die wettigheid van die gee van die tiende in teorie en praktyk;
5. die vrywillige gee van aalmoese of liefdegawes op 'n selektiewe godvresende grondslag. Rentmeesterskap kan opgesom word as twee oorkoepelende beginsels: *roeping* en *liefdadigheid*. Die eerste van die vyf aspekte van rentmeesterskap – die erkenning van die soewereiniteit van God – is die grondslag van beide roeping en liefdadigheid.

Roeping en liefdadigheid is gekoppel, en tog is hulle geskei. Luk. 12:48b. God gun oorvloed aan die mens, sy plaasvervanger of gesant op aarde, maar Hy verwag eerlikheid en liefdadigheid van hulle. Die mens word spesifiek gewaarsku teen die groot gevaar daarin p.806. om voordeel te trek uit die oop hand van God, en om dan die soewereine bevele van die gewer te vergeet; vernietiging sal die resultaat wees. Deut. 8:11 e.v. Jy mag nie 'n bestaan maak uit lenings aan arm broers nie; so 'n bestaan is 'n gruwel in die oë van God. Liefdadigheid is die oordra van skaars ekonomiese bronne aan 'n ander, met geen gedagte daaraan om iets terug te ontvang nie. Mat. 10:18; Lukas 6:35.

'n Mens kan homself skaars 'n getroue rentmeester noem indien hy liefdadigheid absoluut los maak van sake. Sakeondernemings is veronderstel om wins te maak indien hulle suksesvol moet wees, soos wat heelwat van Jesus se gelykenisse aandui. Maar gewetenlose kompetisie wat barmhartigheid totaal uitsluit, word ook veroordeel in die gelykenisse. Die jong ryk man wat gevra is om alles wat hy het te verkoop, en die gemeente in Jerusalem is nie 'n voorbeeld vir alle ryk mans of vir alle gemeentes nie. Hand. 4:32. Die mens is verantwoordelik voor God om te reageer op die leiding van God se Gees op verskillende tye langs elke draai langs die pad van die lewe. Ons word gewaarsku om geestelik te groei deur aardse gelykenisse van ekonomiese rentmeesterskap. Die feit dat God van 'n man kan verwag om alles wat hy het op te gee, impliseer nie dat God die morele geldigheid van aanhoudende ekonomiese verliese sanksioneer nie. Wat God sê, is dat 'n mens nie moreel gewetenloos in die sakewêreld moet wees nie, en ook nie moreel spandabel in liefdadigheid moet wees nie. "Deel die rykdom" is 'n Bybelse beginsel, en die normale manier van deel, is deur die tiende. Die algemene beginsel is nie "vernietig alle rykdom deur universele ondiskriminerende gawes nie." Sake is nie liefdadigheid nie, maar dit mag barmhartig wees en behoort barmhartig te wees. Barmhartigheid behoort versigtig geadministreer te word op 'n "sakekundige" manier – met eerlike boekhouding, beplanning, ens. – maar dit is nie 'n sakeonderneming nie, dit beteken nie 'n winsgewende ekonomiese onderneming nie. Die twee is aparte soewereine gebiede. Hul verskille moet eerbiedig word.

p.807. Professor Mises onderskei tussen twee basiese modelle van bestuur: 1. Die *sake*vorm wat gerat is vir *wins-en-verlies* state. 2. Regeringsburokrasie, of die geen profyt liefdadigheid

se burokratiese strukture. Hulle is op vaste toelaes bepaal deur belastingbetalers of skenkers. Die enigste manier om inkomste te vermeerder is deur meer geld van belastingbetalers of skenkers te verkry. Hulle is nie onderwerp aan die direkte kompetisie van die mark nie. p.808. Die belastingwette erken 'n verskil tussen die inkomste uit dienste gelewer en inkomste uit 'n belegging. Liefdadigheid is nie sake doen nie.

*God se Institusionele Monopolie*

Net soos wat rentmeesterskap beide roeping en liefdadigheid insluit, net so sluit die konsep van die Koninkryk van God die werk van die institusionele kerk en die godvresende aktiwiteite van Christelike mense in alle ander wettige menslike institusies in. (Abraham Kuyper – sfere van soewereiniteit of wetskringe.) Die Rooms-Katolieke Kerk is verkeerd daarin dat hulle die Koninkryk van God gelykstel aan die institusionele kerk; die koninkryk is iets wat veel wyer is as die blote bediening van die sakramente. Dit sluit in die werk van Christene in al hulle verskillende aktiwiteite.

'n Deurslaggewende vraag is – is die institusionele kerk primêr onder die reëls wat daardie aspekte van die koninkryk beheer wat te doen het met winsgewende sake, of val dit, meer korrek, onder die reëls wat liefdadigheidsorganisasie beheer? Die offisiële antwoord van die kerke behoort te wees dat die tweede alternatief die geldige een is. Die saak van die kerk is nie die wins-en-verliesstaat nie, die saak van die kerk is die verspreiding van die evangelie, gesamentlike aanbidding onder godvresende dissipline, en die bediening van die sakramente. Die saak van die institusionele kerk is die geestelike inkomste en die ekonomiese gee; p.809. die institusionele kerk se saak is nie geestelike inkomste deur ekonomiese reste nie.

Anders as wat die Amerikaanse fundamentaliste se aanspraak is, dat "voltydse Christelike diens" beperk is tot die sake van die institusionele kerk of sy sendingaanhangsels, erken die Calvinis die geldigheid van alle goddelike roepings as voltydse Christelike diens. Maar die beginsel van die sfere van soewereiniteit vereis dat ons onderskei tussen die aard van elke roeping in teenstelling met elke ander roeping. Dit wat geldig is vir die Christen sakeman, is nie altyd geldig vir die kerk ouderling of die teologiese administrateur nie. Eenvoudig omdat elke goddelike roeping geldig is, daarom word ons nie toegelaat om tot die slotsom te kom dat hulle almal identies is nie. Hulle word beheer deur verskillende reëls, en hulle suksesse en mislukkings word bepaal deur verskillende standaarde.

Die belangrikste voorbeeld in die Bybel: Die verhaal van Christus en die tempel se geldskieters (buitelandse geldwisselary) Ex. 30:12-15; Hand. 2:5 e.v. Munte van baie lande word verwissel vir die sjekel. Geldwisselaars het dit gedoen teen 'n profyt. 'n Ou en gerespekteerde professie vir **banke** – profyt op die wissel van buitelandse valuta – het Jesus se vyandskap teen hulle ontlok a.g.v. die plek waar die wisselaarstafels geleë was – die buitehof van die tempel. p.810. Die geldwisselaars wat beskerm was deur die naam van God, het Sy naam oneer aangedoen. Monopolie-profyte mag nie op hierdie manier gemaak word nie. Matt. 21:13. Die huis van God kry sy onderhoud uit die tiendes en offergawes van Sy volk; Hy het nie smousery in Sy naam gesanksioneer as 'n manier om die "heilige inkomste" te vermeerder nie.

Die geïnstitueerde kerk is die manier waarop die evangelie gepredik word, die heiliges gedissiplineer word, en die sakramente bedien word. Dit is baie duidelik 'n geestelike monopolie. Dit is *die* monopolie in die mens se sake. Christus het dit duidelik gemaak dat

hierdie posisie van monopolie nie geëksploiteer mag word deur mense vir hul eie profyt nie. Die betaling aan God se bevestigde diensknegte in die diens van die geïnstitueerde kerk, is vir dienste gelewer. Die geïnstitueerde kerk is nie 'n onderneming nie, nie 'n saak van geldwisselaars nie, ook nie 'n "bingo" onderneming nie, en nie 'n versekeringsinstelling nie. Dit is 'n huis van gebed.

Mense wat na jou toe kom in die naam van God, en wat aanspraak maak op die voorregte wat gegun word aan hulle wat deur God geroepe is, moet uiters versigtig wees om te onderskei tussen hulle winsgewende roepings en hulle diensroepings. Paulus het nie sy posisie as apostel misbruik om monopoliewinste van die broers te verkry nie. Hy het nie sy ware verkoop onder die beskerming van die plaaslike kerk nie, sodat hy sy produkte teen 'n hoër prys as die markprys kon verkoop omdat hy georden was nie. Hy het voortgegaan met sy beroep omdat hy die institusionele kerk nie wou belas daarmee om hom te onderhou nie, nie omdat hy *Apostoliese Tente, Ingelyf* (slegs beskikbaar by jou plaaslike kerk) wou oprig nie.

Die institusionele kerk en sy verwante institusies besit wettige maar beperkte soewereiniteit. p.811. Wanneer hierdie soewereiniteit – 'n monopolie-vergunning van God – oortree word, vind daar 'n oortreding van God se regsorde plaas. Die institusionele kerk is nie 'n sakeonderneming nie. Dit is 'n huis van gebed.

*Christelike Woekerrente.*

Teen hierdie agtergrond is dit nodig om aandag te gee aan wat eufemisties genoem word die "Christelike rentmeestersprogram." Dit het baie fasette en baie beoefenaars. Dit sluit omtrent elke Protestantse denominasie in. Dit sluit in sendingverenigings, institute van Christelike opleiding, mediese hulpverenigings en Christelike liefdadigheidverenigings. Amper elke kerktydskrif sal in enige gegewe uitgawe verskeie pleidooie vir lenings van verskeie soorte bevat. Daar is een hedendaagse tydskrif, die offisiële publikasie van 'n sogenaamde hervormde denominasie, met 250,000 lede, wat in elke uitgawe omtrent 'n dosyn sulke advertensies plaas. p.812. Jer. 15:106. Die Bybel maak dit baie duidelik dat dit immoreel is om in sulke transaksies betrokke te raak, beide as uitlener en as lener.

Die *institusionele kerk* moet beskou word as 'n *liefdadigheidsbediening*, iets wat deur die tiendes en offergawes van sy lede ondersteun moet word.

Rente verander (volgens die Bybel) in woeker, wanneer dit geneem word van liefdadige, wettiglik nie-profytmakende firmas wat nie opereer binne 'n kompeterende mark met die doel om ontvangste te *vermeerder* nie, p.813. maar wat in werklikheid ontvangste uitdeel in die naam van God. Om die konsep van *rentmeesterskap van sakeondernemings* oor te dra na die konsep van liefdadigheid, en daardeur woekerwins leningskontrak te regverdig, is niks minder as laster nie. Die een wat so 'n lening aanvaar, is net so skuldig as hy wat dit aanbied.

p.814. p.815. Ook versekering deur die kerk aangebied, is nie die gehoorsaam van die gebod om aan niemand iets verskuldig te wees behalwe om hom lief te hê nie.1 Kor. 3:12 e.v.

*Inflasie en Annuïteite*

p.815. Daar is lae risiko beleggings, maar nooit geen-risiko beleggings nie.

p.816. Annuïteite – "'n Inkomste wat nooit sal verminder nie!" Dobbelary .....

p.817. Woeker is 'n oortreding teenoor God. Vandag het Christene woekeraars geword in antwoord op hulle leiers se versoeke. Hulle is betrokke by rebellie teen God se regsorde, en hulle oordeel is aan die kom.

p.818. Wat annuïteite betref, hoe hoër die inflasiekoers, hoe laer is die opbrengs van beleggings in annuïteite. Matt. 13:14. – Die hele raad van God moet gepreek word, ook oor annuïteite (woeker).

p.819. Onverhaalbare lewenslange annuïteite, is onverhaalbare ekonomiese selfmoord. Predikante wat nalaat om hul kudde te waarsku daarteen het ook finansiële koppelaars geword.

*Hiërargiese Outonomie.*

Juis weens die feit dat ekonomiese mag in die sfeer van die burgerlike regering gekonsentreer is, word 'n sterk impuls tot die tot stand bring van totalitêre regering. Hoe groter die ekonomiese mag is wat gevestig is in die hoër lae van die burokratiese hiërargie, hoe minder sal die reaksie wees van die leiers op die eise van die lede. Gee aan enige van hierdie organisasies 'n groot mate van finansiële outonomie, en dan word dit 'n moontlike doelwit vir oorname deur die gewetenloses.

Die twintigste eeu was getuie van die verliberalisering van feitlik elke Christelike Kerk, sowel Protestants as Rooms-Katoliek. Teologiese liberalisme en politieke liberalisme is vennote wat saamwerk. 'n Belangrike faktor in die sukses van die bekering van die kerke tot onortodokse gelowe en optrede, is duidelik die harte van die gemeentelede. Hulle het geluister na die valse profete op die kansels, en het hul slegs teëgegaan wanneer hul leiers se radikalisme oortree het op een of ander kulturele of ekonomiese voorbehoude wat dierbaar was vir die besondere lede. 'n Kern institusionele faktor wat gelei het tot hierdie oorname, was die bestaan van skenkingsagentskappe binne die kerke. p.820. Die finansiële outonomie van die weeklikse bydraes van lidmate was 'n basiese manier van ondergrawing.

p.821. Finansiële outonomie van die hiërargie van 'n instelling is die doodsklok van sy oorspronklike doelwitte. Daar was baie redes waarom alle skuld in die Ou Testament elke sewe jaar afgeskryf is. Een van die redes was sekerlik: Die burgerlike regering, die banke, die uitleners en skuldenaars, en alle instellings is verbied om voort te leef in terme van voortdurende skuld en "onherroeplike annuïteite", of dit nou sekulêr of woekerwins was. Die verbod moes gehelp het om die verantwoordelikheid van die burokrate van alle soorte te beskerm teen die wense van die mense, net soos die vereiste van die tiende die mense daarvan weerhou het om tiranne te word. Geen soewereiniteit was veronderstel om permanent te word nie, los van die voortdurende vernuwing van God en die voortdurende erkenning van Sy soewereiniteit as absoluut. Die kern van *Christelike rentmeesterskap*, is eenvoudig die volgende: *voltydse, onherroeplike, persoonlike verantwoordelikheid voor God.*

Die kerke wat te matig en "verdraagsaam" was om te vereis dat hul lidmate *tiendes* moes gee (alhoewel nie aan die kerk alleen nie, wat onwettig sou wees volgens die Bybel), het gevind dat hulle woekeraars van hul lidmate gemaak het deurdat fondse so skaars was. Te sag van hart om die wet van die tiende af te dwing, het hulle heeltemal gewetenloos geword deur 'n

hele samestelling van woekerskemas te ontwerp. Maar deur dit te doen, het hulle hul onpersoonlike ekonomiese toekoms (Termynhandel?) – hul onherroeplike uiterlike "beskerming" – gekoppel aan die oorlewing van 'n inflasionistiese ekonomie. Skulde wat aangegaan word in die geloof aan voortdurende ekonomiese groei, kan nie anders as misluk op die lang duur nie; daar is nie so iets as liniêre, onomkeerbare, onherroeplike groei nie - sy dit van die bevolking, of geld in die bank, of nuwe lidmate, of die rentekoers. p.822. Op 'n sekere punt, leer matematiese wetmatigheid ons, gaan die eksponensiaalkurwe gelyk word of misluk. Die oordeel is op pad.

*Die Slaggate van Smousery.*

Hedendaags vertel alle goeie herders nie die sakemanne om Jesus na te boots nie, hulle probeer die volgelinge van Jesus oortuig om die sakeman na te volg, nie die etiese sakeman nie, maar die smous. Vertel die halwe waarheid (onveranderlike inkomste, permanent, lewenslank), maar laat die kontrak geteken word.

p.823. Die institusionele kerk is nie 'n versekeringsfirma nie. Dit is nie 'n loterydiens nie. Dit is nie 'n plek vir bingo nie, selfs nie Protestantse bingo nie. Dit is 'n huis van gebed.

p.824. General Motors, anders as die institusionele kerk, is nie 'n huis van gebed nie.

## 4. Die ekonomie van Sabbatsonderhouding

**Deur Gary North.**

Eks. 35:2, 3.

Een van die baie min Ou Testamentiese verordeninge wat hedendaagse Christene steeds beweer dat hulle dit onderhou, is die sabbat. Gewoonlik word die verdediging van 'n verpligte rus op die sabbat gemaak op grond van die "skeppingsverordening" argument, en nie slegs in terme van die vierde gebod nie. Eks. 20:8-10. Christus het die reg van die mens verdedig om 'n lasdier uit 'n sloot te trek, maar hy het nie gesê dat ons "dier-herwinnings" maatskappye vir profyt op 'n sabbat moet bedryf nie.

Ten spyte van hulle offisiële appel tot die "skeppingsverordening" argument, rig moderne sabbatariërs ook hul appèl tot spesifieke p.825. Ou Testamentiese passasies om hul interpretasie van die vereiste vir sabbatsonderhouding te ondersteun. Dieselfde verse soos gekwoteer deur die *Westminster Confession of Faith* en die *Larger Catechism* in die verklaringe word vandag nog gebruik, meer as 3 eeue later. Jes. 58:13 is 'n algemene verwysing, soos ook Jer. 17:21-27. Dit lyk nie asof dit hulle ooit hinder dat hierdie "Hebreeuse" toepassings van die sabbat eers taamlik laat in die Engelse hervorming gekom het nie. Sabbatariërskap was 'n kleiner deel van die Rooms-Katolisisme en dis met alle mag beveg deur Luther en die Lollards. Calvyn het die tradisie gevolg wat neergelê is deur Irenaeus en Augustinus wat die sabbat vertolk het as 'n allegorie van die gelowiges se rus in Christus van die bande van die sonde, 'n rus wat volmaak sal wees in die ewigheid, die lering van Heb. 4. Die meer rigiede eksegese van Eks. 20:8 e.v.

p.826. Die Puriteine en die sabbat. Eerw. John Field het, nadat 'n gat om bere te vang ineengestort het en 8 mense dood is, die blaam gelê op die feit dat die sabbat nie onderhou is nie en so die Christelike sabbat gelykgestel aan die Hebreeuse sabbat, 'n totaal nuwe idee. Die vyandigheid teenoor enige vorm van ontspanning op die sabbat kom na vore uit baie puriteinse werke van die laaste dekade van die 16e eeu.

Die koms van streng sabbatariërisme kan nie geskei word van die politieke en godsdienstige stryd in Engeland vanaf 1590 – 1660 nie.

p.827. Moderne sabbatariërs redeneer gewoonlik dat die sogenaamde "suiwer seremoniële" aspekte van die sabbat tydelik was. Dit sluit in die werklike grondslag van die Hebreeuse sabbat, naamlik, die straf vir alle oortredings van die sabbatwet, die doodstraf. Strenger as wat die Nuwe Testament dit toelaat, is die hedendaagse sabbatariërs tog ook te humanisties om vasgestelde Ou Testamentiese Reg toe te laat om in te meng in sy laksheid in die *afdwing* van die onderhouding van die sabbat. Sabbatariërs aanvaar eenvoudig dat God op 'n manier geëer word deur hulle eie ongerief op Sondae, terwyl 'n oortreding van Sy spesifieke voorsiening van sabbat-afdwinging Hom terselfdertyd groot lof toebring.

Net so "seremonieel" is die skuldvoorsorg van die Sabbatsjare waarin alle slawe vrygelaat en alle skuld gekanselleer moet word in die sewende jaar vir die sabbatariër. Die land moet dan ook nie bewerk word nie. So kry ons selfgeproklameerde streng sabbatariërs wat in die skuld is vir sewe maal sewe jare, of wat die grond genadeloos tap; en wat trots is op hul nougesetheid.

p.828. Wat is die implikasies van sabbatsonderhouding? Dit het ongetwyfeld baie meer vir die ou Hebreeuse kultuur beteken as wat enigeen van ons kan begryp. In die moderne wêreld sal ons die afdwing van die sabbatswette, soos toegepas in die ou Israel, ontsaglik ontwrigtend vind vir ons gewone manier van lewe. Ek verkies om my ondersoek te beperk tot slegs die mees ooglopende implikasies vir slegs die enkele sfeer van die ekonomie. Hierdie beperkte fokus dek geensins die verreikende impak van die Ou Testamentiese voorsiening vir ander sfere van die menslike samelewing nie – die gesin, regering, militêr, ens. nie. In ieder geval, die implikasies van sabbatsonderhouding vir die onderafdeling van ekonomiese sake behoort ontstellend genoeg te wees vir hulle wat graag aan hulleself dink as streng onderhouers van die sabbat. Hopelik sal dit hulle dwing om weer hulle *handelwyse* of hulle *definisie* van die sabbat, soos in ons tydsgewrig toegepas, te oordink.

Die mees ooglopende implikasies vir die sfeer van die ekonomie op sigself: Eks. 35:2, 3. – doodstraf verdien om 'n vuur aan te steek; toelaatbaar om gister se vuur aan die brand te hou. Num.15 – geen insameling van materiaal om mee vuur te maak nie.

p.829. Num. 15:32-36 – Hierdie skrifgedeelte is deurslaggewend om te verstaan wat die sabbatsverordeninge van God se verbondsvolk vereis het. Die sabbatariër moet die geringste oortreding van die sabbatswet met afsku waarneem – die doodstraf moet daarvoor toegedien word. Indien die verbondswet bindend is, dan is die toepassing van verbondswet net so bindend – die sabbatswet moet afgedwing word op alle lidmate deur die proses van, of dreigement van ekskommunikasie. Sabbatverbrekers moet dan met dieselfde afsku bejeën word as moordenaars, mensrowers en sodomiete.

p.830. Paulus gee in Rom. 14:5 die opsie van die Christelike gewete. Die toepassing van die sabbatbeginsel in die Nuwe Testamentiese tye is radikaal verskillend van wat vereis is in Ou Testamentiese tye. 'n Kerk mag die bywoning van 'n Sondagdiens afdwing; die kerk het geen reg om meer as dit te doen nie. Die regte van die indiwiduele gewete in hierdie besondere saak mag nie ingeperk word deur enige kerklike outoriteit nie. Kol. 2:16, 17.

p.831. Vyfdagwerksweek is 'n oortreding van die sabbatwette. Sabbatariërs moet 'n sesdag week afdwing!

*Sabbatariërs en Brandstof.*

Insameling van brandhout is 'n goeie voorbeeld van Hebreeuse sakereg. Dit verduidelik die invloed van die sabbatswet op die Hebreeuse volk. Dink aan die ekonomiese implikasies. Brandhout is gebruik vir vir ten minste vier doeleindes:

1. *Verwarming* van die huis.
2. *Lig* maak in die huis.
3. *Kook* van maaltye.
4. *Verkoop* van die brandhout vir gebruike 1 tot 3.

Insameling van brandhout was gewoonlik die werk van kinders, die gebruik daarvan, die van vroue. Die professionele brandhout verkoper kon die doodstraf kry.

p.832. Wat het die onderhouding van die sabbatswet van die volk geëis? Geen man kon inkomste verdien op die sabbatdag nie. Die vroue moes reg deur die week meer brandhout insamel. Hulle moes dus harder werk en meer werksure insit. Die vroue sou dit gemakliker vind om die brandhoutverkoper te ondersteun. Indien ons die beginsel aanvaar dat dit verkeerd is om 'n ander te huur om in ons plek te sondig, dan volg sekere implikasies. p.833. Oortredings wat die doodstraf vereis, is ernstige misdaad. *Indien die Hebreeuse sabbat vandag moreel bindend is, dan is sy implikasies en toepassings vandag net so bindend.*

Indien die Hebreeuse sabbat moreel bindend is vandag, dan is sy implikasies en toepassings net so bindend. Dan mag die sabbatariër ook nie krag gebruik op die sabbat nie.

p.834. Verhitting van kerke vereis dat mense by elektriese kragopwekking moet werk!

p.835. Wees konsekwent in wat gedoen en wat nie gedoen mag word op die sabbat nie. Elektrisiteit laat mense vir jou werk.

p.836. Geen telefone mag gebruik word nie, liefs kragopwekkers i.p.v. elektriese krag, butaan i.p.v. natuurlike gas, geen briewe mag gepos of gesorteer word nie. Gal .6:12, 13. Die nie-sabbatariër sal die sabbatariër eers ernstig kan opneem wanneer hulle die ekonomiese koste van sabbatsonderhouding self begin dra.

Om nuut te dink oor die sabbatsaak sal jou laat nuut dink oor die hele Westerse industriële beskawing. Indien die streng OT-beginsels van die sabbat onderhou word, hoeveel van die huidige industrieë sal dan nog ekonomies lewensvatbaar wees? Alle tegniese hulpmiddels in die kerke moet dan vernietig word.

## 5. Ter verdediging van Bybelse omkopery
## deur
## Gary North.

p.837. Primêre uitgangspunt van *humanisme* – die mens is die sentrale fokus van die lewe: die mens is nie slegs God se plaasvervanger oor die skepping nie, wat arbei om heerskappy te verkry oor die aarde tot die eer van God nie, maar eerder moet die aarde oorheers word "deur die mens vir die mens", so asof die skepping uit die mens uit is. *Morallisme* is gefundeer op die leer dat die mens in staat is om sy eie waarde voor God te bewys deur dade van liefdadigheid en selfverloëning. Moraliste streef daarna om "goed te wees" deur dade van inherente goedheid. *Wettisisme* is gewoonlik 'n geloofsbelydenis parallel aan moralisme. God word gesien as sou Hy gebonde wees deur dieselfde wette wat die mensheid bind; God, net soos Sy skepping, so word geredeneer, is onder die wet en moet Homself dus aanpas by die begeertes en eise van mense wat volgens Sy wet optree. Wettisisme is die bloedverwant van toorkuns. Wettisisme moet die geldigheid van moralisme aanneem, en albei is in wese humanisties: die verlossing van die mens word deur die dade van die mens volbring.

Ortodokse Christendom ontken al drie standpunte. Teenoor *humanisme,* bevestig die Christendom die soewereiniteit van God. Die hele skepping moet aan God al die lof bring, want dit is die doel van die skepping. Jes. .45:22, 23; Rom. 14:11; Fil. 2:10, 11. Teenoor *moralisme*, sê die Christendom dat daar niks in die mens is wat ooit guns kan verdien in die oë van God nie, want die mens is geheel en al verdorwe. Al ons geregtigheid is vuil flenters. Jes. 64:6. Heiligmaking is dus net soveel 'n geskenk van God as regverdigmaking. Spr. 16:9. Die Christendom verwerp *wettisisme* net soos wat dit toordery verwerp. God is verhewe bo Sy skepping; die wet is onder God, nie oor Hom nie. God sluit natuurlik 'n verbond met die mens, maar die perversiteit en rebellie van die mens lei sonder uitsondering tot 'n situasie waar God se verbondseëninge slegs aan die mens toekom a.g.v. Christus se volkome geregtigheid; die mens ontvang 'n seën slegs omdat hy deel het aan die verbond deur geloof, of, indien dit hom tekort skiet aan saligmakende geloof, slegs omdat hy lewe in 'n heelal wat tydelik beskerm word teen God se toorn, deurdat God respek het vir Christus, Christus se volk, en Christus se werk in die tyd. God word op geen manier verplig deur die flou pogings tot geregtigheid deur die wettisisme nie, ook nie deur die manipulasies van die p.838. towenaar nie, om die geroep van mense te respekteer nie. *God kan die wettiese manipulasies van die mens weerstaan.* 'n Onvermoë om hierdie basiese feit raak te sien, het Job sowel as sy drie troosters laat kom tot die sondige verkeerde interpretasie van God se soewereine plan. Job 32:41; Jes. 45:9; Rom. 9:19 e.v. Die doel van God se wette is sonder uitsondering teosentries, nie humanisties nie.

Vra jouself af: Is die wet werklik teosentries? Behoort ons gehoorsaamheid te wees in terme van 'n verbondswetstruktuur wat slegs gerig is daartoe om God te verheerlik? Indien dit so is, hoe moet ons die optrede van Ragab beskou? Anders as Calvyn het die Bybel net lof vir Ragab. Hebr. 11:31; Jak. 2:25; Jos. 6:25; Jos. 2:12 e.v.; Matt. 1:5. Ragab moes 'n leuen vertel om haar besoekers te beskerm!

p.839. Ragab se leuen was toelaatbaar en het God verheerlik.

p.840. Die verbond met Israel se God (soos Ragab) het onvermydelik tot laster en verraad teen die gode van die bestaande kultuur gelei, 'n feit wat onteenseglik duidelik gemaak is aan die Christene van die Romeinse Ryk. Die wêreld van wettisisme is 'n onderstebo heelal: Hul keur Ragab se verraad goed, maar verwyt haar haar leuen

p.841. Ons behoort dit te verwag, want alle vorme van humanisme keer die orde van die skepping onderstebo.

Die mens dink dat, omdat hy goed gedoen het, daarom moet God toesien dat sy plan goed verloop. Die wettisisme sê bv. dat Ehud, wie se geskenk aan Eglon 'n mes in die maag was, dat dit volkome reg was, terwyl Ragab se leuen verkeerd was. Die Bybel sê egter nie so nie. Ragab word kort-kort voorgehou as die voorbeeld van godvresende gehoorsaamheid, al was sy volgens Jerigo se standaarde 'n verraderlike prostituut.

p.842. Wettisisme speel rond aan die kantlyne van die lewe, terwyl mense leef en sterf in krisisse. Waar wettisisme floreer, daar word Christene eties oorversigtig en kultureel impotent.

Nou kom ons by die kern van hierdie skrywe. Omkopery het as sonde, indien dit wel sonde is, veel minder impak as verraad, alhoewel dit lyk, toegegee, asof dit baie gevaarliker is as om "wit leuens" te vertel. Het ons herders al hierdie teksvers goed bekyk? Spr. 17:8 en 21:14. Hierin gee die skrywer raad aan ons, maar min herders sal sy voorbeeld volg. Dit is so diep as wat wettisisme in ons hedendaagse Christendom ingebed is. Dit is glo beter om nie voorspoedig te wees nie, eerder as om 'n omkoopgeskenk te gee; beter om nie die woede van 'n korrupte amptenaar te laat bedaar nie, as om hom om te koop: dit is die onafwendbare slotsom waartoe konsekwente wettiese eksegese moet lei. Wettisisme verhard die hard, versag die verstand. Dit lei tot kulturele impotensie.

Wat die Bybel wel verbied, is die *neem* van omkoopgeskenke, aangesien dit aanvaar word dat godvresende mense die wet sal toepas sonder om betaal te word daarvoor. Nêrens veroordeel die Bybel die gee van omkoopgeskenke om so die vooruitgang van afvallige regerings te keer nie. p.843. Omkopery word dus net so min veroordeel as "verraad" as sodanig; dit hang af wie se wette en wie se volk geminag word. Daar kan geen neutrale, universele toepassing van 'n woord soos "omkopery" wees nie, want, om so 'n universele definisie te maak, moet ons die bestaan van een of ander universele, neutrale, en geheel-en-al aanvaarde regskode veronderstel. Dit is die grondliggende voorveronderstelling van die humanisme, maar die Christendom ontken sulke neutraliteit. Neutraliteit bestaan nie. Ons definisies mag net wees in terme van Bybelse openbaring. Teenstand teen onregverdige wette is nie anargie nie; teenstand teen regverdige wette is anargie. Ragab was die heilige en Judas was die verraaier. Hand. 5:29.

God se vereiste vir die mens is dat hulle die aarde moet onderwerp in terme van Sy geopenbaarde regstruktuur, en dat hul dit moet doen tot Sy verheerliking. Dit beteken dat, waar ook al Christenmense in posisies van outoriteit in enige regering is – gesin, burgerlik, onderwys, finansieel, godsdienstig – hulle moet oordeel in terme van God se standaarde. Mense moes in God se burgerlike koninkryk op 'n regverdige manier en tot sy eer regeer. Persoonlike gewin deur omkopery was onwettig. In die Bybel word omkopery in die gedeeltes wat handel oor die wet, gekoppel aan onregverdige oordeel: Eks. 23:8; Deut. 16:18, 19; Eks. 18:21; Spr. 17:8, 23; 1 Sam. 8:3; Jes. 1:23; Amos 5:12, Ps.26:10 en 1 Sam.12:3.

2 Kron.19:7 – hier word teen omkoopgeskenke vir die doen van onreg gepraat en dan in 32:23 word gesê dat God geskenke aanneem. 'n Pa kan 'n geskenk van sy seun aanvaar solank

daardie geskenk nie kwaad kondoneer nie. Lukas 18:2, 4, 5. Die vrou se omkoopgeskenk aan die onregverdige regter was – Vrede vir hom as hy reg laat geskied aan haar.

p.845. Die Bergpredikasie – Die etiese optrede van 'n volk wat onder vreemdes staan. Matt. 5:25. Indien Christene as God se volk die mag van die swaard gegee sou word, dan moet die teenstaanders van God die waarskuwing van Matt. 5:25 ernstig opneem.

Onder die regering van 'n Hitler of 'n Stalin moet die gepaste optrede van Christene uiterlike onderdanigheid wees. Christus waarsku ons: Matt. 5:40, 41. Wat Jesus voorstaan is dat Christene die amptenaar wat oortree moet omkoop. Om om te koop is om 'n geskenk te gee, meer as wat wettig vereis en voor gevra word – 'n geskenk wat die oortreder sal aanmoedig om die Christen en sy kerk in vrede te laat. Dit stel die Christen in staat om te ontkom aan die volle omvang van die toorn wat in beginsel deur 'n heiden op Christene afgedwing sal word as p.846. die heiden sou besef in hoe 'n totale stryd Christus en Sy koninkryk teen Satan en sy koninkryk gewikkel is. – Om die ander wang te draai, is 'n omkoopgeskenk.

Dit is slegs gedurende 'n tydperk van burgerlike onmag dat Christene onder die reël val van "staan die bose nie teen nie" Matt. 5:39. Wanneer Christene in beheer is van burgerlike sake, is die omstandighede anders, en 'n ander reël word toegepas. Jak. 4:7. ons betaal die omkoopgeskenk totdat God se teenstanders mag verloor, maar nie vir 'n dag langer nie.

**6. Ondergrawing en die Tiende.**

Gedurende die 11e eeu het die Manichaistiese idees vinnig versprei in Noord-Italië en deur Suid-Frankryk, vanaf Noord-Afrika, Bisantium en Bulgarye. Die hoofkwartiere van hierdie beweging in Europa, was in Bosnië, vanwaar 'n leier of "pous", soos gesê is, sy volgelinge regeer het. Die meeste van hierdie volgelinge het bekend geword as Katariste. Die Katariste het die Christelike kerk aangeval as die kerk van Satan, het die kinderdoop, die nagmaal en die ortodokse leer bespot. Hulle het beweer dat die materiële wêreld deur Satan, die afvallige seun van God geskep is, terwyl die mens se siel behoort het aan die ware koninkryk van die hemel.

p.847. In besonder het die Katariste gemik na die fondamente van die Christendom deur hul uit te spreek teen die tiende en deur die mense aan te moedig om nie die tiendes te betaal nie. Hierdie feit alleenlik het "baie aanhangers op baie plekke" getrek.

Hierdie feit het die kerk se houding teenoor hierdie groepe verander en die kerk het begin om hulle te onderdruk. Runeberg het 'n verband gesien tussen die Kataristiese beweging, wat ondergronds gegaan het, en die opkoms van heksery.

Hier was dus 'n dubbele beweging op pad, eerstens, 'n aanval op die Christendom deur 'n aanval op sy materieel belangrikste ondersteuning, die tiende, en, tweedens, 'n poging om die tiende té vas aan die kerk te bind, wat die vitaliteit van Christelike vernuwing ondergrawe het. So lank as wat die tiende vrylik na hervormingsagente gevloei het, was daar konstante vernuwing. Wanneer die tiende te vas aan die kerk gemaak word, word die mag van die kerk vergroot, nie die vitaliteit van die Christendom nie.

In Engeland, egter, het die kloosterstigtings die tiende vanaf die gemeentes se predikante toegeëien, terwyl dit hulle is wat al vir lank die armesorg-tiende versigtig uitgedeel het. Teen

die 12e eeu het dit probleme veroorsaak. Omdat die kloosterstigtings belang verloor het in die armes, was daar klagtes in die parlement teen hierdie toe-eienings. Ten spyte hiervan het die klein gemeentes steeds voortgegaan om baie te doen vir die versorging van armes. Die gewetenlose toe-eienings van kloostereiendomme deur Henry VIII is ten dele moontlik gemaak teen hierdie agtergrond. Die monetêre inflasie van die Tudor regimes het verder bygedra daartoe om die vermoë van die gemeentekerk om te sorg vir die armes met die bestaande geldelike middele, te beperk, en die predikante het self verarm.

Die tiende self kan dus op baie maniere ondergrawe word. Dit kan ondergrawe word deur 'n aanval op die tiende. Dit kan ondergrawe word deur die hele tiende aan die kerk of die staat te gee eerder as aan die Here se werk, direk deur die volk van God. Dit kan van nul en gener waarde gemaak word deur monetêre inflasie, deurdat skenkings- en bemakingsgelde krimp tot amper niks, en die langtermynvoorsiening van geen waarde meer is nie.

Sonder die tiende, bly daar nog steeds die behoefte aan maatskaplike finansiering, en dus neem die staatsbelasting oor, sowel as staatskorrupsie en wanaanwending. 'n Beperkte staat *sonder* die tiende is 'n onmoontlikheid, en politiese konserwatisme p.848. wat droom van so 'n bestel, is dwase en dromers, net soos anargiste wat droom van 'n bestaan sonder 'n staat. 'n Sterk familiegebonde samelewing *en* 'n samelewing wat tiendes gee, kan 'n wye verskeidenheid skep van instellings, skole, en agentskappe wat die basiese funksie van kerk, skool, gesondheid en welsyn oorneem, en so die staat laat krimp tot sy behoorlike dimensies. Sosiale finansiering is nodig, óf die volk van God onderneem dit, óf die staat sal.

### 7. Notas.

1. 'n Belangrike vraag i.v.m. homoseksualiteit word geopper deur 1 Kor. 6:9-11. Rom. 1:24-32 siteer homoseksualiteit as die hoogtepunt van afvalligheid en 'n uitbrand van die mens, terwyl 1 Kor. 6:9-11 lyk asof dit die deur opmaak vir die verlossing van "misbruikers van hulleself en die mens." In hierdie gedeelte noem Paulus tien verteenwoordigende vorme van ongeregtigheid wat die mens uitsluit uit die koninkryk van God, tensy God se genade in sommige gevalle ingryp. Een van hierdie vorme, die "meisieagtiges" word na verwys as wellustelinge. Hierdie katalogus van sondes sluit in "valse godsdiens en teengodsdienstiges, ..... seksuele oortredinge, sonde teen eiendom, en sonde van die tong."

   Paulus het aan die Korintiërs die tien verteenwoordigende vorme van ongeregtigheid gelys wat die mens van God geskei het. Hy het nie die Korintiërs aangekla dat hulle hierdie sondes begaan het nie. Almal was verloste sondaars, maar "sommige van julle", het Paulus hulle herinner, was skuldig aan erger sondes voor hulle bekering. Volgens Hodge, aangaande vers 11, "en so was sommige van julle." Die natuurlike verduideliking is, dat die apostel doelbewus vermy het om die groot immoraliteite waarna pas verwys is, op alle Korintiërs van toepassing te maak in hul vorige staat. Hierdie vers wil dus nie te kenne gee dat vorige homoseksueles onder die verlostes in die Korintiese Kerk is nie. Dit kan wel aangestip word dat in die Griekse opvoeding, die jeug algemeen verlei is tot homoseksuele praktyke deur hul dosente en onderwysers, 'n aanklag wat veel vroeër met reg teen Sokrates gebring is; die uitbrand van die mens soos in Romeine beskryf, moet nie verwar word met die sondes van sommige van hierdie Korintiërs as jong seuns in die hande van hulle ontaarde onderwysers nie. Miskien dek 1 Kor. 6:9-11 persone wat verlei is tot hierdie verdorwe

tipe van praktyk en ondervinding en dus word hul verlossing 'n ope vraag gemaak, waar Rom. 1:26-32 die homoseksueel voorhou as die uitgebrande en goddelose denke in aksie, en as die kulminasie van afvalligheid en goddeloosheid.

2. In Julie 1562 het die Raad van Trent die saak van kinders en die Nagmaal oorweeg en 'n verklaring uitgereik, een van 4 punte en vier vervloekings. Hierdie vierde punt en die vier vervloekings lees soos volg:

IV. Kinders wat nog nie tot die verstand gekom het nie, is nie verplig om die Heilige Nagmaal te ontvang nie, omdat hulle op daardie ouderdom nie genade kan verloor nie. Maar die teenoorgestelde gewoonte, wat oud is en in sommige plekke nog onderhou word, moet nie veroordeel word nie, omdat dit ongetwyfeld geglo kan word dat dit nie gedoen is vir verlossing nie, maar vir 'n ander rede.

In ooreenstemming met hierdie leer is vier vervloekings voorgelees:

I. Teen enigeen wat sê dat al die getroues die Eucharistie met albei soorte moet ontvang, óf deur goddelike bevel of as nodig vir hul verlossing.
II. Teen enigeen wat sê dat die Katolieke Kerk nie goeie rede het nie, of dat dit 'n fout begaan om aan die leke en hulle wat nie die Mis vier nie, dit net met die een soort te bedien.
III. Teen enigeen wat ontken dat Christus, stigter en outeur van alle genade, ontvang word onder die vorm van brood alleen.
IV. Teen enigeen wat sê dat die sakrament van die Eucharistie nodig is vir kinders wat nog nie tot die verstand gekom het nie.

Dit is betekenisvol dat Trent erken dat nagmaal deur kinders gebruik 'n praktyk was "outyds en behou in sommige plekke" en "dat dit nie veroordeel moet word nie." Calvyn, wat op 'n stadium die praktyk teengestaan het, het plek gelaat daarvoor in sy laaste Nagmaaldiens, met 'n beroep om egter die Tafel te beskerm teen "almal wat opstandig is teen vaders en moeders."

3. Die groeiende eis vir vergoeding aan slagoffers van misdaad het regsaandag verkry en geringe aksie. Die grondleggende gedagte hier is egter vergoeding deur die staat aan die slagoffer eerder as deur die oortreder aan sy slagoffer, soos volgens die Bybel.

4. Samuel Whitfield, Puritein van New England, het voorgehou dat die norm vir heiligmaking die wet van God is, en het die antinomiaanse beskouing van die reg teengestaan.